# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

---

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur ’n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---

**4**

Uitgewer/Publisher
**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**
**The South African Academy for Science and Arts**
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
Desember/December 2023

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



**HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE**

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)
EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)
G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
JJ (Koos) Malan, Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)
DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL** (*vervolg*)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/ Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

**REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL**

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/ (University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.
*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2023 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**
**Subscription fees for 2023 in South Africa (VAT and postage included):**
*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R400,00 per jaargang/volume
*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.
Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.
Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.
Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to**:
Die Publikasiebeampte/The Publications Officer
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa
E-pos: publikasies@akademie.co.za
Webwerf: http://www.tgwsak.co.za
Tel: 0861 333 786

Gedruk deur V&R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria. Tel.: (012) 333-2462

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

*Jaargang 63 Nommer 4, Desember 2023 / Volume 63 Number 4, December 2023*

# Inhoudsopgawe

## Navorsings- en Oorsigartikels / Research and Review Articles (1)

**Anel Becker Ferreira en Ernest van Eyck**
Die "ander": Lukaanse Jesus en Lévinas / *The "other": The Lukan Jesus and Lévinas* ............ 737

**Riaan Eksteen**
Nasionalisering van die Suezkanaal en die gevolglike internasionale reperkussies / *Nationalisation of the Suez Canal and the resultant international repercussions* ....................... 756

**Jan Bosman en André Duvenhage**
Die Afrikaner-Broederbond en die totstandkoming van 'n onderhandelde skikking: 'n Histories en polities strategiese perspektief / *The Afrikaner-Broederbond and the establishment of a negotiated settlement: An historic and politically strategic perspective* ....... 781

**André Duvenhage**
Patrone van onstabiliteit in die Suid-Afrikaanse politieke omgewing – 'n tendens-ekstrapolasie / *Patterns of instability in the South African political environment – a tendency extrapolation* .................................................. 804

**Loui-Marie Kampfer, Deon Vos en Louw de Beer**
Ondersteuningsdienste aan leerders in openbare skole in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande / *Support services to learners in public schools in the education systems of the BRICS member countries* .................................................. 836

**Earl Basson en Bibi Burger**
(Self)portrette in *Uit die kroes* deur Lynthia Julius: 'n Kultuurhandhawende pedagogiese benadering tot Afrikaanse literatuuronderrig / *(Self)portraits in* Uit die kroes *by Lynthia Julius: A culturally sustaining pedagogical approach to the teaching of Afrikaans literature* ... 860

**Janien Linde en Johanita Kirsten**
Die potensiaal van Afrikaanse betrokke poësie om 'n sensitiwiteit vir taalvariasie en -ideologie by voorgraadse studente te kweek / *The potential of Afrikaans engaged poetry to foster sensitivity for language variation and language ideology among undergraduate students* ........ 878

**Jannie Rossouw**
'n Beraming van die jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste van Orania in 2021 / *An estimate of the annual personal income and annual household income of Orania in 2021* .................................................. 903

**Burgert Senekal**
Samesweringsteorieë en vals nuus in leserskommentaar op nuusberigte van Maroela Media tydens die COVID-19-pandemie / *Conspiracy theories and fake news in reader comments on news reports from Maroela Media during the COVID-19 pandemic* .......................................... 921

## Navorsings- en Oorsigartikels / Research and Review Articles (2)

**Ina Wolfaardt-Gräbe**
Redakteursnota ........ 946

**Izak Spangenberg**
Die Bybel, die Christelike geloof en die natuurwetenskappe / *The Bible, the Christian religion and the natural sciences* ........ 947

**Kobus Wessels**
Etiek van leeshandelinge: 'n Suid-Afrikaanse geval / *The ethics of reading: A South African case* ........ 971

## Meningsartikel

**Wannie Carstens**
Versoening in die Afrikaanse gemeenskap: Towerstaf of keuse? / *Reconciliation in the Afrikaans community: Magic wand or choice?* ........ 996

**GJ (Gerrit) Schutte**
Beste Cornelis! Brieven van Johanna van Warmelo en Mevr. Marie M.E. van Warmelo-Maré aan jhr. Cornelis Beelaerts van Blokland / *Dear Cornelis! Letters from Johanna van Warmelo and Mrs. Marie M.E. van Warmelo-Maré to Mr. Cornelis Beelaerts van Blokland* ........ 1008

## Taalrubriek

**Tom McLachlan**
Aangaande my (en hopelik my huis) ........ 1030

## Uitnodiging

Oproep om bydraes: *Afrikaans 100: 1925–2025* ........ 1032

**Erratum** ........ 1034

**Keurders 2023** ........ 1035

**Voorskrifte / Guidelines** ........ 1038

# Die "ander": Lukaanse Jesus en Lévinas

***The "other": The Lukan Jesus and Lévinas***

**Anel Becker-Ferreira**
Departement Nuwe Testament
Fakuteit Teologie, Universiteit van Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: anel.ferreira@gmail.com

**Ernest van Eck**
Knox College
Toronto Theological School
University of Toronto, Canada
E-pos: ernest.vaneck@utoronto.ca



Anel Becker-Ferreira



Ernest van Eck

| | |
|---|---|
| **Anel Becker-Ferreira** (BTh, MTh) is 'n pastorale hulp by die NG gemeente vir Dowes in Pretoria. Sy het Teologie aan die Universiteit van Pretoria studeer en in 2015 haar BTh (Teologie – met lof) en in 2017 haar MTh (Teologie – met lof) grade verwerf. Sy het akademiese erekleure verwerf en het in 2016 'n prys gekry vir uitstekende akademiese prestasie (Dean's List, 2016). Sy het in die tydperk vanaf 2018 tot 2023, onderskeidelik die rol van dominee, berader, besigheidsbestuurder en webtuiste ontwerper vol gestaan. Sy het in 2018 'n niewinsgewende organisasie, wat gehoorgestremdes oplei, bemagtig en ondersteun, op die been gebring. In 2019 het sy 'n koffiestalletjie met gehoorgestremde werknemers oopgemaak en het die besigheid en bates in 2022 aan dowe eienaars oorgegee. Sy studeer tans verder aan die Universiteit van Suid-Afrika met die oog om 'n graad in BCom Bedryfsielkunde te bekom. | **Anel Becker-Ferreira** (BTh, MTh) is a pastoral counsellor at the NG congregation for the Deaf in Pretoria. She studied Theology at the University of Pretoria and obtained her BTh degree (Theology – with distinction) in 2015 and her MTh degree (Theology – with distinction) in 2017. She obtained academic honours and in 2016 received a prize for excellent academic performance (Dean's List, 2016). During the period of 2018 to 2023, she held the position of reverend, counsellor, business manager and website designer, respectively. In 2018, she founded a non-profit organization that trains, empowers and supports the hearing impaired. In 2019, she opened a coffee stall with hearing-impaired employees and handed over the business and assets to deaf owners in 2022. She continues her studies at the University of South Africa with a view to obtaining a degree in BCom Industrial Psychology. |
| **Ernest van Eck** (MA [Grieks]; DD) is die Prinsipaal van Knox Kollege. Laasgenoemde is deel van Toronto Teologiese Skool, geaffilieer met die Universiteit van Toronto. Professor van Eck was voorheen verbonde aan die Departement Nuwe Testament en Verwante Literatuur, Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria, waar hy as Departementshoof en | **Ernest van Eck** (MA [Greek]; DD) is the Principal of Knox College. Knox College is part of Toronto Theological School, affiliated with the University of Toronto. Professor van Eck was previously attached to the Department of New Testament and Related Literature, Faculty of Theology and Religion, University of Pretoria, where he served as Head of Department and |

**Datums:**
Ontvang: 2023-04-13 Goedgekeur: 2023-10-06 Gepubliseer: Desember 2023

| | |
|---|---|
| Adjunk-Dekaan gedien het. Hy is die outeur van 50 en medeouteur van 44 wetenskaplike artikels, 12 hoofstukke in akademiese boeke, en die outeur van 2 monografieë. In sy navorsing fokus hy op die sosiaalwetenskaplike en ideologies kritiese lees van die gelykenisse van die historiese Jesus, genderstudies, seksualiteit in antieke tekste, die evangelies, Paulus, postkoloniale hermeneutiek, die anti-imperiale lees van die Nuwe Testament, narratologie en ander literêre teorieë. Professor van Eck is assistent-redakteur van HTS Teologies/ Theological Studies sedert 2020 | Deputy Dean. He is the author of 50 and co-author of 44 scientific articles, 12 chapters in academic books, and the author of 2 monographs. In his research he focuses on the social-scientific and ideologically-critical reading of the parables of the historical Jesus, gender studies, sexuality in ancient texts, the gospels, Paul, postcolonial hermeneutics, the anti-imperial reading of the New Testament, narratology and other literary theories. Professor van Eck has been assistant editor of HTS Teologies/Theological Studies since 2020. |

**ABSTRACT**

***The "other": The Lukan Jesus and Lévinas***

*Emmanuel Lévinas's philosophy of the "other" is investigated and brought into conversation with how Jesus regarded his "other" through a Lukan perspective (the gospel of Luke) of Jesus.*

*Lévinas's philosophy of the "other" is considered. The focus of Lévinas's philosophical works is the primacy of an ethical relationship of the "self" with the "other". This is described as "ethics as first philosophy". Lévinas (1985:98) revises Dostoyevsky's quotation to support the ethical responsibility of the "self" towards the "other": "The I always has one responsibility more than all the others". Lévinas constantly examines the question of the infinite demand of the ethical relationship with the "other". For Lévinas, the "other" is truly present through the face of the "other". According to Lévinas, the "other" can never be fully understood and does not become part of the "self". The "other" Lévinas focuses on promoting the humanity of the "other".*

*The world in which Jesus lived differs radically from the world we find ourselves in today. New Testament documents were written for specific early Christian communities in specific social and cultural contexts. Using the social scientific method, the customs, perspectives, and values related to how first-century Mediterranean people lived in their world and dealt with an "other" are investigated. The purpose of the social scientific method, applied to the New Testament, is to establish how the original audience understood the text when it was read aloud. If the text and its original historical meaning are examined, the message the author wanted to convey can be better understood.*

*How the "self" (or rather own group) interacted with the "other" (group) within the first-century Mediterranean world is investigated. Examining the role of values such as honour and shame, the image of god as patron, what was regarded as clean and unclean and the function of patron-subject relationships, helps to better understand the original meaning of texts written in a first-century world.*

*The writers of the gospels in the New Testament had different perspectives on who Jesus was. Who Jesus was, from the perspective of Mark, Matthew, John and Luke has been examined. Through a selection of texts from the Gospel of Luke, Jesus's attitude and actions toward his "other" in the Gospel of Luke are analysed. Jesus proposes and enacts a new kingdom where everyone who is considered an outsider through the lens of the first-century Mediterranean social world is welcome and loved. In this new kingdom of God, boundaries and advantages created by ethnicity, gender, status, and age are nullified. Jesus notices his "other", shows*

*deep compassion towards those in need, and holistically restores the "other" for them to rejoin their communities.*

*There are many similarities between Jesus's perspective and Lévinas's philosophy of the "other". Thematic analogies are investigated concerning status and honour, the humanity of the "other", love as law, enmity, requirements of discipleship, social justice, and reciprocity. Jesus's actions and Lévinas's theory of the "other" suggest that general reciprocity must be applied when engaging with the "other". General reciprocity refers to interactions that are focused on the social interests of the "other".*

*A proposal about what South Africans can learn from Lévinas and Jesus about "otherness", equality, and diversity is made. An approach to embrace outsiders is proposed.*

*This study regards values such as diversity, equality, "otherness", general reciprocity, a position in the face of the other, relationships, embracing foreignness, and welcoming unfamiliarity as key principles, which form the basis of the study.*

**KEYWORDS:** Emmanuel Lévinas, Jesus, social scientific method, gospel of Luke, diversity, otherness, foreigner, reciprocity, restoration, social justice, love, responsibility, humanity, kindness, neighbour

**TREFWOORDE:** Emmanuel Lévinas, Jesus, sosiaalwetenskaplike metode, evangelie van Lukas, diversiteit, andersheid, vreemdeling, wederkerigheid, herstel, sosiale geregtigheid, liefde, verantwoordelikheid, menslikheid, vriendelikheid, naaste

**OPSOMMING**

Emmanuel Lévinas se filosofie van die "ander" word ondersoek en in gesprek gebring met hoe die Lukaanse Jesus sy "ander" hanteer het. Die fokus van Lévinas se filosofiese werke is die voorrang van 'n etiese verhouding van die "self" met die "ander". Deur gebruik te maak van die sosiaalwetenskaplike metode, word Jesus se gesindheid en optrede teenoor sy "ander" in die evangelie van Lukas oorweeg. Jesus skep nuwe koninkrykswaardes en sluit mense wat "anders" was in die familie van God in. In hierdie nuwe koninkryk word grense en vooroordele wat deur etnisiteit, geslag, status en ouderdom geskep word, tot niet gemaak. Die raakpunte tussen Jesus se hantering van die "ander" vanuit 'n seleksie van Lukaanse tekste en Lévinas se filosofie, word bespreek. 'n Voorstel oor wat Suid-Afrikaners oor andersheid, gelykheid en diversiteit kan leer en 'n benadering om buitestanders te omhels, word gemaak.

## Inleiding

Interaksie met 'n "ander" is deel van die alledaagse lewe. Van die vroegste tye af het mense keuses gemaak oor hoe om teenoor "ander" op te tree. Die "ander" kan verwys na individue, families, of groepe en kan dus familielede, bure, kollegas, vriende, die baas, die werker by die supermark, die karwag, of selfs 'n vyand wees. Die "ander" word dikwels as die "vreemde" beskou.

Suid-Afrika het elf amptelike tale en huisves mense van verskillende etnisiteite. Suid-Afrika is ryk aan diversiteit. In die volksmond word daar dikwels na Suid-Afrika as die "reënboognasie" verwys. Volgens Wärnich *et al*. (2018:91) kan diversiteit beskryf word as die erkenning dat individue unieke eienskappe besit, maar ook gemeenskaplike eienskappe kan deel. Hierdie eienskappe sluit die kenmerke van 'n persoon in en word byvoorbeeld deur ras, etnisiteit, geslag, ouderdom, posvlak of -tipe, inkomste en opvoeding beskryf. Verskeie

dimensies van diversiteit word binne ’n bepaalde gemeenskap aangetref, en word volgens Wärnich *et al.* (2018:91) in primêre en sekondêre dimensies verdeel. Primêre dimensies verwys na aangebore menslike verskille en sluit kategorieë soos ouderdom, ras, fisiese vermoëns en geslag in (Wärnich *et al.*, 2018:91). Hierdie aangebore kenmerke van ’n individu kan nie verander word nie. Sekondêre dimensies is meer veranderlik en kan gedurende ’n persoon se leeftyd aanpas, verander, of selfs uitgeskakel word (Wärnich *et al.*, 2018:91). Sekondêre dimensies sluit opvoeding, inkomste, huwelikstatus, godsdiens, werkservaring, geografiese ligging en ouerstatus in. Die sekondêre dimensies van ’n individu kan verander soos hul omstandighede verander (Ferreira, 2023:14).

In Suid-Afrika word daar dikwels onreg teenoor die “ander” gepleeg. Xenofobie, rassisme en “ander-haat” is steeds volop. Dit is ’n algemene praktyk dat die “self” sy of haar eie behoeftes prioritiseer. Misdaad en korrupsie lei dikwels tot wantroue in “ander”. Algemene verontagsaming van landswette, slegte dienslewering deur munisipaliteite en die land se beurtkragprobleem, maak die kloof tussen die “self” en “ander” selfs nog groter (Van Eck, 2022:40). Die geskiedenis van die veronderstelling van ’n sosiale hiërargie gebaseer op die verwerping van “andersheid” is steeds een van die letsels waarmee sommige Suid-Afrikaners leef (Mbembe, 2017:10). Verskille kan konflik meebring, misverstande veroorsaak en selfs tot rusie lei (Booysen, 2007:51). Verskille laat dikwels min toleransie vir ’n “ander” persoon of groep. Selfs Suid-Afrikaners met gedeelde primêre dimensies van ooreenkomste sukkel om verskille tussen mekaar te hanteer. Denke oor eenheid en “andersheid” is dus ’n noodsaaklikheid in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die manier waarop die Joodse filosoof, Emmanuel Lévinas, die hantering van die “ander” verstaan, gaan vervolgens in die artikel bestudeer word. Lévinas en Poller (2003:xxvi) verduidelik dat die relasie tot die “ander” ’n belangrike rol in die etiek van menswees speel. Die integriteit van die “self” spruit uit die etiese verantwoordelikheid teenoor die “ander”.

Lévinas se filosofie rondom die hantering van die “ander” tree in gesprek met Jesus se hantering van sy “ander” in die Lukasevangelie. ’n Seleksie van Lukaanse tekste waar Jesus mense ontmoet wat totaal “anders” as Hy is, sal geëksegetiseer en geanaliseer word. Vanuit die tekste sal daar gesien kan word hoe Jesus sy “ander” hanteer.

Die sosiaalwetenskaplike metode gaan gebruik word om die leefwêreld van Jesus van Nasaret (en Lukas) te ontleed, om sodoende tekste ook vanuit ’n hedendaagse perspektief te kan verstaan.

Esler (1994:2, 6) verduidelik dat Nuwe-Testamentiese dokumente vir spesifieke vroeë Christelike gemeenskappe met spesifieke sosiale kontekste geskryf is. Lesers in die een-en-twintigste eeu is nie die gehoor wat die skrywer in gedagte gehad het nie. Sosiaalwetenskaplike kritiek poog om die hulpbronne wat die sosiale wetenskappe bied, saam met ander metodes – tekstuele en historiese kritiek – te gebruik ten einde ’n meer volledige waardering van Bybelse tekste en gemeenskappe binne hulle historiese, sosiale en kulturele konteks te ontwikkel (Horrell, 1999:3).

Die doel van die toepassing van sosiaalwetenskaplike kritiek op die Nuwe Testament is volgens Esler (1994:2) om vas te stel wat die oorspronklike gehoor verstaan het wanneer daardie spesifieke teks hardop voorgelees is. Van Eck (1995:82) meld dat patrone van sosialiteit in tekste deur die sosiaalwetenskaplike metode bestudeer word. Sosiaalwetenskaplike kritiek poog om die reëlmatighede en herhalende patrone van gedrag te identifiseer om sodoende duidelikheid oor ongewone of unieke gedrag te verkry (Petersen, 1985:18; Rohrbaugh, 1991:68).

Lukas se woorde oor Jesus kan net verstaan word vanuit die konteks van die tyd waarin dit geskryf is (Esler, 1994:2; Malina, 1996:xi; 2008:6). Die gebruike, perspektiewe en waardes van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld sal dus verduidelik word om Jesus se optrede teenoor sy "ander" beter te verstaan.

Hierdie studie poog om die filosoof Emmanuel Lévinas se idees oor die "ander" met Jesus se interaksie met sy "ander" vanuit die Lukaanse tekste te ondersoek en te vergelyk. Die filosofie en interaksie met die "ander" kan 'n waardevolle bydrae lewer tot hoe mense in 'n Suid-Afrikaanse konteks oor "ander" kan dink en met "ander" kan omgaan.

**Lévinas in die gesig van die "ander"**

Lévinas se filosofiese denke spruit voort vanuit 'n aantal gebeurtenisse en ervaringe uit sy eie lewe. Michener (2010:154) stem hiermee saam en verduidelik dat die verstaan van Lévinas se omstandighede belangrik is in die verstaan van sy filosofie:

> Lévinas must be understood against the backdrop of the horrific despair of the Holocaust and the historic scars it left on Europe after the Second World War. These traumatic events deeply touched this man's life and perspectives.
>
> (Michener, 2010:154)

Peperzak (1978:178) skryf dat Lévinas se herinneringe oor die oorlog in die agtergrond lê van al sy werke.

*Ontologie of etiek?*

Lévinas maak 'n onderskeid tussen ontologie en etiek. Ontologie hanteer vrae rondom watter entiteite bestaan, hoe entiteite groepeer word en hoe entiteite met mekaar verband hou vanuit die "self-"posisie (Lévinas *et al.*, 1996:9). Lévinas lewer streng kritiek teenoor ontologie as vertrekpunt tot die verstaan van menslike bestaan (Lévinas *et al.*, 1996:9). Hy (Lévinas, 1969:46) beskryf ontologie as 'n filosofie van ongeregtigheid, omdat dit oor die mag wat die "self" oor die "ander" het, handel.

Dit is volgens Lévinas (1969:34) onmoontlik om die begrip van die "self" as wese te definieer. Lévinas (1969:38) voer aan dat 'n poging om die "self" te benoem, egoïsties is. Critchley (2002:16) verduidelik dat Lévinas ontologie beskou as iets wat elke "andersheid" manipuleer om soos die "self" te wees, en daarom nooit die "ander" werklik in ag neem nie. Veelvoudigheid word deur ontologie onderdruk en verwerp (Levinas, 1996:13). Lévinas (1996:10) is daarom van oordeel dat filosofiese navorsing nie tevrede kan wees met 'n skamele refleksie van die "self" nie.

Lévinas (1969:47) stel, in teenstelling met ontologie, etiek as eerste filosofie voor. Sy verstaan van etiek verwys nie na moraliteit of 'n gedragskode nie (Lévinas *et al.,* 1996:xii), maar word eerder gebruik om die soort verhouding waarin die "self" met die "ander" staan, te beskryf: "rather, the ethical (rather than 'ethics') is a name that describes, a posteriori, a certain event of being in a non-subsumptive relation with the other" (Lévinas, 1996:2). Teenoor ontologie, wat die "ander" reduseer tot "selfde" of "self", stel Lévinas (1969:50) dat daar binne 'n etiese relasie met die "ander" 'n oneindige gesonde afstand tussen die "self" en die "vreemdeling" is, wat die "ander" se "andersheid" beskerm.

Lévinas (1969:39; 1999:103) stel dat die absolute "ander" werklik die "ander" is: "He and I do not form a number. The collectivity in which I say "you" or "we" is not a plural of


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a1

the ‘I’”. Die “ander” bly oneindigend (*infinitely*) transendent en vreemd (Lévinas, 1969:194). Die etiese verhouding met ’n “ander” behels die oorweging van die “ander” sonder om die “ander” ’n “self” te maak, die omhelsing van “andersheid” en die verwelkoming van die ervaring van magteloosheid wanneer daar in die gesig van die “ander” gekyk word (Lévinas, 1969:47).

Lévinas (1985:83) verduidelik dat die totale “andersheid” nie afhanklik is van die “ander” se karakter, fisiese voorkoms of sielkundige samestelling nie, maar dat dit slegs oor die beginsel van “andersheid” gaan. Die “ander” word aan die “swakkeling, arme, weduwee en weeskind” gelyk gestel. Die verhouding tussen die “self” en die “ander” bly dus altyd ’n asimmetriese verhouding (Lévinas, 1969:100, 251). Die relasie met ’n “ander” word deur etiek as onbegryplik en nie-oordelend beskryf.

*Gesigsontmoeting*

Die “ander” is waarlik teenwoordig deur die gesig van die “ander”. Soos Lévinas (1969:66) dit stel: “The face speaks”. Die nabyheid van die “ander” is die betekenis van die gesig: “The face is a living presence; it is expression” (Lévinas, 1969:66).

Die gesig van die “ander” is die manier waarop die “ander” se “andersheid” deur hom-/haar“self” aangebied word. Die “waarheid” oor wie die “ander” is, kan nie deur die “self” vasgestel word nie. Die “ander” kan hom-/haar“self” voorstel nes hy/sy wil. Dit is die vryheid wat die “self” vir die “ander” bied. Die beeld van die “ander” kan dus vals wees. Dit is, volgens Lévinas (1969:202), ’n saak van vertroue: “To seek truth I have already established a relationship with a face which can guarantee itself, whose epiphany itself is somehow a word of honour”. Die gesig-tot-gesig-ontmoeting openbaar ’n verhouding tussen die “self” en die “ander” wat op ’n wyse met mekaar verband hou maar nie die uniekheid van die “ander” verlore laat gaan nie (Lévinas, 1969:51,100, 251).

Lévinas *et al*. (1996:8) oordeel dat ’n naaste gekenmerk word deur die toeganklikheid tot daardie persoon. Die “ander” as ’n mens word deur sy of haar gesig toeganklik vir die “self”. Die gesig van die “ander” nooi die “self” tot verhouding, maar dring aan, verwag en vereis ook verantwoordelikheid teenoor die “ander” (Lévinas, 1969:198, 1999:27).

*Maskers, naaktheid en magteloosheid*

Lévinas is van oordeel dat kultuur en simboliese en sosiale rolle as ’n masker dien vir die gesig (Lévinas & Poller, 2003:32). Die kulturele, simboliese en sosiale maskers wat mense dra verskil van persoon tot persoon en probeer die broosheid of naaktheid van die gesig versteek (Lévinas, 1985:86). Die gesig word volgens Lévinas (1985:86) in die ontmoeting tussen die “self” en “ander” van alle maskers gestroop. Nadat die gesig naak gemaak is, is dit wat oorbly ’n *visage brut*, ’n leë gesig (Waldendels, 2002:71). Die naaktheid van die gesig behels ekstreme blootstelling van die “self” en beklemtoon die “self” se magteloosheid, broosheid en kwesbaarheid, waarteen die “self” geen verdediging teenoor die “ander” kan bied nie (Lévinas, 1999:24). Die naaktheid van die “ander” se gesig is wat eerlikheid oor gebrokenheid toelaat: “the very straightforwardness of the face to face, without the intermediary of any image, in one’s nudity, that is, in one’s destitution and hunger” (Lévinas, 1969:200).

Die stroop van alle maskers maak die vreemdeling of die “ander” ’n gelyke vir die “self”, sonder om afbreuk te doen aan die “andersheid” van die “ander”: “Its nakedness is not factual, so that it could be eliminated, but is due to an ‘essential poverty’ which makes the poor and

the stranger equal to us" (Waldenfels, 2002:71). Om die "ander" se gesig te verwelkom, wat reeds as 'n verantwoordelikheid ervaar word, maak die "ander" 'n naaste.

*Verantwoordelikheid*

Die gesig van die "ander" roep nie net verantwoordelikheid op nie, maar word deur Lévinas as die bron van verantwoordelikheid gesien (Morgan, 2007:62). Verantwoordelikheid teenoor die "ander" is nie 'n keuse nie: "Positively, we will say that the other looks at me, I am responsible for him, without even having taken on responsibilities in his regard" (Lévinas, 1985:96).

Lévinas (2000:161) beklemtoon dat die verantwoordelikheid teenoor die "ander" 'n plig is wat nooit ophou nie: "The relationship with another is a relationship that is never finished with the other; it is a difference that is a nonindifference and that goes beyond all duty, one that is not resorbed into a debt that we might discharge".

'n Verantwoordelikheid teenoor die "ander" is volgens Lévinas (2000:175) baie belangriker as die egoïstiese vryheid van die "self": "To be oneself – as the condition or uncondition of a hostage – is always to have one more responsibility".

Philippe Nemo vra vir Lévinas tydens 'n radiogesprek (Lévinas, 1985:98) of die "ander" dan ook vir die "self" verantwoordelik is. Lévinas (1985:98) antwoord: "Perhaps, but it is *his* affair", en maak dit duidelik dat die verantwoordelikheid teenoor 'n "ander" asimmetries is. Die "ek" is, volgens Lévinas (1985:99) totaal verantwoordelik en altyd méér verantwoordelik as al die "ander".

**Lukaanse Jesus se hantering van die "ander"**

Die manier waarop Jesus sy "ander" in die Lukasevangelie hanteer het, word in hierdie artikel ondersoek. Lukaanse tekste waarin Jesus mense ontmoet wat totaal "anders" as hy is, word geanaliseer deur die sosiaalwetenskaplike metode te gebruik. Hierdie metode help om die sosiale sisteme, gebruike en perspektiewe in die Lukas-teks te verstaan. Dit wat as rein en onrein beskou was, hoe daar teenoor mense met afwykings opgetree is, hoe die verhoudinge met die "ander" gelyk het, hoe beskermheer-onderdaan-verhoudings gelyk het en hoe geresiproseer is, word vanuit dié tekste bespreek.

*Jesus se hantering van sy "ander" in Lukas 6:6-11: Genesing op die Sabbat*

In Lukas 6:6 word 'n man met 'n gebreklike hand voorgestel. Die gebrek was abnormaal, uit plek en daarom ook onrein. Williams (2010:209) verduidelik dat 'n persoon met 'n siekte, afwyking of gestremdheid nie binne die prentjie van wat as "normaal" of aanvaarbaar was, gepas het nie. 'n Persoon wat as "onrein" bestempel is, is dikwels deur die samelewing verwerp. Jesus nooi die man om Ἔγειρε καὶ στῆθι εἰς τὸ μέσον (in die middel van hulle/tussen hulle te gaan staan). Jesus nooi die man met die abnormaliteit nader, terwyl die samelewing bes moontlik die man wegstoot. Nadat Jesus vir die man gevra het om sy hand uit te steek, genees hy die man.

Pilch (2000:203) wys daarop dat daar in hierdie verhaal nie net 'n biologiese genesing plaasvind nie, maar dat die totale sosiaalreligieuse sisteem by die genesingsproses betrokke is. Die biologiese genesing laat die man toe om volgens die sosiaalkulturele waardes weer deel van die gemeenskap te word (DeSilva, 2022:323).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a1

Jesus en sy verhouding met die Fariseërs rondom die kwessie van wat op die Sabbat toegelaat kan word, is egter die hooffokus van die teks. Die genesing vind op ’n heilige dag (Sabbat) en op ’n heilige plek (sinagoge) plaas (Luk 6:6). Volgens die Jode het Jesus die Sabbatswette oortree en die sosiaalreligieuse orde versteur en so die heilige dag ontheilig (Kok, 2008:227).

In hierdie teks kom die eerste-eeuse Mediterreense waardes rondom eer en skaamte duidelik voor. Plevnik (1993:96) verduidelik dat volwasse mans eer in openbare kompetisies kon “wen” (challenge-riposte): “It must be claimed, gained, and defended before one’s peers”. Tydens die deelname aan die “uitdaging en reaksie-”spel kon ’n persoon ’n uitdaging of eis aan ’n ander rig (Rohrbaugh, 2010:114). As daardie uitdaging of eis nie beantwoord kon word nie, was die persoon wat uitgedaag is se eer in gedrang (DeSilva, 2000:29).

Lukas 6:6-7 beskryf ’n publieke uitdaging deur die Fariseërs aan Jesus. Die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te kyk hoe hy sou reageer. Vanuit die teks is dit duidelik dat Jesus goeie vaardighede betreffende die deelname aan die uitdaging-reaksie as sosiale spel gehad het (Rohrbaugh, 2010:114).

Kok (2008:228) stel dat Jesus se “werk” op die Sabbat daarop dui dat Hy die vervulling van die Sabbat is. In die voorafgaande verhaal, wat ’n raamwerk bied vir Lukas 6:6-11, is dit Jesus wat self sê: “Κύριός ἐστιν τοῦ σαββάτου ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου” (Die Seun van die Mens – Hy is Heer van die Sabbat).

Vanuit Lukas 6:6-11 kan daar gesien word dat Jesus die wet van liefde teenoor sy “ander” toepas. Groenewald (1989:89) merk in verband met die gebeure van Lukas 6:6-11 op: “Op daardie dag moet die hoogste gebod tot uitvoering kom, naamlik liefde tot God en liefde tot die naaste”.

*Jesus se hantering van sy “ander” in Lukas 7:11-17: Opwekking van die weduwee se seun*

Jesus en sy volgelinge arriveer by die stad, Nain, en gewaar dan ’n begrafnisstoet (Luk 7:12). Die dorp se mense het saam met die weduwee geloop en rou. Die begrafnisstoet het volgens Malina en Rohrbaugh (2003:265) gewoonlik uit die stad se grense na buite die stad se mure beweeg, waar die persoon wat gesterf het in die familiebegraafplaas begrawe is. Begrafnisse het volgens Groenewald (1989:104) en Malina en Rohrbaugh (2003:253) op die dag waarop die persoon gesterf het, aan die einde van die dag, plaasgevind. Green (1997:356) dui daarop dat die warm klimaat in Palestina die dringendheid van ’n vinnige begrafnis bevorder het. Die oë van die persoon wat gesterf het, was toegemaak, die mond toegebind en die lyk is gewas en geolie (Green, 1997:356). Die persoon is in sy eie klere of met ’n spesiale kleed toegedraai en op ’n dra-bed gedra.

Die weduwee word as ’n hoofkarakter in die verhaal uitgebeeld. Green (1997:355) merk op dat die sentraliteit van die weduwee in die verhaal verrassend is. In die eerste-eeuse Mediterreense sosiale konteks was vrouens gewoonlik geken aan hulle verhouding tot ’n manlike figuur. In hierdie verhaal word die man wat gesterf het egter as “die enigste seun van sy moeder” (μονογενὴς υἱὸς τῇ μητρὶ αὐτοῦ) geïdentifiseer.

Die weduwee sou oor die verlies van haar geliefde seun kon huil, maar ook oor die verlies van die sosiale beskerming wat hy vir haar gebied het (Green, 1997:356). Malina en Rohrbaugh (2003:253) dui aan dat die dood van haar seun die weduwee totaal en al weerloos gelaat en sy in diep verknorsing sou verkeer het.

Jesus het die weduwee ἐσπλαγχνίσθη (innig jammer gekry) (Luk 7:13). Die gebruik van ἐσπλαγχνίσθη kan ook vertaal word as “gevul met sagtheid” en het gewoonlik die gevolg


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a1

gehad dat Jesus daarna met outoriteit optree (Bock, 1994). Jesus is diep geraak deur die vrou se hartseer en hopelose situasie.

Jesus neem die inisiatief en spreek die vrou en haar situasie aan (Brawley, 2016:231). Die wonderwerk word volgens Green (1997:355) as ongewoon bestempel, omdat Jesus uit sy eie besluit om haar te help. Hy bied 'n woord van troos en vra haar om op te hou huil (Luk 7:13). In Lukas 7:14 regverdig Jesus sy trooswoorde en tree hy op. Jesus raak aan die dra-bed waarop die lyk van die seun gedra word en oortree sodoende die grense van rituele reinheid (Green, 1997:356). Jesus wek die dooie man op uit die dood.

Die kritieke punt van die verhaal is volgens Malina en Rohrbaugh (2003:253) die oomblik wanneer Jesus die seun aan sy moeder teruggee (Luk 7:15). Danker (1988:162) stel dit so: "The relationship between mother and son, broken by death is restored by Jesus". Die verhaal se genesing word volgens Green (1997:356) aan die "dooie" man maar ook aan die vrou gebied. Die vrou se sosiale status binne die gemeenskap word herstel.

Bock (1994) merk verder op dat die teks rondom die teruggee van die seun aan sy moeder in Lukas 7:15, verbatim met die teks van 1 Konings 17:23 ooreenstem. Jesus se wonderdaad word met die profeet Elia se werke vergelyk. Bock (1994) verduidelik dat Lukas die verbintenis met die tema van Elia se verhaal opsetlik maak: "The Elijah motif makes one other key point when it is seen as a Lucan theme: through Jesus, God is coming to the aid of the defenseless". In hierdie verhaal gaan biologiese genesing (opwekking) gepaard met sosiaalkulturele herstel van 'n weerlose buitestander.

Jesus demonstreer sy omgee en bereidwilligheid om uit te reik na dié mense wat in nood verkeer (Luk 7:13). Jesus neem inisiatief en tree deernisvol op. Jesus kies genesing ten spyte van die risiko van besoedeling.

*Jesus se hantering van sy "ander" in Lukas 9:51-56: Jesus verwerp deur die Samaritane*

Lukas 9:51 merk die begin van die reis wat Jesus vanaf Galilea na Jerusalem aanpak. Jerusalem is as die kulturele en godsdienstige middelpunt van die Joodse wêreld gesien (Green, 1997:455). Lukas gebruik 'n Joodse idioom "om jou gesig te draai om êrens heen te gaan" in Lukas 9:51 om Jesus se gesindheid tot die reis uit te beeld. Bock (1996:968) verduidelik dat dit beteken dat Jesus vasberade en doelgerig gereis het.

Jesus stuur boodskappers (ἀγγέλους) vooruit om plek vir hulle voor te berei (ἑτοιμάζω) (Luk 9:52). Die verhaal vertel dat die Samaritane vir Jesus afwys en verwerp (Luk 9:53).

Lukas verduidelik nie eksplisiet die spanning in die verhouding tussen die Jode en Samaritane nie omdat dit algemene kennis in die eerste-eeuse antieke wêreld was (Green, 1997:456). Bock (1996:970) argumenteer dat tradisionele vyandigheid moeilik is om te verander: "It is hard to reverse such traditional hostility". Samaritane was die Jode se "ander" en is as vreemdelinge, heidene en selfs vyande bestempel.

Bock (1996:970) vind dit vreemd dat Jesus en sy volgelinge deur Samaria reis, terwyl die Jode gewoonlik 'n ander (langer) pad (deur die Transjordaan) gebruik het om na Jerusalem te reis. Jesus daag hierdie gebruik uit deur na die Samaritane uit te reik. Die Samaritane kon moontlik vir Jesus afwys omdat hy 'n Jood was, of omdat die Samaritane geweet het wat sy eindbestemming (Jerusalem) was (Luk 9:53) (Hamm, 1994:276).

Met die aanhoor van die verwerping deur die Samaritane, word die dissipels, Jakobus en Johannes, dadelik kwaad (Luk 9:54). Die verwerping van die Jesusgroep deur die Samaritane het 'n gevoel van skaamte veroorsaak. Skaamte het dikwels oorgegaan tot woede. Die dissipels wil sommer die hele dorp vernietig (Bock, 1996:970). Plevnik (1993:96) wys daarop dat eer

primêr ’n groepswaarde was. Die Samaritane handel as groep teenoor die Jode as groep. Die twee vurige dissipels wou deur middel van wraak Jesus se eer (en daarom die groep se eer) beskerm (Bock, 1996:971).

Die dissipels dink hulle besit die krag om “vuur uit die hemel” te roep. Hierdie idee verwys volgens Allison (2002:459) indirek na Jesus as ’n profeet, omdat dit die konneksie maak tussen Jesus en Elia wat vuur uit die hemel laat kom het om die verteenwoordigers van die koning van Samaria te verteer (2 Kon 1:1-16).

In Lukas 9:55 reageer Jesus teenoor die dissipels se woede. Bock (1996:971) stel dat Jesus se reaksie vinnig en dramaties was. Jesus ἐπετίμησεν (het voorgeloop), wat beteken dat hy voor gestap het. Jesus wys die dissipels tereg omdat hulle oorhaastig en in woede teenoor die verwerping reageer het. Allison (2002:459) wys daarop dat Jesus te alle tye wraak teenoor vyande afkeer: “Jesus’s unelaborated rebuke seemingly implies that violent vengeance is wrong at all times and places”.

Hierdie verhaal wys dat Jesus almal, van enige ras of kultuur, by die koninkryk van God wil insluit (Bock, 1996:971). Selfs in die midde van verwerping reageer Jesus nie met woede, wraak of verwoesting nie, maar bly die boodskap verkondig dat almal welkom is in die nuwe familie van God.

*Jesus se hantering van sy “ander” in Lukas 10:38-42: Martha en Maria*

Die milieu word in Lukas 10:38 beskryf as die huis van Martha. Malina en Rohrbaugh (2003:271) vind dit vreemd dat die huis beskryf word as “haar” (Martha se) huis (Luk 10:38). Die ontvangs van gaste deur ’n enkele vrou is buitengewoon (Macnamara, 2019:597). Terwyl die huis die privaat ruimte is en dus ’n area waarin vroue vrylik kon funksioneer, sou die ontvangs van gaste, die voorstel van die huis (en aan alle familielede) normaalweg deur die oudste manlike lid van die familie gedoen word (Malina & Rohrbaugh, 2003:271).

In Lukas 10:39 neem Maria die inisiatief om tydens sy besoek by Jesus se voete te gaan sit. Bock (1996:1038) bevestig dat Maria se dade antieke lesers sou skok: “... the picture of a woman in the disciple’s position, at the feet of Jesus, would be startling in a culture where women did not receive formal teaching from a rabbi”.

Bock (1996:1037) wys daarop dat alle soorte mense by Jesus gemaklik gevoel het: “Those who are sensitive to him recognize that he invites them to come to him. They sense that he will receive them, that he is ready to teach all types of people”. Jesus bevraagteken nie Maria se posisie by sy voete nie en verwelkom haar.

Eer en skaamte se rol in die samelewing was geslagsensitief. Eer (en skaamte in die negatiewe sin) is volgens Plevnik (1993:96) beliggaam deur volwasse mans, terwyl positiewe skaamte deur vrouens behou moes word. Malina (2001:47) verduidelik dat alle publieke ruimtes (na buite) aan die man behoort het, terwyl die binneruimtes vrouens se plek aangetoon het. Alhoewel die verhaal in die binneruimte plaasgevind het, het Maria, volgens Malina en Rohrbaugh (2003:271), soos ’n man by Jesus se voete gesit (Luk 10:39). Martha kla dat Maria haarself nie “soos ’n vrou” gedra nie. Die vrou moes haar plek in die samelewing respekteer en op hierdie manier skaamte uitvoer om vir die man eer te verdien (Plevnik, 1993:96; DeSilva, 2000:33). Aangesien ’n vrou se eer en reputasie verder afgehang het van haar vermoë om ’n huishouding te bestuur, sou Martha se klagte teenoor Maria deur die kultuur as legitiem gelees word (Malina & Rohrbaugh, 2003:271).

Jesus is volgens Bock (1996:1041) nie noodwendig teen Martha se dade van diens gekant nie, maar wel teen haar besig-wees wat haar teenwoordigheid wegneem. Die tweede deel van

Jesus se reaksie ondersteun Maria se besluit om by sy voete te sit en na sy woorde te luister (Green, 1997:480). Die “een goeie ding” wat Maria gekies het, word soos volg deur Bock (1996:1042) beskryf: “She is fixed on the guest, Jesus, and his word; she heeds the one whose presence is commensurate with the coming of the kingdom of God”. Maria se aandag op wat belangrik is, word geprys (Brawley, 2016:240).

Jesus se antwoord dui kontra-kultureel daarop dat ’n vrou (daarom ook enige iemand anders) ’n dissipel mag wees (D’Angelo, 1990). Bock (1996:1043) stel dat die herstelde status van ’n vrou deur Jesus in hierdie verhaal aangespreek word: “Mary (and, with her, those of low status accustomed to living on the margins of society) need no longer be defined by socially determined roles.” Jesus se bediening herdefinieer geslagsrolle. Bock (1996:1043) stel tereg: “Jesus’s ministry breaks molds”.

*Jesus se hantering van sy “ander” in Lukas 14:12-14: Gasvryheid*

In Lukas 14:12-14 stel Jesus dat gaste wat niks het om terug te gee nie, genooi moet word na ’n ete. Jesus stel in Lukas 14:13 voor dat die armes (πτωχούς), kreupeles (ἀναπείρους), verlamdes (χωλούς) en blindes (τυφλούς) genooi word. Hierdie groepe mense verwys na mense wat nie iets het om terug te gee nie en nie kan resiproseer deur hulle eie uitnodiging weer aan die gasheer te rig nie (Bock, 1996:1266).

Armes, kreupeles, verlamdes en blindes is dikwels geïgnoreer of uitgewerp uit die samelewing as gevolg van Joodse reinheidswette (Malina, 2001:167). Hierdie groep mense wat Jesus as “gaste” voorstel, is deur die algemene samelewing as “abnormaal” en “onrein” beskou (Van Eck, 2016:106). Malina en Rohrbaugh (2003:286) stel dat etes buite die status-grense skaars in tradisionele samelewings was. Van Eck (2016:99) dui daarop dat sosiale kontak tussen die elite en die “minderes” byna nooit plaasgevind het nie. Green (1997:570) dui daarop dat dit moeilik vir die elite moes gewees het om Jesus se voorstel aan te hoor, omdat in- en uit-groepe deur etes daargestel is. Jesus se voorstel het volgens Malina en Rohrbaugh (2003:286) die elite uitgedaag om die risiko te neem om eer te verloor.

Etes is in die antieke tyd, volgens Green (1997:570), gebruik om bestaande verhoudinge te bevorder. Lukas gebruik egter gereeld etes om nuwe verhoudings daar te stel en bestaande sosiale grense oor te steek (Luk 5:29-32, 7:34-36, 19:1-10).

Green (1997:582) wys daarop dat Jesus se voorstel rondom die uitnodiging van die “minderes” die sosiale afstand tussen die ryke en arme, die binne- en buitestander tot niet sal maak. Jesus beklemtoon die waarde van die “minderes” deur hulle as waardige gaste en dus as “gelykes” voor te stel.

Algemene resiprositeit verwys na interaksies wat gefokus is op die sosiale belange van die ander party (Malina, 1986:102). Neyrey (2005:469) verduidelik dat algemene resiprositeit beaam dat die “ander” se behoeftes eerste gestel word en dikwels verstaan word as “om te gee sonder om iets terug te verwag”. Bock (1996:1267) verwys na die boodskap van die koninkryk van God vanuit Lukas 14:7-13: “Rather, it is to make chairs available to those who are looking for a place to sit – even for those who think there are no chairs for them.”

*Jesus se hantering van sy “ander” in Lukas 19:1-10: Jesus en Saggéüs*

In Lukas 19:2 word Saggéüs as rolspeler voorgestel. Bock (1996:1516) wys daarop dat Saggéüs (Ζακχαῖος) die Griekse vorm van die Hebreeuse Zakkai (זַכַּי) is, wat vertaal kan word as “rein” of “onskuldig”. Saggéüs word in Lukas 19:2 as πλούσιος (ryk) en die ἀρχιτελώνης (hoof-


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a1

tollenaar) geëtiketteer. Hierdie etikette het, teenoor sy naam se betekenis, eerder na Saggéüs as "onrein" en "skuldig" verwys. Die hooftollenaar was waarskynlik 'n bestuurder van ander tollenaars wat as sy ondergeskiktes gewerk het (Green, 1997:680).

Saggéüs word volgens Green (1997:681) in Lukas 19:1-10 voorgestel as iemand wat mag en rykdom het, maar nie aansien of geloofwaardigheid binne die gemeenskap besit nie: "On the other hand, Zacchaeus is a toll collector. Within the Greco-Roman world, he would have belonged to a circle of persons almost universally despised". Saggéüs vorm gevolglik deel van die marginale groep mense wat nie 'n sosiale plek in die gemeenskap geniet nie.

Jesus sien volgens Lukas 19:5 vir Saggéüs eerste raak. Saggéüs wou graag vir Jesus ontmoet, maar Jesus neem die inisiatief om met Saggéüs te praat (Bock, 1996:1513). Jesus nooi homself om by Saggéüs oor te bly (Luk 19:5). Malina en Rohrbaugh (2003:381) dui daarop dat Jesus se eie uitnodiging na Saggéüs se huis daarop wys dat Jesus in die publieke sfeer, tussen 'n skare mense, vir Saggéüs as sy sosiale gelyke stel: "Jesus is accepting him as one with whom values and understandings are shared, as one with whom community is possible". Saggéüs se antwoord is volgens Malina en Rohrbaugh (2003:381) deurdrenk met vreugde en gasvryheid (Luk 19:6).

Jesus se versoek aan Saggéüs word deur die gemeenskap verag en gekritiseer in Lukas 19:7. Die skare het gemor (διεγόγγυζον) en vir Saggéüs 'n sondaar (ἁμαρτωλός) genoem. Green (1997:682) wys op Jesus se eer wat, volgens die skare, in gedrang kom as gevolg daarvan dat hy by Saggéüs afpak (μεῖναι, v5).

Saggéüs, as hooftollenaar, word gestereotipeer as 'n "sondaar" (O'Toole, 1991:115). Malina en Rohrbaugh (2003:303) dui aan dat die gemeenskap se reaksie verband hou met hul denke oor tollenaars. Saggéüs reageer in Lukas 19:8 op die vooroordele van die gemeenskap deur sy doen en late aan Jesus te verduidelik (Malina & Rohrbaugh, 2003:303).

Bock (1996:1518) stel dat 'n tollenaar sy posisie moes verdedig: "Tax collectors were assumed to be unclean unless they proclaimed otherwise". Dit blyk dat Saggéüs die Joodse wet ken deur sy opmerking dat hy viervoudig teruggee aan diegene wat hy ingeloop het (Bock, 1996:1518).

Green (1997:638) en Malina en Rohrbaugh (2003:303) stel dat die werkwoorde wat Saggéüs in Lukas 19:8 gebruik in die teenwoordige tyd gestel word. Dit beteken dat Saggéüs reeds die helfte van sy besittings aan die armes gee en reeds viervoudig teruggee aan dié wat hy ingeloop het (Green, 1997:684). Malina en Rohrbaugh (2003:303) beaam hierdie gedagte:

> Since both Greek verbs are in the present tense – thus: "I give," and "I pay back," (and not future, as is usually assumed by Western readers) – and since there is no mention here of any special repentance at the time of this encounter, we must assume that Zacchaeus is already practicing this kind of compensatory behavior.
>
> (Malina & Rohrbaugh, 2003:303)

Hierdie lees van die teks het implikasies vir die verstaan van die boodskap van die teks. In die lig van Saggéüs se onskuld sou sy naam se betekenis ("rein" of "onskuldig") by die verhaal pas. Die gemeenskap het 'n vals, stereotipiese prentjie van Saggéüs as sondaar geskep en hom daaroor verwerp.

Jesus glo dat Saggéüs reeds regverdig handel. In Lukas 19:9 bevestig Jesus in die teenwoordigheid van die skare dat Saggéüs wel gered is en 'n seun van Abraham (υἱὸς Ἀβραάμ) is. Jesus se verwysing na Saggéüs as "'n seun van Abraham" dui volgens Green (1997:684) nie op Saggéüs se Joodsheid of stamlyn nie, maar dui daarop dat Saggéüs die kwaliteite besit wat nodig is om in die koninkryk van God verwelkom te word. Saggéüs se publieke beeld en


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a1

sosiale status word hierdeur herstel en sy plek in die gemeenskap bevestig. O'Toole (1991:114) wys daarop dat Jesus Saggéüs se waardigheid herstel. Bock (1996:1517) stel dat Saggéüs deel word van die binnekring ongeag die opinies van ander.

In hierdie verhaal wys Jesus hoe stereotipering en aannames oor 'n "ander" verkeerd kan wees. Jesus neem inisiatief en reik uit na tollenaars en sondaars, "minderes" en siekes. Die uitgeworpenes word deel van Jesus se familie en word verwelkom in die koninkryk van God.

## Levinas en Jesus in gesprek

'n Fiktiewe ontmoeting tussen twee Jode, Emmanuel Lévinas en die Lukaanse Jesus vind in hierdie artikel plaas. Lévinas se filosofie rakende interaksie met die "ander", en Jesus se radikale inklusiwiteit soos deur die outeur van die Lukasevangelie beklemtoon, het menige raakpunte. Jesus bemoedig elke "ander" om waardig te voel in gesprek met hom, ongeag die mate waarin hulle van hom verskil. Lévinas se filosofie stem hiermee ooreen en plaas klem op die verantwoordelikheid wat die "self" teenoor die "ander" het.

Jesus en Lévinas was albei manlik, het albei in tradisionele Joodse huise grootgeword, beide het die Hebreeuse geskrifte goed geken, albei was publieke sprekers, het goeie vriende en vyande gehad en beide het geglo dat taal (of kultuur) nie 'n struikelblok tussen mense moet wees nie. Tog is so 'n eenvoudige vergelyking tussen hierdie twee persone onmoontlik. Daar is verskeie uitdagings ter sprake wanneer hierdie twee persone met mekaar vergelyk word. Ongeveer twee duisend jaar het verloop tussen die geboorte van Jesus en die geboorte van Lévinas. In die vergelyking van filosofieë en perspektiewe kan oorvereenvoudiging plaasvind. Jesus se Goddelike doel, soos deur Lukas voorgestel, word ook nie in diepte deur hierdie studie in ag geneem nie.

Enige teks word deur die sosiale en kulturele sisteme waarbinne dit ontstaan, beïnvloed en gevorm. Lévinas bevind homself in 'n tydperk ná die Tweede Wêreldoorlog, in 'n unieke konteks, terwyl hy oor die verhouding tussen die "self" met die "ander" nadink. Jesus het binne die eerste-eeuse Mediterreense samelewing sy voorstelle oor hoe die "ander" hanteer moet word, gemaak en geleef. Die sosiaalwetenskaplike eksegetiese metode dien as 'n brug tussen verskillende kontekste.

Lévinas en Jesus het aandag gegee aan die belang van die "ander". 'n Tematiese vergelyking van die perspektiewe van die Lukaanse Jesus en Lévinas word gevolglik gemaak.

## Die hantering van "ander" volgens die Lukaanse Jesus en Lévinas

### *Menswaardigheid*

Jesus bevorder die menswaardigheid van die "ander" deur hulle raak te sien. Hy sien die mense raak wat "onsigbaar" vir die samelewing was. Mense wat "anders" was, is as buitestanders behandel, geïgnoreer, of selfs uit die gemeenskap geskuif. Jesus neem eie inisiatief om die "onsigbares" raak te sien (Luk 6:6-11, 7:11-17, 13:10-17, 19:1-10) en erken op dié manier hulle menswaardigheid.

Lévinas argumenteer ook dat die menswaardigheid van die "ander" bevorder moet word. Lévinas se voorstel rondom die menswaardigheid van die "ander" behels ook 'n soort "sien", wat nie na "begrip" verwys nie. Die "sien" van 'n "ander" sou beteken dat daar ruimte vir die "ander" se "andersheid" gemaak word. Teenoor ontologie stel Lévinas (1969:50) dat daar binne 'n etiese relasie met die "ander" 'n oneindige gesonde afstand tussen die "self" en die


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a1

"vreemdeling" moet wees wat die "ander" se "andersheid" beskerm. Die "self" maak nie die "ander" deel van homself nie, maar laat die "ander" toe om homself uit te druk terwyl die "self" behoue bly (Lévinas, 1969:51, 100, 251). Die "ander" word gelyk gestel aan die "swakkeling, arme, die weduwee en die weeskind", waarteenoor die "self" 'n verantwoordelikheid het. Lévinas skryf vanuit 'n moderne konteks waarin individue eie identiteit en persoonlikheid kan geniet, terwyl die eerste-eeuse Mediterreense mense groepsidentiteit besit het.

Jesus herstel die "ander" holisties. Genesing het in die antieke tyd altyd met sosioreligieuse herstel gepaard gegaan. Jesus genees die siek "ander" om hulle sosiale status te herstel sodat hulle weer deel van die gemeenskap kan word. Jesus reinig die "ander" en maak die "ander" weer soos die "self" (groep), sodat die "ander" deur die groep aanvaar kan word. In die hedendaagse wêreld waar individue eie identiteite behou, is die behoud van "andersheid" belangrik. In 'n groepsgeoriënteerde wêreld, soos in die eerste-eeuse Mediterreense samelewings, moet die "ander" soos die "self" gemaak word, sodat die "ander" weer in die groep verwelkom kan word. Deur die gebruik van die sosiaalwetenskaplike metode word die konteks waarbinne die teks geskryf en oorvertel is, belangrik geag. Vanuit die antieke konteks word die "ander" opgehef deurdat Jesus hul meer soos die groep maak en dat hulle menswaardigheid daardeur herstel kan word.

*'n Leë gesig*

Levinas (1969:66) dring daarop aan dat die gesig van alle maskers gestroop word in die ontmoeting tussen die "self" en "ander". Lévinas (1969:74) is van mening dat die "gesig" in die gesigsontmoeting naak, en dus broos, is. Nadat die gesig naak gemaak is, is dit wat oorbly 'n *visage brut*, 'n leë gesig. Die naaktheid van die "ander" se gesig behels die ekstreme blootstelling van die "self" (Lévinas, 1999:24). 'n Naakte gesig beklemtoon die "self" se magteloosheid, broosheid en kwesbaarheid, waarteen die "self" geen verdediging teenoor die "ander" kan bied nie. Die naaktheid van die "ander" se gesig is dit wat eerlikheid oor gebrokenheid toelaat: "the very straightforwardness of the face to face, without the intermediary of any image, in one's nudity, that is, in one's destitution and hunger" (Lévinas, 1969:200). Die gesig wat blootgestel word, wat totale broosheid en magteloosheid veroorsaak, is volgens Lévinas (1985:86) kwesbaar. Die kwesbaarheid van die "ander" roep verantwoordelikheid by die "self" teenoor die "ander" op.

Jesus reageer met deernis op die leë gesig van sy "ander". Volgens Lukas ontmoet Jesus mense wat met 'n *visage brut*, 'n naakte gesig, rondloop. Jesus ontmoet die magtelose, die arme, die sieke, die buitestander en reageer met genade en guns op hulle broosheid. Jesus kry sy "ander" innig jammer en reik uit na dié mense wat hulself in 'n hopelose situasie bevind (Luk 7:11-17).

Jesus reageer ook met verantwoordelikheid op die "ander" se hulpeloosheid deur dadelik te help. Die twee verhale van die geboë vrou en die man met die gebreklike hand wat Jesus onderskeidelik op die Sabbat genees het (Luk 6:6-11; 13:10-17), wys op die dringendheid van die verantwoordelikheid teenoor die magtelose "ander". Genesing op die Sabbat, vanuit liefde vir die "ander", word as 'n etiese "moet" uitgebeeld. Jesus móét liefde bewys, selfs (en veral) op 'n Sabbat.

Lévinas (2000:173) oordeel dat verantwoordelikheid deernis vooruitgaan. Die woord "goedheid" word voorgestel as die dryfveer (sonder keuse) vir die "self" tot verantwoordelikheid vir die "ander". Goedheid het volgens Lévinas (1998:56) reeds die "self" gekies om verantwoordelik te wees vir die "ander".


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a1

*Liefde bo wet? Liefde as wet*

Jesus breek verskeie Joodse wette sodat hy die wet van liefde kan toepas. Jesus verbreek ook ander sosioreligieuse reinheidswette om die omgee vir sy "ander" uit te beeld (Luk 7:1-10, 7:11-17, 13:10-17, 19:1-10). Jesus is nie bang dat hy "onrein" gaan word nie. Jesus het gereeld die grense oortree sodat dié wat as onrein beskou is, rein en weer deel van die samelewing kon word. Jesus herinner deur sy woorde en dade dat die liefdesgebod (Deut 6:4-5; Lev 19:8) die belangrikste wet is. Liefde word dus nie bo die wet gestel nie, maar ás die wet voorgestel.

Lévinas was, net soos Jesus, 'n praktiserende Jood wat die wet van liefde goed geken het. Dit het ongetwyfeld 'n groot rol in sy lewe en ontwikkeling van sy filosofie gespeel. Lévinas prioritiseer die etiese relasie met die "ander" as 'n uitdrukking van liefde. Verantwoordelikheid vir 'n naaste word gelykgestel aan naasteliefde. Vir Lévinas word liefde gekenmerk deur die onbaatsugtige diens van die "self" teenoor die "ander". Lévinas (1999:170) beskou die vraag, "Wie is my naaste?", as 'n vraag na geregtigheid. Die liefde wat die "self" vir die "ander" het, is volgens Lévinas 'n vorm van volmaakte liefde. Liefde is dus ook vir Lévinas die belangrikste wet.

*Stereotipering en sosiale geregtigheid*

In die Lukasevangelie het Jesus deurgaans sosiale ongeregtigheid aangespreek en krities opgetree teenoor die religieuse eksklusiwiteit wat in die antieke tyd geheers het. Jesus het die rol van beskermhere herdefinieer, die rol van eer en sosiale status gekritiseer, geweld veroordeel, die uitbuitende politieke ekonomie van sy dag gekritiseer en algemene resiprositeit aanbeveel. Jesus stel die koninkryk van God voor as 'n koninkryk waarin almal genoeg het (sien ook Van Eck, 2016:305). Jesus reageer teen sosiale geregtigheid deur die nuus te bring dat die nuwe koninkryk van God aangebreek het waarin almal, ongeag status, etnisiteit, geslag of gesondheid, welkom is.

Jesus reageer teen ongeregverdigde stereotipering en bevorder sosiale geregtigheid. Vanuit Saggéüs se verhaal word hy deur die skare as 'n "sondaar" geëtiketteer (Luk 19:1-10). Saggéüs verduidelik aan Jesus dat die skare 'n verkeerde perspektief van hom het. Jesus glo vir Saggéüs en herstel sy publieke status. Saggéüs word deel van die binnekring ongeag die opinies van die skare. Jesus bevestig Saggéüs se waardigheid. Jesus staan namens sy "ander" op teen ongeregverdigde etikettering en stereotipering.

Lévinas bestempel ongeregtigheid as selfsug, die besit van die "ander" en die onvermoë om ruimte te laat vir die "ander" se "andersheid". Lévinas (1969:45) se kritiek op Heidegger se filosofiese oortuiging wat "om te ken" bo 'n etiese relasie met 'n "ander" stel, dui daarop dat Lévinas opgestaan het teen ongeregtigheid.

Lévinas is ook teen ongeregtige stereotipering wat plaasvind as die "self" aanneem dat hy kennis oor die "ander" besit. Lévinas gebruik 'n model van etiek om ongeregtige stereotipering te voorkom, deur 'n relasie wat "andersheid" behou uit te beeld. Die relasie met 'n "ander" word deur etiek beskryf as onbegryplik en nie-oordelend. Die filosofie van etiek neem die onverstaanbare en onherleibare "ander" in ag en behels die oorweging van die "ander" sonder om die "ander" "self" te maak. Stereotipering kan dus nie plaasvind nie.

*Vereistes van dissipelskap*

Jesus dui aan dat ware teenwoordigheid by die "ander" 'n karaktereienskap van 'n dissipel moet wees en dat dit die "een goeie ding" is (Luk 10:48-52). Jesus stel dat Maria die regte


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a1

besluit gemaak het om by sy voete te sit en na sy woorde te luister (Green, 1997:480). Maria, in die posisie van ’n dissipel, se aandag op wat belangrik is, word geprys. Jesus se antwoord dui kontra-kultureel daarop dat ’n vrou (daarom ook enige iemand) ’n dissipel mag wees.

Lévinas sou met Jesus saamstem dat “om die minste te wees” ’n goeie kenmerk van dissipelskap is en beskryf die etiese verantwoordelikheid wat die “self” teenoor die “ander” het as ’n vorm van dissipelskap. ’n Verantwoordelikheid teenoor die “ander” is volgens Lévinas (2000:175) baie belangriker as die egoïstiese vryheid van die “self”: “To be oneself – as the condition or uncondition of a hostage – is always to have one more responsibility”. Lévinas stel voor dat die “ander” altyd belangriker gestel moet word as die “self”.

Lévinas sou ook ’n luisterende teenwoordigheid in gesprek met die “ander” voorstaan. Die nabyheid van die “ander” is volgens Lévinas (1969:66) die betekenis van die gesig: “The face is a living presence; it is expression”. Nie-oordelende, ware teenwoordigheid word volgens Lévinas (2000:175) vereis in die ontmoeting met die “ander”.

*Resiprositeit*

Jesus het die gebruik van gebalanseerde resiprositeit teenoor die “ander” gekritiseer (Luk 14:7-14). Jesus se “ander” word ingesluit in sy eie groep sodat algemene resiprositeit (om te gee sonder om terug te verwag) in die verhouding toegepas kan word. In die toepassing van algemene resiprositeit word die “ander” se behoeftes eerste gestel (Neyrey, 2005:469).

Lévinas stel soos Jesus voor dat die “self” moet gee sonder om terug te verwag. Nemo vra vir Lévinas tydens ’n radiogesprek of die “ander” dan ook vir die “self” verantwoordelik is (Lévinas, 1985:98). Lévinas (1985:98) se antwoord lui: “Perhaps, but it is his affair”. Lévinas maak dit duidelik dat die verantwoordelikheid teenoor ’n “ander” asimmetries is. Die “ek” is volgens Lévinas (1985:99) totaal verantwoordelik en altyd méér verantwoordelik as al die “ander”. Lévinas stel dus soos Jesus die model van algemene resiprositeit voor in die ontmoeting tussen die “self” en die “ander”.

**Die hantering van “ander” in Suid-Afrika**

Teen die Suid-Afrikaanse konteks, waarin die “self” dikwels belangriker as die “ander” geag word, word “ander” liefde voorgestel. Waardevolle lesse tot die hantering van diversiteit kan vanuit die studie van Jesus se hantering van sy “ander” en Lévinas se filosofie oor die “ander” geleer word. Gedragsverandering en gewoonteverandering begin dikwels by perspektiefverandering en verandering in denkpatrone.

Die verskuiwing van fokus op die “self” na die “ander” kan lewensveranderende gevolge hê. Liefde vir ’n “ander” is egter onbaatsugtig en die gevolge daarvan word nie as dryfkrag oorweeg nie. Deur Jesus se voorstel dat armes, kreupeles, verlamdes en blindes na ’n ete genooi moet word (Luk 14:7-14), stel hy voor dat daar onselfsugtig gegee moet word sonder om terug te verwag. Lévinas beeld “ander” liefde as ’n etiese verantwoordelikheid uit, wat onvermydelik in die gesprek met die “ander” is. ’n Skuif moet gemaak word vanaf ’n egoïstiese leefstyl na ’n lewe van selfopofferende liefde. Die “self” gaan dus moontlik niks daarby baat nie, behalwe dat hy/sy gaan deelneem aan ’n liefdeshandeling. Lévinas dui aan dat die uniekheid van die “self” juis in die gee van die “self” opgesluit is.

Die “ander” moet raakgesien word. Jesus sien mense raak wat deur die gemeenskap misgekyk word. Lévinas wys daarop dat egte teenwoordigheid in gesprek met die “ander” vereis word. Ons kan leer om mense in die oë te kyk, raak te sien en as belangrik te ag, ongeag


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a1

die mate waarvan "hulle" met "ons" verskil. Die raaksien van 'n "ander" erken die menswaardigheid van daardie "ander". Die "ander" word dikwels in Suid-Afrika misgekyk. Die boemelaar word vermy, die kassier word geïgnoreer en daar word neergekyk op die petroljoggie. Suid-Afrikaners kan leer om die "ander" raak te sien, al verskil die "ander" van die "self".

Die raaksien van 'n "ander" skep die geleentheid om empaties op te tree. Jesus kry mense "innig jammer" en help hulle om weer te kan leef. Lévinas stel dat daar ruimte vir die "ander" se "andersheid" gelaat moet word. Booysen (2007:56) wys daarop dat die erkenning van "andersheid" 'n belangrike stap in verhoudingsvorming is: "The first step in managing cultural diversity is exactly this: to recognise, but also to value, diversity. Only then can we learn how to deal with these differences and build on the similarities and utilise the sameness". Dit kan ook beteken dat die "self" met openheid na die "ander" se hartseer sal kan luister en daarna empaties kan optree sonder om te probeer "verstaan" of "besit". Deur ruimte vir "ander" te skep, word die "ander" opgehef.

Die Lukaanse Jesus en Lévinas stel op verskillende maniere dat elke "ander" met respek in liefde hanteer moet word, ongeag hul status. Jesus het gewys dat almal welkom is in die nuwe koninkryk van God. Jesus, in Lukas, wys die hart van God vir verlorenes, armes en buitestanders. Die skoonmaker en die baas moet dus dieselfde hanteer word: met liefde, respek en openheid.

In die streef na "ander" liefde kan die self, soos Levinas (2000:175) tereg uitwys, steeds seerkry in die ontmoeting met die "ander". Dit word as die risiko van naasteliefde beskou.

Jesus wys dat ons teen vyandigheid, wraak, uitsluiting, afguns, selfsugtigheid en uitbuiting moet optree. In die Suid-Afrikaanse konteks moet daar opgetree word teen korrupsie, die verontagsaming van verkeersreëls, ongelisensieerde voertuie op die pad, belastingontduiking, misdaad en alle vorme van ongelykheid (sien Van Eck, 2022:39).

Ek droom van 'n land waarin almal met 'n openheid teenoor die "ander" kan leef, waarin daar ruimte gemaak word vir "anders" wees, waarin elke "ander" welkom kan voel en naasteliefde 'n prioriteit is.

## BIBLIOGRAFIE


Allison, DC. 2002. 'Rejecting Violent Judgment: Luke 9:52-56 and Its Relatives'. *Journal of Biblical Literature*, 121(3):459.

Bock, DL. 1994. *Luke 1:1-9:50*, vol. 1. Grand Rapids, Michigan: Baker Books.

Bock, DL. 1996. *Luke 9:51-24:53.* vol. 2, Grand Rapids, Michigan: Baker Books.

Bock, DL & Köstenberger, AJ. 2012. *A theology of Luke and Acts: biblical theology of the New Testament.* Grand Rapids: Zondervan.

Booysen, L. 2007. Managing Cultural Diversity: A South African Perspective. In April, K, Shockley, ML, California State University, Monterey Bay, University of Cape Town & Ashridge Centre for Business and Society (eds). *Diversity in Africa: the coming of age of a continent.* New York: Palgrave MacMillan.

Brawley, RL. 2016. Luke. In Aymer, M, Kittredge, CB & Sánchez, DA (eds). 2016. *The Gospels and Acts: Fortress Commentary on the Bible Study Edition*, 1517 Media.

Critchley, S & Bernasconi, R (eds). 2002. *The Cambridge companion to Lévinas*, New York: Cambridge University Press.

D'Angelo, MR. 1990. 'Women in Luke-Acts: A Redactional View'. *Journal of Biblical Literature*, 109(3):441.

Danker, FW. 1988. *Jesus and the new age: a commentary on St. Luke's Gospel.* Philadelphia: Fortress Press.

DeSilva, DA. 2000. *Honor, patronage, kinship and purity: Unlocking New Testament culture.* Illinois: Intervarsity Press.

DeSilva, DA. 2022. *Honor, patronage, kinship, and purity: unlocking New Testament culture.* Second edition, Downers Grove: IVP Academic.

Die Bybel 2020-vertaling. 2020. Bible Society of South Africa.

Ferreira, N. 2023. *Human resource (HR) planning, lesson 04.* University of South Africa.

Esler, JH. 1994. *Modelling Early Christianity: Social-Scientific Studies of the New Testament in its Context.* New York: Routledge.

Green, JB. 1997. *The Gospel of Luke.* Grand Rapids, Michigan: W.B. Eerdmans Publishing Company.

Green, JB & McDonald, LM (eds). 2013. *The World of the New Testament: Cultural, Social, and Historical Contexts.* Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Groenewald, EP. 1989. *Die Evangelie volgens Lukas*, 2de uitgawe. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Hamm, D. 1994. 'What the Samaritan Leper Sees: The Narrative Christology of Luke 17:11-19'. *The Catholic Biblical Quarterly*, 56(2):273-287.

Horrell, DG (ed.). 1999. *Social-scientific approaches to New Testament interpretation*, 1st publication. Edinburgh: Clark.

Kok, Jacobus. 2008, *Siekte en gebrokenheid teenoor genesing en restourasie in Johannes.* PhD thesis, Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Lévinas, E. 1969. *Totality and infinity.* Pittsburgh, Pennsylvania: Duquesne University Press.

Lévinas, E. 1981. *Otherwise than being: Or beyond essence*, transl. A. Lingis. The Hague: Martinus Nijhoff.

Lévinas, E. 1985. *Ethics and infinity.* Pittsburgh: University Press.

Lévinas, E, Peperzak, A, Critchley, S & Bernasconi, R. 1996. *Emmanuel Lévinas: Basic philosophical writings.* Bloomington: Indiana University Press.

Lévinas, E. 1998. *Of God who comes to mind*, transl. B. Bergo. Stanford: Stanford University Press.

Lévinas, E. 1999. *Alterity and transcendence*, transl. M. Smith. New York: Columbia University Press.

Lévinas, E. 2000. *God, death, and time*, transl. B. Bergo. Stanford: Stanford University Press.

Lévinas, E. & Poller, N. 2003. *Humanism of the other.* Urbana: University of Illinois Press.

Lévinas, E. 1990. *Difficult freedom: essays on Judaism*, Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Lévinas, E & Hand, S. 1989. *The Lévinas reader.* Oxford, UK, Cambridge, MA, USA: B. Blackwell.

Lévinas, E & Peperzak, A. 1978. 'Signature', *Research in Phenomenology*, 8:175-189.

Lévinas, E, Poller, N, & Cohen, RA. 2006. *Humanism of the other*, Urbana: University of Illinois Press.

Macnamara, L. 2019. 'Martha and Mary: Rivals or Partners? A fresh look at Luke (10:38-42.)'. *The Furrow*, 70(11):596-602.

Malina, BJ. 1986. *Christian origins and cultural anthropology: practical models for Biblical interpretation.* Atlanta: John Knox Press.

Malina, BJ. 1996. *The social world of Jesus and the Gospels*, London; New York: Routledge.

Malina, BJ. 2001. *The New Testament world: insights from cultural anthropology*, 3rd ed. Louisville, Ky: Routledge.

Malina, BJ & Rohrbaugh, RL. 2003. *Social-science commentary on the Synoptic Gospels*, 2nd ed. Minneapolis: Fortress Press.

Malina, BJ. 2008. *The social world of the New Testament: insights and models.* Peabody, Mass: Hendrickson Publishers.

Malina, BJ. 2008. Rhetorical criticism and social-scientific criticism: Why won't romanticism leave us alone. In Neyrey, JH & Stewart, EC (eds). *The social world of the New Testament: Insights and models.* Peabody, Massachusetts: Hendrickson.

Mbembe, A. 2017. *Critique of Black reason.* Durham: Duke University Press.

Michener, RT. 2019. 'Face-to-face with Lévinas: (Ev)angelical Hospitality and (De)constructive Ethics?'. *Evangelical review of theology*, 43(2):112-125.

Morgan, ML. 2007. *Discovering Lévinas.* New York: Cambridge University Press.

Neyrey, JH. 2005. God, benefactor and patron: The major cultural model for interpreting the deity in Greco-Roman antiquity. *Journal for the Study of the New Testament,* 27(4):465-492.

Neyrey, JH & Stewart, E. 2008.*The social world of the New Testament*. Peabody, Massachusetts: Hendrickson.

O'Toole, RF. 1991. 'The Literary Form of Luke 19:1-10'. *Journal of Biblical Literature*, 110(1):107.

Petersen, NR. 1985. *Rediscovering Paul: Philemon and the sociology of Paul's narrative world.* OR: Eugene.

Pilch, JJ. 2000. *Healing in the New Testament: insights from medical and Mediterranean anthropology.* Minneapolis: Fortress Press.

Plevnik, JSJ. 1993. Honor/Shame. In BJ Malina, & J Pilch (eds). 1993. *Biblical social values and their meaning: A handbook.* Peabody, Massachusetts: Hendrickson.

Rohrbaugh, R. 1991. BTB Readers Guide: The city in the Second Testament. *BTB* 21/2:67-75.

Rohrbaugh, RL. 2010. Honor: core value in the Biblical world. In D. Neufeld, RE DeMaris, *Understanding the social world of the New Testament.* London, NY: Routledge.

Van Eck, E. 1995. *Galilee and Jerusalem in Mark's story of Jesus: a narratological and social scientific reading.* Pretoria: University of Pretoria.

Van Eck, E. 2016. *The parables of Jesus the Galilean: stories of a social prophet.* Eugene, Oregon: Cascade Books.

Van Eck, E. 2022. 'Reading the text does matter: Texts as symbols of personal and social transformation'. In E-M Becker, J Herzer, A Standhartinger & F Wilk (eds). *Reading the New Testament in the manifold contexts of a globalized world: Exegetical perspectives*. Narr Francke Attempto Verlag GmbH + Co. KG, Place, pp. 39-60. (Neutestamentliche Entwürfe zur Theologie, Band 32.)

Waldenfels, B. 2002. Lévinas and the face of the other. In S Critchley & R Bernasconi (eds). *The Cambridge companion to Lévinas*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 63-81.

Wärnich, S, Carrell, MR, Elbert, NF & Hatfield, RD. 2018. *Human resource management in South Africa*, 6th edition. Andover: Cengage Learning.

Williams, RH. 2010. Purity, Dirt, Anomalies and Abominations. In D Neufeld & RE DeMaris. *Understanding the social world of the New Testament.* London, NY: Routledge.

# Nasionalisering van die Suezkanaal en die gevolglike internasionale reperkussies

***Nationalisation of the Suez Canal and the resultant international repercussions***

**Riaan Eksteen**
Navorsingsgenoot
Departement Politieke Studie en Regeerkunde
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika
E-pos: reksteen@swakop.com



Riaan Eksteen

**Riaan Eksteen** was vir 27 jaar lid van Suid-Afrika se Buitelandse Diens. Hy beklee in daardie tyd verskillende poste en dien in verskillende hoedanighede in die Buitelandse Ministerie. Gedurende 1964-67 is hy in die Namibiese afdeling gemoeid met SA se betrokkenheid in die hofsaak by die Internasionale Geregshof in Den Haag; hy is ook agtereenvolgens hoof van die VN- en Namibiese afdeling (1973–76) en van Beplanning (1981–1983). Hy dien vanaf 1968-1973 by die SA Ambassade in Washington, DC. Voorts is hy vir 12 jaar ambassadeur by die VN in New York (1976–1981); Namibië (1990-1991); VN in Genève (1992–1995) en Turkye, insluitende Azerbaidjan, Kirgistan, Oesbekistan en Turkmenistan. Hierdie laaste aanstelling is deur Pres. Mandela gedoen. Hy was ook Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) van 1983 tot 1988. Hy is die outeur van *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs* en was besoekende dosent aan die Tashkent State University of Law, Uzbekistan. Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vanaf Junie 2022. Sy memoires, *Beyond Diplomacy*, is in Oktober 2022 gepubliseer.

**Riaan Eksteen** was a member of the South African Foreign Service for 27 years, during which time he held several posts in various capacities within the Foreign Ministry. From 1964-67 he served in the Namibian division, participating in South Africa's court case in the International Court of Justice in The Hague; he also successively held the positions of Head of the UN and Namibian divisions (1973–1976) and Head of Planning (1981-–1983). In addition, from 1968–1973, he was stationed at the South African Embassy in Washington, DC; subsequently, he was Ambassador for 12 years at the U.N. New York (1976–1981); Namibia (1990-1991); U.N. Geneva (1992–1995); and Turkey, including Azerbaijan, Kyrgyzstan, Turkmenistan and Uzbekistan (1995–1997). The assignment to Turkey was done by Pres. Mandela. He is also a former Director-General of the South African Broadcasting Corporation (1983–1988). He is the author of *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs* and was visiting scholar at the Tashkent State University of Law, Uzbekistan. He is a member of the South African Academy for Science and Arts since June 2022. His memoirs, *Beyond Diplomacy*, was published in October 2022.

**Datums:**
Ontvang: 2023-06-20 Goedgekeur: 2023-08-28 Gepubliseer: Desember 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

**ABSTRACT**

***Nationalisation of the Suez Canal and the resultant international repercussions***

*Within three years of the 1952 overthrow of Egypt's monarchy, in which Nasser had played a prominent role, he utilised the Suez Canal to make his mark, thereby irrefutably and irreversibly attracting the world's attention. When he nationalised the channel, an international crisis arose that posed a grave threat to the Middle East. His actions followed after the United States of America (USA) had withdrawn an offer financially to assist Egypt with the construction of the Aswan Dam on the Nile River. With assistance from the Soviet Union (SU) for that project, Nasser was able to intimidate the USA, Britain, and France. Britain's and France's decision to attack Egypt while Israel was already involved militarily was ill-advised and illogical. These events caused a surge of activity at the United Nations (UN), which exacerbated the diplomatic isolation of Britain and France. Many experts continue to refer to said military actions as a failure and miscalculation. In addition, it gravely harmed the alliance between Britain and the USA, since the latter had not been informed about it prior to the attack and subsequently took a strong stance against it. The effect was tremendous on Britain's prestige and domestic politics. The crisis was a brutal awakening to the financial and military vulnerability of Britain. Sir Anthony Eden, the then prime minister of Britain, was obsessed with reclaiming the Canal. He desired Nasser's destruction at all costs as a result of which Nasser became the target of unprecedented hostility in British political life. Specifically, regarding Nasser, Eden's emotions verged on hysteria. Eden was also eager to reassert British authority in a region where the USA was gaining dominance under the powerful leadership of President Dwight (Ike) Eisenhower before, during, and after the crisis. The Eisenhower doctrine increased the active and direct involvement of the USA in the Middle East. Three months later, Eden resigned and was succeeded by his minister of finance, Sir Harold Macmillan, in January 1957. Eden and the Suez crisis have since become synonymous. His career and reputation in the minds of many were destroyed. In the Middle East, Britain's reputation was at an all-time low. In the process, Britain alienated many influential Commonwealth members. France was not immune to the effects of the events either. Nasser had no qualms inciting Algerians against France. His direct participation and the Egyptians' success during the Suez conflict bolstered the Algerian insurgents' resolve to continue an intense and bloody struggle against France for independence – and the age of superpowers commenced. Even of greater significance, the events allowed the Soviet Union (SU) to become more involved in Egyptian affairs. Egypt and the SU strengthened their ties. The SU was able to establish a new sphere of influence by establishing associated footholds in a number of other Middle Eastern countries. The USA and Britain considered the expansion of Nasser's authority in the Middle East as a threat. In his homeland, Nasser was revered as a patriot and became an icon. The Suez crisis was a tremendous success for Nasser. In the Arab world, he became known as the new messiah and his prestige and influence grew substantially. Not only did the Suez crisis terminate British and French influence in the Middle East, but it also precipitated the decline of the two European powers. The USA became the new protector of Israel's interests over time. This new political setup in the Middle East ushered in a new chapter for this part of the world. Leaders in the emerging Third World, particularly those in Africa who desired to cast off the colonial yoke, began to seek political salvation from Nasser instead of their colonial masters. This legendary figure died of a heart attack on 28 September 1970. He was 53. His influence on the international stage continued to reverberate for decades. Consequently, the Suez Canal crisis cannot be viewed as a singular occurrence in political history.*



doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

**KEYWORDS:** Britain, Dulles, Eden, Egypt, Eisenhower, France, Israel, Macmillan, Middle East, military action, Nasser, Soviet Union, Suez Canal, United States of America

**TREFWOORDE:** Brittanje, Dulles, Eden, Egipte, Eisenhower, Frankryk, Israel, Macmillan, Midde-Ooste, militêre optrede, Nasser, Sowjetunie, Suezkanaal, Verenigde State van Amerika

**OPSOMMING**

In 1956 het Nasser met sy besluit om die Suezkanaal te nasionaliseer die wêreld se aandag onherroeplik op hom gevestig. Die internasionale krisis wat daarna gevolg het, het vrede in die Midde-Ooste ernstig bedreig. Brittanje en Frankryk se besluit om ’n aanval teen Egipte te loods terwyl Israel toe reeds militêr betrokke was, was ondeurdag en sinneloos. Dié fiasko het hul diplomatieke isolasie vererger. Die toenmalige Britse eerste minister, Sir Anthony Eden, wou Nasser ten alle koste uit die weg ruim, maar in die proses is sy eie loopbaan en reputasie vernietig. In Januarie 1957 het Sir Harold Macmillan hom opgevolg. Die alliansie tussen Brittanje en die VSA is erg geknou. Brittanje se finansiële en militêre swakhede is ontbloot en met die Eisenhower-doktrine het die VSA meer direk betrokke geraak by die gebeure. Groter betrokkenheid deur die Sowjetunie het die wedywering tussen die twee moondhede verder laat toeneem. Vir Nasser was die Suezkrisis ’n groot sukses. In die Arabiese wêreld het hy na vore getree as die nuwe messias. Lande wat die koloniale juk wou afskud, het hul politieke heil by Nasser gaan soek. Op 28 September 1970 sterf hierdie legendariese figuur – hy was 53 jaar oud. Sy impak op die internasionale toneel vibreer vir nog baie dekades daarna. Die Suezkrisis kan nie as ’n geïsoleerde gebeurtenis in politieke geskiedenis beskou word nie.

## Inleiding

In die tweede helfte van die 1950’s is die politieke toneel in die Midde-Ooste deur veral vier afsonderlike verwikkelinge gekenmerk wat onderling met mekaar vervleg was. Die eerste was die anti-koloniale stryd van Arabiese nasionaliste teen die twee oorblywende imperiale moondhede, Brittanje en Frankryk, wat met die Suezkrisis sy hoogtepunt bereik het. Daaruit het die ander drie gevolg, naamlik die geopolitieke stryd om invloed in die Midde-Ooste tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (SU); die verskerping van die Arabies-Israeliese dispuut; en die wedloop om die leierskap van die Arabiese wêreld.

In die eerste van die reeks van vier artikels is die gebeure geskets toe Gamal Abdul Nasser deel van die groep offisiere was wat met die staatsgreep die heerskappy van Koning Faroek in 1952 beëindig het.[1] Teen daardie tyd was die VSA en die SU reeds betrokke in geopolitieke mededinging. ’n Spitsberaad tussen hierdie twee moondhede wat in 1955 in Genève plaasgevind het, was veronderstel om die begin van ’n ontdooiing in die Koue Oorlog aan te dui. Weinig het egter werklik verander. Die Midde-Ooste het die nuwe fokuspunt van wedywering in die Koue Oorlog geword wat tegelyk plaaslike konflikte vererger en die gevaar ingehou het dat magte van buite in groot konfrontasies ingesleep kon word.[2]

1 Eksteen (2023:420-451).
2 Kissinger (1979:342-343).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

Twee maande ná die spitsberaad het die SU 'n groot besending wapentuig vir Egiptiese katoen wat in ooraanbod was, verruil. Dit was 'n berekende besluit van die SU om sy invloed in die Midde-Ooste uit te brei. Nikita Khrushchev, eerste sekretaris van die Kommunisteparty en voorsitter van die Ministersraad van die SU, het die VSA uitgedaag om die SU voortaan teen te werk in areas wat voorheen veilig binne die Westerse invloedsfeer geval het. Naas Indië het Egipte die belangrikste nalatenskap van Brittanje se imperiale verlede verteenwoordig. Selfs in die verswakte toestand waarin Brittanje ná die Tweede Wêreldoorlog verkeer het, het Britse leiers steeds hul land as die leidende moondheid in die Midde-Ooste geag. Die Suezkanaal se gunstige geografiese ligging was van uiters waardevolle geostrategiese belang vir die Weste vanweë die afhanklikheid van olie vanuit Irak en Iran.[3] Vir Nasser was Brittanje se noue verhouding en toenemend vriendskaplike betrekkinge met Irak 'n groot bron van kommer. Hy het dit as 'n bedreiging vir sy doelwit gesien om Egipte as die leidende land in die Arabiese wêreld te vestig. Brittanje se posisie in Irak het mettertyd begin verswak.[4]

Die VSA was deurentyd onseker oor wie sy bondgenoot in die Midde-Ooste moes wees. Sy beleid het gehuiwer tussen 'n begeerte om goeie betrekkinge met sy twee bondgenote in die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO), Brittanje en Frankryk, te handhaaf, wat ook groot koloniale moondhede was enersyds, en 'n begeerte om Arabiese nasionaliste se vriendskap te wen andersyds. Met verloop van tyd het die VSA se sterk druk egter aansienlik bygedra tot Brittanje se verswakkende posisie in die Midde-Ooste hoofsaaklik omdat die VSA Brittanje nie in sy konflikte in die area gesteun het nie.[5] Brittanje het die toename in die SU se teenwoordigheid in die Midde-Ooste beskou as 'n onheilspellende verwikkeling wat gedreig het om 'n einde aan Britse invloed in die olieryke streek te maak.

Die Chinese premier, Zhou Enlai, het Nasser by die Bandungkonferensie in April 1955 ontmoet. Nasser het hom beïndruk en hy het later Khrushchev aanbeveel om die Egiptiese leier as 'n potensiële bondgenoot te behandel.[6] Hierdie Afro-Asiatiese konferensie het die belangrikheid van Egipte en sy rewolusie erken. Nasser is as 'n gelyke deur Asiatiese staatsmanne soos Jawaharlal Nehru van Indië, Zhou Enlai en Sukarno van Indonesië behandel. Nasser se vriendskap met Nehru en Josef Broz Tito van Joego-Slawië het hom verder gehelp om sy idees te vorm deur betrokkenheid by die groot magsblokke te verwerp en eerder 'n neutrale Arabiese blok onder Egiptiese leierskap te skep in alliansie met ander ontluikende lande in Asië en Afrika. Later het hy 'n kragtige simbool vir Arabiese nasionaliste geword, soos  Saddam Hussein van Irak, Hafez al-Assad van Sirië en Muammar al-Qaddafi van Libië. Tesame met Neru en Tito was hy een van die uitstaande leiers van die Beweging van Onverbonde Lande wat hy vroeër help stig het. Hierdie troika was toonaangewend tydens die eerste spitsberaad van die Beweging in Belgrado in 1961.

Vanaf die begin het hierdie status Nasser dadelik in konflik met Brittanje se planne vir die Midde-Ooste gebring.[7] Uiteindelik was 'n botsing ook onvermydelik tussen Nasser en John Foster Dulles, die VSA se minister van buitelandse sake, wat neutraliteit as immoreel beskou het en Nasser wat dit daarteenoor ná die Bandungkonferensie heelhartig omhels en bevorder het.[8]

---

3 Siegfried (1953).
4 Mansfield (1976:232).
5 Bernard, (2009:41-42).
6 Yilmaz, (ongedateerd), bl. 6.
7 Mansfield (1976:292).
8 *Ibid*., bl. 295.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

Nasser het met sy dominante persoonlikheid en aansienlike sjarme ’n charismatiese figuur in Egipte en in die Arabiese wêreld geword. Sy beroep op Arabiese nasionalisme het onmiddellik wye aanklank gevind. Sy vasbeslotenheid om Brittanje en Frankryk uit die streek te verdryf en sy standpunt dat Israel sy ontstaan aan Westerse kolonialisme te danke het, het hom ’n baie omstrede figuur gemaak. Nasser was gereed om sy epogmakende skuif te maak. Op 26 Julie 1956 het die Britse Ryk ’n knou gekry waarvan dit nooit sou herstel nie toe Nasser die Suezkanaal genasionaliseer het. Dit was ’n noodlottige dag vir Brittanje se status as ’n wêreldmoondheid. Die beslissende einde van Brittanje se imperiale era het aangebreek.

In die derde en vierde artikels word  word aandag gegee aan Nasser se optredes en die gebeure met die Suezkrisis wat bepaalde gevolge vir Algerië (dus ook Frankryk) en Suid-Afrika gehad het. Die strategiese ligging van Suid-Afrika het weereens wêreldwye aandag op die seeroete om die Kaap gevestig; ook toe die kanaal in 1967 weer gesluit is. Die status van die vlootbasis by Simonstad het ook in die laat 1950’s verander. Voorts word verdere belangwekkende onderwerpe ook behandel, naamlik die betrokkenheid van die Verenigde Nasies (VN); die rol van die media voor en ná die krisis; Brittanje en Frankryk en kolonialisme; olie as belangrike bedingingsmeganisme; die optredes van prominente persoonlikhede oor wie daar ná die krisis vrae ontstaan het; en Nelson Mandela se besoeke aan Egipte en Algerië tussen 1958 en 1962.

**Die onmiddellike gevolge van nasionalisering**

Nóg Brittanje en Frankryk nóg die VSA het volle begrip gehad of verstaan wat Nasser verteenwoordig het. Al drie was onder die indruk dat Nasser se weerstand teen hulle te wyte was aan ’n spesifieke stel griewe wat reggestel kon word. Brittanje het probeer om Nasser te oorreed om sy historiese oorheersing van Egipte te aanvaar, terwyl die VSA gepoog het om Nasser in te sluit by sy groot strategiese benadering tot die Midde-Ooste, wat daarop gemik was om ekonomiese en militêre hulp aan te bied aan enige land wat deur Sowjet-penetrasie bedreig sou word. Die Sowjetunie, daarenteen, het die geleentheid raakgesien om die Weste en sy kapitalistiese beleidsrigtings uit te oorlê en ook om nuwe bondgenote te bekom deur hulle van wapens te voorsien sonder om, soos in Oos-Europa, verantwoordelikheid vir hul binnelandse bestuur hoef te aanvaar. Nasser het die kombinasie van al hierdie faktore slim gebruik om daarmee die verskillende mededingers teen mekaar af te speel.

Brittanje was die eerste groot moondheid wat gedwing is om sy illusies oor Egipte, en ook binne ’n breër verband die Midde-Ooste, te laat vaar. Sy reeks militêre basisse langs die Suezkanaal was teen hierdie tyd ook al ontruim. Die VSA het volgehou om Egipte in die Westerse dampkring te probeer hou en saam met Brittanje aan te bied om die Aswandam te help finansier. Die kern van die besluit het egter berus op ’n belangrike denkfout, naamlik dat Egipte daardeur finansieel van hulle afhanklik gemaak sou word op dieselfde wyse as wat Brittanje finansiële beheer oor die Suezkanaal in die 19de eeu bekom het. Hierdie aanbod het Nasser glad nie nederig gehou nie. Die Aswandamprojek het by hom ’n groter gevoel van belangrikheid gewek. Hy het gou besef dat hy die projek as ’n unieke hefboom kon gebruik indien hy vinnig sou beweeg om meer en groter voordele te beding. Gevolglik het hy hardnekkig finansiële eise en terme gestel. Die laaste strooi wat die kameel se rug gebreek het, was toe Nasser in Mei 1956 die erkenning van die regering van Chiang Kai-shek in Taiwan met dié van die Volksrepubliek van China vervang het en diplomatieke betrekkinge met laasgenoemde aangeknoop het. Dit was ’n direkte klap in die gesig van die VSA en veral Dulles, wat baie toegewyd aan Taiwan was. ’n Maand later het Dmitri Shepilov, wat kort vantevore die nuwe minister van buitelandse sake van die SU geword het, Egipte besoek om ’n aanbod te maak


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

vir die finansiering en bou van die Aswandam. Dit het Nasser in staat gestel om die twee supermoondhede behoorlik teen mekaar af te speel. Kort daarna het die VSA Egipte in kennis gestel dat geen hulp beskikbaar gestel gaan word nie omdat Washington tot die gevolgtrekking gekom het dat die dam buite Egipte se ekonomiese vermoëns sou val.

Byna elke aksie wat die VSA geneem het, was met die Koue Oorlog in gedagte. Daarenteen het Nasser sy politieke optredes vinnig en sonder veel agting vir die groter gevolge van die Koue Oorlog geneem. Sy besluite was in belang van Egipte en hy het nie veel vir Koue Oorlog-implikasies omgegee nie. Hierdie houding van Nasser het politici in die VSA erg bekommerd gelaat.[9]

Nasser was nie 'n kommunis nie. Hy was eerder 'n nasionalis. Toe die VSA egter geweier het om sy nasionalistiese agenda te ondersteun, het hy besef dat hy hul aandag kon verkry deur op hul vrese vir Sowjet-infiltrasie en kommunisme se verspreiding in die Midde-Ooste te fokus. Daarom was dit vir Nasser duidelik dat die Suezkanaal die enigste wapen was wat oorgebly het om teen die Weste, en dan veral Brittanje, aan te wend. Henry Kissinger was later die mening toegedaan dat die VSA moes begryp het dat die skielike onttrekking van finansiële hulp die begin, nie die einde nie, van 'n krisis sou wees.[10] 'n Week ná die VSA se besluit het Nasser sy antwoord gelewer. Voor 'n groot skare in Alexandrië het Nasser op 26 Julie 1956 'n beroep op Arabiese nasionalisme gedoen:

> Arab nationalism progresses. Arab nationalism triumphs. Arab nationalism marches forward; it knows its road and it knows its strength. Arab nationalism knows who are its enemies and who are its friends.[11]

Daarna het hy eers Brittanje goed laat verstaan dat hul imperiale era wat Egipte betref finaal tot 'n einde gekom het:

> We shall eliminate the past by regaining our right to the Suez Canal.[12]

Toe het Nasser vir Frankryk doelbewus uitgetart en die skare met sy opmerking opgesweep dat nooit aan Egipte gesê sou word dat die slag van Algerië nie hul geveg was nie. In die middel van sy toespraak het Nasser die naam van Ferdinand de Lesseps, die Fransman wat die Suezkanaal gebou het, uitgeroep. Dit was die kodewoord en teken vir Egiptiese militêre magte om beheer van die kanaal oor te neem. Aan die einde van sy toespraak het Nasser triomfantlik aan die opruiende skare verkondig dat op daardie oomblik hul Egiptiese broers besig was om die kanaalmaatskappy en sy eiendom oor te neem en om skeepvaart in die kanaal te beheer wat in Egiptiese grondgebied geleë was, deel van Egipte was en deur Egipte besit word. Eintlik was die daad van nasionalisering nie onwettig nie, aangesien Nasser onderneem het om die aandeelhouers getrou te vergoed en te verseker dat daar geen ontwrigting van navigasie sou wees nie.[13] Maar, Brittanje en Frankryk het Nasser se optrede as uittartend en

9 Supple (2017:23).
10 Kissinger (1979:347).
11 Noble (1959:80).
12 Smith (2016:1).
13 Britse kabinetnotules het duidelik getoon dat die oorname van die maatskappy deur 'n wet ondersteun was en dat die kanaalmaatskappy korrek as 'n Egiptiese maatskappy ingevolge Egiptiese wetgewing geregistreer was. Die kabinet was ook deeglik bewus van Nasser se voorneme om die aandeelhouers teen heersende markpryse te vergoed en dat sy optrede nie neergekom het op 'n besluit om die aandeelhouers uit te koop nie. 'n Britse regsmening het tot dieselfde gevolgtrekking gekom dat die kanaal 'n integrale deel van Egipte was. Cabinet Meeting (27 Julie 1956).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

’n militante uitdaging vir hul eie persoonlike en politieke aansien in Egipte, die Midde-Ooste en Noord-Afrika (Marokko en Algerië) beskou. Enkele dae ná hierdie gebeure het *The Rand Daily Mail* die volgende in ’n voorbladberig ingesluit:

> The devastating effect on the West of President Nasser’s simple political move, which no one seems to have anticipated, has underlined again Western Europe’s dependence on the co-operation of the small group of Arab states for their industrial lifeblood and consequent political stability.[14]

Ná Nasser se nasionaliseringsbesluit het Eden en sy kabinet besluit dat, indien nodig, militêre ingryping ’n regverdige manier sou wees om Brittanje se lewensbelangrike belange in die Midde-Ooste te beskerm.[15] Brittanje het Nasser as ’n fundamentele gevaar vir sy belange in die Midde-Ooste verklaar, veral in Egipte. Van hierdie standpunt is nooit afgewyk nie.[16] Om die kanaal te verloor, sou onvermydelik lei tot die verlies van een van Brittanje se belangrikste bates in die Midde-Ooste. Vir Sir Harold Macmillan, wat minister van finansies was, het die beheer van die kanaal ’n stryd geword tussen Nasser en Westerse moondhede:

> There could therefore be little doubt that, if Colonel Nasser’s policy succeeded, our whole position in the Middle East would be undermined, our oil supplies would be in jeopardy, and the stability of our national economy would be gravely threatened.[17]

Die groot geostrategiese implikasie wat aan die beheer oor die Persiese Golf gekoppel was, het nou uit Brittanje se hande geglip. Dit was maklik om te bewys dat lande wat die Persiese Golf (insluitende die Straat van Hormuz) beheer, ’n groter belang daarby gehad het om die Suezkanaal oop te hou as lande wat min beheer oor die Golf uitgeoefen het.[18] Selwyn Lloyd, minister van buitelandse sake, het saamgestem dat Brittanje se enigste belang in daardie streek was om Britse oliebronne in Irak en die Persiese Golf te beskerm.[19]

Frankryk was baie uitgesproke en selfs meer vyandig teenoor Nasser. Franse belange in die Arabiese wêreld was aansienlik. Hulle het Nasser se woorde as ’n oproep gesien om die wêreldorde soos wat hulle dit geken het, te vernietig.[20] Inderwaarheid het dit die nuwe realiteite in die naoorlogse Midde-Ooste blootgelê.

> Nasser was the most important statesman thrown up by the Arab resistance. He was also a leading figure in the anti-colonial revolutions, one of the great world political movements of the twentieth century. An Egyptian, a Muslim and a self-proclaimed Arab, he was also a product and animator of the same anti-colonial, anti-imperialist and modernising revolution that produced Nehru and Mao Tse-Tung, Sukarno and Nkrumah, Castro and Ho Chi Minh. He belonged to the heroic age of national liberation movements.[21]

Ná Nasser se toespraak het Eden dit aan Eisenhower gestel dat indien hulle nie kragdadig standpunt sou inneem en optree nie, hul invloed regdeur die Midde-Ooste finaal vernietig sou

14 *The Rand Daily Mail*, 30 Julie 1956.
15 Cabinet Meeting (27 Julie 1956).
16 Cabinet Meetings (14 Augustus 1956; 28 Augustus 1956; 11 September 1956; en 26 September 1956).
17 Cabinet Meeting (28 Augustus 1956).
18 Chou (2018:455).
19 Cabinet Meeting (28 Februarie 1956)
20 Lahav (2015:1319).
21 Stephens (1981:18).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

word.[22] Met optrede het Eden beslis militêre aksie ingesluit. Drie dae later het Eden die Laerhuis oor die krisis toegespreek waarin hy geen toegewing aan Nasser gemaak het nie:

> No arrangements for the future of this great international waterway, could be acceptable to Her Majesty's Government which would leave it in the unfettered control of a single Power which could, as recent events have shown, exploit it purely for purposes of national policy.[23]

Om Egipte uit te lok, het Brittanje en Frankryk alle maritieme moondhede opdrag gegee om te weier om kanaalgeld aan Egipte te betaal. Nasser was uitgeslape. Om konfrontasies te vermy wat in Brittanje se hande sou gespeel het, het Egipte geen tolgeld van Westerse skepe gevorder nie.

Die VSA se eerste reaksie was dat indien 'n militêre operasie onderneem moes word, dit groter kans op sukses en minder ernstige gevolge sou hê as wanneer dit oorhaastig onderneem sou word. Brittanje en Frankryk het hierdie standpunt vertolk as synde dat die VSA hul optredes ondersteun het. Gou daarna het dit duidelik geword dat die drie bondgenote nie eensgesind oor die krisis en optrede teen Nasser was nie. Eden en Guy Mollet, Franse eerste minister, het die omverwerping en vernedering van Nasser as 'n doel op sigself voorgestaan. Dulles en sy president het egter die krisis in terme van die VSA se langtermynverhouding met die Arabiese wêreld en die reaksie van die SU ontleed. Eisenhower het ook gevrees dat indien Egipte aangeval sou word, die VSA met sy naaste en belangrikste bondgenote sou bots.

Op 27 Julie 1956 het Eden vir Eisenhower skriftelik meegedeel dat hulle twee nie behoort te verval in 'n regstwis oor die nasionalisering van 'n Egiptiese maatskappy nie en ook nie in 'n finansiële argument betrokke moet raak oor Egipte se vermoë om die vergoeding te betaal wat hulle aangebied het nie. Eden het sy brief egter afgesluit met 'n betoog dat hy en sy kollegas oortuig daarvan was dat Brittanje gereed moes wees om geweld te gebruik om Nasser tot sy sinne te bring.[24] In sy antwoord op 31 Julie 1956 het Eisenhower ondubbelsinnig aangedui dat die VSA wel Brittanje se standpunt oor die kanaal se waarde begryp. Nogtans het hy sy ferm oortuiging aan Eden oorgedra dat die oorweging van militêre optrede op daardie oomblik onwys sou wees.[25] Vir 'n wyle het Eden onder Eisenhower se druk geswig en tydelik teruggedeins daarvan om militêr op te tree. Twee weke later het die kabinet egter besluit dat die bestuur en beheer van die kanaal nie in die hande van die Egiptiese regering gelaat kon word nie.[26] Die basiese uitgangspunt wat hierdie besluit onderlê het, was dat "agtergeblewe" Egiptenare nie hulself kon regeer nie, "onbetroubare" Egiptenare nie die kanaal kon bestuur nie en die kanaal regtens op Britse grondgebied geleë was en dat dit Egipte was wat geweld op Brittanje afgedwing het.[27] Daarenteen het alles daarop gedui dat Egipte die kanaal wel doeltreffend geadministreer het.

Die volgende stap wat die drie bondgenote geneem het om die krisis te probeer ontlont, was om die Maritieme Konferensie van 18 tot 23 Augustus 1956 in Londen te hou. Op 12 Augustus het Nasser die uitnodiging om die konferensie by te woon summier van die hand gewys. Die 24 hoofverbruikers van die kanaal het dit wel bygewoon, insluitende die agt lande

---

22 Vexler (1970:36).
23 Parliamentary Debates House of Commons (1956), kolom 919.
24 US Department of State (1990:10).
25 *Ibid*., bls. 70-71.
26 Cabinet Meeting (14 Augustus 1956).
27 Chou (2018:458).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

wat die Konstantinopel-konvensie van 1888 onderteken het. Die VSA het saam met die meerderheid van 18 lande vir ’n nuwe kanaalregime gestem wat die eerste minister van Australië, Sir Robert Menzies, aan Nasser moes gaan voorlê. Dit het Egiptiese soewereiniteit en deelname deur Egiptiese personeel aanvaar, maar ook die konferensiedeelnemers as die *de facto* administrateurs van die kanaal gevestig. Dulles was onwillig om tot ander optredes in te stem. Hy het daarop aangedring dat morele oortuiging en die druk van openbare mening uiteindelik vir Nasser sou oortuig om toe te gee. Nasser het weereens al die voorstelle van die konferensie verwerp. Soos verwag, het die SU en verskeie sogenaamd neutrale state, onder leiding van Indië, Egipte se standpunt onomwonde gesteun. Drie maande van veelparty-onderhandelinge het gevolg om ’n diplomatieke oplossing vir die krisis te bereik rakende ’n internasionale ooreenkoms vir die toekoms van die kanaal. Terselfdertyd sou dit die VSA die geleentheid bied om ’n veldtog te loods wat sy Europese bondgenote van militêre optrede sou laat afsien.

Eden het weer gepoog om Eisenhower tot ander insigte te bring. In sy antwoord aan Eden op 12 September 1956 het laasgenoemde weereens teen enige militêre aksie gewaarsku. Dulles het die volgende dag prontuit verklaar dat indien met geweld in Egipte ingegryp sou word, die alternatief vir die VSA sou wees om hul skepe om die Kaap te stuur.[28] Eden kon nie glo dat Eisenhower sy bedenkinge oor eensydige Britse en Franse optrede in openlike opposisie verander het nie. Maar, Eisenhower was oortuig daarvan dat Frankryk en Brittanje uiteindelik nie sou waag om militêr teen Nasser op te tree sonder die VSA se medewete, goedkeuring en steun nie. Daarvoor was die spesiale verhouding tussen die VSA en Brittanje wat deur vennootskap tydens oorloë en persoonlike vriendskap wat oor baie jare versterk was, te sterk.[29] Spanning het nou hierdie spesiale verhouding gekenmerk. Soos Hathaway dit in sy artikel “Suez, The Perfect Failure” gestel het:

> [t]he single word “Suez” remains synonymous for disaster in the annals of the Anglo-American “special relationship”.[30]

Die VSA het sy twee bondgenote en verskeie ander maritieme state oorreed om weer op 19 September 1956 vir ’n tweede konferensie in Londen byeen te kom. Op 21 September het hierdie groep die stigting van ’n vereniging aangekondig wat veronderstel was om die finansies en administrasie van die kanaal op ’n praktiese wyse te beskerm. Die plan was doodgebore, aangesien Nasser toe reeds al die vorige maatskappy se navigators met Egiptenare en beamptes van die SU en Indië vervang het en vir ononderbroke werking van die kanaal onder Egiptiese bestuur gesorg het. Anglo-Amerikaanse verhoudings het nou merkbaar versleg. Die VSA se benadering is gekenmerk deur enersyds begrip vir Nasser se aanspraak op nasionale soewereiniteit en andersyds Eisenhower se sterk standpunt dat Brits-Franse militêre aksie moreel, wetlik en polities aanstootlik was. Hy wou verseker dat die VSA in die Midde-Ooste as ’n bemiddelaar in die Arabiese wêreld gerespekteer sou word en as ’n vriend vir optrede wat na onafhanklikheid gesmag het.[31]

Die VSA was onthuts oor Eden se besluit om sonder enige voorafgaande konsultasie die Veiligheidsraad te betrek. Die Franse en Britte wat vêr met hul militêre voorbereidings gevorder

28 US Department of State, bl. 492.

29 Die VSA en Brittanje het wat albei ’n “spesiale verhouding” genoem het sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog gedeel, hoewel die verhouding in werklikheid baie ouer was.

30 Hathaway (1994:361).

31 Rostow (1972:609).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

het, wou eers nog op hul eie ’n diplomatieke stap neem en het besluit om die kwessie by die VN te opper. Dulles het getwyfel dat so ’n stap iets sou bereik. Dit sou emosies eerder vererger. Aan die einde van September het Brittanje en Frankryk wel ’n formele klag by die Veiligheidsraad ingedien. Midde-in die gebeure by die VN het Eden ’n handgeskrewe brief aan Eisenhower gestuur waarop laasgenoemde onder andere die volgende in sy antwoord aan Eden gestel het:

> Truly, this is a rather forbidding letter, and it is scarcely couched in the terms which one would expect in a communication from one Head of Government to a another.[32]

Toe Brittanje en Frankryk aangedring het op ’n formele resolusie wat Nasser se nasionalisering sou veroordeel en nietig verklaar, het die SU sy veto gebruik. In nog ’n boodskap aan Eisenhower het Eden Sowjetbedreiging in die Midde-Ooste heelwat aangedik. Op 2 Oktober het Dulles tydens sy perskonferensie die gebruik van geweld ’n tweede keer sterk afgekeur. Teen die middel van Oktober was dit vir die Britte en Franse duidelik dat wat hulle betref alle diplomatieke moontlikhede uitgeput was en die tyd aangebreek het om tot militêre aksie oor te gaan. Eden en Mollet was desperaat om op hul eie met militêre ingryping voort te gaan wat toe nog net ’n paar taktiese skuiwe vereis het. Die uiteinde was eenvoudig rampspoedig vir Brittanje en Frankryk, maar veral vir Eden.

## Brittanje en Frankryk gaan eensydig oor tot militêre optrede

Brittanje en Frankryk was in hul eie denke oortuig dat hulle genoegsame redes gehad het om oorlog te voer. Hulle moes egter ’n voorwendsel vir hul optrede kry. Om hulle van ’n onafwendbare ramp te probeer vrywaar, het hulle hul gehaas om Israel te betrek.[33] Met Israel se betrokkenheid het die Franse met ’n slenter vorendag gekom. Daarvolgens moes Israel vir Egipte binneval en na die Suezkanaalarea beweeg. Daarna sou Brittanje en Frankryk in die naam van vryheid van navigasie daarop aandring dat beide Egipte en Israel tot ’n afstand van 16 kilometers van die kanaal moes onttrek. Sou Egipte weier, wat ten volle verwag was, sou Brittanje en Frankryk die kanaalsone beset en Egiptiese teikens aanval. Hierdie ingewikkelde plan sou ’n week voor die presidentsverkiesing in die VSA, wat op 6 November 1956 sou plaasvind, in werking gestel word. Die Britte en Franse was albei bewus daarvan dat die VSA se standpunt van kritieke belang sou wees wanneer die VSA bewus sou word van hul invalsplanne. Om hierdie rede is die Anglo-Franse plan nie vooraf met die VSA bespreek nie en doelbewus vertraag om met die verkiesing saam te val.

Mev. Golda Meir, Israel se minister van buitelandse sake, het op 30 September op uitnodiging van die Franse verkennende gesprekke in Parys gevoer. Sy was vergesel van generaal Moshe Dayan, die stafhoof van Israel se weermag en Shimon Peres, die direkteur-generaal van die ministerie van verdediging. Die byeenkoms het egter geen definitiewe militêre planne geformuleer nie. Met die veronderstelling dat Israel aan die oorlog gaan deelneem, het Frankryk dadelik wapentuig na Israel verskeep. Op 14 Oktober het Franse verteenwoordigers die plan en die betrokkenheid van Israel aan Eden voorgelê. Ná die hoogs geheime vergadering wat daarna tussen 20 en 23 Oktober by ’n klein private villa in Sèvres, buite Parys, plaasgevind het, het die drie state die uiters geheime Sèvres-protokol onderteken. Binne enkele dae het Eden die aanvalsplan met sy binnekring, wat as die Egiptiese Komitee bekend gestaan het,

[32] Vexler (1970:54).
[33] Chou (2018:462).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

bespreek. Die volle inhoud van daardie protokol is nie bekend gemaak nie. Almal wat teenwoordig was, het begryp dat die protokol in totale geheimhouding gehou moes word.[34] Die plan is goedgekeur en later die middag het Eden in die Laerhuis die Brits-Franse ultimatum aangekondig. Hy het geensins na die Sèvres-protokol verwys nie. 'n Hewige debat het gevolg waartydens die opposisie Arbeidersparty hom heftig gekritiseer het oor die feit dat hy nie die Parlement geraadpleeg het nie. Tog het die Laerhuis hom ondersteun. Eden en sy binnekring het irrasioneel tydens die Suezkrisis opgetree wat 'n skeuring in die alliansie geskep en ook struweling in die regering op die hoogste vlak veroorsaak het. Die volle kabinet was nooit werklik ingelig nie, en daardie komitee se versuim om vinnig en beslissend op te tree saam met buitensporige geheimhouding het nie net gelei tot die verlies van die VSA as 'n potensiële bondgenoot nie, maar ook in die afname van openbare steun in Brittanje vir militêre optrede.

Op 29 Oktober het Israel die Sinai binnegeval. Die volgende dag nog voordat Israeliese troepe die vooraf beplande teikenarea bereik het, het Brittanje en Frankryk geëis dat beide kante aan die kanaalgebied moes onttrek. Op 31 Oktober het Brittanje en Frankryk aangekondig dat hulle gaan ingryp. Met die aanvang van gevegte het gesinkte skepe die kanaal versper. Saboteurs het boonop 'n groot oliepypleiding beskadig wat Brittanje van noodsaaklike olievoorrade ontneem het. Toe dit duidelik word dat daar militêre samespanning tussen Israeliese en Anglo-Franse magte was, was daar internasionale veroordeling van die veldtog en die imperiale aard daarvan. Die "Tripartite Aggression," soos dit in die Arabiese wêreld bekend gestaan het, het plaasgevind in omstandighede wat min mense 'n paar maande vantevore kon verwag het en met resultate wat nog minder mense toe kon voorsien het. Dit was eers toe die sameswering tussen Brittanje en Frankryk aan die lig gekom het dat Israel daarvan beskuldig is dat hulle 'n daad van aggressie teen Egipte gepleeg het. Aanvanklik is Israel se optrede as 'n skending van die wapenstilstandsooreenkoms van 1949 gekritiseer. In Pakistan het 300 000 mense in Lahore betoog om solidariteit met Egipte te toon terwyl in Karatsji 'n gepeupel wat anti-Britse slagspreuke gesing het die gebou afgebrand het wat die Britse konsulaat gehuisves het.[35] Nehru het die militêre optrede as naakte aggressie veroordeel.[36] In Sirië het die regering die Kirkuk-Baniyas-pypleiding, wat een van die hoofroetes was vir die aflewering van Irakse olie,[37] opgeblaas om Irak te straf vir die ondersteuning van die inval en om olievoorrade aan Brittanje af te sny. Later het Saoedi-Arabië 'n olie-embargo teen Brittanje en Frankryk ingestel.[38] Ander NAVO-lede het geweier om olie wat hulle van Arabiese bronne ontvang het aan Brittanje of Frankryk te voorsien.

Waarop nie een van die drie regerings bedag was nie, was die VSA se reaksie. Eisenhower was hewig ontsteld. 'n Dag ná Israel se aanvanklike aanval het die VSA 'n sterk bewoorde resolusie in die Veiligheidsraad ingedien wat die gewapende magte van Israel beveel het om onmiddellik te onttrek tot agter die gevestigde wapenstilstandlyne. Geen eis is gestel oor Egiptiese terrorisme of om die onwettige Arabiese blokkade van die Golf van Akaba te veroordeel nie. Eisenhower het Brittanje en Frankryk dieselfde dag in 'n televisietoespraak heftig veroordeel en hulle erg verkwalik dat die VSA op geen wyse oor enige fase van hul aksies geraadpleeg of vooraf daaroor ingelig is nie. Hy het die VSA se volle diplomatieke gewig teen hulle aangewend:

34 Lahav (2015:1312, 1322).
35 Pike (2009:303).
36 Eayrs (1964:249).
37 Turner (2006:328).
38 Lacey (1981:314).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

> There can be no peace – without law. And there can be no law – if we were to invoke one code of international conduct for those who oppose us – and another for our friends.

Voorts het hy ook gewaarsku:

> We are forced to doubt that resort to force and war will for long serve the permanent interest of the attacking nations.[39]

Dit was die eerste keer dat die VSA saam met die Sowjetunie teen sy naaste bondgenote gestem het. In 'n radiorede het Eisenhower verklaar dat hy, in die lig van verwagte Britse en Franse veto's in die Veiligheidsraad, sy saak na die Algemene Vergadering sou neem waar hul vetoreg nie geld nie.[40] Op 2 November het die Algemene Vergadering met 'n oorweldigende meerderheid 'n einde aan die vyandelikhede geëis. Daarna is 'n selfs sterker resolusie aanvaar om 'n VN-vredesmag vir die kanaalarea te stig. Op 5 November het Brittanje en Frankryk aangekondig dat hul troepe onttrek sou word sodra die VN die vredesmag (UNEF, "United Nation Emergency Force") in Egipte ontplooi het. Vanuit 'n volkeregtelike perspektief, was die Suezkrisis een van die eerste groot toetse van die VN se regstelsel want ná die mislukking van die Volkerebond was die VN se posisie in wêreldpolitiek nie 'n gegewe nie.

Die ooglopende breuk tussen die VSA en sy bondgenote het die SU in staat gestel om hom as Egipte se beskermer voor te doen. Op 5 November het Nikolai Bulganin, die SU se eerste minister onder Khrushchev, briewe aan beide Eden en Eisenhower gestuur. In Eden s'n het hy dit onomwonde gestel dat die SU aksie sou neem teen enige aggressor in Egipte. Aan Eisenhower het hy gesamentlike Sowjet-Amerikaanse militêre optrede voorgestel in 'n poging om 'n einde aan die vyandelikhede te maak. Hy het onheilspellend ook verder verklaar dat indien die oorlog nie beëindig word nie, rekening gehou moes word met die gevaar van 'n moontlike Derde Wêreldoorlog. Daardie dreigement van die SU het die buitengewone bravade bevat wat later die kenmerk van Khrushchev se diplomasie sou word. Sowjet-troepe was juis op daardie presiese tydstip besig om vryheidsvegters in Hongarye wreed te onderdruk. Nou het die SU die lot van beweerde slagoffers van Westerse imperialisme betreur.[41] Eisenhower het die Suezkrisis as 'n onnodige afleiding van die SU se brutale onderdrukking van die opstand in Hongarye beskou en met verontwaardiging gesamentlike militêre optrede met die SU summier verwerp. Sy waarskuwing dat die VSA enige eensydige Sowjet- militêre betrokkenheid sou teenstaan, het druk op Brittanje en Frankryk ongetwyfeld laat toeneem. Die dreigemente wat Bulganin teen die Anglo-Franse alliansie gemaak het en deur Eisenhower verwerp is, was die hooffaktore wat 'n einde aan die Anglo-Franse opmars gebring het. Eisenhower het hom beywer om op 6 November as president herkies te word, en is toe vir 'n tweede termyn verkies met Richard Nixon weer as sy vise-president.

Die Suezkrisis het nie soseer geëindig nie, maar eerder net minder hoofopskrifte gehaal. Teen die begin van April 1957 was die kanaal heeltemal onder Egiptiese beheer en weer vir skeepvaart oopgestel. Een maand later het Brittanje aangekondig dat Britse skepe toegelaat sou word om fooie aan die Egiptiese kanaalowerheid te betaal. Daarna het Westerse regerings hul poging voortgesit om een of ander vorm van internasionale beheer oor die waterweg af te dwing. Nasser het egter al sulke pogings verwerp totdat Brittanje, Frankryk en die VSA aan

---

39 Eisenhower Papers (1956:7064).

40 Hierdie proses wat as "Uniting for Peace" bekend geword het, word verder in die vierde artikel bespreek. So onlangs as 3 Maart en 14 November 2022 is hierdie proses aangewend om Rusland oor Oekraïne te veroordeel.

41 Kissinger (1994:543).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

die einde van 1957 die nutteloosheid van hul pogings erken het en Nasser se volledige beheer oor die kanaal aanvaar het. Ekonomiese diplomasie het hier die verloop van gebeure bepaal.[42]

## Impak op Brittanje

Die nagevolge van die Suezfiasko was oorweldigend vir Brittanje. Macmillan het sy kabinetskollegas gewaarsku dat 'n werklike gevaar bestaan dat die Britse pond gedevalueer sou moes word. Die Bank van Engeland het tussen 30 Oktober en 2 November $45 miljoen verloor. Die moontlikheid van 'n Arabiese olie-embargo het ook gedreig te midde van die olietoevoer wat as gevolg van die sluiting van die kanaal ontwrig is. Meer as tweederdes van Wes-Europa se olie is deur die strategiese Suezkanaal vervoer wat nou geblokkeer was.

Afgesien van beduidende negatiewe gevolge vir die ekonomie wat reeds in 'n groef vasgevang was, is Brittanje ook met 'n groeiende finansiële krisis gekonfronteer. Marksentiment het teen die geldeenheid gedraai en Brittanje se dollarreserwes het aangehou om te daal en die pond het vinnig gedepresieer. Britse owerhede het die bedreiging van markspekulasie totaal onderskat. Met Brittanje se goudreserwes wat in die eerste week van November 1956 met 100 miljoen Britse pond gedaal het, het Macmillan gevrees dat "withdrawals and sales of pound sterling were threatening disaster to the whole British economic position".[43] Op 5 November 1956 het die pond gesteier en kommerwekkende afmetings aangeneem.[44] Teen Desember 1956 was 'n gedwonge devaluasie 'n baie sterk moontlikheid. Teen daardie tyd het die Suid-Afrikaanse Reserwebank reeds $42,7 miljoen in goud aan Brittanje beskikbaar gestel.[45] In hierdie verband het Thula Simpson na hierdie interessante feit verwys:

> [d]ocuments considered by the British Cabinet in 1960 estimated that over £200m worth of South African gold was marketed annually in London, thereby supporting sterling.[46]

Brittanje is geforseer om aansoek vir 'n lening van $1300 miljoen by die Internasionale Monitêre Fonds (IMF) te doen. Hulp aan Brittanje was egter problematies. Dit was duidelik dat Brittanje nie op daardie stadium vir bystand deur die IMF gekwalifiseer het nie. Ten spyte van die VSA se teenkanting teen Europese militêre optrede het Macmillan gehoop om voort te bou op Brittanje en sy eie persoonlike verhouding met die VSA en daarmee vir Washington te oorreed om te help om die pond te ondersteun. In sy pleidooi om steun van die VSA het hy geredeneer dat 'n versuim om die Britse geldeenheid te ondersteun katastrofiese politieke gevolge sou hê, insluitende 'n triomf vir internasionale kommunisme. Eisenhower het dit aan sy kabinet duidelik gestel dat die VSA niks sou doen om Brittanje se geldeenheid te ondersteun totdat Brittanje en Frankryk hul magte uit Egipte onttrek het nie. Die VSA het voortgegaan om likwiditeit aan Brittanje te weier totdat Britse troepe ten volle uit Egipte onttrek het. Die laaste troepe het op 23 Desember 1956 vertrek.

---

42 Kunz (1991).
43 Feis (1960:611).
44 Aldrich (1967:547).
45 Klug en Smith (1991:26), voetnoot 18. Peter Henshaw het hierdie opmerking gemaak:
The flow of South African gold to the London market facilitated the Bank of England's international operations (especially its management of sterling's value) and helped to sustain both the image of the City of London as the world's pre-eminent financial centre and confidence in sterling as an international currency.
Henshaw (1996:203).
46 Simpson (2020:209).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

In Brittanje het die krisis ’n massiewe politieke polemiek veroorsaak en ’n ekonomiese krisis tot gevolg gehad. Brittanje se toegang tot brandstof en olie was beperk en tekorte het ontstaan. Petrolrantsoenering wat in Desember 1956 ingestel is, het tot Mei 1957 geduur. Die Konserwatiewe regering het beduidende vyandigheid van die Arbeiders-opposisie in die gesig gestaar en het selfs verdeeldheid en meningsverskille in eie geledere ervaar. Ingryping in Suez was aanvanklik gewild onder die Britse publiek, maar ná die vernedering wat die konflik veroorsaak het, het die regering vinnig steun verloor. Landwye anti-oorlogbetogings is gehou en verskeie staatsamptenare het uit protes bedank. In die Laerhuis is Eden gekasty.

Eden se doelbewuste versuim om die Statebond te raadpleeg oor die besluit om Egipte binne te val, was ’n afwyking van die beginsel en praktyk van Statebondvennootskap.[47] In die Statebond het hy min steun geniet. Toe die VSA vir Eden nog boonop in die steek gelaat het, het hy besef dat die skrif aan die muur was. Op 6 November, wat ook verkiesingsdag vir Eisenhower was, het Eden die wapenstilstand aangekondig wat die volgende dag van krag sou word. Britse en Franse magte was vir minder as 48 uur aktief betrokke. Eden het egter nog vir ’n paar weke met sy uitdagende houding volhard. Op 17 November het hy verklaar dat Brittanje geen verskonings vir sy optrede teen Egipte sou maak nie. Op 20 Desember is Eden in die Laerhuis ondervra of hy ooit vooraf kennis gedra het van Israel se aanval wat die Britse en Franse een voorafgegaan het. Eden het enige sodanige kennis ontken. Hy het die Huis duidelik mislei oor wat hy eintlik geweet het en hoe die Sèvres-protokol presies in die prentjie gepas het. Sy verkeerde berekening van die VSA se reaksie op die aanval op Egipte en sy hardkoppige hantering van die krisis daarna was skadelik vir Brittanje se reputasie en noodlottig vir sy loopbaan. Op 8 Januarie 1957 het hy sy kabinet vir die laaste keer toegespreek. Die rede vir sy bedanking was toenemende swak gesondheid.

> One of the many fascinating questions of the Suez crisis is to what extent Eden’s handling of the situation was influenced both by his past surgery and by the sedatives and stimulants that he was taking…. If Eden had been fit and well, he would have realized that such a course [militêre optrede] contained the seeds of its own destruction. … Eden’s illness and his treatment got to him in ways that did affect his judgement and decision-making. … A fit and well Anthony Eden would not have made all of those mistakes.[48]

Hy was vir minder as twee jaar eerste minister. Anthony Nutting[49] wat as minister van buitelandse sake uit protes in 1956 oor die hantering van die Suezkrisis bedank het, het die volgende oor die verwese Eden opgemerk:

> He possessed … a great “capacity for self-deception”, which allowed him to see what he wished to see. He was blind to how seriously the western position in the Arab world had deteriorated, and utterly failed to understand that British aspirations in the Middle East were irreconcilable with Arab demands for independence and national dignity. His Middle East diplomacy reflected “the illusions of a passing age”.[50]

Die Suezkrisis was waarskynlik een van die belangrikste episodes in die Britse geskiedenis ná 1945. George Peden het die omvang daarvan opgesom as synde “one of the most dramatic

47 Peden (2012:13).
48 Lord Owen (2005:387, 395 en 401).
49 Gedurende sy ampstermyn as minister van buitelandse sake het hy eers gepoog om ’n vreedsame skikking vir die krisis te beding voordat hy onwillig gehelp het om Eden se opdrag uit te voer om die samesweringplan met Frankryk en Israel te onderhandel as ’n voorspel tot militêre optrede.
50 Hathaway (1994:362).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

episodes in British history".[51] Die krisis was die keerpunt vir Brittanje in vele opsigte – iets wat sy dalende status as 'n tweederangse wêreldmoondheid bevestig het. Die resultate, vir Brittanje sowel as vir Eden, was in gelyke mate rampspoedig. Die Britte is van alle pretensies gestroop om steeds as 'n wêreldmoondheid erken te word.

> When the crisis was over, when the abscess had burst, the world was a different place. But, of all the nations involved, Great Britain was affected most immediately, most dramatically. For although Britain's economic and military strength had long been trickling away, Anthony Eden's Suez policy and its mortifying aftermath made it apparent to everyone there and to most people everywhere that Britain could no longer exercise power on a global scale. Sixty years after Queen Victoria's Jubilee, the lion roared for the last time.[52]

Hierdie ekspedisie is uit frustrasie en desperaatheid gebore en op ondeurdagte en amateuragtige wyse pateties sonder 'n duidelike politieke doelwit uitgevoer om politieke realiteite, internasionaal en binnelands, enigsins te kwantifiseer. Omdat dit persoonlikheidgedrewe was om van Nasser ontslae te raak, was dit verder nie vreemd dat dit tot mislukking gedoem was nie.

> The expected Anglo-French invasion did not materialize, and the anti-government protests that opposition members had hoped would erupt following an international move did not occur, as world support started to pour out for the Egyptian president.[53]

George Kennan was vol kritiek oor die betrokkenes aan albei kante:

> We [die VSA] bear a heavy measure of responsibility for the desperation which has driven the French and British Governments to this ill-conceived and pathetic action."[54]

Die politieke en sielkundige impak van die krisis het 'n fundamentele uitwerking op die Britse politiek gehad. Eden se opvolger, Macmillan, het die proses van dekolonisasie aansienlik versnel en probeer om die welwillendheid van die VSA te herwin sodat Brittanje se verhoudinge nie blywende skade moes ly nie. Ibrahim Saad som die impak van die krisis soos volg op:

> The awakening of Arab nationalism, the creation of Israel with Western support, and social and economic disaffection were active forces undermining Western influence. Egypt's revolution of 1952 and the rise to power of Nasser were crucial turning points in accelerating this new trend. The other revolutions in Iraq (1958), Algeria (1954-62), Yemen (1962), Sudan (1969), and Libya (1969) reinforced the trend. Meanwhile the Soviet Union has been systematically increasing its influence by offering massive economic aid (e.g., the Aswan Dam) and arms; by showing greater empathy with Arab national aspirations; and by taking advantage of Western mistakes.[55]

Met twee van die belangrikste lesse wat Brittanje uit die krisis geleer het – die belangrikheid van die spesiale verhouding met die VSA en die sterkte van wêreldmening – was die Britte daarna op soek na 'n nuwe rol in die wêreld. In daardie proses het Brittanje met 'n gebrek aan morele gesag en materiële swakheid sy rug op sy Ryk begin draai.

---

51 Peden (2012:22).
52 Cooper (1978:281-282).
53 Crowcroft (2016:278).
54 Soos aangehaal deur Kyle (2003:426).
55 Ibrahim (1972:228).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

Binne vier jaar onder die bewind van Macmillan het Brittanje die postkoloniale era betree. In die ywer om Anglo-Amerikaanse betrekkinge te probeer herstel, het Brittanje begin om die koste van die koloniale Ryk te ontleed en 'n diepgaande verdedigingsoorsig onderneem. Hierdie prosesse het later gelei tot onder andere Macmillan se beleid van "winde van verandering" in Afrika.[56] Brittanje se sleutel- diplomatieke verhoudinge het onder druk gekom. Statebondslande was verdeeld in hul lojaliteit teenoor Brittanje en verhoudinge met kernlede het vertroebel. Net Australië het Brittanje ondersteun. Pakistan het gedreig om sy lidmaatskap te beëindig. Die Suezkrisis het duidelik getoon dat die finansiële en veiligheidsvlakke van Brittanje uiters swak was ten spyte van die maatreëls wat ná die Tweede Wêreldoorlog geneem is om hulle sterk te hou. Min steun is ondervind wanneer dit om die instandhouding van Britse en Franse kolonies in Afrika en Asië gegaan het. Brittanje het dit al hoe moeiliker en duurder gevind om sy oorblywende kolonies te beskerm en te behou op 'n tydstip wat die Tesourie toenemend gewaarsku het oor die effek van hoë verdedigingsuitgawes op die ekonomie. Om te verhoed dat hy in 'n duur stryd met plaaslike nasionalistiese bewegings vasgevang sou word, het Brittanje met onbehoorlike haas begin om uit die meeste van sy oorblywende kolonies te onttrek. Ghana se onafhanklikheidswording op 6 Maart 1957 was 'n direkte gevolg van die krisis en het 'n politieke voorbeeld vir meeste Afrikaleiers van daardie tyd gestel. Hierna het 'n mate van selfregering vir Kenia, Uganda en Tanganjika gevolg. Somalië en Nigerië het onafhanklikheid in 1960 gekry. Die mislukking van die inval en die optrede van beide die VSA en die SU het aan Afrika-nasionaliste regoor die vasteland gewys dat die internasionale mag van hul koloniale meesters na die twee nuwe supermoondhede verskuif het. Brittanje en Frankryk het aansienlike aansien en invloed verloor en, soos George Herring dit stel, "resented their humiliation at the hands of their ally". Toe nasionaliste regoor Afrika gesien het hoe Nasser Brittanje en Frankryk die stryd aangesê en gewen het, het hulle met groter vasberadenheid hul eie stryd vir onafhanklikheid aangepak. Die Suezkrisis was 'n teken vir nasionaliste in die Britse Ryk dat die uur van hul vryheid aangebreek het en vir die meeste leiers in koloniale Afrika was dit 'n katalisator. Vir Egipte en die SU het dit die gesamentlike doelwit geword om kolonialisme te verslaan. Nasser se staatsmanskap het 'n belangrike rol in die dekolonisasie van Afrika begin speel.

Beide Konserwatiewe en Arbeidersregerings was uiteindelik daartoe verbind om Brittanje se invloed in die Midde-Ooste vol te hou en Nasser se streeksambisies teen te werk, maar in die post-Suezera het die fundamentele wanopvatting van Brittanje se kapasiteit egter voortgeduur.[57] Wat Brittanje gehoop het om deur die optrede in November 1956 te voorkom, het eintlik daarin geslaag om dit te waarborg. Egipte het beheer oor die kanaal behou met die ondersteuning van die VN en die VSA. Egipte het die kanaal vir kommersiële skeepvaart in Maart 1957 heropen.

Gedurende Macmillan se premierskap (1957–1963) was daar voortdurend debatte oor Suez. Onthullings wat verskeie toonaangewende publikasies gemaak het, het substansie verleen aan die aanvanklike vermoedens oor Brittanje se geheime bande met Frankryk en Israel voor die aanvang van die oorlog. Ook dat ministers die Parlement doelbewus mislei het toe hulle voorafkennis van Israel se betrokkenheid heftig ontken het. Opeenvolgende regerings het telkens geweier om ondersoeke oor hierdie polities verdelende krisis toe te laat. Dit het Peter Beck die opmerking laat maak:

---

56 Hierdie aspekte word in die derde artikel verder toegelig.
57 Stockwell (2006:50).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

… strong opposition from successive British governments apparently seeking to protect the secrets of Suez, most notably those centred upon alleged British collusion with France and Israel, in a manner epitomizing Britain's "culture of secrecy."[58]

Die klad van Suez het aan Brittanje se naam bly kleef; binnelands, sowel as internasionaal.

## Suid-Afrika se houding

Suid-Afrika se eerste minister, Hans Strijdom, se reaksie op die besluit van Nasser om die kanaal te nasionaliseer was kort en kragtig:

I think we should keep our head out of that beehive.[59]

Die Suid-Afrikaanse regering het Nasser as 'n vyand beskou, maar om ekonomiese redes en geopolitiese oorwegings het Suid-Afrika wat by 'n geslote kanaal sou baat ook in hierdie geval die beginsel streng gehandhaaf om nóg by binnelandse aangeleenthede van ander lande betrokke te raak, nóg om oor hul beleidsbesluite kommentaar te lewer. Daarom was dit nie vreemd dat Suid-Afrika nie genooi is om die twee konferensies by te woon wat in Augustus en September 1956 in Londen gehou is nie. Suid-Afrika het ook nie versoek om die byeenkomste by te woon nie. Hierdie nie-deelname het vervolgens Suid-Afrika se neutraliteit in die twis oor die Suezkanaal onderstreep.[60] In die vierde artikel word aandag geskenk aan die gevolge van die kanaalsluiting vir Suid-Afrika in 1957 en ook weer in 1967.

## Impak van die gebeure op ander rolspelers

Die politieke dinamika van die Midde-Ooste het gevolglik net meer gekompliseerd geraak. Die SU se ingryping aan die kant van Egipte het sy vriendskapbande met Arabiese nasies ook versterk. Arabiese nasionaliste is bemoedig daardeur. Nasser het rebellegroepe wat onafhanklikheid van Brittanje gesoek het aktief ondersteun. Om sy Arabiese gehore te beïndruk en hul steun te behou, het Nasser sy aanvalle op gematigde regerings in die Midde-Ooste verskerp en hulle gevolglik ondermyn. Van hierdie lande se regerings het gevolglik toenemend radikaal geword. Binne vyf jaar het Egiptiese troepe Jemen ingeval in 'n vergeefse poging om die bestaande orde omver te werp. Aangesien die VSA uiteindelik die strategiese posisies geërf het wat Brittanje agtergelaat het, het Nasser die volle woede van sy radikalisme teen die VSA losgelaat; wat later in 1967 op 'n verbreking van diplomatieke betrekkinge uitgeloop het.

Onder die onverbonde lande het die VSA se invloed verswak. Dit was nie dat die meerderheid van daardie lande skielik vyandig teenoor die VSA gestaan het nie; net dat hulle die politieke hefboom wat Nasser vir hulle geskep het begin verstaan en toegepas het. Die meeste van hulle het eintlik nie eens die Suezkrisis begryp nie. Wat wel vir hulle belangrik was, was Nasser se suksesse om behendig supermoondhede teen mekaar af te speel. Dit het beslis bepaalde indrukke gelaat, veral sy radikalisme wat hy as noodsaaklik beskou het vir sy Pan-Arabiese ambisies waarvoor hy verplig gevoel het om in konstante konfrontasie met die VSA in die Midde-Ooste te bly. Hiermee het hy verseker dat hy 'n nog meer prominente streeks- en wêreldleier word, wat 'n beduidende rol sou speel in die Beweging van Onverbonde

58 Beck (2009:605).
59 *The Rand Daily Mail*, 28 Julie 1956.
60 Mohan (1961:13).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

Lande waarvan hy 'n medestigter was en wat hy in hierdie era van die Koue Oorlog verder help vorm het. Imperialisme het plek vir nasionalistiese bewegings gemaak. Nasser se triomf het 'n bron van inspirasie vir Arabiese Nasionaliste en vir rebelleleiers in koloniale Afrika geword.[61] Sy optrede teenoor Anglo-Franse imperialisme het 'n besliste invloed op ander Afrika- en Arabiese ontwikkelende state gehad wat gepoog het om onafhanklikheid te verkry.

Die VSA se versaking van sy twee naaste bondgenote het ook die kanselier van Wes-Duitsland, Konrad Adenauer, beïnvloed. Hy was 'n getroue vriend van die VSA in die naoorlogse Europa en het Dulles geweldig bewonder. Tog het hy die VSA se diplomasie tydens die Suezkrisis beskou as 'n potensiële voorloper van 'n soort wêreldwye ooreenkoms tussen die VSA en die SU waarvoor Europa uiteindelik die prys sou moes betaal. Hy was toevallig op 6 November 1956 in Parys, die dag toe Eden en Mollet onder die druk van die VSA geswig het. Volgens die Franse minister van buitelandse sake, Christian Pineau, het Adenauer die volgende opgemerk:

> France and England will never be powers comparable to the United States and the Soviet Union. Nor Germany, either. There remains to them only one way of playing a decisive role in the world; that is to unite to make Europe. England is not ripe for it but the affair of Suez will help to prepare her spirits for it. We have no time to waste: Europe will be your revenge.[62]

Hierdie stelling het Frans-Duitse samewerking gegrondves. Op 25 Maart 1957 het België, Frankryk, Italië, Luxemburg, Nederland en Wes-Duitsland die Verdrag van Rome onderteken wat ook as die verdrag ter stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) bekend staan. Hierdie verdrag het op 1 Januarie 1958 in werking getree. Dit is een van die twee belangrikste verdrae wat die huidige Europese Unie (EU) grondves. Terwyl Brittanje internasionaal geïsoleerd gestaan het, is dit tuis ontmoedig om nouer bande met Europa te smee. So het Brittanje aanvanklik van Europese eenheid weggedraai en die keuse vir permanente ondergeskiktheid aan die VSA se beleid en optredes gemaak. Later het Brittanje wel twee pogings (1963 en 1967) aangewend om by die Unie aan te sluit in die hoop om deels sy stagnante ekonomie reg te ruk, deels om die Frans-Duitse alliansie teen te werk. Sommige kommentators meen die nagevolge van die Suezkrisis was van die redes waarom De Gaulle so 'n hardnekkige anti-Britse standpunt gehandhaaf het, veral wanneer dit by Brittanje se aansoeke om lidmaatskap gekom het.[63] Lidmaatskap het egter eers op 1 Januarie 1973 'n werklikheid geword toe De Gaulle alreeds vier jaar vantevore uitgetree het. Ná die Brexit-referendum van 23 Junie 2016 het Brittanje die Unie op 31 Januarie 2020 verlaat.

Die mees negatiewe impak van die Suezkrisis was as gevolg van die betrokkenheid van die SU wat gretig was om invloed in die Midde-Ooste te verkry en reeds wapens en ammunisie aan die Egiptiese weermag verskaf het. Khrushchev het die optrede van die VSA as 'n swakheid eerder as die toepassing van verhewe beginsels beskou. Wat begin het as 'n voorlopige Tsjeggo-Slowaakse wapentransaksie met Egipte het ontaard in 'n groot Sowjet- strategiese deurbraak wat die Atlantiese Alliansie verdeel en veroorsaak het dat ontwikkelende lande hul meer en meer tot die SU gewend het om hul bedingingsmag teenoor die Weste te vergroot. Khrushchev was eufories. Die een konfrontasie na die ander het gevolg. Eers was dit die Berlynse krisis

---

61 In deel IV word die besoeke van Nelson Mandela bespreek wat hy tussen 1958 en 1960 aan Egipte en Algerië gebring het.

62 Kyle (2003:467).

63 Gharbawi (2021:22).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

van 1958–1959 oor die status van Wes-Berlyn. Daarna het die Berlynse Muur in 1961 gevolg. Dit het met die Kubaanse missielkrisis van 1962 geëindig.

Nadat Brittanje en Frankryk hul historiese rolle in die Midde-Ooste kwyt was, het die VSA besef dat verantwoordelikheid vir die magsbalans in daardie streek in die toekoms vierkantig op sy skouers sou rus. Op 26 November 1956 het die VSA tydens die beraad van die Bagdad-verdraglande wat die leiers van Irak, Iran, Pakistan en Turkye ingesluit het, verklaar:

> A threat to the territorial integrity or political independence of the members would be viewed by the United States with the utmost gravity.[64]

Soos wat die VSA dit hier gestel het, het hulle nou die rol oorgeneem om die lidstate van die Bagdad-verdrag te verdedig waarvoor Brittanje te swak geword het en te gediskrediteer was. Op 5 Januarie 1957 het Eisenhower in ’n boodskap aan die kongres goedkeuring versoek vir wat daarna bekend sou staan as die Eisenhower-doktrine. Dit het ’n drieledige program vir die Midde-Ooste behels met die klem op ekonomiese hulp, militêre bystand en beskerming teen kommunistiese aggressie.[65] In sy staatsrede (State of the Union) op 10 Januarie 1957 het Eisenhower selfs verder gegaan deur die VSA tot die verdediging van die hele vrye wêreld te verbind:

> First, America’s vital interests are worldwide, embracing both hemispheres and every continent. Second, we have community of interest with every nation in the free world. Third, interdependence of interests requires a decent respect for the rights and the peace of all peoples.[66]

Tussen 1945 en 1960 het ongeveer 40 nasies met 800 miljoen mense in opstand gekom teen hul koloniale meesters. Hierdie politieke aardbewing het die VN geskud. Sy oorspronklike 51 lede het toegeneem tot 82 lede in 1958 en 99 lede in 1960. Die VSA kon nie meer die steun van ’n meerderheid in die VN as gegewe aanvaar nie. ’n Groeiende gaping het ontstaan tussen die welvarende VSA en die arm, nuut opkomende wêreld. Die vraag waarmee die VSA se beleidmakers nou gekonfronteer was, is of die VSA wat wel oorloë kon wen, rewolusies kon wen. Dulles het gehoop om daardie probleem op te los – ten minste gedeeltelik – deur die nuwe state by alliansiestelsels in te sluit wat die VSA sou lei en grootliks sou befonds.[67] Die beweegrede vir die Eisenhower-doktrine was die VSA se vaste oortuiging dat die SU die begeerte gekoester het om die Midde-Ooste te beheer en enigiets sou doen om beheer in daardie area te verkry. Daarom het die Arabiese state die beskerming van die VSA benodig en die meeste van hulle het dit verlang. So was die VSA dus verplig om vryheidsliewende state ekonomies en militêr te ondersteun ten einde hul onafhanklikheid te handhaaf, veral in die lig van dreigende kommunisme. Gevolglik het die VSA ná die krisis ’n meer dominante globale rol begin speel toe daar besluit is om die magsvakuum in die Midde-Ooste te vul wat deur Brittanje en Frankryk se agteruitgang gelaat is. Die krisis het sodoende ’n reeks onmiddellike en langtermyngevolge vir die VSA ingehou.

Die toenemende betrokkenheid van die VSA in die Midde-Ooste het verder die vrees laat ontstaan dat die SU die geleentheid ook sou aangryp om daardie magsvakuum te vul. Nasser het die Eisenhower-doktrine en die Bagdad-verdrag as wesentlike bedreigings vir sy posisie

---

64 Department of State (1956:918).
65 Eisenhower Papers (1957:6-16); Brew (2015:89).
66 Eisenhower Papers (1957:29).
67 Lafeber (1991:564).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

in die Arabiese wêreld beskou en om sy isolasie te bewerkstellig. Terwyl die doktrine amptelik daarop gemik was om die Midde-Ooste teen Sowjet-indringing te beskerm, was die onuitgesproke bedoeling daarmee om Nasser se Arabiese nasionalisme te beveg omdat Eisenhower die optredes van Nasser as bevorderlik vir Sowjet-ekspansionisme beskou het. Dus moes Nasser geïsoleer word en om gepaardgaande daarmee Nasserisme se aantrekkingskrag dwarsdeur die Arabiese wêreld teen te werk. Nasser was bevrees dat die VSA vir NAVO direk of met die implementering van die Eisenhower-doktrine teen hom sou aanwend. Om hierdie redes was hy angstig om sy posisie ook buite Egipte te konsolideer. Nasser het sy uiteindelike doelwit om hegemonie in Egipte se drie invloedsfere (Arabies, Afrikane en Islam) te bereik onveranderd en meedoënloos nagejaag. Hy het bloot gewag vir geskikte geleenthede om sy doelwitte na te streef. Binne ’n kort periode het hy van sy doelwitte in die Arabiese invloedsfeer begin bereik.

Op 14 Julie 1958 het Irakse offisiere wat Nasser bewonder het die swak Irakse koninkryk tot ’n val gebring. Eisenhower se vrees dat Libanon volgende sou wees, het daartoe gelei dat die VSA met min huiwering of voorbereiding 5 000 troepe na Libanon gestuur het om orde te handhaaf. In sy aankondiging hieroor het Eisenhower gesinspeel op die bedreiging wat Washington bekommer het, naamlik die groei van die politieke mag in die Arabiese wêreld as gevolg van Nasser en sy Arabiese nasionalisme. Hierdie troepe het Libanon uiteindelik in Oktober 1958 verlaat. Aangevuur deur die Suezkrisis het radikale werkers baie van Koeweit se oliebronne en pypleidings aan die brand gesteek. Sterk en vinnige optrede deur die Koeweitse veiligheidsmagte het verdere ernstige skade verhoed: 100 tydbomme is ontdek wat die sjeikdom se pypleidings sou opblaas. Nasser het stelselmatig sy eie posisie gekonsolideer; sy land se invloed in die Midde-Ooste verhoog; en die verspreiding van radikalisme in die streek aangewakker, veral in state met onstabiele regerings soos, Irak, Jordanië, Libanon en Sirië. Die Verenigde Arabiese Republiek wat Egipte en Sirië in Februarie 1958 gevorm het, was ’n verdere triomf vir Nasser. Hiermee het hy sy stempel van Arabiese nasionalisme en daarmee saam sy meerderwaardigheid op die Arabiese wêreld bepaald afgedruk. Die Arabiese politieke bestel het ’n nuwe gedaante aangeneem. Die Egiptiese nasionalisme wat eers onderskat is, het wyd veld in die Arabiese wêreld gewen.

> The force of Egyptian nationalism was weighed by British officials at the time, as they debated whether military action could result in successful “regime change” in the Egypt of 1956.[68]

Suez en hierdie gebeure het die wêreld gewys dat die lont van olie en politiek in die Midde-Ooste elkeen op hul eie baie kort kon wees, wat nog te sê as die twee saamgevoeg sou word. Ook dat die Midde-Ooste reeds aansienlik sedert die Suezkrisis verander het in een wat ’n baie minder vriendelike houding teenoor die VSA ingeneem het.[69] In 1980 het Nixon in een van sy boeke die volgende gestel:

> Far more than the canal was lost. This humiliating defeat in Suez had a devastating effect on the willingness of Britain and France to play a major role not only in the Mideast but in other areas of the world as well. The U.S. action, rather than winning Nasser’s friendship, gained his contempt and increased his hostility toward Israel, other Arab countries, and the United States itself.[70]

68 Crowcroft (2016:257).
69 Lafeber (1994:565-566).
70 Nixon (1980:79).

Later het Kissinger die situasie waarin die VSA hom bevind het soos volg verwoord:

> … America would be grappling with it all alone in Vietnam, most of its allies having dissociated from it by invoking many an argument from the days of Suez as scripted by America itself.[71]

**Impak op Israel**

Israel se weermag het met vertroue uit die veldtog getree. Die oorlog het getoon dat Israel in staat was om grootskaalse militêre maneuvers uit te voer. Die oorlog het ook tasbare voordele vir Israel ingehou. Ingevolge die Sèvres-protokol het Frankryk in uiters geheime omstandighede skynbaar dele van sy eie kernkragtegnologie aan Israel oorgedra. Die Straat van Tiran, wat sedert 1951 deur Egipte vir skeepsverkeer van Israel gesluit was, het vir Israeliese skeepvaart heropen sodat verkeer vrylik daardeur na en van Afrika en Asië kon beweeg. Die Israeli's het ook die teenwoordigheid van VN-vredesmagte in Sinai verseker en die politieke vernedering vrygespring wat Brittanje en Frankryk getref het ná hul vinnige, gedwonge onttrekking**.** In die sewe jaar wat gevolg het, het Israel nog meer paraat geword vir die oorlog in 1967 wat gelei het tot die sluiting van die Suezkanaal vir etlike jare daarna.

**Aspekte van Nasser se binnelandse en buitelandse beleid**

Binnelandse politiek in Egipte was 'n groot dryfveer in Nasser se optrede om die kanaal te nasionaliseer. Hy het verskeie binnelandse beleidsprestasies behaal met infrastruktuurprojekte wat gehelp het om Egipte te moderniseer en lewenstandaarde te verbeter, soos veral met die bou van die Aswandam en die elektrifisering van dorpe. Hy het ook rewolusionêre hervormings aan die feodale landboustelsel teweeggebring en uiters gewilde sosialistiese beleidsmaatreëls geïmplementeer wat Egipte se gevoel van selfvertroue en ere herstel en die grondslag vir die moderne Egipte gelê het. Sy binnelandse beleid het 'n beduidende impak op die Egiptiese ekonomie gehad. Op die gebied van buitelandse beleid het hy vele prestasies gehad en het hy behendig veranderinge in die internasionale magsbalans uitgebuit om 'n reeks beduidende nasionalistiese doelwitte te bereik. Maar, sy buitelandse beleid het toenemende koste gehad en sy pogings om Egiptiese invloed te projekteer, het die land se hulpbronne uitgeput. Oor die algemeen het Nasser se buitelandse beleid beide suksesse en uitdagings gehad.[72] So was sy suksesvolle poging om Jordanië te verhoed om by die Bagdad-verdrag aan te sluit 'n voorbeeld van sy pragmatiese diplomatieke strategie.

> Although Abdul Nasser was a product of the decolonization period, and as such he had a latent disposition towards neutrality, he was nevertheless a pragmatic leader willing to cooperate tacitly with the West so long as this cooperation was based on his own terms.[73]

Sy suksesse met die hantering van buitelandse aangeleenthede het die tekortkomings oorskadu wat daar in binnelandse aangeleenthede voorgekom het.

---

71 Kissinger (1994:549).
72 Crowcroft (2016: 260).
73 Podeh (1996:159).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

## Slot

Op 26 Julie 1956 het die Britse Ryk met die nasionalisering van die Suezkanaal ’n knou gekry waarvan dit nooit weer sou herstel nie. Dit was ’n noodlottige dag vir Brittanje as ’n wêreldmoondheid met die verlies van een van die juwele in Brittanje se imperiale portefeulje. Die Suezoorlog wat drie maande later gevolg het, word algemeen beskou as een van die grootste flaters in moderne internasionale betrekkinge – nie net die uitvoering van die militêre invalsplan nie, maar bepaald ook die vooraf-beplanning en veral Brittanje se uitsluiting van die VSA in die proses. Daar word dikwels na die Suezkanaalkrisis verwys as ’n deurslaggewende oomblik in die geskiedenis van internasionale betrekkinge: dit het amptelik die einde van Britse en Franse kolonialisme en oorheersing beteken en het verdere momentum aan die Beweging van die Onverbonde Lande en dekolonisasie gegee. Die onvermoë van Brittanje om die steun van die VSA ná die mislukte inval te kry, het Brittanje letterlik op ’n eiland van ellende gelaat. Die Suezkrisis het wêreldwye vernedering vir Brittanje besorg en sy nasionale trots verlaag. Brittanje was nie meer magtig nie. Ondersteuning van die VSA is benodig om sy verpligtinge na te kom. Oor Brittanje se agteruitgang as ’n groot moondheid stel Max Beloff dit soos volg:

> Britain, despite its possession of a nuclear weapon system, is not in a position to play a Great Power role and this is or should have been obvious at least since the Suez affairs of 1956.[74]

Gekombineerd met Brittanje se ekonomiese insinking en finansiële verknorsing, het die krisis en die gevolge daarvan ’n kernrol in die veranderinge in sy koloniale beleid gespeel, wat die proses van dekolonisasie laat toeneem het.[75] Nóg ’n gevolg van hierdie waterskeiding was dat dit die dekolonisasie-beweging in die VN aan die gang gesit het.[76] Kristoffer Rystad se gevolgtrekking was dat kolonisasie vinnig en sonder veel hindernisse ná die krisis toegeneem het. Die Midde-Ooste wat oor dekades heen ontevrede met Westerse kolonialisme was, was nou nie net ryp vir kommunistiese uitbuiting nie, maar Arabiese nasionalisme het ’n omvang van sy eie aangeneem en het vinnig veld gewen met Arabiese state wat aanhoudend met woede teenoor hul voormalige koloniale heersers geagiteer het.[77]

Nasser se nasionaliseringsbesluit was nie ’n lukrake besluit nie. Dit was ’n doelbewuste strategiese stap met politieke dinamika wat nog nie voorheen ondervind is nie. Allermins deur Brittanje teen wie dit in die eerste plek gemik was om Britse gesag in Egipte te ondermyn en uiteindelik te beëindig. Verder het Nasser met sy sterk anti-Britse beleid Britse imperiale heerskappy in die Arabiese wêreld beveg. Hiervoor was sy pan-Arabiese retoriek baie effektief en aanloklik wat enorme impak op die politieke ontwikkeling van die Arabiese state gehad het. Die oorwinning van Nasser oor die aggressors was ’n deurslaggewende stimulasie vir regerings van die ander Arabiese state om die ideologie van pan-Arabisme te implementeer en so ook hul eie te maak. As gevolg hiervan het toenemende radikalisme meer en meer onstabiele politieke situasies tot gevolg gehad. In die Midde-Ooste het Suez Arabies-Israeliese antagonisme versterk en ’n nuwe streekorde onder Egiptiese beskerming ingelui wat Palestyne oortuig gelaat het dat hulle nie op enige van die ander Arabiese state kon staatmaak om ’n

74 Beoloff (1969:18).
75 Rystad (2018:iii).
76 *Ibid*., bl. 37.
77 Fowler (2017:38).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a2

tuisland vir hulle te bewerkstellig nie. Verskeie Palestynse groeperings het in 1964 onder die vaandel van die Palestynse Bevrydingsorganisasie wat Yasser Arafat later gelei het, verenig.

Kort nadat die kanaal heropen het, het oorlogskepe van die SU vir die eerste keer sedert die Eerste Wêreldoorlog die kanaal deurkruis. Die SU se ontluikende invloed in die Midde-Ooste het die verkryging van Mediterreense basisse, die bekendstelling van veeldoelige projekte en die ondersteuning van die groeiende Palestynse bevryding ingesluit. Meer en meer Arabiese lande is gepenetreer. Saam daarmee het Nasser homself die rol as die verdediger van die Palestyne se saak toegeëien.

Nasser se beleid en optredes het nie net Arabiese nasionalisme bevorder nie. Sy beweging was veel groter omdat dit ’n anti-Westerse, anti-imperialistiese, anti-koloniale en nieverbonde nasionalistiese beweging geword het. Hy het daarin geslaag om verskeie Arabiese lande te verenig om voortaan as ’n verenigde front op te tree. Nasserisme het neerslag in die volksmond gevind en mense se verbeelding aangegryp. In Egipte en dwarsdeur die hele Arabiese wêreld het Nasser ’n held geword wat deur miljoene mense verafgod is. Terwyl sy voorliefde vir anti-Westerse retoriek hom ’n verdagte figuur in die VSA en Europa gemaak het, was die een wat as die uiteindelike wenner uit die hele krisis getree het, ongetwyfeld Nasser. Hy het die besluit om die Suezkanaal te nasionaliseer behendig uitgevoer en sy politieke doelwit daarmee verwesentlik om die laaste oorblyfsels van Britse imperiale teenwoordigheid uit Egipte te verwyder. Die Suezkrisis het sy statuur in die Arabiese wêreld onmeetbaar verhoog en hom daarmee as die onbetwiste leier van die Arabiese state na vore laat tree. Sy impak op die internasionale toneel vibreer vir nog baie dekades daarna.

Die Suezkanaalkrisis kan nie as ’n geïsoleerde gebeurtenis in politieke geskiedenis beskou word nie. Die belangrikheid van interaksie tussen die streeks- en internasionale dimensies van die krisis is beklemtoon. Verder het die krisis gehelp om ’n veranderende wêreld in die middel van die 20ste eeu te verstaan wat dekolonisasie, nasionalisme en die Koue Oorlog hervorm het.

Die gevolge van die krisis het blywend gebly. Die verband daarmee en die huidige konflik tussen Israel en Hamas – na laasgenoemde se terreuraanvalle teen Israel op 7 Oktober 2023 en Israel se onmiddellike en onverbiddelike militêre optrede in Gaza – kan nie onderskat word nie. Ná die Suezkrisis en met die Eisenhower-doktrine het die VSA die Midde-Ooste toenemend as ’n streek van beduidende betekenis hanteer. Opeenvolgende administrasies het omvattende doelwitte nagestreef wat onderling gekoppel was ten einde strategiese doelwitte te bereik. In daardie proses is gepoog om die Israeli-Palestynse kwessie aan te spreek. Ondersteuning van Israel het terselfdertyd ferm gebly met die onwrikbare erkenning van Israel se reg tot selfverdediging terwyl groter streekstabiliteit bepleit is.

Die Suezkrisis het 67 jaar gelede as ’n buitelandse beleidkwessie skokgolwe deur die binnelandse bestel en -politiek van menige lande, veral die VSA, Brittanje en Frankryk, gestuur. Die huidige gebeure in die Midde-Ooste het ’n fel, indien nie nog feller nie, impak op baie lande waar hierdie buitelandse aangeleentheid nou hoog op die agenda is weens die hewige reaksie en polemiek wat dit intern in elke land ontlok.

## BIBLIOGRAFIE

### Boeke en Artikels

Aldrich, Winthrop. 1967. The Suez Crisis: A Footnote to History, *Foreign Affairs,* 45(3):541-552.

Beck, Peter. 2009. ‘The Less Said about Suez the Better’: British Governments and the Politics of Suez’s History, 1956–67, *The English Historical Review*, CXXIV:508, 605-640.

Beoloff, Max. 1969. *The future of British foreign policy*. New York: Taplinger Pub. Co.

Bernard, Jean-Yves. 2009. Disregarding the Atlantic 'Special Relationship': The Eden Cabinet in the Lead-up to the Invasion of the Suez Canal Zone, *Canadian Journal of History*, 44(1):39-61.

Brew, Gregory. 2015. "Our Most Dependable Allies": Iraq, Saudi Arabia, and the Eisenhower Doctrine, 1956–1958. *Mediterranean Quarterly*, 26(4):89-109.

Chou, Shih-Yu. 2018. Constructing National Interests: Narrating the Suez Crisis, *International Critical Thought*, 8(3):453-467.

Cooper, Chester. 1978. *The Lion's Last Roar: Suez, 1956*. New York: Harper & Row.

Crowcroft, Barnaby. 2016. Egypt's other nationalists and the Suez crisis of 1956, *Historical Journal*, 59(1):253-285.

Eksteen, Riaan. 2023. Historiese perspektief: Redes vir en gevolge van die betrokkenheid van Groot Moondhede in die Suezkanaal (Egipte), in besonder voor 1956, (Deel I). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):420-451.

Eayrs, James. 1964. *The Commonwealth and Suez: A Documentary Survey. Selected, edited, and with commentaries*. London: Oxford University Press.

Feis, Herbert. 1960. Suez Scenario: A Lamentable Tale, *Foreign Affairs*, 38(4):598-612.

Fowler, Randall. 2017. Lion's Last Roar, Eagle's First Flight: Eisenhower and the Suez Crisis of 1956, *Rhetoric and Public Affairs*, 20(1):33-68.

Gharbawi, Ayad. 2021. Nasser, Eden, and Suez 1956 and the Moral Victor Is. (<https://www.academia.edu/45102469/Nasser_Eden_and_Suez_1956_and_the_Moral_Victor_Is>).

Hathaway, Robert. 1994. Suez, The Perfect Failure: A Review Essay, *Political Science Quarterly*, 109(2):361-366.

Henshaw, Peter. 1996. Britain, South Africa and the sterling area: Gold production, capital investment and agricultural markets 1931–1961, *The Historical Journal*, 39(1):197-223.

Herring, George. 2008. *From Colony to Superpower: U.S. Foreign Relations since 1776*. New York: Oxford University Press.

Ibrahim, Saad. 1972. Arab Images of the United States and the Soviet Union before and after the June War of 1967, *Journal of Conflict Resolution*, 16(2):227-240.

Kissinger, Henry. 1994. *Diplomacy*. New York: Simon & Schuster.

Kissinger, Henry. 1979. *White House Years*. Boston: Little, Brown & Company.

Klug, Adam & Gregor Smith. 1991. Suez and Sterling, 1956. *Queen's Economics Department Working Paper No. 1256,* Kingston, Ontario: Queens University.

Kunz, Diane. 1991. *The Economic Diplomacy of the Suez Crisis*, Chapel Hill: University of North Carolina Press. (<https://www.jstor.org/stable/10.5149/9780807862698_kunz>)

Kyle, Keith. 2003. *Suez: Britain's End of Empire in the Middle East*. London: I.B. Tauris.

Lafeber, Walter. 1994. *The American Age: United States Foreign Policy at Home and Abroad*, *Vol. II – Since 1896*. New York: W.W. Norton & Company.

Lacey, Robert. 1981. *The Kingdom*. London: Hutchinson & Co.

Lahav, Pnina. 2015. The Suez Crisis of 1956 and Its Aftermath: A Comparative Study of Constitutions, Use of Force, Diplomacy and International Relations, *Boston University Law Review*, 95(4):1297-1354.

Lord Owen. 2005. The effect of Prime Minister Anthony Eden's illness on his decision-making during the Suez crisis, *Q J Med* 98:387-402.

Mansfield, Peter. 1976. *The Arab World: A Comprehensive History*. New York: Thomas Y. Crowell Company.

Mohan, Jitendra. 1961. South Africa and the Suez Crisis, *International Journal*, 16(4):327--357.

Nixon, Richard. 1980. *The Real War*. New York: Warner Books Inc.

Noble, Frankland. 1959. *Documents on International Affairs, 1956*. London: Oxford University Press.

Peden, George. 2012. Suez and Britain's Decline as a World Power, *Historical Journal*, 55(4):1073-1096.

Pike, Francis. 2009. *Empires at War*. London: I.B. Tauris.

Podeh, Elie. 1996. The Drift towards Neutrality: Egyptian Foreign Policy during the Early Nasserist Era, 1952-55, *Middle Eastern Studies*, 32(1):159-178.

Rostow, Walt. 1972. *The Diffusion of Power: An Essay in Recent History*. New York: The Macmillan Company.

Rystad, Kristoffer. 2018. *The Suez Crisis and British Colonial Policy: How the Suez Crisis accelerated the Decolonisation of the British Empire*. Norwegian University of Science and Technology. (<https://ntnuopen.ntnu.no/ntnu-xmlui/bitstream/handle/11250/2575112/Masteroppgave%20Rystad.pdf>)
Siegfried, Andre. 1953. The Suez: international Roadway, *Foreign Affairs*, 31(4):605-618.
Simpson, Thula. 2020. "The Commonwealth and Apartheid" In: Dubow, Saul en Drayton, Richard (eds). *Commonwealth History in the Twenty-First Century*. London: Palgrave Macmillan, pp. 207-228.
Smith, Simon. 2016. *Reassessing Suez 1956: New Perspectives on the Crisis and its Aftermath*. New York: Routledge.
Stephens, Robert. 1981. Makers of the Twentieth Century: Nasser, *History Today*, 31(2):17-21.
Stockwell, AJ. 2006. Suez and the Moral Bankruptcy of Empire, *History Today*, 56(11):48-50.
Supple, Dominic. 2017. Eisenhower Internationalism and Nasser Nationalism: The Suez Crisis Defining International Policy in Post-Colonial Egypt, *Dominican Scholar*, Los Angeles: University of California. 1-31. (<https://doi.org/10.33015/dominican.edu/2017.HIST.ST.01>)
Turner, Barry. 2006. *Suez 1956: The World's First War for Oil*. London: Hodder & Stoughton.
Vexler, Robert. 1970. *Dwight D. Eisenhower 1890–1969: Chronology-Documentation-Bibliographical Aids*. New York: Oceana Publications, Inc.
Yilmaz, Oğuzhan. Suez Crisis. 1-67 (ongedateerd). (<https://www.academia.edu/30879479/Suez_Crisis>)

***Eisenhower Papers, 1957***

*Special Message to the Congress on the Situation in the Middle East, 5 Januarie 1957*. (<https://www.presidency.ucsb.edu/documents/special-message-the-congress-the-situation-the-middle-east>)
*Annual Message to the Congress on the State of the Union*, 10 Januarie 1957. (<https://www.presidency.ucsb.edu/documents/annual-message-the-congress-the-state-the-union-9>)

***Minutes of the British Cabinet Meetings***

- 28 Februarie 1956: CAB/128/30/CM (56) 17.
- 27 Julie 1956: CAB/128/30/CM (56) 54.
- 14 Augustus 1956 CAB/128/30/CM (56) 59.
- 28 Augustus 1956 CAB/128/30/CM (56) 62.
- 11 September 1956 CAB/128/30/CM (56) 64.
- 26 September 1956 CAB/128/30/CM (56) 67.

## *Parliamentary Debates, House of Commons, Hansard*

*Session 1955-55*. 1956. 557. London: Herr Majesty's Stationery Office.

***US Department of State***

*Suez Crisis, July 26–December 31, 1956. XVI*. Washington, DC: US Government Printing Office.
US Support for Baghdad Pact, *Press Release 604*, 29 November 1956, XXXV: 911.

**Koerantberig**

"Keep out of the M.E. Beehive – Strijdom's advice on Trouble Spot," *The Rand Daily Mail,* 28 Julie 1956.
"Suez: British Govt. makes Decisions on Counter-moves," *The Rand Daily Mail*, 30 Julie 1956.

# Die Afrikaner-Broederbond en die totstandkoming van ’n onderhandelde skikking: ’n Histories en polities strategiese perspektief*

***The Afrikaner-Broederbond and the establishment of a negotiated settlement: An historic and politically strategic perspective***

**Jan Bosman**
Nagraads, Politieke Studies, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: janbosman@abond.co.za

**André Duvenhage**
Navorsingsprofessor, Departement Politieke Wetenskap, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: andre.duvenhage@nwu.ac.za


Jan Bosman


André Duvenhage

**Jan Bosman** verwerf ’n Magister Artium in Politieke Studies aan die Noordwes-Universiteit. Vir die verhandeling wat in 2022 voltooi is, het hy navorsing gedoen oor die rol van die Afrikaner-Broederbond in die totstandkoming van ’n onderhandelde skikking. Omdat die verhouding tussen die Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party so nou verweef was in daardie tyd, was die persepsie dat die Afrikaner-Broederbond onvoorwaardelik die onderhandelinge en die uitkomste aanvaar het. Die doel van die navorsing was om die spesifieke rol wat die Afrikaner-Broederbond binne die historiese verband van die 1980’s en 1990’s gespeel het, vanuit ’n historiese en stelselanalitiese perspektief, verder te ondersoek en te omskryf. Die navorsing is kwalitatief van aard en het primêr berus op ’n omvattende literatuurstudie en verskeie bronne in die argief van die Afrikaner-Broederbond is geraadpleeg. Jan Bosman is die hoofsekretaris van die Afrikanerbond.

**Jan Bosman** obtained a master’s degree in Political Studies at the North-West University. For the thesis completed in 2022, he researched the role of the Afrikaner-Broederbond in the establishment of a negotiated settlement. Because the relationship between the Afrikaner-Broederbond and the National Party was so closely entwined during that period, it was generally assumed that the Afrikaner-Broederbond had accepted the negotiations and outcomes unconditionally. The aim of the research was to further investigate and describe the specific role played by the Afrikaner-Broederbond from a historical context and system-analytical perspective. The research is of a qualitative nature and based primarily upon an extensive literature study and various sources in the archives of the Afrikaner-Broederbond were consulted. Jan Bosman is the chief secretary of the Afrikanerbond.

* Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns word opreg bedank vir die beskikbaarstelling van ’n beurs wat die navorser in staat gestel het om die navorsing te onderneem. Die Afrikanerbond word ook bedank vir die ruim bydrae tot studiegelde en wat tyd en argief beskikbaar gestel het vir navorsing.

**Datums:**
Ontvang: 2023-05-09 Goedgekeur: 2023-10-23 Gepubliseer: Desember 2023

| | |
|---|---|
| **André Duvenhage** is ’n Navorsingsprofessor aan die NWU; ’n politieke wetenskaplike, en hy spesialiseer in die veld van politieke verandering, toegepas op die Suid-Afrikaanse verband. Hy is ’n bekende in media- en joernalistieke kringe en word dikwels as politieke kommentator gehoor. Hy is reeds meer as 35 jaar verbonde aan akademiese instellings, soos die UVS en die NWU. Sy groot belangstelling is die toekoms en hy werk ook in die veld van scenario-ontledings. | **André Duvenhage** is a Research Professor at the NWU; a political scientist, and he specialises in the field of political change as applied to the South African context. He is well-known in media and journalistic circles, and is often heard as political commentator. He has been attached for more than 35 years to academic institutions like the UFS and the NWU. His major interest is the future and he also works in the field of scenario analysis. |




## ABSTRACT

***The Afrikaner-Broederbond and the establishment of a negotiated settlement: An historic and politically strategic perspective***

*The end of apartheid, coinciding with a negotiated settlement between political role players in the process of establishing the new South African political dispensation after 1994, is still widely regarded as a remarkable achievement. However, this process did not take place in a vacuum; other role players outside the political environment played a pertinent role in changing mindsets within the Afrikaner establishment, thereby ensuring a climate within which political reforms could take place. One of these role players was the* Afrikaner-Broederbond (AB). *The study highlights the role of this organisation from a historic perspective and is based on a systems-analytical model.*

*Since its establishment, the* Afrikaner-Broederbond *has been part of the political arena at various junctures. Initially established as a cultural organisation representing Afrikaner interests, it increasingly functioned as an Afrikaner think-tank for the National Party and, after the 1948 election, also for the National Party in government. By the 1980s and early 1990s, the organisation was, in fact, an integral part of the South African political system.*

*A political system is defined as the interaction through which values are authoritatively allocated to a community. Sometimes the demands on a system are of such a nature that they threaten the stability of the system, which was certainly the case in the 1980s.*

*When it became evident in 1985 that the National Party’s reform process was stagnating, the* Afrikaner-Broederbond *took the lead in influencing the Afrikaner mindset, thereby creating an environment within which the nature and extent of reform could gain momentum. During this period various policy documents were circulated. One of the more important, if not the most important, being the* Afrikaner-Broederbond’s *contribution titled* Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner / Basic Political Conditions for the Continued Survival of the Afrikaner, *which was distributed to branches in November 1986. This document undoubtedly signalled a division in ways of thinking about the political direction. With this, the Rubicon was crossed.*

*The* Afrikaner-Broederbond *perceived a formal role for itself in the political processes that constituted the journey towards a negotiated settlement. However, this role, as pointed out in the study, did not materialise, and the* Afrikaner-Broederbond *was in fact marginalised by the National Party and excluded from the settlement as well as the processes preceding it. For the purposes of this study, the* Afrikaner-Broederbond’s *formal participation, which started in 1986, finally came to an end with its support of the 1992 referendum. This support was conditional, however, and the research shows that there were expectations from businesses as*



doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

*well as from significant segments of especially Afrikaans voters involving a follow-up referendum with a view to testing the white population's support for, and opinion of, a new constitutional dispensation resulting from the negotiated settlement.*

*The research findings also indicate that the* Afrikaner-Broederbond *simply helped to create a more conducive climate for the Afrikaner establishment to dispose with apartheid by means of comprehensive political proposals. These proposals and preceding interactions with the ANC also helped to create a more encompassing political climate within which a negotiated settlement could be achieved. However, the* Afrikaner-Broederbond*, while helping to develop proposals to ensure certain conditions pertaining to the Afrikaner, was not itself officially involved in the negotiations and therefore had to depend on the National Party to represent Afrikaner interests. The research points out that some of the conditions for safeguarding specific Afrikaner interests, as proposed in 1986, were also abandoned during the negotiations. For a long time, there had been a particularly close relationship between the National Party and the* Afrikaner-Broederbond*. During the critical period of negotiations, the National Party, however, preferred to take sole responsibility for the negotiation process, refraining from officially involving expert role players from the Afrikaner establishment, or interest groups such as the* Afrikaner-Broederbond*. The respective leaderships of the AB and the political parties that represented mostly Afrikaner sentiments (including the NP), apparently in the end had come to prioritise different values and principles in their respective attempts to protect and promote Afrikaner interests as perceived by them.*

*For the purposes of this study, access to internal documents, including minutes and other discussion documents, as well as interviews with role players both within and outside the organisation at the time, resulted in valuable insights and perspectives about such issues.*

**KEYWORDS:** Afrikaner; *Afrikaner-Broederbond*; Afrikaner interests; settlement; basic political conditions for the continued survival of the Afrikaner; interest group; think-tank; negotiations; referendum; system analysis; negotiated settlement

**TREFWOORDE:** Afrikaner; Afrikaner-Broederbond; Afrikanerbelange; skikking; basiese staatkundige voorwaardes vir die voortbestaan van die Afrikaner; belangegroep; dinkskrum; onderhandelinge; referendum; stelselanalise; onderhandelde skikking

## OPSOMMING

Die beëindiging van apartheid deur 'n onderhandelde skikking tussen politieke rolspelers, wat gelei het tot die nuwe Suid-Afrikaanse politieke bedeling, word allerweë as merkwaardig beskou. Die proses het nietemin nie in 'n vakuum plaasgevind nie. Ander rolspelers buite die politieke omgewing het 'n pertinente rol gespeel in die verandering in denke in die Afrikaner-establishment om 'n klimaat te skep waarbinne staatkundige hervormings kon plaasvind. Een van die rolspelers was die Afrikaner-Broederbond (AB). Hierdie studie lig die rol van die Afrikaner-Broederbond uit by wyse van 'n historiese stelselanalitiese perspektief as teoretiese model vir die navorsing.

Die Afrikaner-Broederbond was vanaf 1948 tot in die vroeë 1990's 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel. 'n Politieke stelsel word vir die doeleindes van hierdie artikel gedefinieer as die interaksie waardeur waardes gesaghebbend aan 'n gemeenskap toebedeel word. Deur die direkte en indirekte ondersteuning van die Nasionale Party tot in die vroeë 1990's het die Afrikaner-Broederbond as 'n Afrikanerbelange-organisasie en dinkskrum aan die insetkant tot die stelsel 'n pertinente rol gespeel.

Toe dit in 1985 blyk dat die Nasionale Party-regering se hervormingspogings stagneer, het die Afrikaner-Broederbond die leiding geneem om Afrikanerdenke te begin beïnvloed en sodoende ’n omgewing te skep waarbinne hervormings momentum kon kry. Tydens hierdie tydperk is verskeie besprekingsdokumente versprei. Een van die belangrikste, indien nie die belangrikste nie, afkomstig van die Afrikaner-Broederbond, was die “Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner (BSV),” wat teen November 1986 aan afdelings gestuur is. Dit het ongetwyfeld ’n verandering in denkwyse oor die politieke rigting verteenwoordig. Hiermee is die Rubicon oorgesteek.

Die bevindinge in die navorsing dui ook daarop dat die Afrikaner-Broederbond behulpsaam was om ’n klimaat te help bevorder vir die Afrikaner-establishment om apartheid te beëindig deur omvattende politieke voorstelle te ontwikkel. Hierdie voorstelle, sowel as die voorafgaande interaksies met die ANC, het ook gehelp om ’n algemene politieke klimaat te skep waarbinne ’n onderhandelde skikking tot stand kon kom. Daar was lank ’n besonder hegte verhouding tussen die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond. Alhoewel die AB meegehelp het om spesifieke voorstelle te ontwikkel om bepaalde bestaansvoorwaardes vir die Afrikaner te verseker, was hulle egter nie amptelik betrokke by die onderhandelings nie en was hulle derhalwe op die Nasionale Party aangewese om hul belange te verteenwoordig. Die navorsing dui aan dat sommige van die voorgestelde bestaansvoorwaardes vir die Afrikaner (BSV, 1986) nie gerealiseer het in die onderhandelinge nie.

In die kritieke periode van onderhandelinge het die Nasionale Party verkies om die pad van onderhandeling alleen te stap en nie kundige rolspelers uit die Afrikaner-establishment of belangegroepe soos die Afrikaner-Broederbond te betrek nie. Die onderskeie leiersgroepe van die Afrikaner-Broederbond en die politieke partye wat oorwegend Afrikanerbelange behartig het (insluitende die NP), het uiteindelik verskillende waardes en beginsels geprioritiseer wat vanuit hulle perspektief Afrikanerbelange moes beskerm en bevorder.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing het toegang tot interne dokumente, insluitende notules en ander besprekingsdokumente, sowel as onderhoude met rolspelers binne en buite die organisasie op daardie tydstip, bygedra tot waardevolle insigte en perspektiewe.

## Inleiding

Die Afrikaner-Broederbond, as ’n Afrikaner-belangegroep, het deur verskeie besprekingsdokumente, leierskapstandpunte en aksies in die 1980’s ’n deurslaggewende rol gespeel in die vorming van Afrikaners se politieke denke. Hierdeur is Afrikaners en verskillende groepe Afrikaners, veral die Nasionale Party (NP) en NP-ondersteuners in die regering, sodanig beïnvloed dat hulle die politieke hervormings wat op 2 Februarie 1990 aangekondig is, in beginsel aanvaar het (Afrikanerbond, 1997:20-21).

Reeds in die sestigerjare, maar duideliker in die sewentiger- en tagtigerjare, het dit geblyk dat apartheid onder die beleid van afsonderlike ontwikkeling onbedoelde negatiewe gevolge vir swartmense gehad het. Dit het gelei tot ’n onstabiele stelsel met swart weerstand in die binneland en isolasie en sanksies vanuit die buiteland. ’n Nuwe politieke of staatkundige oplossing moes gesoek word wat meer aanvaarbaar sou wees vir swartmense. Dit is binne hierdie konteks dat invloedryke leiersfigure binne die Afrikaner-Broederbond reeds vanaf die einde van die 1970’s en met versnelde tempo in die 1980’s die bestaande politieke beleid in Suid-Afrika begin bevraagteken het. Hierdie verandering in denke binne die Afrikaner-Broederbond het beslis nie eenparig plaasgevind nie en het mettertyd gepaardgegaan met redelike ernstige meningsverskille en onderlinge interne konflikte. Hierdeur is egter ’n interne


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

ideologiese veranderingsproses in denke begin om deur gesprek en beïnvloeding die denke van Afrikaners, wat die oorheersende kulturele groep in die Nasionale Party en die regering was, te beïnvloed. Dit is deur mnr. FW De Klerk, voormalige president, bevestig tydens ’n toespraak by die Bondsraad van die Afrikanerbond in 2015, toe hy gesê het: *“*die AB – onder leiding van veral prof. De Lange – het gehelp om die weg te baan vir ’n onderhandelde oplossing – ’n oplossing wat die regte en vryhede van alle Suid-Afrikaners kan beskerm” (De Klerk, 2015:1). Dit is hierdie standpunt wat verder in die navorsing bespreek word.

Die toenemende politieke ongerustheid en onbestendigheid in die politieke bestel in die 1970’s en 1980’s het die Afrikaner-Broederbond genoop om indringende aandag te begin gee aan die beëindiging van apartheid en ’n soeke na en ontwikkeling van ’n beter bedeling. Dit het ’n sneeubaleffek in veranderende denke onder Afrikaners tot gevolg gehad, wat herlei moet word na die ingrypende dokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* (Afrikaner-Broederbond, 1986), wat sedert Julie 1986 vir bespreking onder lede versprei is. Die inhoud van dié dokument, en die direkte beïnvloeding van sy lede daardeur, het baie daartoe bygedra om die nuwe staatsbestel binne ’n grondwetlike demokrasie meer aanvaarbaar te maak vir Afrikaners. Alhoewel die outeurs nie in die dokument self genoem word nie, is dit opgestel deur prof. Ig Rautenbach, in oorleg met die DG van Staatkundige Ontwikkeling, prof. Andreas van Wyk, beide senior lede van die Afrikaner-Broederbond, wat toe net uit hulle regeringsposte bedank het (Stals, 2021:588, voetnota 248). Insette is ook verkry van ander kundiges, insluitende prof. Rassie Malherbe, toe nog senior staatkundige beplanner. Die dokument behels ’n verwerking en uitbreiding van regeringstandpunte asook vertroulike regeringsdokumente. Die doel daarvan was om Afrikanerkiesers te begin voorberei op en gerus te stel dat ’n nuwe bedeling hulle politieke selfbeskikking sou beskerm. Dit het egter nie heeltemal so uitgewerk nie (Cloete, 2023).

Die spesifieke rol wat die Afrikaner-Broederbond in die 1980’s en 1990’s gespeel het word ondersoek vanuit ’n historiese perspektief, binne ’n stelselanalitiese teoretiese perspektief.

In 1986 het die Afrikaner-Broederbond se *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* ’n aantal vereistes gestel vir ’n toekomstige staatkundige bedeling. Die voorwaardes, wat verder aan meer volledig bespreek word, het ten doel gehad om Afrikaners se grondige vrese te besweer en die voorstelle sou veral fokus op die beskerming van Afrikanerbelange in ’n stelsel van magsdeling.

Met dié voorwaardes as uitgangspunt is gepoog om die volgende vrae te beantwoord

- Voldoen die grondwetlike bedeling wat onderhandel is, aan die basiese staatkundige voorwaardes en voorstelle vir die voortbestaan van die Afrikaner, soos deur die Afrikaner-Broederbond gestel? en
- Wat was die rol van die Afrikaner-Broederbond in die NP se onderhandelinge en in die belangrike oorgangsjare tydens onderhandeling?

Die staatkundige voorstelle van die Afrikaner-Broederbond sedert 1986 was die gevolg van deeglike besinning oor die hoogs vloeibare en onvolhoubare polities staatkundige omgewing. Die voorstelle moet veral geëvalueer word in die lig van die histories noue verhouding tussen die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond. Dit is trouens bekend dat die meeste eerste ministers en lede van die kabinet ook lede van die Afrikaner-Broederbond was. Vir baie jare het die AB as ’n dinkskrum opgetree vir die Nasionale Party. Die vraag moet derhalwe gevra word of die Nasionale Party nie die Afrikaner-Broederbond beter as ’n dinkskrum moes gebruik het in die kritieke fases van onderhandeling nie, veral toe Afrikanerbelange ter sprake was? Die onderbenutting van die Afrikaner-Broederbond as rolspeler in latere beleidsprosesse en


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

onderhandelinge het nadelige gevolge gehad vir Afrikanerbelange. Die politieke en staatkundige omgewing en die historiese rol van die Afrikaner-Broederbond word geëvalueer vanuit 'n stelselanalitiese perspektief.

**Die stelselanalitiese benadering**

Die mees toepaslike teoretiese onderbou vir die studie is gevind in die stelselanalise wat deur Easton ontwikkel is en in die politieke wetenskap toegepas word. Easton (1965:21) omskryf 'n politieke stelsel as die interaksie waardeur waardes gesaghebbend en met inbegrip van skaars middele, aan 'n samelewing toebedeel word. Die model is daarop gerig om die omvattende politieke stelsel, en die interaksies van die rolspelers in die stelsel wat binne 'n spesifieke omgewing funksioneer, te verklaar. 'n Stelsel, volgens Heywood (2013:20), is 'n georganiseerde of gekompliseerde geheel, met onderling verwante en interafhanklike dele wat 'n kollektiewe entiteit vorm. Gevolglik word die stelselanalise van Easton in hierdie studie op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel toegepas.

Die interaksie in die stelselanalise word verder deur Easton (1965:25-27) beskryf op grond van die konstante verbindings (inset- en uitset-veranderlikes en kernveranderlikes). Dit is die vermoë van die politieke stelsel om bindende besluite te neem en dit min of meer konsekwent af te dwing. Al hierdie veranderlikes in die stelsel word deur middel van kommunikasie- en terugkoppelingsnetwerke aanmekaar gehou (Kriek, 1984:556).


'n Politieke stelsel reageer op die eise wat deur rolspelers binne die stelsel gestel word; deur besluite en beleide wat vir die rolspelers waarde het (Cronje, 2013:53). Die noodsaak van waardes word verder deur Easton (1965:24) beklemtoon in sy gevolgtrekking dat alle politieke stelsels wat volhoubaar voortbestaan op twee pilare berus: 1) dat hulle waardes aan 'n samelewing kan toeken, en 2) dat die meeste lede in die samelewing oorreed kan word om hierdie toekenning van waardes as bindend te aanvaar, ten minste vir die meeste van die tyd.

Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing word gekenmerk deur politieke partye, en 'n omgewing wat invloed uitoefen op, en gereeld eise stel aan die politieke stelsel. Dit is veral van toepassing op die polities staatkundige omgewing van die 1980's.

Deur die toepassing van die stelselanalise word gepoog om antwoorde te vind op die vraag hoe politieke stelsels kan bly voortbestaan te midde van veranderinge; soms radikale veranderinge. Dit kan verstaan word as 'n omgewingsverkenning wat binne die totale omgewing gedoen is, waarvan die politieke stelsel deel is. Van verdere belang is dat die stelselanalise volledig en wetenskaplik aangewend kan word om stabiliteit en onstabiliteit binne die stelsel te verstaan. In die Suid-Afrikaanse konteks word later geargumenteer dat die rolspelers in die stelsel ook die proses van 'n stelselverandering kon help fasiliteer het om stelselstabiliteit te verseker.

In figuur 1 word die stelselanalise toegepas op die Suid-Afrikaanse staatkundige bedeling waarin die Nasionale Party, as regerende party, ten nouste betrek is. Die Afrikaner-Broederbond was 'n direkte rolspeler in die stelsel en het 'n kernrol vervul met insette tot die Nasionale Party as regerende party deur beïnvloeding, wedersydse interaksie en ook direkte ondersteuning. Veral die rol as dinkskrum is van belang, want Afrikaner-akademici en -leiers in die gemeenskap was ook in die meeste gevalle NP-ondersteuners en kiesers. Hierdeur kon die Nasionale Party deurlopend aan die uitsetkant terugvoer oor beleid kry. Uitgaande van die stelselanalitiese perspektief word die Afrikaner-Broederbond se historiese rol teenoor, en met spesifieke verwysing na die Nasionale Party en regering, metodologies ontwikkel en teoreties verklaar in hierdie artikel.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3




***Figuur 1:*** *Die Afrikaner-Broederbond binne die aangepaste stelselanalise in die staatkundige omgewing van die 1980's*

Daar word vervolgens enkele begrippe bespreek, wat vir die doeleindes van die artikel verder verklaar en omskryf word.

**Konseptualisering van relevante begrippe**

*Die staat:* In Verloren van Themaat en Wiechers (1985:7) word 'n *staat* soos volg omskryf: "As 'n regspersoon bestaande uit 'n gemeenskap van mense wat op 'n bepaalde grondgebied onder 'n bepaalde gesag en volgens gemeenskaplike regsreëls lewe." Benewens die bostaande basiese vereistes vir staatskap, voeg Geldenhuys (2022) by dat staatspraktyke bewys het dat drie verdere verwante maatstawwe geld, te wete soewereiniteit, onafhanklikheid en internasionale erkenning. In hierdie artikel word aanvaar dat Suid-Afrika binne die tydperk van die 1980's en 1990's as staat aan die basiese vereistes vir staatskap voldoen het, naamlik 'n vasgestelde en gedefinieerde grondgebied, 'n permanente bevolking, 'n effektiewe regering en die vermoë om betrekkinge met ander state aan te gaan. Daar word vervolgens gefokus op die werkinge van politiek en 'n politieke party.

*Politiek en politieke partye*: *Politiek* bestaan uit die idees, instellings en aktiwiteite wat aanleiding gee tot, en/of deel vorm van die proses waarin reëls op 'n gesagvolle wyse vir 'n bepaalde samelewing neergelê en afgedwing word (Kotzé & Van Wyk, 1986:130). Dit word soortgelyk deur Plano (1976:291-294) omskryf as menslike aktiwiteite wat verband hou met die neem en implementering van besluite wat met die gesag van die gemeenskap vir wie die besluite geneem word, beklee is.

*Politiek* word dus verbind met die uitoefening van invloed; 'n stryd om mag waarin politieke partye hul bestaansreg vind. Dit vorm die basis vir Easton (1965:21) se waardevolle interpretasie van 'n politieke stelsel as die interaksie waardeur waardes gesaghebbend en met inbegrip van skaars middele aan 'n samelewing toebedeel word.

Interpretasies van *staatsmag* hou vervolgens vir Heywood (2013:221) duidelike implikasies in vir die verwagte rol, verantwoordelikhede en funksies van die staat teenoor die rol van


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

private individue. Die interpretasie en uitvoering van hierdie kwessies wentel veral om die politiek, verkiesings en mededinging tussen politieke partye.

Volgens die bostaande konseptualisering van die begrip *politieke party* voldoen die Nasionale Party onses insiens aan die gestelde rol en doelwit daarvan. As die regerende party het die NP beleid bepaal binne die politieke omgewing wat die stelselanalise daarstel. In die hoedanigheid van dinkskrum het die Afrikaner-Broederbond bepaalde insette tot die stelsel gelewer.

*Druk- en belangegroepe*: Bepaalde *druk-* of *belangegroepe* se werkswyse word deel van die politieke speelveld met die bevordering van eiesoortige belange. Politieke partye poog soms om die belange direk of indirek aan te pak of te verteenwoordig. Volgens Heywood (2013:247) is daar ’n direkte verband tussen belangegroepe en die politiek, met direkte koppeling (*linkage*) tussen die regering en diegene wat regeer word. Hy omskryf ’n *belangegroep* meer spesifiek as ’n georganiseerde assosiasie of vereniging wat ten doel het om die beleid of aksies van ’n regering te beïnvloed. Dit lei daartoe dat die regeringsprosesse sodanig beïnvloed word om ’n gewenste beleid en/of uitkoms te verseker.

Roskin (1991:192) omskryf daarenteen ’n *belangegroep* as ’n groep wat gemeenskaplike ingesteldhede deel, as ’n: “shared-attitude group that makes certain claims upon other groups in society by acting through the institutions of government”. Volgens hom is sommige belangegroepe meer tydelik of kortstondig van aard terwyl ander meer permanent van aard is.

Kriek (1984:568) bring Heywood en Roskin se omskrywings bymekaar deurdat hy die aktiwiteite van owerheidsinstellings, drukgroepe, verkiesings, politieke partye en sosiale groepe met mekaar in verband bring. Volgens hom is almal deur interaksie met mekaar verbonde en word sodoende deel van die politieke proses. ’n *Belangegroep* vorm daarom deur sy werkwyse en die aard van sy aktiwiteite deel van die politieke stelsel; deur insette om beleid te beïnvloed en daardeur deel van die stelselanalise te word, soos later omskryf word. Volgens Cloete (2021) het *belange-* en *drukgroepe* en/of -netwerke die potensiaal om verandering en beïnvloeding in beleidsverandering teweeg te bring.

In die navorsing wat gedoen is en in hierdie artikel word die Afrikaner-Broederbond as ’n Afrikaner-belangegroep omskryf wat vanweë sy noue verhouding met die Nasionale Party ook as dinkskrum opgetree het.

*Afrikaner en Afrikanerskap*: Dié begrip hou die grootste potensiaal in vir onduidelike of omstrede vertolking, aangesien dit soms verskillend geïnterpreteer word. Daar sal gepoog word om met die oog op die doel en aard van die inhoud van die verdere onderafdelings ’n eenvoudige begrip daar te stel wat geëvalueer en gemeet moet word aan die tydperk ter sprake, naamlik die 1960’s tot 1980’s.

Die Afrikaner-Broederbond se eie eng omskrywing van ’n Afrikaner in die 1980’s is as vertrekpunt vir die navorsing gebruik en word in die artikel soos volg gestel: “Die Afrikaner is ’n blanke wat Afrikaans praat en ’n Christelike lewensbeskouing het, soos in die Calvinisme na vore kom” (Afrikaner-Broederbond, 1985d).

Hierdie omskrywing word verder deur De Klerk (1999:14) bespreek:[1]

i) Die Afrikanerroeping om die evangelie en beskawing in Afrika te versprei; gevolglik is geglo dat hulle deur God aan die Suidpunt van Afrika geplant is.
ii) Die Afrikaner is uitsluitlik ’n blanke (wit) ras en wie nie wit is nie, word uitgesluit.

[1] Daar moet vermeld word dat dr. Willem de Klerk lid van die Afrikaner-Broederbond se Uitvoerende Raad was.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

iii) Die Afrikaner is Christelik, meer spesifiek Calvinisties-Christelik (die grondmotief van Calvinisme is dat die hele werklikheid op alle lewensvlakke moet buig voor die gesag van Bybelse beginsels).
iv) Die Afrikaner dra in sy kultuur die erfenisse van sy Europese stamlande.

*Onderhandeling as wyse om konflik te besleg*: Konflik kan op die volgende wyses besleg word: litigasie; resolusie; bemiddeling; fasilitering; versoening; arbitrasie, en onderhandeling. Dit dien as algemeen geldende wyses van konflikhantering en kan net so in die politieke omgewing van toepassing gemaak word op grond van dieselfde wyses waarvolgens 'n skikking tussen die strydende partye verkry word. (Shonk, 2021:1) Volgens Zartman (1987:7-18) se beskouing is onderhandeling nie 'n statiese gebeurtenis nie. Hy identifiseer gevolglik vier komponente in 'n *onderhandelingsproses*: 1) Dit behels die deelname van partye as rolspelers, en verskillende interaksies tussen hulle. 2) Dit behels waardes, belange of eise wat partye aan die ander partye stel met die doel om kollektiewe keuses te maak. 3) Die uitkoms van onderhandelinge: Zartman beklemtoon dat alle onderhandelinge 'n uitkoms het, selfs al word dit as onsuksesvol beskou. 4) Onderhandeling dui op wedersydse beweging van posisies, en alleen indien daar beweging vanaf aanvanklike posisies plaasgevind het, het onderhandeling plaasgevind (Zartman, 1987:7-18).

**Die Afrikaner-Broederbond – 'n kernrolspeler in politieke verandering**

Hierdie navorsing het ten doel om die Afrikaner-Broederbond se rol in die onderhandelde politieke skikking in Suid-Afrika gedurende die begin van die 1990's uit te lig. Dit word gedoen binne die polities wetenskaplike toepassing van 'n stelselanalitiese perspektief waarvolgens die Afrikaner-Broederbond veral in die hoedanigheid van vertroulike dinkskrum van die Nasionale Party opgetree het. Hierdie rol word uitgelig aan die insetkant van die stelsel soos hier bo aangedui (Figuur 1).

In die bespreking hierna word die volgende kernmomente uitgelig:

- Historiese oorsig oor die Afrikaner-Broederbond
- Die noue verhouding met die Nasionale Party en apartheid
- Bevraagtekening van apartheid
- Staatkundige leiding deur die Afrikaner-Broederbond
- Die staatkundige aankondigings van 2 Februarie 1990
- Evaluerende perspektiewe op die Afrikaner-Broederbond se rol ter voorbereiding van en gedurende die staatkundige onderhandelingsproses.

*Historiese oorsig oor die Afrikaner-Broederbond*

Die omstandighede van Afrikaners in die tydperk toe die Afrikaner-Broederbond in 1918 gestig is, moet onder andere beoordeel word binne die omvattende maatskaplik-ekonomiese geheel van die verarmde platteland waarbinne Afrikaners hulself bevind het: "Ons was die armes en die armblankes, die boeredom sonder markte en sonder kapitaal, die laagsbesoldigde ongeskoolde werkers in die myne en die fabrieke" (Meyer, 1968:5). Volgens Pelzer (1979:5-6) het verskeie vergaderings plaasgevind waarby onder andere HW van der Merwe, Henning Klopper, ds. JF Naudé, en Danie du Plessis betrokke was. Gevolglik is daar op 5 Junie 1918 in Malvern oorgegaan tot die stigting van 'n organisasie tussen die 14 aanwesige lede. 'n Aantal doelwitte is geformuleer vir die nuwe organisasie, waaronder groter samewerking alhoewel opinies verskil, die opheffing van Afrikaners, opleiding van Afrikaners, opwekking


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

van die Afrikanerselfbewussyn, wat insluit ’n liefde vir taal, geskiedenis en tradisies (Pelzer, 1979:7; Stals, 2021:9). Die organisasie het eers tydens die tweede vergadering op 2 Julie 1918 die naam *Afrikaner-Broederbond* gekry (Pelzer, 1979:6-7). Oor die vertroulike werkwyse wat die Afrikaner-Broederbond soms in groot omstredenheid gehul het, skryf Pelzer (1979:16) dat dié bepaling op 20 Februarie 1932, veertien jaar ná stigting eers aanvaar is. Die redes vir vertroulikheid gedurende die vorige dekades is volgens die Afrikanerbond (1997:4) daarin geleë dat lede se eie openbare belange nie vooropgestel word nie; dat openhartige en onbevange deelname en gesprekvoering kon plaasvind; en veral van belang was dat die stigters van die organisasie in die openbare sektor werksaam was. Hulle wou deur vertroulike lidmaatskap viktimisasie verhoed.

Met betrekking tot die tydperk ter sprake kan bloot oorsigtelik op die Afrikaner-Broederbond se besondere rol en bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaner gelet word.

- Die Afrikaner-Broederbond het oor dekades heen Afrikaners se mag (kultureel, ekonomies en polities) gekonsolideer. Die vernaamste hiervan was eerstens die totstandkoming van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) in 1929. Dit was in die dekades daarna die openbare gesig van die Afrikaner-Broederbond (Giliomee, 2004:353).
- Tweedens was, volgens Welsh (2009:14), die besondere vermoë wat die Afrikaner-Broederbond ontwikkel het om die dienste en kundigheid van die room van die Afrikaner-intellektuele te benut. Oor hierdie spesifieke rol sê dr. Gerrit Viljoen[2] (soos aangehaal deur De Klerk, 1997:193), dat dit ’n: “dinkskrum-organisasie is wat mense slyp tot intelligente benaderinge oor sake van die dag. Die kernfokus moet wees om te beïnvloed”.

In die Afrikaner-Broederbond se historiese oorsig oor die eerste 50 jaar van sy bestaan (Afrikaner-Broederbond, 1968:6-7) word onder meer die volgende kernmomente uitgelig:

- In die eerste aktiewe fase is die samehorigheidsgevoel onder Afrikaners versterk met die uitbouing van die Nasionale Party, die amptelike erkenning van Afrikaans en die stigting van die FAK.
- In die tweede fase wat strek vanaf 1929 tot 1939, het die klem geval op die ekonomiese, maatskaplike en politieke knelpunte waarin die Afrikaner homself bevind het.
- In die derde fase tot ongeveer 1948, wat gekenmerk is deur die Tweede Wêreldoorlog, het die Afrikaner-Broederbond sy taak gesien as instrument om die bande tussen verskillende groepe te heel.
- Die vierde fase ná 1948 het nuwe betekenis aan die Afrikaner-Broederbond gegee. Ná die Nasionale Party se oorwinning het die Afrikaner-Broederbond meer aandag aan die formulering van ’n republikeinse beleid en praktiese stappe tot republiekwording gewy. In die tydperk ter sprake ontwikkel die Afrikaner-Broederbond ook heelwat studiestukke met temas oor rasseverhoudinge. Hiermee het die fokus op politieke beïnvloeding dus sterker begin word.
- In die volgende fase vanaf 1961, met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika, het die Afrikaner-Broederbond hom al meer met die politieke omgewing

2 Dr. Gerrit Viljoen was voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (1974–1980) en ook NP-kabinetslid – vanaf 1980 as Minister van Onderwys en vanaf 1989 tot 1992 as Minister van Staatkundige Ontwikkeling.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

> bemoei en hom toenemend op die terrein van die staat bevind. (Afrikaner-Broederbond, 1968:6-7). Die oorvleuelende lidmaatskap van veral senior NP- politieke leiers en amptenare asook senior Afrikaanse kerkleiers, en die vertroulike aard van die lidmaatskap en aktiwiteite van die Afrikaner-Broederbond het die hibriede besluitnemingskarakter van die organisasie baie versterk. As voorbeeld van ’n hibriede rol of funksie kan verwys word na LJ du Plessis wat vanaf 1930 tot 1932 voorsitter van die Afrikaner-Broederbond en in 1934 die voorsitter van die Nasionale Party in Transvaal was (Stals, 2021:90).

Die aard van lidmaatskap van die organisasie is reeds in die organisasie se ontstaansgrondwet van 1918 uitgespel. Stals (2021:30) bevestig dat daar onder andere bepaal is dat alleen ’n “blanke manspersoon van 18 jaar of ouer lid kon word”. Hieroor sê die Afrikaner-Broederbond dat dit ’n organisasie vir mans was, omdat mans “op daardie tydstip die oorheersende rol in ekonomiese, politieke en openbare sake gespeel het” (Afrikanerbond, 1997). Eers in November 1993 is die lidmaatskapsvereistes verander en is die naam van die organisasie na die Afrikanerbond verander.

*Die noue verhouding met die Nasionale Party en apartheid*

Die leierskap van die Afrikaner-Broederbond het soms selfs die organisasie se eie vereistes en beperkinge oor politieke deelname geïgnoreer. Dat die Afrikaner-Broederbond beskou is as die burgerlike vennoot van die Nasionale Party en selfs die sogenaamde “politieke-mag-agter-die-troon”, word bevestig deur die volgende stelling deur dr. Piet Meyer, Voorsitter van die Afrikaner-Broederbond tydens ’n Bondsraad in 1963: “... [ons] moet ... die huidige regering onder leiding van dr. H.F. Verwoerd met al ons kragte steun en so lank moontlik aan bewind hou” (Meyer, 1963:6).

Dit was oor baie jare heen die gebruik in die Afrikaner-Broederbond om noue kontak te behou met lede van die Afrikaner-Broederbond wat in die regering gedien het of op enige wyse as besluitnemers opgetree het, asook om sulke persone doelbewus te werf as lede. Hierdeur het die gebruik ontstaan om in gesprek of in korrespondensie te verwys na “broers of vriende in verantwoordelike kringe”. Hierdie “broers in verantwoordelike kringe” het ook dikwels as sprekers by verskillende byeenkomste van die Afrikaner-Broederbond opgetree (Afrikaner-Broederbond, 1996:3).

Die grondslag van die Nasionale Party se siening en toepassing van apartheid moet beoordeel word teen die agtergrond van diepgaande besprekings en standpunte wat in die Afrikaner-Broederbond verreken is. Afrikanerbemagtiging in ’n wit land was die ideaal. Reeds in 1933 het die Afrikaner-Broederbond ’n besprekingsdokument geformuleer wat in wese die grondslag gelê het vir die latere ontwikkeling van apartheid, wat ná 1948 deur die Nasionale Party toegepas sou word (Afrikaner-Broederbond, 1968:12-13). Die beleidsdokument van 1933 wat opgestel is deur LJ du Plessis moet ook saamgelees word met die roepingsbewustheid wat die Afrikaner-Broederbond vir Afrikaners gevisualiseer het. In die dokument *Die grondslag en oogmerke van ons strewe*, wat in 1953 opgestel is, is verklaar dat die Afrikaanse volk deur God aan die suidpunt van Afrika in die lewe geroep is, “met ’n eie bestemming tot eer van sy Naam” (soos aangehaal deur Stals, 2021:470).

In Maart 1948 het die Nasionale Party vir die eerste keer die breë trekke van apartheid in ’n verslag getiteld *Kleurvraagstuk-Kommissie van die Herenigde Nasionale Party,* die sogenaamde Sauer-Verslag van 1948, uiteengesit (Stals, 2021:203). Hiervolgens het die ideologie van apartheid op drie pilare berus. Die eerste pilaar verwys na gebiedskeiding op

elke vlak van die samelewing, wat insluit afsonderlike state vir elke volksgroep, en skeiding van rasse in gemeenskappe in woonbuurte, skole en elke ander vorm van menslike handeling (groot apartheid). Die tweede pilaar was die wetgewende program, wat die toepassing van apartheid deur wetgewing bewerkstellig het (klein apartheid). Die derde pilaar was die saambinding van al die afsonderlike tuislande en groepe deur strukture van konsultasie (De Klerk, 1991:63-65).

*Die bevraagtekening van apartheid*

Die demografiese realiteit begin reeds vroeg by die Afrikaner-Broederbond posvat.

Volgens De Lange (soos aangehaal deur Du Preez, 2012:xxviii) het die Afrikaner-Broederbond in die laat 1970's bedenkinge oor apartheid gehad. Die demografiese realiteite van Suid-Afrika is in 'n besprekingsdokument van die Afrikaner-Broederbond in 1977 soos volg uitgelig: "terwyl ekonomiese ontwikkeling in die tuislande en van grensgebiede bevorder word, moet aanvaar word dat daar onvermydelik 'n uitbreiding van Swartmense in die Blanke gebied gaan wees". Veral wat betref die Witwatersrand word gesê: "Met 45% van alle swart werkers word hier 'n onvermydelike verdere swart groei aanvaar wat nie deur bevolkingsverskuiwingsplanne weggedink kan word nie." Daar is reeds gedink aan oplossings binne die huidige status quo en 'n wegbeweeg van vroeëre denke word as oplossing voorgestel: "'n Politieke raamwerk vir Soweto en moontlik ander soortgelyke konsentrasies as uitsonderingsituasies – moet oorweeg word" (Afrikaner-Broederbond, 1977).

Oor apartheid en die toepassing daarvan sê prof. Pieter de Lange in 1993 in sy voorsittersrede by 'n Bondsraad:

> In die besef dat die magsmonopolie nie onbepaald deur die blanke gehandhaaf kon word nie, het die Afrikaner gedurende die eerste fase van sy 45-jarige bewind gepoog om aparte state, dus aparte vryhede en magsterreine, polities en administratief, te skep. Dit het misluk. Enersyds het die vinnig groeiende mensegetalle steeds die ekonomie se groei voorgebly en het ons ekonomies al meer verweef geraak. Andersyds het die kunsmatige skeidingspogings soveel misstande begin skep dat ons dit nie met ons gewetes kon versoen nie. (De Lange, 1993:1)

Dat die werklikhede van die onstabiele staatsomgewing reeds deeglik deur die Afrikaner-Broederbond in die 1970's verreken is, word bevestig in 'n toespraak deur dr. Viljoen by 'n Bondsraad[3] in 1976. Benewens die militêre en buitelandse bedreiging wat Viljoen in die toespraak uiteensit, tesame met die situasie in Suid-Afrika se buurlande, is die binnelandse onstabiliteit met gepaardgaande onrus en die groepe deur wie onrus aangevuur is, ook breedvoerig aangedui. Twee jaar later brei Viljoen verder hierop uit in sy Bondsraadsrede en skets die interne problematiek van Suid-Afrika se veelvolkigheid. Hy erken voorts dat die tuislandbeleid nie suksesvol is nie, aangesien hulle nie onafhanklikheid wil aanvaar nie. Die problematiek word duideliker as hy verwys na swart verstedeliking en die politieke verwagtinge en strewes van die verstedelikte swartmense. Dit verg 'n nuwe beleidsraamwerk wat nuwe denke na vore moet bring. Hy is krities oor die paternalistiese styl wat deur die regering voorgehou word en vra of ander groepe nie ook self besluite moet neem oor kulturele, morele en politieke beskermingsmaatreëls nie (Viljoen, 1980:4-6). Viljoen het egter self reeds in 1971

[3] Die Bondsraad was die hoogste gesagsliggaam van die Afrikaner-Broederbond.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

by herhaling die identifisering van 'n tuisland vir bruinmense gepropageer in direkte opposisie tot die eerste minister John Vorster se beginselverwerping daarvan (Cloete, 2021:1274).

In 'n gesprek met die Uitvoerende Raad (UR) van die Afrikaner-Broederbond en president PW Botha op 19 Februarie 1985 oor die verstedeliking van die swartman, is Botha van mening dat die Nasionale Party versigtig moes optree: "Die gees van revolusie in stede is 'n les wat ons moet leer. As ons nie van die situasie werk maak nie, gaan die verstedelikte swartman in die revolusie op" (Notas van gesprek as bylaag tot Afrikaner-Broederbond, 1985c). By 'n UR-vergadering op 2-3 Augustus 1985 dien 'n verslag van die Afrikaner-Broederbond se Komitee i.v.m. die staatkundige ontwikkeling van die swartman, met die volgende uitgangspunt: "'n Staatkundige model moet gevind word waarin politieke magsdeling met swartmense gerealiseer kan word op so 'n wyse dat dit oorheersing van een groep deur die ander uitskakel, en wat die verdere konflik tussen swart en wit vermy" (Bylaag tot Afrikaner-Broederbond, 1985b).

Enkele maande ná die Rubicon-toespraak en teen die agtergrond van die besondere openbare kritiek wat uitgespreek is teenoor president PW Botha en die Nasionale Party se huiwering tot verdere hervorming, sowel as die verslegtende binnelandse en buitelandse situasie, hou die Afrikaner-Broederbond weer op 11 Oktober 1985 'n Bondsraad. Prof. Pieter de Lange sê by dié geleentheid, met verwysing na die onstabiele binnelandse situasie en swart onrus: "Die Afrikaner-Broederbond, die regering, die blanke kan hierdie kragte nie teëhou met maginot-linies nie, dit wil sê verouderde strategieë" (De Lange, 1985:7). Hy het vervolgens gepleit dat, terwyl Afrikaners nog die inisiatief kon neem en terwyl Afrikaners nog die mag gehad het, daar na oplossings gesoek moes word. Die oplossing sou wees om te onderhandel. Daarin het hy vir die Afrikaner-Broederbond 'n taak gesien in die soeke na vryheid en geregtigheid vir almal, met behoud van geregtigheid vir Afrikaners: "Dit is vanselfsprekend 'n saak vol risiko's, maar laat ons daarop bedag wees dat die grootste risiko is om geen risiko's te neem nie" (De Lange, 1985:8).

Op 30 en 31 Mei 1986 (sommige bronne verwys na Junie 1986), ontmoet prof. Pieter de Lange, toe voorsitter van die Afrikaner-Broederbond, vir Thabo Mbeki[4] van die ANC by 'n konferensie in New York. Die konferensie is gefasiliteer deur die Ford Stigting (Sparks, 1995:72-73; Waldmeir, 1997:63; Welsh, 2009:200-201). Dit was op daardie tydstip en gegewe die omstandighede binne Suid-Afrika 'n ongekende en ongehoorde ontmoeting. Hieroor skryf Waldmeir (1997:63): "In coming to New York both sides had violated the chief political commandment of the day, that the ANC should meet the Afrikaner only on the field of battle."

Mbeki wou, volgens Gevisser (2009:193), tydens die lang gesprekke wat gevolg het, by De Lange verneem wat die Afrikaners se minimum vereiste sou wees. Tydens die gesprek het De Lange verduidelik dat Afrikaners angstiger was oor die verlies van hulle kulturele identiteit as om die ekonomiese en politieke mag in 'n demokratiese Suid-Afrika te verloor. De Lange het aan Mbeki gesê dat fundamentele veranderinge in Suid-Afrika onderweg is. Hiervoor moes die wit bevolking voorberei word. Die veranderinge sou deur werklike onderhandelinge plaasvind, maar Afrikaners sou volgens De Lange (soos aangehaal deur Du Preez, 2012:xxx), aandring op die bewaring en beskerming van hulle kulturele identiteit.

Die grondwerk en aanvoorwerk vir die belangrike besprekingsdokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* (BSV) is gedoen by die Bondsraad op 11 en 12 Oktober 1985, waartydens staatkundige ontwikkelinge bespreek is. Daar moet in

4 Mbeki was toe die ANC se direkteur van inligting en Secretary for Presidential Affairs. (Welsh, 2009:200).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

gedagte gehou word dat die Bondsraad gehou is twee maande ná die rampspoedige Rubicon-toespraak van PW Botha. Na aanleiding van insette en besprekings by die Bondsraad dat die Afrikaner die inisiatief moet behou om ’n nuwe staatkundige bedeling uit te werk, word die volgende besluit genotuleer: “Die Bondsraad besluit dat die UR versoek word om deur middel van deurlopende studie en gepaardgaande optrede aandag aan die ontwikkeling van die nuwe staatkundige bedeling te gee en inligting en leiding in verband daarmee aan afdelings te verstrek” (Afrikaner-Broederbond, 1985a:3). Daar moet aanvaar word dat die Bondsraad hiermee stukrag aan die hervormingsgesinde komponente van die Nasionale Party sowel as senior amptenare verleen het.

In ’n ongewone stap vergader die Uitvoerende Raad se dagbestuur direk ná afloop van die Bondsraad op 12 Oktober 1985, en word daar, ná besprekinge oor die staatkundige ontwikkelinge, onder andere besluit:

- Ons sal moet bepaal wat die basiese vertrekpunte in verband met die voortbestaan van die blanke en die Afrikaner in die RSA is.
- Die RSA bevind hom staatkundig in ’n oorgangsfase. Die uiteindelike model wat bereik word, kan alleen deur middel van kundige besinning bereik word.
- Die Afrikaner-Broederbond moet ’n metode vind om sy mening oor die staatkundige ontwikkeling aan Broers in die owerheid voor te lê. (Afrikaner-Broederbond, 1985e:2)

Die BSV-dokument was ’n ernstige en opregte poging vanuit die Afrikaner-Broederbond om ’n demokratiese bestel daar te stel waarbinne daar politieke deelname van alle Suid-Afrikaners in die stelsel kon wees. ’n Balans moes ook gevind word om Afrikanerbelange te beskerm in ’n stelsel van magsdeling (Afrikaner-Broederbond, 1986:1-7).

Die BSV-dokument het hoofsaaklik breë doelstellings binne ’n menseregtekultuur gestel, met basiese regte soos die erkenning en beskerming van vryheid van geloof, onafhanklikheid van die regbank; menswaardigheid, lewe, vryheid en eiendomsreg; selfbeskikking van bevolkingsgroepe en volke wat bevorder, eerbiedig en beskerm moet word; erkenning en beskerming van taal- en kultuurregte. Die vereiste word egter gestel dat: “kultuurgebonde moedertaalonderrig in eie skole met ’n Christelike karakter vir die Afrikaner ’n voorwaarde vir sinvolle voortbestaan is”.

Onder *Spesifieke Staatkundige Voorwaardes* word die verskeidenheid van groepe en gemeenskappe binne die grense van die RSA erken; die uitsluiting van swart deelname in staatkundige prosesse word beskou as ’n bedreiging vir wit (blanke) voortbestaan; daar moet deelname op alle vlakke van besluitneming wees; magsdeling moet nie groepsoorheersing insluit nie, gevolglik moet dit wit of swart verskanste regering en dominansie uitskakel. Die dokument verwys ook verder na verskillende modelle waarbinne bogenoemde bereik kan word, soos desentralisasie van mag of besluitneming, streeks- of stateregerings, of segmentele of eie sake. Die dokument vereis ten slotte:

- Dat: Afrikaners se skeppingskrag aangewend word om onderhandelde strukture tot stand te bring; indien dit nie gebeur nie “is dit onvermydelik dat strukture op hom afgedwing sal word waarin hy geen medeseggenskap sal hê nie.”
- Dat: “verteenwoordigers van verskeie magsgroeperinge aan die opstel van ’n nuwe grondwet deelneem.”
- Laastens: *“*die aanvaarbaarheid van so ’n nuwe bestel vir die meerderheid van die landsburgers, en uiteraard ook vir die meerderheid van Afrikaners, is een van die belangrikste voorwaardes vir sy voortbestaan” (Afrikaner-Broederbond, 1986:1-7).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

Die Afrikaner-Broederbond se Uitvoerende Raad het ook die BSV-dokument met senior lede van die NP-regering bespreek, waaronder PW Botha en FW de Klerk. Daar was volgens De Lange gemengde geesdrif, maar dit is in die breë onder die aandag van die denkende en bewuste Afrikaners se aandag vir bespreking gebring. De Lange se indruk was: "as mense eers die goed bespreek, dan kom hulle tot die oortuiging, dit is so of 'n bloedbad" (De Lange, 2006:4).

Vanuit die Afrikaner-Broederbond as dinkskrum het daar derhalwe konkrete voorstelle vir 'n nuwe staatkundige bedeling na vore gekom. Hiermee is daar opnuut aansluiting gevind by hervormingsinisiatiewe wat reeds aansluiting gevind het by die 1983-driekamerparlement en politieke modelle om die swart bevolking te akkommodeer. As inset tot die stelsel het die Afrikaner-Broederbond egter as 'n invloedryke belangegroep en rolspeler wel die rol van addisionele dinkskrum binne die NP vervul.

Die BSV-dokument wat gesirkuleer is, is deur die Afrikaner-Broederbond opgevolg met 'n staatkunde-dinkskrum wat op 7 Februarie 1987 plaasgevind het. Deelnemers aan die dinkskrum wat oorwegend lede van die Afrikaner-Broederbond was, het regeringslede, lede van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, universiteitsrektore en akademici, lede van die parlement, lede van die Presidentsraad, lede van die media, verteenwoordigers uit die tuislande, senior staatsamptenare, lede vanuit die veiligheid- en sekerheidstrukture, sakelui, kultuurorganisasies, nyweraars, onderwys- en landboukundiges, provinsiale en plaaslike bestuurslede ingesluit. Temas vir bespreking het die evaluering van die 1983-grondwet; identifisering en omskrywing van minderheidsgroepe; evaluering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling; evaluering van staatkundige modelle, en 'n onderhandelde skikking en praktiese stappe om dit te bereik, ingesluit (Bylaag D by die Notule Afrikaner-Broederbond, 1987).

Dit is in 1989 en 1990 opgevolg met die besprekingsdokument *Konsepriglyne vir die Staatkundige Gesprek,* wat ten doel gehad het om voortbouend op die beleidsdokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner*, en met inagneming van die voortgaande gesprek, bepaalde grondwetlike riglyne in konsepvorm uit te werk (Afrikaner-Broederbond, 1989:1).

*Die staatkundige aankondigings van 2 Februarie 1990*

Voortstuwende massa-aksie, toenemende terreur en binnelandse onrus, en die ekonomiese knyptang het die NP-regering gedwing om die internasionale vensters van geleenthede aan te gryp, naamlik:

- Die val van kommunisme, en
- die val van die Berlynse muur.

Ses dae ná die belangwekkende aankondigings van president FW de Klerk word informele gespreksaantekeninge ingebind by die UR van die Afrikaner-Broederbond se notule van 8 Februarie 1990, en word onder andere die volgende belangrike kwessies aangeteken:

- Die UR is nie vooraf ingelig oor die 2 Februarie 1990-aankondigings deur De Klerk nie.
- Dat daar by Afrikaners onsekerheid en twyfel en selfs vrees bestaan oor die toekoms. Dié kommer sou in 'n vergadering met president De Klerk, wat op 10 Februarie sou plaasvind, bespreek word (Afrikaner-Broederbond, 1990e:1).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

Volgens die notule blyk dit dat die Afrikaner-Broederbond se leierskap die volgende reeds as van groot belang geag het as reaksie op die aankondigings:

- Tydens toekomstige onderhandelinge sal: "die probleem wees om minderheidsregte en groepe in die Grondwet in te skryf".
- Dat die proses van staatkundige hervormings met die aankondigings van 2 Februarie 1990 reeds aan die gang was. Gevolglik het die Afrikaner-Broederbond 'n gulde geleentheid misgeloop. (Afrikaner-Broederbond, 1990e:1). Hiermee het die regering opnuut die inisiatief geneem.

Daar word ook in die notule bevestig dat daar later die middag van 10 Februarie 1990 'n informele ontmoeting was met senior kabinetslede, waaronder De Klerk (Afrikaner-Broederbond, 1990d:2-3). In aantekeninge vir die gesprek met De Klerk en andere wat op 10 Februarie 1990 sou plaasvind, word aangeteken dat die volgende punt van belang bespreek moes word: "Die oorweging van minderheidsregte, groepsregte en verwante sake ten opsigte van toekomstige staatkundige ontwikkeling" (Afrikaner-Broederbond, 1990c:1).

Uit die voorafgaande blyk dit dus duidelik dat die Afrikaner-Broederbond reeds direk ná De Klerk se aankondigings van 2 Februarie 1990, bepaalde voorbehoude gehad het. Van besondere belang was die wyse waarop Afrikaner-identiteit en -belange in die nuwe bedeling geakkommodeer sou word. Dit is opvallend dat die Afrikaner-Broederbond ook reeds besorg was oor die samestelling van die afvaardigings by die onderhandelinge.

Tydens die Bondsraad op 10 Oktober 1990, enkele maande ná die Februarie 1990-aankondigings, sê prof. De Lange in sy voorsittersrede dat daar wegbeweeg moes word van 'n onvolhoubare situasie van magsmonopolie wat eties onhoudbaar was. Hy waarsku: "Maar ewe onhoudbaar sou 'n situasie van magsabdikasie wees. Daar moet sterk seine uitgaan dat ons nie van plan is om ons in magteloosheid in te onderhandel nie." Hy definieer die Afrikaner-Broederbond se rol soos volg: "Ons moet ons invloed gebruik en op ons terrein daaraan help werk sodat stabiliteit, sekuriteit en ekonomiese groei die proses van oorgang van omvorming, steun" (De Lange, 1990:7).

Oor die kwessie van die verteenwoordiging en beskerming van Afrikanerbelange by die onderhandelinge wat moes volg, het die Uitvoerende Raad op 18 Mei 1990 uitvoerig besin:

> Dit is belangrik om te bepaal wie namens die Afrikaner sitting om die onderhandelingstafel gaan inneem. Iemand sal die Afrikaner se belange moet behartig, sy taal, ekonomie, die regstelsel, onderwys, die menseregte ens. As 'n politieke party oor die regte en voorregte van blankes gaan praat, kan die Afrikaner die verloorder wees. (Afrikaner-Broederbond, 1990b:5)

Dit moet egter beklemtoon word dat alhoewel 'n politieke proses hier voorsien is, die Afrikaner-Broederbond ook as Afrikanerbelange-organisasie opgetree het. Bepaalde voorbehoude en kommer was dus vanselfsprekend maar dit het ook gedui op 'n groeiende spanning tussen die Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party. Die kwessie is op 23 Oktober 1990 weer by die UR se Dagbestuur opgehaal en 'n aanbeveling is aan die UR gemaak: "Om 'n geskikte persoon te benoem om vir 'n tyd lank voltyds namens die organisasie en in belang van die Afrikanersaak op te tree" (Afrikaner-Broederbond, 1990a:7). Dat die persoon moontlik De Lange sou wees, het bepaalde verwagtinge geskep en is informeel aanvaar.

Daar is deurlopend kommer uitgespreek oor Afrikanerbelange, en die Uitvoerende Raad spreek tydens 'n vergadering van 1 en 2 November 1991 weer sy besorgdheid uit oor die saak van die Afrikaner by die onderhandelinge. Daar moes aandag gegee word aan: "wie namens

die Afrikaner by die onderhandelingstafel moet optree". Die Nasionale Party was op die tydstip nie meer net 'n party vir Afrikaners nie. Die vereistes rondom taal en onderwys wat die Afrikaner-Broederbond reeds in 1986 geïdentifiseer het, kon dus nouliks bevorder word deur die Nasionale Party. Kommer is ook tydens die vergadering uitgespreek oor die afwesigheid van Afrikaans in amptelike en ook onderhandelingsgesprekke (Afrikaner-Broederbond, 1991a:3).

Dat die regering ander planne gehad het met die onderhandelinge en verteenwoordiging by onderhandelinge, het op hierdie tydstip in die hervormingsproses al duideliker begin blyk. Volgens Stals (2021:619) was daar op 3 September 1990 'n ontmoeting met lede van die Uitvoerende Raad en president FW de Klerk, en hy maan dat die organisasie hom eerder met kultuur moet besig hou en moet waak teen die drang om deel van die regering te word. Dit word later duidelik dat die Afrikaner-Broederbond van die begin af nie deel van die proses sou wees nie, en dié mening is deur De Klerk (1998:190) gestel: "Ek was van mening dat wanneer die tyd ryp is, die regering, – en niemand anders van ons kant nie – die tydsberekening en rigting van die proses moes bepaal. Ons was bekommerd dat goed bedoelde pogings van sakelui en akademici net sake sou vertroebel en die regering se taak bemoeilik."

Die Afrikaner-Broederbond, wat wesenlike voorstelle gemaak het en intens betrokke was by die proses om Afrikaners se ingesteldheid te verander en 'n omgewing te vestig waarin Afrikaners die leiding kon neem, moes sy saak aan die Nasionale Party toevertrou. Volgens Stals (2021:620) was dit vir prof. Pieter de Lange, wat so intens betrokke was by voorbereidende gesprekke, "'n teleurstellende gewaarwording". De Lange was: "onrustig gestem deur die geweldige onsekerheid oor die toekoms wat by Afrikaners posgevat het".

Hoe die NP en die Afrikaner-Broederbond se simbiotiese verhouding tot 'n einde gekom het, word finaal bevestig deur 'n buitengewone vergadering van die Uitvoerende Raad op 25 Februarie 1992. President FW de Klerk het ná die Nasionale Party se nederlaag by die stembus in 'n tussenverkiesing in Potchefstroom op 19 Februarie 1992, 'n dag later 'n blanke referendum aangekondig. Die UR se vergadering het spesifiek oor die referendum gehandel, en watter aanbeveling vir lede gemaak moes word. Tydens die vergadering is bedenkinge uitgespreek oor hoe die proses in die regering sedert 1990 verloop het en hoe onderhandelinge gevoer sou word (Afrikaner-Broederbond, 1992b:1).

Van pertinente belang is twee aspekte wat die verhouding met die NP-regering in die toekoms sou rig. Eerstens word tydens die vergadering gewys op die moontlikheid van ernstige verdeeldheid in die Afrikaner-Broederbond indien die referendum ondersteun sou word. Daar word gewys op hoe die aanbeveling na lede gemaak word, wat "verdere verdeeldheid en moontlik skeuring in die organisasie tot gevolg (kan) hê" (Afrikaner-Broederbond, 1992b:1).

Tweedens word die konteks waarbinne die bespreking gevoer sou word, deur die voorsitter, prof. De Lange, gestel naamlik: "die vertrouensbreuk tussen regering en kieser, die regerende party en die organisasie" (Afrikaner-Broederbond, 1992b:1).

Die volgende belangrike punt wat tydens die vergadering na vore kom, is die verwysing na die feit dat 'n onderneming gegee is dat nog 'n wit referendum gehou sou word om die finale grondwet goed te keur. Dit sou gebeur indien daar van die NP se voorstelle afgewyk word (Afrikaner-Broederbond, 1992b:2). Voortspruitend uit die byeenkoms het De Lange gevolglik in 'n brief aan lede op die belangrikheid en deurslaggewende betekenis van die referendum gewys en daarmee lede by implikasie aanbeveel om 'n "Ja"-stem in die referendum uit te bring (Afrikaner-Broederbond, 1992b:3). Die Ja-stem is wel by implikasie bevorder maar daar was, volgens Theron (2021:2), beslis nie eenstemmigheid daaroor in die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond nie.

Tydens ’n vergadering van die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond op 27 en 28 Maart 1992 is die uitslag van die referendum en die implikasies daarvan ook indringend bespreek. Ten slotte is genotuleer dat die onduidelikheid oor ’n verdere referendum met FW de Klerk opgeneem moes word (Afrikaner-Broederbond, 1992a:5).

Dat die Afrikaner-Broederbond in April 1991 reeds bedenkinge gehad het oor die verloop van onderhandelinge, word bevestig in ’n besprekingsdokument:

> Dit is opmerklik dat, sedert 2 Februarie 1990, die leiers van die regering en die ANC goed met mekaar oor die weg kom, terwyl die onderskeie steungroepe steeds ver van mekaar verwyderd is! ’n Elite-skikking kan voorts daartoe lei dat die grondwet om die persoon van bepaalde leiers gebou word en dat die vervanging van leiers tot ’n grondwetlike krisis aanleiding gee. Dit is gevolglik noodsaaklik dat die proses van onderhandelinge na haarwortelvlak uitgebrei word. (Afrikaner-Broederbond, 1991b:33)

Daar is in die voorafgaande aangetoon dat die aankondigings van 2 Februarie 1990 deur FW de Klerk die Afrikaner-Broederbond onverhoeds betrap het. Die onafwendbare proses wat daarna gevolg het, het ’n momentum geskep wat die NP nie kon beheer nie, en nog minder die Afrikaner-Broederbond. Dit sou moontlik verhoed kon gewees het deur ’n deeglike strategiese raamwerk vir onderhandelinge, waarin die Afrikaner-Broederbond ’n rol kon speel; ’n ooreengekome uitkoms tussen Afrikaners kon volg, waarvolgens Afrikanerbelange bevorder kon word. De Lange se standpunt in die Uitvoerende Raad kort voor die referendum van 17 Maart 1992, dat daar ’n vertrouensbreuk tussen die Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party ontwikkel het, is aanduidend van die groot kloof wat tussen hierdie oorvleuelende organisasies ontstaan het.

Vervolgens kan enkele evaluerende perspektiewe beklemtoon word.

## Gevolgtrekkings

Met die stelselteorie van Easton as breë raamwerk toegepas op die Suid-Afrikaanse konteks vanaf 1976 tot 1992, is daar uitgelig watter rol die Afrikaner-Broederbond as ’n vertroulike Afrikanerbelangegroep gespeel het deur middel van insette tot die politieke besluitnemingsproses, meer spesifiek van die regering en die Nasionale Party. Die stelselanalise wat as teoretiese raamwerk dien vir die navorsing tot hierdie artikel plaas die Afrikaner-Broederbond volledig binne die politieke stelsel as ’n akteur. Die Afrikaner-Broederbond het deur insette wel beleid beïnvloed en in die terugvoerproses uit die stelsel is kiesers ingelig en beïnvloed. Die noue interaksie van die Afrikaner-Broederbond as ’n dinkskrum van die Nasionale Party bevestig die koppeling binne die stelselanalise. Die insette en eise tot die stelsel het enorme druk daarop geplaas met gevolglike stelselonstabiliteit in die 1980’s deur sanksies, isolasie en binnelandse terreur en massa-aksie en het gelei tot ’n staatkundige krisis. Deur die interaksie met die regering is beleid aan die uitsetkant van die stelsel beïnvloed. In die stelsel is terugvoer gegee aan lede, wat oorwegend die kiesers van die Nasionale Party was.

As rolspeler in die stelsel kon die Afrikaner-Broederbond ook krities konstruktief meewerk aan verandering. Die toepassing van apartheid is deur al meer mense en instansies binne die politieke stelsel, waaronder die Afrikaner-Broederbond, gekritiseer, beide van regs en van links. Apartheid is vanuit die volgende perspektiewe bevraagteken:

- Die internasionale druk wat deur sanksies en isolasie teweeggebring is.
- Die ekonomiese onvolhoubaarheid van apartheid.
- Die demografie en verstedeliking wat die teenoorgestelde effek gehad het as wat met


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

die tuislandbeleid beoog is.
- Die ANC se toenemende internasionale invloed en ondersteuning en die morele hoë grond wat hulle daardeur beklee het.
- Binnelandse opstande en toenemende onstabiliteit om die land onregeerbaar te maak.
- Al meer druk vanuit wit en Afrikanergeledere, waaronder die Afrikaner-Broederbond en ander intellektuele uit Afrikanergeledere.
- 'n Toenemende besef dat die apartheidstelsel met onreg en onmenslikheid gepaard gegaan het.

Al hierdie faktore is deur die Afrikaner-Broederbond sowel as die NP en regering oorweeg. Staatkundige hervormings was gevolglik onafwendbaar. Prof. Pieter de Lange se evaluering van die toepassing van apartheid was dat:

- "Die immoraliteit van apartheid het teen die hemele geskreeu."
- "Ons (Suid-Afrika) was besig om in bankrotskap te gaan, en teen die einde van die 1990's sal als in duie gestort het."
- "Ons sal mekaar in die strate begin doodmaak het". (De Lange, 2006:2-6)

Die 2 Februarie 1990-aankondigings deur president FW de Klerk was uiteindelik onafwendbaar. Dit is gedoen binne die vensters van geleentheid wat daargestel is, naamlik die val van kommunisme, en die val van die Berlynse muur.

Die uiteindelike proses wat gevolg het en wat in die navorsing uitgelig is, dui op die volgende:

- Die 2 Februarie 1990-aankondigings moet beskou word teen die agtergrond van onstabiliteit en die venster van geleentheid vir hervorming. De Klerk kon vir 'n wyle deur sy beleidsverandering-aankondigings die morele hoë grond betree deur leiding te neem met verreikende hervormings.
- Die Afrikaner-Broederbond het deur sy aanvoorwerk en insette gehelp om die klimaat in die Afrikaner-establishment te vestig wat sou lei tot die beëindiging van die ideologie en toepassing van apartheid.
- Die Afrikaner-Broederbond het homself gevestig as 'n Afrikanerbelangegroep en dinkskrum aanvanklik grootliks binne of baie naby aan die NP, wat belangrike insette kon lewer tot die politieke omgewing en stelsel waarbinne die organisasie gefunksioneer het.
- Aangesien die skikking en bedeling wat daarop gevolg het, alle lewensfere sou raak, kon dit nie bloot 'n politieke skikking of elite-skikking wees, soos dit uiteindelik was nie. Ander rolspelers wat bepaalde belange kon behartig en bevorder tydens onderhandelinge, kon moontlik gehelp het met bepaalde taal- en kultuuraangeleenthede.
- Afrikanerbelange soos duidelik gedefinieer in die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* van 1986 het bepaalde veronderstellings gehad. Die Afrikanerbelange sou deur die Nasionale Party en ander partye bevorder word, maar in die proses van skikking en onderhandelinge het die belange verwater geraak en is dit later op 'n syspoor gerangeer. Die druk van onderhandelinge het die proses beïnvloed om later, ter wille van enige skikking en teen elke prys, wel 'n skikking te bereik. Die implikasies hiervan is vandag nog waarneembaar.
- Die Afrikaner-Broederbond het deurgaans sy kommer uitgespreek oor Afrikanerbelange wat binne 'n duidelike omskrywing van groepsregte met wigte en teenwigte in 'n grondwet gestalte en beskerming moes kry.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

- Daar was oorweldigende steun deur wit kiesers vir 'n Ja-stem in die 17 Maart 1992-referendum om die beginsels onderliggend aan 'n onderhandelde politieke skikking goed te keur. Die Afrikaner-Broederbond het die Ja-stem by implikasie bevorder, maar dit was op grond van die veronderstelling van 'n opvolgreferendum om die finale voorstelle vir die grondwet by die wit bevolking te toets. Die tweede referendum het egter nooit plaasgevind nie.
- Die Afrikaner-Broederbond het 'n prys betaal vir sy noue verhouding met die NP. Die Afrikaner-Broederbond het reeds voor 1985 ten minste twee direkte skeurings van soortgelyke aard as die NP-skeurings beleef. Deur sy nougesette optrede sedert 1985 wou die Afrikaner-Broederbond deurentyd kulturele skeidings of skeurings vermy. Dit het egter ook in die Afrikaner-Broederbond gelei tot versigtigheid oor verskil en kritiek met nuwe inisiatiewe.

Die voorafgaande het aangetoon dat die Afrikaner-Broederbond lojaal betrokke was binne die stelsel, en die Nasionale Party oor dekades heen ondersteun het. Die marginalisering en uitsluiting van die Afrikaner-Broederbond as rolspeler in latere beleidsprosesse en onderhandelinge het nadelige gevolge vir Afrikanerbelange gehad.

Die vraag of die grondwetlike bedeling wat onderhandel is, vandag voldoen aan die basiese staatkundige voorwaardes vir die voortbestaan van die Afrikaner, bly 'n ope vraag. Die politieke mag is afgestaan en deur diskriminerende wetgewing word ekonomiese mag ook ingeperk. Die groot uitdaging vir Afrikaners is om nou self hulle kulturele identiteit te beskerm en te bevorder.

Die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan* van die Afrikaner-Broederbond het bepaalde vereistes gestel vir 'n nuwe staatkundige bedeling wat aan Afrikaners se vrese moes voldoen. Aan die een kant was dit duidelik dat die verwagting daargestel is dat Afrikaners die leiding moes neem met onderhandelinge om bepaalde Afrikanerbelange te beskerm, maar tot so 'n mate dat dit aanvaarbaar moes wees vir die meerderheid.

Die vereistes moet in die tydsgees van 1986 geëvalueer word. Daar was 'n noodsaak aan staatkundige hervorminge wat die swart bevolking moes akkommodeer. As kultuurgroep kon Afrikaners deur hulle organisasies en politieke partye bepaalde verwagtinge koester wat nie altyd realisties was nie.

Die navorsing asook die uitkomste van die nuwe staatkundige bedeling het aangetoon dat die bestaansvoorwaardes ernstige leemtes of tekortkominge het vir onderhandelinge. Met die perspektiewe wat ons vandag oor die staatkundige bedeling het, in teenstelling met die verwagtinge wat in 1986 in die vooruitsig gestel is, kon sake anders verloop het.

Daar is in die voorafgaande bevestig dat die Nasionale Party en De Klerk die internasionale venster van geleentheid benut het. 'n Verdere huiwering tot staatkundige inisiatiewe kon die situasie binnelands en internasionaal net vererger het. Tesame hiermee moet die moontlikheid ook in ag geneem word dat die Nasionale Party op enige tydstip as gevolg van groeiende ongeduld oor veranderinge, steun na die linkerkant kon verloor het, maar dat ongelukkigheid en spanning oor hervormings terselfdertyd steun na die regterkant kon laat groei het. Die vraag is daarom nie of die Nasionale Party en De Klerk met staatkundige veranderinge en hervorming moes voortgaan nie. Suid-Afrika was teen die einde van die 1980's op 'n kantelpunt en onstabiliteit sou groter en bloedige gevolge vir die stelsel kon inhou.

Daarom moes 2 Februarie 1990 en die hervormings wat aangekondig is, wel plaasvind. Veel belangriker is egter die evaluerende perspektief oor die wyse waarop dit gebeur het en hoe dit bestuur is. Daar is duidelike tekens dat die aankondigings gemaak is met inagneming van 'n klein binnekring wat oor die raamwerk ingelig is. Selfs nie eers die sekuriteitsinstellings


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

is vooraf daaroor ingelig of geraadpleeg nie. Ook die Afrikaner-Broederbond, wat as die Nasionale Party se dinkskrum opgetree het, is onverhoeds betrap. Cloete (2023) is van mening dat die Machiavelliaanse strategie ingespan is juis omdat baie Afrikaners ’n onrealistiese verwagting gehad het dat hulle selfbeskikking grootliks onveranderd behou kon word.

Die geskiedenis toon dat die NP self onkant betrap is deur die momentum wat op die 2 Februarie 1990-aankondigings gevolg het. Gevolglik dui alles daarop dat die momentum van die proses van onderhandelinge die NP ingehaal het. Oplaas en in die drukgang van onderhandelinge was dit ’n politieke en elite-skikking. Soveel belangegroepe wat insette tot onderhandelinge kon lewer, is uiteindelik nie optimaal betrek by voorbereidings vir en die proses van onderhandeling nie. As gevolg van tydsdruk het sake soos groepsregte, taalregte, amnestie en ander morele kwessies op die kantlyn beland. Daar was uiteindelik ook net te veel benaderings en uiteenlopende perspektiewe, wat ook in die Afrikaner-Broederbond teenwoordig was. Dit het sake moontlik vererger.

Die uiteindelike ironie is dat die NP, wat Afrikanerbelange sou bevorder, in die nuwe bedeling in die ANC opgeneem is – ’n tragiese einde vir die Nasionale Party en die staatkundige prosesse wat die party deurlopend moes evalueer en monitor. Met dié inploffing het die NP sy verantwoordelikheid in die nuwe staatkundige bedeling teenoor sy ondersteuners, veral Afrikaners, versaak.

Afrikaners se uiteenlopende politieke verdelingspatrone van die verlede gaan steeds voort. Vandag bevind Afrikaners hulself steeds, soos in die verlede, in verskillende politieke partye met wyd uiteenlopende ideologiese oortuigings. Dit sluit nietemin nie uit dat Afrikaners vanuit verskillende agtergronde openhartig met mekaar kan en moet praat oor ’n kollektiewe staatkundige toekoms indien dit vir hulle belangrik is nie. Afrikaners moet leer uit die lesse van die verlede. Dit verg ’n balans in optrede oor sake wat Afrikaner-spesifiek is en sake wat elke Suid-Afrikaner, ook Afrikaners, raak.

## BIBLIOGRAFIE

Afrikaner-Broederbond. 1968. ’n Historiese oorsig: Die Afrikaner-Broederbond (50 jaar) 1 Oktober 1968. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1977. Meesterplan vir afsonderlike ontwikkeling met die oog op ’n blanke toekoms, veral met betrekking tot die Bantoe Unie 1977. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985a. Notule: Bondsraad 11 en 12 Oktober 1985 Hartbeesjeugterrein. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1985b. Notule: Uitvoerende Raad 2 en 3 Augustus 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985c. Notule: Uitvoerende Raad 18 en 19 Februarie 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985d. Notule: Uitvoerende Raad 17-19 Januarie 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985e. Notule: Dagbestuur Uitvoerende Raad 12 Oktober 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1986. Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner. (BSV) , November 1986. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1987. Notule: Uitvoerende Raad (Bylaag D Resultate van Dinkskrum Staatkundige ontwikkeling), 3 April 1987. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1989. Konsep-riglyne vir die Staatkundige Gesprek, 1989. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1990a. Notule: Uitvoerende Raad Dagbestuur, 23 Oktober 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1990b. Notule: Uitvoerende Raad Dagbestuur, 18 Mei 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1990c. Notule: Uitvoerende Raad Notas vir gesprek met De Klerk, Viljoen en ander lede van kabinet, 10 Februarie 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1990d. Notule: Uitvoerende Raad, 9 Februarie 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1990e. Notule: Uitvoerende Raad Informele notas in reaksie op die 2 Februarie 1990 aankondigings, 8 Februarie 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1991a. Notule: Uitvoerende Raad, 1 en 2 November 1991. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1991b. Stand van Grondwetlike Hervorming in Suid-Afrika, April 1991. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1992a. Notule: Uitvoerende Raad, 27 en 28 Maart 1992. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1992b. Notule: Uitvoerende Raad (Buitengewone vergadering), 25 Februarie 1992. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1996. Die AB se rol in die hervormingsproses dokumentebundel – 1 (Prof de Lange dokumentel). AB Hoofkantoor. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikanerbond. 1997. Draer van ’n Ideaal. AB Hoofkantoor. Johannesburg: Die Afrikanerbond.

Cloete, F. 2021. Beleidsdiskriminasie, -verandering en entrepreneurskap: Beperkte politieke regte vir “Kleurlinge” in Suid-Afrika tot 1979. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 61(4-2):1-27. http://www.scielo.org.za/pdf/tvg/v61n4-2/03.pdf.

Cloete, F. 2023. Die Nasionale Party se Machiavelliaanse strategieë vir demokratisering in die 1980’s en 1990’s in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* Jaargang 63(2):262-284. http://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2023/v63n2a6.

Cronje, F. 2013. *Beyond the High Road: A scenario analysis of the prospects for political stability or instability in South Africa over the period to 2024.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

De Klerk, FW. 1998. *Die outobiografie: Die laaste trek, ’n nuwe begin*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Klerk, FW. 2015. Ons toekoms is in ons eie hande. AB Hoofkantoor. Voortrekkermonument, Pretoria: Afrikanerbond.

De Klerk, W. 1991. *FW De Klerk : Die man en sy tyd*. Kaapstad:Tafelberg.

De Klerk, W. 1997. Gerrit Viljoen se leierskap van die Afrikaner-Broederbond. In: Louw, Bernhard & Van Rensburg, F. reds. *Bestendige binnevuur: perspektiewe op Gerrit Viljoen by geleentheid van sy een en sewentigste verjaardag op 11 September 1997*. Kaapstad: Tafelberg.

De Klerk, W. 1999. *Afrikaners, Kroes, kras, kordaat*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Lange, P. 1985. *AB se take en doelwitte vir die Afrikaner in die jare tagtig, 11 Oktober 1985*. Referaat gelewer by geleentheid van die Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hartbeesjeugterrein, 11 Oktober 1985.

De Lange, P. 1990. *Die AB in die negentiger jare*. Referaat gelewer by die Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hartbeesjeugterrein, 10 Oktober 1990.

De Lange, P. 1993. *Die omvorming van die AB*. Referaat gelewer by die Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hartbeesjeugterrein, 25 September 1993.

De Lange, P. 2006. Onderhoud met Pieter de Lange deur Max Du Preez [Persoonlike onderhoud]. 2006. Ongepubliseerd. AB Hoofkantoor, Randburg.

Du Preez, M. 2012. Intruduction to the 2012 Edition. In: Wilkins, I. & Strydom, H. eds. *The Super-Afrikaners Inside the Afrikaner Broederbond*. Jeppestown: Jonathan Ball Publishers.

Easton, D. 1965. *A Systems Analysis of political life*. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Geldenhuys, D. 2022. *Betwiste staatskap: Die TBVC-state in vergelykende internasionale perspektief*. (LitNet Akademies. Geesteswetenskappe). https://www.litnet.co.za/betwiste-staatskap-die-tbvc-state-in-vergelykende-internasionale-perspektief/ [Toegang: 24 Maart 2022].

Gevisser, M. 2009. *Thabo Mbeki : the dream deferred*. Jeppestown: Jonathan Ball Publishers.

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners : 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Heywood, A. 2013. *Politics*. Fourth Edition. Hampshire: Palgrave Macmillan.

Kotzé, H & Van Wyk, K. 1986. *Politieke konsepte*. Johannesburg: Lex Patria - Perskor.

Kriek, D. 1984. Easton. In: Faure, AK, DJ, reds. *Die moderne politieke teorie*. Durban/Pretoria: Butterworth, pp. 537-578.

Meyer, P. 1963. *Ons taak vorentoe*. Referaat gelewer by die Bondsraad van die Afrikaner-Broederbond, Tweefontein, Bapsfontein, 21 Mei 1963.

Meyer, P. 1968. *Die geskiedenis van die AB en die AB in die hede*. Referaat gelewer by die Bondsraad (Afrikaner-Broederbond), Tweefontein in Bapsfontein, 1 Oktober 1968.

Pelzer, A. 1979. *Die Afrikaner-Broederbond: Eerste 50 Jaar*. Kaapstad: Tafelberg.

Plano, JC. 1976. *Political science dictionary*. Hinsdale, Ill: Dryden P.

Roskin, MGCRLMJA. 1991. *Political science : an introduction*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Shonk, K. 2021. *What is Conflict Resolution, and How Does It Work?* https://www.pon.harvard.edu/daily/conflict-resolution/what-is-conflict-resolution-and-how-does-it-work/ Toegang: 22 Maart 2022.

Sparks, A. 1995. *Tomorrow is another country : the inside story of South Africa's negotiated revolution*. Sandton: Struik.

Stals, ELP. 2021. *Die Broederbond: Die Geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond, 1918-1994*. Johannesburg: Die Afrikanerbond.

Theron, P. 2021. Onderhoud met Prof. Piérre Theron [Persoonlike onderhoud]. 15 Desember 2021, Ongepubliseerd: Navorsingsonderhoud in Groot-Brakrivier, deur Jan Bosman. AB Hoofkantoor, Randburg.

Verloren van Themaat, J & Wiechers, M. 1985. *Staatsreg*. Durban: Butterworth.

Viljoen, G. 1980. *Die balans tussen ideaal en werklikheid*. Referaat gelewer by die Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hartbeesjeugterrein, 2 September 1980.

Waldmeir, P. 1997. *Anatomy of a miracle : the end of Apartheid and the birth of a new nation*. London: VIKING.

Welsh, D. 2009. *The rise and fall of apartheid*. Johannesburg; Cape Town: Jonathan Ball Publishers.

Zartman, I. 1987. *The 50% solution: How to bargain successfully with hijackers, strikers, bosses, oil magnates, Arabs, Russians, and other worthy opponents in this modern world*. New Haven & London: Yale University Press.



doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a3

# Patrone van onstabiliteit in die Suid-Afrikaanse politieke omgewing – ’n tendens-ekstrapolasie

***Patterns of instability in the South African political environment – a tendency extrapolation***

**André Duvenhage**
Politieke Wetenskap, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Andre.Duvenhage@nwu.ac.za



André Duvenhage

**André Duvenhage** is ’n navorsingsprofessor aan die NWU; ’n politieke wetenskaplike, en spesialiseer in die veld van politieke verandering met as toepassing die Suid-Afrikaanse verband. Hy is ’n bekende in media- en joernalistieke kringe en word dikwels as politieke kommentator gehoor. Hy is reeds meer as 35 jaar verbonde aan akademiese instellings soos die UFS en die NWU. Sy groot belangstelling is die toekoms en hy werk ook in die veld van scenario-ontledings.

**André Duvenhage** is a Research Professor at the NWU; a political scientist, and specialises in the field of political change as applied to the South African context. He is well-known in media and journalistic circles, and is often heard as political commentator. He has already been attached longer than 35 years to academic institutions like the UFS and the NWU. His major interest is the future and he also works in the field of scenario analysis.

## ABSTRACT

Patterns of instability in the South African political environment – a tendency extrapolation
*This research entails an investigation of the political environment aimed at key variables in the South African society, politics and economy, and the short-term impact thereof on political stability/instability in South Africa. The central point of departure of this study is that politics in South Africa has reached a tipping point and that many changes are currently taking place, with far-reaching implications for the political, economic and social order, structure and general stability. In terms of a brief conceptualisation of* state, weakening of the state, political system *and* system stability, *an analytical framework is used to identify key factors in the political, economic, societal and international environments, as well as to indicate the impact and possible impact thereof on stability/instability. With this theoretical, analytical framework as general point of departure, and the extensive use of factual details (as well as data, figures and empirical material) to verify assumptions and points of departure, the core conclusion of this research (the trend extrapolation) is that a period of serious political instability stares*

**Datums:**
Ontvang: 2023-04-17 Goedgekeur: 2023-10-16 Gepubliseer: Desember 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

*South Africa in the face on the shorter and medium term, that cannot merely be ignored. Given such dire circumstances it should be evident that fundamental reform is imperative in order to prevent future patterns of political instability and institutional degeneration.*

**KEYWORDS:** South African politics; political environment investigation; political tipping point; tendency extrapolation; system stability; political instability; patrimonialism; elections; opinion polls

**TREFWOORDE:** Suid-Afrikaanse politiek; politieke omgewingsverkenning; politieke kantelpunt; tendensekstrapolasie; stelselstabiliteit; politieke onstabiliteit; patrimonialisme; verkiesings; meningspeilings

**OPSOMMING**

Hierdie navorsing is 'n politieke omgewingsverkenning wat toegespits is op kernveranderlikes in die Suid-Afrikaanse samelewing, politiek en ekonomie, en watter uitwerking dit op die korter termyn kan hê op politieke stabiliteit/onstabiliteit in Suid-Afrika. Die sentrale uitgangspunt van hierdie studie is dat die Suid-Afrikaanse politiek 'n kantelpunt bereik het, en dat talle veranderinge tans plaasvind met verreikende implikasies vir politieke, ekonomiese en maatskaplike orde, struktuur en algemene stabiliteit. Op grond van 'n kort konseptualisering van *staat*, *staatsverswakking*, *politieke stelsel* en *stelselstabiliteit* is 'n analitiese raamwerk gebruik om kernfaktore binne die domeine van die politiek, ekonomie, samelewing en internasionale omgewing te identifiseer, en die uitwerking en moontlike uitwerking daarvan op stabiliteit/onstabiliteit aan te dui. Met hierdie teoretiese, analitiese raamwerk as algemene uitgangspunt, en die uitgebreide gebruik van feitelike besonderhede (asook data, syfers en empiriese materiaal), om aannames en uitgangspunte te verifieer, is die kernbevinding van hierdie navorsing (die ekstrapolasie van die tendens) dat 'n periode van ernstige politieke onstabiliteit op die korter en medium termyne vir Suid-Afrika voorlê, wat nie sonder meer geïgnoreer kan word nie. Fundamentele hervorming blyk dringend noodsaaklik te wees binne hierdie geïdentifiseerde omstandighede om toekomstige patrone van politieke onstabiliteit en institusionele verval af te weer.

## 1. Inleiding

Die Soweto-opstand van 1976 het skokgolwe deur die politieke establishment van daardie tyd gestuur. Die boodskap was dat alles nie is soos dit veronderstel was om te wees nie – ondanks 'n sterk staat, weermag en polisie. Dit was die begin van verandering. Die Driekamerparlement, onderhandelinge, die Nasionale Akkoord en uiteindelik die 1996-Grondwet het gevolg. In 2023, sowat 36 jaar later, is die *staat* as instelling ernstig verswak, die ekonomie verkeer in krisis, en maatskaplike uitdagings neem toe. Die voltooide verslag van die Zondo-kommissie van ondersoek na staatskaping hou verreikende implikasies in vir invloedryke individue en lede van die politieke elite – veral die ANC-elites, kaders, asook die bestaande veiligheidsorde.[1] Staatskaping is 'n beslissende faktor rakende ons konstitusionele demokrasie, soos vergestalt in die 1996-Grondwet; die beginsel van verantwoordbare regering en aanspreeklikheid, asook die oppergesag van die reg – maar veral vir die ANC-regering en die weifelende leierskap van

[1] Die omvang van staatskaping word uitgebreid in verskeie werke en bydraes hanteer waaronder Johnson (2015); Pauw (2017); Swilling & Chipson (2018), en Myburg (2019).

Cyril Ramaphosa se sogenaamde "long game". Myns insiens raak dit heelwat meer as 'n onbekwame en ondoeltreffende regering en onbekwame owerheid (regime), maar die *staat* as *staat* wat in krisissituasie verkeer.

Tydens 9-17 Julie 2021 (kort ná die arrestasie van Jacob Zuma weens minagting van die Zondo-kommissie), beleef Suid-Afrika die mees gewelddadige episode van politieke geweld, plundery en xenofobie in die geskiedenis van die nuwe demokrasie (Vhumbunu, 2021:1-10). Sowat 3 407 mense is in hegtenis geneem; 337 is gedood (tot en met 22 Julie 2021), en 'n reënboognasie was aan skerwe, soos veral geblyk het uit die konflik tussen Indiërs en swartmense en in mindere mate tussen swart en wit. Hierdie bedeling het sy *kantelpunt* bereik en ernstige vrae word gevra oor Suid-Afrika se toekoms, in besonder oor die volhoubaarheid van die nuwe grondwetlike bedeling as uitkoms van die 1996-Grondwet.[2] Soos in 1976, word die boodskap oorgedra dat daar ernstig fout is, dat verandering onafwendbaar is, en dat 'n baie onsekere toekoms talle Suid-Afrikaners in die gesig staar.

Hierdie onsekerheid is verder beklemtoon toe die ANC as dominante party (sedert 1994 en in al die daaropvolgende verkiesings), tydens die 2021- plaaslike verkiesings vir die eerste keer nie 'n volstrekte meerderheid behaal het nie. Met sowat 47,5% steun neig die trajek van die ANC steeds afwaarts; die steun in metropole het 'n laagtepunt bereik waar die ANC telkens beheer verloor het en politieke onstabiliteit eskaleer, soos die situasie in onder meer die stad Tshwane tans beklemtoon. In sowat 66 munisipale rade sonder volstrekte meerderhede definieer koalisiepolitiek nuwe politieke spelreëls (vergelyk Mashinini, 2021:1-3). Koalisiepolitiek as uitkoms van die voorafgaande lei dikwels tot moeiliker besluitnemingsprosesse, selfs besluitloosheid. Die Suid-Afrikaanse samelewing, politiek en ekonomiese orde word toenemend blootgestel aan patrone van ongekende onstabiliteit met verreikende implikasies. Dit raak nie net die grondwetlike bestel nie, maar ook die *staat* as instelling wat waardes en skaars middele gesaghebbend moet toewys ingevolge die aanvaarde soewereiniteitsbeginsel soos op state van toepassing. In omstandighede van staatsverswakking en staatkundige verval verloor die staat hierdie vermoë en ander rolspelers vervul hierdie funksie namens, en dikwels in mededinging met die staat.

Hierdie navorsing beoog om 'n bestekopname (politieke omgewingsverkenning) te maak van die huidige situasie in Suid-Afrika (waarna ook verwys word as die *post-kantelpunt politiek*), en wat moontlik vir Suid-Afrikaners voorlê ingevolge politieke stabiliteit/onstabiliteit oor die korter en medium termyn, inaggenome die opkomende 2024-verkiesing as net een belangrike aspek. Die fokuspunt van die politieke omgewingsverkenning is die ekstrapolasie van die patroonmatigheid van politieke onstabiliteit binne die Suid-Afrikaanse politiek, in besonder wat in die toekoms in hierdie verband verwag kan word. *Hipoteties word geredeneer dat talle faktore binne die politieke, ekonomiese, maatskaplike en internasionale omgewings bydraend is tot eskalerende politieke onstabiliteit in Suid-Afrika oor beide die korter en medium termyne*. Verandering, selfs fundamentele verandering, blyk in die omstandighede onafwendbaar te wees. Die segswyse dat daar geen stilstand is nie; dit is óf vooruitgang óf agteruitgang, blyk hier geldig te wees. Die vertrekpunt van die studie (ook voorgehou as 'n hipotese) is derhalwe dat die volgende 18 maande tot twee jaar (en selfs die daaropvolgende periode) belangrik en bepalend kan wees, nie net vir demokratiese en konstitusionele praktyke nie, maar vir orde, stabiliteit en sekerheid, en daarom ook die funksionering van die *staat* as *staat*

[2] Rakende die omvang van die geweld in KZN en Gauteng raadpleeg Cotterill (2021:3); Harding (2021:4) en Thamm (2021:2).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

en wat daardeur veronderstel word. In die lig van verdere en selfs eskalerende politieke onstabiliteit (en die wete dat politieke stabiliteit ’n belangrike voorwaarde is vir ’n funksionerende demokrasie) kan die vraag met reg gevra word: *Is Suid-Afrika, soos Hongarye, Pole en Indië, teen die agtergrond van eskalerende politieke onstabiliteit ’n mislukte grondwetlike eksperiment?* (Vergelyk Balthazar, 2022:1-3).

In aansluiting by bostaande argumente het die HUB van Pick & Pay, Gareth Ackerman, onlangs gewaarsku dat Suid-Afrika ’n voedselkrisis in die gesig kan staar wat tot geweld en onstabiliteit kan lei (Daily Investor, 2023). Op sy beurt het Iain Williamson (HUB van Old Mutual) in ’n toespraak voor die *Bloomberg Future of Finance Conference* (Junie, 2023) gewys op die risiko’s van eskalerende sosiale onrus, nievolhoubare dienslewering, en selfs moontlike internasionale sanksies vir politieke stabiliteit in Suid-Afrika. Price-Waterhouse-Coopers (PWC) het in ’n onlangse verslag verwys na wat genoem word “social unhappiness boiling over”, en beklemtoon verskeie faktore wat onstabiliteit in Suid-Afrika kan bevorder (PWC, 2023). Daar is ook in onlangse jare telkens verwys na ’n “Suid-Afrikaanse Lente” wat onderweg is (Jacobs, 2023). Gumede (2021) se perspektief “we are going the Mexican way” moet ook in hierdie verband beoordeel word.

Hierdie artikel is toegespits op ’n ontleding van strategiese faktore binne die Suid-Afrikaanse politiek op die korter en medium termyne deur van ’n politieke omgewingsverkenning as vertrekpunt tot tendens-identifisering en -ekstrapolasie (politieke stabiliteit/onstabiliteit) gebruik te maak. Hierdie is nie ’n poging om alternatiewe scenario’s oor Suid-Afrika se politieke toekoms te ontwikkel nie, maar om net ’n projeksie (of prognose) te maak ten opsigte van die vooruitsigte op politieke stabiliteit in Suid-Afrika, en wat oor die korter en medium termyne in dié verband verwag kan word.

Uitgaande van ’n politieke omgewingsverkenning sal onlangse data en perspektiewe gebruik word om die vooruitsigte rakende veranderende politieke stabiliteitspatrone te identifiseer en te beoordeel. Hedendaagse data, inligting en mediaberigte wat bou op ’n analitiese en teoretiese raamwerk en konseptualiserings sal vir hierdie doel gebruik word. Tendens-ekstrapolasie verwys in hierdie opsig na die identifisering van ’n bepaalde patroon of tendens op grond van historiese en huidige omstandighede, waarvandaan projeksies van ’n bepaalde aspek of onderwerp (in hierdie geval politieke stabiliteit/onstabiliteit) gemaak kan word en die implikasies daarvan beoordeel kan word.[3]

Fokuspunte van die aanbieding is:

- Kontekstualisering van die huidige situasie;
- Konseptualiserings en teoretiese vertrekpunte;
- Kernveranderlikes in die huidige konteks (polities, ekonomies, maatskaplik en internasionaal), en
- Gevolgtrekkings en beoordeling van die huidige stand van sake.

[3] Die uitkomste/gevolgtrekkings van die artikel beoog nie die ontwikkeling van scenario’s nie, maar slegs tendens-identifisering rakende die toekoms van politieke stabiliteit in Suid-Afrika op die korter en medium termyne. Tendens-ekstrapolering impliseer hier die keuse van parameters binne die bepaalde politieke omgewing as vertrekpunt; ’n breë verkenning van hierdie faktore (in die geval ’n omgewingsverkenning); die identifisering van tendense of patrone in hierdie verband; die seleksie van beredenering van eskalerende en de-eskalerende faktore ten opsigte van politieke stabiliteit binne ’n bepaalde tydraamwerk; en die ekstrapolering van die tendens op grond van ’n bepaalde tydraamwerk, asook die beoordeling daarvan.

## 2. Post-kantelpuntpolitiek – die huidige situasie in konteks

’n *Kantelpunt* (“tipping point”) verwys na ’n *kleiner krag* (of gebeurtenis) wat ’n reeds gedeeltelik onstabiele situasie verby ’n bepaalde drempelpunt dwing, met verreikende implikasies vir die **stabiliteit** van ’n bepaalde orde of stelsel – in hierdie geval polities van aard. In ’n artikel getiteld *Foreseeing the unforeseeable* (2013:20-25), wys Andrew Nathan daarop dat die gebeurtenis wat ’n *kantelpunt* veroorsaak meestal baie moeilik vooraf bepaalbaar is. Verskeie moontlike oorsake, byvoorbeeld ’n natuurramp, opstand, ekonomiese krisis asook sosiaal-maatskaplike omstandighede kan dien as snellermeganismes om die *kantelpunt* te bepaal. Die dood van Mohamed Bouazizi op 17 Desember 2010 word allerweë beskou as die sneller wat die *Arabiese Lente,* ’n kantelpunt, veroorsaak het, met verreikende implikasies vir politieke en regime-stabiliteit in die Midde-Oosterse streek (Cronje, 2017:13).

Deur vandag se tegnologies gevorderde kommunikasie (sosiale media ensovoorts), kan bepaalde beelde (soms blote persepsies) geskep word wat snelle verandering in die hand kan werk. Die gewelddadige konflik tussen Rusland en die Oekraïne asook die huidige konflik in die Midde-Ooste is voorbeelde hiervan. Laasgenoemde impliseer waarskynlike *kantelpunte* vir Europese, Asiatiese, Midde-Oosterse en moontlik selfs die wêreldpolitiek. Indien die genoemde oorloë verder sou eskaleer, wat ’n groot moontlikheid is, kan dit een van die groter kantelpunte in die onlangse geskiedenis wees en selfs geboorte gee aan ’n algehele nuwe wêreldorde. Nathan (2013:20-27) beskryf hierdie tendens soos volg: “... (a) tipping point belongs to a paradoxical class of events which are inevitable but not predictable. Other examples are bank runs, currency inflations, strikes, migrations, riots and revolutions”.[4]

In ’n artikel *Suid-Afrika by ’n kantelpunt –’n slegte-saak scenario* (Duvenhage, 2020:1-28) is geargumenteer dat Suid-Afrika voor ’n *kantelpunt* staan vanweë kombinasies van politieke, ekonomiese en maatskaplike omstandighede; dat hierdie kantelpunt onomkeerbaar is, en dat die mees waarskynlike scenario ’n *slegte-saak scenario* gaan wees. Selfs ’n vorm van *verdeelde soewereiniteit* (verbrokkeling van die Suid-Afrikaanse staat) word op die langer termyn binne hierdie scenario in die vooruitsig gestel (2020:20). In ’n daaropvolgende artikel, *Die Suid-Afrikaanse politieke bestel: krisis, oorlewing (?) en die toekoms (2021),* is geredeneer dat hierdie krisis veel groter is as wat algemeen erken en aanvaar word, veral in die media; dat die kantelpunt nie net bereik is nie, maar dat die dieptepunt van hierdie krisis nog onderweg is. RW Johnson (2021) beskryf hierdie toedrag van sake as: “almost everything is going wrong ... And things are out of control”. Die gebeure van 9-17 Julie 2021, asook die huidige onstabiliteit in die land, die Phala Phala-episode inbegrepe (met die doel om president Cyril Ramaphosa van die politieke toneel te verwyder), het hierdie perspektief bevestig en verdien nadere ondersoek.[5]

Hoewel allermins onverwags, en ondanks waarskuwings vanuit verskeie geledere, waaronder die Radikale Ekonomiese Transformasiegroep (RET-groep) binne die ANC, leiers binne die EFF, asook akademici en besorgdes, is die regering onkant betrap deur wat tussen

---

[4] Die werk van Malcolm Gladwell, *The tipping point: How little things can make a big difference* (2000), het die teoretiese grondslag vir die kantelpuntperspektief gevestig.

[5] ’n Ondersoekkomitee wat aan die parlement verslag gedoen het, het einde verlede jaar bevind dat daar wel ’n *prima facie* saak bestaan en dat ’n spreekwoordelike politieke swaard oor Cyril Ramaphosa se kop hang. Ramaphosa se appèl by die konstitusionele hof om die bevindinge van die verslag ter syde te stel, het onlangs misluk. Die waarnemende Openbare Beskermer asook die SAID het president Ramaphosa egter op sekere klagtes onskuldig bevind!

9-17 Julie 2021 gebeur het. Teen ’n agtergrond van eskalerende politieke, maatskaplike en ekonomiese uitdagings (vergelyk bostaande artikels), asook die impak van die COVID-19-pandemie, het die inhegtenisneming van Jacob Zuma en die oplegging van gevangenisstraf as sneller gedien vir ten minste die ergste vorm van politieke geweld sedert 1994 (Vergelyk Cotterill, 2021:1-6; Harding, 2021:1-13). Volgens Siswe Zikalala (leier van die ANC in KZN ten tyde van die geweld): “It was deliberately started and orchestrated … and had an element of undermining the state – an insurrection”. Die president van Suid-Afrika en die regerende ANC het onlangs voor sakeleiers die strategie beskryf as: “to cripple the economy, cause social instability and severely weaken – or even dislodge, the democratic state” (Cotterill, 2021:3). In die geweld wat KZN en dele van Gauteng ontwrig en geskok het, is meer as 300 mense gedood en 3 470 in hegtenis geneem – talle verhoorafwagtend. Tesame met geweld wat polities aan die gang gesit is, waarin massa-mobilisasie tot geweld, plundery en die vernietiging van infrastruktuur gelei het, was ook rassegeweld aan die orde van die dag. ’n Indiër gemeenskapsleier, Marvin Govender, het die situasie in dele van KZN soos volg beskryf: “It was like a war zone. It was something orchestrated. Something sinister. These were highly trained guys. They were trying actually to cause civil war in this country. It was a direct attack – on the Indian community” (Harding, 2021:4). Die menseregte-spesialis Mary de Haas (wat baie vertroud was met die situasie in KZN) beskryf die patroon as: “... to whip people up, go in and start the process, be it a mall or a shopping centre, and withdraw when the looting begins” (Thamm, 2021:2). Die hand van die staatsveiligheidsagentskap en senior rolspelers (meestal met ’n lojaliteit en verbintenis teenoor Jacob Zuma), word deur sommige aan hierdie geweld verbind (Matlala, 2021).

Die Indiër gemeenskap in dele van KZN het hulself op waaksame wyse georganiseer en sowat 38 mense gedood in Phoenix, Inanda en Verulam (gerugte van ’n massa-slagting van swartmense waarin 350-500 gedood sou wees, het ook die rondte gedoen, wat rassespanning verder laat eskaleer het (Erasmus & Hlangu, 2021:1-3). Hoewel daar samewerking tussen gemeenskappe was om veiligheid te verseker, was weinig sigbaar van die sogenaamde *reënboognasie* en het rassespanning die hoogte ingeskiet.

Die ekonomiese en finansiële skade (rieel en perseptueel) was astronomies, bykomend tot ’n reeds verswakkende ekonomie (lae groeikoers, hoë werkloosheid en die COVID-19-implikasies). Die gebeure van Julie 2021 oortref enige patroon van politieke geweld sedert 1994 – moontlik selfs sedert 1910 tydens die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse staat. Syfers wissel oor die omvang van die skade, maar die aanvanklike R12 miljard het tot R20 miljard en later selfs R50 miljard gegroei (vergelyk Hanley, 2021;1-7; Moneyweb, 2021; Van Zyl, 2021). In KZN is 161 groot inkopiesentrums, 11 pakhuise, 8 fabrieke, meer as 200 winkelsentrums, 161 drankwinkels, 300 banke en poskantore, 1 400 OTM’s, 90 apteke, 40 000 besighede en 50 000 handelaars geaffekteer deur verliese en/of plundering en vernietiging. Volgens berekening is tot 150 000 werksgeleenthede in KZN alleen hierdeur in gevaar gestel (Van Zyl, 2021; Cotterill, 2021:3; Harding, 2021:4, en Thamm, 2021:2). Daily Maverick (2022:1) verwys na sowat 2 miljoen werksgeleenthede wat in die slag kon bly as gevolg van die geweld. In Gauteng het die skade sowat R3,5 miljard beloop, 14 500 werksgeleenthede het in die slag gebly, en 30 winkelsentrums is geplunder.

Teen die agtergrond van die geweld het die plaaslike verkiesings in 2021 plaasgevind. Hoewel betreklik vry en regverdig (slegs kleiner insidente het voorgekom) was die volgende kenmerkend van die verkiesing:


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

- Die ANC verloor nasionaal gesproke die eerste keer sedert 1994 sy volstrekte meerderheid en behaal landswyd sowat 47,5% steun.
- Toonaangewende ANC-figure waaronder Kgalema Motlhante en Thabo Mbeki, en akademici soos Roger Southall (2022), Theuns Eloff (2022) en andere, wys op die politieke risiko's vir die ANC; selfs die moontlikheid van verlies van mag tydens die komende verkiesing van 2024.
- Tussen 66 en 70 munisipale rade sonder volstrekte meerderhede na afloop van die 2021- plaaslike verkiesing dui aan dat koalisie-politiek 'n werklikheid is, met nuwe spelreëls en politieke dinamika wat groot uitdagings vir volhoubare politieke stabiliteit en effektiewe besluitneming inhou.
- Die DA het steun verloor, maar nietemin beter gevaar as wat algemeen verwag is.
- Kleiner partye met identiteitsbasisse, byvoorbeeld die IVP, VF Plus, Patriotic Alliance en EFF, het goed en/of selfs beter as in die verlede gevaar.

*Waar staan ons vandag, hoe lyk die pad vorentoe ten opsigte van die uitkoms en afloop van die ANC se nasionale konferensie; die 2024-verkiesing, en die waarskynlike afloop daarvan?* Die volgende moet myns insiens as uitgangspunt geneem word (volgens vroeëre toepaslike navorsing):

- Die politieke *kantelpunt* is reeds bereik en die herskikking wat volg is besig om plaas te vind in 'n omgewing van onsekerheid en selfs eskalerende onstabiliteit.
- Cyril Ramaphosa se leierskapsrol (of moontlike gebrek daaraan), en die impak daarvan op die ANC-politiek enersyds en nasionale politiek andersyds, kan die politieke toneel help herdefinieer.
- Die *post-kantelpunt* politieke proses kan moontlik selfs op gewelddadige wyse geboorte skenk aan 'n nuwe bedeling, met groot onsekerhede op talle vlakke van die groter staat, owerheid en regering.
- Die *polities-staatkundige* orde is in sy huidige formaat nie volhoubaar nie; groterwordende sosiale en maatskaplike uitdagings kan kontinuïteit en stabiliteit ernstig bedreig.
- Die politieke herskikking wat op hande is, is die grootste sedert 1994 en hou verreikende implikasies in vir die demokratiese en konstitusionele orde asook ondersteunende instellings van die huidige politieke bestel in Suid-Afrika (selfs die staat as staat word hierdeur geïmpliseer).
- Die *breë kerk* van die ANC huisves die kern van die politieke herskikking wat besig is om op gewelddadige wyse (soms krimineel van aard) uitmekaar te skeur, met gevolglike bedreiging vir politieke en staatkundige stabiliteit.
- Die gebrek aan sterk leierskap van binne die regering asook die opposisie is opvallend in die huidige periode (vergelyk Duvenhage, 2020:1-28).

Dit is opvallend dat die Phala Phala-episode (Julie 2022), wat Cyril Ramaphosa impliseer in geldverduistering, geldwassery, korrupsie en ontvoering, op 'n kritieke tydstip in die magstryd binne die ANC in die openbaar oopgevlek is.[6] Die politieke spel as uitvloeisel hiervan betrek

6 Arthur Fraser (voormalige hoof van die Staatsveiligheidsagentskap, die SSA, en later Direkteur Generaal van Korrektiewe Dienste), met steun van groeperings binne die ANC, het die saak teen die president aanhangig gemaak. Fraser was ook die persoon wat Jacob Zuma se "onregmatige" mediese parool goedgekeur het.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

die RET en ander radikale groepe met die spesifieke doel om Cyril Ramaphosa as politieke leier van die ANC en die regering te ontsetel – ’n proses wat tot dusver onsuksesvol was, soos die uitkoms van die Nasionale Konferensie van die ANC bewys het.[7]

Hierdie en ander tendense hang ook saam met eskalerende patrone van onstabiliteit in die land, onder meer aanvalle op buitelanders (Duduma en ander xenofobiese inisiatiewe), ontwrigting van padvervoernetwerke, misdaad en sabotasie. Aanduidings hiervan, ondersteun deur toenemende insidente van misdaad, kriminaliteit, die ontwrigting van wet en orde, soos “national shutdowns” en mafia-agtige sabotasie (soos onlangs deur André de Ruyter by ESKOM en TRANSNET uitgewys is), beklemtoon die omvattende aard van die problematiek waarmee ons te make het.[8]

Met bogenoemde kenmerkend van die post-kantelpunt politiek, is die vraag: Wat lê vir Suid-Afrikaners in die volgende 18-24 maande voor? Gaan die status quo gehandhaaf word (ingevolge stabiliteit of onstabiliteit); kan dit verbeter, of sal dit verder versleg? Voordat tendensidentifisering en -ekstrapolasie kan plaasvind, moet enkele konseptuele en teoretiese uitklarings eers omskryf word.

## 3. Konseptualiserings en teoretiese uitgangspunte

Drie begrippe is sentraal met die oog op hierdie ontleding, naamlik *staat, politieke stelsel* en *stelselstabiliteit*. Enkele ander verbandhoudende of beskrywend uitbouende begrippe sal ook aangeraak word. Die aandag word nou gevestig op die teoretiese onderbou van hierdie navorsingsperspektief.

### *3.1 Die staat*

’n *Staat* word gekenmerk deur ’n vaste geografiese territorium, ’n permanente owerheid of politieke stelsel (regime); die aanwesigheid van soewereiniteit, en gevolglik die vermoë om afdwingbare besluite en reëls vir die betrokke samelewing te kan formuleer. Op grond van die Weberiaanse (1964:154) uitgangspunt van ’n *sterk staat* (effektief en doelmatig) word ’n *staat* voorgehou as: “... a human community that successfully claims the monopoly of the legitimate use of physical force within a territory”. *Verswakkende state*, soos die huidige Suid-Afrikaanse staat, dui op verlies aan beheer oor die territorium; gebrekkige institusionalisering (swak regeerkundige, bestuurs- en administratiewe praktyke); onvermoë om veiligheid en sekuriteit te handhaaf; beperkte ontwikkelingsgerigtheid, asook die aanwesigheid van korrupsie en nepotisme (vergelyk Geldenhuys, 1999:38-46; Migdal, 1988:214-216; Zartman, 1995:1-8; Mazrui, 1995). Verswakkende state word geassosieer met groter onstabiliteit en ook wanfunksionaliteit; tans kenmerkend van die staatkundige bestel in Suid-Afrika. Om ’n beter begrip van die politieke dinamika binne die Suid-Afrikaanse staat oor die volgende 18 maande tot twee jaar te verkry, is ’n meer gedetailleerde ontleding van die begrip *stelsel* (of *regime*) noodsaaklik.

---

7 Myns insiens is pogings om Ramaphosa te ontsetel steeds aan die gang en handel dit primêr oor die bevindinge van die Zondo-kommissie, veral die implementering daarvan, wat verreikende implikasies inhou vir geïdentifiseerde politieke elites. In onlangse tye het Paul Mashatile as sy grootste opponent binne die ANC-konteks na vore getree.

8 ’n Nasionale “shutdown” was vir 20 Maart 2023 beplan, met die doel om die land nasionaal gesproke tot stilstand te bring. Die poging was net in ’n beperkte mate suksesvol.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

### *3.2 Gekompliseerde stelsels en stelseldinamika*

’n Politieke *stelsel* kan beskryf word as: “… a network of relationships through which government generates outputs (policies) in response to inputs (demands or support) from the general public” (Heywood, 2002:429). Easton (1965), die vader van die *stelsel*analise, soek antwoorde op die vraag hoe *stelsels* kan bly voortbestaan te midde van veranderinge, soms fundamenteel, binne sy omgewing? Hy (1965:15,17,21) definieer ’n *stelsel* as: “die interaksie of wisselwerking van talle veranderlikes (insette, omskakeling en uitsette) binne ’n dinamiese omgewing afgesien van die graad van interaksie wat tussen komponente hiervan mag bestaan”. Easton (1965:21) verwys na politiek in stelselverband as: “... those interactions through which values are authoritatively allocated for society”.

Op grond van die Eastoniaanse *stelsel*-uitgangspunt (gekombineer met Huntington, 1968:1-8 se beskouing van politieke institusionalisering), word politiek vir hierdie navorsing gedefinieer as: die vermoë om steun te mobiliseer en te organiseer binne ’n bepaalde samelewingsverband, met as doel die verkryging en/of konsolidasie van ’n politieke magsbasis (meestal institusioneel gefundeer), waardeur bindende besluite (toedeling van waardes en skaars middele), met betrekking tot die samelewing of dele van die samelewing kan plaasvind, of wat mededingende en selfs vyandige magsbasisse vreedsaam of nie-vreedsaam kan inhibeer (en selfs verhoed) om hul besluite of waardes op die samelewing of onderdele van die samelewing af te dwing. (Vergelyk Duvenhage, 1998:2-3 vir ’n meer volledige konseptualisering.)

Met hierdie navorsing in gedagte, word die Suid-Afrikaanse politieke bedeling as ’n ingewikkelde *stelsel* voorgehou, bestaande uit netwerke (soms *substelsels*) wat in dinamiese en selfs asimmetriese wisselwerking met mekaar verkeer (binne ’n uiters gekompliseerde omgewing), en waarin die opskorting of verbrokkeling van sodanige stelsel ’n moontlike uitkoms kan wees (vergelyk Cronje, 2017:29-30).[9] Volgens kenmerke van hierdie tipe stelsel, soos van toepassing op die politiek, voldoen bogenoemde konseptualiserings aan die volgende omskrywings:

- ’n *Stelsel* met ’n gekompliseerde samestelling en die asimmetriese wisselwerking van talle veranderlikes voorgestel as ’n kompleksiteit binne ’n groter samehangende en teenstrydige geheel (polities-staatkundig).
- *Substelsels* of onderdele van die groter politieke stelsel neem die vorm aan van *netwerke* met eiesoortige kompleksiteite en dinamika.
- *Patrimoniale* en *neopatrimoniale* netwerke wat die vorm aanneem van *alternatiewe stelsels* wat in direkte botsing is met die waardes en norme van die groter stelsel binne ’n Suid-Afrikaanse konteks, en bydraend is tot korrupsie, endemiese korrupsie en selfs staatskaping.[10]

---

9 Ander voorbeelde van gekompliseerde stelsels sluit in ekostelsels, vervoerstelsels, weerstelsels en kommunikasiestelsels as vergelykende voorbeelde.

10 Patrimonialisme beklemtoon die mag van individue as leiers met magsbasisse wat afsonderlik soms in konflik funksioneer met die politieke mag van die stelsel. Leiers wys hiervolgens waardes (regte/voorregte/kunste) aan hulle kliënte toe (ondersteuners of patronate) in ruil vir politieke steun. *Neo-patrimonialisme* verwys na ’n hibriede stelsel waar magsbasisse vanuit beide die patrimoniale omgewing sowel as die formele stelsel gekonsolideer word (Bratton & van der Walle, 1997:62).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

- Wanneer bogenoemde netwerke militariseer, soos in moordbendes, transito-rooftogte, georganiseerde sluipmoordsindikate, samma sammas, ensovoorts, baan dit die weg vir *krygshere*, wat soms ideologies gesproke *krygsheerisme* ("warlordism") genoem word.
- Die oneweredigheid (nie liniêr nie) van *insette* (verwagtinge en ondersteuning) versus *uitsette* (beleid en beleidsuitvoering en toepassing).
- 'n *Stelseldinamika* wat as ontluikend beskryf kan word, met kenmerke soos onsekerheid; aanpasbaarheid, en herskepping waar *stelselmislukking* na vore kan kom.
- 'n Stelsel wat sensitief is vir sy eie geskiedenis en ontwikkeling en daarom kenmerke van 'n *leerorganisasie* toon (stelselgebreke kan konstruktief hervorm word).
  (Vergelyk Cronje, 2017:29-33; Duvenhage, 2020: 5-9.)

Omgewingsfaktore kan *stelselstabiliteit* (al dan nie) bepaal en verdien meer indringende aandag met die oog op 'n beter verstaan van die Suid-Afrikaanse problematiek en dinamika.

### *3.3 Stelselstabiliteit*

Politieke stabiliteit met die *stelsel* as fokus word deur Claude Ake (1975:273) voorgehou as:

> ... the regularity of the flow of political exchanges. The more regular the flow of political exchanges, the more stability. Alternatively, we might say that there is political stability to the extent that members of society restrict themselves to the behaviour patterns that fall within the limit imposed by political role expectations. Any act that deviates from these limits is an instance of political instability.[11]

Uitgaande van 'n bepaalde beskouing van staat en politiek (soos omskrywe), toegepas op die *politieke stelsel* as begrip, en in navolging van Ake (1975:271-283), word politieke stabiliteit in hierdie studie voorgehou as *die politieke gedrag van rolspelers* (hoe ook al gedefinieer) wat betrokke *magstelsels* (owerheid en regering binne 'n betrokke staatsverband) stabiliseer deur die aanwesigheid van ordelike en reëlmatige *prosesse*, konsekwent toegepas en waarin die gedrag van rolspelers meestal voorspelbaar is. *Politieke onstabiliteit* daarenteen beteken dat die optrede van rolspelers destabiliserend en ondermynend vir die stelsel en stelselprosesse kan wees (negatiewe politieke terugvoer); en dat g*ebrekkige orde* en *reëlmaat aanwesig is*, asook *inkonsekwentheid* in die optrede en rolspel van politieke akteurs wat uitkomste in die algemeen moeiliker voorspelbaar maak.

Begrippe soos *chaotiese stelsels* ('n wanordelike stelsel met onvoorspelbare gedragspatrone, onreëlmatighede en inkonsekwenthede); *stelselentropie* (wisselvalligheid en onreëlmatigheid); *stelselinploffing* ('n stelsel wat in duie stort); asook *stelselontploffing* (revolusie en patrone van onstabiliteit), moet binne die breër begrip van *stelsel-onstabiliteit* verstaan word. Dit is 'n uitbouing van kategorieë van onstabiliteit (voorgestel in stelselterme) wat besondere betekenis en waarde inhou vir die bepaling van tendense ten opsigte van politieke stabiliteit/onstabiliteit binne die Suid-Afrikaanse konteks (vergelyk Duvenhage, 2020: 5-9).

Met as breë verwysing die Suid-Afrikaanse staat, in besonder die Suid-Afrikaanse politieke stelsel (voorgestel as 'n *gekompliseerde stelsel*), sal gevolgtrekkings en toekomsperspektiewe

[11] Vir volledige besonderhede oor die akademiese argumentasie onderliggend aan hierdie konseptualisering en sy inwerkingstelling, raadpleeg Ake (1975:271-283). Terme soos politieke gedrag, rolspel, voorspelbaarheid, orde en struktuur, asook die samehang daarvan is belangrik.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

ontwikkel word ten opsigte van die tendense rakende stabiliteit /onstabiliteit en die ekstrapolasie van sodanige tendense.[12] Tendens-ekstrapolasie behels hiervolgens 'n metode waarvolgens patroonmatighede (tendens/e) geïdentifiseer word en dan in die toekoms geprojekteer word. Ten opsigte van hierdie studie word patrone en tendense ingevolge 'n politieke omgewingsverkenning geïdentifiseer en geprojekteer. Die fokus in hierdie geval is kontekste soos polities, ekonomies, maatskaplik en internasionaal, en veranderlikes binne die onderskeie kontekste. Tendense en patrone binne die raamwerk van die omgewingsverkenning word as parameters gebruik om patrone van politieke stabiliteit/onstabiliteit (soos hier bo gedefinieer) te projekteer in die toekoms (kort en medium termyn) en ook as potensiële risiko te beoordeel.

Met bogenoemde as uitgangspunt is hierdie navorsing 'n poging om orde te skep uit gekompliseerde patrone en tendense (letterlik 'n smeltkroes van verandering) en dit dan te herlei tot 'n kort- en mediumtermynperspektief ten opsigte van die toekoms rakende patrone van politieke stabiliteit/onstabiliteit binne die huidige en toekomstige Suid-Afrikaanse konteks.

## 4. 'n Smeltkroes van verandering – konteks en patroonmatigheid

Volgens die perspektief dat Suid-Afrika as gevolg van 'n kombinasie van faktore (polities, ekonomies en maatskaplik) 'n kantelpunt bereik het (Duvenhage, 2020; 2020A: 137-162), is die vraag hoe die situasie in die volgende sowat twee jaar of meer daar gaan uitsien in soverre dit politieke stabiliteit/onstabiliteit betref. Bestaande navorsing as motivering vir die bereiking van die kantelpunt (die grondslag waarvandaan patrone van onstabiliteit momentum ontvang) het die volgende aspekte beklemtoon:


1. 'n Kombinasie van politieke/ekonomiese en maatskaplike faktore (en die waarskynlike uitspeel daarvan in die toekoms) maak dat die huidige status quo nie volhoubaar is nie en verandering (stabiel of onstabiel) onafwendbaar.
2. 'n Politieke kantelpunt is bereik en politieke onsekerheid en herskikking is tans aan die orde.
3. Die regerende ANC is tans ernstig verswak (soos deur verskeie meningspeilings bevestig), en telkens nie in staat om moeilike en noodsaaklike besluite te neem en suksesvol af te dwing nie.
4. Die gaping tussen die *de jure staat* (die norm of ideaal) en die *empiriese staat* (die harde werklikheid) is besig om al verder uit mekaar te dryf, wat bydra tot ontevredenheid en selfs die mobilisasie van protes en verset.
5. Verslegtende ekonomiese en maatskaplike aanduiders en projeksies beklemtoon die nie-volhoubaarheid van die status quo en die werklikheid van verandering.
6. Staatsverswakking is 'n werklikheid wat meer waarskynlik gaan voortduur en selfs versleg, met 'n mislukte staat wat op die mediumtermynhorison wink, gepaardgaande met eskalerende patrone van politieke onstabiliteit.
7. In die derde dekade van demokrasie gaan gegewe patrone van politieke onstabiliteit bepalend wees vir die suksesvolle konsolidasie van demokratiese praktyke in Suid-Afrika.
8. 'n Onstabiele internasionale omgewing, onder meer as gevolg van die oorlog tussen Rusland en die Oekraïne, kan in eie reg tot stelselonstabiliteit lei, veral as die ANC-

[12] Die beperkte omvang van hierdie artikel maak slegs tendensbepaling en -ekstrapolasie moontlik, nie die ontwikkeling van alternatiewe scenario's nie.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

regering hulself aan die kant van Rusland skaar, soos skynbaar die geval is. Die huidige eskalerende konflik in die Midde-Ooste is verdere olie op die vure van ’n reeds onstabiele internasionale omgewing.[13]

Die doel van hierdie navorsing is nie ’n herhaling van bogenoemde ontleding en die bevestiging van bogenoemde gevolgtrekkings nie, maar om te bepaal hoe kernfaktore die toekoms van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing in die volgende sowat twee jaar kan bepaal en watter uitkomste verwag kan word. Hoofsaaklik handel dit oor die mate van politieke stabiliteit/onstabiliteit wat verwag kan word, soos gemeet aan die kriteria hier bo uiteengesit en die uitspeel daarvan binne die raamwerk van Suid-Afrika voorgehou as ’n gekompliseerde politieke stelsel. Die *analitiese raamwerk* onderliggend aan die beplande navorsing kan soos volg voorgestel word:




Kernveranderlikes sal geselekteer word vir verdere ontleding met die oog op die identifisering van patrone van politieke stabiliteit/onstabiliteit en die onderliggende drywers van die verskynsel.

### *4.1 Die ANC-dinamika*

Waarskynlik meer as enige van bogenoemde faktore (bereken as gewigte wat die toekoms kan bepaal), is dít wat binne die ANC en die groter familie van organisasies gaan gebeur bepalend vir stabiliteit in Suid-Afrika. Dit is nie vergesog nie om te redeneer dat ’n verlies van politieke mag of in ’n uiterste geval die disintegrasie van die organisasie (op een of ander

13 Vergelyk Duvenhage (2020; 2020A), se artikel-ontledings, Johnson (2015; 2019; 2020), en verskeie ander ondersteunende werke wat as grondslag gedien het vir bogenoemde gevolgtrekkings.

wyse) die stabiliteit van die politieke stelsel en selfs die groter *staat* ernstig kan bedreig. Anders gestel, is 'n stabiele ANC tans bykans gelyk aan 'n stabiele politieke en staatkundige bestel. Hoewel laasgenoemde geensins 'n ideale scenario is nie, soos gemeet aan demokratiese kriteria, moet aanvaar word dat die ANC nie 'n regering is wat net uitgestem kan word nie, maar eerder 'n regime (politieke stelsel) wat nie so maklik van hul mag afstand sal doen nie.[14]

Tans is daar talle faktore (soms tendense) wat daarop dui dat die ANC besig is om die wind van voor te kry. Die belangrikste sake word kortliks hier beskou:

### *4.1.1 ANC as regering*

As regerende party is die ANC se bestuur en regering ernstig onder skoot. Nie net word politieke elites beskuldig van staatskaping nie, maar korrupsie is endemies, en weinige strukture binne die groter owerheid is steeds funksioneel. Voorbeelde sluit in die krisis in plaaslike regering (80-90% van die instellings ervaar vorme van wanfunksionaliteit); die krisis in semi-staatsinstellings soos ESKOM, TRANSNET, die Poskantoor, DENEL en die Landbank; die verval van wet en orde soos gemeet aan misdaadstatistiek asook die opkoms van privaat veiligheidsinstellings; krisisse ten opsigte van onderwys, gesondheid en algemene dienslewering – te veel om op te noem. (Vergelyk Johnson, 2015; 2019; 2020a; 2020b; 2020c; 2021d; Jordaan, 2021; Duvenhage, 2020a; 2021.) Die huidige ESKOM-krisis en die uitsprake van endemiese korrupsie, die bestaan en funksionering van mafia-agtige organisasies met senior politici wat verantwoordbaar is, beklemtoon die erns van die situasie. Hierdie konteks sluit aan by die patrimoniale en neo-patrimoniale netwerke waarna vroeër verwys is. Johnson (2020c) se perspektief op bogenoemde samehang van uitdagings is: "This government will have to steer South Africa through an unprecedented fierce storm, a test it seems certain to fail. The government may well disintegrate, the state may fail." Die wortel van hierdie problematiek is historiese, etniese en persoonlike gevegte, oftewel faksiegevegte, wat besig is om die organisasie van meer as honderd jaar oud van binne te vernietig. Soos vroeër beklemtoon, is dit 'n drywer vir eskalerende patrone van onstabiliteit, ook politieke onstabiliteit – 'n reeds gevestigde patroon/tendens wat in huidige omstandighede besig is om te versleg.

### *4.1.2 Faksiegevegte*

Hoewel faksiegevegte binne die ANC en groter familie niks nuuts is nie, was die opbou en afloop van die 2017-konferensie waarin Cyril Ramaphosa vir Nkosazana Dlamini-Zuma verslaan het, 'n waterskeidingsmoment vir die organisasie (Rostron, 2021:1-5; Cotterill, 2021:1-12; Duvenhage, 2020:151-153). Die wyse waarop Ramaphosa geseëvier het (beweerde koop van stemme van onder meer David Mabuza), en die daaropvolgende teenkorrupsie-inisiatief met verwysing na onder meer die werk van die Zondo-kommissie, die optrede teen staatskapers en korruptes (lees Jacob Zuma, Ace Magashule, Julius Malema en Floyd Shivambo), het die konflik binne die ANC na nuwe hoogtes gevoer. Die onstabiliteit van Julie 2021 kan ongetwyfeld onder meer herlei word na interne spanning en faksiegevegte binne die ANC, veral tussen die Radical Economic Transformation Group (RET) en die Ramaphosa-

[14] Die verkiesings wat ZANU-PF in Zimbabwe verloor het, waarna die party steeds in regering gebly het, kan hier as belangrike rigtingwyser dien! Die ondermyning van nie-ANC-gedomineerde koalisieregering op plaaslike vlak (byvoorbeeld in die stad Tshwane en ander metropole) sedert die 2021- plaaslike verkiesings beklemtoon hierdie perspektief verder.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

lojaliste. Die wegbreek van Ace Magashule en die stigting van die *African Congress for Transformation* is simptomaties van hierdie faksiegevegte. Sodanige faksiegevegte verlam nie net die ANC as party nie, maar ook die regering en die groter owerheid, met as belangrike uitkoms die onvermoë om besluite te neem te midde van eskalerende uitdagings en krisisse binne die groter samelewing, politiek en staatkundige orde.[15]

Die onlangse Nasionale Konferensie van die ANC in 2022 het, ondanks die Phala Phala-saga, Ramaphosa se steun as leier herbevestig, maar faksiegevegte duur steeds sluimerend voort. Die onthullings van André de Ruyter ten opsigte van die ESKOM-situasie en die implikasies daarvan vir senior politici (die Adjunk-President het reeds bedank en 'n Ramaphosa-lojalis, Gwede Mantashe, word geïmpliseer), kompliseer die interne konflik verder. 'n Magsbasis wat om Paul Mashatile ontwikkel (mededingend met dié van Cyril Ramaphosa), blyk een van die uitkomste van die nasionale konferensie te wees. Met die Phala Phala-albatros om sy nek en die mislukte appèl teen die bevindinge van die kommissie van ondersoek, asook ernstige regeerkundige en bestuursuitdagings en dalende steunvlakke vir die regerende party, is dit 'n uiters moeilike pad wat vir die regerende ANC voorlê.

Die bevindinge van die Zondo-kommissie en moontlike optrede in dié verband; die verbrokkeling van die breë kerk van die ANC, en die moontlikheid dat byvoorbeeld die SAKP op sy eie aan die verkiesing kan deelneem; verlaagde steunvlakke soos aangedui in meningspeilings, met gepaardgaande moontlike verlies van politieke beheer; die werklikhede van koalisiepolitiek; asook nuutverkose leierskap (waarin veral Paul Mashatile 'n belangrike rol kan speel), maak die ANC 'n moeilik voorspelbare organisasie. Dit is ongetwyfeld 'n belangrike faktor wat patrone van politieke stabiliteit/onstabiliteit vorentoe kan en gaan bepaal.

#### *4.1.3 Bestuursprobleme*

Reeds vir 'n geruime tyd is daar berigte en gerugte van ernstige bestuurs- en finansiële uitdagings vir die ANC as organisasie. Skuldeisers word nie betaal nie en selfs nie salarisse van amptenare in Luthuli-huis en strukture op laer vlakke in die organisasie nie, wat werknemers tot arbeidsoptrede teen die ANC aangespoor het. Die totale skuldlas word bereken op sowat R400 miljoen, waarvan meer as R100 miljoen aan die SAID verskuldig is (Omarjee & Maeko, 2021:1). Die skuldlas teenoor die SAID het sedert 2010 toegeneem en teen 2017 reeds R100 miljoen beloop.

#### *4.1.4 Dalende steunbasisse*

Sedert die 2004-verkiesing het die steunbasis van die ANC voortdurend gedaal. Tydens die nasionale en provinsiale verkiesings in 2019 het die steun van die ANC tot 57,5% gedaal, en met die plaaslike verkiesings in 2021 tot slegs 47,5%. Projeksies vir die nasionale en provinsiale verkiesings in 2024 wissel van net minder as 50% tot so laag as 37% (vergelyk Boonzaaier, 2022:1; Haffajee, 2022; 2022A & Mwareya, 2022). Die mees onlangse meningspeiling van die *Brenthurst Foundation* beklemtoon dat die steun van die ANC tussen November 2022 en Oktober 2023 vanaf 48% tot 'n skrale 41% gedaal het. Die nasionale steunprofiel van president

[15] Die Zondo-kommissie van ondersoek het sowat 3 171 dagvaardings beteken, 300 getuienisse aangehoor, en 8 655 530 bladsye dokumentasie en getuienis hanteer voordat die finale verslag in Junie 2022 gefinaliseer is. Die verslag het 1 438 persone (talle senior en invloedryke politici en/of medewerkers geïmpliseer, en uiters endemiese korrupsie blootgelê (Demokratiese Alliansie, 2022:2).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

Ramaphosa het ook vergelykenderwys met dieselfde persentasiepunte gedaal (Mills & Harley, 2023).[16] Tussenverkiesings wat op plaaslike vlak deur die ANC verloor is, beklemtoon bogenoemde tendens nog verder.[17] In die noorde van KZN is daar beduidende verliese teen veral die IVP (Bapela, 2023). Hierdie tendens as gevolg van talle faktore wek groot kommer en onsekerheid by die ANC en versterk die dryfkrag om meer populisties te wees – wat in moeilike tye nie ekonomies bekostig kan word nie.

#### *4.1.5 Gevolgtrekking*

Die ANC beleef sy grootste krisis sedert sy bewindsoorname in 1994. Verlammende faksiegevegte; dalende steunbasisse; bestuurs- en administratiewe wanfunksionaliteit; finansiële uitdagings, en gebrekkige leierskap samehangend met ideologiese konflikte laat ons inderdaad met ’n slegte-saak scenario en ’n vooruitsig op groter onstabiliteit. Hierdie slegte-saak scenario raak nie net die toekoms van die ANC as organisasie nie, maar ook die ANC as *regering*, owerheidsinstellings en selfs die *staat* as *staat* met groterwordende bedreigings vir staatkundige stabiliteit in die algemeen en regeringstabiliteit in besonder.

Die ANC-konferensie het weliswaar redelik goed afgeloop vir die Ramaphosa-groep, maar talle konflikte en uitdagings bly steeds onopgelos. Die Phala Phala-swaard wat oor Ramaphosa se kop hang, dalende steunbasisse, nuwe leierskap en magsbasisse; endemiese korrupsie en moontlike nuwe magsbasisse wat kan ontwikkel, skets ’n donker prentjie vir die oudste bevrydingsbeweging op die kontinent, wat ’n onvermoë openbaar om suksesvol aan te pas by veranderende politieke, ekonomiese en maatskaplike omstandighede. Die verswakkende posisie van die ANC hang nou saam met verswakkende staat- en owerheid-strukture.

### *4.2 Verswakkende staat- en owerheidstrukture*[18]

Die politieke en ekonomiese ontledingsgroep Eunomics: Business & Economics (2020:5-6) voorspel tot die onsteltenis van talle analiste dat Suid-Afrika teen 2030 (soos Nigerië, die Ivoorkus en Bangladesj), ’n *mislukte staat* gaan wees. Kriteria soos lewensgehalte en lewen-standaard, ekonomiese groei, regeerkundige en politieke bestuurspraktyke, en die moontlikheid om te verbrokkel het tot hierdie gevolgtrekking gelei. Sake soos Suid-Afrika se verslegtende veiligheidsituasie (gemeet deur *Global Peace Index*-2018); eskalerende misdaadsyfers; die inploffing van die strafregstelsel; wanfunksionele owerheidstrukture, waaronder plaaslike regering; semi-staatsinstellings (ESKOM; Transnet; die Poskantoor; die Landbank en DENEL);

---

16 Dieselfde meningspeiling wys dat die EFF se steun van 11% tot 17% gestyg het en dié van die IVP van 4% tot 7%. Die peiling wys ook op die moontlikheid dat die ANC-beheer van beide KZN en Gauteng op ’n einde kan wees indien koalisiepolitiek suksesvol teen ANC-beheer gekonsolideer kan word. Dit laat die moontlikheid vir elite-konflik daar aangesien dit histories bewese is dat ANC-leierskap moeilik van hul magsbasisse afstand doen.

17 Verskeie tussenverkiesings in wyke op plaaslike vlak is sedert die 2021-verkiesing ook verloor. Hieronder tel wyke in Sol Plaatjie (Kimberley); Msukaligwa (Breyton in Mpumalanga); Maquassi Hills (Noordwes) en talle wyke in die noorde van KZN, asook dele van Limpopo.

18 Skrywers, openbare meningsvormers en politici verskil oor hoe ernstig die graad van staatkundige verval is en ook tot watter mate dit herstel kan word. Malan (2023) verwys selfs na die huidige regering en regime se abdikasie van mag as gevolg van óf ’n onvermoë tot uitvoering óf onwilligheid (gerieflikheid) om nie verantwoording te doen nie. Die tekens van ’n verswakkende staatstendens (ongeag ander sentimente en perspektiewe in hierdie verband) blyk onteenseglik te wees.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

’n verswakkende ekonomie en krimpende belastingsbasis; hoë en stygende vlakke van werkloosheid en ongelykheid, asook eskalerende vlakke van armoede, bevestig die geldigheid van bogenoemde perspektief. Trouens, gegewe die huidige trajek van die meeste veranderlikes, is Suid-Afrika se voorland ’n mislukte staat indien daar nie drasties gehandel word nie.

Die aard van verswakking word op ’n aantal vlakke weerspieël, naamlik:

- *regeerkundig* (interne konflik; swak besluitneming; omstrede wetgewing soos die wysiging van artikel 25 van die grondwet, PEPUDA-wetgewing; die beoogde wysiging aan die vuurwapenwet, en die uitvoering van ander klousules soos aanvaar by die Nasionale Konferensie van 2017);
- *owerheidsvlak* (wanfunksionele strukture en onvermoë om ooreenkomstig die grondwet en toepaslike wetgewing te funksioneer), asook
- *staatkundig* (gebrek aan veiligheid en sekuriteit; deurdringbare grense; gebroke soewereiniteit). (Vergelyk Duvenhage, 2021:1-5; Malan, 2019:2.)

Volgens die trajek van die huidige patroon van staatsverswakking wat bly voortduur, is die scenario van ’n volledige *mislukte staat* (gebroke soewereiniteit) ook nie op die langer termyn heeltemal van die baan nie. Johnson (2015: 242) het reeds gewaarsku dat: “... under the ANC ... the survival of South Africa as a unitary state cannot be taken for granted”.

Die aard van die *verswakkende staat* kan ook gemeet word aan die eskalering van georganiseerde misdaad ten tyde van die demokratiese oorgang en daarna (Mothibi, Roelofse & Maluleke, 2015:1-8). In ’n navorsingsdokument van Global Initiative, getiteld *Strategic Organized crime risk assessment: South Africa* (2022;1-216), word die omvang, diepte en implikasies van verskeie vorme van georganiseerde misdaad ontleed deur daarna te verwys as: “... a dark web: a criminal ecosystem”. Daar word beklemtoon dat:

> Organized crime is an existential threat to South Africa’s democratic institutions, economy and people ... The recent mass shootings in taverns across the country or the horrific gang rapes in an illegal mining community on the West Rand; continual outbreaks of violence at taxi ranks; shop owners threatened at gunpoint; the assassinations of whistle-blowers; ... are not as random as they may first appear ... (2022:1)

Wat misdadigheid betref, toon die verslag dat Suid-Afrika nou in die kategorie val van Italië, Mexiko, Somalië en Libië (Haffajee, 2022B:1-3).

Die Global Initiative-verslag (2022) skryf die verslegtende tendens veral toe aan die samehang van drie patrone: die groei in georganiseerde misdaad; die groei in elite korrupsie (lees staatskaping); en die erosie van staatstrukture, oftewel die verswakkende staat. Dit is interessant dat Suid-Afrika nie uitstaan ten opsigte van ’n spesifieke misdaad nie. Haffajee (2022B: 10) interpreteer hierdie toedrag van sake op grond van die 15 terreine van georganiseerde misdaad: “... few host so many illicit markets across such a broad spectrum of criminal activity ...” as juis Suid-Afrika. Laasgenoemde laat reg geskied aan die begrip *kriminele (mafia) staat* wat gereeld ten opsigte van Suid-Afrika gebruik word.[19] Die onlangse bekendmaking van die funksionering van misdaadsindikate binne ESKOM, wat ook

---

19 Vergelyk die verslag (2022:1-210) vir die omvang van misdaad ten opsigte van dwelmhandel; onwettige handel in wapens; omgewingsverwante misdade; georganiseerde roof en geweld; kubermisdade; afpersing; mensehandel; ekonomiese en finansiële misdade; ontvoering, en onwettige mynbedrywighede om die belangrikstes te noem. Korrupsie en staatskaping word as ’n aparte misdaad in die dokument hanteer.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

TRANSNET impliseer (bekendgemaak deur die uittredende bestuurshoof van ESKOM, André de Ruyter), is ’n verdere bevestiging van die omvang van georganiseerde misdaad in Suid-Afrika en hang nou saam met wat vroeër as *neo-patrimoniale* tendense met *kriminele en mafia-agtige leierskap* en optrede beskryf is.

Die voorafgaande dui noodwendig op vorme van die inploffing van die strafregstelsel in Suid-Afrika. ’n Onlangse misdaadverslag van *Afriforum* het daarop gewys dat van die 1 402 plaasaanvalle en plaasmoordinsidente tussen 2019 en 2022 daar slegs 66 skuldigbevindings was, en dat 95% van alle sake nie opgelos is nie (Afriforum, 2023). Nog meer kommerwekkend is dat bogenoemde syfers nie uniek is aan hierdie tipe misdaad en waar dit voorkom nie, maar dat dit deel vorm van ’n meer algemene patroon ten opsigte van die SAPD. Dit blyk dat die strafregstelsel ernstige gebreke het en in sommige opsigte besig is om in duie te stort. Wanoptrede en gebrekkige professionaliteit van die SAPD (soos aangedui in die 2022/3-Jaarverslag van die instelling) beteken dat R108 miljard se siviele eise teen die SAPD tans hangende is. Dit is meer as die totale jaarlikse begroting van die SAPD (Strydom, 2023).

Met ’n polisiemag wat dikwels wanfunksioneel is (1 polisiebeampte vir elke 450 000 mense), en die Nasionale Vervolgingsgesag, vroeër gekaap en tans heeltemal oneffektief, verklaar Curlewis (2022:12): “Over the last 10 years or more the NPA has become better known for its failure to successfully prosecute than for doing its core job, particularly regarding high-profile criminal cases of corruption involving corporations, state officials and politicians.” Dit laat ernstige vrae oor die onafhanklikheid, integriteit en effektiwiteit van die regstelsel in Suid-Afrika, in besonder die strafregstelsel.[20]

Pogings tot vorme van selfbeskikking of selfbestuur, selfs die afskeiding van die Wes-Kaap; asook uitsprake van die Zoeloe-bevolking rakende die Inkwavuma-trust, ondersteun tendense wat met die verswakkende staat verband hou. Dit is nietemin eerder moontlikhede op die langer termyn as gebeure wat oor die volgende 18-24 maande kan plaasvind. Wat in die volgende maande en jare gebeur, kan die toekoms en die uitkoms van pogings tot groter selfbeskikking rigtinggewend beïnvloed.

### *4.2.1 Gevolgtrekking*

Staatsverswakking, en die reaksie daarop (konflik, geweld, misdaad en/of selfbestuur/-beskikking), kan bepalend inwerk op die stabiliteit van die groter owerheid en staat. Die suksesvolle konsolidasie van ons demokratiese bestel (al dan nie), tesame met die geloofwaardigheid van die grondwet (soos toegepas), word ook regstreeks deur staatsverswakking geraak. Teen die agtergrond van georganiseerde misdaad en die inploffing van die strafregstelsel is die werk van Malan, *There is no Supreme Constitution* (2021:2-3), beskrywend en betekenisvol as hy verwys na die feit dat: “... (the) supremacy of the constitution is in fact very tenuous, if not entirely groundless: the so-called supreme Constitution is subject to forces that often by far exceed the assumed potency of the supreme Constitution”.

’n Onlangse peiling deur Afrobarometer toon aan dat Suid-Afrikaners, ongeag die vervanging van Jacob Zuma met Cyril Ramaphosa, steeds ernstige legitimiteitsprobleme ten opsigte van owerheid en regering ervaar. Logan en Nkomo (2021:2-5) interpreteer hierdie verslag soos volg:

---

[20] Vergelyk in hierdie verband Curlewis (2022), vir ’n gedetailleerde ontleding van die stand van die regstelsel in Suid-Afrika.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

> ... (T)hese results suggest Zuma's troubled tenure either so undermined public confidence in government or so entrenched corrupt behaviour that a change of leadership has not been enough to restore public confidence ... After a modest dip in the first post-Zuma survey, perceptions of extensive corruption in the office of the presidency now go beyond even those recorded during the Zuma years.

Die onlangse skerp kritiek van oud-presidente Mbeki, Motlanthe en Zuma op die huidige president vul die voorafgaande perspektief aan en is betekenisvol. Verswakkende staatstendense word direk geassosieer met patrone van konflik en selfs geweld, wat onderliggend is aan patrone van politieke onstabiliteit. Die owerheid se onvermoë om 'n openbare regsorde in algemene belang te handhaaf kan as 'n grondliggende oorsaak aangedui word.

### *4.3 Die plaaslike verkiesingsuitslag, die komende 2024-verkiesing en die werklikheid van politieke herskikking*

Verkiesings het te make met die moontlikheid dat die regerende politieke elite (nie die owerheid of regime nie) moontlik vervang kan word. Dit laat die politieke stelsel soos vroeër beskryf kwesbaar, met 'n potensiaal vir patrone van politieke onstabiliteit. In die aanloop tot die 2021-plaaslike verkiesings het meningspeilings korrek voorspel dat (nasionaal gesproke) die ANC nie 'n volstrekte meerderheid sou behaal nie. Hierdie patroonmatigheid van steunverliese het reeds sedert 1999 na vore begin kom. Die ANC het nasionaal gesproke geëindig op 47,52% (8,13% laer as die vorige verkiesing); die DA op 19,84% (5,27% laer); die EFF op 10,54% (2,23% hoër); die IVP op 6,27% (1,54% hoër), en die VF Plus 2,32% (1,5% hoër) (Mashanini, 2021). Vir die ANC wat 61,95% behaal het in die 2011-verkiesing en slegs 53,91% in die 2016-verkiesing, was dit 'n reuseskok. Nuwe politieke partye soos die Patriotic Alliance (PA op 0,87%), en veral Action South Africa (ASA op 1,8%), met gekonsentreerde steun in die metropole, het die herskikking van die politieke spektrum onderskryf. Belangrike kenmerke van die 2021- plaaslike verkiesing het ingesluit:

- 'n Groot aantal partye wat deelneem ('n pluralistiese veelpartystelsel aldus Sartori (1976), wat die verdeeldheid van die samelewing weerspieël), met net enkele partye wat uiteindelik verteenwoordiging kon bewerkstellig;
- Die ANC wat sy absolute meerderheid verloor en die amptelike opposisie (DA) wat ook steun verloor;
- 'n Verskuiwing in steun na kleiner partye wat die aanwesigheid van identiteitspolitiek beklemtoon;
- Met sowat 70 munisipale rade sonder volstrekte meerderhede ("hangrade") na afloop van die verkiesing word koalisiepolitiek 'n werklikheid – veral, maar nie uitsluitlik nie, in die metropolitaanse gebiede;
- Partye soos ASA, die IVP, die PA en die VF Plus met gekonsentreerde steunbasisse, wat meer setels lewer;
- Diepliggende verskille op ideologiese, kulturele en rassevlak, wat volgens verkiesingsuitslae geopenbaar is.

Hierdie verkiesingsuitslag (soos in 'n mindere mate in die 2019-verkiesing), beklemtoon die kantelpunt wat bereik is, die noodwendigheid van koalisiepolitiek wat die politieke speelveld drasties verander, asook die diepverdeelde aard van die Suid-Afrikaanse politiek en samelewing.

Ten opsigte van die 2024-verkiesing wys peilings daarop dat die ANC sy volstrekte meerderheid, soos in die plaaslike verkiesings nasionaal gesproke, kwyt kan wees. 'n Interne

ANC-peiling het onlangs getoon dat die steun van die party tot onder 40% kan daal. Die ANC loop gevaar om hul magsbasis in ses provinsies (KZN inbegrepe) te verloor (Boonzaaier, 2022:1). IPSOS-Markinor plaas daarenteen die steun van die ANC tans op 42%, met die DA op 11% en die EFF op 9% (Haffajee, 2022; Mwareya, 2022). Ander peilings beklemtoon weer die onvermoë van opposisiepartye om munt te slaan uit die situasie waarin die ANC en die groter alliansie hulself bevind, maar wys tog op die moontlikheid dat die ANC steeds 50% steun kan behaal (Businesstech, 2022; Haffajee, 2022a). Die mees onlangse peiling van die *Brenthurst Foundation* (waarna reeds verwys is) plaas die ANC se steun op net 41% (7 persentasiepunte laer as ’n jaar gelede). (Vergelyk Mills & Harley, 2023.)

#### *4.3.1 Gevolgtrekking*

Ongeag die korrektheid van meningspeilings (verwysend na die wisselende syfers), beklemtoon bogenoemde die post-kantelpuntsituasie van ’n veranderende politieke spektrum, nuwe akteurs wat na vore tree, en koalisiepolitiek as ’n belangrike deel van die veranderende politieke speelveld, gepaardgaande met nuwe politieke spelreëls, uitdagings, onsekerheid en onstabiliteit. Die afloop hiervan (as scenario vir provinsiale en nasionale vlakke na die 2024-verkiesing) blyk duidelik uit patrone van politieke onstabiliteit ten opsigte van plaaslike regering in die meerderheid metropole asook kleiner plaaslike regerings, waar koalisies onstabiel raak en besluitneming soms heeltemal disintegreer. Meningspeilings beklemtoon dat die patroon ook kan geld ten opsigte van die nasionale vlak en sekere provinsiale vlakke. Politieke herskikking beklemtoon die werklikheid van post-kantelpuntpolitiek en die gepaardgaande onsekerheid, wat in sekere opsigte as die begin van ’n nuwe bedeling beskryf kan word. ’n Agenda wat talle politieke kommentators en landsburgers tot kommer strek, is die moontlikheid van groter politieke samewerking tussen die ANC en die EFF indien eersgenoemde nie ’n volstrekte meerheid sou behaal nie. In Gauteng, onder die leiding van Panyaza Lesufi en Paul Mashatile, neem ’n patroon reeds vorm aan – inderdaad ’n kommerwekkende perspektief ten opsigte van politieke stabiliteit in Suid-Afrika.

### *4.4 Ekonomiese en finansiële volhoubaarheid*

’n Kernfaktor vir stelselstabiliteit is die ekonomiese en finansiële volhoubaarheid van die stelsel. In hierdie opsig het Suid-Afrika met reuse-uitdagings te make, wat oor die afgelope dekade of langer selfs toegeneem het. ’n Skuldkrisis is voorspel deur Schüssler, Roodt, Heystek, die politieke ekonoom en historikus RW Johnson (reeds in 2015), en talle ander. Daar bestaan ’n onvermoë om die situasie te verbeter, ongeag die post-2017-*Ramaphoria*. Kenmerke van ’n verswakkende staat blyk duidelik en dra by tot pessimisme ten opsigte van die afwesige leierskap van Cyril Ramaphosa. Trouens, dit is uiters kommerwekkend dat die situasie besig is om verder te versleg, en Cyril Ramaphosa kom toenemend onder skoot van binne sy party en ook die groter politieke bestel. Terselfdertyd is internasionale investering besig om te kwyn.

*EUNOMICS* se hoof- uitvoerende beampte, Claude de Baissac, beklemtoon dat die baie swak ekonomiese groeipatroon (hy voorspel tussen 0,2% en 0,4% vir 2022), in samehang met die vlug van breinkrag en kapitale disinvestering die swakstaatverskynsel gaan versterk. Swak beleidstoepassing sal binne twee jaar ’n onhanteerbare en onafwendbare skuldkrisis veroorsaak (Daily Investor, 2022). Talle syfers beklemtoon hierdie verslegtende situasie en enkele kernsake word kortliks beskou.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

### *4.4.1 Ekonomiese groeivooruitsigte*

Die goeie ekonomiese groei en ontwikkeling (kenmerkend van die Mandela- en Mbeki-tydperk), het in die Zuma-periode verlangsaam. Stagnasie en selfs negatiewe groei het die nuwe patroon geword. Werkskepping veronderstel ’n groeikoers van bykans 4%, maar in die baie onlangse mediumtermynbegroting is die groeikoers van 2,1% na 1,9% verlaag, met ’n vooruitsig van 1,6% oor die volgende 3 jaar (Horne, 2022:2). In sy monetêre beleidsoorsig van 2019 het die Reserwebank hom soos volg uitgespreek: “(The) potential growth has slumped to around 1% in the context of supply constraints (especially electricity shortages) and depressed business future” (SA Reserwebank, 2019:1).[21] Bereken in reële terme per capita van die BBP was die syfer tydens 2013 R80 191, maar teen 2020 ’n verminderde R71 912 (Rossouw, 2022:3). Inaggenome die inflasiekoers is die gemiddelde Suid-Afrikaner derhalwe besig om drasties armer te raak. Die *World Economic Outlook* (2022; soos aangehaal in Rossouw, 2022), identifiseer Suid-Afrika (naas Nigerië en Egipte) as slegs die derde grootste ekonomie op die Afrika-vasteland, hoewel Suid-Afrika dekades lank die grootste en mees gevorderde ekonomie op die vasteland was. Suid-Afrika se ekonomiese krisis word verder beklemtoon deurdat die sakesiklus sedert Desember 2013 in ’n daalfase verkeer (SA Reserwebank, 2022:163). Rossouw (2022:3) wys daarop dat hierdie die langste daalfase is sedert die Tweede Wêreldoorlog; langer as 8 jaar, terwyl die afwaartse fase van Maart 1989 tot Mei 1993 net sowat 55 maande geduur het.

### *4.4.2 Beperkte belastingbasis*

In ’n studie deur Solidariteit se Navorsingsinstituut het Paul Joubert (2013) reeds in 2011/12 aangetoon dat 3,3 miljoen mense sowat 99,9% van persoonlike belasting betaal; 2,3 miljoen 93%, en slegs 1,5 miljoen sowat 84%. Bykans ’n dekade later, met ’n bevolking van nou meer as 60 miljoen, het die belastingbasis toenemend ontoereikend geraak. Steenkamp (2019:3) het in haar navorsing bevind dat die werklike getal belastingbetalers van sowat 5,99 miljoen in 2013/4 tot 4,89 miljoen in 2016/17 gedaal het – ’n vermindering van 18,2%! Verder het die gemiddelde jaarlikse belastinglas per belastingbetaler in dieselfde tydperk (2013/4-2016/7) toegeneem van gemiddeld R45 702 tot R65 601 (Steenkamp, 2019: 3). Die begroting vir 2022/3 toon aan dat van die 7,4 miljoen mense wat tans persoonlike belasting betaal, sowat 8% (608 000 belastingbetalers met ’n inkomste van meer as R750 000), 50,6% van alle persoonlike belasting betaal. Dit beloop sowat 20% van die totale inkomste van die fiskus (Rossouw, 2022:4). Die situasie het gevolglik nie verbeter nie en die risiko’s is tans selfs groter as in die verlede. Hierdie aspek beklemtoon die uiterste kwesbaarheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie vanweë ’n baie klein belastingsbasis en steeds groeiende eise ten opsigte van die staatskas.[22]

---

[21] Hierdie syfer is onlangs verder afwaarts aangepas. Die nuutste syfers toon -1,3% negatiewe groei in die BNP van Suid-Afrika, soos gemeet tydens die vierde kwartaal van 2022. Dit is heelwat laer as die -0,4% negatiewe groeikoers wat verwag is. Sektore wat negatief geraak is, sluit in die mynbedryf, landbou, finansiële sektor en handel (Businesstech, 2023:1-6).

[22] Die eskalerende en groeiende aantal sosiale toelaes is veral hier ter sprake. Die spesiale COVID-19-toelaag is onlangs tydens die mediumtermynbegroting van 2022 tot Maart 2024 verleng, ondanks die uiterste kwesbaarheid van die fiskus, soos Rossouw (2022) uitgewys het. Daar bestaan tans sterk aanduidings (uitsprake van leidende politici) dat die toelaes vorentoe eerder verhoog en/of vermeerder gaan word, veral soos daar nader beweeg word na die volgende verkiesing. Dit blyk die toedrag van sake te wees ongeag ekonomiese en finansiële implikasies daarvan.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

### *4.4.3 Die fiskale afgrond*

Die afgelope aantal jare waarsku ekonome reeds oor die moontlikheid van ’n soewereine skuldkrisis (Parsons, 2020:1). ’n Fiskale afgrond word bereik wanneer staatsdiensvergoeding, maatskaplike toelaes en rente op staatskuld alle staatsinkomste oortref (Rossouw, 2022:4). In die 2007/8 fiskale jaar het bogenoemde kategorieë sowat 55% van regeringsinkomste beloop. Tydens die 2022/23 fiskale jaar sal die persentasie verhoog tot 74,4% (Rossouw, 2022:4). Dit is vanweë beperkte tot selfs negatiewe ekonomiese groei; salarisverhoging vir staatsamptenare dikwels bokant die inflasiedrempel; meer uitgebreide en verhoogde sosiale toelaes; die COVID-19-pandemie; die finansiële krisis van die meeste semi-staatsinstellings waaronder ESKOM; die ineenstorting van owerheidstrukture met gepaardgaande infrastrukturele uitdagings, en ’n verswakkende wêreld-ekonomie. Populistiese beleidsrigtings om ondersteuningsbasisse tevrede te hou, megaprojekte afhanklik van staatsbesteding en kapasiteit (makro sosio-manipulasie) is gedoem tot mislukking en bevorder ’n bose kringloop, met politieke onstabiliteit as uitkoms. Rossouw (2022:4) beklemtoon dat: “Die beplanning van ’n nasionale stelsel van gesondheidsversekering wat deur die fiskus befonds word, of oproepe vir groter, meer of meer omvattende inkomstetoelaes is dus misplaas.” Die profetiese woorde van RW Johnson (2019:1), as hy verwys na: “South Africa’s slow motion momentum towards a financial train crash has begun to speed up”, blyk waar te wees teen hierdie agtergrond.

### *4.4.4 Vlug van kapitaal en deïndustrialisering*

Die vlug van kapitaal beteken die uitvloei van kapitale en finansiële bates weens redes wat verband hou met politieke, ekonomiese en maatskaplike omstandighede soos aangedui. In die 18 maande tot en met einde 2017 het daar na berekening R350 miljard die land verlaat (Soobramoney, 2017:1), terwyl Heystek (soos aangehaal in Cameron, 2019) beklemtoon dat R500 miljard van die Johannesburgse effektebeurs Suid-Afrika sedert 2015 verlaat het. Redes hiervoor sluit in ’n negatiewe ideologie, beleidsomgewing en transformatiewe praktyke wat onder meer BBBEE-wetgewing insluit; die oorregulering van die ekonomie; verswakkende staat en infrastruktuur; veiligheidsrisiko’s, groeiende misdaad en diensleweringsprobleme. Die onlangse hoë fases beurtkrag wat Suid-Afrika tydens 2022 en veral 2023 (tot op hede) geraak het, het bygedra tot ’n verdere vlug van kapitaal asook disinvestering. *Standard & Poors* asook *Global*, internasionale ekonomiese graderingsmaatskappye, het Suid-Afrika se status weer eens afwaarts aangepas gegewe die verslegtende beurtkrag-situasie (Du Plessis, 2023:1-4). Suid-Afrika se plasing op die *gryslys* as gevolg van onreëlmatighede soos geldwassery en ondersteuning vir terroristegroepe is ook uiters negatief vir die Suid-Afrikaanse ekonomie.

’n Patroon wat hiermee saamhang is deïndustrialisering, wat verwys na die verwydering of vermindering van die industriële vermoë van ’n staat of selfs net ’n streek, met spesifieke verwysing na die industriële en die vervaardigingsektore (Turton, 2019; Strachan, 2017).[23]

[23] Vergelyk Turton (2019) se artikel getiteld *Going backwards – the deindustrialisation of the South African economy* vir besonderhede oor die aard en omvang van hierdie patroon in Suid-Afrika.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

#### *4.4.5 Gevolgtrekking*

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die ekonomiese stelsel en die finansiële stelsel wat daarop ingebed is, nie volhoubaar is nie, en dat wanfunksionaliteit ten grondslag lê van nie-volhoubaarheid; patrone van onstabiliteit word beklemtoon. Redes hiervoor is uiteenlopend en verbandhoudend met sake soos transformasie as ’n wanfunksionele rasgedrewe politieke ideologie; die afwesigheid van ’n politieke wil om werklike strukturele ekonomiese veranderinge in te stel; oorregulering as gevolg van ’n te ingewikkelde beleidsomgewing; beperkte groei versus oordrewe en onrealistiese verwagtinge; die konteks van ’n verswakkende staat, swak dienslewering en ’n infrastruktuur wat besig is om te disintegreer. Soos die mislukking van makro-transformatiefgerigte planne soos die RDP, GEAR en ASGISA, wys Rossouw (2022:3) op ook die mislukking van die NOP. Van die gestelde ideale in die genoemde planne het weinig tereggekom, soos blyk uit die maatskaplike uitdagings waarmee die land tans worstel.

### *4.5 Sosiale en maatskaplike vraagstukke*

Sosiale en maatskaplike toestande in die groter samelewing weerspieël dikwels die heersende politieke en ekonomiese omstandighede in die betrokke staat. Suid-Afrika is geen uitsondering nie. Dit kan direk of indirek die stabiliteit van die politieke stelsel bedreig, soos byvoorbeeld die omstandighede wat tot die Arabiese Lente bygedra het, inderdaad beklemtoon. Die vernaamste kenmerke van die Suid-Afrikaanse samelewing sluit in hoë vlakke van sosiale onstabiliteit, misdaad en armoede; ’n toenemende kultuur van protes; identiteitskonflikte en gebrekkige sosiale samehorigheid – faktore wat inderdaad ’n uitwerking kan en sal hê op die stabiliteit/onstabiliteit van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel. Enkele van hierdie aspekte word verder toegelig.

Sowat 13,8 miljoen uit die meer as 60 miljoen mense in Suid-Afrika lewe tans in armoede.[24] Wat veral kommerwekkend is, is dat armoede met sowat 13% toegeneem het in die jaartydperk Augustus 2021/2022. As gevolg van armoede raak burgers toenemend afhanklik van staatstoelaes. Sosiale toelaes het oor die afgelope twee dekades sodanig toegeneem dat sowat 18 miljoen mense teen 2019 toelaes ontvang het – bykans een derde van die totale bevolking (Statista, 2022:1-4). Die toename en afhanklikheid van die staat het toegeneem van 3,01 miljoen mense (7% van die bevolking in 1996/7) tot 18,29 miljoen (31% van die bevolking in 2019/20). Van die 18 miljoen was meer as 16 miljoen swart, 1,47 miljoen bruin, 213 000 Indiërs en 324 000 witmense (Statista, 2022:3). Sedert die COVID-19-pandemie is spesiale toelaes toegeken wat onlangs tot en met April 2024 verleng is, ongeag beperkte tot negatiewe ekonomiese groei en ’n staatskas wat toenemend in die moeilikheid raak.

Daar bestaan geen twyfel nie dat die stelsel van sosiale toelaes deur die regerende ANC gebruik word om patronaatskappe te vestig ten einde politieke mag te bekom en te behou. Die uitgebreide korrupsie waarby SASSA in die ondersoek van die Zondo-kommissie geïmpliseer word, bevestig hierdie aanname, asook die korrupsie waarby ANC-elites rakende stemkopery geïmpliseer word. In die onlangse staatsrede van die president is die voortsetting en uitbreiding van staatstoelaes beklemtoon, wat deur opposisiepartye beskou word as ’n poging om stemme

[24] Volgens die April 2021-maatstaf bereken, is dit mense wat minder as R1335, 00 per jaar verdien. Algemene inflasie was in dieselfde tyd 7,8% en voedselinflasie 10,1%.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

vir die beplande 2024-verkiesing te koop – ’n verkiesing waarin meningspeilings daarop dui dat die ANC nie ’n volstrekte meerderheid gaan behaal nie.

Die sosiaal-maatskaplike situasie in Suid-Afrika is te gekompliseerd om hier volledig te beskryf. Daar is reeds na verskeie sosiaal-maatskaplike en sosiaal-ekonomiese aspekte verwys. Ter afsluiting van hierdie afdeling word enkele uitstaande syfers uitgelig wat die aard van onstabiliteit in die Suid-Afrikaanse samelewing onderlê of beskryf:

1) Bykans ’n halfmiljoen mense is tussen 1994 en 2017 in Suid-Afrika vermoor. 58,4 mense word gemiddeld daagliks vermoor en 115,8 verkragtings vind gemiddeld in dieselfde tydperk plaas. Van die moorde vind sowat 40 per maand in die taxi-bedryf plaas (Cronje, 2017:58; Baxter, 2020). Hierdie oorhoofse syfers is hoër as dié in samelewings waar aktiewe burgeroorloë tans aan die gang is!
2) Geweld neem verskeie vorme aan, is dikwels eskalerend van aard, en sluit in xenofobie; taxi-geweld; kulturele en rasgebaseerde geweld; vigilantisme, en politieke sluipmoorde (Duvenhage, 2021:713-737).
3) Cronje (2017:39-61) beskryf die toedrag van sake as ’n “breakdown of South African family life”. Van die 19 miljoen kinders in 2017 het 7,5 miljoen enkelouers gehad en 6,5 miljoen moes sonder enige ouers funksioneer!
4) Tot 80% van alle skole in Suid-Afrika word as wanfunksioneel beskou (Duvenhage, 2021A:154-156).
5) Tot 10% van al Suid-Afrika se inwoners word as immigrante sonder wettige dokumente gereken (Owusu-Sekyere, 2022:3).
6) Daar is sowat 13 miljoen mense in Suid-Afrika wat werkloos is en die getal neem drasties toe (Owusu-Sekyere, 2022:1-14).
7) Die ineenstorting van instellings soos ESKOM, TRANSNET, die Poskantoor en ander dienslewerende instellings (waaronder plaaslike regerings) verswak die lewensgehalte van die meeste burgers in Suid-Afrika.

#### *4.5.1 Gevolgtrekking*

Sosiale en maatskaplike toestande in Suid-Afrika is baie negatief vir stelselstabiliteit in die land en kan tesame met ekonomiese faktore tot patrone van politieke onstabiliteit bydra. Hierdie omgewing was ’n kernomgewing waarbinne kombinasies van faktore tot die kantelpunt bygedra het. Omstandighede soos geskets, dra nie by tot die konsolidasie van demokratiese bedelings en grondwetlike waardes soos (onder meer) in ons grondwet vervat is nie.

Daar word vlugtig na die huidige toenemende politieke onstabiliteit in die wêreld-politiek en die implikasies daarvan verwys met die oog op hierdie omgewingsverkenning.

### *4.6 ’n Onstabiele Internasionale omgewing*[25]

In ’n kleinerwordende wêreld, soms voorgestel as ’n *global village*, is Suid-Afrika nie gedistansieer van wat wêreldwyd gebeur nie. Die volgende is belangrik ten opsigte van stelselstabiliteit in Suid-Afrika:

[25] Hierdie aspek is ’n studieveld op sy eie en daar word net kripties en baie kortliks na enkele belangrike sake verwys.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

1) Sedert die val van die Berlynse muur (1991) en veral sedert die begin van ’n eskalerende oorlog tussen Rusland en die Oekraïne in 2022 (wat kan lei tot ’n Derde Wêreldoorlog), is internasionale verhoudinge baie onstabiel en risiko’s het eksponensieel toegeneem. Die Suid-Afrikaanse (lees ANC-)regering skaar hom duidelik by Rusland, met verreikende implikasies vir ekonomiese investering, wat noodsaaklik is vir broodnodige ekonomiese groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Suid-Afrika se grootste handelsvennote en bron van finansiële ondersteuning is juis die Weste, en die VSA oorweeg reeds optrede teen Suid-Afrika. (Suid-Afrika se onlangse militêre oefening saam met China en Rusland naby Richardsbaai is uiters negatief deur die Weste ontvang.)
2) Die huidige konflik tussen Israel en Hamas het nie net die potensiaal om die Midde-Ooste te destabiliseer nie, maar ook ander dele van die wêreld. Benewens die gekompliseerdheid van die situasie vir Suid-Afrika internasionaal, is dit ook besig om Suid-Afrika intern te verdeel met die potensiaal vir onstabiliteit soos die optog na die Joodse ambassade in Suid-Afrika onlangs bewys het.
3) Suid-Afrika is onlangs op die sogenaamde *gryslys* geplaas vanweë die voorkoms van geldwassery en betrokkenheid by, en/of ondersteuning van terreurorganisasies (Burger, 2023:1-3). Dit strem ekonomiese investering in Suid-Afrika en beperk of reguleer strenger toegang tot die internasionale finansiële wêreld. Dit is baie nadelig vir ’n reeds verswakte Suid-Afrikaanse ekonomie wat dringend ekonomiese groei benodig om maatskaplike vraagstukke, waaronder werkloosheid en armoede, doelmatig te kan aanpak;
4) Internasionaal word Suid-Afrika beskou as ooreenstemmend met state wat ’n swak menseregterekord het, waaronder Rusland, China, Iran, Noord-Korea en Kuba. Vermoedelike betrokkenheid by terreurorganisasies benadeel Suid-Afrika internasionaal, daarom is Suid-Afrika op die sogenaamde *gryslys* geplaas;
5) Toestande in die Suider-Afrikaanse subkontinent is ook nie bydraend tot stabiliteit ten opsigte van die Suid-Afrikaanse staatkundige en politieke bestel nie. Die ineenstorting van Zimbabwe se ekonomie en die instroming van Zimbabwiërs na Suid-Afrika; die ISIS-bedreiging;[26] kriminele sindikate wat in Suider-Afrika werksaam is (veral in Mosambiek en Eswatini), asook die groot getal onwettige immigrante wat na Suid-Afrika stroom, beklemtoon die vlakke van potensiële onstabiliteit. Vreemdelingehaat (xenofobie) kom algemeen voor en beraamde syfers oor die getal onwettige immigrante is reeds genoem.

#### *4.6.1 Gevolgtrekking*

Hierdie lys faktore kan verder uitgebrei word. Dit is ’n feit dat kombinasies van faktore die internasionale omgewing destabiliseer en argumentering is gegrond dat die internasionale orde tans meer onstabiel is as ooit sedert die Koue Oorlogfase, wat in 1991 met die val van die Sowjet Unie geëindig het. Met ’n gekompliseerde en vae buitelandse beleid, politieke en diplomatieke bande met van die uitgeworpe state van die wêreld, asook pragmatisme en opportunisme in die toepassing van buitelandse beleidsrigtings, kan verkeerde keuses Suid-

26 Vergelyk Hanlon (2020) vir meer besonderhede oor die aard en omvang van die ISIS-bedreiging in die noorde van Mosambiek.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

Afrika baie duur te staan kom. Die reeds gekompliseerde binnelandse situasie kan verder gekompliseer word, en reeds bestaande patrone van politieke onstabiliteit vererger. Dit is nietemin ook my oortuiging dat die korrekte strategiese plasing van Suid-Afrika binne hierdie veranderende omgewing (rakende sake soos voedselsekerheid en die voorsiening van minerale) tot ekonomiese groei en voorspoed kan lei.

Gegewe die huidige omstandighede in die Suid-Afrikaanse politiek, ekonomie en samelewing wat ontleed is, klink die wekroep (soos in die laat tagtigerjare met die grondwetlike krisis van daardie tyd) weer eens op. Daar is ’n noodsaak vir radikale hervorming en vernuwing van die bestaande politieke bestel – die raamwerk wat die spelreëls moet bepaal.

## 5. Evaluasie en gevolgtrekkings

’n Breë politieke omgewingsverkenning met die beklemtoning van kernfaktore, patrone en tendense, beklemtoon dat die huidige vlakke van onstabiliteit op die kort termyn kan verhoog. Skematies kan die toedrag van sake voorgestel en gemotiveer word soos reeds aangedui in die Figuur in Afdeling 4 hier bo.

In ’n omgewing van politieke onstabiliteit word die gedrag van rolspelers (meestal polities of in ander opsigte verpolitiseer) moeiliker voorspelbaar; ongeskrewe spelreëls van die groter samelewing word nie konsekwent gehandhaaf nie; reëltoepassing is dikwels inkonsekwent en in bepaalde omstandighede soms heeltemal afwesig; gemobiliseerde ekonomiese verwagtinge word nie verwesenlik nie, wat lei tot konflik en selfs geweld; maatskaplike uitdagings neem toe en demonstreer die onvermoë van die staat om laasgenoemde suksesvol aan te pak.

Toenemende patrone van onstabiliteit lei tot die verval van wet en orde teen die agtergrond van wat telkens as ’n *verswakkende staat* in die studie voorgehou is. Waar staatstrukture wanfunksioneel raak (selfs verval), vind *stelseluitwyking* plaas en strukture kom tot stand wat naas die staat kernfunksies van instellings begin oorneem. Hierdie beskrywing pas die huidige situasie in Suid-Afrika, met stelseluitwyking wat voorkom rakende die handhawing van wet en orde (’n kernfunksie van die staat); dienslewering op talle vlakke; onderwys; gesondheid; selfs die voorsiening van water en elektrisiteit. Die uittredende Hoof- Uitvoerende Beampte van ESKOM, André De Ruyter, se ontleding van wat tans binne die organisasie aan die gang is, beklemtoon bogenoemde toedrag van sake. Dieselfde ontleding (moontlik kontekstueel verskillend) is ook van toepassing op TRANSNET, die SABC, Poskantoor en Landbank. Die situasie van formele staatstrukture, byvoorbeeld die toestand van plaaslike regering (en wanfunksionaliteite op ander vlakke van die staat), het onmiskenbaar deel van ons staatkundige werklikheid geword; ’n werklikheid wat gedy in ’n omgewing van endemiese korrupsie, oftewel staatskaping.

Faktore (soms deurslaggewend) binne die geïdentifiseerde *post-kantelpunt*-omgewing (polities, ekonomies, maatskaplik en in sekere opsigte internasionaal) beklemtoon dat die huidige politieke stelsel moeilik volhoubaar gaan wees – selfs op die korter termyn. Dramatiese fundamentele hervorming (polities, ekonomies en maatskaplik) is dringend nodig indien die ideale verbonde aan ’n demokratiese bestel (onder meer soos in die 1996-Grondwet vervat) gehandhaaf en verwesenlik wil word. Die problematiek in Suid-Afrika handel oor meer as die president en die ANC-regering of selfs die groter owerheidsbestel. Dit spreek tot die hart van die Suid-Afrikaanse staat en antwoorde sal op hierdie makrovlak gesoek moet word. Die waarskuwing van RW Johnson (2015:238) is duidelik: “What is now clear, just 20 odd years later and beyond reasonable doubt, is that ‘liberation’ has failed, that the regime it has produced is quite incapable of governing South Africa as a free, democratic and functioning country.”

Nou, bykans 10 jaar later, bevestig hierdie omgewingsverkenning die geldigheid van die stelling, soos ook beklemtoon deur ander ontleders na wie verwys is.

Die kernbevindings van hierdie oorsigtelike politieke verkenning, met verreikende implikasies op die korter termyn, kan soos volg saamgevat word:

1) Die grootste enkele, oorkoepelende probleem is tans **die verval van die staatkundige bedeling** (staat as staat; meer as net owerheid of regering), met verreikende implikasies vir orde, stabiliteit en sekuriteit op korter en langer termyne;
2) Die eskalerende regeerkundige en bestuurskrisis binne die ANC (ook ANC in regering en verteenwoordig binne owerheidsinstellings), die verlies aan mag en gesag (legitieme mag), en versnelde patrone van politieke onstabiliteit op die korter termyn;
3) Herskikking van die politieke spektrum (soos bewys in die 2021- plaaslike verkiesing), wat die ANC nasionaal sonder ’n volstrekte meerderheid kan laat; provinsies onder beheer van opposisiepartye (koalisies) kan plaas, en die belang van politieke kaders binne owerheidstrukture kan bedreig. Dit is potensieel ’n baie onstabiele situasie, veral indien maghebbers (regering en owerheid) nie van mag (vergelyk Zimbabwe) sal wil afstand doen nie;
4) Koalisiepolitiek, ’n groot waarskynlikheid, veronderstel nuwe spelreëls wat die Suid-Afrikaanse politiek nog nie bemeester het nie. Dit sal in ’n omgewing waar wet en orde in duie stort en reëltoepassing soms afwesig of selektief is, tot onstabiliteit bydra (soos tans in Tshwane en Ekurhuleni);
5) Gebrekkige ekonomiese groei en negatiewe finansiële vooruitsigte belemmer die uitvoer en toepassing van ekstreme populistiese beleidsrigtings soos deur die regerende ANC aanvaar. Gemobiliseerde verwagtinge (waaraan nie voldoen word nie – veral beloftes in die aanloop tot verkiesings), indien onuitgevoer, sal onteenseglik tot konflik, geweld en onstabiliteit lei;
6) Die bedryf van rasgebaseerde politiek deur radikale groeperinge (ANC, EFF en andere), sal gebrekkige sosiale samehangendheid bevorder wat tot konflik en geweld kan lei;
7) Die regering en owerheidsinstellings se onvermoë om maatskaplike vraagstukke (armoede, ongelykheid, werkloosheid), asook dienste soos water, elektrisiteit, sanitasie en instandhouding van infrastruktuur te verseker, sal ’n kultuur van konflik en geweld (reeds endemies) verder bevorder;
8) Die voortgesette verswakking van die staat bevorder die totstandkoming van nuwe rolspelers met eiesoortige magsbasisse wat in konflik met die staat (lees grondwet en ander wetgewing), eie waardes en skaars middele selektief toewys. Indien hierdie magsbasisse militariseer, soos telkens voorkom deur gebruikmaking van gewapende geweld deur onder meer georganiseerde misdaadsindikate, word ’n omgewing geskep waar krygshere aktief kan funksioneer. Dit is in direkte botsing met die soewereiniteitsbeginsel van die staat en kom deesdae meer gereeld voor;
9) Die inploffing van die strafregstelsel, die platval van die Zondo-kommissie (soos die Seriti-kommissie van ondersoek na die wapenskandaal), en gebrekkige politieke wil en afwesige politieke leierskap in ’n omgewing van endemiese en eskalerende korrupsie en misdaad (staatskaping), waarby veral die ANC en regerende elites geïmpliseer word, word op die korter termyn verwag;
10) Die ontwikkeling van parallelle strukture om veral sosiale sekuriteit te verseker, waaronder veiligheid, gesondheid, onderwys, dienslewering en infrastrukturele ontwikkeling, gaan vorentoe nog meer prominent word. Vorme van ’n hibriede, selfs

parallelle staat kan oor die langer termyn ontwikkel. Dit hang saam met "privatisering" as skuiwergat, namate die staatskrisis en 'n onvermoë om sy mandaat uit te voer, toeneem;

11) Die groter polities-ekonomiese bedeling gaan nie finansieel volhoubaar wees nie, vanweë finansiële bronne wat uitgeput en misbruik is. Toegang tot internasionale finansiering (vanweë veral ideologiese en regeerkundige/bestuurswerklikhede), sal onmoontlik raak;

12) Aansluitend by die voorafgaande kan verkeerde internasionale politieke keuses Suid-Afrika polities en ekonomies isoleer en disinvestering tot gevolg hê, met verdere implikasies vir die vermoë om maatskaplike vraagstukke soos armoedeverligting en werkskepping daadwerklik te kan aanpak.

**Suid-Afrika sal, in ooreenstemming met die ontleding van die geïdentifiseerde kriteria en die implikasies daarvan (soos geïnterpreteer), op die korter en waarskynlik ook die medium en langer termyne meer onstabiel raak in 'n omgewing waar politieke wil en strategiese leierskap grootliks afwesig is.**

In wese sal toekomsstrategieë gerig moet wees op die heropbou van die Suid-Afrikaanse staat, die strukture wat dit veronderstel, die normatief-etiese regeerkundige grondslae waarvolgens 'n staat bestuur moet word, en bowenal die herstel van orde, reëlmaat en struktuur (politieke stabiliteit). Talle leiers en belangegroepe het hulle reeds uitgespreek ten gunste van 'n nuwe nasionale gesprek of KODESA ten einde die uitdagings daadwerklik aan te pak. Selfs 'n opvolgskikking word 'n moontlikheid binne hierdie omstandighede. Sonder laasgenoemde kan Suid-Afrika in die toekoms ontwikkel as nog 'n voorbeeld van 'n mislukte demokrasie op die Afrika-vasteland. Fundamentele hervorming ten opsigte van die staat (veral die werking van die staat), die ekonomie en die groter samelewing is dringend nodig. Hiervoor word leierskap benodig, waarna soms verwys word as *transformatiewe leierskap*, wat tans grootliks ontbreek binne die regerende ANC.

Die verkiesing geskeduleer vir 2024 mag 'n waterskeidingsmoment vir die ANC wees. Meningspeilings dui daarop dat die ANC moontlik hul volstrekte meerderheid kwyt kan wees. Koalisiepolitiek wat baie wankelrig vertoon, dui op 'n vooruitsig van eskalerende patrone van politieke onstabiliteit. Hierdie faktor, tesame met ander faktore (determinante) uit die ekonomiese en maatskaplike omgewing, beklemtoon die werklikheid van eskalerende politieke onstabiliteit op die korter en selfs medium termyn met, soos in die periode ná 1976, 'n wekroep vir drastiese en fundamentele verandering.

## BIBLIOGRAFIE

Afriforum. 2023. Meer as 95% van alle plaasaanvalle en -moordinsidente steeds onopgelos. https://afriforum.co.za/meer-as-95-van-alle-plaasaanvalle-en-moordinsidente steeds-onopgelos/ (24 Oktober 2023 geraadpleeg).

Ake, C. 1975. A definition of political stability. *Comparative Politics,* 7(2):271-283.

ANC. 2017. ANC National Policy Conference: Strategy and tactics of the African National Congress. Discussion document, 2017. https://www.sahistory.org.za/archive/2017-ANC-national-policy-conference-strategy-and-tactics-of-the-african-national-congress-discussion-document (26 Januarie 2021 geraadpleeg).

Anon. 2019a. South Africa is one of the least safe countries in the world. 24 November. https://businesstech.co.za/news/lifestyle/355519/south-africa-is-one-of- (15 Februarie 2020 geraadpleeg).

—. 2019b. Tax. Businesstech. 24 December. Businesstech.co.za (13 Februarie 2020 geraadpleeg).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

Balthazar. 2022. South Africa may soon join Hungary, Poland and India as a failed constitutional experiment. https://www.dailymaverick.co.za/opionista/2022-11-27-south-africa-may-soon-join-hungary-poland-and-india-as-a-failed-constitutional-experiment (27 November 2022 geraadpleeg).

Bapela, K. 2023.Candidates contesting municipal elections. https://www.gov.za/speeches/candidates-contesting-municipal-elections (12 Oktober 2023 geraadpleeg).

Baxter, J. 2020. Latest crime statistics for South Africa – increases in murder rate. SA People News, 31 Julie. https://www.sapeople.com/eish-south-african-stuff/latest-crime-statistics-for-south-africa-increase-in-murder-rate/ (5 Oktober 2020 geraadpleeg).

Bloomberg. 2020. Advisory group puts a date to South Africa's collapse. Businesstech, 10 September. https://businesstech.co.za/news/business/432504/advisory-group-puts-a-date-to-south-africas-collapse/ (20 Oktober 2020 geraadpleeg).

Bogdanor, V. 1986. *Representatives of the people? Parliamentarians and constituents in Western democracies*. Cambridge: Cambridge University Press.

Boonzaaier, D. 2022. ANC val onder 40%. *Rapport.* 14 Augustus:1.

Booysen, S. 2015. Causes and impact of party alliances and coalitions on the party system and national cohesion in South Africa. *African Studies,* 13(1):66-93.

Booysen, S. 2021 Disunited we stand: Coalition politics in South Africa is jinxed when politicians behave badly in pursuit of power. Daily Maverick, 7 Julie. https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2021-07-07-disunited-we-stand-coalition-politics-in-south-africa-is-jinxed-when-politicians-behave-badly-in-pursuit-of-power/ (7 Julie 2020 geraadpleeg).

Bratton, M & Van der Walle, N. 1997. *Democratic experiments in Africa: Regime transitions in comparative perspective*. Cambridge: Cambridge University Press.

Burger, P. 2023. South Africa has been grey listed for not stopping money laundering and terrorism funding. What it means. https://theconversation.com/south-africa-has-been-grey-listed-for-not-stopping-money-laundering-and-terrorism-funding-what-it-means (7 Maart 2023 geraadpleeg).

Businesstech. 2021. Around 23 000 tax residents leave South Africa each year and government to tighten the numbers. 5 March 2021. Businesstech.co.za.

Businesstech. 2022. Poll data reveals ANC could get 50% in next elections. *Businesstech* 28 Augustus 2022.

Businesstech. 2023. GDP shock for South Africa as load shedding crushes the economy. https://businesstech.co.za/news/finance/670947/gdp-shock-for-south-africa-as-load-shedding-crushes-the-economy (14 Maart 2023 geraadpleeg).

Buys, F. 2020. "Revolusie" van rykes. 22 Oktober 2020. *MaroelaMedia*.co.za.

Cameron, J. 2020A. Magnus Heystek: Horrific chart with nowhere for the JSE to hide. BIZNews. 27 Desember 2020. https://www.biznews.com/wealth-advisors/2020/12/27/magnus-heystek-horrific-jse-chart (22 Maart 2021 geraadpleeg).

Cameron, J. 2020. Flash briefing: SA heads for financial crisis; Denel. Land Bank needs funds, gold mines, COVID19. Biznews.com/entrepreneur/2020/10/11 financial crises (12 Oktober 2020 geraadpleeg).

CEIC-Data. 2020. South African Debt: % of GDP. Quarterly CEIC-Data: September 2020. https://www.ceicdata.com/en/indicator/south-africa-debt-of nominal-gdp (8 Maart 2021 geraadpleeg).

Center for Civic Education. 2022. Constitutional Democracy: Essential elements.https://civiced.org/

Chikane, F. 2021. It is past time for South Africans to join ranks to remove corrupt leaders. *City Press.* https://www.news24.com/citypres/voices/frank-chicane-it-is-past-time-for-south-africans-to- remove-corrupt-leadership (28 Junie 2021 geraadpleeg).

Chipkin, I & Swilling, M. 2018. *Shadow State: The politics of state capture*. Johannnesburg: Wits University, 176pp.

COGTA. 2019. Presentation about the status of Municipalities in the Northwest Province – MEC Rosho: 13 May 2019. Unpublished.

Comins, l. 2023. SAPS bungle farm cases as much as other investigations. https://mg.co.za/thoughtleader/analysis/2023-09-18-saps-bungle-cases-as-much-as-other-investigations/ (geraadpleeg 24 Oktober 2023).

Corruption Watch. 2020. South Africa's COVID-19 has exposed greed and spurred long needed action against corruption. *Corruption Watch*, 4 September 2020 (8 Maart 2021 geraadpleeg).

Cotterill, J. 2021. South Africa counts the cost of its worst unrest since apartheid.https://www.ft.com/content/1b0badcd-2f81-42c8-ae09-796475540cc.

Cronjé, F. 2017. *A traveller's guide to South Africa in 2030*. Kaapstad: Tafelberg.

Curlewis, L. 2022. The South African Criminal Justice System: Under Siege. Pretoria: Referaat gelewer te Universiteit van Pretoria ter afskeid van Prof Koos Malan op 19 Augustus 2022.

Dahl, RA. 1971. *Polyarchy: participation and opposition*. New Haven: Yale University Press.

Daily Investor, 2022. South Africa on the verge of collapse – economist. https://dailyinvestor.com/south-africa/5825/south-africa-on-the-verge-of-collapse-economist/.

Daily Investor, 2023. South African social unrest warning. https://dailyinvestor.com/business/16321/south-african-social-unrest-warning/ (27 Julie 2023 geraadpleeg).

Democratic Alliance, 2023. Track the consequences of Zondo's State Capture reports. https://www.da.org.za/statecaptureconsequences (17 Januarie 2023 geraadpleeg).

De Wet, P. 2016. SA Justice System is battling. https://mg.co.za/article/2016-09-16-00-sas-justice-system-is-battling/ (4/03/2021 geraadpleeg).

Duane, EC. 2017. Corruption and state capture under two regimes in Guyana (PDF). *Research Gate.* University of the West Indies (23 Mei 2017 geraadpleeg).

Du Plessis, M. 2023. Investors flooding out of South Africa https://dailyinvestor.com/investing/35007/investors-flooding-out-of-south-africa/ (15 Maart 2023 geraadpleeg).

Duvenhage, A. 2007. Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: 'n Strategiese ontleding en scenario-analise. NWU (Potchefstroom): Professorale intreerede.

Duvenhage, A. 2020. Suid-Afrika by 'n kantelpunt: 'n slegte-saak scenario? *Litnet-Akademies* https://www.litnet.co.za/suid-afrika-by-n-kantelpunt-n-slegte-saak-scenario/ (14 September 2020 ontsluit).

Duvenhage, A. 2020A. Suid-Afrika in 'n smeltkroes van verandering: eietydse en toekomsperspektiewe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap 2020 (vierde kwartaal);* 137-162.

Duvenhage, A. 2021. Politieke transformasie in Suid-Afrika: Implikasies vir die staat,die ekonomie en samelewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 61(3):713-737.

Easton, D. 1965. *A systems analysis of political life*. New York: John Wiley& Sons.

Eloff, T. 2022. Die ANC kan in sy huidige vorm verdwynhttps://www.afrikanerbond.co.za/die-anc-kan-in-sy-huidige-vorm-verdwyn---mei-2022 (26 September 2022 geraadpleeg).

Erasmus, D & Hlangu, L. 2021. Phoenix massacre: What really happened in the deadly collision of brutalized communities. https:// www-daily-maverick.co.za/article/2021-07-28-phoenix-massacre-what-really-happened-in-the-deeadly-collision-of brutalized-communities. (26 September 2021 geraadpleeg).

Eunomix. 2020. South Africa heading towards a failed state https://www.bloomberg.com/news/articles/2020-09-10/south-africa-heading-toward-becoming-a-failed-state-group-says#xj4y7vzkg (10 Oktober 2020 geraadpleeg).

Geldenhuys, D. 1999. Staatsverval. *Politeia*, 18(2):37-56.

Heywood, A. 2002. *Politics* (second edition). New York: Palgrave Foundations.

Giliomee, H & Schlemmer, L.1994. Can a South African democracy become consolidated? In Giliomee, H & Schlemmer, L. Eds. *The Bold experiment.* Cape Town: Southern Books, p. 202.

Gladwell, M. 2000. *The tipping point: How little things can make a big difference*. New York: Little Brown.

Global Initiative. 2022. Strategic organized crime risk assessment South Africa. Global Initiative against transitional crime. September 2022. chrome-extension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/https://globalinitiative.net/wp-content/uploads/2022/09/GI-TOC-Strategic-Organized-Crime-Risk-Assessment-South-Africa.pdf (6 November 2023 geraadpleeg).

Global Peace Index. 2018. South Africa is one of the least safe countries in the world. https://businesstech.co.za/news/lifestyle/355519/south-africa-is-one-of-the-least-safe-countries-in-the-world/ (16 Februarie 2020 geraadpleeg).

Greffrath, WN. 2015. State dysfunction: The concept and its application to South Africa. Potchefstroom. PhD thesis: NWU.

Grondwet. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996. https://www.gov.za/sites/default/files/images/a108-96.pdf. (15 Julie 2021 geraadpleeg).

Grootes, S. 2020. After meeting KZN veterans, Ace Magashule responds to Fikile Mbalula. *Daily Maverick*. https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-10-13-after-meeting-kzn-veterans-ace-magashule-responds-to-fikile-mbalula-sort-of/ (13 Oktober 2020 geraadpleeg).

Grootes, S. 2021. All together now: the re-emergence of Thabo Mbeki adds a new dimension to the ANC's internal war. *Daily Maverick*. https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-06-28-all-together-now-the-re-emergence-of-thabo-mbeki-adds-a-new-dimension-to-the-ancs-internal-war/ (29 Junie 2021 geraadpleeg).

Gumede, W. 2021. We are going down, the Mexican way. *Sunday Times*. 21 Februarie 2021:24.

Gumede, W. 2021A, Mirror, mirror on the wall, who is the real leader of us all? *Sunday Times* Opinion & Analysis. 17 Maart 2021.

Haffajee, F. 2022. Road to 2024 elections: ANC collapse as South Africa's majority party is foretold in new pole. *Daily Maverick:* 14 Augustus 2022.

Haffajee, F. 2022A. If a general election were held tomorrow and turnout was good the ANC would clear 50%. https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-09-01-if-a-general-election-were-held-tomorrow-and-turnout-was-good-the-anc-would-clear-50-inclusive-society-institute/ (9 September 2022 geraadpleeg).

Haffajee, F. 2022B. South Africa's organized crime climbs to Italy's level, racing past Mexico, Somali and Libya. https://dailymaverick.co.za/article/2022-09-21-south-africas-organised-crime-climbs-to-italys-levels-racing-past-mexico-somalia-and-libya/ (2 November 2022 geraadpleeg).

Hanlon, J. 2020. "Southern Africa: Mozambique Asks EU for military Help". https://allafrica.com/stories/202009290483.html. allAfrica.com.

Harding, A. 2021. South Africa riots: The inside story of Durban's week of anarchy.https://www.bbc.com/news/world-africa-57996373 (4 April 2023 geraadpleeg).

Heystek, M. 2019. RSA titanic is in groot k#k – don't let those patriotic swimsuits fool you. Biznews.com. 24 Desember.

Heywood, A. 2002. *Politics* (second edition). New York: Palgrave Foundations. https://www.iol.co.za/business-report/capital-outflow-r350billion (18 Februarie 2020 geraadpleeg). https://www.politicsweb.co.za/opinion/who-can-lead-us-to-the-promised-land (29/03/2021 geraadpleeg).

Heywood, A. 2002. *Politics* (second edition). New York: Palgrave Foundations.

Horne, W. 2022. Staal jou wys begroting: "Moeilike tye kom". *Beeld*. 27 Oktober 2022 p. 2.

Huntington, SP. 1968. *Political order in changing societies*. London: Yale University Press.

Huntington, SP. *The third wave: democratization in the late 20th century*. Oklahoma: University of Oklahoma Press.

Jackson, R. 1993. *Quasi-States: Sovereignty, International relations and the Third World*. Cambridge: Cambridge University Press.

Jacobs, S. 2023. Social unrest risk from high interest rates. https://dailyinvestor.com/south-africa/21853/social-unrest-risk-from-high-interest-rates/ (26 Julie 2023 geraadpleeg).

Jonas, S. 2021. ANC's hegemony is over: a new era has begun. *Centre for Risk Analysis*. Johannesburg. CRA-SA.com.

Johnson, RW. 2015. *How long will South Africa survive? – the looming crisis*. Cape Town: Jonathan Ball.

Johnson, RW. 2019. Our coming train crash. *Politicsweb*. 1 Augustus (20 Februarie 2020 geraadpleeg).

Johnson, RW. 2020a. Ineenstorting wag op ANC. *Rapport Weekliks. 27 September 2020:7*.

Johnson, RW. 2020b. How the end will come(ii). https://www.politicsweb.co.za/opinion/how-the-end-will-come-ii (29/03/21 geraadpleeg).

Johnson, RW. 2020c. Who can lead us to the promised land?

Johnson, RW. 2021. Ramaphosa's losing strategy. 6 March 2021. *Politicsweb* https://www.politicsweb.co.za/opinion/ramaphosas-losing-strategy (8 Maart 2021 geraadpleeg).

Johnson, RW. 2021d. Face up to ANC failure https://www.politicsweb.co.za/opinion/face-up-to-anc-failure (29/03/21 geraadpleeg).

Jordaan, J. 2021. Is die skrif aan die muur? *Beeld:* 13 Desember 2021:p.12.

Kadima, D. 2006. The study of party coalitions in Africa: Importance, scope, theory and research methodology *In* D. Kadema [ed.]. *The Politics of Party Coalitions in Africa.* Johannesburg: Konrad Adenhauer Stiftung and EISA.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a4

Kekana, M. 2019. Financial state of municipalities has worsened – Auditor General. *Mail and Guardian.* 26 Junie. https://mg.co.za/article/2019-06-26-financial-state-of-municipalities (19 Februarie 2020 geraadpleeg).

Kinnaird, BA. The Criminal Justice System is broken and can't be fixed. https://www.psycology.com/za/blog/the-hero-in-you/2001812/the-criminal-justice-system-is-broken-and-can't-be-fixed (4 Maart 2021 geraadpleeg).

Ledger, J & Rampedi, M. 2019. Mind the gap: section 139 interventions in theory and practice. https://pan.org.za.mind-the-gap-in-theory-and-practice (15 Julie 2021 geraadpleeg).

Logan, C & Nkomo, S. 2021. South Africa's turmoil is about more than Jacob Zuma. https:// www.afrobarometer.org/articles/south-africas-turnoil-about-more-than-jacob-zuma (31 Maart 2023 geraadpleeg).

Malala, J. 2021. Justice Malala: Actually South Africa has a KZN problem. https://www.businesslive.co.za/fm/opinion/home-and-abroad/2021-07-29-justice-malala-actually-sa-has-a-kzn-problem/ (26 September 2022 geraadpleeg).

Malan, K. 2019. *There is no Supreme Constitution – a critique of Statist-individualist Constitutionalism.* Pretoria: African Sun Press.

Malan, K. 2023. "Suid-Afrika" se bewindsveranderings – vervangende regerings in 'n ontbindende orde. https://www.litnet.co.za/suid-afrika-se-bewindsveranderings-vervangende-regerings-in-n-ontbindende-orde/ (24 Oktober 2023 geraadpleeg).

Mashanini. G. 2021. Headperson Glen Mashanini: Final results of the municipal elections. https://gov.za/speeches/glen-mashanini-final-results-municipal-elections. (4/5/2022 gelees).

Mazrui, A. 1995. The blood of experience: the failed state and political collapse in Africa. *World Policy Journal:* 12(1):28-34.

Merten, M. 2019. State Capture wipes out third of SA's R4,9 trillion GDP – never mind lost trust, confidence, opportunity. 1 Maart 2019. https://www.dailymaverick.co.za/article/2019-03-01-state-capture-wipes-out-third-of-sas-r4-9-trillion-gdp-never-mind-lost-trust-confidence-opportunity/ (18 Maart 2021 geraadpleeg).

Migdal, JS. 1988. *Strong societies and weak states: State-society relations and state capabilities in the third world*. Princeton: Princeton University Press.

Mills, G & Harley, SR. 2023. Fresh poll shows ANC dropping to 41% and a path to victory for Multi-Party Charter. https://www.dailymaverick.co.za/article/2023-10-22-fresh-poll-shows-anc-dropping-to-41-and-a-path-to-victory-for-multi-party-charter/ (24 Oktober 2023 geraadpleeg).

Mokgoro, J. 2018. North West Provincial Overview on section 139 (ii) intervention. PEC discussion. 22 Augustus 2018:1-3.

Mothibi, KA, Roelofse, CJ & Maluleke, AH. 2015. Organized crime in South Africa since transition to democracy. *Sociology and Anthropology,* 3(12):1-8.

Mwareya, R. 2022. South Africa: Shock poll shows ANC heading towards 2024 coalition. *The Africa report:* 26 Augustus 2022. *areport.com.*

Myburg, PL. 2019. *Gangster state – Unravelling Ace Magashule's web of capture*. Kaapstad: Penguin.

Nathan, A. China at a tipping point? Foreseeing the unforseeable. *Journal of Democracy,* 24(1):20-25.

Nelson, C. 2014. Die Suid-Afrikaanse regstaat na twintig jaar: gekonsolideer of besig om in outoritorisme te verval? *LITNET-Akademies* 11(3):628-665.

Omarjee, H & Maeko, T. 2021. ANC chokes on R200m debt and disorder of polls. https://www.businesslive.co.za/bd/politics/2021-09-01-anc-chokes-on-r200m-debt-and-disorder-ahead-of-polls/ (31 Maart 2023 geraadpleeg).

Owusu-Seyere, E. 2022. Undocumented migrants-The myths, realities,and what we know and don't know. https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-03-23-undocumented-migrants-the-myths-realities-and-what-we-know-and-dont-know/ (18 April 2022 geraadpleeg).

Parsons, R. 2020. Note of comment – immediate press release. NWU Besigheidskool (Potchefstroom).

Pauw, J. 2017. *The President's Keeper – those keeping Zuma in power and out of prison*. Kaapstad: Tafelberg.

PWC, 2023. South Africa Economic outlook. June 2023. https://www.pwc.co.za/en/press-room/south-africa-outlook-june-2023.html. (29 Julie 2023 geraadpleeg).

Romano, S. 1947. *The legal order*. Abingdon: Routledge.
Rossouw, J. 2022. Besprekingsdokument: Kwelpunte in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Bondsraad van die AB: 16 September 2022.
Rotberg, R. 2002. The new state of nation-state failure. *The Washington Quarterly*, 25(3):85-96.
Rustow, DA. 1970. Transitions to democracy-toward a dynamic mode. *Comparative Politics,* 2(April):337-373.
SA Reserwebank. 2019. *Monetary Policy Review*. October 2019:1. SA Reserwebank. 2022. Quarterly Bulletin. Maart 2022:5-163.
Sartori, G. 1976. *Parties and party systems -a framework for analysis*. New York: Cambridge University Press.
Schüssler, M. 2020. Staat op snelweg na mislukking. *Netwerk 24*. 21 September 2022.
South African Business Confidence. 2020. South African business confidence -1975-2020-data/2021- 2022 forecast. https://trading economics.com/south african business confidence (10 Oktober 2020 geraadpleeg).
Southall, R. 2022. The end is nigh for ANC – former South African president predicts. https://www.theelephant.info/op-eds/2022/05/06/the-end-is-nigh-for-anc-former-south-african-president-predicts/ ( 6 Mei 2022 geraadpleeg).
Statista. 2022. Social grant recipients in South Africa 2019, by population group. https://www.statista.com/statistics/1116080/population-receiving-social-grants-in-south-africa-by-population-group/ (2 November 2022 geraadpleeg).
Steenkamp, L. 2019. South African taxpayers will bear the brunt of National Health Insurance. *The Conversation*. 29 Augustus. https://theconversation.com/south-african-taxpayers-will-bear-the-brunt-of-national-health-insurance-122409 (17 Februarie 2020 geraadpleeg).
Stern, K. 1984. *Das Staatsrecht der Bundesrepublik Deutschland*. München. ISBN 3-406-09372-.
Strachan, G. 2021. South Africa continues on the path of deindustrialization. *Engineering News 5 October.* https://www.engineeringnews.co.za/article/south-africa-continues-on-path-of-deindustrialisation-2017-10-05 (19 Februarie 2020 geraadpleeg).
Strategy and tactics. 2012. Strategy and tactics of the ANC. https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/strategy_and_tactics_of_the_ANC_by ANC December 2012 and 53rd.conference.pdf (15 Julie 2021 geraadpleeg).
Strydom, N. 2023. Siviele eise teen polisie méér as sy hele begroting https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/siviele-eise-teen-polisie-meer-as-sy-hele-begroting/ (24 Oktober 2024 geraadpleeg).
Turton, A. 2019. Going backwards -the deindustrialization of the South African economy (oorspronklike bron en gesprek is in besit van die skrywer).
Versluis, JM & De Lange, J. 2019. How law enforcement in SA has all but collapsed. News24, 21 Oktober. 21/102019. https://www.news24.com/citypress/news/rising-crime-low-prosecution-rates-how-law-enforcement-in-sa-has-all-but-collapsed-20191021 (20 Februarie 2020 geraadpleeg).
Vhumbunu, CH. 2021. The July 2021 Protests and socio-political unrest in South Africa. https://www.accord.org.za/conflict-trends/the-july-2021-protests-and-socio-political-unrest-in-south-africa/ (12 September 2022 geraadpleeg).
Von Holdt, K. 2013. South Africa: the transition to violent democracy. *Review of African Political Economy*, pp. 589-604.
Weber, M. 1964. *The theory of social and economic organization*. New York. Free Press.
Zartman, W. (ed). 1995. *Collapsed states: the disintegration and restoration of legitimate authority*. Boulder: Lynne Reiner Publishers.

# Ondersteuningsdienste aan leerders in openbare skole in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande

***Support services to learners in public schools in the education systems of the BRICS member countries***

**Loui-Marie Kampfer**
MEd-Student, Noordwes-Universiteit,
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: lulukampfer@gmail.com
orcid.org/0000-0002-8686-6889

**Deon Vos**
Fakulteit Opvoedkunde,
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: deon.vos@nwu.ac.za
ORCID: 0000-0003-2287-8810

**Louw de Beer**
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: louw.debeer@nwu.ac.za
ORCID: 0000-0002-9682-2441



Loui-Marie Kampfer



Deon Vos



Louw de Beer

**Loui-Marie Kampfer** is 'n onderwyseres en behaal die kwalifikasies BEd Snr & FET, *cum laude*, Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus, 2017; BEd (Hons) Bestuur en Regte, *cum laude*, Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus, 2018 en MEd Vergelykende Opvoedkunde, Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus, 2022. In 2019 begin sy haar onderwysloopbaan as 'n onderwyseres aan die Edenvale Hoërskool, waarna sy vervolgens aan die Willowridge Hoërskool (2020) en die Hoërskool Charlie Hofmeyr (2022) haar onderwysloopbaan voortsit.

**Loui-Marie Kampfer** is a teacher with the qualifications of BEd Snr & FET, *cum laude*, North-West University, Potchefstroom Campus, 2017; BEd (Hons) Management and Law, *cum laude*, North-West University, Potchefstroom Campus, 2018 and MEd Comparative Education, North-West University, Potchefstroom Campus, 2022. She started her career as a teacher in 2019 at Edenvale High School and thereafter moved to Willowridge High School in 2020 and to Charlie Hofmeyr High School in 2022.

**Datums:**
Ontvang: 2023-05-02 Goedgekeur: 2023-09-30 Gepubliseer: Desember 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a5

| | |
|---|---|
| **Deon Vos** is medeprofessor in die Fakulteit Opvoedkunde, Skool vir Professionele Studies aan die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus. Hy behaal die volgende kwalifikasies: HOD, Potchefstroomse Onderwyskollege, 1984; BA, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1988; BEd, *cum laude*, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys; MEd, *cum laude*, Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus; en PhD, Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus. Hy begin sy onderwysloopbaan in 1985 en word vervolgens bevorder tot departementshoof in 1992, vise-hoof in 2000 en skoolhoof in 2004. In 2016 aanvaar hy 'n betrekking as senior lektor in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus, waar hy in 2023 bevorder word tot medeprofessor. Hy fokus in sy navorsing op onderwysbestuur en -leierskap, asook vergelykende en internasionale opvoedkunde. | **Deon Vos** is an associate professor in the Faculty of Education in the School of Professional Studies in Education at the North-West University. He obtained the following qualifications: HOD, Potchefstroom College of Education, 1984; BA, Potchefstroom University for Christian Higher Education, 1988; BEd, *cum laude*, Potchefstroom University for Christian Higher Education; MEd, *cum laude*, North-West University Potchefstroom Campus; and PhD, North-West University, Potchefstroom Campus. He started his career as a teacher in 1985 and was consecutively appointed head of department in 1992, deputy principal in 2000 and principal of the school in 2004. In 2016, he accepted the position of senior lecturer at the North-West University, Potchefstroom Campus, in the Faculty of Education in the School of Professional Studies in Education. He was promoted to associate professor in 2023. His research focus and fields of interest are education management and leadership, and comparative and international education. |
| **Louw de Beer** is senior lektor in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noord-Wes Universiteit. Hy behaal die kwalifikasies MEd Opvoedkunde leierskap aan die Universiteit van Pretoria en PhD aan die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus. Ná 'n loopbaan in die onderwys as agtereenvolgens wiskunde-onderwyser, departementshoof en vise-hoof, aanvaar hy 'n betrekking as senior lektor in die Fakulteit Opvoedkunde se Skool van Professionele Studies aan die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus in 2013. Hy fokus in sy navorsing op internasionale vergelykende opvoedkunde en die opvoedkundestelsels van die BRICS-lande. Hy het alreeds meer as 20 BRICS-verwante artikels gepubliseer en 10 nagraadse studente, wat navorsing doen oor die BRICS-opvoedkundestelsels, suksesvol begelei. | **Louw de Beer** is a senior lecturer in the Faculty of Education at the North-West University. He obtained the qualifications MEd Education Leadership at the University of Pretoria and a PhD at the North-West University, Potchefstroom Campus. Following a career in teaching as a mathematics teacher, head of department and deputy head, he accepted a position as senior lecturer in the Faculty of Education's School of Professional Studies at the North-West University's Potchefstroom Campus in 2013. In his research, dr. De Beer focuses on international comparative education and the education systems of the BRICS organisation. He has already published more than 20 BRICS related articles and successfully tutored 10 postgraduate students doing research on the BRICS education systems. |


## ABSTRACT

***Support services to learners in public schools in the education systems of the BRICS member countries***

*An education system is a framework that meets the educational needs of a particular target group. Education systems consist of different components and elements to provide effective education to the target group with specific educational needs. These components include the education system policy, education system administration, education structure and support services. For the effective functioning of an education system, it is necessary that all components*

*collaborate. New challenges are constantly being posed to education systems, and changes in technology, the community, the target group and the curriculum are constantly occurring. To ensure effective teaching in the education situation, education depends on additional help from service providers which do not form part of the education system. These support services (additional assistance) are essential for the effective functioning of education and contribute to the effectiveness of teaching. The need for specific types of educational support services differs with respect to different education systems, as the needs of particular target groups may differ from one another.*

*This study investigates educational support services for learners as an element of the education system in the BRICS member countries and identifies the best practices in the educational support services of these countries. The aim of the study derives from the fact that there have been concerns among various education authorities regarding support services that do not function optimally and do not meet the educational needs of teachers and learners, as well as teaching activities and structures. There is a lack of research on specifically the nature of the component "support services to learners in the BRICS countries". Therefore, the problem was addressed by using a comparative view of the education component of support services to learners in the BRICS countries in order to identify challenges and best practices and make recommendations to improve these support services to learners.*

*The research was conducted using a qualitative research approach within the framework of the interpretivist research paradigm by using a document analysis as the method of data generation. Various types of documents were used, which had mainly been found through the use of the search engines Google Scholar and SAePublications, as well as books and academic journals. After careful study of the documents, all data relevant to the study were screened and categorised so that themes could be identified. The following themes were identified: inclusive education; assistance to learners employing the aid of medical and dental services; social services; and nutrition services. The BRICS member countries were selected as participating countries for the study, as all five member countries are involved in identifying their needs and establishing action plans to ultimately meet the educational needs of the target group.*

**KEYWORDS:** BRICS countries, BRICS organisation, comparative education, education system, support services for learners

**TREFWOORDE:** BRICS-lidlande, BRICS-organisasie, ondersteuningsdienste aan leerders, onderwysstelsel, vergelykende opvoedkunde

## OPSOMMING

'n Onderwysstelsel is 'n raamwerk wat in die onderwysbehoeftes van 'n bepaalde teikengroep voorsien. Onderwysstelsels bestaan uit verskillende komponente en elemente om doeltreffende onderwys aan die hele teikengroep met bepaalde onderwysbehoeftes te verskaf. Hierdie komponente sluit die onderwysstelselbeleid, onderwysstelseladministrasie, onderwysstruktuur en ondersteuningsdienste in. Vir 'n onderwysstelsel om doeltreffend te funksioneer is dit nodig dat alle komponente volgens 'n bepaalde plan meewerk. Nuwe uitdagings word voortdurend aan onderwysstelsels gestel en daar is gedurig verandering in tegnologie, die gemeenskap, die teikengroep en die kurrikulum. Om te verseker dat doeltreffende onderrig in die onderwyssituasie plaasvind, is onderwys afhanklik van bykomende hulp van buite die onderwys. Hierdie ondersteuningsdienste (bykomende hulp) is noodsaaklik vir die doeltreffende funksionering

van onderwys en lewer 'n bydrae tot die doeltreffendheid van onderwys. Die behoefte aan spesifieke tipes onderwysondersteuningsdienste verskil ten opsigte van verskillende onderwysstelsels, aangesien die behoeftes van die betrokke teikengroepe van mekaar kan verskil.

Hierdie studie bestudeer onderwysondersteuningsdienste vir leerders as 'n komponent en element van die onderwysstelsel in die BRICS-lidlande en identifiseer die beste praktyke in die onderwysondersteuningsdienste in die lidlande. Die doel van die studie is gesetel in die feit dat daar in die verlede kommer by verskeie onderwysowerhede bestaan het ten opsigte van ondersteuningsdienste wat nie optimaal funksioneer nie en sodoende nie in die onderwysbehoeftes van onderwysers en leerders, asook onderrigaktiwiteite en -strukture, voorsien nie.

Die navorsing is uitgevoer vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering binne die raamwerk van die interpretivistiese navorsingsparadigma met behulp van dokumentontleding as metode van datagenerering. Die volgende temas uit die literatuurondersoek is geïdentifiseer: inklusiewe onderwys; hulpverlening aan leerders deur middel van mediese en tandheelkundige dienste; maatskaplike dienste; en voedingsdienste. Hierdie navorsing vorm deel van 'n groter BRICS-navorsingsprojek. Die BRICS-lidlande is as deelnemende lande vir die studie gekies aangesien al vyf lidlande betrokke is by die identifisering van hul behoeftes en die vestiging van aksieplanne om uiteindelik in die onderwysbehoeftes van die teikengroep te voorsien.

## Inleiding

In 'n vorige studie is ondersteuningsdienste vir *onderwysers* in die BRICS-lidlande (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) ondersoek; die artikel is in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gepubliseer (Jaargang 62, Nommer 3, September 2022). In die huidge studie het die navorsers die ondersteuningsdienste vir *leerders* in die BRICS-lidlande ondersoek. Uit hierdie studie is moontlike beste praktyke geïdentifiseer ten einde die ondersteuningsdienste vir leerders te verbeter. Die studie dien as 'n basis vir ondersteuningsdienste aan leerders om probleme, uitdagings en beste praktyke in die onderskeie lidlande te identifiseer ten einde beter ondersteuning aan die teikengroep te bied.

## Probleemstelling

Die rede vir hierdie studie is gesetel in die feit dat daar in die verlede kommer by verskeie onderwysowerhede, hoofsaaklik in Afrika, bestaan het ten opsigte van ondersteuningsdienste wat nie optimaal funksioneer nie en daarom nie in die onderwysbehoeftes van onderwysers en leerders, asook onderrigaktiwiteite en -strukture, voorsien nie (Unesco, 2014). Hierdie kommer word gekwalifiseer in die kernbegrippe van die definisie van ondersteuningsdienste, soos deur Steyn *et al.* (2017) verwoord: Ondersteuningsdienste behels gespesialiseerde dienste wat nie tipies van onderwysdienste is nie en ten doel het om die doeltreffendheid van die onderwyssituasie te optimaliseer.

Wanneer daar na die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande gekyk word, kan sekere waarnemings gemaak word. Ondanks die feit dat onderwys in Brasilië oor die jare drasties verander het, bestaan daar steeds ernstige probleme met betrekking tot die gehalte, billikheid en gebruik van hulpbronne (Brock & Schwartzman, 2004). In die Brasiliaanse onderwysstelsel word drie sentrale probleme geïdentifiseer, naamlik 'n tekort aan skole, leerders wat skool op 'n vroeë ouderdom verlaat en die feit dat die regering nie genoeg geld aan onderwys bestee

nie (Brock & Schwartzman, 2007). In Rusland is daar tans ’n beduidende herverdeling van fondse in die onderwys-, gesondheid-, wetenskap- en kultuursektore, waar hierdie fondse hoofsaaklik aangewend word vir groot militêre, polisie- en staatsadministrasiebesteding (Tsukerman, 2016). Die fondse wat aan die onderwys toegeken word, het dus in die afgelope vyf jaar drasties afgeneem. As ’n direkte gevolg daarvan word onderwysers en ouers belas met die verantwoordelikheid om leergidse en handboeke aan te koop om leerders te ondersteun (Tsukerman, 2016). Die grootste uitdagings wat onderwys in Indië ervaar, is die swak gehalte van onderwys wat aan leerders gebied word, asook ’n tekort aan fondse (Singhal & Tiwari, 2012). Alhoewel Indië se gebrek aan infrastruktuur vir die verskaffing van basiese onderwys in verskeie internasionale verslae uitgelig word, het hierdie land se fokus verskuif na die verbetering van hoër onderwys (University World News, 2018). In China beïnvloed ’n groot aantal eksterne determinante die kwaliteit van onderwys en ondersteuning wat leerders ontvang (Steyn & Wolhuter, 2008). Hierdie determinante is demografie, geografie en klimaatstreke, tale, wetenskap en tegnologie, politieke bedeling, sosio-ekonomiese status en filosofieë in die gemeenskap (Steyn & Wolhuter, 2008).

Die realiteit in Suid-Afrika is dat daar nie genoegsame ondersteuning in al die provinsies gebied word deur distrik- en skoolgebaseerde ondersteuningspanne nie (Donohue & Bornman, 2014). Leerders ly daaronder as gevolg van ’n tekort aan kundigheid en finansies. Voorts is skole nie altyd bewus van ondersteuningsdienste wat benut kan word nie (Steyn, 2008). In Suid-Afrika word ondersteuningsdienste aan leerders geklassifiseer as deel van inklusiewe onderwys. Inklusiewe onderwys word gedefinieer as onderrig wat gebied word aan alle leerders, ongeag die uitdagings wat hulle ervaar, met die doel om onderrig, intervensie en ondersteuning van ’n hoë gehalte te ontvang (Bui & Baruch, 2010). Twee onderwysbeleide word in Suid-Afrika as raamwerk gebruik om te verseker dat leerders die nodige onderrig en ondersteuning ontvang. Hierdie beleide is *Onderwyswitskrif 6* (Department of Basic Education, 2001) en die *Screening, Identification, Assessment and Support* (SIAS)-beleid (Department of Basic Education, 2014). Hoewel daar voldiensskole en spesiale skole is wat ondersteuning aan leerders met spesifieke leerbehoeftes bied, is daar in die hoofstroomonderwys ’n tekort aan ondersteuning vir leerders met leerprobleme en ander onderwysbehoeftes. Hierdie gebiede van onderwysondersteuningsdienste sluit ortopedagogiese, ortodidaktiese, maatskaplike en mediese dienste vir leerders in.

Die volgende probleemstelling is uit bogenoemde literatuur geformuleer: *Ondersteuningsdienste vir leerders in die BRICS-lidlande is sub-standaard en funksioneer nie na wense nie.*

## Navorsingsmetodologie

### *Kwalitatiewe studie*

In hierdie kwalitatiewe studie is data gegenereer deur gebruik te maak van dokumentontleding. Hierdie metode is gebruik om die sosiale lewe van die teikengroep – die BRICS-lidlande – te ontleed deur tersaaklike en betroubare dokumente te interpreteer met die doel om die beste praktyke binne die komponent van ondersteuningsdienste vir leerders te identifiseer (sien Crossman, 2019).

### *Interpretivistiese paradigma*

Die navorsers het gepoog om tydens die uitvoering van hierdie studie kennis en insig op te doen aangaande die verskillende onderwysondersteuningsdienste wat in die BRICS-lidlande


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a5

aan leerders gebied word en dit te vergelyk. Daarom is die interpretivistiese paradigma gepas vir hierdie studie.

*Datagenerering*

Voorbeelde van tersaaklike dokumente, as primêre en sekondêre bronne, is wetgewing, staatspublikasies, regulasies, departementele omsendskrywes, departementele beleidsdokumente, artikels, notules van vergaderings en elektroniese data. Tydens die dokumentontleding is alle tersaaklike data met betrekking tot die studie gesif en gekategoriseer om temas te identifiseer. Die volgende vier temas is geïdentifiseer:

Tema 1: Hulpverlening aan leerders binne die konteks van inklusiewe onderwys

Tema 2: Hulpverlening aan leerders deur middel van mediese en tandheelkundige dienste

Tema 3: Hulpverlening aan leerders deur middel van maatskaplike en sielkundige dienste

Tema 4: Hulpverlening aan leerders deur middel van voeding

Bogenoemde temas is verder bestudeer tydens die inhoudsontleding.

**Die aard van ondersteuningsdienste vir leerders in die BRICS-lidlande**

Vervolgens word die hoofnavorsingsvraag, "Wat is die aard van onderwysondersteuningsdienste aan leerders in die BRICS-lidlande?", beantwoord.

**Brasilië**

*Inklusiewe onderwys*

Inklusiewe onderwys is vir die eerste keer in 2008 in Brasilië geïmplementeer ná die goedkeuring van die *Nasionale Beleid vir Spesiale Onderwys, die Inklusiewe Perspektief* (Ministry of Education, 2011), wat verklaar dat leerders met fisieke of verstandelike gestremdhede die reg het om hoofstroomskole by te woon. Hierdie verandering het 'n merkbare verandering in die getal inskrywings van leerders met gestremdhede in hoofstroomskole teweeg gebring. Mantoan (2008) lê klem op die konsep van inklusiwiteit in Brasilië deur te verklaar dat indien daar in 'n gelyke mate na alle leerders omgesien word, die demokratiese beginsel van onderwys vir almal in die onderwysstelsel nagekom word. Alhoewel daar op hierdie demokratiese beginsel en gelykheid in die klaskamer gefokus word, is die insluiting van leerders met gestremdhede steeds 'n kommerwekkende saak in Brasilië.

Volgens Unesco (2020) het sosiale ongelykhede in Brasilië 'n direkte invloed op toegang tot onderwys en die resultate wat gelewer word. In Brasilië lewe ongeveer 45 miljoen mense met een of ander vorm van gebrek. In 2011 is 'n nuwe inisiatief (The Brazilian National Plan of Rights of Persons with Disabilities: "Living without Limit") geïmplementeer wat daarop fokus om probleme rakende onderwys, gesondheidsorg, sosiale insluiting en toeganklikheid te bekamp (Ministry of Education, 2011). Bestaande beleide is ook bygewerk om leerders met gestremdhede te bevoordeel. Hierdie inisiatiewe sluit aangeleenthede in met betrekking tot toeganklike klaskamers en skoolinfrastruktuur, vervoer, gepaste toerusting, kundige onderwysers, die bevordering van toeganklikheid van hoër onderwys en tweetalige onderwys. Voorts is die Continuous Cash Benefit School Programme in werking gestel met die doel om skole


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a5

te ondersteun en te help om leerders met gestremdhede wat nie tans by ’n skool ingeskryf is nie, op te spoor en aan te moedig om betrokke te raak by onderwys (Ministry of Education, 2011).

*Mediese en tandheelkundige dienste*

’n Skoolgesondheidsprogram is op 5 Desember 2007 deur die federale regering van Brasilië saamgestel (Silva *et al.,* 2017:28). Die doel van die skoolgesondheidsprogram is om gesondheidsaksies uit te brei na openbare skole deur middel van kliniese en psigososiale evaluering, gesondheidsbevordering, voorkoming van siektes en deurlopende onderwys en professionele opleiding (Macinko & Harris, 2015:2177).

Die nasionale gesondheidstelsel in Brasilië is die *Sistema Único de Saúde* (World Health Organisation, 2008). Die stelsel se visie is gesondheid vir almal en fokus op gratis gesondheidsorg. Ongeveer 75% van die bevolking maak gebruik van hierdie stelsel. Private mediese versekering is vrywillig en vorm nie deel van die nasionale gesondheidstelsel nie.

In Brasilië is gesinsgesondheidspanne verantwoordelik vir die gesondheid van leerders (Barreto & Aquino, 2009). Gesinsgesondheidspanne word aan leerders toegewys volgens hul geografiese ligging. Die doel van hierdie spanne is om in leerders se mediese behoeftes te voorsien en te voorkom dat enige deel van die bevolking in enige streek weerhou word van mediese hulp. ’n Gesinsgesondheidspan bestaan uit ’n dokter, ’n verpleegster, ’n assistent en vier tot ses gesondheidswerkers om verskillende behoeftes te identifiseer (Barreto & Aquino, 2009). Die doeltreffendheid van gesinsgesondheidspanne hang af van gemeenskapsgesondheidsagente (Macinko & Harris, 2015:2177). Hierdie agente fokus grotendeels op die bevordering van ’n gesonde leefstyl, die verskaffing van gesondheidsonderrig en die diagnose van sekere toestande.

Brasilië se gesinsgesondheidsprogram het ’n positiewe invloed op die betrokkenheid van die bevolking. Vanaf 1998 tot 2014 het die persentasie van die bevolking wat mediese hulp ontvang vanaf 4% tot 64% gestyg (Macinko & Harris, 2015:2177). Die gesinsgesondheidsprogram, met die fokus op gesinsgesondheidspanne, het mediese sorg meer toeganklik gemaak (Sala, Luppi, Simões & Marsiglia, 2011).

*Maatskaplike dienste*

Armoede is in sommige dele van Brasilië ’n groot probleem en die regering het ’n plan van aksie opgestel om die armoede te verlig (Rapoza, 2013). President Luiz Inacio Lula da Silva het in 2003 ’n welsynsprojek (Bolsa Familia) van stapel gestuur wat op die onderwys en gesondheid van kinders in arm streke toegespits is. Gesinne kan slegs aan die projek deelneem indien die kinders by ’n skool ingeskryf is, die kinders die nodige inentings teen kindersiektes ontvang het en die ouers aktief op soek is na ’n werk indien hulle nie werk het nie. Indien gesinne aan hierdie vereistes voldoen, betaal die staat maandeliks tussen $100 en $200 aan hulle uit. In Junie 2015 is daar bevind dat die Bolsa Familia-program 13 827 369 gesinne ondersteun, waar elke gesin maandeliks ongeveer $167,15 ontvang. Hierdie program het ongeveer 22 miljoen mense uit haglike omstandighede gered en maandeliks uitbetalings aan 50 miljoen mense gemaak. Die projek het Brasilië op die volgende maniere voordelig beïnvloed (Rapoza, 2013):

- Die sterftesyfer as gevolg van ondervoeding en diarree is met 50% verlaag.
- Die slaagsyfer van leerders wat sekondêre onderrig ontvang, het toegeneem vanaf 75,7% na 79,7%.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a5

- Leerders se skoolbywoning het verhoog na 85% vir leerders onder vyftien jaar en 75% vir leerders in die junior en senior jaar van hoërskool.

*Voedingsdienste*

Brasilië se nasionale skoolvoedingsprogram is in 1950 van stapel gestuur met die doel om by te dra tot die gesonde ontwikkeling van leerders en die bevordering van hul leervermoë en skoolprestasie (Pye-Smith, 2014). Die program fokus ook op gesonde eetgewoontes van leerders deur maaltye te verskaf wat in hul behoeftes voorsien. In die beginjare het die program slegs die armste leerders ondersteun. Volgens Isabel Almeida, 'n dieetkundige van die National Fund of Development of Education, het die program deur die jare ontwikkel om 'n groter bydrae te lewer tot die ontwikkeling van leerders op opvoedkundige sowel as sosiale vlak. Die National Fund of Development of Education is tans geldig vir alle leerders wat ingeskryf is by 'n opvoedkundige instelling in die openbare sektor (Pye-Smith, 2014).

In 1988 is 'n nuwe grondwet geformuleer waarin nuwe regte van burgers erken is. Die universele reg dat alle leerders in die openbare skoolstelsel daarop geregtig is om 'n skoolete te ontvang, is bekendgemaak (Pye-Smith, 2014). In 2009 is die *Wet op Skoolvoeding* uitgevaardig met die doel om as 'n raamwerk te dien wat riglyne in die vorm van 'n nasionale skolevoedingsbeleid aan leerders in die kleuterskool asook primêre, sekondêre en tersiêre onderwys verskaf, met spesiale aandag aan *quilombolas*, oftewel leerders van Afrika-afkoms en uit inheemse groepe (Do Socorro Gonçalves Viana & Bellows, 2014). Die doeltreffende bestuur van skoolvoedingskemas is die verantwoordelikheid van die staat, provinsiale onderwysdepartemente en skole. Samewerking tussen verskillende partye op opvoedkundige vlak, landbouvlak, sosiale ontwikkelingsvlak en finansiële vlak is van kardinale belang.

Die National Fund of Development of Education bied leiding gebaseer op die riglyne in die skoolvoedingswet (Sidaner, Balabam & Burlandy, 2013). Bystand met betrekking tot leerders se behoeftes, plaaslike aankope en opleiding gebaseer op voeding en nutriënte word aan plaaslike verenigings voorsien (Sidaner *et al*., 2013). Die plaaslike verenigings moet elke skool gereeld besoek om te verseker dat leerders daagliks 'n gebalanseerde dieet ontvang. Maaltye wat deur skole voorberei word, moet in ongeveer 20% tot 70% van die leerders se daaglikse behoeftes voorsien, afhangende van die tyd wat hulle by die skool deurbring. Die maaltye word noukeurig voorberei en beplan deur dieetkundiges wat plaaslike kos en tradisies in ag neem.

In Brasilië word daar van skoolvoedingskomitees verwag om skoolvoedingskemas te moniteer en finansieel doeltreffend te implementeer (Pye-Smith, 2014). Elke munisipaliteit is verantwoordelik vir die aanstelling van 'n skoolvoedingskomitee wat uit ongeveer sewe lede, soos onderwysers, leerders en gemeenskapslede, bestaan. Die skoolvoedingsprogram maak gebruik van plaaslike boere om vars produkte aan die skool te verskaf, wat vir sowel die leerders as die boere voordelig is.

## Rusland

*Inklusiewe onderwys*

Die moderne onderwysstelsel in Rusland aanvaar slegs leerders wat aan spesifieke vereistes voldoen (Valeeva, 2015), soos dat die leerder die kurrikulum sonder enige bykomende hulp

kan voltooi en dus verwagte vordering kan toon. Probleme wat in die onderwysstelsel voorkom, is dat leerders met spesiale onderwysbehoeftes of gestremde leerders hulself van medeleerders isoleer en uit die opvoedkundige proses onttrek word.

Volgens ’n studie van die Instituut van Sosio-Ekonomiese Bevolkingstudies, Russiese Akademie van Wetenskappe word 4,5% van Rusland se bevolking as leerders met gestremdhede geklassifiseer (Aleksandrova & Nenakhova, 2019:7). Inklusiewe onderwys is vir die eerste keer in 2015 op ’n beperkte wyse in Rusland geïmplementeer. As gevolg van demografiese redes en ekonomiese probleme word leerders doelbewus uit die onderwysstelsel gehou (Durandina, 2013; Valeeva, 2015).

In April 2010 is die *Law on Education of Persons with Disabilities in the City of Moscow* (Moscow City Law, 2010) gepromulgeer. Hierdie wet verklaar dat leerders met gestremdhede se grondwetlike reg op onderwys beskerm word en skep voorwaardes om te verseker dat hierdie leerders gepaste onderwys ontvang met betrekking tot elke leerder se individuele behoeftes. Voorts maak die wet voorsiening vir ’n stelsel wat leerders met hindernisse of gestremdhede op ’n vroeë ouderdom identifiseer en bystaan met sielkundige, mediese of pedagogiese hulp, ongeag die aard van die leerder se gestremdheid (Moscow City Law, 2010).

In Rusland is daar ’n netwerk wat bestaan uit gespesialiseerde opvoedkundige instellings wat ’n veilige omgewing aan leerders met gestremdhede voorsien (Dvornikova, 2017). Dit is belangrik om kennis te neem daarvan dat beleide en praktyke met betrekking tot inklusiewe onderwys in die verskillende streke van Rusland verskil. Op 6 Maart 2013 is ’n vereniging gestig vir kundiges en onderwysers wat inklusiewe onderrig beoefen, met die doel om inklusiewe onderwys in Rusland te ontwikkel, te bevorder en te verbeter (Dvornikova, 2017).

*Mediese en tandheelkundige dienste*

Leerders se reg tot gesondheidsdienste is een van die belangrikste kinderregte, veral in Rusland as gevolg van sosiale faktore en gedragsprobleme. Een van die grootste faktore wat ’n bydrae hiertoe gelewer het, is die Chernobyl-ramp. Die gevolge van die ramp is eindeloos en het steeds ’n invloed op die bevolking se gesondheid (Russian Federation, 2005:13). Nog ’n groot probleem is die koers waarteen MIV of vigs onder die jeug versprei.

Alle burgers van Rusland, ook kinders, is geregtig op gratis mediese sorg in staats- en munisipale instellings (Russian Federation, 2005:13). Gesondheidsorguitgawes van enige lid van die bevolking wat deel van die Russiese gesondheidstelsel uitmaak, word deur verpligte mediese versekering gedek. Die verpligte mediese versekering word befonds deur werknemers wat tussen 2% en 3% belasting betaal, waarvan ’n deel in die mediese fonds belê word.

Oor die algemeen voldoen mediese en tandheelkundige dienste in die weste van Rusland nie aan die norm nie (Expatica, 2020). Volgens ’n studie wat in 2014 uitgevoer is, is Rusland se gesondheidsorg die swakste op die lys van 54 ontwikkelde lande. Die krisis wat Rusland in sy gesondheidsorgstelsel ervaar, duur al etlike jare. Ongeag sy groot hoeveelheid opgeleide dokters ervaar Rusland steeds ’n probleem om aanvaarbare, doeltreffende diens te lewer, hoofsaaklik as gevolg van onvoldoende fondse, gebrekkige toerusting en swak organisasie met betrekking tot die voorsiening van dienste (Expatica, 2020).

Kinders is geregtig op gereelde mediese besoeke op ’n vroeë ouderdom om enige kwale te identifiseer en te behandel; daarom ontvang tussen 92% en 95% van die kinders in Rusland op ’n vroeë ouderdom inentings. Die koste van hierdie inentings word deur verpligte mediese versekering of private mediese versekering gedek (Russian Federation, 2005).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a5

*Maatskaplike dienste*

Maatskaplike dienste verwys na dienste wat ontwerp is om burgers te beskerm teen ekonomiese risiko's en onsekerhede wat met die lewe gepaardgaan. Volgens artikel 39 van die Grondwet van die Russiese Federasie (soos aangehaal in Hays, 2016) is maatskaplike dienste gewaarborg vir alle burgers. Die stelsel sluit die volgende programme in (Hays, 2016):

- Pensioen befonds deur die staat
- Verpligte mediese versekering
- Verpligte arbeidsversekering en werkloosheidsvoordele
- Maatskaplike dienste (dienste aangebied deur koshuise, skuilings, ens.)
- Sosiale sekerheidsprogramme (bv. ondersteuning en finansiële bystand vir gestremde burgers, bejaardes en burgers met 'n lae inkomste)
- Beskerming van gesinne en kinders (subsidies en ondersteuning aan gesinne met kinders)
- Ander programme (subsidies en ondersteuning aan burgers wat in sekere kategorieë geklassifiseer kan word)

Maatskaplike dienste in Rusland bied ondersteuning aan die kwesbare deel van die bevolking, naamlik bejaardes, pensioenarisse, veterane, babas, kinders, verwagtende moeders, gesinne met meer as een kind en gestremdes. Volgens Hays (2016) word daar meer gefokus op die behoeftes van afgetrede of gestremde burgers, terwyl die res van die kwesbare groepe minder ondersteuning en bystand ontvang.

Rusland bied ook finansiële ondersteuning aan swanger vroue (Hays, 2016). Swanger vroue wat werk, is geregtig op betaalde kraamverlof. Rusland verskaf 'n enkele toelaag vir swanger vroue indien hulle 'n indiensnemingskontrak het. Daar is ook verskillende toelae wat aan moeders of voogde uitbetaal word nadat die baba gebore is, naamlik 'n maandelikse kindertoelaag, 'n kinderversorgingstoelaag vir inkomsteverlies as gevolg van die geboorte van 'n kind en 'n kinderversorgingstoelaag vir moeders of voogde wat omsien na 'n kind onder die ouderdom van drie jaar (Hays, 2016). Verder word 'n verlengde kindertoelaag verskaf om gesinne te ondersteun wat omsien na 'n kind tussen die ouderdom van agtien maande en ses jaar. Militêre personeel se kinders wat onder die toesig van 'n voog is of in 'n kinderhuis bly en kinders met vigs ontvang 'n groter toelaag (Hays, 2016). Enkelmoeders wat geen bystand van die vader kry nie, ontvang finansiële hulp tot en met die kind se sestiende verjaarsdag. Rusland het ook 'n program wat gesinne ondersteun. Hierdie program word verdeel in drie kategorieë, naamlik toelae aan gesinne met kinders, toelae aan werkende moeders en toelae aan minderbevoorregte gesinne (Hays, 2016; Library of Congress, 2020).

*Voedingsdienste*

Daar is geen nasionale voedingskema in Rusland nie (Ministry of Agriculture, 2012; Zotova, 2012). Elke streek het die verantwoordelikheid om sy eie programme te ontwikkel om leerders te ondersteun. Aan die begin van 2008 het die Russiese Federasie 4 983 3000 leerders in die ouderdomsgroep sewe tot elf jaar en 8 015 5000 leerders in die ouderdomsgroep elf tot agtien jaar ondersteun (Ministry of Agriculture, 2012; Zotova, 2012). Die etes aan leerders voorsien, is soos volg (Ministry of Agriculture, 2012; Zotova, 2012):

- 77,5% warm etes
- 58,8% slegs ontbyt

- 21,9% slegs middagete
- 19,3% twee etes per dag
- 3,2% peuselhappies

In ’n studie van die All-Russian Preventive Medical Examination is 30 400 leerders van verskillende ouderdomme ondersoek. Daar is bevind dat die persentasie gesonde leerders afgeneem het vanaf 45,5% na 33,89% (Ministry of Agriculture, 2012). As gevolg van die afname in gesonde leerders het die Russiese Federasie besluit om ’n plan van aksie in te stel om streeksprogramme en beleide aan te pas met die doel om die gesondheid van die Russiese bevolking te verbeter. ’n Gids genaamd *Healthy Nutrition – Plan of Action to Develop Regional Programmes in Russia* is saamgestel deur navorsingsinstellings in Rusland in samewerking met verskeie ander organisasies (World Health Organisation, 2000).

**Indië**

*Inklusiewe onderwys*

’n Studie uitgevoer in die 1990’s het bevind dat 90% van leerders met liggaamlike en geestelike gestremdhede in Indië in die ouderdomsgroep van vier tot sestien jaar by hoofstroomskole uitgesluit word (Sanjeev & Kumar, 2007). Leerders in Indië word deur skoolbestuursrade en ouers gedemotiveer om hoofstroomskole by te woon. Minder as 5% van leerders met gestremdhede is by skole ingeskryf; die res van hierdie leerders is van die onderwysstelsel uitgesluit.

Artikel 21A van die grondwet van Indië is op 28 November 2001 geïmplementeer. Hierdie wysiging verklaar dat alle leerders tussen die ouderdomme van ses en veertien jaar geregtig is op verpligte gratis onderwys. In die aanhef word die term “alle” gedefinieer en is dit duidelik dat hierdie term ook leerders met gestremdhede insluit (Ministry of Human Resource Development [MHRD], 2009).

Indië se nasionale onderwysbeleid (MHRD, 1986) en aksieprogram (MHRD, 1992) fokus op die noodsaaklikheid daarvan om leerders met spesiale behoeftes by ander groepe in te skakel. Die doel van hierdie beleid en aksieprogram is om leerders met liggaamlike en verstandelike gestremdhede by die gemeenskap te laat inskakel as gelykes. Leerders word voorberei om normaal op te groei en die lewe met selfvertroue en moed aan te pak (MHRD, 1986).

Die Sarva Shiksha Abhiyan-program is in 2001 in werking gestel met die doel om ’n verandering in inklusiewe onderwys mee te bring en primêre onderwys op dieselfde platform beskikbaar te maak vir almal (MHRD, 2009). Die vier belangrikste fokuspunte van die program is toegang vir alle leerders, bevordering van leerders na die volgende fase, ontwikkeling van infrastruktuur en gelykheid en voorsiening van gehalteonderrig (MHRD, 2009). Die Sarva Shiksha Abhiyan-program dek die volgende komponente met betrekking tot leerders met spesiale behoeftes (MHRD, 2009): vroeë identifisering, funksionele en formele assessering om hindernisse tot leer te bepaal, hulpmiddels en toerusting, ondersteuningsdienste, onderwysersopleiding, individuele onderwysplanne vir leerders, oueropleiding, beplanning en bestuur, verbetering van spesiale skole, verbetering van argitektuur van skole en sentrums, navorsing, monitering en evaluering en meisies met gestremdhede.

*Mediese en tandheelkundige dienste*

Mediese dienste in Indië is daarop toegespits om gemeenskapsgesondheid te verbeter met die fokus op die toekomstige generasie (Sonawane, 2017). Skoolgesondheidsdienste het die afgelope 70 jaar ontwikkel van ’n eenvoudige mediese ondersoek van kinders tot die omvattende versorging van leerders met betrekking tot gesondheid en welstand gedurende hul skoolloopbaan (Sonawane, 2017). Die grondwet van Indië verplig die regering om die reg op gesondheid vir almal te verseker. Gratis universele gesondheidsorg moet beskikbaar wees vir elke lid van die bevolking (Ministry of Health and Family Welfare, 2009). Die befondsing van die gesondheidstelsel is die verantwoordelikheid van die sentrale en staatsregering. ’n Nasionale gesondheidsversekeringsprogram is in 2008 gestig om die kwesbare deel van die bevolking te help (Karan, Yip & Mahal, 2017:83-92). Teen 2016 was 41 miljoen gesinne reeds deel van die program, maar tog het gesinne se uitgawes nie drasties verminder nie. Die program is vervang met ’n nuwe inisiatief – Ayushman Bharat (Karan *et al*., 2017:83-92).

Skoolgesondheidsdienste is geïntegreerde, voorkomende, genesende, rehabilitatiewe bevorderingsdienste wat aan skoolleerders, onderwysers en personeel gebied word (Jain, Joshi, Bhardwaj & Suthar, 2019). Die mediese probleme wat leerders in Indië ervaar, is grotendeels ondervoeding, aansteeklike siektes, parasiete van die dermkanaal, vel-, oog- of oorsiektes en tandbederf. In 2018 is ’n beleid met operasionele riglyne vir skoolgesondheidsprogramme opgestel (MHRD, 2018). Hierdie beleid is uitgevaardig deur Ayushman Bharat, die wêreld se grootste mediese versekeringskema wat ten volle deur die regering befonds word. Die doelwitte van die beleid is soos volg (MHRD, 2018) uiteengesit:

- Verskaf gepaste inligting aangaande gesondheid en voeding aan leerders in skole.
- Bevorder gesonde gewoontes wat leerders vir die res van hul lewe kan implementeer.
- Identifiseer en behandel siektes by kinders en tieners op ’n vroeë ouderdom.
- Bevorder die gebruik van veilige, skoon water in skole.
- Bevorder behoorlike menstruele higiëne onder meisies.
- Bevorder joga en meditasie onder leerders.
- Bevorder goeie gesondheid, welstand en voeding onder leerders.

Gesondheidspanne ondersoek en toets leerders vir 30 verskillende gesondheidstoestande om siektes op ’n vroeë stadium op te spoor, te behandel en te bestuur. Leerders ontvang ook weekliks ’n yster- en foliensuuraanvulling en elke ses maande ’n ontwurmingstablet. Verder maak skole voorsiening vir sanitêre produkte en inentings. Onderwysers is verantwoordelik vir die voorsiening van hierdie produkte en om die gesondheidsrekord van elke leerder by te hou. Voorts is onderwysers verplig om die nodige opleiding in basiese noodhulp te ontvang. Die beleid is noukeurig en duidelik uiteengesit en ’n groot aantal rolspelers word gebruik om te verseker dat al die doelwitte bereik kan word (MHRD, 2018).

*Maatskaplike dienste*

Die Indiese regering het ’n groot aantal welsynsprogramme geïmplementeer wat in drie kategorieë geklassifiseer word, naamlik maatskaplike versekering, maatskaplike bystand en arbeidsmarkprogramme (Jha, 2013). Maatskaplike versekering bestaan uit die komponente pensioenfonds, mediese versekering en werkloosheidsversekering.

Maatskaplike bystand in Indië is in die volgende ses komponente verdeel (Jha, 2013):

- Maatskaplike toelae in die vorm van kontant.

- Spesifieke goedere en dienste wat inwoners gratis of teen 'n verlaagde tarief ontvang. Hieronder is ook voedselsubsidies vir armes en minderbevoorregtes, subsidies vir plattelandse huiskonstruksie, kinderwelsynsprogramme wat die verskaffing van middagetes by skole insluit en beurse vir minderbevoorregte kinders en weeskinders.
- Rampverligtingsprogramme om inwoners wat deur natuurrampe (vloede, aardbewings, siklone, ens.) getref word, by te staan.
- Bystand aan bejaardes.
- Mediese sorg vir en bystand aan babas, swanger vroue en nuwe ouers.
- Gestremdheidsprogramme wat spesiale sorg aan gestremdes bied.

*Voedingsdienste*

Indië se middagetevoedingskema is die grootste voedingskema in die wêreld (Chutani, 2012). Die skema is tussen 1925 en 1982 in verskillende streke van Indië ingestel om te verseker dat honger nie die rede is dat leerders nie skool bywoon nie. Ongeveer 120 miljoen kinders word daagliks gevoed deur die voedingskema, maar as gevolg van swak implementering en korrupsie is daar steeds kinders wat nie by die projek baat nie.

In 1995 is die voedingskema, befonds deur die regering, landswyd geïmplementeer. In die beginjare is droë bestanddele aan leerders voorsien, maar in 2001 is daar 'n skrywe aan al die staatsdepartemente gerig om eerder gekookte etes aan leerders te voorsien in plaas van droë bestanddele. Die Hooggeregshof het duidelike riglyne deurgegee oor die voedingswaarde van die etes. Elke ete moet minstens 450 kalorieë en twaalf gram proteïene bevat. Etes word vir 'n minimum van 200 dae per jaar verskaf, maar daar word ook voorsiening gemaak vir etes gedurende vakansies in sekere gebiede vir leerders wat dit nodig het (Chutani, 2012). Die voedingskema dra by tot die welstand en toekoms van leerders. Dit maak nie net voorsiening vir etes nie, maar het ook die skoolbywoning van leerders drasties laat toeneem. Vanaf 1985 tot 2003 het skoolbywoning in Indië met 35% gestyg (Chutani, 2012).

**China**

*Inklusiewe onderwys*

Die *Law of the People's Republic of China on the Protection of Disabled Persons* is in China geïmplementeer om algemene en grondwetlike beskerming te verseker (China Disabled Persons Federation, 2008). In 2008 het China die internasionale menseregteooreenkoms wat leerders met gestremdhede in hoofstroomonderwys ondersteun, aangeneem (China Disabled Persons Federation, 2008). Die fokus daarvan het in 2011 verskuif na voorskoolse onderwys en beroepsonderwys vir leerders met gestremdhede.

Leerders in China se regte en belange word in die *Wet op Verpligte Onderwys van die Republiek van China* en die beleid *Regulasies vir Onderwys aan Burgers met Gestremdhede* vervat (China Disabled Persons Federation, 2008). In China begin leerders se skoolloopbaan op die ouderdom van ses jaar. Leerders met gestremdhede kan, ongeag hul gestremdheid, 'n plaaslike hoofstroomskool bywoon. Dit is ook moontlik dat die regering op provinsiale vlak reël dat leerders hoofstroomonderrig ontvang, met sekere hulpmiddels wat aan hulle voorsien word. Indien leerders nie in staat is om by hoofstroomonderwys aan te pas nie, is daar 'n derde opsie, naamlik die bywoning van spesiale skole. Dit is die verantwoordelikheid van die regering


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a5

op provinsiale vlak om afstandsonderrig en individuele klasse te verskaf aan leerders wat skole weens gestremdhede nie kan bywoon nie (China Disabled Persons Federation, 2008).

Hoërskole, universiteite en kolleges in China mag nie leerders en studente met gestremdhede wegwys nie. In 2015 is die *Regulation on the Education of Persons with Disabilities*-beleid bekendgemaak, wat beklemtoon dat studente tydens die universiteitstoelatingseksamen daarop geregtig is om ekstra ondersteuning te ontvang, gebaseer op hul individuele behoeftes.

In China is daar 'n tekort aan onderwysers wat op spesiale onderrig fokus, veral op die vlak van leergestremdhede en outisme (Guo, 2016). Met die doel om spesiale onderrig te verbeter en voorsiening te maak vir leerders se individuele behoeftes, het onderwysers besluit om gebruik te maak van Westerse onderrigmetodes vir inklusiewe onderwys as verwysingsraamwerk (Hauwadhanasuk, Karnas, & Zhuang, 2018:29-48). China maak voorsiening vir inklusiewe onderwys deur gebruik te maak van die internet en slimfone. Die voorlopige plan is om inklusiewe onderwys te bevorder deur die gebruik van 'n virtuele omgewing. Twee platforms – WeChat en Massive Open Online Courses (MOOCs) word gebruik om die plan te implementeer. WeChat word gebruik vir bewusmaking van die publiek deur middel van artikels oor inklusiewe en spesiale onderwys in hul eie taal en MOOCs word gebruik in onderwyseropleidingsprogramme (Hauwadhanasuk *et al*., 2018:29-48).

*Mediese en tandheelkundige dienste*

China is besig om sy gesondheidstelsel aan te pas, gebaseer op 'n aantal probleme, soos onvoldoende gesondheidsorgvoorsiening, die uitwerking van kroniese siektes en stygende koste (Burns & Liu, 2017). Gesondheidsdienste in plaaslike en stedelike gebiede verskil en daar is nie 'n deurlopende tendens nie, wat tot gevolg het dat 'n deel van die bevolking nie voldoende gesondheidsdienste ontvang nie. China se bevolking ervaar sekere uitdagings met betrekking tot kroniese siektes; 11,6% van die bevolking word byvoorbeeld deur diabetes beïnvloed en een uit vier Chinese het hoë bloeddruk. Verder het die koste verbonde aan gesondheidsorg toegeneem.

As gevolg van die feit dat lede van mediese skemas 'n groot deel van mediese sorg self moet betaal, is gevorderde behandeling en medikasie moeilik bekombaar. In 2009 is die hervormde gesondheidstelsel aangekondig. Die algemene doelwit van die stelsel was om bekostigbare gesondheidsorg toeganklik te maak vir elke Chinese burger teen die jaar 2020.

*Maatskaplike dienste*

Die maatskaplike stelsel in China bestaan uit drie afdelings, naamlik maatskaplike hulp, maatskaplike versekering en welsynsdienste (Zheng, 2008). Maatskaplike hulp word verleen om armoede te verlig. Burgers van China ontvang 'n kontanttoelaag wat bepaal word deur die inkomste wat die gesinslede verdien. Ander vorms van hulp wat aan burgers gebied word, is noodverligting, hulp aan haweloses en behoeftige mense en hulp vir mediese uitgawes, onderwys en behuising. Die minimum toelaag is basies en min, met 'n groot variasie tussen stedelike en landelike gebiede.

Maatskaplike versekering in China word verdeel in vyf kategorieë, naamlik pensioen, medies, beserings aan diens, werkloosheid en kraam. Basiese maatskaplike versekering word deur die staat beheer. Landsburgers kan vir private versekering betaal, maar dit vorm steeds deel van die staatselsel (Ringen & Ngok, 2013).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a5

Welsynsdienste is tradisioneel ’n plaaslike diens wat aan armes, bejaardes, gestremdes en weeskinders voorsien word. Die voorsiening van welsynsdienste is egter selektief. Welsynsdienste vir kinders fokus op weeskinders, gestremdes en kinders wat deur hul ouers verwaarloos word (Ringen & Ngok, 2013). Welsynshuise en koshuise verskaf welsynsdienste wat spesifiek op kinders gerig is. As gevolg van die groot bevolking word aanneming en pleegsorg aangemoedig.

*Voedingsdienste*

Twee groot bekommernisse wat China tans ervaar, is ondervoede, ongesonde leerders en leerders wat oorgewig is (Cheng *et al.*, 2020). China is een van die lande wat die gevorderdste is met betrekking tot die implementering van wette en regulasies gebaseer op die voeding van kinders. Die volgende wette en regulasies in China het betrekking op die bevordering van leerders se voeding en gesondheid: *Management Measures of Nutrition Improvement Work, The Outline of China’s Food and Nutrition Development, The Outline of “Healthy China 2030”* en die *National Nutrition Plan and Healthy China Initiative* (Chinese Association for Student Nutrition & Health Promotion, 2014).

Die nasionale voedingsplan bevat riglyne en strategieë wat aan leerders in verskillende ouderdomsgroepe verskaf word om te verseker dat hulle ’n gesonde leefstyl volg (Cheng *et al.*, 2020). Dit sluit strategieë om ’n gesonde gewig te handhaaf en ouderdomsgepaste voedingsopvoedingsaktiwiteite vir leerders in (Chinese Association for Student Nutrition & Health Promotion, 2014). ’n Belangrike komponent van die Healthy China-inisiatief is die implementering van gesondheidsbevorderende aktiwiteite onder laer- en hoërskoolleerders. Dit behels verskeie strategieë op individuele, gesin-, skool- en samelewingsvlak om kinders se gesondheidstatus te verbeter (World Health Organisation, 2016).

China se skoolvoedingskema maak voorsiening vir leerders in afgeleë provinsies wat wanvoeding ervaar. Die voedingskema voorsien ongeveer 180 dae van die jaar etes aan leerders (International Development Research Centre, 2020). Ongeveer 37 miljoen leerders baat vanaf 2011 by die program wat geïmplementeer is om te verseker dat daar voorsien word in die behoeftes van leerders in afgeleë gebiede. China se regering bestee jaarliks ongeveer $19 biljoen aan hierdie program. Die fondse word gebruik om die nasionale voedingsplan te ondersteun, etes te verbeter en voorsiening te maak vir minderbevoorregte kinders. Die Chinese Center for Disease Control and Prevention het navorsing gedoen om vas te stel of die voedingskema die betrokkenes voordelig beïnvloed. Die volgende bevindings is gemaak (International Development Research Centre, 2020):

- Leerders wat aan die program deelgeneem het, is langer en swaarder as die gemiddelde leerder in China. Data toon aan dat die gemiddelde lengte en gewig van manlike leerders vanaf 2012 tot 2015 toegeneem het met 1,2 cm en 0,7 kg. Die resultate vir vroulike leerders is nog meer indrukwekkend en dui op ’n toename van 1,4 cm en 0,8 kg.
- Die koers van bloedarmoede in kinders het gedaal van 17% na 7,8%.

Die doel van China se voedingskema is om minderbevoorregte leerders te voed sodat hul gesondheid en akademiese prestasie nie onder wanvoeding ly nie. Die program fokus daarop om leerders te laat besef dat gesonde gewoontes en eetgewoontes die risiko van oorgewig en kroniese siektes verminder.

## Suid-Afrika

*Inklusiewe onderwys*

In Suid-Afrika is 70% van leerders met gestremdhede nie deel van die onderwysstelsel nie; die oorblywende 30% leerders woon spesiale skole vir gestremde leerders by (Donohue & Bornman, 2014). Volgens Donohue en Bornman (2014) verkies leerders met gestremdhede en ouers van leerders met gestremdhede om spesiale skole by te woon ongeag die implementering van inklusiewe onderwys in hoofstroomskole.

In 1990 is die Onderwys vir Almal-inisiatief geïmplementeer met die doel om gehalte-onderwys aan leerders te verskaf (Unesco, 2004). Om te verseker dat dié doel bereik word, is ses spesifieke doelwitte voorgestel. Hierdie doelwitte is voorsiening en uitbreiding van vroeë onderwys, voorsiening van gratis en verpligte onderwys indien leerders ’n sekere ouderdom bereik, voorsiening van leer- en lewensvaardigheidsprogramme aan volwassenes, verbetering van die geletterdheidskoers van volwassenes met 50% teen 2015, uitskakeling van geslags-ongelykhede in onderwys en vooruitgang in alle aspekte van onderwys om kwaliteitonderwys moontlik te maak (Donohue & Bornman, 2014).

Ná die afskaffing van apartheid in Suid-Afrika het die nuwe Departement van Onderwys ’n poging aangewend om die ongelykhede in die onderwys reg te stel (Lam, Ardington, & Leibbrant, 2008). Gedurende die apartheidsjare was onderwys verdeel in rasgroepe. Die kwaliteit van onderwys, fasiliteite waarin onderrig ontvang is en befondsing het verskil tussen etniese groepe (Asmal & James, 2001). Om te verseker dat elke leerder die nodige onderwys ontvang om in sy of haar behoeftes te voorsien, is ’n onderwyswitskrif in die nuwe bedeling saamgestel. Witskrif 6 lê die fondasie vir inklusiewe onderwys en verskaf ’n raamwerk wat dit moontlik maak om inklusiewe onderwys te implementeer en leerders wat hindernisse ervaar, te akkommodeer. Die witskrif is saamgestel omdat daar nie voldoende voorsiening gemaak is vir leerders met hindernisse binne die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel nie. Volgens Witskrif 6 (Department of Basic Education, 2001:23) word inklusiewe onderwys en opleiding soos volg uitgebrei:

- Erken dat alle leerders kan leer en in ’n mate ondersteuning benodig.
- Aanvaar en respekteer dat alle leerders verskillend is, met verskillende behoeftes.
- Onderrigstrukture, stelsels en leermetodes is daarvoor verantwoordelik om in die behoeftes van alle leerders te voorsien.
- Leer moet nie net gesien word as ’n formele proses nie, maar vind ook plaas by die huis en in die gemeenskap deur formele en informele strukture.
- Houdings, gedrag, onderrigtegnieke, kurrikulum en die omgewing moet verander om in leerders se behoeftes te voorsien.
- Die deelname van leerders op alle vlakke moet verhoog word en hindernisse wat leerders ervaar, moet verminder.
- Leerders moet bemagtig word deur die ontwikkeling van hul sterk punte en geleenthede moet aan hulle gebied word om hulle in staat te stel om aan die leerproses deel te neem.

Volgens Donohue en Bornman (2014) is daar ná ’n dekade van die implementering van Witskrif 6 bevind dat die meeste leerders met gestremdhede steeds spesiale skole bywoon. Die implementering van beleide met betrekking tot inklusiewe onderwys word as ’n uitdaging in die praktyk gesien. Frankel, Gold en Ajodhia-Andrews (2010) voer aan dat onderwysers


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a5

inklusiwiteit suksesvol kan implementeer deur voldoende onderrig, ondersteuning en positiewe perspektiewe.

*Mediese en tandheelkundige dienste*

Suid-Afrika se gesondheidstelsel is verdeel in twee bene – ’n groot, gesubsidieerde openbare sektor en ’n klein private sektor (World Health Organisation, 2015). Gesondheidsorg in Suid-Afrika word deur die Departement van Gesondheid bestuur en is ’n grondwetlike reg (Stuckler, Basu & Mckee, 2011:165). Ongeveer 80% van die bevolking dra by tot openbare gesondheidsorg en die res van die bevolking vorm deel van die private sektor (National Department of Health, 2014:8). Die meeste befondsingsondernemings en spesialiste stel eerder belang om ’n bydrae in die private sektor te lewer en as gevolg daarvan is daar ’n groot gaping tussen die openbare sektor en die private sektor.

Suid-Afrika se gesondheidstelsel (private sowel as openbare) is geklassifiseer as die beste in Afrika en 49ste uit 89 lande (Expatica, 2021), alhoewel Suid-Afrika gelys is onder Indië, Sri Lanka en die Filippyne. Openbare mediese sorg in Suid-Afrika is beskikbaar vir alle burgers, ongeag nasionaliteit (Stuckler *et al*., 2011:165). Lede van die bevolking wat nie private gesondheidsorg kan bekostig nie, maak grotendeels gebruik van openbare gesondheidsorg. Die meeste buitelanders en lede wat middelklassalarisse verdien, vorm deel van die private gesondheidsorgsektor (Expatica, 2021).

Die koste van openbare gesondheidsorg word met ongeveer 40% gesubsidieer. Kostes betaalbaar hang af van die hooflid se inkomste en getal kinders. Die befondsing is tans afkomstig van belasting betaalbaar deur lede van die bevolking (Expatica, 2021). Daar is wel sprake daarvan dat die Departement van Gesondheid ’n nasionale gesondheidsversekeringskema gaan skep met die doel om ’n verbeterde gratis diens aan alle lede moontlik te maak. Die beraamde finansiering vir hierdie skema wissel tussen R165 en R450 miljard (National Department of Health, 2014).

In 2010 het die president van Suid-Afrika aangekondig dat ’n geïntegreerde gesondheidsprogram by skole ingestel sou word. Die doel van die program is om gesondheidsdienste aan alle lede van die bevolking beskikbaar te stel deur die primêre gesondheidsorgbenadering (Department of Basic Education, 2012). Hierdie benadering fokus hoofsaaklik op die voorkoming van siektes en die bevordering van gesondheidsorg. Die geïntegreerde skoolgesondheidsprogram is opgestel met die doel om by te dra tot die bevordering van die gesondheid van skoolgaande leerders en die skoolomgewing om prestasie en uitkomste te verbeter. Die doelwitte van die geïntegreerde skoolgesondheidsprogram is soos volg (Department of Basic Education, 2012):

- Verhoog kennis en bewusmaking van gesondheidsprobleme en optrede
- Ontwikkel stelsels om ondersteuning en sorg te implementeer
- Verhoog leerders se kennis oor voortplanting en seksuele kwessies
- Fasiliteer en identifiseer gesondheidskwessies wat bydra tot leer
- Verhoog kennis en bewusmaking van gesondheid en welstand
- Verhoog bewustheid dat positiewe optrede na die bevordering van gesondheid lei

Die geïntegreerde skoolgesondheidsprogram bied geïntegreerde dienste aan leerders wat seksuele en reproduktiewe gesondheidsdienste, gesondheidsonderrig, gesondheidsmonitering, ontwurming en immunisering insluit.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a5

*Maatskaplike dienste*

Die Suid-Afrikaanse regering het ’n stelsel geïmplementeer om maatskaplike beskerming te bevorder met die doel om die stygende armoede in Suid-Afrika te beperk. Ongeveer 26% van Suid-Afrika se bevolking is werkloos en 50% lewe in armoede (Overseas Development Institute, 2005). Voorts is Suid-Afrika een van die lande wat die meeste uitdagings gebaseer op ongelykhede ervaar (Overseas Development Institute, 2005). Die maatskaplike stelsel sluit bystand in die vorm van finansiering, werkloosheidsversekering, die voorsiening van mediese sorg en behuisingsubsidies in.

Die Suid-Afrikaanse maatskaplike stelsel fokus veral daarop om kinders, minderbevoorregtes, gestremdes en bejaardes te ondersteun in die vorm van maandelikse toelaes. In Suid-Afrika is daar drie toelaes wat kinders bevoordeel. Hierdie toelaes word slegs aan primêre versorgers uitbetaal indien die kind onder die ouderdom van agtien jaar is en sowel die kind as die versorger in Suid-Afrika woon. Die drie kindertoelaes is soos volg (Government of South Africa, 2014):

- Kinderonderhoudstoelaag: Die toelaag is betaalbaar indien ’n primêre versorger omsien na ’n kind of kinders. Indien die versorgers ’n salaris van minder as R52 800 alleen of R105 600 gesamentlik verdien, kwalifiseer hulle vir ’n maandelikse bedrag.
- Sorgafhanklikheidstoelaag: Hierdie toelaag is vir die versorging van ’n kind met ’n ernstige gestremdheid wat voltydse sorg benodig. Die toelaag word uitbetaal tot en met die agtiende verjaarsdag van die kind.
- Pleegkindtoelaag: ’n Pleegkindtoelaag is betaalbaar indien ’n pleegkind onder die toesig van ’n Suid-Afrikaner of permanente inwoner van Suid-Afrika geplaas word. ’n Pleegkind word deur die hof by ’n pleegfamilie geplaas indien hy of sy ’n weeskind is, ’n risiko ervaar of mishandel of afgeskeep word.

Daar word verskillende toelaes aan verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika uitbetaal. Afgesien van die bostaande kindertoelaes word gestremdheids- en oorlogsveteraantoelaes aan landsburgers uitbetaal indien hulle daarvoor kwalifiseer.

Die bogenoemde toelaes word uitbetaal deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid. Die grootste probleem met betrekking tot hierdie toelaes wat tans in Suid-Afrika ervaar word, is dat primêre versorgers nie die toelaes vir die beswil van die kind gebruik nie, maar vir hulleself.

*Voedingsdienste*

Wanvoeding is ’n ernstige probleem in Suid-Afrika en een van die grootste oorsake van kindersiektes en sterftes. Voedingskemas in Suid-Afrika is reeds in 1958 gevestig toe die Peninsula Skoolvoedingsvereniging etes aan leerders verskaf het. In 1994 is die nasionale skoolvoedingsprogram deur die regering in werking gestel. Hierdie skoolvoedingsprogram verskaf daagliks etes aan ongeveer nege miljoen leerders in meer as 20 000 openbare skole regoor Suid-Afrika (Devereux *et al*., 2018). Die fokus van die nasionale skoolvoedingsprogram is gerig op onderrig, die vermindering van honger onder leerders en die effek wat wanvoeding op leerders se leerkapasiteit het. Die nasionale skoolvoedingsprogram is van stapel gestuur met die doel om die volgende moontlik te maak (Department of Basic Education, 2014):

- Voedselsekuriteit, met die doel om leerders se gesondheid en inname van nutriënte te verbeter.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a5

- Behoorlike onderrig, met die doel om leerders se deelname, oplettendheid en prestasie met betrekking tot onderwys te verbeter.
- Die bevordering en ondersteuning van voedselproduksie in skoolgemeenskappe.

Die voedingsprogram fokus op die volgende drie geïntegreerde bene (Devereux *et al*., 2018):

- Skoolvoeding: Die program verskaf daagliks voedsame etes aan leerders in primêre, sekondêre en geïdentifiseerde spesiale skole.
- Onderrig aangaande voeding en ontwurming: Die program leer leerders en die gemeenskap oor verskillende nutriënte en die voedselpiramide en maak hulle bewus van ontwurming en die voordele daarvan.
- Volhoubare voedselproduksie: Die program ondersteun en bemoedig die aanlê en gebruik van groentetuine en ander voedselproduksieprojekte wat skole aanpak.

Die nasionale skoolvoedingsprogram word deur die Departement van Basiese Onderwys bestuur, in samewerking met die Departemente van Gesondheid en Landbou. Private maatskappye lewer ook ’n bydrae met projekte om minderbevoorregte leerders te ondersteun (Devereux *et al*., 2018). Een so ’n projek is van stapel gestuur deur die Tiger Brands Foundation. Die onderneming ondersteun die nasionale skoolvoedingsprogram deur aan leerders ’n tweede maaltyd in die vorm van ontbyt te verskaf (Tiger Brands Foundation, 2019). Ongeveer 60 000 leerders regoor Suid-Afrika ontvang ’n tweede ete te danke aan dié onderneming. Ander projekte word ook voortdurend deur die onderneming geloods, soos om kospakkies aan minderbevoorregtes te verskaf. Die onderneming se betrokkenheid het ’n groot aantal ander private organisasies gelei om by soortgelyke projekte betrokke te raak (Tiger Brands Foundation, 2019). Hierdie organisasies se doel is om fondse te verskaf of hul eie soortgelyke programme van stapel te stuur.

Nog ’n projek wat ’n groot bydrae tot voedingsdienste lewer, is die Add Hope-projek van Kentucky Fried Chicken (2019). Die onderneming samel R2 in by elke bereidwillige klant regoor die land. Die donasies word direk aan ’n niewinsgewende organisasie gestuur wat die fondse gebruik om etes aan behoeftige leerders te voorsien (Kentucky Fried Chicken, 2019).

## Beste praktyke

Ten einde die navorsingsvraag met betrekking tot die identifisering van beste praktyke in die lidlande (Wat is die beste praktyke met betrekking tot die onderwysondersteuningsdienste vir leerders in die BRICS-lidlande?) te beantwoord, is die beste praktyke in die BRICS-lidlande geïdentifiseer. Hierdie beste praktyke is nie voorskrifte vir die ander lidlande om te volg nie, maar dien as voorbeelde van praktyke wat oorweeg kan word. Elke lidland beskik oor unieke kenmerke en onderwysbehoeftes. Die konteks van elke lidland moet eers in ag geneem word voordat beste praktyke nagevolg word.

### *Tema 1: Inklusiewe onderwys*

’n Inisiatief waarby al die BRICS-lidlande kan baat, is Brasilië se Cash Continuous Benefit School Programme. Die ouers van gestremde kinders is geneig om hul kinders eerder uit die onderwysstelsel te hou. Met behulp van hierdie program word kinders met gestremdhede wat nie skoolgaan nie, opgespoor en aangemoedig om by ’n skool in te skryf deur voordele aan hul gesinne te bied indien hulle dit sou doen.

Rusland het ’n inisiatief geïmplementeer waar ’n vereniging vir onderwysers en kundiges op die gebied van inklusiewe onderwys gestig is om te verseker dat inklusiewe onderwys jaarliks verbeter word.

Indië maak gebruik van die Sarva Shiksha Abhiyan-program om leerders met spesiale behoeftes te identifiseer. Die program dek die volgende komponente aangaande leerders met spesiale behoeftes: vroeë identifisering, funksionele en formele assessering om hindernisse tot leer te bepaal, hulpmiddels en toerusting, ondersteuningsdienste, onderwysersopleiding, individuele onderwysplanne vir leerders, oueropleiding, beplanning en bestuur, verbetering van spesiale skole, verbetering van die argitektuur van skole en sentrums, navorsing, monitering en evaluering en meisies met gestremdhede.

In China is dit die verantwoordelikheid van die regering om afstandsonderrig en individuele klasse te verskaf aan leerders wat skool as gevolg van ’n gestremdheid nie kan bywoon nie. China het ’n inisiatief in werking gestel om die internet en slimfone te gebruik om inklusiewe onderwys te bevorder in ’n virtuele omgewing. Die platforms wat gebruik word, is WeChat en MOOCs. WeChat word gebruik vir bewusmaking van die publiek deur middel van artikels oor inklusiewe en spesiale onderwys in hul eie taal en MOOCs word gebruik in onderwyser-opleidingsprogramme. Ander lande kan by hierdie inisiatief baat deur hul eie platforms te gebruik om die bevolking bewus te maak van inklusiewe onderwys en onderwysers en leerders op hierdie wyse op te lei.

*Tema 2: Mediese en tandheelkundige dienste*

In Brasilië word gesinsgesondheidspanne gebruik om in die mediese behoeftes van gesinne en leerders te voorsien. Hierdie spanne word toegewys aan leerders gebaseer op hul ligging en bestaan uit ’n dokter, ’n verpleegster, ’n assistent en vier tot ses gesondheidswerkers. Gesinsgesondheidspanne verseker dat alle lede van die bevolking die nodige mediese hulp ontvang. Elke span het ook gemeenskapsgesondheidsagente wat gesinne aanspreeklik hou.

In Indië is daar ’n beleid vir operasionele riglyne vir skoolgesondheidsprogramme. Hierdie beleid is uitgevaardig deur Ayushman Bharat, die wêreld se grootste mediese versekeringskema wat ten volle deur die regering befonds word.

*Tema 3: Maatskaplike dienste*

Die Bolsa Familia-projek in Brasilië is indrukwekkend. Die projek is enig in sy soort in die opsig dat gesinne aan sekere vereistes moet voldoen indien hulle by die projek wil baat. Die projek hou in dat lede van gesinne nie net ’n bedrag geld ontvang nie, maar dit op ’n manier moet verdien. Die vereistes vir ’n gesin behels dat:

- die kinders in die gesin by ’n skool ingeskryf moet wees;
- die kinders die nodige inentings teen kindersiektes ontvang; en
- dat werklose ouers aktief op soek is na werk.

In Rusland en Indië word maatskaplike bystand meestal aan kwesbare groepe gebied in die vorm van ’n geldtoelaag. Beide lande bied ook maatskaplike bystand in die vorm van spesifieke goedere of dienste wat inwoners gratis of teen ’n verlaagde tarief ontvang. In Rusland ontvang werknemers en gesinne byvoorbeeld afslag op melk en ’n toelaag om ’n skooluniform vir kinders aan te skaf.

Rusland maak gebruik van ’n beleid wat tersaaklik is vir alle lede van die bevolking, nie net skoolgaande leerders nie. Hierdie beleid is *Healthy Nutrition – Plan of Action to Develop Regional Programmes in Russia* en fokus op die twaalf beginsels van gesonde eetgewoontes en welstand. Die twaalf beginsels is ’n kort uiteensetting van stappe wat gevolg moet word om ’n gesonde leefstyl te handhaaf. China het soortgelyke beleide. Die nasionale voedingsplan in China verskaf riglyne en strategieë aan leerders in verskillende ouderdomsgroepe om te verseker dat ’n gesonde leefstyl gevolg word. Dit behels byvoorbeeld strategieë om ’n gesonde gewig te handhaaf en ouderdomsgepaste voedingsopvoedingsaktiwiteite vir leerders. ’n Belangrike komponent van die Healthy China Initiative is die implementering van gesondheidsbevorderingsaktiwiteite onder laer- en hoërskoolkinders.

In sowel Brasilië as Suid-Afrika maak die staat gebruik van plaaslike organisasies en boere om voedsel te voorsien. In Suid-Afrika word leerders ook aangemoedig om hul eie voedsel te produseer deur groentetuine en ander inisiatiewe. Suid-Afrika se geïntegreerde skoolvoedingsprogram verskaf nie net etes aan leerders nie, maar ook onderrig oor voeding, gesonde leefstyle en volhoubare voedselproduksie.

## Samevatting

In hierdie studie is bevind dat daar goeie praktyke ten opsigte van die vier temas in elk van die BRICS-lidlande bestaan, maar daar is steeds uitdagings om in die behoeftes van leerders te voorsien. Finansiële tekorte en besteding aan onderwys is van die grootste uitdagings in elk van die lidlande. ’n Verdere uitdaging is die groot aantal leerders in elke onderwysstelsel. Hierdie uitdaging plaas druk op nie net die onderwysbegroting nie, maar ook op die beskikbaarheid van opgeleide onderwysers wat in die verskillende behoeftes van die leerders moet voorsien.

## BIBLIOGRAFIE

Aleksandrova, O & Nenakhova, Y. 2019. Accessibility of assistive technologies as a factor in the successful realization of the labor potential of persons with disabilities: Russia’s experience. *Societies*, 9(4):70.

Asmal, K & James, W. 2001. Education and democracy in South Africa today. *Daedalus*, 130:185-204.

Barreto, ML & Aquino, R. 2009. Recent positive developments in the Brazilian health system. *Public Health Journal*, 99(1):8.

Brock, C & Schwartzman, S. 2004. *The challenges of education in Brazil*. Providence: Symposium Books.

Brock, C & Schwartzman, S. 2007. The challenges of education in Brazil. *Triangle Journals*:9-40.

Burns, LR & Liu, GG. 2017. *China’s healthcare system and reform*. Cambridge: Cambridge University Press. https://ldi.upenn.edu/sites/default/files/burns-liu-new-china-book.pdf [8 Jan. 2019].

Cheng, G, Yang, F, Xiong, F, Zhao, L, Zhang, L & Wang, Y. 2020. Comparison of nutrition education policies and programs for children in China and other selected developed countries. *Global Health Journal*, 4(3):72-78. https://doi.org/10.1016/j.glohj.2020.08.002.

China Disabled Persons Federation. 2008. *Law of the People’s Republic of China on the Protection of Disabled Persons.* http://www.cdpf.org.cn/english/ lawsdoc/ content/2008 04/10/content_84883.htm [4 Nov. 2020].

Chinese Association for Student Nutrition & Health Promotion. 2014. *Nutrition and health of Chinese children and adolescents 2014*. Beijing: Beijing Chinese Association for Student Nutrition & Health Promotion.

Chutani, AM. 2012. School lunch programme in India. *Asia Pacific Journal of Clinical Nutrition*, 21(1):151-154 http://apjcn.nhri.org.tw/server/APJCN/21/1/151.pdf [1 Nov. 2020].

Crossman, A. 2019. *An overview of qualitative research methods*. https://www.thoughtco.com/qualitative-research-methods-3026555 [28 Sep. 2019].

Department of Basic Education (South Africa). 2001. *White Paper 6 on special needs education: Building an inclusive education and training system*. Pretoria: Government Printer.

Department of Basic Education (South Africa). 2012. *Integrated School Health Policy*. Pretoria. https://serve.mg.co.za/content/documents/2017/06/14/integratedschoolhealthpolicydbeanddoh.pdf [20 Dec. 2020].

Department of Basic Education (South Africa). 2014. *National School Nutrition Programme*. Pretoria. https://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Reports/NSNP%20ANNUAL %20REPORT%202014%20website%20upload.pdf?ver=2015-07-06- 153339-633 [20 Mar. 2020].

Department of Basic Education (South Africa). 2014. *Policy on Screening, Identification, Assessment and Support*. Pretoria: Government Printer https://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=2bB7EaySbcw%3D&tabid=617&portalid=0&mid=2371 [20 Dec. 2020].

Devereux, S, Hochfeld, T, Karriem, A, Mensah, C, Morahanye, M, Msimango, T, Sanousi, M. 2018. *School feeding in South Africa: What we know, what we don't know, what we need to know, what we need to do*. https://foodsecurity.ac.za/wp-content/uploads/2018/06/CoE-FS-WP4-School-Feeding-in-South-Africa-11-jun-18.pdf [1 Jan. 2019].

Do Socorro Gonçalves Viana, R & Bellows, AC. 2014. Teacher, we are hungry. The violation of Quilombolas students' right to adequate food, a case study. *The International Journal of Human Rights*, 18(7-8):774-794.

Donohue, DK & Bornman, J. 2014. The challenges of realising inclusive education in South Africa. *South African Journal of Education*, 34(2):1-14.

Durandina, NE. 2013. *Inclusive education in the Republic of Tatarstan*. http://www.inclusion.vzaimodeystvie.ru/?dl_id=15 [5 Jan. 2019].

Dvornikova, T. 2017. Inclusive education exists in Russia, but only in theory. *Open Democracy*, 25 Jan. https://www.opendemocracy.net/en/odr/inclusive-education-exists-in-russia-but-only-in-theory/ [3 Dec. 2020].

Expatica. 2020. *Healthcare in Russia: The Russian healthcare system explained*. https://www.expatica.com/ru/healthcare/healthcare-basics/healthcare-in-russia-104030/#childrens [3 Nov. 2020].

Expatica. 2021. *A guide to health care in South Africa*. https://www.expatica.com/za/healthcare/healthcare-basics/healthcare-in-south-africa-105896/#:~:text=South%20Africa%20ranks%2049th%20out,Sri%20Lanka%2C%20and%20the%20Philippines [21 Dec. 2020].

Frankel, EB, Gold, S & Ajodhia-Andrews, MA. 2010. International preschool inclusion: bridging the gap between vision and practice. *Young Exceptional Children*, 13(5):2-16.

Government of South Africa. 2014. *Child care*. https://www.gov.za/services/child-care-social-benefits/child-support-grant [12 Jan. 2020].

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996.

Guo, D. 2016. *Service for autistic children in China: Achievement, challenges and prospects* [PowerPoint Slide]. Personal Collection of Dehua Gao, China Association of Autism Services Agencies, China.

Hauwadhanasuk, T, Karnas, M & Zhuang, M. 2018. Inclusive education plans and practices in China, Thailand, and Turkey. *Educational Planning*, 25(1):29-48.

Hays, J. 2016. *Welfare, pensions and social benefits in Russia*. http://factsanddetails.com/russia/Government_Military_Crime/sub9_5a/entry-5197.html [1 Jan. 2020].

International Development Research Centre. 2020. *Nutrition and food security in rural China: An assessment of school feeding system*. www.idrc.ca/en/project/nutrition-and-food-security-rural-china-assessment-school-feeding-system [2 Nov. 2020].

Jain, YK, Joshi, NK, Bhardwaj, P & Suthar, P. 2019. Health promoting school in India: Approaches and challenges. *Journal of Family Medicine and Primary Care*, 8(10):3114-3119.

Jha, R. 2013. *Welfare schemes and social protection*. https://cnnd.crawford.anu.edu.au/acde/asarc/pdf/papers/2013/WP2013_10.pdf [1 Jan. 2021].

Karan, A, Yip, W & Mahal, A. 2017. Extending health insurance to the poor in India: An impact evaluation of Rashtriya Swasthya Bima Yojana on out-of-pocket spending for healthcare. *Social Science & Medicine, 181:*83-92. https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC5408909/ [1 Jan. 2021].

Kentucky Fried Chicken. 2019. *Add hope*. https://order.kfc.co.za/addhope [4 Nov. 2020].

Lam, D, Ardington, C & Leibbrant, M. 2008. *Schooling as a lottery: Racial differences in school advancement in urban South Africa*. http://www.opensaldru.uct.ac.za/bitstream/handle/11090/36/2008_18.pdf?sequence=1 [11 Jan. 2020].

Library of Congress. 2020. *Children's rights: Russian Federation*. https://www.loc.gov/law/help/child-rights/russia.php#Child%20Health%20and%20Social%20Welfar [1 Jan. 2020].

Macinko, J & Harris, MJ. 2015. Brazil's family health strategy—delivering community-based primary care in a universal health system. *The New England Journal of Medicine*, 372(23):2177-2181.

Mantoan, MTE. 2008. *O desafio das diferenças nas escolas*. Petrópolis: Vozes.

Ministry of Agriculture (Russia). 2012. *School feeding scheme in APEC countries*. file:///C:/Users/Loui-Marie%20Kampfer/Downloads/2012_scsc_School-Feeding-Sys.pdf [1 Jan. 2021].

Ministry of Education (Brazil). 2011. *National Plan of Rights of Persons with Disabilities: "Living without limit" of 2011*. http://bit.ly/1Q5jz4J [11 Dec. 2020].

Ministry of Health and Family Welfare (India). 2009. *The National Health Bill of India*. http://www.prsindia.org/uploads/media/Draft_National_Bill.pdf [3 Dec. 2020].

Ministry of Human Resource Development (India). 1986. *National Policy of Education*. https://www.education.gov.in/hi [3 Dec. 2020].

Ministry of Human Resource Development (India). 1992. *Programme of action*. https://www.education.gov.in/hi [3 Dec. 2020].

Ministry of Human Resource Development (India). 2009. *Sarva Shiksha Abhiyan: programme for universal elementary education, framework for implementation*. New Delhi: National Sample Survey Organisation.

Ministry of Human Resource Development (India). 2018. *Operational guidelines on school health programme under Ayushman Bharat*. https://nhm.gov.in/New_Updates_2018/NHM_Components/RMNCHA/AH/guideli nes/Operational_guidelines_on_School_Health_Programme_under_Ayushman_ Bharat.pdf [3 Jan. 2021].

Moscow City Law. 2010. *On education of persons with disabilities in the city of Moscow*, no. 16. http://www.referent.ru/3/74304 [2 Jan. 2021].

National Department of Health (South-Africa). 2014. *Department of Health Strategic Plan 2014/15–2018/19*. https://www.health-e.org.za/2014/09/25/report- department-health-strategic-plan-201415-20189/ [21 Dec. 2020].

Overseas Development Institute. 2005. *Social grants South Africa*. https://www.odi.org/sites/odi.org.uk/files/odi-assets/publications-opinion-files/1688.pdf [1 Nov. 2020].

Pye-Smith, C. 2014. *Scaling up the Brazilian school feeding model*. http://www.fao.org/publications/card/en/c/93b17f15-c447-40ae-8098-b943565184c2/ [3 Nov. 2020].

Rapoza, K. 2013. *In Brazil, social welfare programs worked*. https://www.forbes.com/sites/forbes-personal-shopper/2020/12/31/best-sustainable-kitchen-products-2021/?sh=2d8f5a289362 [20 Dec. 2020].

Ringen, S & Ngok, K. 2013. *What kind of welfare state is emerging in China?* https://www.unrisd.org/80256B3C005BCCF9/(httpAuxPages)/28BCE0F59BDD3738C1257BE30053EBAC/$file/Ringen%20and%20Ngok.pdf [3 Nov. 2020].

Russian Federation. 2005. *National report: Situation of learners in the Russian Federation*. https://www.loc.gov/law/help/child-rights/russia.php [5 Nov. 2020].

Sala, A, Luppi, CG, Simões, O & Marsiglia, RG. 2011. Integralidade e Atenção Primária à Saúde: Avaliação na perspectiva dos usuários de unidades de saúde do município de São Paulo. *Saúde e Sociedade*, 20(4):948-960.

Sanjeev, K & Kumar, K. 2007. Inclusive education in India. *Electronic Journal for Inclusive Education*, 2(2). https://corescholar.libraries.wright.edu/ejie/vol2/iss2/7/ [3 Nov. 2020].

Sidaner, E, Balabam, D & Burlandy, L. 2013. The Brazilian school feeding programme: An example of an integrated programme in support of food and nutrition security. *Public Health Nutrition*, 16(6):989-994.

Silva, UO, Nascimento, GL, Santos, IK, Azevedo, KP, Santos, CF, Knackfuss, MI & Medeiros, HJ. 2017. Health program in a Brazilian school. *Salud Pública de México,* 59:28-33.

Singhal, A & Tiwari, V. 2012. Challenges faced by the education system in India. In *Conference proceedings*. Fifth International Conference of Education, Research and Innovation, Madrid, Spain. https://library.iated.org/view/SINGHAL2012CHA [23 Jul. 2019].

Sonawane, N. 2017. *School health services in India*. https://www.linkedin.com/pulse/school-health-services-india-dr-nilima-sonawane [3 Dec. 2020].

Steyn, HJ. 2008. *Die vergelykende metode in vergelykende opvoedkunde*. Potchefstroom: Keurkopié.

Steyn, HJ, Wolhuter, CC, Vos, D & De Beer, ZL. 2017. *The South African education system: core characteristics in focus*. Noordbrug: Keurkopié.

Stuckler, D, Basu, S & Mckee, M. 2011. Health care capacity and allocations among South Africa's provinces: Infrastructure-inequality traps after the end of Apartheid. *American Journal of Public Health*, 101:165-172.

Tiger Brands Foundation. 2019. *Tiger Brands Foundation in-school breakfast programme serves 50 millionth meal*. https://www.tigerbrands.com/Global/Articles/In-school-breakfast-programme#:~:text=More%20than%20five%20years%20ago,director%20of%20Tiger%20Brands%20Foundation [12 Jan. 2021].

Tsukerman, S. 2016. *Problems with education in Russia*. http://newslanc.com/problems-with-education-in-russia/ [23 Jul. 2019].

Unesco. 2004. *The quality of primary education in South Africa*. https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000146636 [1 Nov. 2020].

Unesco. 2014. *BRICS: Building education for the future*. https://reliefweb.int/sites/reliefweb.int/files/resources/unesdoc.unesco.org_images_0022_002296_229692e.pdf [4 May 2019].

Unesco. 2020. *Inclusive education in Brazil: Leaving no one behind*. https://en.unesco.org/fieldoffice/brasilia/expertise/inclusive-education [1 Nov. 2020].

University World News. 2018. *India: New focus is on quality in higher education*. http://www.universityworldnews.com/article.php?story=20120106163233287 [30 Jul. 2018].

Valeeva, LA. 2015. The current state of special needs education in Russia: Inclusive policies and practices. *Procedia – Social and Behavioral sciences*, 191:2312-2315.

World Health Organisation. 2000. *Healthy nutrition: plan of action to develop regional programmes in Russia*. https://www.euro.who.int/_data/assets/pdf_file/0020/150158/E73401.pdf [1 Jan. 2021].

World Health Organisation. 2008. Flawed but fair: Brazil's health system reaches out of the poor. *Bulletin of the WHO*, 86(4):241-320.

World Health Organisation. 2015. *South Africa's health system: a rapid analysis of stock and migration*. https://www.who.int/workforcealliance/031616south_africa_case_studiesweb.pdf [20 Dec. 2020].

World Health Organisation. 2016. *Healthy China 2030*. https://www.who.int/healthpromotion/conferences/9gchp/healthy-china/en/ [2 Nov. 2020].

Zheng, GC. 2008. China's social security in thirty years. *People's Press, Beijing*. (In Chinese).

Zotova, M. 2012. Emergence of gated communities in Russia: Causes and consequences. *L'Espace Politique*:17. https://www.researchgate.net/publication/271300910_Emergence_of_Gated_Communities_in_Russia_Causes_and_Consequences [21 Sep. 2021].

# (Self)portrette in *Uit die kroes* deur Lynthia Julius: ’n Kultuurhandhawende pedagogiese benadering tot Afrikaanse literatuuronderrig

***(Self)portraits in* Uit die kroes *by Lynthia Julius: A culturally sustaining pedagogical approach to the teaching of Afrikaans literature***

**Earl Basson**
Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie
Suid-Afrika
E-pos: bassonea@cput.ac.za

**Bibi Burger**
Skool vir Tale en Letterkundes
Universiteit van Kaapstad
Suid-Afrika
E-pos: bibi.burger@uct.ac.za


Earl Basson


Bibi Burger

**Earl Basson** is ’n dosent en navorser verbonde aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie se Fakulteit Opvoedkunde. Hy doseer Afrikaanse taalkunde en letterkunde asook metodiek van Afrikaansonderrig. Voorheen het hy gewerk as ’n uitgewersassistent by NB-Uitgewers, ’n multigraad-onderwyser by Groote Schuur Hospitaalskool, hooftutor en mede-kurrikulumontwerper by die BA Verlengde Graadprogram van die Universiteit Stellenbosch en ’n huiskameronderwyser by Capricorn Primêre Skool. Sy navorsingsbelangstellings is onder meer sosiolinguistiek, Swart Afrikaanse letterkunde en kurrikulumstudie. Hy het sy navorsing by verskeie nasionale en internasionale navorsingskonferensies aangebied. In 2020 was hy die ontvanger van die Gent Universiteit se Afrika-Gent navorsingsgenootskap. Hy is ook betrokke by talle projekte, o.a. die Woorde Open Wêrelde se debatskompetisie, die Afrikaanse Taalraad se Kurrikulum-inisiatief, die inter-institusionele navorsingsprojek Ontlaering/Unlaagering en die Afrikaanse taal- en kultuurpotgooi, Sitkamer.

**Earl Basson** is a lecturer and researcher at the Cape Peninsula University of Technology’s Faculty of Education. He teaches Afrikaans linguistics and literature as well as methodology of Afrikaans teaching. He previously worked as a publishing assistant at NB Publishers, a multi-grade teacher at Groote Schuur Hospital School, head tutor and co-curriculum designer at the BA Extended Degree Program of Stellenbosch University and a homeroom teacher at Capricorn Primary School. His research interests include sociolinguistics, Black Afrikaans literature, and curriculum studies. He has presented his research at several national and international research conferences. In 2020, he was the recipient of Ghent University’s Africa-Ghent Research Fellowship. He is also involved in numerous projects, i.e., the Words Open Worlds’ debate competition, the Afrikaanse Taalraad’s Curriculum Initiative, the inter-institutional research project Ontlaering / Unlaagering and the Afrikaans language and culture podcast, Sitkamer.

**Datums:**
Ontvang: 2023-05-02 Goedgekeur: 2023-09-30 Gepubliseer: Desember 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

**Bibi Burger** is 'n dosent aan die Universiteit van Kaapstad se Skool vir Tale en Letterkundes, waar sy modules oor die Afrikaanse letterkunde en die aanleer van Afrikaans doseer. Sy was voorheen 'n dosent verbonde aan die Universiteit van Pretoria se Departement van Afrikaans. Haar navorsingsbelangstellings sluit hedendaagse Suid-Afrikaanse literatuur, spekulatiewe fiksie, genderstudies en ekokritiek in. Sy is 'n 2022 tot 2024 navorsingsgenoot van die Stellenbosch Instituut vir Gevorderde Navorsing, 'n 2023 tot 2024 genoot van die National Humanities Center in Amerika, 'n 2021 kortverblyfgenoot van Gent Universiteit se Afrika Platform en 'n 2017 tot 2018 ACLS African Humanities Programnadoktorale genoot. Sy is 'n streeksredakteur, met 'n fokus op Afrikaanstalige literatuur uit Suidelike Afrika, van *Tydskrif vir Letterkunde: A Journal for African Literature* en 'n mederedakteur van *Matatu: Journal for African Culture and Society*. Sy is ook die mederedakteur, saam met Azille Coetzee, van die Afrikaanstalige feministiese nuusbrief *Turksvy*. Hierdie artikel is geskryf tydens die Universiteit van Kaapstad se Desember 2022 skrywersverblyf vir opkomende navorsers in Wellington en haar navorsingsverblyf by die National Humanities Centre in 2023 en sy wil graag die betrokke instansies bedank vir hulle ondersteuning.

**Bibi Burger** is a lecturer at the University of Cape Town's School of Languages and Literatures where she teaches modules on Afrikaans literature and Afrikaans language acquisition. Previously she was a lecturer at the University of Pretoria's Department of Afrikaans. Her research interests include contemporary South African literature, speculative fiction, gender studies and ecocriticism. She is a 2022 to 2024 Iso Lomso fellow at the Stellenbosch Institute for Advanced Study, a 2023 to 2024 fellow at the National Humanities Center in the US, a 2021 Short Stay Fellow at Ghent University's Africa Platform and a 2017 to 2018 ACLS African Humanities Program postdoctoral fellow. She is a regional editor, focussing on Afrikaans-language literature from Southern Africa, of *Tydskrif vir Letterkunde: A Journal for African Literature* and an associate editor of *Matatu: Journal for African Culture and Society*. She is also the co-editor, with Azille Coetzee, of the Afrikaans-language feminist newsletter, *Turksvy*. This article was written at the University of Cape Town's December 2022 Emerging Researcher Programme's writing retreat in Wellington and during her research residency at the National Humanities Centre in 2023. She wishes to thank these institutions for their support which made this publication possible.

**ABSTRACT**

***(Self)portraits in* Uit die kroes *by Lynthia Julius: A culturally sustaining pedagogical approach to the teaching of Afrikaans literature***

*The legacy of apartheid continues to impact South African education, specifically the teaching of Afrikaans literature. After South Africa's first democratic elections in 1994, curriculum design for schools in post-apartheid South Africa was aimed at correcting historical injustices. Efforts have been made to transform the teaching and learning of Afrikaans at school level by, among other things, making the literature prescribed at school level more inclusive. The current school curriculum (the Curriculum and Assessment Policy Statement [CAPS]) builds on previous curricula in that it also aims to address the historical injustices of the South African educational model. In the CAPS for Afrikaans Home Language grades 10 to 12, it is advised that social transformation is to be achieved by promoting a sensitivity to diversity and an appreciation for indigenous knowledge systems (Department of Basic Education [DvBO] 2011:9; Schultz & Le Cordeur, 2019:549).*

*Although the CAPS in principle regards learners' lived experiences as valuable, Schultz and Le Cordeur (2019:555) find that teachers and postgraduate education students are of the opinion that the aforementioned principles are not realised in practice in the literature classroom. This gap between the principles and practice can be attributed to the selection of prescribed literary texts that do not represent the socio-cultural diversity of the learners in*

*the Afrikaans classroom as well as a preference for the "universal value judgement" approach to literature teaching which leaves little room for interpretations of literary texts that are informed by the diverse socio-cultural lived experiences of the learners in the Afrikaans classroom. As a response to the lack of diversity in the prescribed poetry as well as the need for pedagogical approaches empowering marginalised communities and valuing their knowledges, this paper proposes applying culturally sustaining pedagogy (CSP) principles to teaching Lynthia Julius's debut poetry collection,* Uit die kroes *(2020) in the Afrikaans Home Language classroom.*

*CSP is a pedagogical approach developed by Django Paris and H. Samy Alim which centres students' culturally embedded ways of knowing, rather than viewing their existing knowledge as a stepping stone to sanctioned knowledge. By validating linguistic and cultural diversity, CSP can be employed to address the ongoing influence of apartheid on contemporary Afrikaans literature instruction while fulfilling the previously mentioned curriculum goals of social transformation.*

*CSP offers an approach to education that positions marginalised students' own cultural backgrounds and linguistic practices as essential rather than supplementary to the pedagogical endeavour. Paris and Alim argue that the sustainment of non-dominant cultures and languages should be as important a pedagogical goal as the transference of subject knowledge. This article argues that CSP can provide significant benefits for the teaching of Afrikaans literature by considering students' own language varieties and cultural knowledge as classroom resources, while also enabling critical examination of hegemonic linguistic ideologies and the erasure of non-standard varieties and cultures. Rejecting assimilationist models, CSP validates fluidity and heterogeneity within communities. It also fosters critical examination of learners' own cultural practices including intracultural oppressive aspects, such as the sexism or homophobia within marginalised groups.*

*CSP aligns well with the ways in which Julius's collection thematically engages history through what Barbara Boswell (following on Gqola) calls the "re-memorying" of silenced perspectives. Its restorative ethics centre marginalised subjects and uphold pluralism, showing literary analysis' potential for recognition and engagement with the process of identity construction and marginalisation. As a case study, we examine how two poems from* Uit die kroes, *"Ouma Xhau" and "Ontheemding," could be productively taught to highlight features of the Oranjerivierafrikaans language variety, Nama cultural and its linguistic influences on Oranjerivierafrikaans, oral literary traditions, and personal experiences of cultural displacement and discrimination. The article outlines practical classroom strategies grounded in CSP for teaching these poems in order to centre marginalised cultural histories and sustain non-standard varieties of Afrikaans.*

*We contend that "Ouma Xhau" can be considered a lyrical portrait of a historical figure, whereas "Ontheemding" rather functions as a type of autobiographical self-portrait. "Ouma Xhau" portrays an indigenous woman in what is today the Northern Cape, sharing her people's dispossession by colonialism. A CSP analysis of this poem involves contextualising oral traditions' importance as knowledge systems by explaining literary conventions like collective storytelling. As assessment, we suggest that students could create oral histories or rap "portraits". Opportunities arise for learners from varied backgrounds to engage marginalised perspectives and enrich one another interculturally.*

*"Ontheemding" depicts intergenerational displacement from the Nama language and culture caused by, amongst other things, urbanisation. Taking a CSP approach to teaching this poem acknowledges linguistic heterogeneity by validating students' own backgrounds and*

*experiences. Building sociolinguistic awareness, assessments like the writing of "self-portrait" poems encourage critical examination of the learners' linguistic experiences and community norms. Inclusion of diverse voices resists monolingual framings of literary pedagogy.*

*Together, the teaching of these two poems offer opportunities for the sustaining of culture by focussing on absented histories through creative reimaginings. Themes of loss, identity negotiation and societal constraints promote development of analytical skills when approached via CSP. Its restorative ethics uphold pluralism through the inclusion of marginalised subjectivities. The teaching of literature can serve as a vehicle of reconstructing knowledge pluralistically when analysed through frameworks attentive to lived diversity and the power dynamics shaping meaning-making.*

*Research into CSP's impacts is still emerging but indicates benefits for empowering marginalised learners and transforming discriminatory educational dynamics. Its varieties-inclusive, community-centred nature demonstrates potential for decolonising curricula historically privileging monolingual, Afrikaner-centric canons. Most essentially, CSP shows how literary analysis situates aesthetics within the socio-political by fostering critical thought around linguistic justice, cultural recognition and plurality through including and championing silenced subjectivities in knowledge production.*

*Adopting CSP principles allows the teaching of Julius's collection to address the lack of non-standard language representation in Afrikaans literature curricula while achieving curriculum goals through a transformative lens attentive to diversity and social problems. Its restorative ethics reconstruct education as community-oriented rather than a process of assimilationist knowledge transfer. Analysis of the two poems highlights literature's capacity for enrichment when diverse experiences, marginalised histories and fluid cultural realities are taken as point of departure. Most significantly, CSP validates plurality as an intellectual and pedagogical strength central to knowledge formation compatible with democratic principles of inclusion and multivocality.*

**KEYWORDS:** Afrikaans education, Culturally Sustaining Pedagogy, Literature education, Lynthia Julius, Nama-Afrikaans, Oranjerivierafrikaans, Poetry, Variational Linguistics

**TREFWOORDE:** Afrikaansonderrig, Kultuurhandhawende pedagogie, Letterkunde-onderrig, Lynthia Julius, Nama-Afrikaans, Oranjerivierafrikaans, Poësie, Variasietaalkunde

## OPSOMMING

Histories is die onderrig van Afrikaanse literatuur op skoolvlak Afrikanergesentreerd. Alhoewel daar sedert die politieke omwenteling in 1994 in Suid-Afrika pogings aangewend is om 'n inklusiewer letterkunde voor te skryf, oefen die voormelde geskiedenis steeds 'n invloed uit op hoe Afrikaans op skoolvlak onderrig word. Ondanks die skoolkurrikulum se transformatiewe beginsels en verbintenis tot sosiale regstelling, word min tekste voorgeskryf wat nie in 'n standaardvariëteit geskryf is nie. Voorts maak die pedagogiese benadering tot letterkundeonderrig wat taalonderwysers volg min ruimte vir uiteenlopende interpretasies van literêre tekste. Gevolglik skep dit 'n gaping tussen die beginsels van die skoolkurrikulum en dit wat in die letterkundeklaskamer gebeur. Paris en Alim (2017) se "kultuurhandhawende pedagogie" (KHP) is 'n onderrigbenadering wat die onderhou en ontwikkeling van leerders se kulture sien as sentraal tot pedagogiek. Ons voer aan dat 'n KHP-benadering gepas is vir die onderrig van Afrikaanse literatuur, aangesien dit sal behels dat leerders se variëteite en kultuurpraktyke nie

gesien word as buite of slegs aanvullend tot die pedagogiese projek nie, maar eerder sentraal daartoe staan. In hierdie artikel fokus ons op hoe twee gedigte (“Ouma Xhau” en “Ontheemding”) in Lynthia Julius se bundel *Uit die kroes* (2020) op ’n KHP-wyse onderrig kan word op ’n manier wat leerders in staat stel om Oranjerivierafrikaans, die invloed van Nama op Afrikaans, orale literêre tradisies en kulturele ontheemding te verken. Ons analise sluit praktiese raad in oor hoe hierdie twee gedigte onderskeidelik benader kan word as ’n tipe portret en selfportret om sodoende die Europese portretkunstradisie en die uitdaag daarvan in die klaskamer te verken.

## 1. Inleiding

Histories is die onderrig van Afrikaanse literatuur op skoolvlak Afrikanergesentreerd. Dit veroorsaak dat bruin leerders ’n weerstand teen Afrikaans ontwikkel het, omdat hulle “nog nie die ‘eie’ of die ‘ek’ in Afrikaans gesien het nie” (Van den Heever, 1988:1). Ná die politieke omwenteling in 1994 in Suid-Afrika, is kurrikulumontwerp vir skole in postapartheid Suid-Afrika daarop geskoei om hierdie historiese onreg reg te stel. Pogings is aangewend om Afrikaansonderrig op skoolvlak te transformeer deur onder andere ’n inklusiewer letterkunde op skoolvlak voor te skryf.[1] Soortgelyk aan die vorige postapartheid-skoolkurrikulums, het die huidige skoolkurrikulum (die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring [KABV]) gedeeltelik ook ten doel om dié historiese onreg aan te spreek. In die KABV vir Afrikaans Huistaal vir graad 10 tot 12 word sosiale transformasie, sensitiwiteit vir diversiteit en waardering vir inheemse kennissisteme aangemoedig (Departement van Basiese Onderwys [DvBO] 2011:9; Schultz & Le Cordeur, 2019:549).

Alhoewel die KABV in beginsel die leerders se geleefde ervarings as waardevol beskou, vind Schultz en Le Cordeur (2019:555) dat onderwysers en nagraadse onderwysstudente van mening is dat bogenoemde beginsels in die praktyk nie in die letterkundeklaskamer gerealiseer word nie. Die onderwysers en onderwysstudente met wie Schultz en Le Cordeur (2019:556) gepraat het, rapporteer veral dat leerders nie aanklank vind by die prosawerk wat voorgeskryf word nie, omdat dit nie hul leefwêrelde reflekteer nie. Die onderwysers en onderwysstudente was wel tevrede met die voorgeskrewe poësie, wat volgens hulle vir die meerderheid leerders voorsiening maak weens die tematiese variasie in die gedigte. Die voorgeskrewe poësie is egter sedertdien verander en die nuwe lys voorgeskrewe gedigte vir Afrikaans Huistaal graad 12 vir 2023 en 2024 is skerp gekritiseer, want dit bevat geen gedigte wat in Kaapse Afrikaans[2] of Oranjerivierafrikaans[3] geskryf is nie. Volgens Amardien (2023) moet die relevansie van

[1] In die postapartheid Suid-Afrika het meer literêre tekse wat in omgangsvariëteite soos Kaapse Afrikaans geskryf is, op die voorgeskrewe lyste verskyn, insluitende gedigte van Adam Small, Peter Snyders, Nathan Trantraal; die jeugroman *Diekie vannie Bo-Kaap* deur Zulfah Otto-Allies en die dramas *Krismis van Map Jacobs* en *Kanna hy kô hystoe* deur Adam Small (Le Cordeur, 2015:725).

[2] *Kaapse Afrikaans* is ’n geografiese variëteit wat nie net die Kaaps wat in Kaapstad en omliggende gebiede gepraat word insluit nie, maar wat ook die omgangsafrikaans wat in die Boland, Swartland en Overberg gepraat word, omvat (Hendricks, 2016:7).

[3] Soortgelyk aan Kaapse Afrikaans, verwys die term *Oranjerivierafrikaans* na ’n geografiese variëteit wat ’n aantal subvariëteite soos Griekwa-Afrikaans, Richterveldse Afrikaans en Namakwalandse Afrikaans insluit (Saal, 2020). In hierdie artikel gebruik ons ook die term *Nama-Afrikaans*, om te dui op variëteite van Oranjerivierafrikaans wat beïnvloed is deur die Khoekhoe-taal Nama (sien voetnota 6 vir meer inligting oor Nama as taal).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

hierdie lys voorgeskrewe gedigte[4] vir die kontemporêre Afrikaansklaskamer bevraagteken word. Hy plaas veral klem op die tekort aan diversiteit met betrekking tot die variëteite waarin die gedigte geskryf is, die temas van die gedigte, en die ouderdom, ras en geslag van die digters. Amardien (2023) meen dat hierdie gebrek aan diversiteit in die ingeslote gedigte daartoe lei dat die voorgeskrewe gedigte nie tot die uiteenlopende sosio-kulturele leefwêrelde van die leerders in die klaskamer spreek nie. Benewens die problematiek rondom die seleksie van voorgeskrewe tekste wat nie die uiteenlopende sosiokulturele leefwêrelde van die leerders reflekteer nie, meen Willemse (aangehaal in Steyn, 2023) dat taalonderwysers steeds die "universele waardeoordeel" benadering tot letterkundeonderrig volg en nie ruimte maak vir uiteenlopende interpretasies van literêre tekste wat deur die sosiokulturele leefwêrelde van die leerders ingelig is nie. Sodoende word die gaping tussen die beginsels van die KABV en wat in die letterkundeklaskmer gebeur, vergroot.

In hierdie artikel voer ons aan dat "culturally sustainable pedagogy", wat ons vertaal as "kultuurhandhawende pedagogie" (hierna KHP), een manier is om hierdie gaping tussen beginsel en praktyk aan te pak. KHP is 'n benadering tot onderrig ontwikkel deur Django Paris en H. Samy Alim (2017) wat leerders se leefwêreld nie net as vertrekpunt na die verwerwing van meer legitieme kennis sien nie, maar as 'n ryk bron van kennis op sigself.

In die konteks van die onderrig van Afrikaanse taal- en letterkunde kan KHP waardevol wees, aangesien dit die moontlikheid skep dat leerders se eie variëteite van Afrikaans nie gesien word as 'n gebrekkige vorm van taalgebruik wat gekorrigeer of aangevul moet word nie. Leerders word eerder bemagtig in hulle eie variëteit van die taal, blootgestel aan ander variëteite en toegerus met die kritiese vaardighede om taal- en ander vorme van diskriminasie uit te daag. In hierdie artikel ondersoek ons hoe gedigte uit die digter Lynthia Julius se debuutbundel, *Uit die kroes* (2020), op 'n KHP-wyse in die hoërskoolklaskamer[5] onderrig kan word.

In *Uit die kroes* word onder meer die leefwêreld van 'n bruin Noord-Kaapse jong vrou uitgebeeld, 'n leefwêreld wat relatief selde in die Afrikaanse literatuur figureer. Dit bied dus die geleentheid vir leerders om blootgestel te word aan hierdie kulturele en linguistieke agtergrond en sodoende linguisties en kultureel verryk te word. 'n Belangrike komponent van KHP is die sentralisering van die geskiedenis van gemarginaliseerde mense (vergelyk Irizarry, 2017:91). *Uit die kroes* is dus 'n gepaste teks om op KHP-wyse te onderrig, omdat die bundel nie net bestaan uit gedigte met 'n outobiografiese strekking nie, maar die ervarings van die outobiografiese figuur ook gesitueer word in terme van 'n lang geskiedenis van marginalisering en opposisie tot die norm. Breedweg kan daar gestel word dat *Uit die kroes* bestaan uit talige portrette (veral van historiese figure) (sien Van der Merwe, 2020) en uit ander gedigte wat meer soos selfportrette funksioneer. Die twee soorte gedigte, die portrette en selfportrette, oorvleuel soms en "beïnvloed mekaar wedersyds in 'n ryke en soms ontstellende kruis-bestuiwing" (Van der Merwe, 2020). In die res van hierdie artikel ondersoek ons die maniere waarop beide 'n portretgedig ("Ouma Xhau") en 'n selfportretgedig ("Ontheemding") in die hoërskoolklaskamer onderrig kan word. Voordat ons die gedigte bespreek, kontekstualiseer ons die KHP-benadering en verduidelik wat dit behels.

[4] Sien Koen (2023) vir die nuwe lys voorgeskrewe gedigte.

[5] Ons fokus is veral op graad 10 tot 12 leerders en ons gebruik die KABV vir hierdie groep as verwysingspunt.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

## 2. Kultuurhandhawende pedagogiek en Afrikaanse Taal- en Letterkundeonderrig

KHP is, soos reeds genoem, ’n onderwysbenadering ontwikkel deur die Amerikaanse onderwysfilosowe H. Samy Alim en Django Paris. Waar formele onderwys in die verlede en hede funksioneer as ’n produk van kolonialisme en dikwels gerig is op die assimilasie van swart leerders in die hegemoniese (wit) norms van die samelewing waarin hulle hulself bevind (Alim & Paris, 2017:1), beywer KHP sigself met die onderhou van taalkundige en kulturele pluralisme. Dit deel hierdie waardes met die kultuurrelevante pedagogiek (“culturally relevant pedagogy”, hierna KRP). Soos KRP, poog KHP om aan te sluit by, en toe te voeg tot, die kennis en intellektuele vermoëns en kreatiwiteit wat leerders reeds besit, eerder as om hierdie kennis af te maak as irrelevant of waardeloos (Alim & Paris, 2017:4-5). Waar KHP verskil van KRP is dat dit eksplisiet gefokus is op die bewaring van die leerders se kulturele praktyke (Alim & Paris, 2017:5), dat dit hierdie praktyke en die konsep van kultuur in die algemeen sien as vloeibaar, nie-essensialisties en voortdurend aan die verander (Alim & Paris, 2017:7), en dat dit ook die kritiese omgaan met kulturele praktyke vooropstel (leerders moet byvoorbeeld leer om krities te staan teenoor uitsluitende aspekte soos seksisme en homofobie in hul eie kulture) (Alim & Paris, 2017:9-10).

Onses insiens sal ’n KHP-benadering tot die Afrikaanse klaskamer onder meer behels dat die opvoeder kritiese taalbewustheid by leerders kweek. Hier is Siegel (2006) se uiteensetting van kritiese taalbewustheid veral waardevol. Dit sluit drie komponente in, naamlik 1) ’n sosiolinguistiese komponent waar leerders reflektief omgaan met hulle eie taalgebruik om sin te maak van huidige taalideologieë, 2) ’n versoenende komponent wat leerders die geleentheid gee om hulle taalvariëteit in die klaskamer te gebruik om bestaande oortuigings rondom, byvoorbeeld, gepaste taalgebruik te ondersoek en 3) die bemagtiging van leerders deur hulle kennis oor die grammatika van hul taalvariëteit deel van die onderrig- en leerproses te maak (Siegel, 2006:167-168).

Soos vroeër genoem, is Afrikaansonderrig op skoolvlak histories deur ’n Afrikanersentriese benadering gedryf. As deel van dié benadering is onderrigmateriaal soos skoolhandboeke gebruik om die linguistiese hegemonie en mite van Afrikaans as die taal van die Afrikaner (as etno-nasionalistiese groepering) in die klaskamer te bevorder (Basson, 2022a:124-125; Basson, 2022b:767). Hierdie hegemonie het onder andere in die klaskamer neerslag gevind deur middel van die voorgeskrewe werke *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal* (1958) en *Dit was ons erns* (1962) deur die Nienaber-broers. Die mite van Afrikaans as “kultuurtaal” van die Afrikaner is in hierdie werke voorgehou. G.S. Nienaber (1962:3) beskryf die wordingsgeskiedenis van Afrikaans in *Dit was ons erns* byvoorbeeld soos volg:

> Uit so ’n beskaafde Europese taal het, teen die draad van geskiedenis in, ’n nuwe beskaafde witmanstaal voortgekom en uiteindelik amptelike erkenning verwerf, naamlik Afrikaans.

Hierdie karakterisering van die wordingsgeskiedenis van Afrikaans het ook in latere Afrikaanshandboeke soos *Afrikaans my Taal 9/10* (1975-1987) en *Afrikaans sy aard en ontwikkeling* (1968-1977) voorgekom. Volgens Saal (2019) is die ontstaan van Afrikaans in die voormelde handboeke omskryf as ’n spontane ontwikkeling waartydens die Nederlandse grammatika en woordeskat “sonder enige buite-invloede” geleidelik in Afrikaans verander het. Hier verwys “buite-invloede” na die invloede van die Khoi-Khoin[6] en die tale gepraat

[6] Daar is voortdurende antropologiese, taalkundige en aktivistiese debatte oor hoe die verskillende groepe mense wat dikwels “khoi” of “khoe” genoem word, geklassifiseer kan word (vergelyk


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

deur die slawe wat tussen 1658 en 1838 van onder andere Suid-Oos Asië na Suid-Afrika gebring is, op Afrikaans. Die voormelde beskrywings van die wordingsgeskiedenis van Afrikaans het ten doel om Afrikaans as ’n kulturele produk van die Afrikaners voor te hou, ten spyte daarvan dat die wordingsgeskiedenis van Afrikaans reeds so vroeg as 1595 by die Khoi-Khoin begin het (Van Rensburg, 2012:15; 2016:456).

Weens handelsbehoeftes het Europese seevaarders sedert 1595 meermale by die Kaap aan wal gegaan. Hier het hulle in kontak met die Khoi-Khoin gekom, wat tot die ontwikkeling van ’n kontaktaal gelei het om kommunikasie tydens ruilhandel te vergemaklik (Van Rensburg, 2012:17; 2016:456). Die taal van die Khoi-Khoin was te ingewikkeld vir die Nederlanders om te bemeester en daarom het die Khoi-Khoin Nederlands gedeeltelik aangeleer vir ruilhandeldoeleindes (Du Plessis, 1999:15; Roux, 2001:63-64; Hugo, 2010:19). ’n Franse seevaarder het in 1655 ’n Khoi-woordelys saamgestel waarin ’n aantal Nederlandse woorde voorkom (Van Rensburg, 2012:17). Hierdie lys sluit ook woorde in wat ons vandag steeds in die standaardvariëteit (*more* en *gee* vir die Nederlandse *morgen* en *geven*) én in variëteite soos Kaapse Afrikaans (*wate* vir water, *vagiet* vir vergeet, *gel* vir geld en *han* vir hand) vind (Van Rensburg, 2019:13).

Vanweë die kolonisering van Suid-Afrika deur die Nederlanders het die Khoi-Khoin groot verliese gelei, soos tydens die pokke-epidemie toe ’n groot aantal van hulle gesterf het, asook die verlies van land aan die hande van die Nederlandse setlaars (Roux, 2001:64). As gevolg van die verliese wat die Khoi-Khoin gely het, moes hulle vir werksdoeleindes en werksgeleenthede Nederlands aanleer (Du Plessis, 1999:16; Roux, 2001:64; Van Rensburg, 2016:456). Baie van die Khoi-Khoin het die binneland ingetrek en het hulself veral in die omgewing van die Oranjerivier gevestig. Vandaar die naam Oranjerivierafrikaans vir die variëteit van Afrikaans wat in hierdie area ontstaan het (Du Plessis, 1999:18). Soos die Khoi-Khoin oor Suid-Afrika getrek het, het Oranjerivierafrikaans ook oor die land versprei. Oranjerivierafrikaans het teen die 19de en 20ste eeu verder versprei na gebiede soos die huidige Noord-Kaap, Namibië, Noord-Wes en Kokstad (Van Rensburg *et al*., 1997:26).

Teen die 18[de] eeu het Oranjerivierafrikaans reeds grammatikale eienskappe getoon wat met die huidige Afrikaans ooreenkom, eerder as met die Nederlands wat die Khoi-Khoin aanvanklik wou aanleer, aldus Van Rensburg (2016:456). Oranjerivierafrikaans het nie net variëteite soos Kaapse Afrikaans beïnvloed nie, maar het ook ’n beduidende invloed op Standaardafrikaans gehad, want ’n aantal plant-, dier- en plekname kom uit Oranjerivierafrikaans, bv. Boegoe en dagga (plantname), kwagga en graatjie (diername), Karoo en Leeu-Gamka (plekname) (Roux, 2001:67).

In Nienaber (1962:11) se verduideliking van bepaalde Oranjerivierafrikaanse woorde (soos “ganna-bos”, “koekemakranka” en “kwagga”) wat in Standaardafrikaans voorkom, maak hy dit af as bloot ontlenings en meen dat die “krom of kombuis-Afrikaans van die werkvolk of bediendes” geen invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad het nie. Nienaber (1962:11) se verduideliking bevorder nie net die mite oor Afrikaans as die taal van die Afrikaner nie, dit is ook ’n doelbewuste poging om die heterogene aard van Afrikaans, ten opsigte van

Barnard, 2008:61 en Du Plessis, 2019:33). Ons gebruik die term “Khoi-Khoin” om te verwys na sekere historiese groepe wat die ou Kaapprovinsie en Gariep bewoon het, en die nageslagte van hierdie gemeenskappe (Du Plessis, 2019:33-34). Dit verwys ook na sprekers van die Khoe-tale, wat die Khoekhoe- en Khoekhoegowab-taalgroepe insluit (Du Plessis, 2019:35). Terwyl die Nama wat in Namibië gepraat word geklassifiseer word as Khoekhoegowab, is Suid-Afrikaanse Nama, die taal wat later in hierdie artikel ter sprake kom, ’n Khoekhoe-taal (Du Plessis, 2019:36).

die kreoolgeskiedenis van die taal en die hedendaagse diverse spraakgemeenskap, te onderdruk. Aangesien *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal* en *Dit was ons erns* as studiemateriaal voorgeskryf is, het die Afrikanernasionalistiese ideologie onderliggend daaraan deel gevorm van skoolleerplanne. Die invloed hiervan het vir jare voortbestaan (Jordaan, 2004:253). Hierdie doelbewuste poging om die Afrikaanse taalgeskiedenis te *verwit*[7] het 'n wanvoorstelling van Afrikaans in die klaskamer laat voortleef. Daarom meen Esterhuyse (1986:s.p.) die verwronge beeld van Afrikaans is 'n gevolg van die "bewustelike en onbewustelike sosiolinguistiese manipulasie deur sillabusbeplanners, voorskryfkomitees en handboekskrywers".

Alhoewel daar, soos in die inleiding van hierdie artikel bespreek, in die verlede pogings aangewend is om letterkundeonderrig op skoolvlak te transformeer, het die groot leemte met betrekking tot die insluiting van letterkundige werke wat Oranjerivierafrikaans bevat of die Noord-Kaapse landskap en die inwoners daarvan uitbeeld, selfs in die demokratiese Suid-Afrika voortbestaan. Benewens voormelde leemte ten opsigte van voorgeskrewe werke, word daar ook steeds van leerders verwag om hul interpretasies van literêre werke in die standaardvariëteit aan te bied.

Vanweë die KABV se sosiaalkonstruktivistiese aard[8] en die voorkeur vir 'n geïntegreerde benadering tot taalonderrig, beloof KHP om daarmee versoenbaar te wees en waardevol te wees vir die onderrig van Afrikaanse taal- en letterkunde. Wat dit betref, voer H. Samy Alim en Adam Haupt (2017:157-174), met spesifieke verwysing na Kaaps, aan dat KHP die moontlikheid bied dat leerders bemagtig word in hulle eie variëteit van 'n taal, blootgestel word aan ander variëteite en leer hoe om hegemoniese vorms van die taal wat histories en voortdurend ervaar word as onderdrukkend en uitsluitend, uit te daag.

Machado, Vaughan, Coppola en Woodard (2017:369) beskou poësie as 'n nuttige beginpunt vir KHP omdat dit lesers en skrywers toelaat om hul geleefde ervaringe (agtergronde, perspektiewe en tale) as 'n kennissisteem te gebruik om poësie te skep en te interpreteer. Verder meen hulle die linguistiese en strukturele buigsaamheid van poësie moedig uiteenlopende interpretasies en perspektiewe aan en bied leerders die geleentheid om hul interpretasies in hul eie stemme te deel.

Ons neem Machado, Vaughan, Coppola en Woodard se argument as vertrekpunt om in die res van hierdie artikel ondersoek in te stel na die produktiewe moontlikhede wat 'n KHP-benadering tot die onderrig van *Uit die kroes* in die Afrikaansklaskamer kan bied. Soos reeds genoem, fokus ons op twee gedigte: "Ouma Xhau" (Julius, 2020:20) en "Ontheemding" (Julius, 2020:41-42). Eerstens word die temas van elke gedig bespreek, en daarna word praktiese metodes verken waarmee die gedigte in die klaskamer onderrig sou kon word. Die implikasies

---

7 *Verwit* is 'n vertaling van die term "white washing/whitening". Hierdie konsep verwys na die verskynsel waar Europese afstammelinge hul taal en/of kultuur op 'n nie-Europese taal- en/of kultuurgroep afdwing deur hul taal en/of kultuur as die norm te stel en die invloed van nie-Europese tale of sprekers te verdoesel of ignoreer. In die proses word die nie-Europese taal- en/of kultuurgroepe gemarginaliseer en uit die geskiedenis uitgeskryf (Gans, 2012).

8 Soortgelyk aan die sosiaalkonstruktivisme-leerbenadering se siening van die verhouding tussen taal, kognisie en sosiokulturele konteks (Lantolf, 2004:1; Kalpana, 2014:28), word taal binne die KABV nie net as 'n instrument vir kommunikasie en denke beskou nie, maar word die kulturele gewortelheid van taal binne spesifieke kontekste ook benadruk. Volgens die KABV is taal 'n kulturele hulpmiddel wat leerders voorsien van "ryk, kragtige en diepgewortelde beelde en idees" waardeur hulle hul identiteite kan uitdruk, sosiale verhoudings kan vestig en hulle leefwêrelde kan bestuur (DvBO, 2011:8). Daarom is die KABV versoenbaar met die sosiaalkonstruktivisme-leerbenadering (Van der Merwe, 2014:223; Basson & Le Cordeur, 2018:172).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

hiervan vir die aanwending van ’n KHP-benadering in die Afrikaansklaskamer word laastens bespreek.

## 3. *Uit die kroes* in die klaskamer

### *3.1 “Ouma Xhau” as ’n portret van ’n vergete voormoeder*

Die meeste gedigte in *Uit die kroes* is skynbaar outobiografies. Die bundel bestaan grootliks uit gedigte wat handel oor ’n jong vrou wat, nes Julius (sien Troskie, 2021), grootgeword het in die Noord-Kaap en studeer het aan die Universiteit van die Vrystaat. In gedigte soos “1993” en “Skuld” verwoord die spreker die ervaring van die sogenaamde “born frees” – die generasie wat ná die formele val van apartheid gebore is. In onder andere “Kleur kom tog alleen” (’n intertekstuele verwysing na Antjie Krog se *Kleur kom nooit alleen nie* [2000]) verken die spreker die voortdurende invloed van die koloniale en apartheidsgeskiedenis op die hede, en die fokus is veral op hoe hierdie geskiedenisse verweef is met die 21ste-eeuse lewe van ’n jong bruin vrou.

Aan die begin van die bundel is daar ’n reeks gedigte wat nie outobiografies is nie. “Sara”, “Frederik die Hottentot”, “Aurora”, “Amria van Bengale”, “Ouma Xhau” en “Dulcie September” fokus, soos die titels aandui, op verskillende geskiedenisse en handel oor spesifieke historiese figure. Hierdie gedigte kan beskou word as “portrette” van die soort figure wat nie tradisioneel in portretkuns verewig is nie. Portretkuns is naamlik hoofsaaklik ’n Europese visuele kunstradisie, een wat histories grotendeels daarop gerig was om “belangrike” figure, veral dié ryk genoeg om ’n portret te laat maak, vir die geskiedenis te verewig (West, 2004:71). Hierdie maghouers was hoofsaaklik wit.[9] Hedendaagse visuele kunstenaars soos die Amerikaner Kerry James Marshall (Tomkins, 2021) en die Suid-Afrikaner Mary Sibande (Dodd, 2010:467) ondermyn die konvensies van portretkuns deur middel van hulle portrette van swart figure. Sodoende skep hulle ’n kontra-argief, ’n alternatief tot die hoofstroom kunskanon. Alhoewel hulle nie noodwendig hulself besig hou met teoretiese besinning nie, is hulle projekte vergelykbaar met wat Saidiya Hartman (2019:xiii) “critical fabulation” noem: ’n poging om die gapings in die historiese argiewe aan te vul deur te verbeel wat daaruit weggelaat is.

Deur haar woordportrette van historiese figure wat hoofsaaklik nie in die offisiële (Suid-) Afrikaanse geskiedenis en letterkunde vergestalting gevind het nie, is Julius dus besig met “kritiese versinsels”. Volgens Barbara Boswell (2016:13-14) is baie swart Suid-Afrikaanse vrouedigters besig met ’n vergelykbare projek; ’n projek wat Pumla Dineo Gqola (2010:8), na aanleiding van Toni Morrison, “her-onthou” (*re-memorying*) noem. Ronelda S. Kamfer (2021:184) verwys dan ook na *Uit die kroes* se openingsgedig, “Sara” (Julius, 2020:7), om te beweer dat Julius nie net ’n figuur uit die verlede uitbeeld nie, maar haar ook laat herlewe in die hede: “Julius stel ons voor aan die voorouers, sy neem hulle stories terug uit die geskiedenisboeke en navorsingsopstelle van wit akademici en herplant hulle binne haar eie lewe.” Kamfer beaam dus dat Julius hier besig is met her-onthou. Kamfer (2021:184) sowel as Nathan Trantraal (2021) bring Julius se poëtiese projek in verband met wat Diana Ferrus

[9] Soos West (2004:97) verduidelik, het ryk mense soms ook portrette van hulle werknemers laat maak, maar was die doel daarvan anders: “Unlike portraits of prominent members of society that were intended to project a message about the power or virtue of their subjects, portraits of the unknown or members of an underclass did not send such signals. In many cases portraits of this underclass breach portrait conventions, and in doing so they give us an insight into how certain societies expressed a fascination with or a disdain for otherness.”


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

gedoen het in haar gedig "Vir Sara Baartman". Die Sara waaroor Julius skryf, is nie Sara Baartman nie, maar in "Sara", soos in Ferrus se gedig, word 'n onderdrukte vrou "reclaim en humanize[...] vanyt 'n anne perspective" (Trantraal, 2021). Julius se portretgedigte kan dus nie net gesitueer word in 'n groter Suid-Afrikaanse swart vroulike poëtiese beweging nie, maar ook in verhouding tot Diana Ferrus se baanbrekende *Afrikaanse* swart feministiese poësie (vir meer oor laasgenoemde, sien Chaudhari, 2013:37).

Boswell (2016:23)[10] kom in haar ondersoek van poësie deur hedendaagse swart Suid-Afrikaanse vroueskrywers tot die gevolgtrekking dat hulle die proses van her-onthou aanwend ter wille van 'n herstellende etiek, "a restorative ethic":

> Who or what needs to be restored? The gaps in and distortions of history, which has produced black women as objects, and also those subjects fragmented and abjected by colonial-apartheid practices and ideologies which rendered certain bodies more human than others. (Boswell, 2016:24)

In *Uit die kroes* as geheel en veral in haar portretgedigte is Julius besig met dieselfde projek, met die herstel van 'n geskiedenis wat vol gapings is, wat betref die genealogie van die swart en bruin vrou. Een van die portretgedigte waarin hierdie geskiedenis implisiet, deurdat dit juis 'n Noord-Kaapse vrou verbeel, geskakel word met die outobiografiese gedigte wat in die hede afspeel, is "Ouma Xhau" (Julius, 2020:20):

**Ouma Xhau**

Op 'n tyd was o's jagters van wilde diere
nou's o's oppassers van bok en skaap
het Ouma Xhau vêrweg gesê

so lê die geskiedenis van my mense
hierin lê die geskiedenis van my mense somgevat
hierin wys die gulsigheid van die setlaarsmens
hierin sien jy die wee van 'n volk

hoor nou die woord van die hotnot

Weg.
Wég kyk God.

Ouma Xhau se naam impliseer dat sy 'n afstammeling is van een van die inheemse mense[11] van wat vandag die Noord-Kaap genoem word – 'n landelike en ylbewoonde gedeelte van Suid-Afrika se binneland. Ouma Xhau deel met die leser die geskiedenis van haar mense: hoe hulle oorspronklike jagtersversamelaarsleefwyse uitgeroei is deur die "gulsigheid" van koloniale setlaars. In strofe drie word 'n hoogdrawende, amper Bybelse, imperatief gejukstaponeer

[10] Boswell (2016:15) verwys trouens ook na Diana Ferrus se Engelstalige poësie.

[11] Manvir Singh (2023) voer aan dat dit problematies is om na mense te verwys as "indigenous", omdat hierdie bewoording spruit uit 'n koloniale konteks waarin gekoloniseerde mense geklassifiseer word saam met diere en plante, en geassosieer word met wilde primitiwiteit. Hy bevraagteken ook waar die grense lê van wie as inheems mag identifiseer. In die Suid-Afrikaanse konteks kan daar ook verwys word na die verskillende tye wat verskillende groepe pre-koloniale mense na Suidelike Afrika toe gekom het (Barnard, 2008:61). Nietemin erken Singh ook dat die konsep *inheemsheid* van politieke waarde kan wees omdat dit solidariteit tussen verskillende groepe kan bewerkstellig en dit is om hierdie rede, en by gebrek aan 'n beter term, dat ons die term "inheems" gebruik.

met 'n rassistiese term – hierdie reël verklaar dat die gedig gelees moet word vanuit die perspektief van 'n gemarginaliseerde en onderdrukte vrou, en die leser word beveel om na haar "woord" te luister. Die laaste strofe is dubbelsinnig: gebruik Ouma Xhau "God" as 'n kragwoord en sê sy vir die leser om tóg ook weg te kyk van haar vernedering (of vir die setlaars om weg te gaan); of stel sy dat God nie haar lot aanskou het nie, dat geen regverdige god hierdie geskiedenis sou toelaat nie?

Lynthia Julius is nie die eerste Afrikaanse skrywer om te dig oor Suid-Afrika se inheemse mense nie. In Helize van Vuuren (vergelyk 2016:119-122 en 133-136) se *A Necklace of Springbok Ears: /Xam Orality and South African Literature* bespreek sy byvoorbeeld gedigte oor Khoi-Khoin-mense deur Afrikaanse skrywers soos D.J. Opperman en Wilma Stockenström. Die verskil in die geval van Lynthia Julius se gedigte is nie bloot dat sy, om vir Spivak (1988:271-313) te parafraseer, self die "subaltern" is wat praat nie, maar ook dat sy die geskiedenis van 'n karakter soos Ouma Xhau implisiet verbind met die lewens van bruin mense in die Noord-Kaap vandag. Dit is hierdie verband tussen die verlede en hede wat 'n KHP-benadering tot die gedig sal beklemtoon. In die res van hierdie afdeling bespreek ons sommige van die maniere waarop hierdie klem in die klaskamer kan uitspeel.

In die portretgedig "Ouma Xhau" is 'n ouer spreker aan die woord en vertel aan die leser die geskiedenis van haar mense en hoe hulle deur die gulsigheid van die "setlaarsmense" beroof is. Hierdie vertelling is 'n voortsetting van die orale tradisie, wat kenmerkend is van baie Afrikakulture (Van Niekerk, 2018:81). Hier sal dit waardevol wees om die orale tradisie in die onderrig van die gedig te betrek. Eerstens moet opvoeders die orale tradisie aan leerders verduidelik sodat hulle die kulturele relevansie daarvan begryp. Dit stel leerders ook bloot aan 'n spesifieke literêre tradisie en die konvensies daarvan. Om die geskiedenis van ouma Xhau se mense te verken, kan opvoeders sommige leerders (wat as Nama of Nama-afstammelinge[12] identifiseer) vra om meer historiese konteks te bied. Andersins moet opvoeders beeldmateriaal kry waarin dié betrokke groep oor hul geskiedenis praat.

In strofe twee word die verlies van ouma Xhau se mense aangeraak. Hierdie verlies word direk aan die koloniste gekoppel. Benewens die materiële verlies, is dit ook belangrik om aspekte soos kulturele verlies aan te spreek. Die verskeie kulturele verliese wat hier relevant is, sluit in die sterwende inheemse tale, die marginalisering van die Khoi-Khoin in die ontwikkeling van Afrikaans (Van Rensburg, 2016:456; Saal, 2019) en hoe die orale tradisies van die Khoi-Khoin geapproprieer is, byvoorbeeld in Afrikaanse kinderverhale, soos die Jakkals en Wolf-stories (Esterhuyse, 1986:106 en Van Niekerk, 2018:93). In hierdie opsig is dit veral belangrik om leerders wat as afstammelinge identifiseer die ruimte te gee om hul geleefde ervaringe van voorgenome verliese, of dié van hul voorouers, te deel.

Uiteindelik kan die opvoeder orale tradisies ook as 'n assesseringsbron gebruik. Dit kan gedoen word deur leerders die geleentheid te bied om orale tradisies op verskeie maniere voort te sit, byvoorbeeld deur tradisionele storievertelling in kleiner groepe of vir die hele klas; of deur middel van 'n meer kontemporêre orale tradisie – rap.[13] Opvoeders kan die skakel tussen

12 Die Nama-mense, oftewel Naman, Namakwa, or Namaqua is 'n Khoi-Khoin groep wat die Noordelike dele van Suidelike Afrika bewoon het (en hul nageslagte) en 'n spesifieke Khoi-Khoin-taal (ook Nama genoem) gepraat het (Du Plessis, 2019:34). Daar is nog mense wat as Nama identifiseer en volgens Menán du Plessis (2019:34) is dit een van die min Khoin-Khoin-tale wat vandag nog 'n redelike hoeveelheid sprekers het.

13 Soos Annie Klopper (2017:22) verkies ons om die woord "rap" eerder as die Afrikaanse vertaling "kletsrym" te gebruik, aangesien laasgenoemde nie die kulturele konteks waarin die kunsvorm ontwikkel het, voldoende kommunikeer nie.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

tradisionele orale vertelling en rap duidelik maak deur te verwys na bekende Afrikaanse kunstenaars wat reeds rap beoefen as ’n voortsetting van tradisionele mondelinge literatuur. Hier kan die opvoeder verwys na die gewilde kunstenaar V.I.T.O wat gereeld oor sy Khoi-Khoin-herkoms rap. Tydens ’n onderhoud noem hy dat hy doelbewus in Nama-Afrikaans rap want dit is sy manier om vas te hou aan sy kultuur en sy tradisies (Anoniem, 2016). Hy gaan voort en noem dat hy rapmusiek gebruik om die stories van sy plek en sy mense te vertel. Opvoeders kan die opdrag meer spesifiek maak deur leerders aan te moedig om verbale portrette van historiese Khoi-Khoin-figure te skep. Die leerders kan die portrette deur tradisionele storievertelling of rap vir die klas aanbied. Dit sal leerders blootstel aan ’n belangrike deel van Suid-Afrikaanse geskiedenis en dit sal ’n voortsetting wees van ’n jarelange literêre en kulturele praktyk. Verder, deur rap as ’n vorm van orale uitdrukking in die klaskamer te gebruik, benadruk die opvoeder ook die vloeibaarheid van kulturele praktyke, soos die KHP-benadering voorhou.

Hip hop-pedagogie is dan ook ’n sentrale aspek van beide KRP en KHP. Gloria Ladson-Billings (2017:150), een van die ontwikkelaars van KRP, verduidelik dat hip hop sentraal is tot haar pedagogiek omdat dit ’n kultuurvorm is waarvan leerders wat gewoonlik gemarginaliseer is in die onderwyssisteem dikwels kennis dra. Leerders bring hierdie kennis na die klaskamer toe en opvoeders kan dit gebruik as ’n vertrekpunt vir die leerproses (Wong & Peña, 2017:151 en 122-123). Die verskil tussen KRP en KHP is dat KHP nie net die leerders se kennis (van, byvoorbeeld, hip hop) gebruik as vertrekpunt om hulle te leer wat die opvoeder hulle in elk geval wou leer nie: “CSP is about complicating, sustaining, and extending what is important to students and their lives, not just what is important to educators and their agendas, whether their agendas are social justice-driven or not” (Wong & Peña, 2017:125).

Wanneer leerders dus na aanleiding van “Ouma Xhau” aangemoedig word om ’n rap-portret te skep, gaan dit nie net daaroor dat hulle leer oor orale literatuur, rap en die spesifieke geskiedenis van die persoon oor wie hulle rap nie. Dit gaan eerder daaroor dat hulle die geleentheid gegee word om geassesseer te word vir tegnieke waaroor hulle beskik en waarvoor hulle omgee, en om die vloeibare kulture waarin hulle gesitueer is te onderhou en te ontwikkel.

### *3.2 “Ontheemding” as selfportret*

In Tenita Kidelo (2019:352) se resensie van *Uit die kroes* beweer sy dat die bundel se voorblad ’n selfportret is. Moontlik bedoel sy dit metafories, aangesien die kuns op die voorblad afkomstig is van shutterstock/deeworxdesigns en ook nie lyk soos Julius nie. Op ’n meer simboliese vlak kan die figuur op die voorblad met haar bruin vel, uitdagende blik en groot bos hare wel gesien word as verteenwoordigend van die outobiografiese spreker van gedigte soos “1993”, “Skuld”, “Die hulp” en “Kroes”. In ’n onderhoud met Bernard Odendaal (2020) sê Lynthia Julius “[d]ie dame op die voorblad lyk ook soos die vrouens lyk wat ek die meeste om is”, en sy noem ook dat die “hangsel” by die vrou op die voorblad se nek “sinspeel op die kettings wat daar soms om slawe se nekke vasgemaak is”. Sy suggereer dus dat die portret op die voorblad skakel met beide die gedigte wat handel oor die geskiedenis en dié wat handel oor die hede. ’n Verband tussen die twee soorte gedigte word ook geïmpliseer en daar kan aangevoer word dat die voorblad funksioneer as beide ’n portret van ’n historiese vrou en as ’n tipe selfportret.

Hedendaagse probleme wat verband hou met identiteit word eksplisiet in verband gebring met ’n geskiedenis van onderdrukking en ook talige diskriminasie in die gedig “Ontheemding” (Julius, 2020:41-42). Die gedig gaan oor die verhouding tussen ’n ma en dogter, en op hierdie


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

manier funksioneer dit as ’n skakel tussen die gedigte in die bundel wat handel oor voorouers en dié wat handel oor die hedendaagse ervarings van ’n jong bruin vrou (Troskie, 2021). Die spreker van die gedig is só ’n jong vrou wat vertel oor die ervarings van haar ma en hoe haar ma minder van die Nama-kultuur vervreemd is as sy. In strofe twee word die ma byvoorbeeld gelykgestel aan woorde en aspekte wat die spreker met Nama-identiteit assosieer:

> My ma is suurdeegbrood en Namastap
> xhoulag en xhit
> Okiep- en Bergsigmens
> sy kan in Nama tel tot tien
> toe ek nou die dag traai toe kom ek net by drie

In hierdie strofe is dit duidelik dat taal (Namawoorde soos “xhoulag”[14] en “xhit”[15]) net soveel deel vorm van kulturele identiteit as aspekte soos kos (“suurdeegbrood”) en dans (“Namastap”). Die spreker van die gedig ken, anders as haar ma, nie baie Namawoorde nie – sy kan net tot by drie tel in die taal. Verlies van taal word voorgehou as ’n tipe tuisloosheid of ontheemding – iets wat veroorsaak dat die spreker nie behoort nie.

Al ken haar ma meer Nama as sy, is sy ook vervreemd van Nama-identiteit. Taal is ’n aspek van haar kulturele identiteit wat sy (ten minste gedeeltelik) behou het, maar sy het nie meer toegang tot Nama-godsdiens nie: “sy het nie antwoorde / as ek vra wie die god van die Nama is nie”. Beide die figure ervaar dus ontheemding, in verskillende mates.

Terwyl verlies aan kulturele identiteit in die gedig verken word, word kulturele essensialisme ook daardeur uitgedaag deurdat die heterogeniteit in die bruin gemeenskap verken word (sien Kidelo, 2019:352 en Trantraal, 2020). Hier is daar sprake van die kritiese omgaan met eie kulturele praktyke wat Alim en Paris (2017:9-10) voorstaan, deurdat diskriminasie *binne* ’n spesifieke gemeenskap uitgebeeld word. Die spreker van die gedig is gebore in Xhoeroepoort, maar trek later saam met haar ma Kimberley toe. Haar omgewing verander haar (“Ek is toe verkimberley, ’n whyster gemaak”), maar sy kan nooit heeltemal by enige plek inpas nie as gevolg van hoe sy praat. Die spreker se identiteit word beïnvloed deur die verskillende ruimtes waarin sy gebly het en die verskillende gemeenskappe waarin sy haarself bevind, en die veelvuldigheid van haar identiteit veroorsaak dat ander teen haar diskrimineer op grond van haar taalgebruik.

Die kwessie van verlies aan taal staan dus sentraal in “Ontheemding”. Julius koppel die verlies van taal aan ’n tuisloosheid. Hierdie tuisloosheid wissel vanaf ’n tuisloosheid binne die Afrikaanse spraakgemeenskap in Kimberley (weens die invloed van Nama op haar Afrikaans) tot ’n tuisloosheid binne die taalgemeenskap in Springbok (weens haar blootstelling aan ander variëteite van Afrikaans).

’n Belangrike aspek in hierdie gedig is die insluiting van Nama-Afrikaans, met woorde soos “Xhoerepoort”, “xhoulag” en “xhit”. Alim en Haupt (2017:157) meen leerders se kulturele en taalkundige kennis word gewoonlik bloot as ’n vertrekpunt gebruik om die meer “aanvaarbare akademiese” kennis van die skoolstelsel te verwerf. In die konteks van die gedig “Ontheemding” beteken dit leerders behandel ’n gedig wat in ’n omgangsvariëteit soos Oranjerivierafrikaans geskryf is, maar steeds word daar van hulle verwag om hul interpretasies van die gedig in die standaardvariëteit aan te bied. Wanneer ons dit het oor ’n KHP-benadering tot die onderrig van “Ontheemding” gaan dit nie net oor die variëteit waarin die gedig geskryf

[14] Xhoulag beteken om hardop te lag.
[15] Xhit verwys na ’n uitroep van plesier/lekkerkry.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

is nie, maar ook hoedat die variëteite wat die leerders self praat by die onderrig- en leerproses betrek word.

Tydens die onderrig van die gedig kry opvoeders die geleentheid om die verskillende variëteite van Afrikaans in die klaskamer te bespreek. In hierdie opsig kan die opvoeder veral die deurslaggewende rol van die Khoi-Khoin in die ontwikkeling van Afrikaans benadruk.[16] As deel van ’n KHP-benadering, is dit ’n manier om kritiese taalbewustheid by die leerders te kweek. Deel van Siegel (2006:167-168) se drie komponente van kritiese taalbewustheid sluit in dat leerders se kennis oor die grammatika van hul taalvariëteit deel van die onderrig- en leerproses gemaak moet word. Hier kan sprekers van Nama-Afrikaans in die klaskamer se kennis betrek word deurdat hulle die woorde aan die klas kan verklaar. Sodoende versterk die opvoeders die waarde van die leerders se kennisvondste wat hulle na die klaskamer toe bring. Aangesien taal wesentlik deel uitmaak van kultuur, moet die opvoeder veral hier ruimte maak dat leerders hul interpretasies van die gedig in hul eie variëteit aanbied.[17]

Wanneer dit kom by assessering, kan opvoeders die leerders self toelaat om gedigte te skryf oor hul eie ervaringe van taalideologieë. Die opvoeder kan die opdrag formuleer as ’n tipe selfportretgedig. As deel van ’n KHP-benadering, is dit ’n manier om kritiese taalbewustheid by die leerders te kweek. Eerstens bied die selfportretgedig-opdrag die geleentheid vir leerders om nadenkend om te gaan met hul eie gevoel van behoort en hul eie taalideologieë. Tweedens moet leerders veral aangemoedig word om die selfportretgedig in hul eie variëteit te skryf. Sodoende word die leerders se kulturele en taalkundige kennis gebruik om idees rondom gepaste taalgebruik en taalburgerskap te ondersoek. Laastens kan opvoeders leerders ook toelaat om die gedig voor te lees of op te voer as gesproke digkuns.

Gesproke digkuns kombineer die konvensies van digkuns met ’n *performance*-element.[18] Hier kan leerders hul stem en gebare gebruik om die selfportretgedig se betekenis te verryk. Deur die leerders toe te laat om hulle gedigte op te voer, kry ander leerders blootstelling aan beide die woordeskat en die klankstelsel van die ander variëteite van Afrikaans. Dit is enersyds ’n manier om die (opvoedkundige) waardigheid van die betrokke variëteit te verhoog en andersyds benadruk dit die kultureel-pluralistiese aard van die Afrikaanse spraakgemeenskap. Soos in die geval met rap, kan gesproke digkuns ook beskou word as ’n voortsetting van die orale literêre tradisie en kan hierdie oefening die geleentheid bied om die konvensies van hierdie tradisie in die klaskamer te verken.

Benewens vir diskriminasie op grond van taalgebruik, word geslagsgebaseerde onderdrukking ook in die gedig verken. Die verhouding tussen geslagsgebaseerde geweld en ekonomiese ontmagtiging word duidelik gemaak, en deur assonansie beklemtoon, wanneer die spreker in versreëls 17 en 18 sê “ek het gesien wat armgatgeid aan mens kan doen / dit word ’n mak-hou-kou waarin mans jou afknou”. Deel van ’n KHP-aanslag tot onderrig is om leerders aan te moedig om krities om te gaan met hul eie kulturele praktyke en die wyse waarop

---

16 Opvoeders kan die teks *So kry ons Afrikaans* deur Christo van Rensburg raadpleeg vir meer inligting oor die rol van die Khoi-Khoin tydens die ontwikkeling van Afrikaans.

17 Aangesien dit hier handel oor interpretasie en begrip val die fokus meer op die inhoud van die leerder se interpretasies eerder as die taalkundige korrektheid van hul antwoorde.

18 Volgens Krehel (2003:21) is gesproke digkuns ’n effektiewe pedagogiese hulpmiddel om die skakel tussen geskrewe en gesproke taal vir die leerders te illustreer, help dit met konseptuele woordeskatontwikkeling, verhoog dit begrip en verbeter dit leesvlotheid. Vanweë die sosiale aard van gesproke digkuns (d.w.s. die interaksie met luisteraars), voldoen dit ook aan die oortuiging van die sosiaal-konstruktivistiese benadering dat leerders kennis en vaardighede op ’n interaktiewe wyse moet verwerf.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

diskriminerende gedrag onder die dekmantel van kultuur voortgesit word. Hierdie versreëls stel opvoeders in staat om die kwessie van geslagsgebaseerde onderdrukking – wat ’n baie relevante kwessie in die Suid-Afrikaanse konteks is[19] – en die manier waarop verskillende vorms van onderdrukking oorkruis (vergelyk Crenshaw, 2010:155 vir ’n bespreking van hoe kruispuntfeminisme in die klaskamer onderrig kan word) te verken. Hier kan leerders nadenkend omgaan met die wyse waarop (hul eie en ander se) kulturele oortuigings ’n bydrae lewer tot dié maatskaplike probleem en hoedat die vloeibaarheid van kultuur ruimte skep om persepsies rondom gender en genderrolle te herbedink.

## 5. Gevolgtrekking

“Ouma Xhau” en “Ontheemding” is net twee voorbeelde van gedigte uit Julius se digbundel wat in die letterkundeklaskamer op ’n KHP-wyse onderrig kan word. Die gedigte bied die geleentheid vir leerders om nie net hulle eie kennis en kulturele praktyke in die leerproses aan te wend nie, maar ook vir leerders uit ander dele van die land of wat nie Nama-Afrikaans praat nie die kans om blootgestel te word aan kulturele praktyke en taalvariëteite waarmee hulle nie bekend is nie. Die belang van die bewaring van gemarginaliseerde taal- en kultuurpraktyke word eksplisiet in die gedigte vooropgestel, en in hierdie opsig is die gedigte tematies besig met ’n her-onthou van en herstel aan onopgetekende geskiedenisse en sluit dit goed aan by KHP se etiek van kritiese kulturele handhawing.

## BIBLIOGRAFIE


Alim, HS & Haupt, A. 2017. Reviving Soul(s) with Afrikaaps: Hip Hop as Culturally Sustaining Pedagogy in South Africa. In Paris & Alim (eds). *Culturally Sustaining Pedagogies: Teaching and Learning for Justice in a Changing World*. New York: Teachers College Press, pp. 157-174.

Alim, HS & Paris, D. 2017. What is Culturally Sustaining Pedagogy and Why Does It Matter? In Paris & Alim (eds). *Culturally Sustaining Pedagogies: Teaching and Learning for Justice in a Changing World*. New York: Teachers College Press, pp. 1-21.

Amardien, F. 2023. Afrikaans Huistaal se voorgeskrewe gedigte vir matrieks: Faeed Amardien se mening. *LitNet*. https://www.litnet.co.za/afrikaans-huistaal-se-voorgeskrewe-gedigte-vir-matrieks-faeed-amardien-se-mening/. [27 Augustus 2023].

Anoniem**.** 2016. Op pad met Afrikaans – V.I.T.O., die rymkletser van Okiep. *My Afrikaans*. https://www.youtube.com/watch?v=O-bpV8HWr94 [4 April 2023].

Barnard, A. 2008. Ethnographic analogy and the reconstruction of early Khoekhoe society. *Southern African Humanities,* 20:61-75.

Basson, E & Le Cordeur, M. 2018. Kaapse Afrikaanse idiomatiese uitdrukkings as hulpmiddel vir ’n meer inklusiewe Afrikaanse huistaalklaskamer. *Stilet*, 30(1&2):169-187.

Basson, E. 2022a. Van daar na waar? ’n Oorsigtelike blik op die herstandaardiseringsdebat van Afrikaans. *LitNet Akademies*, 19(1):105-137.

Basson, E. 2022b. Herstandaardisering aan die hand van skoolhandboeke vir die legitimering van Kaapse Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 62(4):764-788.

Boswell, B. 2016. “Conjuring up her wholeness”: Post-transitional black South African women’s poetry and its restorative ethic. *Scrutiny2,* 21(2):8-26.

Chaudhari, S. 2013. Plek, geheue en identiteit in twee gedigte van Diana Ferrus. *Stilet*, 25(1):34-47.

Crenshaw, KW. 2010. Close Encounters of Three Kinds: Teaching Dominance Feminism and Intersectionality. *Tulsa Law Review,* 46(1):151-190.


[19] Sien George (2020) en Maluleke (2020) vir meer besonderhede oor geslagsgebaseerde geweld in Suid-Afrika.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a6

Departement van Basiese Onderwys. 2011. Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring Graad 10-12: Afrikaans Huistaal. Pretoria: Government Printing Works.

Dodd, A. 2010. Dressed to thrill: the Victorian postmodern and counter-archival imaginings in the work of Mary Sibande. *Critical Arts: A Journal of South-North Cultural Studies*, 24(3):467-474.

Du Plessis, M. 2019. The Khoisan Languages of Southern Africa: Facts, Theories and Confusions. *South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5):33-54.

Du Plessis, S. 1999. 'n Sosiolinguistiese blik op die Oranjerivierafrikaans in "Broerse" van Hans du Plessis. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Johannesburg. Randse Afrikaanse Universiteit.

Esterhuyse, JS. 1986. *Taalapartheid en skoolafrikaans*. Emmarentia: Taurus Uitgewers.

George, L. 2020. "Gender-Based Violence against Women in South Africa." *Ballard Brief*. https://ballardbrief.byu.edu/issue-briefs/gender-based-violence-against-women-in-south-africa [1 Maart 2023].

Gqola, PD. 2010. *What is Slavery to Me?: Postcolonial/Slave Memory in post-apartheid South Africa*. Johannesburg: Wits University Press.

Hartman, S. 2019. *Wayward Lives, Beautiful Experiments: Intimate Histories of Social Upheaval*. London: Serpent's Tail.

Haupt, A, Williams, Q, Alim, HS & Jansen, E. 2019. *Neva Again: Hip Hop Art, Activism and Education in Post-Apartheid South Africa*. Cape Town: HSRC Press.

Hendricks, F. 2016. The nature and context of Kaaps: a contemporary, past and future perspective. *Multilingual Margins*, 3(2):6-39.

Hugo, D. (red.). 2010. *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Irizarry, JG. 2017. 'For Us, By Us': A Vision for Culturally Sustaining Pedagogies Forwarded by Latinx Youth. In Paris & Alim (eds). *Culturally Sustaining Pedagogies: Teaching and Learning for Justice in a Changing World*. New York: Teachers College Press, pp. 83-98.

Jordaan, AM. 2004. Mites rondom Afrikaans. PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Julius, L. 2020. *Uit die kroes*. Kaapstad: Kwela.

Kalpana, T. 2014. A Constructivist Perspective on Teaching and Learning: A Conceptual Framework. *International Research Journal of Social Sciences*, 3(1):27-29.

Kamfer, RS. 2021. *Uit die kroes* (Lynthia Julius). *Tydskrif vir Letterkunde*, 58(1):184-185.

Kidelo, T. 2019. UIT DIE KROES: 'n Noord-Kaapse stem oor bruin- en vrouwees. *Stilet,* 31(1&2):352-354.

Klopper, A. 2017. Identiteitskonfigurasies in wit Afrikaanse rap-musiek met spesifieke verwysing na Die Antwoord, Jack Parow en Bittereinder. PhD-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Koen, D. 2023. Afrikaans Huistaal se voorgeskrewe gedigte vir matrieks: Dewald Koen se mening. *LitNet*. https://www.litnet.co.za/afrikaans-huistaal-se-voorgeskrewe-gedigte-vir-matrieks-dewald-koen-se-mening/ [28 Februarie 2023].

Krehel, S. 2003. Poetry Performances in the Elementary Classroom. *Michigan Reading Journal*, 35(3):20-23.

Kulsen, A. 2006. *Zita*. Midrand: LAPA.

Lantolf, J. (ed.). 2004. *Sociocultural theory and Second Language Learning*. Oxford: Oxford University Press.

Machado, E, Vaughan, A, Coppola R & Woodard, R. 2017. Lived Life through a Colored Lens: Culturally Sustaining Poetry in an Urban Literacy Classroom. *Language Arts (Poetry)*, 94(6):367-381.

Maluleke, R. 2020. Crimes against women in South Africa, an analysis of the phenomenon of GBV and femicide. Womens Charter Review. https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/1_Stock/Events_Institutional/2020/womens_charter_2020/docs/30-07-2020/A_Statistical_Overview_R_Maluleke.pdf [1 Maart 2023].

Nienaber, GS & Nienaber, PJ. 1958. *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal*. Pretoria: JL van Schaik Bpk.

Nienaber, GS, Nienaber, PJ & Nienaber, CJM. 1962. *Dit was ons erns – Die ontwikkeling van die Afrikaanse taal, letterkunde, boek en tydskrif*. Kaapstad: Nasionale Handelsdrukkery Bpk.

Odendaal, B. 2020. Onderhoud met Lynthia Julius (*Uit die kroes*). *Versindaba*, https://versindaba.co.za/tag/uit-die-kroes-lynthia-julius/ [6 Desember 2022].

Paris, D & Alim, HS. (eds). *Culturally Sustaining Pedagogies: Teaching and Learning for Justice in a Changing World*. New York: Teachers College Press.

Roux, SP. 2001. ’n Kritiese bespreking van taalverandering met verwysing na Afrikaans en sy variëteite. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Bloemfontein. Universiteit van die Vrystaat.

Saal, E. 2019. ATR-komvandaan-seminaar 2019: Van “brokwa” tot “broodgoed” – op reis met Oranjerivierafrikaans (Gariep-Afrikaans). *LitNet*. https://www.litnet.co.za/atr-komvandaan-seminaar-2019-van-brokwa-tot-broodgoed-op-reis-met-oranjerivierafrikaans-gariep-afrikaans/ [13 Maart 2023].

Saal, E. 2020. Afrikaanse dialekte in die klaskamer: Kô lat ôs praat – ’n onderhoud met Elvis Saal. Onderhoud gevoer deur Cliffordene Norton en Naomi Meyer. *LitNet*. 26 Augustus 2020.

Schultz, A & Le Cordeur, M. 2019. Die onderrig van Letterkunde in die Verdere Onderwys- en Opleidingfase binne die raamwerk van die Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4):545-561.

Siegel, J. 2006. Language ideologies and the education of speakers of marginalized language varieties: Adopting a critical awareness approach. *Linguistics and Education*, 17:157-174.

Singh, Manvir. 2023. It’s Time to Rethink the Idea of the “Indigenous”. *The New Yorker*. https://www.newyorker.com/magazine/2023/02/27/its-time-to-rethink-the-idea-of-the-indigenous [8 Maart 2023].

Spivak, GC. 1988. Can the Subaltern Speak? In Nelson & Grossberg (eds). *Marxism and the Interpretation of Culture*. London: Macmillan Education, pp. 271-313.

Steyn, P. 2023. Matriek-gedigte: Tata Krog, hallo kritici. *Netwerk24*. [Aanlyn]. https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/onderwys/matriek-gedigte-tata-krog-hallo-kritici-20230122. [19 Augustus 2023].

Tomkins, C. 2021. The Epic Style of Kerry James Marshall. *The New Yorker*, https://www.newyorker.com/magazine/2021/08/09/the-epic-style-of-kerry-james-marshall [5 December 2022].

Trantraal, N. 2020. ‘Coloured’ kom nooit alleen nie. *Netwerk24*. https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/coloured-kom-nooit-alleen-nie-20200425 [5 Desember 2022].

Troskie, E. 2020. Lynthia Julius: ‘Ek vee nie my geskiedenis uit my hare uit nie.’ *Klyntji* https://klyntji.com/joernaal/2020/6/30/lynthia-julius-uit-die-kroes [5 Desember 2022].

Van den Heever, R (red.). 1988. *Afrikaans en bevryding*. Kaapstad: Kaaplandse Professionele Onderwysersunie.

Van der Merwe, M. 2014. Taakgerigte taalkunde-onderrig in die hoërskool binne ’n kommunikatiewe raamwerk. *Journal for Language Teaching*, 48(2):217-231.

Van der Merwe, J. 2020. Resensie: Uit die kroes (Lynthia Julius). *Versindaba*. https://versindaba.co.za/2020/07/06/resensie-uit-die-kroes-lynthia-julius/ [6 Desember 2022].

Van Niekerk, Jacomien. 2018. Afrikaans stories of Jackal and Hyena: Oral and written traditions. *Tydskrif vir Letterkunde*, 55(3):80-95.

Van Rensburg, C, Davids, A, Ferreira, S, Links, T & Prinsloo, K. (reds.). 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Rensburg, C. 2012. *So kry ons Afrikaans*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Van Rensburg, C. 2016. Die vroegste Khoi-Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):454-476.

Van Rensburg, C. 2019. The First Afrikaans. *Critical Arts*, 33(4-5):10-19.

Van Vuuren, H. 2016. *A Necklace of Springbok Ears – /Xam Orality and South African Literature*. Stellenbosch: African SUN Media.

West, S. 2004. *Portraiture*. Oxford: Oxford University Press.

Wong, C & Peña, C. 2017. Policing and Performing Culture: Rethinking “Culture” and the Role of the Arts in Culturally Sustaining Pedagogies. In Paris & Alim (eds). *Culturally Sustaining Pedagogies: Teaching and Learning for Justice in a Changing World*. New York: Teachers College Press, pp. 117-138.

# Die potensiaal van Afrikaanse betrokke poësie om ’n sensitiwiteit vir taalvariasie en -ideologie by voorgraadse studente te kweek

***The potential of Afrikaans engaged poetry to foster sensitivity for language variation and language ideology among undergraduate students***

**Janien Linde**
Afrikaanse en Nederlandse letterkunde,
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: Janien.Linde@nwu.ac.za

**Johanita Kirsten**
UPSET Navorsingsfokusarea,
Noordwes-Universiteit
Vanderbijlpark, Suid-Afrika
E-pos: Johanita.Kirsten@nwu.ac.za


Janien Linde


Johanita Kirsten

| | |
|---|---|
| **Janien Linde** is ’n senior lektor in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die Noordwes-Universiteit. Sy was voorheen verbonde aan die Universiteit van Johannesburg. Sy het ’n PhD in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap (2018) wat handel oor metamodernisme, performatiwiteit en relasionaliteit in die oeuvre van Marlene van Niekerk. Linde tree tans op as die projekleier vir die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse letterkunde (DBAL), asook as sekretaris van die Afrikaanse Letterkundevereniging. Sy is verder medeleier van die navorsingsprojek, *Narrative Identity and Performance* (NWU).<br>Haar navorsingsbelangstellings sluit onder andere die volgende in: Afrikaanse en Nederlandse prosa en poësie, literatuurwetenskap, posthumanisme, relasionaliteit en postkritiese leesstrategieë. | **Janien Linde** is a senior lecturer of Afrikaans and Dutch literature at the North-West University. She previously lectured in the Department of Afrikaans at the University of Johannesburg. She holds a PhD (2018) in Linguistics and Literary Theory, focussing on metamodernism, performativity and relationality in the oeuvre of Marlene van Niekerk. Linde currently is responsible for the Digital Bibliography of Afrikaans Literature and she also holds the position of secretary of the ALV (the Afrikaans Literary Association). In addition, she is co-leader of the research project, *Narrative Identity and Performance* (NWU). Her research interests include, inter alia: Afrikaans and Dutch poetry and prose, literary theory, comparative literature, post-postmodernism, posthumanism and postcritical reading strategies. |
| **Johanita Kirsten** is ’n voltydse navorser en die subprogramleier vir Linguistiek in die navorsingsfokusarea *Understanding and Processing Language in Complex Settings* aan die Noordwes-Universiteit. Sy is ook die hoofredakteur van | **Johanita Kirsten** is a full-time researcher and coordinator of the sub-programme for Linguistics in the research focus area Understanding and Processing Language in Complex Settings at the North-West University. She is also the editor-in- |

**Datums:**
Ontvang: 2023-09-30 Goedgekeur: 2023-10-24 Gepubliseer: Desember 2023

| | |
|---|---|
| die vaktydskrif *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*. Sy het tans twee hoofnavorsingsbelangstellings. Haar boek *Written Afrikaans since Standardization: A Century of Change* (2019) en ander publikasies beskryf onlangse en voortdurende verandering in Afrikaans aan die hand van korpuslinguistiese metodes, en argumenteer vir 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde teorie van taalverandering. Andersins fokus haar werk veral op taalsosiologie, en meer spesifiek taalideologie en hoe dit manifesteer in taalgebruik en metafore, met behulp van kritiese diskoersanalise. | chief of the journal *Southern African Linguistics* and *Applied Language Studies*. Currently she is interested in two areas of research. Her book *Written Afrikaans since Standardization: A Century of Change* (2019) and other publications describe recent and ongoing change in Afrikaans using corpus linguistic methods, arguing for a cognitive usage-based theory of language change. In addition, she focuses on the sociology of language, and more specifically language ideology, and how it manifests in language use and metaphors, using critical discourse analysis. |



**ABSTRACT**

***The potential of Afrikaans engaged poetry to foster sensitivity for language variation and language ideology among undergraduate students***

*The main topic of this article is the concept of the unlaagering ("ontlaering") of Afrikaans – creating a more inclusive and representative teaching and learning framework, and deliberately moving away from the traditional, conservative associations with Afrikaans and the link between Afrikaans and Afrikanerdom to the exclusion of other speakers of Afrikaans. In this article, we investigate the potential of engaged poetry to stimulate sensitivity towards language ideology and language variation in undergraduate, specifically first year, students of Afrikaans and Dutch. To this end, data was collected in the form of an assignment about three specific poems which are presented as engaged poetry. The topic of engaged poetry was discussed in a class preceding the assignment, where the concept and the theory were discussed. The students were not introduced to the topic of unlaagering prior to the assignment, or to the specific poems forming part of the assignment.*

*The following theoretical starting points are relevant to this article: engaged poetry (littérature engagée), self-directed reading and learning, and language ideology. Engaged literature is aimed at challenging the beliefs of readers, and encouraging them to rethink and reconsider certain difficult situations or issues. Self-directed learning refers to the ability of an individual to gain knowledge, improve skills, set goals, and develop themselves. Language ideology concerns the beliefs people have about language, and the cultural systems of ideas, feelings and values that influence those beliefs.*

*Data was collected in the form of student assignments. Students who had enrolled for the particular module were asked to provide or withhold permission to use their assignments for research purposes, and 33 students provided permission. The student answers in the assignments were analysed using critical discourse analysis methods, where codes were identified from both the literature as well as inductively from the assignments themselves. The analysis was performed using the software ATLAS.ti, and extensively revised after quality control measures had been implemented. The following codes were used: essentialism, language purism, standard language ideology, linguistic nationalism, hierarchy of languages / varieties, mother tongue ideology, chauvinism, and unlaagering.*

*Essentialism refers to the belief that an object has an inherent essence which determines its character. Related to this, language purism is the belief that each language has an inherent character, and should be kept "pure" from influences of other languages. This further links to standard language ideology, according to which the standard variety of a language is the only correct version of that language. Linguistic nationalism also comes into play, with an inherent link between a specific language and a specific nation. This enforces the belief in the hierarchy of languages or varieties, according to which a standard language is at the top and other varieties are inferior to it. The belief in "one true mother tongue" is also ideologically loaded, aligning with the previous codes. Finally, chauvinism refers to the belief that something, in this case a language, is good because it is ours, and that one should take pride in it.*

*The "unlaagering" code was specifically used to indicate instances where a student demonstrates critical awareness of the language ideologies in their own views, and/or when they express views in their answers that align with the principles of unlaagering.*

*The conclusion of the article is that an assignment in which the nature and workings of engaged poetry are being practically demonstrated to students can succeed in creating at least some level of awareness of language ideology and how it can influence people's ideas about language. However, we argue that the assignment has certain shortcomings. To overcome the shortcomings of this specific assignment, we suggest that it can be viewed as a good starting point, but that the process of fostering sensitivity regarding language and ideology, especially from a linguistic perspective, should be continued and strengthened in the foreseeable future.*

**KEYWORDS**: engaged poetry; literature teaching; language variation; language ideology; Jan Lion Cachet; Willa Boezak; Diana Ferrus; self-directed reading; language activism

**TREFWOORDE:** betrokke poësie; letterkundeonderrig; taalvariasie; taalideologie; Jan Lion Cachet; Willa Boezak; Diana Ferrus; selfgerigte lees; taalaktivisme

## OPSOMMING

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die potensiaal van betrokke poësie om 'n sensitiwiteit vir taalideologie en -variasie by voorgraadse studente te kweek. Vir hierdie doel word data ondersoek wat verkry is uit die antwoorde van eerstejaars op 'n opdrag wat handel oor drie spesifieke gedigte wat as betrokke poësie aangebied word. Die volgende teoretiese uitgangspunte is vir hierdie artikel van belang: betrokke poësie (o.a. *littérature engagée)*, selfgerigte leer en lees, en taalideologie. Die data wat ingesamel is, is met behulp van kritiese diskoersanalise geanaliseer deur 'n aantal taalideologiese kodes te identifiseer: essensialisme, taalpurisme, standaardtaalideologie, taalnasionalisme, hiërargie van tale of variëteite, moedertaalideologie, chauvinisme en ontlaering. Die kode "ontlaering" is gebruik om aan te dui waar en in welke mate studente tog, na aanleiding van die opdrag oor betrokke poësie, krities bewus geraak het van hul eie taalideologieë. Ons gevolgtrekking is dat 'n opdrag waarin die aard en funksionering van betrokke poësie as't ware prakties vir die studente gedemonstreer word, wel tot 'n mate daarin slaag om hulle bewus te maak van taalideologie en die invloed daarvan op individue se idees oor taal. Ons dui egter aan dat die opdrag wel bepaalde tekortkominge het, en meen daarom dat verdere toeligting, spesifiek vanuit 'n taalkundeperspektief, die proses wat hierdie letterkundige opdrag begin het om sensitiwiteit rondom taal by studente aan te wakker, moet voortsit en akademies verstewig.

## 1. Inleiding

Hierdie artikel word gesitueer op die kruispunt tussen pedagogiek, betrokke letterkunde en taalideologie. As pedagoë en taal- en letterkundenavorsers stel ons belang in die potensiaal van betrokke poësie om ’n sensitiwiteit vir taalvariasie en -ideologie by voorgraadse studente te kweek. Die navorsingsvraag wat ons geïdentifiseer het, is die volgende: tot hoe ’n mate kan ’n opdrag waarin taalaktivisme en taalidentiteit as element van betrokke poësie ondersoek word, daarin slaag om studente te begelei om ’n sensitiwiteit vir taalideologie en -variasie te ontwikkel? Vir hierdie doel het ons ’n groep eerstejaarstudente se antwoorde op ’n opdrag wat handel oor betrokke poësie, bestudeer.[1]

Vir die doel van hierdie artikel word die opdrag eerstens uiteengesit en gekontekstualiseer. Daarna volg gedeeltes wat die teoretiese uitgangspunte van die navorsingsprojek uiteensit, naamlik oor die aard en doel van betrokke poësie, pedagogiek, en taalideologie. Die metodologie wat ons gevolg het, kom dan aan die beurt. Daarna gee ons ’n uiteensetting van die resultate na aanleiding van die data wat ingesamel is. Laastens word die bevindinge van die navorsingsprojek uiteengesit.

## 2. Kontekstualisering / agtergrond

### *2.1 Die opdrag*

Die opdrag oor betrokke poësie wat in die module AFLL121 aan die eerstejaarstudente van die Noordwes-Universiteit (NWU) gegee is, betrek drie gedigte waarin verskillende perspektiewe op taalidentiteit en taalaktivisme geïdentifiseer kan word. Die eerste is “Di Afrikaanse taal” van Jan Lion Cachet wat in die 1800’s verskyn het (Brink, 2009:15). Hierdie gedig is geskryf in ’n verouderde vorm van Afrikaans en handel oor die digter se hoofsaaklik Eurosentriese interpretasie van die oorsprong van Afrikaans. Die volgende twee gedigte is “Ons Afrikaanse kind” deur Willa Boezak (2007) en “Afrikaans, ’n versoeningstaal” deur Diana Ferrus (2004), albei uit die vorige dekade van die huidige eeu.[2] Boezak en Ferrus se gedigte vertoon elemente van taalaktivisme aangesien beide uitsprake maak oor die oorsprong van Afrikaans asook die invloed en potensiaal daarvan in die moderne Suid-Afrika. Hierdie twee gedigte verskil egter in ’n groot mate van Lion Cachet s’n aangesien albei Afrikaans se oorsprong nie hoofsaaklik na Europa terugspoor nie, maar aanvoer dat Afrikaans in die eerste plek ’n inheemse Suid-Afrikaanse taal is wat hier op eie bodem ontwikkel het te midde van ’n wye verskeidenheid talige invloede. Daar is dus ’n duidelike verskil in die tipe taalideologiese en -aktivistiese uitgangspunte van die drie gedigte te sien. Meer inligting met betrekking tot die taalpolitieke en -aktivistiese konteks waarbinne die drie gedigte geskryf is, word later in die artikel verskaf.

---

1 Dit is belangrik om te noem dat die opdrag nie gekonseptualiseer is met navorsing, en spesifiek hierdie artikel, in gedagte nie. Wat ons gesien het in die studente se antwoorde op ’n vorige jaar se opdrag, het ons belangstelling geprikkel. Dit het daartoe gelei dat die bogenoemde navorsingsvraag geïdentifiseer is. Aangesien die opdrag al vir meer as een jaar aan verskillende groepe studente gegee word, kon ons betyds die studente se toestemming vra om hulle anonieme antwoorde as data te gebruik. Die strekking van die opdrag is egter geensins aangepas met die oog op hierdie stuk navorsing nie. Dit is iets wat vir verdere navorsing oorweeg sal word.

2 Afdrukke van al drie gedigte verskyn in die Bylae.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

Die opdrag is só opgestel dat dit die studente lei om die drie gedigte te lees as betrokke gedigte wat verskillende standpunte uiter oor:

1. die oorsprong van Afrikaans;
2. wie die (oorspronklike en huidige) sprekers van Afrikaans is;
3. en hoe die taalstryd van verskillende sprekers van Afrikaans uit verskillende tydperke van mekaar verskil (het).

Die doel van die opdrag is tweërlei: in die eerste plek dien dit as ’n praktiese illustrasie van hoe betrokke letterkunde werk; en in die tweede plek is dit ’n poging om aan studente duidelik te maak waarom dit nodig is om sensitief te wees vir taalidentiteit en taalideologie.

Die opdrag vra die studente in die eerste plek om die drie gedigte aandagtig deur te lees. Lion Cachet se gedig is in die voorgeskrewe teks vir AFLL121, die *Groot Verseboek Deel 1* te vind, en die twee gedigte van Boezak en Ferrus is aan die studente verskaf. Daar is sekere tegniese vereistes vir die uitvoer en inhandiging van die opdrag gegee, en daar is ook genoem dat die studente wel gebruik mag maak van betroubare internetbronne om lig te werp op die vrae in die opdrag. Die volgende stukkie teks is saam met die opdragteks verskaf met die doel om die opdrag en die gedigte te kontekstualiseer en die studente in die regte rigting te lei:

> Die drie gedigte “Di Afrikaanse taal” van J. Lion Cachet, “Afrikaans ’n versoeningstaal” van Diana Ferrus en “Ons Afrikaanse kind” van Willa Boezak gaan al drie oor Afrikaans, maar dit is uit drie verskillende perspektiewe geskryf. J. Lion Cachet het ook in ’n heel ander tyd geleef as Ferrus en Boezak. Al drie gedigte handel oor taalaktivisme: elkeen van die drie digters is besig met ’n eie pleidooi vir Afrikaans. Dit beteken dat die gedigte gelees kan word as betrokke poësie.

Daarna moes die studente die volgende nege vrae oor die drie gedigte beantwoord:

1.1 Wanneer het elkeen van hierdie drie gedigte min of meer verskyn?
1.2 Wat is elkeen van die drie digters se herkoms (wie was hulle voorouers)?
1.3 Watter invloed dink jy kan die antwoorde op 1.1. en 1.2. hê op die manier waarop die kwessie van Afrikaans as taal in die onderskeie gedigte benader word? Met ander woorde hoe verskil die “taalstryd” wat elkeen van hierdie digters voer?

2. Vergelyk die titels van die drie gedigte. Wat kan jy daaruit aflei? Watter verwagtinge skep elkeen van die titels by jou as leser?
3. Hoe verskil die drie gedigte wat taalgebruik betref? Is daar vreemde woorde in die gedigte? Wat kan jy aflei oor die verband tussen die taalgebruik en die inhoud van die gedigte?
4. In elkeen van die gedigte word die herkoms van Afrikaans verduidelik. Hoe verskil dit tussen die drie gedigte?
5. Lewer kommentaar op die styl van die gedigte. Hoe lyk die tipografie? Is daar sprake van ritme en rym in die gedigte? Watter afleidings kan jy hieroor maak?
6. Noem ’n voorbeeld van ’n metafoor uit elke gedig en verduidelik hoekom dit relevant is vir die gedig.
7. Het hierdie drie gedigte jou anders laat dink oor Afrikaans as taal en die invloed van betrokke Afrikaanse poësie? Hoekom of hoekom nie?

Die opdrag word voorafgegaan deur ’n klaslesing oor betrokke literatuur en betrokke poësie. Die volgende aspekte van betrokke poësie word onder die studente se aandag gebring:

- Die verbande tussen kuns en sosiale geregtigheid.
- Die kunstenaar se verhouding met en verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap/ samelewing (al dan nie).
- Literatuurteoretiese agtergrondinligting oor *littérature engagée* (n.a.v. Jean-Paul Sartre).
- Die verbande tussen letterkunde en die strewe na (verskillende soorte) vryheid.
- Die appèl wat betrokke letterkunde (bv. ’n gedig) op die leser maak om anders na die werklikheid te kyk.

Die volgende vraag word ook tydens die lesing aan die klas gevra en oopgestel vir bespreking: Kan (en behoort) ’n kunswerk (soos ’n gedig) die leser anders (te) laat kyk na die werklikheid? Hoe? Daar word dus nie spesifiek aandag geskenk aan taalkundige verskynsels soos taalpolitiek en taalideologie nie, maar die opdrag is só opgestel dat dit die student lei om wel uiteindelik oor hierdie sake na te dink. Die idee is dat die gedigte, as voorbeelde van betrokke poësie, die studente-as-lesers laat nadink oor hul eie vooropgestelde idees oor Afrikaans as taal.

### *2.2 Oor betrokke poësie*

Betrokke poësie moet verstaan word binne die groter (en komplekse) konteks van betrokke literatuur en die Franse eksistensialis Jean-Paul Sartre se idees oor *littérature engagée.* Betrokke literatuur is gemoeid met die maniere waarop skrywers, digters en dramaturge letterkunde skep wat daarop gemik is om ’n leser aan te moedig om anders te kyk na sekere uitdagende situasies of kwessies. Die doel van betrokke letterkunde is om ’n leser te lei om moontlik “’n bepaalde houdingsverandering” te ondergaan (Jacobs, 2018:2). Dit is amper ’n gemeenplaas om te sê dat letterkunde in verhouding staan tot die samelewing (vgl. Degenaar, Rabie, Rive en Van Zyl Slabbert se argumente hieroor tydens die Simposium oor die Sestigers (Polley, 1973)). Skrywers interpreteer naamlik – en maak ook afleidings oor – die sosiale werklikheid. Skrywers hou dikwels met hul skryfwerk ’n spieël op waarin die leser gekonfronteer word met ongemaklike realiteite en so aangemoedig word om selfondersoek te doen (Jacobs, 2018:1).

Volgens Jacobs (2018:2) het betrokke letterkunde hoofsaaklik drie hoofoogmerke: om vryheid en geregtigheid te verdedig; om die leser op te roep tot sterker verantwoordelikheid; en om die leser te lei om sy/haar ingesteldheid rondom ’n sekere saak te verander. Dit is uiteraard so dat lesers soms weerstand kan bied teen tekste wat só funksioneer, aangesien selfondersoek en ’n verandering van ingesteldheid ongemak tot gevolg kan hê. Dit is egter belangrik om raak te sien dat die grondslag van betrokke letterkunde nie propaganda is nie (alhoewel dit ook daarvoor aangewend kan word), maar eerder moraliteit (Jacobs, 2018:12). Jacobs (2018:12) verduidelik dat die vaders van betrokke letterkunde, Albert Camus en Jean-Paul Sartre, *littérature engagée* beskryf het as ’n subgenre van letterkunde wat gerig is op die bevordering van “die vryheid van die leser en die samelewing asook die verwerwing van die waarheid”. Wanneer “waarheid” genoem word, volg die aanname dat daar dus sprake is van een of ander “leuen”. ’n Stuk betrokke letterkunde rig ’n subtiele appèl aan die leser om bewus te raak van so ’n moontlike “leuen” wat in die werklikheid bestaan. In vandag se postwaarheid-era raak dit toenemend moeilik om te bepaal wanneer iets waar of leuenagtig is, en die perspektief van die beskouer het dikwels ’n baie sterk invloed op hoe waarhede en leuens geïnterpreteer word. ’n Stuk betrokke letterkunde (soos ’n gedig) kan binne hierdie konteks beskou word as ’n tipe retoriese proses waartydens ’n argument gevoer word om een of ander ongeregtigheid (die veronderstelde “leuen”) onder die leser se aandag te bring. Sulke ongeregtighede (soos die onderdrukking van universele waarhede soos vryheid, geregtigheid,

regverdigheid, (mede)menslikheid en demokratiese beginsels) het gewoonlik een of ander krisis tot gevolg, redeneer Brink (1967:109). In so ’n krisistyd moet dinge op nuwe maniere belig en uitgedruk word om die belang daarvan onder mense se aandag te bring. ’n Stuk letterkunde kan moontlik ’n rol speel in hierdie opsig: omdat literêre taal inherent kreatief is en sterk emosie kan ontlok, het dit die vermoë om dinge op nuwe maniere te verwoord wat lesers op nuwe maniere kan tref. *Littérature engagée* daag die leser uit om nie fundamentalisties te lees nie, maar eerder met nuwe en vars perspektiewe na tekste te kyk (Graff, 1979:193).

Sartre se beskouing van betrokkenheid in letterkunde plaas egter sterk klem op die gewilligheid van die leser om self te besluit om deur die stuk letterkunde beïnvloed te word en moontlik gevolglik sy of haar perspektief op ’n sekere saak aan te pas en daarby betrokke te raak (Brink, 2010; Hattingh, 1990). Daar is dus nie sprake van dwang nie, maar eerder ’n proses van bewusmaking en inspirasie. Dit eindig egter nie by inspirasie nie. Brink (2010) verduidelik dat Sartre betrokke letterkunde beskou het as ’n geleentheid vir die leser om ’n medeskepper van die literêre werk te word. Die leser word ’n kreatiewe deelnemer, eerder as ’n passiewe verbruiker van die teks. Op hierdie manier fokus betrokke letterkunde op die verhouding en interaksie tussen die teks (die gedig) en die leser.

Wat die opdrag oor betrokke poësie in die AFLL121-module betref, word die studente gelei om die werking van betrokke poësie eerstehands te ervaar. Die studente lees naamlik die gedigte wat spesifiek handel oor aktivisme ten opsigte van die taal Afrikaans, wat vir die meerderheid studente in die klas ’n moedertaal is, en wat ook deurlopend ’n emosionele saak op universiteitskampusse is. Die drie gedigte het egter in verskillende kontekste ontstaan, en het daarom verskillende sienings oor hoe daar oor Afrikaans en die oorsprong daarvan gedink moet word.

### *2.3 Die taalpolitieke en -aktivistiese konteks van die drie gedigte*

Jan Lion Cachet se gedig “Di Afrikaanse taal” (Brink, 2009:15) het verskyn in die tyd wat die Eerste Afrikaanse Beweging aan die gang was, naamlik in die laaste kwart van die negentiende eeu (Dekker, 1935:6;28). Die Eerste Afrikaanse Beweging was meer as slegs ’n taalbeweging. Dit was ook ’n ekonomiese en politieke beweging vanuit Afrikanergeledere aangesien Afrikaanssprekendes in hierdie tyd geen politieke mag in Suid-Afrika gehad het nie (Dekker, 1935:7). Nadat die Kaap ’n Britse kolonie geword het, het Lord Charles Somerset Engels tot die enigste amptelike taal verklaar. Selfs Nederlands is op daardie stadium uit regeringsake verban. Afrikaans is op daardie stadium beskou as ’n “plat omgangstaal, ongeskik vir meer verhewe doeleindes” (Dekker, 1935:6).

In 1875 word die Genootskap vir Regte Afrikaners gestig, aanvanklik om die saak vir ’n Afrikaanse Bybelvertaling te bepleit (Dekker, 1935:12). Dit is egter duidelik dat die GRA ook sterk nasionalistiese oogmerke gehad het. Hulle wou die Afrikaner ophef tot ’n nasie met ’n eie amptelike taal. Dit het onder andere behels dat ’n taalstryd teen die oorheersing van Engels (en ook tot ’n mate Nederlands) gevoer moes word, en dat Afrikaans ontwikkel word tot “volwaardige taal”. Publikasies (soos *Die Patriot* en *Ons Klyntji*) was noodsaaklik in hierdie opsig omdat dit Afrikaans se status as taal met eie talige kenmerke sou bevorder.

Dit is binne hierdie groter politieke, taalpolitieke en taalontwikkelingskonteks wat “Di Afrikaanse Taal” van Jan Lion Cachet in 1896 in *Ons Klyntji* gepubliseer is. Alhoewel hy nie lid was van die GRA nie, het Lion Cachet wel sy steun daaraan gegee (Dekker, 1935:29). Soos reeds genoem, is hierdie gedig geskryf in ’n verouderde of archaïese vorm van Afrikaans en handel oor die digter se hoofsaaklik Eurosentriese interpretasie van die oorsprong van Afrikaans,

en spesifiek watter Europese tale ’n invloed daarop gehad het. ’n Sterk nasionalistiese en taalideologiese element is teenwoordig aangesien die digter duidelike taaltrots in die gedig uitspreek. Daar word naamlik verwys na ’n digter-vryer wat die moedertaal Afrikaans se hand moet vat sodat hulle saam die land kan inspireer om hulle na te volg en koning en koningin van “heel Suid-Afrika” te word (Brink, 2009:15). Dit is ook duidelik dat die digter van mening is dat Afrikaanssprekendes aan die einde van die 19de en begin van die 20ste eeu moes stry vir die reg om Afrikaans te praat, en ook dat daar neergesien is op Afrikaans binne die sosiopolitieke konteks van Suid-Afrika voordat Afrikaans gestandaardiseer en as amptelike landstaal erken is. Alhoewel betrokke literatuur as verskynsel eers ná die tweede wêreldoorlog bestudeer is, kan ’n mens wel ’n argument daarvoor uitmaak dat “Di Afrikaanse Taal” binne die konteks van taalideologie en taalpolitiek gelees kan word as ’n betrokke gedig omdat dit die Afrikaanse leser van die tyd sou aanmoedig om Afrikaans as taal aan te gryp en te beoefen. Die gevolg sou wees dat die oorheersing van (die koloniale) Engels as enigste amptelike landstaal teengestaan is, en daarmee saam algemene Britse oorheersing.

Boezak se gedig “Ons Afrikaanse kind” en Ferrus se “Afrikaans, ’n versoeningstaal” het beide in die tweede dekade van die huidige eeu verskyn. Dit was ’n tyd van spanning tussen die wit en bruin sprekers van Afrikaans, ’n spanning wat oor dekades opgebou het. Tydens die Afrikaanse Taalindaba in Stellenbosch in 2004 vind samesprekinge plaas om ’n nasionale taalliggaam vir Afrikaans saam te stel (Van der Waal, 2012:546). Tydens die samesprekinge word dit duidelik dat die bruin (en swart) Afrikaanse taalkundiges wat teenwoordig was, die wit Afrikaans taalaktiviste se bedoelinge wantrou. Van der Waal voer aan dat, alhoewel die bruin Afrikaanssprekendes se bydraes broodnodig is binne die Afrikaanse taalpolitieke landskap, hulle gereeld daarvan beskuldig is dat hulle nie taalaktivisties genoeg is nie. Gepaardgaande daarmee word Kaaps (steeds) gereeld deur wit Afrikaanssprekers beskou as “onsuiwer” en daarom ’n bedreiging vir “goeie en suiwer” “Standaardafrikaans”. Dit is noemenswaardig dat daar in September 2009 ’n akademiese kongres en kultuurfees met die naam “Roots” by die Universiteit van Weskaapland plaasgevind het (Van der Waal, 2012:457). Tydens hierdie kongres en fees word uiting gegee aan “coloured Afrikaans-speakers” (Van der Waal, 2012:457) se ervaring van Afrikaans as ’n kreoolse taal met verskeie inheemse en uitheemse invloede.

Die konteks van Boezak en Ferrus se gedigte moet egter verder teruggevoer word na die gesprekke rondom Afrikaans voor en in die nuwe demokratiese bestel. Vandat die Nasionale Party in die 1940’s aan bewind gekom het, is Afrikaans gebruik om die wit sprekers daarvan polities te bevoordeel, in ’n proses wat Neville Alexander (2004:115) beskryf as “language engineering”. Die doel was om met behulp van strategieë soos enkelmediumonderrig Afrikaans op te hef tot ten minste gelyk aan Engels wat die meeste sosiale en amptelike funksies betref. Willemse (2003:9) argumenteer dat ook die Afrikaanse letterkunde gebruik is om ’n bepaalde Afrikaner-nasionalisme op grond van etnisiteit daar te stel. Die vorm van Afrikaans wat vir hierdie projek ingespan is, is die vernederlandsde vorm wat tot so onlangs as 2009 nog nie voldoende erkenning gegee het aan die invloede van inheemse en slawetale op die ontwikkeling van die taal nie (Van Rensburg, 2017; 2019). Van Rensburg (2013:3) verduidelik dat alhoewel vroeg reeds waargeneem is dat nie-Nederlandssprekers se tale ’n groot invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad het, die besonderhede daarvan vir lank onontgin gelaat is. In hierdie verband noem hy byvoorbeeld die invloed van die tale van die Afro-Asiatiese slawe, die Portugese seevaarders en die Khoi. Akademici soos Neville Alexander (2004), Achmat Davids (1990) en Hein Willemse (2013) voer lank reeds soortgelyke argumente waarin alternatiewe narratiewe met betrekking tot die ontwikkeling van Afrikaans beredeneer en die


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

argumente rondom die Europese (hoofsaaklik Nederlandse) wortels van Afrikaans bevraagteken word. Beide "Ons Afrikaanse kind" deur Boezak en "Afrikaans, 'n versoeningstaal" deur Ferrus maak melding van die verskeidenheid talige invloede van Afrikaans. Boezak se gedig beskryf naamlik hoe Afrikaans langs die kus van Suid-Afrika "hortend sukkelend" gebore is "tussendeur gebare met vreemde kaaseters, wyndrinkers en speserysoekers" en hoe dit later beïnvloed is deur die tale van "vreemdes in kettings". In "Afrikaans, 'n versoeningstaal" word verduidelik dat "hulle" gesê het dat Afrikaans "uit die mond van Europa" kom, maar dat dit eintlik "uit die buik van Afrika" kom, "uit die monde van slawe, Europeërs en inheemse volke".

Die gevolg daarvan dat die talige invloede van (onder andere) die voorouers van bruin sprekers van Afrikaans nie erken is nie, is dat moderne bruin sprekers aangevoel het dat dit nodig is om 'n eie taalstryd te voer teen die oorheersing van 'n enkele, wit verhaal oor die ontstaan van Afrikaans. Dit maak sin om Boezak en Ferrus se gedigte in hierdie konteks te beskou. Beide Willa Boezak en Diana Ferrus is bedrywige taalmense wat bekend is vir hulle aktivisme, spesifiek wat die regte van gemarginaliseerde taalgemeenskappe betref (Anon, 2023 en UWC Institutional Advancement, 2023). Boezak en Ferrus se gedigte vertoon elemente van taalaktivisme aangesien beide uitsprake maak oor die oorsprong van Afrikaans. Die gedigte beklemtoon verder die invloed en versoeningspotensiaal wat Afrikaans in die moderne Suid-Afrika kan hê. Hierdie twee gedigte verskil in 'n groot mate van Lion Cachet s'n aangesien beide Afrikaans se oorsprong nie hoofsaaklik na Europa terugspoor nie, maar aanvoer dat Afrikaans in die eerste plek 'n inheemse Suid-Afrikaanse taal is wat hier op eie bodem ontwikkel het te midde van 'n wye verskeidenheid talige invloede.

Alhoewel daar dus duidelike verskille te sien is in die tipe taalaktivistiese uitgangspunte van die drie gedigte, is dit spesifiek gekies omdat dit duidelik verskillende ideologiese uitgangspunte oor Afrikaans vertoon. Lion Cachet se gedig fokus naamlik op beperkende taalideologiese verskynsels soos essensialisme, taalnasionalisme, die verheffing van die idee van 'n "moedertaal" en taalchauvinisme, waaraan later aandag geskenk sal word. Ferrus en Boezak se gedigte, daarteenoor, staan 'n meer demokratiese en inklusiewe beskouing van Afrikaans voor. Die uiteindelike oogmerk van die opdrag is dat die studente hierdie verskil in breë trekke moet raaksien. Die veronderstelling is dan dat hierdie twee uiteenlopende beskouings oor Afrikaans die studente daartoe sal lei om moontlike eie beperkende ideologieë in verband met taal raak te sien en krities te beskou.

### *2.4 Pedagogiese oorwegings*

Die taal- en letterkundeklaskamer bied 'n produktiewe ruimte om die maniere waarop studente vooropgestelde idees en aannames reproduseer en uitdaag te bestudeer. Sharma (2021:8) voer aan dat om studente se reaksies te assesseer en te bestudeer die potensiaal het om konvensionele maniere van dink en doen uit te daag en te transformeer. Die studente in Sharma se studie het 'n teks gelees wat deur 'n transgender persoon geskryf is en is toe aan die hand van 'n aantal vrae gevra om op die narratief te reageer. Hul reaksies is daarna aan die hand van kritiese diskoersanalise bestudeer om hul persoonlike kennis en oortuigings oor die onderwerp te bepaal. Die ideaal is uiteindelik dat die blootstelling aan hierdie spesifieke teks hulle sou lei om hul eie vooropgestelde idees rondom die ervarings van transgender persone te bevraagteken en aan te pas. 'n Soortgelyke proses is gevolg wat die opdrag oor betrokke poësie betref. Aangesien daar na die outeurs se wete nie enige soortgelyke navorsing binne die Suid-Afrikaanse tersiêre onderrigkonteks gedoen is nie, lewer ons navorsing en artikel 'n belangrike bydrae.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

Om die uitwerking van studente se interaksie met betrokke poësie te belig, en vas te stel of die verwagte leer wel plaasgevind het, kan kursoriese insigte in verband met die leerproses wat as "selfgerigte leer" (vgl. Knowles, 1975; Gibbons, 2002) bekend staan, nuttig wees. Leer wat geheel en al, of tot 'n mate, deur die leerder/student self gerig word, dui op 'n verskuiwing vanaf leer wat alleenlik deur 'n onderwyser/dosent gerig word. Selfgerigte leer verwys na die individu se vermoë om self kennis te vermeerder, vaardighede te verbeter, doelwitte te stel en persoonlik te ontwikkel (Vos & Van Oort, 2018:934). Vos en Van Oort (2018) voer met verwysing na Fuglei (2018) aan dat selfgerigte *lees* 'n integrale deel van selfgerigte *leer* is. Hulle argumenteer dat 'n leser se individuele kennismaking met 'n teks aan die hand van 'n voorsiene raamwerk (of leidrade) "selfontdekking, selfverantwoordelikheid, eie menings en selfstandige besluitneming" tot gevolg kan hê (Vos & van Oort, 2018:935). Die maniere waarop betrokke poësie funksioneer, eggo die doeleindes van selfgerigte lees omdat dit lesers aanspoor om hulle eie idees en opinies oor die werklikheid ondersoekend te ontdek en om besluite te neem oor hoe die inligting in die betrokke gedig dan hul werklikheidsbeeld gaan beïnvloed, al dan nie.

Vos en Van Oort (2018) se artikel is 'n illustrasie van hoe 'n onderwyser of dosent sekere tekstuele elemente as leidrade vir studente kan uitlig om hulle by te staan met die proses van selfgerigte lees. Dit is duidelik dat daar wat die AFLL121-opdrag oor betrokke poësie betref, nie totale selfgerigte leer plaasgevind het nie. Dit is egter waar dat 'n mate van selfgerigte leer aan die hand van selfgerigte *lees* wel plaasvind. In die eerste plek is dit die eerste keer wat die studente die drie gedigte wat in die opdrag ter sprake is, binne die klaskonteks sien. Die gedigte word nie in die klas gelees of behandel nie. In hierdie opsig maak die studente dus gebruik van selfgerigte *lees*. Die opdrag word voorafgegaan deur 'n lesing oor betrokke poësie. Die gedigte word ook in die meegaande inligtingstuk getipeer as betrokke poësie omdat dit handel oor taalaktivisme aangesien elkeen van die drie digters in hul gedigte besig is met 'n eie pleidooi vir Afrikaans. Die studente word dus van genoeg leidrade voorsien om die opdrag binne die konteks van die leeronderwerp van betrokke poësie te benader.

Die vrae in die opdrag is ook só opgestel en volg volgens 'n spesifieke manier op mekaar sodat dit die studente lei om, wanneer hulle by die laaste vraag kom, krities te kan besin oor eie taalideologiese standpunte. Die eerste vraag (1.1.) handel oor wanneer elkeen van die gedigte min of meer verskyn het. Die doel hiermee is om die studente attent te maak daarop dat die drie gedigte uit twee verskillende historiese eras spruit. Deur waar te neem dat Lion Cachet se gedig uit die negentiende eeu dateer en Boezak en Ferrus s'n uit die een-en-twintigste eeu, behoort die studente tot die besef te kom dat die kontekste waarin die digters oor Afrikaans gedig het, ingrypend verskil. Op soortgelyke wyse behoort vrae 1.2. en 1.3. oor die digters se herkoms en hul moontlike voorouers, die student te laat besef dat die perspektiewe waaruit die drie digters skryf, ook heeltemal verskil en dat dit 'n groot invloed sal hê op hoe elkeen oor Afrikaans as taal voel. Elkeen se "taalstryd" sal dus verskil. Vrae 2 en 3 handel oor die titels en taalgebruik van die gedigte. Die student word met hierdie vrae gelei om raak te sien dat Lion Cachet se gedig in 'n verouderde vorm van Afrikaans geskryf is aangesien die titel asook die res van die gedig vreemde, verouderde skryfstyl en spelling bevat, terwyl Ferrus en Boezak se taalgebruik herkenbaar is en meer lyk op algemene Afrikaans (Pilon, 2023). Die titels van die drie gedigte dui ook op verskillende ingesteldhede ten opsigte van Afrikaans. Waar Lion Cachet s'n die Afrikaanse taal as verskynsel (met 'n bepaalde lidwoord, "Di") sterk voorop stel, wys die titel van Boezak se gedig op die beskouing dat Afrikaans maar nog 'n kind is; 'n geliefde een wel ("ons"), maar een wat maar nog in sy kinderskoene is. Ferrus se


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

gedigtitel plaas weer die fokus op Afrikaans se potensiaal om ’n rol te speel met betrekking tot versoening in Suid-Afrika.

Die student sal waarskynlik nie op hierdie stadium al ten volle besef dat die titels reeds verskillende taalideologiese uitgangspunte verteenwoordig nie. Vraag 4 rig die student se aandag spesifiek op hoe verskillend daar in die drie gedigte gepraat word oor Afrikaans se herkoms: Cachet (2009:15) se gedig stel dit duidelik dat Afrikaans “van ’n hoog geslag” afkomstig is (Holland, Frankryk), en dat die feit dat die taal uitgeskel word “vir Hotnotsmeid” ongeoorloof is. Die invloed van die inheemse en Oosterse tale word dus sterk ontken. Daarmee saam word die menswaardigheid van baie van die sprekers van hierdie tale ook ontken soos gesien kan word in die inherente rassisme in die term “hotnotsmeid”, en die feit dat Cachet se Afrikaans nie daarmee geassosieer moes word nie. Ferrus en Boezak se gedigte voer egter ’n duidelike argument dat Afrikaans as “onse reënboogkind” “hortend / sukkelend” al “by die kuste langs” (Boezak, 2007) gebore is, dat dit “uit die buik van Afrika” en “uit die monde van slawe, Europeërs en inheemse volke” (Ferrus, 2004) kom. Op hierdie punt is die veronderstelling dat die student die verskil in uitgangspunt tussen die gedigte sal kan raaksien. Vraag 5 en 6 handel oor poëtiese elemente in die gedigte: dinge soos tipografie, rym, ritme, metrum, stylfigure en beeldspraak. Die doel van vraag 5 is om aan te dui dat Cachet se gedig meer tradisioneel en vormvas is wat bou betref, waar Boezak en Ferrus s’n informeel in vryeversvorm geskryf is. Die styl dra dus ook betekenis oor: die vormvaste styl dui op ’n “outydse” en tradisionele ingesteldheid wat waarde heg aan reëls en vaste strukture, waar die vrye vers ’n gemakliker en meer toegeeflike gevoel skep. Vraag 6 moedig die student aan om op figuurlike vlak te gaan soek na metafore wat hierdie uiteenlopende ingesteldhede illustreer.

Al die vrae in die opdrag vloei uiteindelik byeen in Vraag 7: *Laat die drie gedigte jou anders dink oor Afrikaans en die invloed van betrokke Afrikaanse poësie? Hoekom of hoekom nie?* Omdat die student reeds ’n lesing gehad het oor betrokke poësie en die invloed daarvan (al dan nie) op ’n leser, en omdat die vrae in die opdrag die student lei om die drie gedigte pertinent as betrokke poësie te lees wat oor taalideologie handel, behoort die student hierdie vraag met insig te kan lees. Die veronderstelling is dat die studente hul eie taalideologiese ingesteldhede moet raaksien en krities ondersoek. Die data wat ons ingesamel en geanaliseer het wat later in die artikel bespreek word, dui aan dat die opdrag in hierdie opsig wel tot ’n mate geslaagd was, maar dat dit nog maar ’n eerste stap in die proses is. Verdere akademiese voorligting rondom taalideologie en -variasie, spesifiek vanuit ’n taalkundige perspektief, behoort voort te bou op hierdie letterkundige opdrag.

Alhoewel die veronderstelde leerproses nie as volledig selfgerig beskryf kan word nie, dui die daad van selfgerigte lees, die insluiting van spesifieke vrae, en die feit dat die studente hul eie ervaring van die betrokke poësie moet evalueer, wel daarop dat selfstandige leer plaasvind. Daar is naamlik sprake van selfontdekking, selfverantwoordelikheid en eie meningsvorming aan die hand van ’n voorsiene raamwerk. Die konteks wat aan die begin van die opdrag verskaf word, sowel as die manier waarop die vrae gestel word, het ten doel om die studente te lei om *self* by sekere gevolgtrekkings oor die inhoude en betrokke aard van die gedigte te kom. Die ervaring van die teks bly egter steeds belangrik, veral omdat dit gaan oor ’n persoonlike en moontlik emosionele saak soos taal. Daar kan ook uit die antwoorde van sommige studente afgelei word dat die taalideologieë wat hulle handhaaf hulle interpretasie van die gedigte beïnvloed. Taalideologie kan daartoe lei dat sommige studente bewustelik of onbewustelik weerstand bied teen die betrokke invloed van die gedigte, wat ’n beperkende invloed op die potensiaal van selfstandige lees kan hê.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

### *2.5 Taalideologie*

Ideologie verwys na ’n stelsel van idees en houdings oor een of ander aspek van realiteit, wat as fundamenteel en “voor die hand liggend” gesien word, en as normatief hanteer word (Weber & Horner, 2011:16). Wat taalideologie betref, gaan dit oor die manier waarop mense oor taal dink, en veral die kulturele sisteme van idees, gevoelens, norme en waardes wat daardie denke bepaal. Daar is verskillende tipes taalideologie wat gewoonlik ’n ineenverweefde netwerk van idees vorm wat mense oor (’n) taal handhaaf.

*Essensialisme* is die idee dat objekte ’n essensie bevat wat dit inherent maak wat dit is en daaraan ’n eie karakter gee. Wanneer taal essensialisties beskou word, gaan dit daaroor dat elke taal ’n unieke karakter het, en dat dit diskrete, begrensde objekte is wat duidelik van ander tale onderskei kan word. Verder is ’n essensialistiese skakel tussen die taal en ’n spesifieke kultuur en/of etnisiteit tipies deel van hierdie ideologie – ’n persoon en die groter groep eien die taal vir hulle toe, en verwys daarna as ’n besitting. Milroy (2001:538) dui aan dat mense dikwels ’n taal as ’n waardevolle kulturele besitting konseptualiseer, met ’n lang geskiedenis en historiese skakels met gerespekteerde voorouers. Dit is ook belangrik dat die taal so suiwer en onvermeng as moontlik sal wees.

*Taalpurisme* betrek essensialistiese aannames oor die aard of karakter van ’n taal, met ’n sterk fokus op die “eie” in en van ’n taal. Daarmee saam gaan tipies sterk oordele oor “goeie” of “behoorlike” taalgebruik. ’n Noodsaaklike idee wat taalpurisme onderlê, is dat ’n taal beskadig kan word – hetsy deur die nalatigheid van sprekers, of eksterne invloede soos taalkontak (Langer & Nesse, 2012:608). Aangesien daar strenggesproke nie iets bestaan soos taalsuiwerheid of ’n suiwer taal nie (Langer & Nesse, 2012:610), blyk dit dat puriste se bekommernis eerder handel oor die agteruitgang van die standaarde van die hedendaagse samelewing – in terme van taal, van waardes, en van opvoeding (Langer & Nesse, 2012:611).

Bogenoemde skakel direk met *standaardtaalideologie*, oftewel die voorhou van die standaardvariëteit as “die taal”, en die maatstaf vir “korrekte” taalgebruik. Die standaardvariëteit van ’n taal kan baie nuttig wees om kommunikasie tussen sprekers van verskillende streke of sosiale groepe te bewerkstellig, maar in standaardtaalideologie gaan dit oor veel meer as effektiewe kommunikasie. In hierdie ideologie het sprekers oor die algemeen ’n bewustheid van “korrekte” taalgebruik (Milroy, 2001:535), en enige afwykings van hierdie voorgeskrewe norme merk ’n spreker as sosiaal minderwaardig (Langer & Nesse, 2012:612).

Die standaardvariëteit is verder die taalvorm waaraan ’n spesifieke groep – gewoonlik gekonseptualiseer as ’n *volk* – hulle verbind. In hierdie tipe *taalnasionalisme* word “die taal” gesien as die besitting van “die volk”, met ’n inherente band tussen volk en taal (en dikwels gebied) wat deur die geskiedenis bevestig word.

Uit die taalnasionalisme en standaardtaalideologie word dit duidelik dat *alle tale (en variëteite) nie gelyk is nie*. Die standaardvariëteit verteenwoordig “die taal”, en is nie “net ’n dialek” nie (Milroy, 2001:543). ’n Spreektaal word “verhef” tot ’n standaardtaal met amptelike erkenning – ’n *volwaardige* taal. Aan die ander kant is die ander variëteite van ’n taal “substandaard”, en word nie as belangrik of waardevol geag buite die spesifieke spraakgemeenskap nie.

’n Verdere belangrike ideologie is dié van die *moedertaal*. Eerder as om ’n taal as huistaal te beskryf op grond van waar dit aangeleer en gebruik word, of eerste taal op grond van die volgorde van aanleer of die vlak van vaardigheid, word daar dikwels eerder na ’n spreker se moedertaal verwys. Daar is ’n egtheid en morele waarde verbonde aan die moedertaal as die


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

eerste en daarom *werklike* taal van ’n spreker, diep verbind met die ware self (Woolard, 1998:18).

Uit die bogenoemde ideologieë spruit daar soms ’n *chauvinisme* – waar sprekers die taal voorhou as mooi en goed omdat dit “ons s’n” is. Daar is sprake van byvoorbeeld “taaltrots” wat sprekers behoort te hê, en dié wat die taal as bloot ’n gebruiksmiddel sien en hanteer, word as “volksverraaiers” beskou, veral in ouer tekste soos byvoorbeeld Botha en Van Aardt (1987:29).

In Afrikaanse geskiedskrywing is hierdie ideologieë duidelik te sien (Kotzé & Kirsten, 2016). Roberge (1990:131) noem dat Afrikaners “inordinately proud” is op die “survival and development of their once despised ‘barbarious patois’ into a culture language”. Die verheffing van die spreektaal was en is vir baie Afrikaners ’n bron van trots, mite en rituele viering (Roberge, 1990:131).

Dit is vandag steeds teenwoordig in algemene idees oor Afrikaans. Van der Waal (2012:447) verduidelik hoe die essensialistiese idees oor taalsuiwerheid gebruik word om die grense van Standaardafrikaans te beskerm en te verdedig teen Engels. Die ander variëteite, wat veral deur bruin sprekers gebruik word, is dan “substandaard” en “onsuiwer” (Van der Waal, 2012:449).

Een van die doelwitte van *ontlaering* is om Afrikaans los te maak van hierdie ideologieë en die eksklusiewe laermentaliteit af te breek. In die redakteursbrief vir die spesiale Ontlaeringuitgawe van *Tydskrif vir Letterkunde*, skryf Smit, Burger en Linde (2022:1) dat die woord “ontlaering” bedink is na aanleiding van “die historiese konsep van die ossewalaer, en die metaforiese gebruik van hierdie konsep wanneer daar (in die sogenaamde ‘volksmond’) gepraat word van ‘Afrikaners’ wat neig om laer te trek – wit Afrikaanssprekendes wat saam skaar en buitestanders vermy”. Hulle voer ook met verwysing na Kostopoulos, een van die sprekers tydens die 2018 Ontlaeringkongres, se verstaan van die woord “laer” aan dat ’n laer (wat bestaan uit die letterlike ossewaens, maar ook die figuurlike verstaan daarvan) iets is wat verskuif kan en behoort te word. Dit is in hierdie konteks dat ons die woord “ontlaering” betrek om te probeer bepaal of en tot welke mate ’n opdrag waarin die aard en funksionering van betrokke poësie as’t ware prakties vir die studente gedemonstreer word, daarin slaag om hulle bewus te maak van taalideologie en die invloed daarvan op individue se idees oor taal. Die vraag is dus of die taalaktivistiese gedigte lei tot ’n tipe “ontlaering” van die studente se denke rondom taal, of nie.

## 3. Metode van ondersoek

### *3.1 Kritiese diskoersanalise*

Kritiese diskoersanalise is ’n kwalitatiewe metode wat gebruik kan word om, onder meer, tekens van ideologie in taalgebruik en woordkeuse te ondersoek (Sharma, 2021:10). Gee (2011a:28-29) beskryf kritiese diskoersanalise as ’n funksionele makro-analitise bo-na-ondermetode om onderliggende politieke en ideologiese nuanses in diskoers te identifiseer. Ideologie en taal het ’n noue band, omdat taalgebruik so ’n algemene vorm van sosiale gedrag is, en steun op gedeelde aannames en konvensies (Fairclough, 2001:2). Ideologie kan deur middel van kritiese diskoersanalise ondersoek word omdat dit deel vorm van hoe tekste saamgestel word, en allerhande aannames op skrywers en lesers afdwing sonder dat hulle noodwendig daarvan bewus is (Fairclough, 2001:69). Kritiese diskoersanalise kan dan gebruik word om te probeer vasstel wat skrywers bedoel én wat hulle (wetend of onwetend) impliseer (Gee, 2011b:x).

Die kritiese analise van taal-in-gebruik is belangrik omdat taal altyd in ’n spesifieke konteks gebruik word, en ’n spesifieke aksie uitvoer (Gee, 2011b:44). Om iets te “sê” skakel direk met om iets te “doen” en te “wees” (Gee, 2011a:5), so dit wat ’n mens sê, kan nie losgemaak word van wat ’n mens andersins doen, of wie ’n mens is nie.

’n Belangrike beginsel wat in hierdie analise gevolg word, is dat die analis werk met die teks soos dit daar uitsien, met die konteks wat in die teks self gegee word. Die verskuilde betekenisse en ideologieë word gevind deur ’n noukeurige analise van die taalgebruik in die teks, sonder om verdere bedoelings aan die outeur(s) toe te skryf wat nie duidelik uit die konteks blyk nie. ’n Voorbeeld hiervan is die gebruik van besitsvorme saam met “taal”, soos “ons taal”, “sy taal” of “ons almal se taal” – ongeag hoe algemeen die gebruik is, dit dui ’n besitsverhouding aan wat ’n spesifieke konseptualisering van taal verg om sin te maak.

### *3.2 Brontekste en analisemetode*

Die tekste wat as data vir die kritiese diskoersanalise gebruik is, is die ingehandigde opdragte van al die studente wat vir ons toestemming gegee het om hulle opdragte te gebruik (die etieknommer van die projek is NWU-00717-21-A7). Die ongemerkte opdragte is afgelaai, en herbenoem met nommers – 1 tot 33. Daarna is dit in ATLAS.ti gevoer vir tematiese analise.

Die eerste fase van die analise het behels dat die tekste eers deeglik deurgelees is vir ’n begrip van die inhoud. Daarna is die tekste weer gelees om temas te identifiseer aan die hand van die literatuur oor taalideologie, maar ook om enige verdere moontlike temas wat uit die tekste voortkom, vas te stel (bv. *chauvinisme*). Nadat die temas voorlopig gefinaliseer is, is elke opdrag weer gelees en die relevante gedeeltes is gemerk en gekodeer in ATLAS.ti. (Sien onder andere die studie van Chikuni *et al.*, 2021:9 vir ’n soortgelyke metode.)

Op grond van die literatuur (Kirsten, 2017; Weber & Horner, 2011) en ’n deeglike lees van ’n aantal opdragte, is die volgende ideologiese temas geïdentifiseer (soos hier bo bespreek) wat as kodes in die analise gebruik is:

- essensialisme
- taalpurisme
- standaardtaalideologie
- taalnasionalisme
- hiërargie van tale / variëteite
- moedertaalideologie
- chauvinisme

Uiteraard is *ontlaering* as kode ook gebruik om aan te dui waar studente wys dat hulle denke verder strek as tradisionele Afrikanernasionalisme en die bagasie wat dikwels daarmee saamgaan.

Nadat een navorser al die opdragte deurgewerk en gekodeer het, het die ander navorser die analises nagegaan en terugvoer gegee. Op grond daarvan is die analises deeglik hersien, voordat die finale resultate onttrek is uit ATLAS.ti.

## 4. Resultate en bespreking[3]

### *4.1 Oorsigtelike bevindinge*

Daar is altesaam 294 kodes in die 33 dokumente (sien Tabel 1), wat aan 250 gedeeltes toegeken is. Daar is dus 44 gedeeltes waaraan daar twee kodes toegeken is. Tabel 2 wys hoeveel van watter kodes saam voorkom.

**TABEL 1**

| **Kode** | | |
|---|---|---|
| chauvinisme | 31 | 11% |
| een volk een taal / nasionalisme | 33 | 11% |
| essensialisme | 67 | 23% |
| hiërargie van tale / variëteite | 14 | 5% |
| moedertaalideologie | 15 | 5% |
| standaardtaalideologie | 9 | 3% |
| taalpurisme | 10 | 3% |
| ontlaering | 115 | 39% |
| | **294** | |

**TABEL 2**

| | chauv. | taalna-sionaal. | essen-sieel. | hiërargie | moedert. | ontlaering | standaard | purisme |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| chauvinisme | | | | | | | | |
| Taalnasionaal | 2 | | | | | | | |
| essensieel | 11 | 4 | | | | | | |
| hiërargie | 0 | 2 | 2 | | | | | |
| moedertaal | 1 | 2 | 0 | 0 | | | | |
| ontlaering | 2 | 1 | 6 | 0 | 4 | | | |
| standaard | 0 | 2 | 0 | 1 | 0 | 0 | | |
| purisme | 2 | 1 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | |

[3] Tydens die proses om die data te verwerk, het ons besef dat die feit dat die opdrag twee “nuwer” gedigte, maar slegs een “ouer” gedig insluit, die data tot ’n mate kan beïnvloed. Die studentereaksies wat dui op ’n ontlaering-impuls sal dus waarskynlik meer wees as ander reaksies aangesien daar dubbeld soveel gedigte is wat die saak aanvoor. Dit is dus ’n beperking van die studie.

Wat die opdragte self betref, is daar ’n kontinuum – van een opdrag met slegs een kode by een gedeelte, tot een opdrag met 24 kodes wat aan 19 gedeeltes toegeken is. Aangesien die fokus wel minder op individuele studente is, en meer op die groep as geheel, gaan daar meer aandag gegee word aan die gebruik van die kodes oor opdragte heen as om op spesifieke opdragte in te gaan.

### *4.2 Essensialisme*

Van die tradisioneel ideologiese kodes is *essensialisme* die een met die hoogste frekwensie. Dit is nie onverwags nie, aangesien essensialistiese beginsels heelwat van die ander kodes onderlê. Dit blyk ook uit die hoeveelheid kere wat *essensialisme* saam met ander kodes voorkom – veral *chauvinisme*, maar ook *taalnasionalisme* en *hiërargie van tale*. Dit kom ook ’n hele paar keer saam met *ontlaering* voor, wat aandui dat dit ’n diepgewortelde konseptualisering is, soms selfs wanneer studente hulle standpunte heroorweeg.

Een van die essensialistiese konsepte wat herhaaldelik voorkom, is dat Afrikaans as taal ’n “aard” of “karakter” het wat die “kern” van die taal is (voorbeeld 1 tot 3).

1. “… ’n verhaal wat **eg Afrikaans** is…” (1:6) [Cachet][4]
2. “Skep ’n **tipiese Afrikaanse prentjie**.” (3:2) [Cachet]
3. “… woorde gebruik wat **eie is aan Afrikaans**…” (10:5) [Boezak]

’n Verdere essensialistiese konsep wat voorkom, is dat ’n taal nie net gereïfiseer word as ’n objek nie, maar dat daar selfs agentskap en dade aan die taal toegeken word, soos aangedui in voorbeeld 4 tot 6.

4. “… hoe **die taal dit bewerkstellig** het…” (7:3) [Ferrus]
5. “En dat Afrikaans afgeskeep word en die **Engelse sisteem dit probeer onderdruk**.” (19:16) [Boezak]
6. “… **die taal homself geskep** het.” (30:1) [Ferrus]

Die taal Afrikaans word ook gereeld as ’n besitting (voorbeeld 7) en as ’n eienskap van ’n persoon (voorbeeld 8) hanteer.

7. “… die ritme van **ons taal** Afrikaans.” (2:4) [Cachet]
8. “… ’n kind wat **Afrikaans is**…” (8:2) [Boezak]

Die kode *essensialisme* kom in 25 van die 33 tekste voor, wat beteken dat dit nie net diep gevestig is, soos vroeër genoem nie, maar ook wyd verspreid.

### *4.3 Taalpurisme*

Daar is nie baie gevalle van eksplisiete *taalpurisme* in die opdragte nie – dit kom slegs 10 keer in totaal, versprei oor sewe opdragte voor. Wanneer puristiese idees voorkom, is dit gefokus op “vreemde woorde” (9), iets wat “vermeng” of “gemeng” is (10), met enkele verwysings na “suiwerheid” (11).

9. “Die digter wou nie veel ander **vreemde woorde** gebruik of weglatings nie, want dit sou haar punt nie getsaaf [sic] het oor Afrikaans se uniekheid nie.” (1:10) [Ferrus]

[4] Die naam aan die einde van elke voorbeeld dui aan watter digter se gedig op daardie punt in die opdrag bespreek word, of wanneer dit deel vorm van ’n algemene bespreking.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

10. “… dat Afrikaans **vermeng** is…” (11:4) [Boezak]
11. “… die taalgebruik is duidelik nie die **suiwer** Afrikaans wat ons ken nie.” (28:3) [Cachet]

Verder kom *taalpurisme* twee keer saam met *chauvinisme* voor, een keer saam met *taalnasionalisme*, en een keer saam met *ontlaering*.

### *4.4 Standaardtaalideologie*

’n Belangrike deel van *standaardtaalideologie* is dat mense baie sterk oortuigings het in terme van “korrektheid”. So byvoorbeeld verwys een student na Boezak se taalgebruik in die gedig in terme van:

12. “… **verkeerde** spelling…” (14:3) [Cachet]

Die status van Standaardafrikaans word dan ook uitgelig (13 en 14), en ander variëteite word in direkte kontras daarmee geplaas (15).

13. “… meer **ernstig** en **elegant** wat dus ook by die **standaardheid van Afrikaans pas**.” (19:4) [Ferrus]
14. “Die sinne is geskryf met hoofletters en punte aan die einde van die sin. Dis ’n taal wat **bevorder** het, van vroegs af en baie plekke.” (28:4) [Ferrus]
15. “… die Kapenaars wat ’n ‘**plat**’ vorm van Afrikaans praat.” (13:1) [Boezak]

Hierdie kode het die laagste frekwensie met slegs 9 gevalle, in 8 opdragte. Dit is dus nie besonder prominent onder hierdie groep nie. Die enkele kere wat dit saam met ander kodes voorkom is saam met *taalnasionalisme* en *hiërargie van tale*, wat sin maak aangesien die konsepte nou met mekaar verband hou.

### *4.5 Taalnasionalisme*

Die mees tipiese manifestasie van *taalnasionalisme* is wanneer dit direk verbind word met Afrikanerskap en Afrikanernasionalisme, soos in voorbeeld 16 en 17 hier onder. Daar word ook van “volke” of “nasies” gepraat in terme van spraakgemeenskappe (18), wat onderliggende nasionalisme aandui. Op grond van die een gedig se gebruik van die term *basterkind* word dit deur ’n paar van die studente ook gebruik, maar in (19) word daar eksplisiet na “haar eie mense” verwys, wat ’n nasionalistiese aanslag het.

16. “Die mees realistiese groepe mense wat Afrikaans praat, is die **Afrikaners**…” (5:4) [Cachet]
17. “Hierdie gedig is geskryf in die taal wat **ons as Afrikaners** vandag ken.” (28:4) [Ferrus]
18. “Dit kan eintlik soveel bewusmaking vir ’n **nasie** skep.” (23:4) [Algemene bespreking]
19. “Dit gaan oor ’n basterkind wat groot gemaak word deur wit mense en dan weer terugkeer na **haar eie mense**.” (26:4) [Boezak]

Hierdie kode kom 33 keer voor, versprei oor 17 opdragte – dit is net oor die helfte van die opdragte. Dit is dus redelik versprei. Verder is dit ook die enigste kode wat saam met elkeen van die ander kodes voorkom. Dit dui aan dat die konsep van *taalnasionalisme*, hoewel dit nie op sigself ’n baie hoë frekwensie het nie, vervleg is met die ander tradisioneel ideologiese konsepte wat hier geanaliseer word.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

### *4.6 Hiërargie*

Die kode *hiërargie van tale / variëteite* verwys daarna dat sekere tale en variëteite as meerderwaardig gereken word teenoor ander. Die kode se frekwensie is redelik laag in die datastel, met 14 gedeeltes oor 12 opdragte versprei. Woordkeuses wat daarmee verbind word sluit in "volwaardig" (20), "bevorder" (21) en "behoorlik" (22), wat in die konteks dui op 'n verhoging van status en rangorde.

20. "… 'n **volwaardige** taal…" (5:3) [Boezak]
21. "… daar is nog tyd vir Afrikaans om nog meer te **bevordered** [sic]…" (16:3) [Algemene bespreking]
22. "… het Afrikaans **behoorlik** ontstaan in ons land." (32:7) [Cachet]

Hierdie kode kom voor in kombinasie met *taalnasionalisme, essensialisme* en *standaardtaal-ideologie*. Die verbintenis met *taalnasionalisme* en *standaardtaalideologie* is voor die hand liggend, en *essensialisme* het 'n hoë frekwensie, so hierdie patroon is nie onverwags nie.

### *4.7 Moedertaalideologie*

Die konsep *moedertaal* word wyd gebruik in verskillende kringe, maar dit neem nie die ideologiese onderbou daarvan weg nie. Terwyl daar ander toepaslike terme is om te gebruik, byvoorbeeld "huistaal" of "eerste taal", dui die keuse van "moedertaal" 'n spesifieke invalshoek aan. Dit skakel met die idee dat 'n moedertaal diep en innig met 'n spreker verbind is, en van spesiale waarde vir die spreker is. Buiten vir gewoon die woordkeuse, word daar in die opdragte ook addisionele idees by stellings oor die moedertaal gevoeg (23-26).

23. "… omdat **taal as die moeder van die land** beskou word, jy praat van jou land as jou vaderland maar jou taal is jou moedertaal…" (2:6) [Cachet]
24. "Dit skep 'n verwagting van Afrikaans as **moedertong** wat by kinders aangekweek word op 'n vroeër ouderdom." (9:3) [Ferrus]
25. "Almal is lief vir die '**Moedertaal**'." (18:4) [Algemene bespreking]
26. "… die feit dat Afrikaans ook die **moedertaal** vir baie nie-blankes was en steeds is." (27:1) [Ferrus]

Die kode *moedertaalideologie* kom 15 keer in die datastel voor, versprei oor 9 opdragte. Dit kom enkele kere saam met *chauvinisme* en *taalnasionalisme* voor, maar vier keer saam met *ontlaering*. Hierdie patroon kan beteken dat *moedertaalideologie* nie maklik gesien word as 'n ideologie nie, en daarom nie teenstrydig is met die idee van *ontlaering* nie.

### *Chauvinisme*

Soos vroeër genoem, skakel *chauvinisme* tot 'n mate met al die voorafgaande konsepte, aangesien al daardie konsepte as oortuigings kan lei tot oordrewe trots en bewondering vir die eie, bloot omdat dit die eie is. Afrikaans word verskeie kere, deur verskeie studente, beskryf as "uniek" (27), en 'n hele aantal ander positiewe (maar subjektiewe) adjektiewe word gebruik om Afrikaans te beskryf (28-31). Daar word in voorbeeld 32 eksplisiet beweer dat Afrikaans "soveel meer" as net 'n taal is, en die sentiment word deur enkele ander studente ook beskryf.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

27. "Ons taal is **uniek**, het 'n **unieke** herkoms en geskiedenis." (1:17) [Algemene bespreking]
28. "… wat Afrikaans so 'n **merkwaardige taal** maak." (4:19) [Algemene bespreking]
29. "… watter **wonderlike taal** Afrikaans eintlik is." (7:12) [Algemene bespreking]
30. "… die **mooi** van Afrikaans…" (17:2) [Ferrus]
31. "… die **pragtige taal** wat ek so maklik praat…" (21:8) [Algemene bespreking]
32. "Afrikaans is eintlik **soveel meer [as] net 'n taal**." (23:2) [Algemene bespreking]'

Die kode *chauvinisme* kom in 19 opdragte voor, in totaal 31 keer. Dit word ook saam met vyf van die sewe ander kodes gebruik, wat wys dat die skakel maklik gemaak word.

### *4.8 Ontlaering*

Ten slotte kyk ons na voorbeelde van *ontlaering*. Die kode kom 115 keer voor, in al die opdragte behalwe drie. Dit wys dus dat, ten spyte van die hoë frekwensie van die tradisionele ideologiese kodes, die meeste van die studente een of ander idee van ontlaering by hulle opdragte insluit. Daar word verwys na onder meer inklusiwiteit (33), ras (34), verskeidenheid (35), diversiteit (36), verskeie etniese en kulturele groepe (38), veelsydigheid (39), en kreolisering (40). Een student stel ook pertinent dat Afrikaans nie aan 'n enkele identiteit gebonde is nie (37).

33. "… 'n taal wat **almal insluit**." (1:4) [Ferrus]
34. "… dat dit **nie net 'n wit taal** [is] nie." (3:1) [Ferrus, Boezak]
35. "Dit sluit aan by die tema dat Afrikaans 'n taal van **verskeidenheid** is." (4:4) [Boezak]
36. "… dit wys **diversiteit** van die taal Afrikaans." (6:5) [Ferrus]
37. "Afrikaans is **nie** gebonde aan 'n **enkele identiteit nie**…" (10:1) [Ferrus]
38. "… dat **verskeie etniese groepe en kulture** Afrikaans praat…" (21:5) [Boezak]
39. "… Afrikaans se **veelsydige herkoms**…" (27:2) [Boezak]
40. "… 'Hollands' het dus ontwikkel tot 'Afrikaans' weens die invloede, **kreolisering** ens." (33:4) [Boezak]

Die hoë frekwensie van *ontlaering*, en die verspreiding oor opdragte heen, is tekens daarvan dat die studente in beginsel bereid is om hulle denke uit te daag wanneer hulle met ander perspektiewe gekonfronteer word, en dat betrokke poësie 'n sinvolle manier is om dit te bewerkstellig.

### *4.9 Samevatting van bevindinge*

In Tabel 3 word aangedui hoeveel van elke kode gebruik is met verwysing na elkeen van die gedigte, en in die meer algemene besprekings. Daar is enkele kere na twee gedigte verwys by spesifieke kodes, in welke geval dit by albei digters aangedui word.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

**TABEL 3**

| | Algemeen | | Boezak | | Cachet | | Ferrus | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| chauvinisme | 16 | 52% | 9 | 29% | 0 | 0% | 6 | 19% |
| nasionalisme | 12 | 35% | 12 | 35% | 2 | 6% | 8 | 24% |
| essensialisme | 14 | 21% | 21 | 31% | 13 | 20% | 19 | 28% |
| hiërargie van tale | 5 | 33% | 4 | 27% | 3 | 20% | 3 | 20% |
| moedertaal | 4 | 27% | 2 | 13% | 5 | 33% | 4 | 27% |
| ontlaering | 29 | 25% | 39 | 34% | 4 | 3% | 44 | 38% |
| standaardtaal | 1 | 11% | 1 | 11% | 4 | 45% | 3 | 33% |
| taalpurisme | 0 | 0% | 6 | 60% | 2 | 20% | 2 | 20% |
| **TOTAAL** | **81** | **27%** | **94** | **32%** | **33** | **11%** | **89** | **30%** |

’n Paar tendense kom uit die tabel na vore. Een opvallende patroon is dat die besprekings van Cachet se gedig relatief min kodes betrek, en veral baie min gevalle van ontlaering. Dit is te verstane, aangesien dit juis die meer konserwatiewe posisie verteenwoordig waarvandaan ontlaering wegbeweeg. Die gedigte van Boezak en Ferrus, daarenteen, bevat besonder baie gevalle van ontlaering in hulle besprekings, wat deel van die doelwitte van die opdrag is. Verder kom daar heelwat gevalle van chauvinisme voor in die algemene besprekings waar studente oor hulle standpunte reflekteer – die uniekheid en skoonheid, of een of ander soort spesiale eienskap van Afrikaans, is in talle van die opdragte besing. Slegs die laaste vraag in die opdrag nooi studente eksplisiet uit om oor die (moontlik ontlaerende) effek van die gedigte op hulle denke en idees te reflekteer. Tog kom die kode *ontlaering* meer voor wanneer die spesifieke gedigte bespreek word – dit dui aan die een kant aan dat daardie gedigte studente lei in die rigting van ontlaering, maar aan die ander kant is dit nie heeltemal so duidelik wanneer hulle oor hulle eie posisie skryf nie.

## 5. Gevolgtrekking

Uit die analise van die studente se opdragte blyk dit dat tekens van ontlaering in die meeste studente se opdragte teenwoordig is. Dit kom egter dikwels saam met ander ideologiese stellings voor, wat oënskynlik teenstrydig is.

In hulle antwoorde op vraag 7 van die opdrag, wat vra of die gedigte hulle anders laat dink oor Afrikaans en betrokke poësie, antwoord 28 uit die 33 studente “ja”. Slegs 17 van die studente se uitbreidings op die antwoord bevat egter duidelike tekens van ontlaering, en agt van hierdie studente se antwoorde op daardie spesifieke vraag bevat ook stellings wat teenstrydige ideologieë toon. Geen van die opdragte is sonder aanduidings van die bogenoemde ideologieë nie.

Wat hierdie resultate illustreer, is dat betrokke poësie op eerstejaarsvlak aangewend kan word om studente bloot te stel aan die konsep van ontlaering, en hulle te lei om hulle idees en denke te begin bevraagteken. Dit bly egter net ’n begin. ’n Opdrag waarin die aard en funksionering van betrokke poësie as’t ware prakties vir die studente gedemonstreer word,


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

kan wel tot 'n mate daarin slaag om hulle bewus te maak van taalideologie en die invloed daarvan op individue se idees oor taal. Die opdrag het wel bepaalde tekortkominge, spesifiek met betrekking tot meer en duideliker taalkundige toeligting rondom taalideologie, -variasie, en -politiek. Die ideaal sal wees as hierdie tipe kwessies gelyklopend in taalkundelesings aan bod kom sodat die letterkundeopdrag kan dien as 'n uitbreiding en praktiese illustrasie. So kan sensitiwiteit rondom taal by studente op meer akademiese vlakke aangewakker word.

Die studie het wel tekortkominge, en lesse vir die pad vorentoe. Waar die kode *ontlaering* hier as 'n sambreelterm gebruik is, kan toekomstige studies dit met meer nuanse benader. Die voorbeeldsinne in 4.8 dui byvoorbeeld inklusiwiteit, diversiteit en veelsydigheid as moontlike subtemas aan. Verder sal beter data verkry word indien gelyke hoeveelhede gedigte wat beide kante van die saak stel, by die opdrag ingesluit word. Dit sal dus goed wees om 'n taalaktivistiese gedig in te sluit van 'n tydgenoot van Cachet, soos byvoorbeeld C.P. Hoogenhout. Dit sal ook sinvol wees om in verdere studies op meer gevorderde studente te fokus. In hierdie studie was die fokus op eerstejaarstudente, en om 'n begin te maak met die ontlaeringsproses. Eerstejaars benodig wel nog heelwat leiding, soos ook blyk uit die vereistes vir NKR-vlak 5 (SAQA 2012). 'n Studie wat op meer senior studente fokus sal beter geposisioneer wees om hulle eie sienings en idees te beoordeel sonder dat hulle deur 'n opdrag in 'n spesifieke rigting gelei word.

## BIBLIOGRAFIE


Alexander, N. 2004. The politics of language planning in post-apartheid South Africa. *Language Problems & Language Planning,* 28(2):113-130.

Anon. 2023. Outeur: Willa Boezak. *LitNet,* https://www.litnet.co.za/author/willa-boezak/ [15 Junie 2023].

Botha, JP & Van Aardt, JMH. 1987. *Afrikaans vir die praktyk.* 3de uitg. Johannesburg: Lexicon.

Brink, AP. 1967. *Aspekte van die nuwe prosa*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Brink, AP. 2009. *Groot Verseboek. Deel 1*. Kaapstad: Tafelberg.

Brink, AP. 2010. Betrokke literatuur. *Literêre Terme & Teorieë,* http://www.literaryterminology.com/index.php/9-b/21-betrokkeliteratuur [15 April 2023].

Boezak, W. 2007. *Só glo ons! Die Khoesan van Suid-Afrika.* LightSpeed Digital Media.

Chikuni, PR, Makwambeni, B & Chigona, W. 2021. Dominant discourses informing e-learning policies in Higher Education Institutions in South Africa. *International Journal of Education and Development using Information and Communication Technology,* 17(4):5-21.

Davids, A. 1990. The coloured image of Afrikaans in nineteenth century Cape Town. *Kronos: Journal of Cape History,* 17(1):36-47.

Dekker, G. 1935. *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

Fairclough, N. 2001. *Language and Power*. 2nd ed. Harlow: Pearson Education.

Ferrus, D. 2006. *Ons Komvandaan*. Kaapstad: Diana Ferrus Uitgewery.

Gee, JP. 2011a. *An Introduction to Discourse Analysis. Theory and method*. 3d ed. New York / London: Routledge.

Gee, JP. 2011b. *How to do Discourse Analysis. A Toolkit*. New York / London: Routledge.

Gibbons, M. 2002. *The self-directed learning handbook: Challenging adolescent students to excel*. San Francisco: Jossey-Bass.

Graff, G. 1979. *Literature against itself: literary ideas in modern society*. Chicago, IL: University of Chicago Press.

Hattingh, J. 1990. Kuns en moraliteit: 'n studie van die wysgerige problematiek in verband met die verhouding tussen artistieke skepping en sedelike insig. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif – PhD).

Jacobs, J. 2018. Perspektiewe op die aanwending van retoriese strategieë in die *littérature engagée* van die 1970's en die vroeë 21ste eeu – 'n vergelykende studie. Ongepubliseerde MA-verhandeling. NWU, Potchefstroomkampus.



doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

Kirsten, J. 2017. What is in a language: Essentialism in macro-sociolinguistic research on Afrikaans. *International Journal of the Sociology of Language*, 248:159-195.

Knowles, M. 1975. *Self-directed learning: A guide for learners and teachers*. New York: Association Press.

Kotzé, I & Kirsten, J. 2016. The heritage of a language: Discourses of purism in Afrikaans historical linguistics. *Language Matters*, 47(3):349-371.

Langer, N & Nesse, A. 2012. Linguistic Purism. *In* Hernández-Campoy, JM & Conde-Silvestre, JC. (eds). *The Handbook of Historical Sociolinguistics.* Chichester: Wiley-Blackwell, pp. 607-625.

Milroy, J. 2001. Language ideologies and the consequences of standardization. *Journal of Sociolinguistics*, 5(4):530-555.

Pilon, S. 2023. Van Standaardafrikaans na algemene Afrikaans. SA *Akademie vir Weternskap en Kuns*, https://www.akademie.co.za/gesprekspunt/van-standaardafrikaans-na-algemene-afrikaans [20 Junie 2023].

Polley, J. 1973. *Verslag oor die Simposium oor Die Sestigers*. Kaapstad: Human&Rousseau.

Roberge, PT. 1990. The ideological profile of Afrikaans historical linguistics. Joseph, JE & Taylor, TJ. (eds). *Ideologies of language*. London: Routledge, pp. 131-149.

SAQA (South African Qualifications Authority). 2012. Level Descriptors for the South African National Qualifications Framework. https://www.saqa.org.za/level-descriptors-for-the-south-african-national-qualifications-framework/ [18 Oktober 2023].

Sharma, S. 2021. Students' Responses to a Transgender Person's Narrative: A Discourse Analysis. *The IUP Journal of English Studies*, 16(3):7-19.

Smit, M, Burger, B, & Linde, J. 2022. Transnasionale ontlaering / Transnational unlaagering. *Tydskrif vir Letterkunde*, 59(1):1-6.

UWC Institutional Advancement. 2023. Diana Ferrus – Cultural treasure at the University of the Western Cape. *University of the Western Cape*, https://www.uwc.ac.za/news-and-announcements/news/i-am-uwc-diana-ferrus-poetry-that-makes-a-difference-920 [15 June 2023].

Van der Waal, CS. 2012. Creolisation and Purity: Afrikaans Language Politics in Post-Apartheid Times. *African Studies*, 71(3):446-463.

Van Rensburg, C. 2013. 'n Perspektief op 'n periode van kontak tussen die Khoi en Afrikaans. *Literator,* 34(2):1-11.

Van Rensburg, C. 2017. Ná honderd jaar: Die Afrikaans van die eerste taalkommissie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):249-270.

Van Rensburg, C. 2019. The First Afrikaans. *Critical Arts*, 33(4-5):10-19.

Vos, E & Van Oort, R. 2018. 'n Selfgerigte-lees-proses: traumabelewing en -verwerking in die jeugroman *Blou is nie 'n kleur nie* deur Carin Krahtz. *LitNet Akademies* 15(3):926-962.

Weber, Jean-Jacques & Kristine Horner. 2011. *Introducing Multilingualism. A social approach*. Abingdon, Oxon: Routledge.

Willemse, H. 2003. Om ruim in Afrika te leef. *Tydskrif vir Letterkunde*, 40(1):8-22.

Willemse, H. 2013. "Om weer mens te word": identiteit, onreg, skuld en restitusie in die RSG-vertelreeks *Almal het* 'n *storie*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 50(3):173-186.

Woolard, KA. 1998. Introduction. Language Ideology as a Field of Inquiry. *In* Schieffelin, BB, Woolard, KA & Kroskrity, PV. (eds). *Language Ideologies. Practice and Theory*. New York / Oxford: Oxford University Press, pp.3-47.

## BYLAE

### Ons Afrikaanse kind

hortend
sukkelend
is sy gebore
tussendeur gebare
met vreemde kaaseters
wyndrinkers en speserysoekers
al by ons kuste langs.

’n basterkind wat net geweet het van kierie
eina! en koekemakranka
en skielik kry sy ’n hupstoot
van vreemdes in kettings
en van nóg wittes
wat eers lekker-bekkig plat praat
maar later al hoër en verder
wégtrek met daai basterkind…

kyk
daar dans vandag
’n mooi vrou in pastel
én grondkleure
omhul in skerp én sagte geure
en sy ghoema die riel in sokkies
ja, sy ghoema die riel in sokkies.

onse reënboogkind.

Boezak, W. 2007. *Só glo ons! Die Khoesan van Suid-Afrika.* LightSpeed Digital Media, p 313.

### Afrikaans, ’n versoeningstaal

Dit is het hulle gesê
die taal van die onderdrukker
dit kom het hulle gesê
uit die mond van Europa.

Dit het het hulle gesê
’n enkele styl
net een vir kommunikeer.

Maar uit die buik van Afrika kom sy
uit die mond van slawe, Europeërs, inheemse volke.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

dans sy op die maat van oer-oue tromme
en handgemaakte kitare
dra sy kostuums van vele kleure
en sing sy in ’n duisend stemme.

Nou na die stormjare,
dans sy nie meer so flink
maar sy omhels die skouers van haar susters
en kus versoenend op elke wang
aan die geveg oor identiteit het sy geen erg
in die Afrika-renaissance vind sy haar weg.

Ferrus, D. 2006. *Ons Komvandaan*. Kaapstad: Diana Ferrus Uitgewery, p18.

**Di Afrikaanse Taal**

Ek is ’n arme boerenôi,
    By fele min geag:
Mar tog is ek fan edel bloed,
    En fan ’n hoog geslag.
Uit Holland het myn pa gekom,
    Na sonnig Afrika;
Uit Frankryk waar di druiftros swel,
    Myn liwe mooie ma.

Hul skel my uit fer Hotnots myd;
    Mar ek gé daar ni om;
Want an myn lipiis kan jy siin,
    Fan wat geslag ek kom.
Soet floei di woordjiis uit myn mond;
    Dit het ek fan myn ma;
Mar as ek bid dan hoor je wel,
    Ek is ’n kind van pa.

Myn sussi, wat uit Holland kom,
Di hou ferniit haar groot:
Di lug is al te skerp fer haar;
Sy is al amper dood.
Di dokters kom nou bymakaar,
Hul maak tesaam ’n “Bond”;
Mar tog met al di doktery
Word sy nooit weer gesond.

My niggi met haar stywe nek,
    Di loop in rooi satyn;
En baing jonkmans loop haar na;


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

Sy denk hiir baas te syn.
Mar as die awentuurtji kom,
Dan is di klomp by my.
Dis "hartji" voor en "hartji" na:
"Laat ons 'n bitji fry."

As ek mar eers myn fryer het,
'n Digter fol fan moed;
Een wat my om myself bemin,
En ni mar om myn goed;
Wanneer di fryer tot my kom
Fat ek hom by di hand,
En maak ek hom, hoe swak ek skyn,
Nog koning in di land.

Want ek het onder in my kis
'n Ware towerstaf,
Wat ek nog fan myn ouma het,
En nimand weet daar af.
Hef ek di staf op, "Moedertaal",
Dan volg di land my na:
En ek is net nou koningin
Fan heel Suid-Afrika.


Cachet, J.L. (in Brink, A.P. 2009. *Groot Verseboek. Deel 1*. Kaapstad: Tafelberg).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a7

# ’n Beraming van die jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste van Orania in 2021*

***An estimate of the annual personal income and annual household income of Orania in 2021***

**Jannie Rossouw**
Besoekende professor: Wits Besigheidskool
Universiteit van die Witwatersrand
Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: jannie.rossouw@wits.ac.za



Jannie Rossouw

**Jannie Rossouw** is ’n besoekende professor by die Wits Besigheidskool aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy het aan die einde van 2020 uitgetree as tussentydse hoof van die Wits-Besigheidskool en was voorheen by die Suid-Afrikaanse Reserwebank en by Unisa werksaam. Hy dien as lid van die Oudit- en Risikokomitee van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl. Hy was ook ’n raadslid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die ondervoorsitter van die Akademie se Oudit- en Risikokomitee.

**Jannie Rossouw** is a visiting professor at the Wits Business School of the University of the Witwatersrand. At the end of 2020, he stepped down as interim head of the Wits Business School. He was previously employed at the South African Reserve Bank and at Unisa. He serves as a member of the Audit and Risk Committee of the Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl. In addition, he was a board member of the SA Academy of Science and Arts and the vice-chairman of its Audit and Risk Committee.

* Die outeur bedank die Orania Dorpsraad en die Orania Ontwikkelingsmaatskappy vir data en vir hulp met hierdie navorsing. Die outeur het ’n vertroulikheidsooreenkoms met die Orania Dorpsraad geteken voordat sekere opnamedata vir navorsingsdoeleindes beskikbaar gestel is. Die navorsingsresultate word op ’n wyse aangebied wat verseker dat die vertroulikheidsooreenkoms nie verbreek word nie. Enige foute of weglatings bly egter die outeur se verantwoordelikheid.

**Datums:**
Ontvang: 2023-04-21 Goedgekeur: 2023-10-29 Gepubliseer: Desember 2023

**ABSTRACT**

***An estimate of the annual personal income and annual household income of Orania in 2021***

*Orania is situated on the southern bank of the Orange River in the Northern Cape Province of South Africa. The closest towns are Hopetown, 43 kilometres to the north-west, Vanderkloof, 49 kilometers to the south-east, and Petrusville, 51 kilometers to the south-east. Orania is about 160 kilometres south of Kimberley.*

*A unique aspect of Orania is that all inhabitants speak Afrikaans and are of the white population group. All business activities, education, social interaction and religious activities are conducted exclusively in Afrikaans. It is therefore described as an Afrikaner cultural enclave.*

*Research on various aspects of Orania has been undertaken and published, but none to date has estimated the level of total economic activity in the town. This article addresses this gap in extant literature by focusing on the annual personal income and the annual household income of Orania in 2021, as based on data collected for the most recent sosio-economic and business surveys that had been completed for the town in December 2021 and early in 2022, respectively.*

*At the time of these surveys, Orania's population comprised 2 377 people, of which 1 635 were 20 years and older, and thus regarded as receiving of some sort of income. Simultaneously, Orania comprised 649 households and 220 businesses. The survey results are very complete, reporting data for 712 individuals of 20 years and older (43,5 per cent of the universum), 572 households (88,1 per cent of the universum) and all 220 businesses in Orania. Survey results with such a high response rate are uncommon.*

*The Orania Sakekamer [chamber of commerce] issues vouchers linked on a one-to-one basis to the South African rand, known as the ora. The latter is abbreviated as ϕ and circulated as the legal tender in the town, at a rate of ϕ1,00 equals to R1,00. Given the preference among Orania's inhabitants to refer to amounts in ora, rather than in rand, this article reports the research findings in ora, rather than in rand.*

*Based on an analysis of the survey data, the total personal annual income of Orania's residents in 2021 was estimated at some ϕ300 million. Per capita personal annual income for the 2 377 inhabitants was therefore estimated at some ϕ125 000. This is about 20 per cent larger than South Africa's gross domestic product per capita of R102 982 in 2021. These results seem plausible, as Orania does not have an unempoyment problem, while South Africa's unemployment rate in 2021 exceeded 30 per cent.*

*In contrast, the annual household income of households in Orania in 2021 was estimated to be some ϕ200 million. This is considerably lower than the estimate for personal annual income for the same period. The difference in estimates cannot be explained in terms of the existing survey data. It can only be ascribed to differences in the interpretations of the questionnaires at the time of collecting the data.*

*The estimates of annual personal income and annual household income show some correlation with the survey data obtained from the Orania business survey. Turnover of business enterprises in the town in 2021 is estimated at Φ281 950 000, and business owners reported that 51 per cent of their turnover was generated by residents of Orania.*

*There are some survey discrepancies as evidenced by the data, and additional information is needed to improve the estimates. Information on household savings and personal income tax paid will help improve the validity of the estimates. Information on net payment of value*


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

*added tax (VAT) will also cause enhancement of their validity. In addition, more information is necessary to calculate Orania's gross geographic product.*

*The conclusion must nonetheless be drawn that the annual personal income and annual household income of Orania in 2021 amounted to between ɸ200 million and ɸ300 million. The estimate leaves a margin of 50 percent, which is statistically considerable, while it nonetheless provides a benchmark for future comparison in research on the same subject. Finally, the fact that Orania's personal and household income grew to this level from virtually nothing in 1991 must be given its due: it is impressive.*

**KEY WORDS:** Afrikaans; consumption expenditure; annual household income; annual personal income; ora (ɸ); Orania

**TREFWOORDE:** Afrikaans; jaarlikse huishoudelike inkomste; jaarlikse persoonlike inkomste; ora (ɸ); Orania; verbruiksbesteding

## OPSOMMING

Hierdie artikel fokus op die jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste van Orania in 2021. Met die oog hierop is Orania se sosio-ekonomiese opname, waarvan die veldwerk in 2021 afgehandel is en waarvan die resultate in 2022 gepubliseer is, tesaam met die besigheidsopname van 2022 ontleed.

Die Orania Sakekamer reik koopbewyse uit wat bekend staan as die ora en wat op 'n een-tot-een grondslag gekoppel is aan die Suid-Afrikaanse rand. Die ora word afgekort deur middel van die simbool "ɸ". Ora-koepons sirkuleer as 'n wettige betaalmiddel in die dorp, teen ɸ1,00 gelyk aan R1,00. Aangesien inwoners van Orania verkies om bedrae in ora te benoem en nie die rand nie, word die navorsingsbevindings hier in ora gerapporteer.

Die totale jaarlikse persoonlike inkomste van die inwoners van Orania in 2021 is op sowat ɸ300 miljoen beraam. Per capita jaarlikse persoonlike inkomste vir die 2 377 inwoners word dus op sowat ɸ125 000 beraam.

Hierteenoor word die jaarlikse inkomste van huishoudings in Orania in 2021 op sowat ɸ200 miljoen beraam, wat heelwat laer is as die beraming vir jaarlikse persoonlike inkomste vir dieselfde tydperk. Hierdie verskil in ramings kan nie met bestaande opnamedata verklaar word nie.

Die ramings van die jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste word gestaaf deur die data wat verkry is uit die Orania-besigheidsopname. Die omset van sake-ondernemings in Orania in 2021 word op Φ281 950 000 beraam en sake-eienaars het gerapporteer dat 51 persent van hul omset afkomstig was vanuit inwoners van Orania.

Daar is sekere opnamefoute in die data, terwyl bykomende inligting nodig is om die ramings te verbeter. Inligting oor die huishoudelike besparing en persoonlike inkomstebelasting wat betaal word, sal die ramings kan verbeter. Inligting oor die netto betaling van belasting op toegevoegde waarde (BTW) deur sake-ondernemings sal ook hiertoe bydra. Bykomende inligting is onder meer nodig om Orania se bruto geografiese produk te beraam.

Die gevolgtrekking kan nogtans gemaak word dat die jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste van Orania in 2021 tussen ɸ200 miljoen en ɸ300 miljoen beloop het. Die beraming laat 'n marge van 50 persent, wat statisties groot is, maar bied nietemin 'n maatstaf waarvolgens toekomstige bevindings oor dieselfde onderwerp met mekaar en met die bevindings uit die verlede vergelyk kan word. Daar moet ook tot die slotsom geraak word dat die groeivlak van Orania se persoonlike en huishoudelike inkomste sedert 1991, toe dit vir alle doeleindes op nul gestaan het, beduidend is.

## 1. Inleiding[1]

Orania is geleë op die suidelike oewer van die Oranjerivier in die Noord-Kaapprovinsie van Suid-Afrika. Die naaste dorpe is Hopetown, sowat 43 kilometer ver in ’n noordwestelike rigting, Vanderkloof, sowat 49 kilometer ver in ’n suidoostelike rigting, en Petrusville, sowat 51 kilometer ver, ook in ’n suidoostelike rigting. Orania is sowat 160 kilometer suid van Kimberley. Figuur 1 dui die ligging van Orania in Suid-Afrika aan. Dit blyk dat die dorp naby aan die middelpunt van die land geleë is.




***Figuur 1:*** *Ligging van Orania aangedui op ’n kaart van Suid-Afrika*
Bron: Internet by https://af.wikipedia.org/wiki/L%C3%AAer:Orania_Kaart.png

’n Unieke aspek van Orania is dat al sy inwoners Afrikaanssprekend van die wit bevolkingsgroep is. Alle besigheidsaktiwiteite, onderwys, sosiale interaksie en godsdienstige aktiwiteite geskied uitsluitlik in Afrikaans. Dit word gevolglik as ’n Afrikaner-kulturele enklave beskryf. Wirz (2008:i) beskryf die dorp as ’n “(s)elfstandige Afrikaner Gemeenskap in die Noord Kaap (sic).”

Orania is een van talle voorbeelde van ’n eenheidstaat waarbinne bevolkingsgroepe na eie belange en uiteindelike onafhanklikheid streef. Ander bekende voorbeelde is die provinsies Montana, Vidin en Vratsa binne Bulgarye (sien byvoorbeeld *Daily Sabah,* 2018), Vlaandere binne België (sien byvoorbeeld Charlemagne, 2020), Transylvanië, Banat en Székely Land binne Roemenië (sien byvoorbeeld Internet Archive: The Wayback Machine 2013), die

[2] Die artikel weerspieël die persoonlike siening en mening van die outeur en moet nie aan die Afrikaanse Taalmuseum en -monument, die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Universiteit van die Witwatersrand of aan enige organisasies in Orania toegeskryf word nie.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

inwoners van Baske, Galisië, Katalonië en Navarre binne Spanje (sien byvoorbeeld Newton, 2017) en Skotland binne die Verenigde Koninkryk (sien byvoorbeeld *The Economist,* 2018). Orania kan egter nie met hierdie streke of gebiede vergelyk word nie, weens wesentlike verskille soos:

(i) die aantal inwoners, wat baie kleiner is as die bevolking van enige van die streke of gebiede waarna hier bo verwys word;
(ii) die feit dat sekere van die streke of gebiede wat gemeld word, voorheen onafhanklik was;
(iii) die feit dat sekere van die streke of gebiede wat gemeld word, voorheen deel gevorm het van ander lande; en
(iv) die streke en gebiede waarna hier bo verwys word, die grootste gedeelte van ’n homogene bevolkings- of taalgroep omvat, terwyl Orania se bevolking ’n baie klein persentasie van Suid-Afrika se Afrikaanssprekendes vorm.

Voorts is Orania ook binne die Suid-Afrikaanse konteks baie kleiner as streke of gebiede binne ander lande wat onafhanklikheid of insluiting by ander lande nastreef. Twee voorbeelde illustreer hierdie aspek. Binne België is die Vlaamse bevolking sowat twee keer so groot as die Walloniese bevolking en is Vlaandere verantwoordelik vir sowat 58% van die bruto binnelandse produk (BBP) van die land (Cendrowicz, 2017). In die geval van Spanje, maak Katalonië se bevolking 16% van die totale bevolking uit, met ’n bydrae van meer as 20% tot Spanje se BBP.


Orania het ’n eie struktuur van openbare vakansiedae en volg nie Suid-Afrika se nasionale kalender ten opsigte hiervan nie. Die dorp handhaaf godsdienstige vakansiedae wat met feesdae in Suid-Afrika ooreenstem, byvoorbeeld Kersdag. Ander vakansiedae wat geld, is Majubadag (27 Februarie), Stigtingsdag (6 April), Bittereinderdag (31 Mei), Taaldag (14 Augustus) en Heldedag (10 Oktober) (Boshoff, 2020:192-201). Voorts is die naam van ’n vakansiedag op 16 Desember in Orania Geloftedag en nie Versoeningsdag soos dit bekend staan in die res van Suid-Afrika nie (Boshoff, 2020:201).

Senekal (2021:529) verduidelik dat Orania se aanvanklike oprigting in die 1960’s niks te make gehad het met ’n Afrikanerenklawe of ’n volkstaat vir Afrikaners nie. Die dorp is in die 1960’s gestig en opgerig om werknemers en hul gesinne van die destydse Departement van Waterwese te huisves. Hierdie mense was werksaam op die kanaalskema vir besproeiing uit die Vanderkloofdam (destyds die P.K. le Roux-dam). Vanderkloof by die Vanderkloofdam is aangelê vir die personeel wat aan die dam gewerk het (Wirz, 2008:1).

Nadat die Departement se projek voltooi is, het Orania ontvolk en is die dorp deur die Departement te koop aangebied. Dit is toe onder leiding van dr. Carel Boshoff aangekoop met die gedagte dat ’n volkstaat vir Afrikaners gevestig sou word (Boshoff, 2012). Die eerste persone wat dié gedagte onderskyf het, het hulleself in Februarie 1991 daar gevestig (Senekal, 2021:533). Die dorp is op 13 April 1991 aan die publiek bekend gestel en huise is vanaf daardie datum verkoop aan Afrikaners wat die ideale van ’n volkstaat onderskryf (Wirz, 2008:1). Volgens Wirz (2008:3) is Orania nie ’n plek waar apartheid beoefen word nie, maar waar Afrikaners hul eie werk verrig. Die beginsel dat Afrikaners hul eie werk verrig, staan op Orania bekend as *selfwerksaamheid*.

Hoewel Orania as een dorp beskryf word, bestaan dit uit verskillende woonbuurte. Figuur 2 toon die dorpsuitleg aan en dui die belangrikste woonbuurte, geografiese bakens, monumente, museums, skole, openbare ontspanningsterreine en so meer aan.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8




***Figuur 2:*** *Uitleg van Orania*
Bron: Internet by https://m.facebook.com/oraniabeweging/photos/die-kaart-van-orania-wat-vandag-opgesit-is-dit-vervang-die-ou-kaart-en-help-beso/1089752297766912/

Navorsing oor verskeie aspekte van Orania is reeds onderneem en gepubliseer (Boshoff, 2012; Boshoff, 2020; De Klerk, 2014, Joubert *et al*., 2022; Senekal, 2019; Senekal, 2021; Wirz, 2008). Geen navorsing is egter tot op hede gedoen oor die vlak van totale ekonomiese bedrywighede in die dorp nie. Die bydrae van hierdie artikel tot die akademiese literatuur oor Orania is te vinde in die feit dat daar 'n gebrek aan gepubliseerde navorsing oor die omvang van ekonomiese bedrywigheid in Orania is. Die bestuur van Orania is van voorneme om die inwonertal van die dorp tot 10 000 te laat groei (De Klerk, 2014). Hierdie oogmerk moet egter deur beramings van inkomstevlakke en sakebedrywigheid in die dorp ondersteun word, wat 'n eerste stap is vir 'n verdere projek om Orania se bruto geografiese produk (BGP) te bereken.

Hierdie navorsing spreek hierdie leemte in die literatuur aan deur te fokus op die bruto jaarlikse persoonlike inkomste en bruto jaarlikse huishoudelike inkomste van Orania in 2021, en op besigheidsinkomste in dieselfde jaar. Bruto jaarlikse persoonlike inkomste is 'n beskrywing van die totale jaarlikse inkomste wat al die inwoners van Orania verdien. *Cambridge Dictionary* (S.j.(b)) beskryf dit as " ... money earned by a person over a particular period of time", in hierdie geval 'n jaar. Dit is die basis waarop individuele persoonlike inkomstebelasting bereken word, wat beskryf word as "(p)ersonal income tax is the money you pay to government from your salary or wages" (Western Cape Government S.j.).

Hierteenoor word bruto jaarlikse huishoudelike inkomste bereken op die inkomste van 'n huishouding, wat bestaan uit die gesamentlike inkomste van al die individue in daardie huishouding. *Cambridge Dictionary* (S.j.(a)) beskryf 'n huishouding as "(a) group of people, often a family, who live together". Terwyl persoonlike inkomste dus op 'n individuele vlak meet, meet huishoudelike inkomste gesamentlik vir diegene wat saam woon. In beide gevalle

impliseer "bruto" dat die inkomste gerapporteer word voor enige aftrekkings soos byvoorbeeld persoonlike inkomstebelasting.

Data wat ingesamel is oor die dorp se jongste sosio-ekonomiese en besigheidsopnames is hiervoor aangewend. Omdat ramings hier ter sprake is en nie die berekening van eksakte syfers nie, is dit nodig om sekere aananmes te maak. Waar toepaslik, word hierdie aannames duidelik uitgespel.

Die struktuur van die res van die artikel is soos volg: Afdeling 2 oorweeg bestaande literatuur oor Orania. Afdeling 3 bespreek die beperkings wat geld ten opsigte van die berekening van Orania se bruto geografiese produk. Afdeling 4 bied 'n oorsig van die ora (Φ) as geldeenheid. In Afdeling 5 word Orania se jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste beraam. In Afdeling 6 word verbruiksbesteding in Orania beraam en die gevolgtrekkings volg in Afdeling 7.

## 2. Literatuuroorsig

Die geskiedenis van Orania en die ontwikkeling van die dorp sedert die vestiging van die volkstaatsgedagte word deur verskillende outeurs beskryf. In sy outobiografie bespreek Boshoff, wat die leidende rol gespeel het rondom die aankoop en vestiging van die dorp, die ontwikkeling daarvan tot sy huidige formaat: dit wil sê, met betrekking tot die tydperk ná die aankoop (2012:384-389). Ná die dorp met die oogmerk van 'n volkstaat aangekoop is, is die eerste eiendomme op 13 April 1991 aan voornemende kopers beskikbaar gestel. Die aankoop van die dorp is in November 1991 opgevolg met die aankoop van die plaas Vluytjeskraal 272, wat rondom Orania geleë is.

Me. Annatjie Boshoff, die suster van dr. Carel Boshoff, se outobiografie bespreek ook die ontwikkeling van Orania sedert 1991 (Boshoff, 2020). Sy beskryf haarself as die "sesde intrekker van Orania" (Boshoff, 2020:iv). In haar outobiografie (Boshoff, 2020) beskryf sy verskeie aspekte van die ontwikkeling van Orania sedert sy in 1991 daar ingetrek het. Die stigting van die Afrikanervolkswag in 1984 was volgens haar die eerste tree in die rigting van die ontwikkeling van Orania in sy huidige formaat (Boshoff, 2020:103-104). Die Afrikanervolkswag het so ver terug as 1984 reeds onder meer ten doel gehad om 'n streek in Suid-Afrika te vestig waar Afrikaners hulself kan regeer.

Op sy beurt fokus Senekal (2021) op die ontstaansgeskiedenis van Orania vanaf die tyd toe dit deur die Departement van Waterwese gevestig is. Hy bespreek ook die ontwikkeling van die gedagte daaraan om 'n Afrikanervolkstaat in Suid-Afrika te vestig. Dié gedagte is volgens hom vir die eerste keer deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede (SABRA) geopper (Senekal, 2021:529). SABRA het in 1964 'n studiekomitee op die been gebring om die gedagte aan "blanke groeipunte" te ondersoek (Senekal, 2021:529). Die destydse voorsitter van SABRA, dr. Gerrit Viljoen, het in 1972 voorgestel dat die moontlikheid van 'n volkstaat ondersoek moet word (Senekal, 2021:529).

In sy omvattende artikel oor Orania, hanteer Senekal (2021) 'n wye verskeidenheid literatuurbronne oor Orania, soos blyk uit die feit dat hy meer as 200 bronne in die artikel se bibliografie meld. Senekal (2021) kan geraadpleeg word vir 'n oorsig van beskikbare literatuur oor Orania, wat gevolglik nie hier herhaal word nie.

De Klerk (2014) lig Orania se bevolkingsgroei sedert 1991 toe en bespreek die visie om die dorp tot 10 000 of meer inwoners te ontwikkel. Aangesien die dorp se bevolking sedert 1991 gegroei het met gemiddeld sowat 10 persent per jaar, is die oogmerk van 10 000 inwoners nie onrealisties nie, maar waarskynlik eers bereikbaar oor 'n dekade of twee.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

Om vir die groei in die inwonertal voorsiening te maak, is ekonomiese ontwikkelingsplanne saamgestel en gepubliseer. Die mees onlangse planne is getiteld *Ontwikkelingspyplynprojekte* (S.j.) en *Orania ekonomiese ontwikkelingsplan* 2015. Hierdie bronne maak onder andere voorsiening vir die ontwikkeling van meer woon- en besigheidserwe.

Volgens Wirz (2008:5) word ontwikkelingsbesluite in Orania en die uitvoering daarvan ten opsigte van die volgende twee maatstawwe beoordeel:

(i) Dit moet ekologiese volhoubaarheid bevorder.
(ii) Dit moet die gemeenskap se strewe na ekonomiese selfstandigheid stap vir stap bemagtig.

Senekal (2021) sluit ook die groei van die mediaberiggewing oor Orania in, asook die dorp se bevolkingsgroei, die ontwikkeling en vestiging van die ora as plaaslike geldstelsel en die spanninge wat van tyd tot tyd tussen die dorp se leiers voorgekom het. Senekal (2021) bespreek verder sekere suksesse en mislukkings rondom die dorp se ekonomiese ontwikkeling.

Hy identifiseer voorts sekere onderwerpe waaroor verdere navorsing gedoen kan word, byvoorbeeld die Orania Spaar- en Krediet Koöperatiewe Bank (OSK Koöperatiewe Bank), die rol van toerisme en mediese dienste in die dorp se ontwikkeling en naskoolse opleiding (Senekal, 2021:545). Sy artikel bespreek egter nie die vlak en omvang van ekonomiese bedrywighede in Orania nie en dui ook nie die behoefte vir sodanige navorsing aan nie.

Joubert *et al*. (2022) ontleed die OSK Koöperatiewe Bank teen die agtergrond van die rol wat koöperatiewe banke en koöperatiewe finansiële instellings in die Suid-Afrikaanse ekonomie vervul, wat dus een van die onderwerpe dek wat deur Senekal (2021:545) vir verdere navorsing uitgestip is. Joubert *et al*. (2022:827) bevind dat die OSK Koöperatiewe Bank ’n beduidende positiewe impak op Orania het: in “2019 was daar ongeveer 550 geregistreerde eiendomme in Orania, terwyl die OSK Koöperatiewe Bank 306 van hierdie eiendomslenings op sy boeke gehad het (dus sowat 55 persent).” Voorts voel hierdie navorsers dat daar steeds heelwat ruimte vir verdere akademiese navorsing oor Orania is en meld veral die noodsaak van navorsing oor “ ... die grootte van die Orania-ekonomie self (...), byvoorbeeld om die bruto geografiese produk en die verandering daarvan oor tyd te bereken. Laasgenoemde kan dien as ’n belangrike verwysingspunt (delertal) wanneer veranderlikes oor tyd ontleed word” (Joubert *et al*., 2022:827). Hierdie artikel fokus juis hierop.

## 3. Berekening van Orania se bruto geografiese produk

Die BGP word op diesefde wyse as die BBP van ’n land bereken, maar slegs vir die betrokke gebied, in hierdie geval Orania. BBP-berekeninge is ’n omvattende proses en BBP-syfers word as die beste ramings gepubliseer, en nie as wetenskaplike en akkurate berekenings nie. BBP-syfers is tot ’n dekade ná die publikasie daarvan steeds aan hersiening en herbasering onderworpe.

Mohr *et al*. (1988:20) beskryf die beraming van die BBP as ’n aanduiding van die “ ... totale waarde van alle finale goedere en dienste wat gedurende ’n tydperk in die ekonomie geproduseer word. ‘Bruto’ beteken dat geen voorsiening vir waardevermindering gemaak word nie en ‘finale goedere en dienste’ word gebruik om dubbeltelling te vermy.” Die BBP kan volgens die produksiemetode, die inkomemetode en die bestedingsmetode bereken word (Mohr, 1998:21).

Die produksiemetode beraam die toegevoegde waarde wat die verskillende sektore bydra tot die BBP of BGP, soos die geval mag wees (Mohr, 1998:22). Die formule wat gebruik word, is soos volg:


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

BBP (of BGP, soos van toepassing) = BWPU – WIV (1)

waar

BWPU = bruto waarde van produksie-uitset; en
WIV = waarde van intermediëre verbruik in produksieprosesse.

Die inkomemetode beraam die BBP of BGP op grond van die inkome wat die verskillende produksiefaktore verdien (Mohr, 1998:21). Die formule wat in hierdie geval gebruik word, sien soos volg daaruit:

BBP (of BGP, soos van toepassing) = TNI + VB + D + NFIB (2)

waar

TNI = totale nasionale inkome (inkome binne die gebied), naamlik huur, salarisse en winste;
VB = belasting op verkope, naamlik verkoopbelasting en belasting op toegevoegde waarde;
D = depresiasie; en
NFIB = netto faktorinkomste van die buiteland (buite die gebied), met ander woorde inkomste wat deur produksiefaktore buite die land of gebied verdien is.

Die bestedingsmetode raam die BBP of BGP op grond van die besteding van die onderskeie sektore in die ekonomie (Mohr, 1998:23). Die formule wat gebruik word, is soos volg:

BBP (of BGP, soos van toepassing) = V + I + O + NU (3)

waar

V = verbruiksbesteding deur huishoudings;
I = investering;
O = owerheidsbesteding; en
NU = netto uitvoer uit die land/gebied.

Hierdie vergelyking vir die BBP is in Engels as die *gross domestic product* (*GDP*) baie bekend. Die afkorting is GDP = C + I + G + NX, waar C *consumption expenditure* (verbruiksbesteding deur huishoudings) is, I *investment* (investering) is, G *government expenditure* (owerheidsbesteding) is en NX *net exports* (netto uitvoer) is.

Omdat dieselfde aanwyser gebruik word, behoort die drie formules dieselfde resultate te gee. Gevolglik kan vergelykings (1), (2) en (3) aan mekaar gelyk gestel word, soos hieronder in vergelyking (4):

BWPU – WIV = TNI + VB + D + NFIB = V + I + O + NU (4)

’n Ontleding van die drie metodes vir die berekening van die BBP of BGP in vergelykings (1) tot (3) of soos in vergelyking (4) toon dat daar te veel ontbrekende inligting is om die BGP van Orania met die beskikbare inligting te bereken. Op die oog af is die meeste inligting vir die berekening van die BGP kragtens die bestedingsmetode beskikbaar.

Selfs volgens die bestedingsmetode kan Orania se BGP egter nie met beskikbare inligting en data bereken word nie. Huishoudelike en persoonlike inkomste, toegelig deur die omset van sake-ondernemings, is tans die enigste aanwysers van ekonomiese bedrywigheid op die dorp. Die dorpsraad van Orania moet dus die omvang ekonomiese en sosiale opnames uitbrei om in die toekoms inligting vir navorsing beskikbaar te stel ten einde die dorp se BGP te bereken.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

Die eerste stap in die proses waarvolgens Orania se BGP beraam moet word, is om die dorp se jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste in ora (ɸ) te bereken. Orania se verbruiksbesteding word vervolgens ook bereken. Vooraf, egter, een of twee belangrike notas oor dié geldeenheid. Transaksies in Orania vind in ora en in rand plaas. Trouens, dit sal ’n oortreding van Artikel 17(1) van die Wet op die SA Reserwebank (1989) wees om nie rand vir transaksies te aanvaar nie. Hierdie Artikel van die Wet bepaal dat randnote tot enige bedrag as finale vereffening van enige transaksie in Suid-Afrika aanvaar moet word.

## 4. Die ora (ɸ)

Volgens Senekal (2021:536) kan die eerste planne om ’n eie geldeenheid vir Orania te vestig, teruggevoer word na die jaar 2002. Wirz (2008:8) sê dat die gedagte aan ’n eie geldstelsel vir Orania die eerste keer geopper is “ ... deur prof Johan van Zyl, ’n konsultant in ekonomiese ontwikkeling, tydens ’n konferensie van die Orania Beweging in 2002 in Orania”.

Die ora is vir die eerste keer op 29 April 2004 uitgereik en in omloop geplaas (Wirz, 2008:8). Dit was aanvanklik in denominasies van ɸ10, ɸ20, ɸ50 en ɸ100 beskikbaar (Wirz, 2008:8), maar ’n ɸ200-koepon is intussen bygevoeg. Volgens Joubert *et al.* (2022:824) was daar teen 2019 “ ... na raming ora ten bedrae van sowat R1,5 miljoen in omloop”.

Die ora word nie ’n “geldeenheid” genoem nie, maar staan bekend as ’n “koepon” of “koopbewys” (Wirz, 2008:8). Die rede hiervoor is dat die Wet op die SA Reserwebank in Artikel 14(i) bepaal dat “(d)ie Bank die alleenreg (besit) om in die Republiek banknote en munte uit te reik of te laat uitreik ... ” (Wet op die SA Reserwebank 1989). Om na die ora as ’n geldeenheid te verwys, sou dus ’n oortreding van die Wet op die SA Reserwebank wees.

Die ora word op grond van ’n een-tot-een verhouding met die Suid-Afrikaanse rand uitgereik. Ora-koepons word verkoop vir rand, wat in reserwe gehou word. Die ora word deur die Orania Sakekamer gedruk en in omloop geplaas, maar word deur die OSK Koöperatiewe Bank geadministreer en uitgereik en, ná gebruik, uit omloop onttrek (Joubert *et al*., 2022:824).

Die voordele van ’n eie geldeenheid in die vorm van koepons word soos volg deur Senekal (2021:536) opgesom:

- Kontant in omloop word deur ora-koepons verteenwoordig en nie deur die rand nie.
- Die rand wat vir die ora-koepons betaal is, word in reserwe gehou as ’n voorwaardelike verpligting teenoor die ora in omloop, maar verdien rente vir die Orania Sakekamer.
- Koopkrag word binne Orania gehou, want die ora-koepons sirkuleer slegs in die dorp.
- Gebruik van die koepons ondersteun die plaaslike lewering van dienste.
- Ora-koepons kan net in Orania bestee word en is daarom veiliger as ander vorms van kontant.

Joubert *et al.* (2022:824) bespreek sekere aspekte van die ora-koepons. Agterop die koepons is advertensieruimte wat aan plaaslike besighede in Orania verkoop word om die drukkoste van die koepons te dek (Joubert *et al*., 2022:824). Die koepons het sekerheidseienskappe om vervalsing aan bande te lê, byvoorbeeld fluoresserende eienskappe wat slegs onder UV-ligte sigbaar is (Joubert *et al*., 2022:824). Elke koepon het ook ’n unieke nommer.

In Orania se dokumentasie, rekords en navorsingsverslae word bedrae en transaksies aangedui in ora en nie in rand nie. Teen hierdie agtergrond, soos dit reeds genoem is, word ora en ɸ in hierdie navorsing gebruik.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

## 5. Orania se jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste

Die *Orania Sosio-Ekonomiese Opname* (2022) verskaf omvattende inligting oor verskeie aspekte van die inwoners van Orania. Dié inligting bied besondere insig oor die stand van Orania. Vergelykings wat oor tyd heen strek met betrekking tot opeenvolgende opnames verskaf ’n goeie grondslag vir die beplanning van die dorp se ekonomiese ontwikkeling. Die gepubliseerde inligting is hier gebruik vir die beraming van die jaarlikse persoonlike en jaarlikse huishoudelike inkomste, maar die onderliggende opnamedata is ook op ’n vertroulike basis aan die outeur beskikbaar gestel sodat die gehalte van die beraming verder verfyn kon word. Die data wat ontleed word, is in 2022 gepubliseer, maar die onderhoude deur middel waarvan data versamel is, is hoofsaaklik in November en Desember 2021 afgehandel, terwyl ’n klein restant in Januarie 2022 afgehandel is (e-poskorrespondensie met mnr. G Snyman).

Die *Orania Sosio-Ekonomiese Opname* (2022) stel die totale inwonertal van die dorp teen die einde van 2021 op 2 377 en die totale aantal huishoudings op 649. Hierdie syfers word in hierdie artikel gebruik, want die bruto persoonlike inkomsteberaming en bruto huishoudelike inkomsteberaming word onder meer op grond van dieselfde opname gemaak. Die *Orania Sosio-Ekonomiese Opname* (2022) meld dat Orania ’n “ … gemiddelde jaarlikse huishoudelike groeikoers van 9,9% vir die tydperk tussen 2014 en 2021” ervaar het. Die bruto persoonlike inkomste en bruto huishoudelike inkomste in Orania wat in hierdie artikel bereken is, moet as die syfers vir die einde van 2021 beskou word, want die veldwerk vir die opname is grootliks teen daardie tyd afgehandel.

Die ouderdomsverspreiding van Orania se 2 377 inwoners word in Tabel 1 getoon.

**TABEL 1:** Ouderdomsverspreiding van Orania se inwoners, 2021

| Ouderdomsinterval | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ouer as 65 | 317 | 13,4% |
| 20 tot 64 | 1 318 | 55,4% |
| < 1 tot 19 | 742 | 31,2% |
| **Totaal** | **2 377** | **100%** |

Bron: *Orania Sosio-Ekonomiese Opname*, 2022

Tabel 1 weerspieël 1 635 inwoners van Orania wat 20 en ouer is en dus deel van die werkende arbeidsmag kan wees of inkomste kan verdien, insluitende pensioene en opbrengs op beleggings. Voorts toon Tabel 2 die werksprofiel van Orania se inwoners van werkende ouderdom soos dit deur die *Orania Sosio-Ekonomiese Opname* (2022) aangeteken is.

Tabel 3 reflekteer die hoofbron van inkomste van 572 huishoudings wat op die betrokke vraag in die opname gereageer het.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

**TABEL 2:** Ouderdomsverspreiding van Orania se inwoners, 2021

| Kategorie | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Werk voltyds: | 747 | 45,6% |
| Eienaar van ’n sake-onderneming: | 242 | 14,8% |
| Deeltydse en kontrakwerkers: | 178 | 10,9% |
| Subtotaal | 1 167 | 71,3% |
| Afgetree: | 236 | 14,4% |
| “Vrywillig” buite arbeidsmark: | 204 | 12,5% |
| Werkloos: | 28 | 1,7% |
| **Totaal** | **1 635** | **100%** |

Bron: *Orania Sosio-Ekonomiese Opname*, 2022

**TABEL 3:** Hoofbron van inkomste van 572 huishoudings in Orania, 2021

| | |
|---|---|
| Beleggings/aandele: | 5,1% |
| Salaris: | 79,1% |
| Inkomste uit ’n sake-onderneming: | 0,2% |
| Staatstoelaag of voordele: | 0,2% |
| Annuïteit/pensioen: | 11,8% |
| Skenkings van familielede: | 3,6% |
| **Totaal** | **100%** |

Bron: *Orania Sosio-Ekonomiese Opname*, 2022


Figure 3 en 4 toon die maandelikse persoonlike inkomste van individue en maandelikse huishoudelike inkomste in Orania.

Die onverwerkte data toon dat die opname vir 572 huishoudings in Orania voltooi is. Dit wil sê, sowat 88 persent van 649 huishoudings in Orania is betrek by die opname. Uit die onverwerkte data blyk dit dat geen data oor persoonlike inkomste ingesamel is nie ten opsigte van 134 huishoudings. Inkomstedata is dus vir 438 huishoudings beskikbaar (76,5 persent van totale huishoudings).


Dit is onduidelik of die respondente in die 134 huishoudings waar geen data aangeteken is nie, werklik geen inkomste gehad het nie en of hulle verkies het om nie die betrokke inligting bekend te maak nie. Hierdie aspek kan by wyse van aanname op een van twee maniere hanteer word:

(i) Hierdie respondente het verkies om geen data te verskaf nie: dié opsie lyk waarskynlik.
(ii) Hierdie respondente het geen inkomste gehad nie: dit is onwaarskynlik dat 23,4 persent van die huishoudings in Orania geen inkomste het nie.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8




***Figuur 3:*** *Maandelikse persoonlike inkomste van individue in Orania, 2021*
Bron: *Orania Sosio-Ekonomiese Opame*, 2022




***Figuur 4:*** *Maandelikse huishoudelike inkomste van individue in Orania, 2021*
Bron: *Orania Sosio-Ekonomiese Opname*, 2022

Die aanname is dus dat persoonlike inkomstedata ten opsigte van die inwoners in 438 huishoudings (sowat 76,5 persent) in Orania beskikbaar is, terwyl 134 huishoudings verkies het om geen data beskikbaar te maak nie. In sommige van die huishoudings wat inligting bekend gemaak het, was daar meer as een persoon wat inkomste verdien, ongeag die bron van die inkomste.

Die inkomste van individue word in die navorsingsdata volgens inkomste-intervalle gerapporteer en die gemiddeld van hierdie intervalle word vir die ontleding gebruik. Met betrekking tot inkomste groter as ɸ204 801 is ’n inkomstevlak van ɸ205 000 gebruik. Dit is egter duidelik dat daar sekere datafoute in die opnamedata is, byvoorbeeld:

(i) In een geval weerspieël die opnamedata die maandelikse persoonlike inkomste in een betrokke huishouding groter as ɸ204 801 vir die hoofbroodwinner en ɸ102 401 tot ɸ204 800 vir die eerste volwassene (afgesien van die hoofbroodwinner). Die maandelikse totale huishoudelike inkomste is egter as ɸ60 001 tot ɸ80 000 gerapporteer. Hierdie syfers is duidelik onversoenbaar.
(ii) In 179 gevalle is die totale maandelikse persoonlike inkomste van die volwassenes in ’n huishouding hoër of laer as die totale maandelikse inkomste vir dieselfde huishouding. Hierdie probleem kan hanteer word deur (a) maandelikse persoonlike inkomste met maandelikse huishoudelike inkomste te versoen, of (b) maandelikse huishoudelike inkomste met maandelikse persoonlike inkomste te versoen.
(iii) Wanneer maandelikse persoonlike inkomste met maandelikse huishoudelike inkomste versoen word, moet eersgenoemde in 114 gevalle afwaarts en in 65 gevalle opwaarts aangepas word.
(iv) Wanneer maandelikse huishoudelike inkomste met maandelikse persoonlike inkomste versoen word, is die teenoorgestelde natuurlik waar: In hierdie geval moet maandelikse persoonlike inkomste in 114 gevalle opwaarts en in 65 gevalle afwaarts aangepas word.
(v) Soos hier onder verduidelik word, beloop die omvang van hierdie aanpassing 9 persent, maar albei inkomstesyfers voor en na aanpassing word gerapporteer.

Ten spyte van die moontlike datafoute is die inligting soos dit gerapporteer is, gebruik vir ’n eerste beraming van die maandelikse persoonlike inkomste. Die data toon dat 712 volwasse individue maandelikse inkomste gerapporteer het en dat dit gewissel het van ’n laagste interval van ɸ1 tot ɸ400 per maand tot die hoogste groter as ɸ204 801 per maand. Gegrond op die gemiddelde van die intervalle het hierdie 712 individue ’n totale maandelikse persoonlike inkomste van ɸ11 790 986 gerapporteer. Vir 712 respondente impliseer dit gevolglik ’n gemiddelde persoonlike maandelikse inkomste van ɸ16 560.

Ten tye van die opname was daar 1 635 inwoners van Orania wat ouer as 20 was en wat in die een of ander vorm ’n inkomste kon verdien. As die berekende gemiddelde persoonlike maandelikse inkomste van 712 inwoners as ’n verteenwoordigende steekproef beskou word, terwyl daar aanvaar word dat alle inwoners ’n inkomste verdien, impliseer dit ’n totale maandelikse persoonlike inkomste van ɸ27 076 210 (ɸ11 790 986/712 x 1 635) en dus ’n totale jaarlikse persoonlike inkomste van ɸ324 914 530. Jaarlikse persoonlike inkomste van ɸ324 914 530 impliseer per capita jaarlikse persoonlike inkomste van ɸ136 691 (ɸ324 914 530/2 377) gesien in die lig van Orania se totale aantal inwoners (2 377), ongeag ouderdom, ten tye van die sensus.

Soos dit reeds genoem is, is daar egter datafoute in die onderliggende opnamestof. Nadat aanpassings gemaak is om die maandelikse persoonlike inkomste met maandelikse huishoudelike inkomste te versoen, word die maandelikse persoonlike inkomste van 712 inwoners wat in die opname ingesluit is, op ɸ10 730 368 per maand beraam, dit wil sê, sowat 9 persent laer. Dienooreenkomstig word die jaarlikse persoonlike inkomste 9 persent laer op ɸ295 672 222 beraam, terwyl per capita jaarlikse persoonlike inkomste dan beraam word op ɸ124 389.

Bruto maandelikse huishoudelike inkomste is in die onverwerkte data gerapporteer vir 441 huishoudings in Orania. Die maandelikse inkomste van hierdie huishoudings beloop volgens die opnamedata ɸ10 777 613. Die *Orania Sosio-Ekonomiese Opname* (2022) raam die aantal huishoudings ten tye van die opname op 649 wat weer eens beteken dat data vir


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

sowat 68 persent van huishoudings aangeteken is. Dit verteenwoordig ’n besondere groot steekproef vir enige data waar beramings vir ’n universum gemaak word. Op grond hiervan word die maandelikse huishoudelike inkomste in Orania op ɸ15 860 931 (ɸ10 777 613/441 x 649) beraam. Die jaarlikse huishoudelike inkomste word dus op ɸ190 331 179 beraam.

Om die bruto maandelikse huishoudelike inkomste met die bruto maandelikse persoonlike inkomste te versoen (die teenoorgestelde proses as wat hier bo beskryf is), moet eersgenoemde met 9 persent opwaarts aangepas word. Na hierdie aanpassing word die bruto jaarlikse huishoudelike inkomste dus op ɸ209 155 142 beraam.

In ’n poging om die verskil in beramings toe te lig, is die bestedingsdata van die 456 huishoudings wat in die opnamedata gerapporteer word, ontleed. Die maandelikse besteding van hierdie huishoudings word gerapporteer as ɸ5 273 889. Aangepas vir 649 huishoudings, word dit beraam op ɸ7 509 039 (ɸ5 273 889/456 x 649) per maand of ɸ90 072 472 per jaar. Hierdie syfer korreleer swak met die berekende persoonlike of huishoudelike inkomste. Die indruk is dat huishoudelike besteding ondervermeld is in die opname. In ’n poging om die dataverskil tussen inkomste en uitgawes te verklaar, moet toekomstige sosio-ekonomiese opnames ook vrae oor huishoudings se persoonlike besparing (diskresionêr en kontraktueel) en persoonlike belastingverpligting insluit.

Op grond van hierdie ontleding word die jaarlikse persoonlike inkomste van die inwoners van Orania op sowat ɸ300 miljoen per jaar beraam. Hierteenoor word die jaarlikse huishoudelike inkomste op sowat ɸ200 miljoen beraam. Hierdie ramings kan in die vervolg verfyn word as die vrae in die opnamevraelys uitgebrei word, soos aanbeveel word. Die beraming verskaf ’n maatstaf deur middel waarvan toekomstige opnamedata met mekaar vergelyk kan word asook met die ramings uit die verlede. Voorts is bevind dat die opnamedata nagegaan moet word om foute uit te skakel voordat dit vir verslagdoening verwerk word.

## 6. Verbruiksbesteding in Orania

Die *Orania Besigheidsopname* (2022) rapporteer die omset van ondernemings in Orania. Voorts gee dit ’n aanduiding van die besteding wat geskied onder Orania se inwoners in die dorp teenoor besteding van persone van buite. Die *Orania Besigheidsopname* (2022) rapporteer data wat verkry is deur middel van 220 vraelyste wat deur sake-eienaars voltooi is. Boshoff (2020:360-361) rapporteer die bestaan van 63 besighede in Orania teen 2003.

Volgens die vraelyste is 51 persent van die kliënte van Orania se sake-ondernemings in die dorp woonagtig. Tabel 4 weerspieël die gemiddelde jaarlikse omset van sake-ondernemings in Orania in 2021.

Omdat omset-intervalle gerapporteer word met die uitsluiting van omsette bo Φ10 000 000 en kleiner as Φ500 000 per jaar, is die gemiddelde van elke interval vir berekeningsdoeleindes gebruik. Die berekenings word in Tabel 4 vervat. Vir ’n omset bo Φ10 000 000 per jaar is Φ15 000 000 per jaar gebruik. Vir ’n omset wat laer is as Φ500 000 per jaar is ’n omset van Φ400 000 per jaar vir berekeningsdoeleindes gebruik. Op grond hiervan word die omset van sake-ondernemings in Orania in 2021 op sowat Φ281,9 miljoen (Φ281 950 000) beraam.

Sekere datafoute kan geïdentifiseer word in die *Orania Besigheidsopname* (2022):

(i) Ondernemings (sewe in totaal) waarvan die jaarlikse omset as “Φ500 000 001” tot Φ10 000 000 aangedui word. Gegewe die wyse waarop omset-intervalle vir ondernemings aangedui word, lyk dit op die oog af asof die omset in werklikheid Φ5 000 001 - Φ10 000 000 in hierdie sewe gevalle is.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

**TABEL 4:** Gemiddelde jaarlikse omset van sake-ondernemings in Orania, 2021

| Omset-interval | % Sake-ondernemings | Aantal sake-ondernemings (220) | Beraamde jaarlikse inkomste |
|---|---|---|---|
| > Φ10 000 000 | 3,0 | 6 | Φ90 000 000 |
| Φ7000000 | 3,6 | 8 | Φ56 000 000 |
| Φ4000000 | 5,6 | 12 | Φ4 800 000 |
| Φ2000000 | 12,7 | 28 | Φ56 000 000 |
| Φ750000 | 11,2 | 25 | Φ18 750 000 |
| < Φ500000 | 64,0 | 141 | Φ56 400 000 |
| **Totaal** | **100** | **220** | **Φ281 950 000** |

Bron:Orania Besigheidsopname, 2022, p30

(ii) ’n Handwerkonderneming waarvan die omset aangedui is as Φ500 000 001 tot Φ10 000 000 per jaar (dit het betrekking op een van die sewe ondernemings hier bo). Selfs ’n omset van Φ5 000 001 - Φ10 000 000 per jaar lyk in hierdie geval onwaarskynlik.

(iii) ’n Somatologiese onderneming waarvan die omset groter as Φ10 000 001 per jaar aagedui word. ’n Omset op hierdie vlak lyk onwaarskynlik.

Die *Orania Besigheidsopname* (2022) rapporteer nie die BTW wat ondernemings op Orania betaal nie. Die aanbeveling is gevolglik dat die opname uitgebrei word om sodanige betalings in te sluit. Dit sal nuttige inligting verskaf oor die ekonomiese waardetoevoeging wat op Orania plaasvind.

## 7. Gevolgtrekkings

Hierdie artikel bied ’n eerste beraming van Orania se jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste. Jaarlikse verbruiksbesteding word ook toegelig om jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste in perspektief te plaas. Die beraming van die jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste is net die eerste tree in ’n proses waarvolgens Orania se BGP uiteindelik bereken kan word.

Jaarlikse persoonlike inkomste in Orania teen 2021 word op sowat ɸ300 miljoen per jaar beraam. Hierteenoor word die jaarlikse huishoudelike inkomste teen 2021 op sowat ɸ200 miljoen beraam. Ten spyte van die groot marge tussen die twee ramings, bied dit ’n maatstaf vir toekomstige inkomsteberamings in Orania. Die groei in Orania se persoonlike en huishoudelike inkomste sedert 1991, toe dit vir alle doeleindes nul was, is beduidend.

Met die oog daarop om toekomstige beramings van jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste te verfyn, word sekere wysigings, uitbreidings en verbeterings aan die opnamevraelys en verwerking van die opnamedata aan die hand gedoen:

(i) Opnamedata moet in die vervolg nagegaan word voordat enige samevattende verslae opgestel word.

(ii) Maandelikse persoonlike inkomste en maandelikse huishoudelike inkomste moet


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

tydens opnameprosesse gekorreleer word.

(iii) Waar persoonlike of huishoudelike inkomstedata ontbreek, moet aangedui word of die respondente geen inkomste het nie of verkies het om nie hul inkomste te rapporteer nie.

(iv) In die vervolg moet opnames ook vrae oor huishoudings se persoonlike besparing en persoonlike belastingverpligtings insluit.

(v) In die vervolg moet die besigheidsopname ’n vraag oor BTW-betalings insluit.

Les bes word voorgestel dat Orania se jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste in die vervolg ná elke sosio-ekonomiese opname beraam word. Die voordele van so ’n benadering is die ontwikkeling van ’n databasis wat kan dien as ’n maatstaf vir toekomstige vergelykings, terwyl beter beramings ook moontlik sal wees weens aanpassings in die vraelyste, soos dit hier bo aanbeveel word. ’n Proses deur middel waarvan data nagegaan word voordat dit vir publikasie verwerk word, moet ook geïmplementeer word.

## BIBLIOGRAFIE

### *Sekondêre bronne*


Boshoff, A. 2020. *Van ossewa tot in Orania: Een lewe – en meer*. Orania: Die Vryheidstigting.

Boshoff, CWH. 2012. *Dis nou ek: ’n Outobiografie*. Pretoria: Lapa uitgewers.

*Cambridge Dictionary*. S.j.(a). Household. https://dictionary.cambridge.org/dictionary/english/household [Internettoegang op 1 November 2023].

*Cambridge Dictionary*. S.j.(b). Personal Income. https://dictionary.cambridge.org/dictionary/english/personal-income [Internettoegang op 1 November 2023].

Cendrowicz, L. 2017. How economics explains Belgium’s rifts. *The Brussels Times*. 17 November. https://www.brusselstimes.com/45009/how-economics-explains-belgium-s-rifts [Internettoegang op 10 Oktober 2023].

Charlemagne (skuilnaam vir ’n kommentator). 2010. An artificial kingdom moves closer to its end: Splitting Belgium will be a mess, but that is where this is going. *The Economist*. 14 Junie. https://www.economist.com/charlemagne/2010/06/14/an-artificial-kingdom-moves-closer-to-its-end [Internettoegang op 10 Oktober 2023].

*Daily Sabah*. 2018. Separatists in northwest Bulgaria seek autonomy or to join Romania. 6 Januarie. https://www.dailysabah.com/balkans/2018/01/06/separatists-in-northwest-bulgaria-seek-autonomy-or-to-join-romania [Internettoegang op 10 Oktober 2023].

De Klerk, F. 2014. *Orania – Van dorp tot stad: ’n Nuwe strategie*. Orania: Orania Beweging.

Henley, J. 2017. How important is Catalonia to Spain? *The Guardian*. 2 Oktober. https://www.theguardian.com/world/2017/oct/02/catalonia-important-spain-economy-greater-role-size [Internettoegang op 10 Oktober 2023].

Internet Archive: The Wayback Machine. 2012. Transylvanian separatist video emerges. 13 Augustus. https://web.archive.org/web/20121013073003/https://politics.hu/20120813/transylvanian-separatist-video-emerges/ [Internettoegang op 10 Oktober 2023].

Joubert, F, Laäs, A, Laäs, A, Rossouw, J & Vermeulen, C. 2022. ’n Perspektief op Orania se OSK Koöperatiewe Bank Beperk. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 62(4):812-829.

Mohr, PJ. 1998. *Economic indicators*. 4e uitgawe. Pretoria: Unisa Press.

Mohr, PJ, Van der Merwe, C, Botha, ZC & Inggs, J. 1988. *Die praktiese gids tot Suid-Afrikaanse ekonomiese aanwysers*. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Newton, C. 2017. Which other regions want to secede from Spain? *Aljazeera*. 27 Oktober. https://www.aljazeera.com/news/2017/10/27/which-other-regions-want-to-secede-from-spain [Internettoegang op 10 Oktober 2023].

*Ontwikkelingspyplynprojekte*. S.j. Publikasie van Orania Bestuursdienste. Beskikbaar by Orania Dorpsraad en Orania Ontwikkelingsmaatskappy.

*Orania Besigheidsopname*. 2022. Voorberei deur Urban-Econ Development Economists (Pty) Ltd. Beskikbaar by Orania Dorpsraad en Orania Ontwikkelingsmaatskappy.

*Orania Ekonomiese Ontwikkelingsplan*. 2015. 25 Mei. Voorberei deur Urban-Econ Development Economists (Pty) Ltd. Beskikbaar by Orania Dorpsraad en Orania Ontwikkelingsmaatskappy.

*Orania Sosio-Ekonomiese Opname*, 2022. Voorberei deur Urban-Econ Development Economists (Pty) Ltd. Beskikbaar by die Orania Dorpsraad en Orania Ontwikkelingsmaatskappy.

Senekal. B. 2019. 'n Netwerkontleding van die instellingsnetwerk op Orania. *LitNet Akademies* (*Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*). 10 Oktober. https://www.litnet.co.za/n-netwerkontleding-van-die-instellingsnetwerk-op-orania/ [Internettoegang op verskeie datums].

Senekal, B. 2021. Die eerste 40 jaar van Orania. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(2):526-551.

*The Economist*. 2018. Scottish nationalists want to take back control. 11 Oktober. https://www.economist.com/britain/2018/10/11/scottish-nationalists-want-to-take-back-control [Internettoegang op 10 Oktober 2023].

Western Cape Government. S.j. *Personal income tax*. https://www.westerncape.gov.za/service/paying-income-tax [Internettoegang op 1 November 2023].

Wet op die SA Reserwebank, No 90 van 1989, soos gewysig.

Wirz, H. 2008. *Dr Heinz Wirz met die Ora Geldstelsel van Orania*. Privaat publikasie deur dr Heinz Wirz. Edenvale.

### ***Persoonlike onderhoude, persoonlike dokumentasie en ander persoonlike bronne***

Besoeke aan Orania.

E-poskorrespondensie en persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. F. de Klerk, besturende direkteur van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy.

E-poskorrespondensie en persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. G. Snyman, dorpsbestuurder Orania.

Persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. J. Kemp, 'n joernalis van Pretoria FM wat in Orania woonagtig is.

### ***Internetbronne***

https://af.wikipedia.org/wiki/L%C3%AAer:Orania_Kaart.png

https://m.facebook.com/oraniabeweging/photos/die-kaart-van-orania-wat-vandag-opgesit-is-dit-vervang-die-ou-kaart-en-help-beso/1089752297766912


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8

# Samesweringsteorieë en vals nuus in leserskommentaar op nuusberigte van Maroela Media tydens die COVID-19-pandemie

***Conspiracy theories and fake news in reader comments on news reports from Maroela Media during the COVID-19 pandemic***

**Burgert Senekal**
Navorsingsgenoot
University of the Free State
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos:burgertsenekal@yahoo.co.uk



Burgert Senekal

**Burgert Senekal** is sedert 2008 aan die Universiteit van die Vrystaat verbonde en is tans ’n navorsingsgenoot in die Departement Rekenaarwetenskap en Informatika. Nadat hy in 2013 sy PhD aan dieselfde universiteit verwerf het, ondersoek hy inligtingstegnologie, grootdata en die netwerkwetenskap met spesifieke toepassings binne die Afrikaner se leefwêreld, met die klem veral op Afrikaanse literatuurstudie. As NNS C-gegradeerde navorser het hy reeds meer as 80 artikels en vier boeke gepubliseer.

**Burgert Senekal** has been associated with the University of the Free State since 2008 and is currently a research fellow in the Department of Computer Science and Informatics. After obtaining his PhD at the same university in 2013, he has focussed in his research on information technology, big data and network science with specific application within the Afrikaner’s environment, with particular emphasis on Afrikaans literature studies. As an NRF C-rated researcher, he has already published more than 80 articles and four books.

## ABSTRACT

***Conspiracy theories and fake news in reader comments on news reports from Maroela Media during the COVID-19 pandemic***

*Since the outbreak of the COVID-19 pandemic in late 2019, the world has been disrupted in unprecedented ways. The virus resulted in millions of deaths, prompting governments to impose lockdowns and travel restrictions, severely impacting economies. South Africa was no exception, and the South African government introduced strict and controversial measures to combat the spread of the virus, including closing schools and businesses.*

**Datums:**
Ontvang: 2023-03-23 Goedgekeur: 2023-10-16 Gepubliseer: Desember 2023

*The pandemic was accompanied by a wave of false information and conspiracy theories, fuelled by social media and other online platforms. False information included unproven drugs and treatments for COVID-19 such as chloroquine/hydroxychloroquine or garlic, while conspiracy theories ranged from claims that the virus was a hoax to claims that it was deliberately created in a biological weapons laboratory. There were also rumours that the COVID-19 pandemic was created by the elite such as the billionaires Bill Gates or George Soros, to control people, which fed into conspiracy theories related to the New World Order. Claims were also made that vaccines would be toxic, control people, be ineffective, or had not been tested thoroughly. Both Russia and China also contributed to the spread of fake news and conspiracy theories, thus making the pandemic a political issue on a global level. Such false information and conspiracy theories led to confusion and mistrust of authorities, undermining efforts to control the spread of the virus. Fake news and conspiracy theories have also occurred against the background of increasing distrust in structures of authority and authoritative sources such as the mainstream media and science and represent an important moment in a Zeitgeist where truth decay is increasing.*

*The current study examines the manifestation of fake news and conspiracy theories in reader comments on Maroela Media reports on COVID-19 posted over the past three years. A list of keywords was compiled to highlight relevant reader comments, after which computational topic modelling involving word co-occurrence networks was used to identify themes. Important themes are discussed using examples and previous research. The findings indicate that although few comments can be clearly linked to fake news and conspiracy theories, conspiracy theories and fake news do appear, especially regarding the safety and effectiveness of vaccines, the existence of the pandemic itself, the questioning of emergency measures, and the suggestion of alternative treatments. Typical comments include that COVID-19 is just a cold and that emergency measures are therefore unnecessary; that vaccines are untested and dangerous; that ivermectin is safe and tested; that "Big Pharma" is making money from the pandemic; and that there is more behind the pandemic than what the mainstream media are reporting on. Some commentaries also mention specific conspiracy theories involving George Soros, Bill Gates, the New World Order, population control, and even the supposed manufacturing of COVID-19 in a biological weapons laboratory. Arguments for other alternative treatments such as garlic and chloroquine/hydroxychloroquine rarely feature. It was also found that distrust in elites, which is characteristic of conspiracy theories in general, manifests in some reader comments expressing distrust in the South African government, especially regarding corruption.*

**KEYWORDS:** COVID-19; conspiracy theories; fake news; news comments; pandemic; topic modelling; truth decay

**TREFWOORDE:** COVID-19; leserskommentaar; onderwerpmodellering; pandemie; samesweringsteorieë; vals nuus; waarheidsverval

## OPSOMMING

Sedert die uitbreking van die COVID-19-pandemie laat in 2019, het dit die wêreld op ongekende maniere ontwrig. Die virus het tot miljoene sterftes gelei, wat veroorsaak het dat regerings inperkings en reisbeperkings ingestel het, wat ekonomieë ernstig beïnvloed het. Suid-Afrika was geen uitsondering nie, en die Suid-Afrikaanse regering het streng maatreëls ingestel om die verspreiding van die virus te bekamp, insluitende die sluiting van skole en besighede.

Die pandemie het gepaardgegaan met ’n vlaag vals inligting en samesweringsteorieë, aangevuur deur sosiale media en ander aanlyn platforms. Vals inligting het die aanbeveling

van onbewese geneesmiddels en behandelings vir COVID-19 ingesluit, terwyl sameswerings-teorieë gewissel het van bewerings dat die virus ’n klug is, tot bespiegelings dat dit doelbewus in ’n wapenlaboratorium geskep is. Hierdie vals inligting en samesweringsteorieë het gelei tot verwarring en wantroue in owerhede, wat pogings ondermyn het om die verspreiding van die virus te beheer.

Hierdie studie ondersoek die neerslag van vals nuus en samesweringsteorieë in lesers-kommentaar op Maroela Media-berigte oor COVID-19. Rekenaarmatige onderwerpmodel-lering is toegepas om temas te identifiseer, en belangrike temas word aan die hand van voorbeelde bespreek. Daar word aangedui dat alhoewel min leserskommentaar ooglopend met vals nuus en samesweringsteorieë verbind kan word, samesweringsteorieë en vals nuus wel hierin voorkom, veral ten opsigte van die veiligheid en effektiwiteit van entstowwe, die bestaan van die pandemie self, die bevraagtekening van noodmaatreëls, en die voorstel van alternatiewe behandelings.

## 1. Inleiding

Die globale verspreiding van die Ernstige Akute Respiratoriese Sindroom Koronavirus 2 (Severe Acute Respiratory Syndrome Coronavirus 2, oftewel SARS-CoV-2) (COVID-19) het die wêreld, en Suid-Afrika, ingrypend ontwrig. Tot op hede (Oktober 2023) het 6,9 miljoen mense wêreldwyd aan COVID-19 gesterf, groot getalle besighede is gesluit, en ekonomieë het wêreldwyd ’n knou gekry. In Suid-Afrika het meer as 100 000 mense aan COVID-19 gesterf.

Een van die groot slagoffers van die COVID-19-pandemie is die waarheid. Vals nuus en samesweringsteorieë oor die pandemie was en is volop. Sommige mense bevraagteken die bestaan van die pandemie; ander blameer regerings en maatskappye vir die uitbreek van die pandemie; en ander bevraagteken inentings. Hanley, Kumar en Durumeric (2023) ag samesweringsteorieë wat betref COVID-19 as een van die vyf belangrikste hedendaagse samesweringsteorieë naas QAnon, 9/11, UFO/Aliens, en plat-aarde-teorieë. Boonop is die talle samesweringsteorieë rakende COVID-19 ’n slegte teken van wat die toekoms inhou, want terwyl verdere pandemies in die toekoms verwag word, is vertroue in regerings, die media en die wetenskap tot so ’n mate geskend dat effektiewe voorkomingsmaatreëls moeilik in die toekoms toegepas sal kan word.

Die huidige studie ondersoek die neerslag van vals nuus en samesweringsteorieë rakende COVID-19 in Afrikaanse leserskommentaar op Maroela Media se berigte oor hierdie pandemie. Leserskommentaar is deur middel van rekenaarmatige onderwerpmodellering in temas gegroepeer en word teen die agtergrond van vorige navorsing bespreek. Die oogmerk is om te bepaal of vals nuus en samesweringsteorieë wel in sodanige kommentaar voorkom, tot watter mate, en watter narratiewe voorkom. Die studie sluit daarom aan by die literatuur oor vals nuus en samesweringsteorieë, meer spesifiek vals nuus en samesweringsteorieë rondom die COVID-19-pandemie, maar dit het ’n Suid-Afrikaanse en Afrikaanse fokus.

Die artikel is soos volg gestruktureer: Eerstens word agtergrond oor vals nuus en same-sweringsteorieë insake COVID-19 verskaf, met inagneming van Russiese en Chinese betrok-kenheid by die verspreiding van vals nuus en samesweringsteorieë. Hierna word die metodes bespreek wat in die studie gevolg is. Resultate word daarna saam met voorbeelde aangebied, waarna bevindinge bespreek word. Die artikel sluit af met slotopmerkings en voorstelle vir verdere navorsing.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

## 2. Agtergrond tot samesweringsteorieë en vals nuus rakende COVID-19

Daar word gewoonlik ’n onderskeid getref tussen *misinformasie* en *disinformasie* op grond van die bedoeling van die persoon/instelling wat die inligting deel. *Misinformasie* is hiervolgens: “False or misleading information that is spread unintentionally, by error or mistake” (Johnson & Marcellino, 2021:2) of “inaccurate or false information shared by someone unwittingly and without any intention to cause harm” (Islam *et al*., 2021:3), terwyl die term *disinformasie* verwys na: “False or misleading information spread intentionally, usually to achieve some political or economic objective, influence public attitudes, or hide the truth” (Johnson & Marcellino, 2021:2). In die huidige studie word nie ondersoek ingestel na lesers se bedoelings nie en daarom is die onderskeid tussen mis- en disinformasie nie bruikbaar nie. Hierdie definisies van mis- en disinformasie neem boonop valsheid as ’n gegewe sonder om te spesifiseer wat met vals bedoel word, soos ook aangetref in Koçer *et al.* (2022:3) se definisie van vals inligting, wat veronderstel is om beide mis- en disinformasie in te sluit: “a broader information genre that includes false, untrue, and half-true information and to cover online information spread independently of the users’ intent to harm”. Die vraag ontstaan oor wat *waar* en *vals* is, en hoe die onderskeid getref word. Vir Southwell, Thorson en Sheble (2018:3) is die *waarheid* inligting waaroor konsensus bestaan dat dit waar is, terwyl *misinformasie* (wat hulle as ’n sinoniem vir *vals inligting* gebruik), verwys na: “a category of claim for which there is at least substantial disagreement (or even consensus rejection) when judged as to truth value among the widest feasible range of observers”. Southwell, Thorson en Sheble (2018) spesifiseer egter nie wie hierdie “wydste haalbare reeks waarnemers” is wie se konsensus benodig word om die waarheid te bepaal nie. Vir inligting wat in die huidige studie ter sprake is, kan daar veronderstel word dat met *konsensus* bedoel word *konsensus binne die wetenskap*: wanneer daar byvoorbeeld konsensus onder aanlyn gemeenskappe bestaan dat die aarde plat is – ongeag hoe groot daardie aanlyn gemeenskappe is – beteken dit steeds nie dat ’n stelling dat die aarde rond is as vals beskryf kan word nie, aangesien die konsensus binne die wetenskap bestaan dat die aarde rond is. Om hierdie rede definieer ek vals inligting as inligting wat deur die wetenskap as vals bewys is of wat andersins nie deur bewyse gestaaf kan word nie.

Samesweringsteorieë is ’n vorm van vals inligting en verwys na “attempts to explain the ultimate causes of significant social and political events and circumstances with claims of secret plots by [...] powerful actors” (Douglas *et al*., 2019:4). Alhoewel samesweringsteorieë nie nuut is nie, het dit in die era van sosiale media skerp toegeneem. Johnson en Marcellino (2021:1) verwys na *waarheidsverval* (“truth decay”) in die hedendaagse wêreld, wat deur vier eienskappe gekenmerk word:

- ’n toenemende meningsverskil oor feite en analitiese interpretasies van feite en data;
- ’n vervaging van die grens tussen mening en feit;
- ’n toenemende relatiewe volume, en gevolglike invloed, van mening en persoonlike ervaring bo feite; en
- ’n dalende vertroue in voorheen gerespekteerde bronne van feitelike inligting.

Mense se geneigdheid om samesweringsteorieë betreffende COVID-19 te glo, word voorspel deur hoër vlakke van behoefte aan uniekheid, hoër vlakke van angs, ’n meer intuïtiewe denkstyl en groter mate van narcisme (Granados Samayoa *et al*., 2022:2; Van Mulukom *et al*., 2022:4-5). Verder is persone wat polities magteloos voel meer vatbaar vir hierdie samesweringsteorieë (Romer & Jamieson, 2020:6), asook mense wat nie hul regerings vertrou nie (Van Mulukom *et al*., 2022:6). Inkomstevlakke en vlakke van opvoeding speel ook ’n rol, met mense in laer


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

inkomstegroepe en laer vlakke van opvoeding meer vatbaar vir samesweringsteorieë rakende COVID-19 (Van Mulukom *et al*., 2022:5). Verskeie studies het ook bevind dat geloof met vatbaarheid vir samesweringsteorieë oor COVID-19 saamhang (Van Mulukom *et al*., 2022:5), veral godsdienstige fundamentalisme (Łowicki *et al*., 2022; Sobol, Zajenkowski & Jankowski, 2022). Matthews, Migacheva en Brown (2021:18) skryf ook dat die algemene kenmerke van samesweringsteorie-entoesiaste die volgende insluit: sterk identifikasie met hul groepe (byvoorbeeld politieke partye), gevoelens dat hul groepe onregverdig behandel word, dat hulle geregtig is op meer en onder bedreiging is, en 'n gevoel van magteloosheid en onsekerheid.

Alhoewel samesweringsteorieë oor die hele politieke spektrum voorkom, word samesweringsteorieë oor die algemeen veral met regses verbind (Matthews *et al*., 2021:17; Van Mulukom *et al*., 2022:6). Romer en Jamieson (2020:6) het bevind dat afhanklikheid van konserwatiewe media positief verwant aan die onderskrywing van samesweringsteorieë is en negatief verwant is aan persepsies dat COVID-19 'n bedreiging inhou (sien ook Van Mulukom *et al*., 2022:7). Dubow, Lucas en Morris (2021) noem ook dat die Russiese nuusagentskap, *RT* (wat met samesweringsteorieë verbind word; sien verder aan), spesifiek regses tydens die COVID-19 pandemie geteiken het. Matthews *et al*. (2021:19-20) beklemtoon egter dat mense oor die hele politieke spektrum in samesweringsteorieë glo en noem voorbeelde waar Russiese media beide linkses en regses rondom COVID-19 geteiken het.

Granados Samayoa *et al*. (2022:7) het bevind dat om een samesweringsteorie te glo kan lei tot 'n toename in die algemene neiging om samesweringsteorieë te glo. In hul studie word samesweringsteorieë rakende COVID-19 daarom getipeer as 'n deurgang-samesweringsteorie ("gateway conspiracy") wat verdere vertroue in die wetenskap, regerings en die media ondermyn en mense meer vatbaar maak vir ander samesweringsteorieë. Nie net bedreig COVID-19-samesweringsteorieë tans lewens en ekonomieë nie, dit kan ook probleme in die toekoms skep as gevolg van die feit dat meer mense samesweringsidees glo (Granados Samayoa *et al*., 2022:11). Namate vertroue in die media, wetenskap en regeringsinstellings afneem, word dit moeiliker om die waarheid aan mense op só 'n manier te kommunikeer dat hulle dit glo, wat die implementering van maatreëls tydens noodgevalle bemoeilik.

Samesweringsteorieë is moeilik om te beveg omdat individue wat hierin glo gewoonlik ook gesagstrukture, die media en die wetenskap bevraagteken, en omdat sulke individue 'n hoë toleransie vir teenstrydighede het (Romer & Jamieson, 2020:7; Van Mulukom *et al*., 2022:5-6). Een van die gemeenskaplike kenmerke van die meeste samesweringsteorieë is dat mense in magsposisies nie vertrou kan word nie (Romer & Jamieson, 2020:7). Deur 'n samesweringsteorie te probeer beveg deur op die wetenskap te steun, is dan sinloos wanneer mense nie die gesaghebbendheid van die wetenskap erken nie.

Russiese propagandanetwerke bestaande uit 'n verskeidenheid staats-, staats-geaffilieerde en niestaatsgeaffilieerde instellings, was ook betrokke by die verspreiding van vals inligting en samesweringsteorieë rakende COVID-19 (Śledź, 2020:397; Johnson & Marcellino, 2021:2; Matthews *et al*., 2021:8; Duberry, 2022:171; Ginossar *et al*., 2022:4; Nitszke 2022:40; Toepfl *et al*., 2022:3). Hierdie instellings sluit in *RT* (voorheen *Russia Today*), *Sputnik*, *RTDocs*, *Ruptly*, *Redfish*, *In The Now*, *SouthFront*, *News Front*, *Global Research*, *Fort Russ News*, *New Eastern Outlook Journal*, *the Strategic Culture Foundation*, *Katehon*, en *One World Press* (Matthews *et al*., 2021:25). Namate COVID-19-entstowwe beskikbaar gestel is, het Russiese propagandanetwerke verdere vals inligting oor die nadelige uitwerking van entstowwe versprei, wat die doeltreffendheid daarvan betwyfel het (Dubow *et al*., 2021; Nitszke 2022:40). Hierteenoor is die Russiese entstof, Sputnik V, as effektief uitgebeeld (Dubow *et al*., 2021; Horawalavithana *et al*., 2022:8). Strudwicke en Grant (2020) het ook ander pogings deur een


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

van die bekendste Russiese propaganda-instellings, die Internet Research Agency (IRA), ondersoek, en gevind dat hulle ook materiaal versprei het wat die wetenskap op ander maniere probeer diskrediteer: benewens anti-inentingsmateriaal het die outeurs ook materiaal gevind wat klimaatsverandering ontken en die plat-aarde-teorie bevorder. Hanley *et al*. (2023) wys op hul beurt dat *RT* en *Sputnik* met al vyf hedendaagse sameweringsteorieë in hul studie (QAnon, 9/11, COVID-19, UFO/Aliens, en plat-aarde-teorieë) verbind word. Tydens die 2022-inval in Oekraïne het Alieva, Ng en Carley (2022:1172) twiets versamel wat verband hou met Russiese propaganda op Twitter (nou bekend as X). Hieronder was ook anti-inentingsboodskappe, meer spesifiek met betrekking tot die beweerde vestiging van biologiese wapenlaboratoriums in Oekraïne. Sommige Twitter-rekeninge het aangevoer dat die beweerde VSA-gesteunde biologiese wapenlaboratoriums ’n nuwe koronavirus geskep het (Alieva *et al*., 2022:1172).

China het ’n soortgelyke veldtog parallel met Rusland gevoer, wat ook die verspreiding van vals nuus en sameweringsteorieë met betrekking tot COVID-19 ingesluit het (Dubow *et al*., 2021; Johnson & Marcellino, 2021; Matthews *et al*., 2021). Johnson en Marcellino (2021:15) stel onomwonde:

> Russian and Chinese English-language news appear to be manipulated to promote certain narratives – particularly ones that promote Russian and Chinese geopolitical interests at the expense of the United States. They also appear to promote a variety of different conspiracy theories, especially those that portray the pandemic as an opportunity for governments and elites to take advantage of citizens and those that cast doubt on the origin of COVID-19. *This represents serious misconduct on the part of Russia’s and China’s governments*. By using their authoritarian power over the media to oppose public health measures, they directly harmed global health and well-being (oorspronklike klem).

Śledź (2020:398) beklemtoon egter dat dit verkeerd sal wees om al die aanlyn sameweringsteorieë oor COVID-19 aan die werk van die Russiese en Chinese propagandanetwerke te koppel, aangesien baie politieke akteurs by soortgelyke aktiwiteite betrokke is. Die voormalige staatspresident van die VSA, Donald Trump, en ander Westerse konserwatiewe leiers het ook sulke vals inligting versprei (Śledź, 2020:399). Trump het byvoorbeeld voorgestel dat huishoudelike bleikmiddel en hidroksichlorokien teen COVID-19 gebruik kan word (Nattrass, 2023:2).

## 3. Temas van sameweringsteorieë rakende COVID-19

Śledź (2020:397-398) identifiseer die volgende temas van vals nuus rakende COVID-19:

1. *Die oorsprong van die virus*. Vals nuus sou beweer dat die virus afkomstig sou wees van Amerikaanse of Chinese biologiese wapenprogramme, of dat dit ’n newe-effek van die bekendstelling van die 5G-netwerkinfrastruktuur sou wees;
2. *’n Valse pandemie*. Vals nuus sou beweer dat die pandemie of die virus self nie bestaan nie;
3. *Verpolitisering van die pandemie en die gebruik daarvan om persoonlike vryheid te beperk*. Vals nuus sou beweer dat COVID-19 deur verskeie inisiërende entiteite aangewend word om mense te beheer of in te perk, insluitende die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO), Gates, of breedweg verstaan: die elite;


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

4. *Metodes van voorkoming en behandeling van siekte wat deur COVID-19 veroorsaak word*. Vals nuus sou aan die een kant die doeltreffendheid van maatreëls wat deur die staat aanbeveel word, bevraagteken, byvoorbeeld die dra van beskermende maskers of die ontsmetting van hande en, aan die ander kant, alternatiewe behandelingsmetodes voorstel, insluitende verskeie middele van alternatiewe medisyne, sowel as die gebruik van alkohol, dwelms of bleikmiddel.

Hierdie vier temas word in die volgende onderafdelings in meer besonderhede bespreek. Die betroubaarheid van inligtingskanale is by hierdie bespreking ingesluit omdat dit ’n sleutel in die verspreiding van ware en vals inligting is.

### *3.1 Die oorsprong van die virus*

Daar bestaan sameweringsteorieë wat beweer dat die COVID-19-virus in ’n biologiese wapenlaboratorium vervaardig is, met China en die VSA as die lande wat die meeste van hierdie sameweringsteorieë beskuldig word (Johnson & Marcellino, 2021:12; Matthews *et al*., 2021:7; Nisbet & Kamenchuk, 2021:575; Bierwiaczonek, Gundersen & Kunst, 2022; Toepfl *et al*., 2022:2; Van Mulukom *et al*., 2022:4). Alhoewel die besonderhede van hierdie sameweringsteorieë verskil, is die idee dat die VSA die virus geskep het om sy oorheersing oor die wêreld te behou ’n herhalende idee (Matthews *et al*., 2021:7). Toepfl *et al*. (2022:14) het bevind dat die meeste sameweringsteorieë met betrekking tot COVID-19 entiteite in China en die VSA identifiseer as die oorsaak van die pandemie, maar die VSA word uitsluitlik as synde agter die komplot deur bronne verbonde aan Rusland se regerende elite verdink. In hierdie opsig moet genoem word dat die Russiese Komitet Gosudarstvennoy Bezopasnosti (KGB) in 1985 ’n gerug begin het dat die VSA die Menslike Immuniteitsgebreksvirus (MIV) doelbewus onder bevolkings in Afrika versprei het (Leitenberg, 2020:4; Duberry, 2022:175), en huidige sameweringsteorieë rakende COVID-19 volg met ander woorde dieselfde patroon.

Andersins sou COVID-19 volgens sameweringsteorieë die oorsaak van die uitbreiding van 5G-netwerkinfrastruktuur wees (Toepfl *et al*., 2022:2; Van Mulukom *et al*., 2022:4). Hiervolgens sou die ontplooiing van 5G-tegnologie gekoppel wees aan die verspreiding van die virus, hetsy deur die immuunstelsel te verswak of die virus direk oor te dra, en die gevare verbonde aan 5G-tegnologie word glo deur regerings en hoofstroommedia toegesmeer.

Een voordeel van sulke sameweringsteorieë is dat mense steeds COVID-19 ernstig opneem, wat beteken dat mense wat in hierdie sameweringsteorieë glo, steeds voorkomende maatreëls tref (Van Mulukom *et al*., 2022:8).

### *3.2 ’n Valse pandemie*

Sommige sameweringsteorieë en vals nuus beweer dat die pandemie glad nie bestaan nie, dat dit slegs ’n verkoue is, of dat dit oordryf word (Matthews *et al*., 2021:8; Van Mulukom *et al*., 2022:4). Johnson en Marcellino (2021:9) skryf dat sulke stories beweer dat COVID-19 nie dodelik is vir gesonde mense nie, of dat data oor COVID-19-sterftes foutief is, of selfs dat hospitale finansieel aangespoor is om COVID-19-sterftes verkeerd aan te meld.

Die glo van sulke sameweringsteorieë korreleer met ’n verontagsaming van maatreëls wat bedoel is om die verspreiding van die virus te bekamp (Van Mulukom *et al*., 2022:7).

## 3.3 *Verpolitisering van die pandemie en die gebruik daarvan om persoonlike vryheid te beperk*

Sommige sameweringsteorieë stel voor dat die pandemie geskep is om beheer oor mense uit te oefen (Van Mulukom *et al*., 2022:4). Johnson en Marcellino (2021:9) voer aan dat sulke stories die openbare gesondheidsmaatreëls wat tydens die pandemie geïmplementeer is as deel van ’n sinistere komplot deur regerings beskryf om totalitêre beheer uit te oefen. Die vrees vir COVID-19, wat die samelewing meer onderdanig gemaak het in die aangesig van ’n sterk regering en ’n elite-klas, is een narratief wat gereeld in hierdie stories verskyn (Johnson & Marcellino, 2021:10). Matthews *et al*. (2021:7) noem dat die wêreld se rykste individue en maatskappye hiervolgens die COVID-19-pandemie aangestig en befonds het om hul doelwitte vir wêreldoorheersing te fasiliteer. Johnson en Marcellino (2021:8) het ook bevind dat baie berigte wat deur die Russiese media versprei is, vrese uitgespreek het dat mense se privaatheid geskend word deur kontakte na te gaan. Die rolspelers wat hiervolgens op mense sou spioeneer, kan regerings- of privaat maatskappye wees.

Rolspelers wat gewoonlik vir die beheer van mense blameer word, is Gates en Microsoft, Anthony Fauci (die voormalige direkteur van die VSA se National Institute of Allergy and Infectious Diseases) en Soros, die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO), en die WGO (Johnson & Marcellino, 2021:8; Matthews *et al*., 2021:8; Toepfl *et al*., 2022:2; Van Mulukom *et al*., 2022:4). Soos tydens die VIGS-epidemie het antisemitiese sameweringsteorieë en temas oor die Nuwe Wêreldorde (NWO) en die Illuminati weer tydens die COVID-19-pandemie opgeduik (Nattrass, 2023:3). Die NWO (soms *eenwêreldorde*) verwys na ’n sameweringsteorie wat beweer dat daar ’n geheime en magtige groep individue of organisasies is wat agter die skerms werk om ’n globale regering of beheerstelsel te vestig wat al die lande van die wêreld sal beheer (Flores, 2022).

## 3.4 *Metodes van voorkoming en behandeling van siekte wat deur COVID-19 veroorsaak word*

### 3.4.1 *Voorkoming*

Vals nuus rakende die COVID-19-pandemie sou gereeld beweer dat die dra van maskers onnodig is, sowel as sanitasie en die handhaaf van ’n veilige afstand. Romer en Jamieson (2020:6) het bevind dat mense wat in sulke sameweringsteorieë glo, minder geneig was om voorkomende maatreëls te tref soos om hande te was of maskers te dra, en boonop gekant was teen inenting (sien ook Van Mulukom *et al*., 2022). Die dra van maskers is reeds effektief bevind in die bekamping van COVID-19 (Howard *et al*., 2021; Li *et al*., 2022), en navorsing het getoon dat die sluiting van opvoedkundige instellings, die beperking van byeenkomste tot 10 mense of minder, en die sluiting van aangesig tot aangesig besighede elk transmissie aansienlik verminder het (Haug *et al*., 2020; Brauner *et al*., 2021; Chernozhukov, Kasahara & Schrimpf, 2021). In Suid-Afrika is daar egter geen aanduiding dat inperkingsmaatreëls effektief was nie, hoofsaaklik omdat die situasie in townships inperking onrealisties gemaak het (Broadbent, Combrink & Smart, 2020:2; Labuschaigne, 2020:4). Boonop het die Suid-Afrikaanse regering nie sy redes vir inperkingsmaatreëls effektief gekommunikeer nie, wat tot toenemende bevraagtekening van voorsorgmaatreëls in die media en deur die publiek gelei het (Broadbent *et al*., 2020:2). Die Suid-Afrikaanse regering het ook hardhandig opgetree teenoor oortreders, en teen Junie 2020 was 11 mense reeds dood as gevolg van polisie-optrede


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

(Labuschaigne, 2020:4). Ook eers in Junie 2020 het die Hooggeregshof in Pretoria die regering verbied om COVID-19-positiewe pasiënte te dwing om in afsondering in staatsinstellings deur te bring (Labuschaigne, 2020:4).

Sommige maatreëls wat deur die Suid-Afrikaanse regering ingestel is, byvoorbeeld beperkinge op die verkoop van oop skoene en kortmouklere, is nie wetenskaplik gegrond nie. Labuschaigne (2020:4) noem hierdie regulasies “completely irrational and unaligned with the objectives of the Disaster Management Act in curbing the spread of the virus”. Die omstrede tabakverbod verdien hier spesiale vermelding. Geen redes is aanvanklik vir die tabakverbod verskaf nie, en dit was eers twee maande ná die instelling van die verbod, wat op 27 Maart 2020 ingestel is, dat die Fair Trade Independent Tobacco Association (FITA) deur middel van ’n hofbevel redes vir die verbod bekom het (Cornelissen, 2020) (De Wet, 2020 het uitgewys dat hierdie redes steeds nie deur die wetenskap gestaaf kan word nie.) Daar was ook gerugte dat die verbod sou saamhang met ’n magstryd binne die ANC, of andersins met onwettige sigarethandel (Broadbent *et al*., 2020:2; Burger, 2020). Sulke ongegronde voorkomingsmaat-reëls in Suid-Afrika, tesame met wydverspreide korrupsie binne die ANC, het die indruk geskep dat die regering wins maak uit COVID-19-regulasies. Hierdie agterdog teenoor die ANC-regering is anders as die sameweringsteorieë wat in vorige navorsing vermeld word, maar kon mense se vatbaarheid vir ander sameweringsteorieë verhoog, gegewe sommige Suid-Afrikaners se bestaande agterdog teenoor die Suid-Afrikaanse regering.

### *3.4.2 Behandeling*

’n Verskeidenheid alternatiewe kure is vir COVID-19 voorgestel, wat wissel van die drink van gemmertee of die inname van knoffel tot die inname van dodelike stowwe soos metanol of ontsmettingsmiddel (Van Mulukom *et al*., 2022:8). Bierwiaczonek *et al*. (2022:2) noem ook dat chlorokien/hidroksichlorokien en vitamien C aanbeveel is, en bevind dat mense wat sterk in sameweringsteorieë glo, ook sterk in sulke alternatiewe kure glo (sien ook Matthews *et al*., 2021:9). Verwysings na die gebruik van hidroksichlorokien is ook volop in Johnson en Marcellino (2021:12) se studie, waar die outeurs ’n sameweringsteorie uitlig dat “Groot Farma” die gebruik van sulke goedkoop middels ter wille van winsbejag probeer toesmeer (sien ook Matthews *et al*., 2021:9). Die gebruik van hidroksichlorokien vir die behandeling van COVID-19 is reeds as oneffektief bewys (Axfors *et al*., 2021; Dhibar *et al*., 2023). Nattrass (2023:2) merk in hierdie opsig ooreenkomste met die MIV/VIGS-pandemie: Thabo Mbeki het tydens die VIGS-pandemie ’n sameweringsteorie ondersteun dat die internasionale farmaseutiese bedryf saam met die Amerikaanse Central Intelligence Agency (CIA) werk om Afrikane met antiretrovirale middels te vergiftig (wat moontlik ’n variasie op bogenoemde KGB-gerug kan wees). Mbeki en sy paneel het daarom ginseng, Chinese komkommer, borrie, aloe vera, knoffel en echinacea, masseerterapie, musiekterapie, joga, geestelike sorg, homeopatie, Indiese ayurvediese medisyne, ligterapie en vele ander metodes aanbeveel (Nattrass, 2023:2).

Daar is ook talle sameweringsteorieë en vals nuus oor die effektiwiteit en newe-effekte van entstowwe, wat bewerings insluit dat entstowwe oneffektief is, dat dit nie deeglik getoets is nie, dat dit mense se DNA kan verander, dat dit dodelik sou wees, dat mense daardeur beheer gaan word, en selfs dat die entstof uit geaborteerde fetusse vervaardig is (Islam *et al*., 2021). Een gerug het beweer dat Gates gesê het dat 700 000 mense beseer sal word of sterf weens die COVID-19-entstof (Islam *et al*., 2021:8). In Suid-Afrika het hoofregter Mogoeng Mogoeng ’n geloofsdimensie aan sameweringsteorieë met betrekking tot entstowwe gekoppel toe hy in ’n openbare gebed beweer het:

> Indien daar ’n entstof is wat van die duiwel is en bedoel is om die lewens van mense met 666 te vul en hul DNS binne te dring, mag dit in die naam van die Here God met vuur vernietig word. (Heyns, 2021)

Pfizer-BioNTech (BNTb262), Moderna (mRNA-1273), Johnson & Johnson se Janssen (JNJ-78436735) en ander entstowwe se effektiwiteit en veiligheid is in verskeie studies aangetoon (Tregoning *et al*., 2021; Fiolet *et al*., 2022; Higdon *et al*., 2022; Maiese *et al*., 2022; Singh *et al*., 2022; Zeng *et al*., 2022).

Ivermektien se gebruik teen COVID-19 val op die grens tussen wetenskap en pseudo-wetenskap. Heelwat van die navorsing wat ivermektien se potensiaal uitlig, is gegrond op onetiese en oneerlike navorsingspraktyke (Lawrence *et al*., 2021; Hill *et al*., 2022a; Hill *et al*., 2022b; Izcovich *et al*., 2022; Meyerowitz-Katz *et al*., 2022; Taccone, Hites & Dauby, 2022). Ander studies het daarop gedui dat ivermektien nie die mortaliteitsrisiko of die risiko van meganiese ventilasievereiste verminder nie (Roman *et al*., 2021; Izcovich *et al*., 2022; Marcolino *et al*., 2022; Bibbins-Domingo & Malani, 2023; Naggie *et al*., 2023). Taccone *et al*. (2022:473) is byvoorbeeld ondubbelsinnig in hul afkeur van ivermektien:

> The vicious progression of anti-science, sowing doubts about vaccination and promoting treatments with unproven efficacy, such as hydroxychloroquine and ivermectin, has also shown that firm condemnation by the scientific community is not sufficient. As such, scientists should attempt to vulgarize medical information in newspapers and social media and even accept debates on television with fake news and disinformation providers, explaining to audiences without medical knowledge and using nonpolarized arguments about how complex the medical treatment of COVID-19 is.

Tog is daar studies wat daarop dui dat ivermektien vir die behandeling van COVID-19 gebruik kan word (Heidary & Gharebaghi, 2020; Hariyanto *et al*., 2021; Mody *et al*., 2021; Yang, Shen & Hou, 2022). Ivermektien is derhalwe ’n kontroversiële middel wat nóg volkome vals nuus, nóg volkome wetenskaplik bewese is.

### *3.5 Die media*

Verskeie studies verbind die Russiese media met die verspreiding van vals nuus en samesweringsteorieë met betrekking tot COVID-19 (Johnson & Marcellino, 2021; Matthews *et al*., 2021; Nisbet & Kamenchuk, 2021; Hoyle *et al*., 2022; Toepfl *et al*., 2022). Twee van die vals narratiewe wat die Russiese media oor die pandemie versprei het wat algemeen voorkom in hul dekking van COVID-19 is byvoorbeeld dat die gesondheidsrisiko van COVID-19 soortgelyk aan, of nie wesenlik groter as dié van gewone griep sou wees nie, en dat die virus in ’n Amerikaanse biologiese wapenlaboratorium sou ontstaan het (Nisbet & Kamenchuk, 2021:574).

Teenoor Russiese media se bewese verspreiding van vals nuus en samesweringsteorieë bevind Toepfl *et al*. (2022:13) dat die hoofstroom-massamedia hulle daarvan weerhou om samesweringsteorieë te versprei. Hierteenoor het nis- en spesiale-belangstelling-media, tesame met *Sputnik*, ’n sleutelrol in die verspreiding van samesweringsteorieë gespeel. Xu *et al*. (2022:7) het op hul beurt bevind dat hoofstroommedia soos *CNN* en die *BBC* onderskeidelik die vyfde en derde mees betroubare nuusbronne uit die 13 nuusagentskappe in hul studie was, teenoor *RT* wat die derde mees onbetroubare nuusbron was. Xu *et al*. (2022:10) voer aan: “In the infodemic caused by COVID-19, the news agencies with high reliability are more likely to disseminate the true epidemic situation and shoulder the responsibility of eliminating

misinformation." Hierdie verspreiding van akkurate inligting het 'n direkte impak op mense se gedrag tydens die pandemie: Lachlan en Gilbert (2022:8) het bevind dat individue wat meer gesteun het op nalatenskap- (*ABC*, *CBC* en *CNN*) en hoë- betroubaarheid-media (*BBC*, *Reuters*, *NYT*), hoër-risiko-persepsies en sterker bedoelings gehad het om in te ent en ander beskermende gedrag uit te voer; individue wat meer op lae-betroubaarheid-mediakanale (*InfoWars*, *Breitbart* en *Buzzfeed*) staatgemaak het, het laer risikopersepsies gehad, minder akkurate waarskynlikheidskattings, verminderde inentingsvoornemens en laer beskermende gedragsvoornemens.

In die volgende afdeling word die metodes wat in die huidige studie gevolg is, bespreek.

## 4. Metodes

Volgens Slatter (2022:76) is Maroela Media en Netwerk24 die enigste hoofstroomnuuskanale in Afrikaans. Maroela Media is vir die huidige studie as databron gekies omdat dit saam met Netwerk24 tans die gewildste Afrikaanse nuusplatform is (soos gemeet aan die aantal lesers), met Maroela Media wat meer bladbesigtigings het as Netwerk24 (Krige, 2019:28; Van Heerden, 2023). Maroela Media het byvoorbeeld maandeliks gemiddeld 9 582 225 besoekers (waarvan 2 171 913 unieke besoekers is) wat gemiddeld 21 380 766 bladsye per maand lees (vir 2022) (Van Heerden, 2023). Dit beteken dat Maroela Media tans die grootste reikwydte van alle Afrikaanse aanlyn nuusplatforms het. Boonop kan enigeen kommentaar lewer onder 'n berig op Maroela Media, terwyl mense ingeteken moet wees op Netwerk24 om op hierdie platform kommentaar te kan lewer. Maroela Media skep met ander woorde tot 'n groter mate die geleentheid vir mense om hul opinies te lug as Netwerk24 en stel nie beperkings soos intekengeld in wat mense uit die debat uitsluit nie. Daar is egter geen besonderhede beskikbaar oor die politieke oortuigings van Maroela Media se lesers nie en uit die leserskommentaar is dit duidelik dat lesers wat kommentaar lewer, 'n wye spektrum sienings verteenwoordig. Maroela Media poog ook om betroubare nuus te publiseer en nie fopnuus te versprei nie, soos bespreek in Slatter (2022). Maroela Media is deel van die Solidariteit Beweging, met aandeelhouers die Dagbreek Trust, Solidariteit Beweging, Helpende Hand en AfriForum, en befonds hulself deur advertensies op die webwerf, bydraes van aandeelhouers en vrywillige ondersteuning deur lesers (Van Heerden, 2023).

Data is vir die huidige studie versamel deur leserskommentaar onder berigte op Maroela Media, wat met die etiket *koronavirus* gemerk is, met behulp van Octoparse (https://www.octoparse.com/) op 21 Februarie 2023 te skraap. Altesame 2 841 berigte wat met hierdie etiket gemerk is, is in ag geneem. Net eerstevlakleserskommentaar is geskraap, met ander woorde, leserskommentaar op berigte, en nie leserskommentaar op ander leserskommentaar nie. In totaal is 19 053 gevalle van leserskommentaar versamel.

Onderwerpmodellering deur middel van 'n woord ko-voorkomsnetwerkontleding is in die huidige studie gebruik om 'n oorsig oor die aard van leserskommentaar te verkry. Benabdelkrim *et al*. (2020) stel 'n tegniek voor waarmee onderwerpe in teks met behulp van woord-ko-voorkomsnetwerke en Blondel *et al*. (2008) se modulariteitsalgoritme (ook genoem die Louvain-metode) geïdentifiseer kan word. Die teks word eers skoongemaak deur leestekens te verwyder, teks in kleinletters om te skakel, woorde te lemmatiseer (waardeur 'n woord na sy basiese vorm herlei word deur die stam van die woord te gebruik en die invloed van grammatikale affikse te verwyder), en stopwoorde te verwyder. Daarna word 'n skakel tussen woorde aangedui wat in dieselfde sin voorkom, met die gevolg dat 'n woord-ko-voorkomsnetwerk saamgestel word. Groepe woorde wat gereeld saam voorkom, kan dan met behulp van Blondel *et al*. (2008) se modulariteitsalgoritme uitgelig word. Hierdie algoritme sorteer

nodusse (in hierdie geval woorde) in groepe (genoem gemeenskappe) op grond van hulle skakels met ander nodusse (ko-voorkomste), en die uiteinde is dat groepe woorde in onderwerpe gegroepeer word en met behulp van ’n aantal kernwoorde voorgestel word. Die metode werk met ander woorde induktief: groepe woorde word uitgelig wat gereeld saam voorkom en hierdie groepe verteenwoordig ’n tema.

Omdat Benabdelkrim *et al*. (2020) se metode nie aangepas is vir Afrikaans nie, is die leserskommentaar eers na Engels omgeskakel met behulp van Google Translate. Google Translate is gekies omdat Aikin (2019) reeds vier jaar terug aangetoon het dat Afrikaans-Engelse vertalings een van die taalpare is wat die beste met hierdie diens vertaal kan word, en sedertdien het Google Translate beduidende vordering gemaak om akkuraatheid te verbeter met die implementering van nuwer taalmodelle soos PaLM (Chowdhery *et al*., 2022). Benabdelkrim *et al*. (2020) se metode, soos geïmplementeer in die aanlyn funksies by nocodefunctions.com (https://nocodefunctions.com/), is daarna op die Engelse teks toegepas. Alle leserskommentaar is aanvanklik ingesluit, maar dit was nie moontlik om onderwerpe met die hele datastel te identifiseer nie. Dit is vermoedelik die gevolg daarvan dat baie opmerkings vae stellings soos “stem saam” of “daar het jy dit” bevat, waarvan die betekenis binne konteks duidelik is maar nie bruikbaar is vir onderwerpmodellering nie. Om hierdie rede is leserskommentaar wat samesweringsteorieë en vals nuus bevat eers onttrek soos hier onder bespreek, waarna onderwerpmodellering met meer sukses op die uittreksel van leserskommentaar toegepas is.

Om leserskommentaar te onttrek wat samesweringsteorieë en vals nuus bevat, is trefwoorde uit vorige navorsing, soos hier bo vermeld, met betrekking tot COVID-19- sameweringsteorieë geïdentifiseer en gebruik om relevante leserskommentaar te vind. Hierdie trefwoorde is *5G*, *biologiese wapen*, *chlorokien*, *effektief*, *fauci*, *gates*, *gekook*, *great reset*, *griep*, *groot farma*, *hoax*, *hoofstroom media*, *ivermektien*, *leuen*, *microsoft*, *msm* (“Mainstream Media”), *nwo* (Nuwe Wêreldorde), *oordryf*, *plandemie*, *soros*, *verkoue* en *wêreldorde*, sowel as Engelse weergawes en spellingvariasies van hierdie terme. Die verwagting was dat leserskommentaar wat samesweringsteorieë verwoord, ook in baie gevalle een van hierdie terme sou gebruik. Nie al dergelike kommentaar, sou egter noodwendig hierdie terme gebruik nie, byvoorbeeld indien ’n gebruiker sou sê: “Ons weet almal wie hier agter sit”. Die algehele voorkoms van leserskommentaar in hierdie uittreksel wat samesweringsteorieë en vals nuus verwoord, is derhalwe ’n konserwatiewe skatting. Alle leserskommentaar waarin hierdie trefwoorde voorkom, is verder met die hand nagegaan om te verseker dat die kommentaar werklik ’n samesweringsteorie of vals inligting verwoord, wat uiteindelik tot ’n uittreksel van 572 voorbeelde van leserskommentaar gelei het. Die handmatige kontrole was nodig omdat daar ’n groot aantal gebruikers was wat na samesweringsteorieë verwys het, maar dit duidelik afkeur, byvoorbeeld (leserskommentaar is verbatim weergegee):

> En Suid Afrika keer terug na die middel eeue. Sameswerings teorieë, duiwel besetenheid, en heksejagtery. Gaan kyk in die CV19 sale in hospitale en kom terug en kyk of jy nog glo dis “die antichris” en Bill Gates wat agter dit sit. Dis ’n virale infeksie wat sekere mense laat sterf. Inenting is 95% effektief om infeksie teë te werk. Soos wat dit is vir pokke, meningitis, geelkoors en polio. Dis nie die antichrist, die dier of die ridder op die wit perd nie, dis ’n virus. En dis nie die duiwel wat die entstof ontwerp het nie dis wetenskaplikes. En die entstof sal nie ons DNA of RNA verander dat ons half masjien half mens sal wees nie. Dit sal ons immuunsisteen bewapen met die genetiese kode van die virus sodat ons immuunsisteem vinnig kan reageer sou ons infeksie opdoen en die virus se vermeerdering in ons liggaamselle stopsit. Dink net....dink, ons lewe nie in die 1300’s nie.

Leserskommentaar wat daarna verwys dat die ANC hulself tydens die pandemie verryk, is nie as vals nuus gemerk nie omdat dit bewese is (Krige, 2022). Wanneer 'n bepaalde opmerking egter ANC-korrupsie sou noem, tesame met 'n verwysing daarna dat entstowwe byvoorbeeld ongetoets en onveilig is, is dit wel as vals nuus gemerk.

Nadat leserskommentaar onttrek is wat sameseweringsteorieë en vals nuus verwoord, is sodanige kommentaar in die uittreksel met Benabdelkrim *et al*. (2020) se metode in onderwerpe of temas verdeel.

Die volgende afdeling bespreek die resultate.

## 5. Resultate

### *5.1 'n Oorsig oor die datastel*

Tabel 1 verskaf 'n opsomming van die datastel wat vir die huidige studie versamel is. Hier kan gesien word dat slegs 3% leserskommentaar deur middel van sleutelwoorde en na handmatige kontrole met sameseweringsteorieë en vals nuus verbind kon word. Daar moet in gedagte gehou word dat sleutelwoorde slegs leserskommentaar sou uitlig wat ooglopend sameseweringsteorieë en vals nuus verwoord, met ander woorde nie opmerkings waarvan die betekenis slegs binne konteks duidelik sou wees nie. Nietemin het 572 voorbeelde van leserskommentaar 'n genoegsame korpus verskaf waarmee die aard van sameseweringsteorieë en vals nuus verken kon word.

**TABEL 1:** 'n Opsomming van die datastel

| Veranderlike | Waarde |
|---|---|
| Getal berigte | 2 841 |
| Getal voorbeelde van leserskommentaar | 19 053 |
| Gemiddelde getal voorbeelde van leserskommentaar per berig | 6,71 |
| Getal gebruikers | 1 804 |
| Gemiddelde getal voorbeelde van kommentare per gebruiker | 10,56 |
| Getal voorbeelde van leserskommentaar wat met sameseweringsteorieë en vals nuus verbind kan word | 572 |

### *5.2 Temas*


Daar is vier onderwerpe of temas toegeken met behulp van Benabdelkrim *et al*. (2020) se metode (toegepas op die 572 voorbeelde van uittrekselkommentaar). Ná die deeglike lees van al hierdie leserskommentaar kon gesien word dat temas grotendeels ooreenstem met die temas soos deur Śledź (2020:397-398) geïdentifiseer, met die uitsondering van die tema insake die oorsprong van die virus – wat nie deur onderwerpmodellering uitgelig is nie – en die verdeling van metodes van voorkoming en behandeling van COVID-19 in twee temas. Die sleutelwoorde dui daarop dat hierdie twee temas hoofsaaklik verdeel rondom mediese en niemediese metodes: Onderwerp A sluit trefwoorde soos *entstof* en *ivermektien* in, terwyl Onderwerp B trefwoorde soos *immuniteit* en *dra* insluit, met laasgenoemde trefwoord wat na maskers verwys.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

**TABEL 2:** Onderwerpe of temas en sleutelterme in relevante leserskommentaar

| Onderwerp | Sleutelwoorde |
|---|---|
| Verpolitisering van die pandemie | tel, koers, toets, kovid, regering, wins, bill gates, laat, beheer, pandemie |
| Metodes van voorkoming en behandeling van COVID-19 A | ivermektien, entstof, geld, nasie, medies, werk, inspuit, inspuiting, variant, google |
| Metodes van voorkoming en behandeling van COVID-19 B | virus, verkoue, siek, immuniteit, leef, niks, besmet, land, bang, dra |
| Valse pandemie | dood, oorsaak, media, gewone, kook, lewe, sensasie, gemiddeld, vergelyk, keel |

Figuur 1 dui die verspreiding van leserskommentaar volgens tema aan. Hier kan gesien word dat die meeste voorbeelde van leserskommentaar tot die tema *Metodes van voorkoming en behandeling van COVID-19 B* behoort, en die tweede meeste tot die tema *Valse pandemie*.




***Figuur 1:*** *Die verspreiding van leserskommentaar volgens tema*


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

Hierdie vier onderwerpe word in die volgende onderafdelings teen die agtergrond van Śledź (2020:397-398) en met behulp van voorbeelde bespreek.

### *5.2.1 Die oorsprong van die virus*

Baie min gebruikers het sameseweringsteorieë en vals nuus insake die oorsprong van die virus verwoord, en daarom is hierdie tema nie deur onderwerpmodellering uitgelig nie. Die drie voorbeelde in Tabel 3 hier onder is ook die enigste voorkoms van sulke gevalle van leserskommentaar in die huidige datastel. Hierdie leserskommentaar, soos alle voorbeelde wat in die huidige studie genoem word, is verbatim weergegee.

Geen voorbeelde kon gevind word van gebruikers wat glo dat 5G met COVID-19 verband hou nie. Daar was wel gebruikers wat bewus was van dié bewering, maar uit hul kommentaar is dit duidelik dat hulle die spot daarmee dryf, byvoorbeeld:

> Ek wonder of my 5G gaan werk na die 3de booster
> Hahaha hy is nou n super magneet wat al die 5G torings deurmekaar maak.

Omdat hierdie leserskommentaar die spot dryf met vals nuus, is dit nie in berekening gebring vir die uittreksel van relevante leserskommentaar nie.

**TABEL 3:** Voorbeelde van leserskommentaar wat vals nuus en sameseweringsteorieë rondom die oorsprong van die virus verwoord

| Nommer | Datum | Leserskommentaar |
|---|---|---|
| 1 | 2021-02-09 | Ek glo nie veel in toeval nie. Is dit blote toeval dat die Sjinese se laboratoriums waar biologiese wapens ontwikkel word juis in Wuhan geleë is? |
| 2 | 2020-05-19 | Die VSA se hande is nie skoon nie. Hulle is al baie jare besig om biologiese wapens te ontwikkel en het tientalle laboratoriums buite die VSA wat hulle onder die dekmantel van privaatmaatskappye bedryf. Diegene wat daar werk kry diplomatieke immuniteit en so word die gevaarlike goed oor die wereld versprei. Begin krap ’n bietjie. Staan op van die gemakstoel en kyk wat aan die gang is. |
| 3 | 2020-03-06 | Die is ’n biologiese wapen. Eks geen doom profeet, maar hierdie is net die begin. |

### *5.2.2 ’n Valse pandemie*

Verskeie gebruikers het hulle bedenkinge uitgespreek oor of die COVID-19-pandemie werklik bestaan. Tipiese argumente, waarvan voorbeelde in Tabel 4 verskaf word, voer aan dat COVID-19 nie veel erger is as ’n verkoue nie, dat syfers aangepas word om mense bang te maak of om die grendelstaat te verleng, en dat alle sterftes as COVID-19-sterftes getel word. In Voorbeeld 1 kan gesien word dat die gebruiker ’n vrees uitspreek dat die inenting beheer impliseer, en Voorbeeld 2 verwoord ’n algemene wantroue in regeringsinstansies. Voorbeeld


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

3 en 4 dui op tipiese leserskommentaar wat beweer dat syfers van ander sterftes aan COVID-19 toegeskryf word. Daar moet genoem word dat ’n groot aantal gebruikers sulke sienings verwoord het en hierdie is die tweede grootste tema in die uittreksel van die datastel.

**TABEL 4:** Voorbeelde van leserskommentaar wat vals nuus en samesweringsteorieë rondom die bestaan van die epidemie verwoord

| Nommer | Datum | Leserskommentaar |
|---|---|---|
| 1 | 2022-01-15 | Meer as 95% van mense herstel. Daars geen ramp. Als n hoax… . Vaccine gaan ons beheer en siek maak. Mense wat dit nou nog nie besef nie, Sal seker nooit. |
| 2 | 2022-07-19 | As jy kan glo daar is subvariante van ’n variant van Covid, dan glo jy seker in die tandemuis ook. Mense wat met die ekonomiese gemors en inflasie geskep deur die regerinkies se Covid plandemie, gee nie meer om nie en gaan ook nie weer die instansies wat ons belieg het die afgelope 2+ jaar ooit weer vertrou nie. |
| 3 | 2020-06-09 | “Covid-19-verwante sterftes” – m.a.w. dis nie te sê die mense was wel positief vir Corona nie. Hulle kon netsowel diabetes, hoë bloeddruk, HIV, griep, asma, bronchitis of longonsteking gehad het, maar nou het almal sommer Corona. Nee wat, ek glo niks meer wat aan ons opgedis word nie. |
| 4 | 2020-08-09 | Ja skielik is kanker, HIV en gewone griep genees – jy ry in ’n boom vas en dan kry de virus die skuld want sien die regering kry geld vir elke geval wat aangemelt word |

*5.2.3 Verpolitisering van die pandemie en die gebruik daarvan om persoonlike vryheid te beperk*

Tabel 5 dui voorbeelde aan van leserskommentaar wat aanvoer dat daar ’n doelbewuste poging deur die elite is om die pandemie te skep en te manipuleer om mense te beheer. Voorbeelde 1 en 3 betrek Bill Gates, en daar kom ’n totaal van 48 verwysings na Bill Gates in hierdie leserskommentaar voor. Voorbeeld 4 bevat ’n verwysing na die Nuwe/Een Wêreldorde, en is een van 33 verwysings na die Nuwe/Een Wêreldorde in hierdie leserskommentaar. Dit is ook een van vele gevalle wat kritiek uitspreek teenoor die hoofstroommedia, wat volgens die leserskommentaar die waarheid toesmeer. Min gebruikers noem hulle bronne, maar daar is drie gevalle van leserskommentaar wat *RT* as ’n nuusbron noem. Terwyl verskeie gebruikers die geloofwaardigheid van die hoofstroommedia bevraagteken, is daar met ander woorde gebruikers wat staatmaak op minder geloofwaardige nuusbronne.

Voorbeeld 2 dui ’n faset aan wat eie is aan die huidige datastel: die vermenging van wantroue in die elite met wantroue in die ANC. Baie gebruikers spreek die siening uit dat die ANC mense probeer beheer en hulself verryk deur noodmaatreëls en entstowwe, soos wat


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

oorsese samesweringsteorieë ook aanvoer dat die elite (byvoorbeeld Bill Gates) verryk word deur die pandemie. Dit het later bekend geword dat die ANC wel hulself tydens die pandemie verryk het (Krige, 2022).

**TABEL 5:** Voorbeelde van leserskommentaar wat vals nuus en samesweringsteorieë rondom die verpolitisering van die pandemie en die gebruik daarvan om persoonlike vryheid te beperk, verwoord

| Nommer | Datum | Leserskommentaar |
|---|---|---|
| 1 | 2020-09-09 | Dit is seker die nano chip wat is die entstof is, wat die reaksie het. Bill Gates is die groot induna agter die storie om hier deur totale beheer oor die wêreld bevolking te verkry |
| 2 | 2021-07-14 | Wanneer gaan die volk oor hul vrees vir covid kom? Wil voorkom of die boodskap baie effektief was. Dit pas die kommunistiese regime natuurlik uitstekend. Hoe langer die volk in vrees bly hoe beter en hoe meer beheer kan hulle gaandeweg oor die mense kry. Die uitstel van die verkiesing sal die ANC pas en as hulle nog kan verklaar dat die mense dit wil uitstel dan kan hulle met groot smaak verkondig dat hulle na die mense luister. Word asb wakker mense-gaan stem nou, dis dalk die beste en laaste kans om van die kommuniste ontslae te raak |
| 3 | 2021-05-12 | Die enigste ramp is die verklaring van ’n pandemie. Die WGO word deur China en die Gates-Stigting gefinansier. Bill Gates is prominent in farmaseutiese maatskappye wat groot winste maak uit die pandemie-industrie, terwyl die wereld-ekonomie geknou word en menseregte vertrap word. |
| 4 | 2020-12-11 | Hierdie is ’n georgestreerde storie gedryf deur die NWO. Dit is oor en oor bewys, maar die linksgesinde liberale sosialistiese gepeupel, met die media wat hulle dryf; wil chaos skep in die wêreld. Vroeër het hulle oorloë gebruik om die selfde resultate te bereik.. 90 % van die gewone sterftes word aangedui op dood sertifikate dat die oorsaak COVID -19 is. Kry al die feite bymekaar, Tot mense wat in motor ongelukke gesterf het. Feite en bewyse is beskikbaa. Die media is die hoof drywers van die leuens. Medie huise wyer om enige van die bewerings openbaar te maak, want dan is hulle nie deel van die gepeupel nie. Wyer om die waarhied te openbaar. |

### *5.2.4 Metodes van voorkoming en behandeling van siekte wat deur COVID-19 veroorsaak word*

Omdat onderwerpmodellering uitgewys het dat die voorkoming en behandeling van COVID-19 deur mediese en niemediese maniere bespreek word, word hierdie indeling in die huidige onderafdeling gevolg. Tabel 6 dui voorbeelde van leserskommentaar aan wat vals nuus en sameweringsteorieë rakende die metodes van voorkoming en behandeling van siekte wat deur COVID-19 veroorsaak word, uitspreek.

#### *5.2.4.1 Niemediese voorkoming en behandeling van COVID-19*

Voorbeeld 4 beweer dat maskers skadelik is. Heelwat voorbeelde van leserskommentaar beweer dat maskers asemhalingsprobleme kan veroorsaak, wat selfs tot permanente skade aan longe kan lei, en in sommige gevalle selfs die dood. Die meeste klagtes oor maskers tref egter ’n verband tussen die dra van maskers en dat die elite mense beheer.

Voorbeeld 8 beweer dat inperkingsmaatreëls nêrens werk nie, en noem weereens dat COVID-19 net ’n verkoue is. Die meerderheid klagtes oor inperkings handel oor die skade wat aan die ekonomie gedoen word (terwyl COVID-19 slegs ’n verkoue is), die ontwrigting van die Desembervakansie van 2020, asook die voortbestaan van klein besighede. Vele gebruikers bring ook inperkingsmaatreëls in verband met die ANC se beweerde pogings om wit mense te verarm. Soos verwag is, het ongegronde regulasies van die Suid-Afrikaanse regering daartoe gelei dat mense regulasies oor die algemeen bevraagteken, soos gesien in Voorbeeld 5. Neem in ag dat hierdie kategorie die meeste voorbeelde van leserskommentaar in die uittreksel van die data verteenwoordig, wat daarop dui dat die meeste mense regulasies bevraagteken het.

Ander alternatiewe behandelings, byvoorbeeld die gebruik van knoffel, is deur die meeste gebruikers as vals voorgehou. Dit gebeur vermoedelik omdat die ANC reeds tydens die VIGS-pandemie sulke kure voorgestel het, en dit daarom gediskrediteer is. Een leserskommentaar lees byvoorbeeld:

> Laat ons in Suid Afrika die wêreld wys hoe word dit gedoen; knoffel, beet en suurlemoene. Eenweek en jy hou nou ’n nare herinnering oor. Dit het glo gewerk vir VIGS want jy hoor gladnie meer van dit in SA nie.

Omdat geen leserskommentaar in hierdie datastel knoffel in ’n ernstige lig as behandeling van COVID-19 voorgestel het nie, is sulke voorbeelde van leserskommentaar nie in die uittreksel opgeneem nie.

#### *5.2.4.2 Mediese voorkoming en behandeling van COVID-19*

Voorbeelde van leserskommentaar onder die tema van mediese voorkoming en behandeling van COVID-19 voer meestal aan dat entstowwe nie effektief is nie, nie getoets is nie, en erge newe-effekte het, wat ook die dood insluit. Bykans al die gerugte insake entstowwe wat in Islam *et al*. (2021) gelys is, kom in dergelike kommentaar voor. Die argument word in verskeie voorbeelde van leserskommentaar gevoer dat entstowwe onveilig, oneffektief en ongetoets is, en in Voorbeeld 1 word ook genoem dat die entstowwe uit aborsies vervaardig word. Argumente wat die effektiwiteit van entstowwe bevraagteken, word ook gereeld vermeng met sienings dat COVID-19 net nog ’n griep is. Voorbeeld 2 bring entstowwe weer in verband met die “plandemie”, wat ’n verpolitisering van die pandemie is.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

Teenoor entstowwe word ivermektien voorgehou as getoets, veilig en effektief, soos duidelik verwoord in Voorbeeld 4. Die oorgrote meerderheid vermeldings van alternatiewe middels verwys na ivermektien, met 182 vermeldings van ivermektien teenoor 11 vermeldings van chlorokien/hidroksichlorokien. Daar word ook baie bewerings gemaak dat ivermektien nie voorgeskryf word nie omdat "Groot Farma" nie daaruit sal geld maak nie.

Soos reeds gestel, is ivermektien 'n grensgeval waarvoor daar wel studies bestaan wat hierdie middel se bruikbaarheid teen COVID-19 bevestig. Een gebruiker het byvoorbeeld die volgende leserskommentaar geplaas, wat nie as vals nuus bestempel kan word nie:

> Volgens resente navorsing wat in https://www.nature.com/articles/s42003-020-01577-x gepubliseer is doen Ivermectin al lankal dit wat Pfizer probeer bewys? En ja boonop … teen 'n fraksie van die koste van dit wat tans op ons afgedwing word.

Wat ook noemenswaardig van bogenoemde kommentaar is, is dat die bron aangedui word. Ander gebruikers sal gereeld sê dat hulle 'n artikel gelees het, maar nie die bron vermeld nie. Hierdie voorbeeld van leserskommentaar is nie as vals nuus geag nie en is daarom nie in die uittreksel ingesluit nie.

**TABEL 6:** Voorbeelde van leserskommentaar wat vals nuus en sameweringsteorieë rondom die metodes van voorkoming en behandeling van siekte wat deur COVID-19 veroorsaak word, verwoord

| Nommer | Datum | Leserskommentaar |
|---|---|---|
| 1 | 2021-12-05 | As Pfizer dink ek gaan nog een van hul spuite vervaardig uit hartseer mega-aborsies ontvang dan gaan hulle lank wag. Die nagevolge word deur die pers en die res verswyg asof dit belangriker is as die tien gebooie. Of die spuitstof wat glo erge simptome sal teëwerk, nie wel eintlik tog 'n ligter tot swaarder aanval van covid bewerk nie, sal nooit erken word nie, maar diegene wat siek word na die kamma-entstof, sal anders getuig. Die WGO van wie niemand nog ooit siek geword het nie, moet beter en mooier akteurs bekom. |
| 2 | 2021-12-08 | Inentings help niks skrik wakker en besef vaccines is alreeds gemaak nog voor enige van die virusse vrygestel is. Dis n plandemie nie n pandemie |
| 3 | 2021-07-02 | Gaan kyk na The Joe Rogan Experience op Spotify! Ivermectin is beslis deel van die oplossing. |
| 4 | 2022-02-13 | Weereens word die ekspreimentele doepa voorgehou terwyl Ivermectin en Hydro Chloroquine heeltemal uit die prentjie uit weggelaat word, terwyl dit baie minder slegte newe-effekte het. Die skade wat inperkings aan die ekonomie gedoen het en maskers aan algemene gesondheid is skandelik! |


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

**TABEL 6:** Voorbeelde van leserskommentaar wat vals nuus en sameweringsteorieë rondom die metodes van voorkoming en behandeling van siekte wat deur COVID-19 veroorsaak word, verwoord *(vervolg)*

| Nommer | Datum | Leserskommentaar |
|---|---|---|
| 5 | 2020-05-21 | As hulle dan so vreeslik konsulteer met wie het hulle konsulteer om te sê ek mag nie ooptoon skoene dra nie. En wat van die t hemde. En wie het voorgestel net 6 uur tot 9 uur oefen. Dieselfde met sigarette, drank, gekookte kos Ens ens ens. Wonderlike advies wat geen sin maak nie. |
| 6 | 2021-05-24 | Waaarom inentings as Ivermektien net so goed werk? |
| 7 | 2021-05-05 | Daar is elke jaar n nuwe griep virus…wat is so anders aan die? O ja, ons "ontsmet" alles en breek so ons immuun af, los ons weerloos teen alles. Niks wat tot dusvêr gedoen word teen die virus is in lyn met goeie teen pandemie praktyd nie. |
| 8 | 2020-08-25 | Die feit dat inperking nerens ter wêreld enige wesenlike impak op die verspreiding van die virus gehad het nie en dat dit nie gevaarliker is as seisoenale griep nie, weerhou nie die regering om voort te gaan met hul duistere agenda nie. En die media speel steeds saam. |

## 6. Bespreking

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat vals nuus en samesweringsteorieë in die voorbeelde van leserskommentaar in Maroela Media-berigte voorkom, alhoewel dit die minderheid van gevalle is (soos met trefwoorde uitgelig). Baie min gevalle van leserskommentaar verwoord sienings dat COVID-19 as deel van 'n Amerikaanse of Chinese wapenprojek ontstaan het, en die meerderheid voorbeelde van leserskommentaar fokus daarop om die bestaan van die pandemie en die veiligheid en effektiwiteit van entstowwe te bevraagteken. Daar is egter ook 'n groot aantal gevalle van leserskommentaar wat aanvoer dat daar meer agter die pandemie sit, hetsy Bill Gates, die Nuwe Wêreldorde, groot farmaseutiese maatskappye of, meer plaaslik, ANC-korrupsie. Ten opsigte van alternatiewe medikasie is daar 'n groot voorkeur vir ivermektien, wat bo alle alternatiewe behandelings verkies word.

Vals nuus en samesweringsteorieë bereik en beïnvloed Afrikaanse gehore. Alhoewel min gebruikers hul bronne noem, bestaan daar wantroue in die hoofstroommedia, en in die enkele gevalle waar 'n bron wel genoem word, is dit *RT*. Dit kan egter nie hier bepaal word hoe die meeste mense hul inligting bekom het nie.

Dit is bemoedigend dat so min van die kommentaar ooglopend met vals inligting en samesweringsteorieë verbind kan word, en dat ivermektien – wat voorheen in die huidige studie uitgewys is as 'n grensgeval – die debat domineer, eerder as onbewese kure soos chlorokien/hidroksichlorokien. Nietemin moet 'n mens daarvan kennis neem dat dieselfde narratiewe wat in vorige navorsing rakende vals inligting rondom COVID-19 uitgelig is, ook


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a9

in hierdie kommentaar aangetref word, wat wys dat dieselfde vals inligting ook onder Afrikaanse gehore opgeneem is. Indien samesweringsteorieë rondom COVID-19 deurgang-samesweringsteorieë is (Granados Samayoa *et al*., 2022:7), kan dit in die toekoms gebeur dat meer mense vatbaar word vir ander samesweringsteorieë. In hierdie opsig moet daar in gedagte gehou word dat hierdie studie slegs leserskommentaar op Maroela Media-berigte ondersoek het, en die bevindinge is daarom nie veralgemeenbaar na die totale Afrikaanse bevolking nie. Dit sal egter sinvol wees om in die toekoms ’n meer verteenwoordigende meningsopname onder Afrikaanssprekendes te doen ten einde te bepaal hoe wydverspreid sulke opvattings is.

## 7. Slot

Die studie het ondersoek ingestel na die neerslag van vals nuus en samesweringsteorieë in Afrikaanse leserskommentaar van nuusgebruikers op berigte van Maroela Media oor die COVID-19-pandemie. Daar is aangedui dat min voorbeelde van hierdie leserskommentaar ooglopend met samesweringsteorieë en vals nuus verbind kan word, maar wanneer dit wel kan, is die bevraagtekening van die bestaan van die pandemie, die bevraagtekening van die effektiwiteit en risiko’s verbonde aan entstowwe, en die bevraagtekening van regulasies en die motiewe van die elite belangrike temas. Wanneer alternatiewe behandelings ter sprake is, is daar ook bevind dat daar ’n groot voorkeur vir ivermektien bestaan, maar argumente vir ander alternatiewe behandelings soos chlorokien/hidroksichlorokien en knoffel kom selde of geensins voor nie.

Alhoewel die studie se bevindinge nie veralgemeenbaar is nie, dui dit daarop dat samesweringsteorieë en vals nuus wel onder Afrikaanse gehore voorkom. Toekomstige studies kan ondersoek instel tot watter mate dit die geval is, watter inligtingsbronne mense gebruik, en watter samesweringsteorieë veral met Afrikaanse gehore resoneer.

## BIBLIOGRAFIE


Aiken, M. 2019. An updated evaluation of Google Translate accuracy, *Studies in Linguistics and Literature*, 3(3):253. doi: 10.22158/sll.v3n3p253.

Alieva, I, Ng, LHX & Carley, KM. 2022. Investigating the spread of Russian disinformation about Biolabs in Ukraine on Twitter using Social Network Analysis, in *2022 IEEE International Conference on Big Data (Big Data)*, IEEE:1770-1775. doi: 10.1109/BigData55660.2022.10020223.

Axfors, C, Schmitt, AM, Janiaud, P, Van’t Hooft, J, Abd-Elsalam, S, Abdo, EF, Abella, BS, Akram, J, Amaravadi, RK, Angus, DC, Arabi, YM, Azhar, S, Baden, LR, Baker, AW, Belkhir, L, Benfield, T, Berrevoets, MAH, Chen, C-P, Chen, T-C, Cheng, S-H & Hemkens, LG. 2021. Mortality outcomes with hydroxychloroquine and chloroquine in COVID-19 from an international collaborative meta-analysis of randomized trials, *Nature Communications*, 12(1):2349. doi: 10.1038/s41467-021-22446-z.

Benabdelkrim, M, Levallois, C, Savinien, J & Robardet, C. 2020. Opening fields: A methodological contribution to the identification of heterogeneous actors in unbounded relational orders, *M@n@gement*:4-18. doi: 10.37725/mgmt.v23.4245.

Bibbins-Domingo, K & Malani, PN. 2023. At a higher dose and longer duration, Ivermectin still not effective against COVID-19, *The Journal of the American Medical Association*. doi: 10.1001/jama.2023.1922.

Bierwiaczonek, K, Gundersen, AB & Kunst, JR. 2022. The role of conspiracy beliefs for COVID-19 health responses: A meta-analysis, *Current Opinion in Psychology*, 46:101346. doi: 10.1016/j.copsyc.2022.101346.

Blondel, VD, Guillaume, J-L, Lambiotte, R & Lefebvre, E. 2008. Fast unfolding of communities in large networks, *Journal of Statistical Mechanics: Theory and Experiment*, 2008(10):P10008. doi: 10.1088/1742-5468/2008/10/P10008.

Brauner, JM, Mindermann, S, Sharma, M, Johnston, D, Salvatier, J, Gavenčiak, T, Stephenson, AB, Leech, G, Altman, G, Mikulik, V, Norman, AJ, Monrad, JT, Besiroglu, T, Ge, H, Hartwick, MA, Teh, YW, Chindelevitch, L, Gal, Y & Kulveit, J. 2021. Inferring the effectiveness of government interventions against COVID-19, *Science*, 371(6531). doi: 10.1126/science.abd9338.

Broadbent, A, Combrink, H & Smart, B. 2020. COVID-19 in South Africa, *Global Epidemiology*, 2:100034. doi: 10.1016/j.gloepi.2020.100034.

Burger, V. 2020. *Coalescence of RET forces behind cigarette ban suggests more at stake than 'nation's health'*. https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2020-05-25-coalescence-of-ret-forces-behind-cigarette-ban-suggests-more-at-stake-than-nations-health/ [1 Maart 2023].

Chowdhery, A, Narang, S, Devlin, J, Bosma, M, Mishra, G, Roberts, A, Barham, P, Chung, H W, Sutton, C, Gehrmann, S, Schuh, P, Shi, K, Tsvyashchenko, S, Maynez, J, Rao, A, Barnes, P, Tay, Y, Shazeer, N, Prabhakaran, V, Reif, E en Fiedel, N. 2022. PaLM: Scaling Language Modeling with Pathways, arXiv. doi: 10.48550/arxiv.2204.02311.

Chernozhukov, V, Kasahara, H & Schrimpf, P. 2021. Causal impact of masks, policies, behavior on early covid-19 pandemic in the U.S., *Journal of econometrics*, 220(1):23-62. doi: 10.1016/j.jeconom.2020.09.003.

Cornelissen, C. 2020. *Dít is hoekom rookverbod bly*. https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/dit-is-hoekom-rookverbod-bly/?utm_source=Daaglikse+nuus&utm_campaign=64b901a552-Daaglikse_Nuusbrief&utm_medium=email&utm_term=0_e1727fcba5-64b901a552-105219033&mc_cid=64b901a552&mc_eid=3d37c4e855 [1 Maart 2023].

De Wet, P. 2020. *Govt has cited the science behind SA's cigarette ban – but it doesn't add up*. https://www.businessinsider.co.za/what-the-covid-19-smoking-studies-dlamini-zuma-cites-actually-say-2020-5 [1 Maart 2023].

Dhibar, DP, Arora, N, Chaudhary, D, Prakash, A, Medhi, B, Singla, N, Mohindra, R, Suri, V, Bhalla, A, Sharma, N, Singh, MP, Lakshmi, PVM, Goyal, K & Ghosh, A. 2023. The 'myth of Hydroxychloroquine (HCQ) as post-exposure prophylaxis (PEP) for the prevention of COVID-19' is far from reality, *Scientific Reports*, 13(1):378. doi: 10.1038/s41598-022-26053-w.

Douglas, KM, Uscinski, JE, Sutton, RM, Cichocka, A, Nefes, T, Ang, CS & Deravi, F. 2019. Understanding Conspiracy Theories, *Political psychology*, 40(S1):3-35. doi: 10.1111/pops.12568.

Duberry, J. 2022. *Artificial Intelligence and Democracy: Risks and Promises of AI-Mediated Citizen–Government Relations*. Cheltenham: Edward Elgar Publishing.

Dubow, B, Lucas, E & Morris, J. 2021. *Jabbed in the Back: Mapping Russian and Chinese Information Operations During the COVID-19 Pandemic*. https://cepa.org/comprehensive-reports/jabbed-in-the-back-mapping-russian-and-chinese-information-operations-during-the-covid-19-pandemic/ [1 Maart 2023].

Fiolet, T, Kherabi, Y, MacDonald, C-J, Ghosn, J & Peiffer-Smadja, N. 2022. Comparing COVID-19 vaccines for their characteristics, efficacy and effectiveness against SARS-CoV-2 and variants of concern: a narrative review, *Clinical Microbiology and Infection*, 28(2):202-221. doi: 10.1016/j.cmi.2021.10.005.

Flores, M. 2022. The New World Order: The historical origins of a dangerous modern conspiracy theory. https://www.middlebury.edu/institute/academics/centers-initiatives/ctec/ctec-publications/new-world-order-historical-origins-dangerous [6 November 2023].

Ginossar, T, Cruickshank, IJ, Zheleva, E, Sulskis, J & Berger-Wolf, T. 2022. Cross-platform spread: vaccine-related content, sources, and conspiracy theories in YouTube videos shared in early Twitter COVID-19 conversations, *Human vaccines & immunotherapeutics*, 18(1):1-13. doi: 10.1080/21645515.2021.2003647.

Granados Samayoa, JA, Moore, CA, Ruisch, BC, Boggs, ST, Ladanyi, JT & Fazio, RH. 2022. A gateway conspiracy? Belief in COVID-19 conspiracy theories prospectively predicts greater conspiracist ideation, *Plos One*, 17(10):e0275502. doi: 10.1371/journal.pone.0275502.

Hanley, HWA, Kumar, D & Durumeric, Z. 2023. A Golden Age: Conspiracy theories' relationship with misinformation outlets, news media, and the wider internet, *arXiv*. doi: 10.48550/arxiv.2301.10880.

Hariyanto, TI, Halim, DA, Rosalind, J, Gunawan, C & Kurniawan, A. 2021. Ivermectin and outcomes from Covid-19 pneumonia: A systematic review and meta-analysis of randomized clinical trial studies, *Reviews in medical virology*. doi: 10.1002/rmv.2265.

Haug, N, Geyrhofer, L, Londei, A, Dervic, E, Desvars-Larrive, A, Loreto, V, Pinior, B, Thurner, S & Klimek, P. 2020. Ranking the effectiveness of worldwide COVID-19 government interventions, *Nature Human Behaviour*, 4(12):1303-1312. doi: 10.1038/s41562-020-01009-0.

Heidary, F & Gharebaghi, R. 2020. Ivermectin: a systematic review from antiviral effects to COVID-19 complementary regimen, *The Journal of Antibiotics*, 73(9):593-602. doi: 10.1038/s41429-020-0336-z.

Heyns, T. 2021. *Hoofregter verkla oor entstof-gebed*. https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/hoofregter-verkla-oor-entstof-gebed/ [1 Maart 2023].

Higdon, MM, Wahl, B, Jones, CB, Rosen, JG, Truelove, SA, Baidya, A, Nande, AA, ShamaeiZadeh, PA, Walter, KK, Feikin, DR, Patel, MK, Deloria Knoll, M & Hill, AL. 2022. A systematic review of coronavirus disease 2019 vaccine efficacy and effectiveness against severe acute respiratory syndrome coronavirus 2 infection and disease. *Open Forum Infectious Diseases*, 9(6):ofac138. doi: 10.1093/ofid/ofac138.

Hill, A, Mirchandani, M, Ellis, L & Pilkington, V. 2022a. Ivermectin for the prevention of COVID-19: addressing potential bias and medical fraud, *The Journal of Antimicrobial Chemotherapy*, 77(5):1413-1416. doi: 10.1093/jac/dkac052.

Hill, A, Mirchandani, M & Pilkington, V. 2022b. Ivermectin for COVID-19: Addressing Potential Bias and Medical Fraud, *Open forum infectious diseases*, 9(2):ofab645. doi: 10.1093/ofid/ofab645.

Horawalavithana, S, De Silva, R, Weerasekara, N, Kin Wai, NG, Nabeel, M, Abayaratna, B, Elvitigala, C, Wijesekera, P & Iamnitchi, A. 2022. Vaccination trials on hold: malicious and low credibility content on Twitter during the AstraZeneca COVID-19 vaccine development, *Computational and Mathematical Organization Theory*:1-22. doi: 10.1007/s10588-022-09370-3.

Howard, J, Huang, A, Li, Z, Tufekci, Z, Zdimal, V, Van der Westhuizen, H-M, von Delft, A, Price, A, Fridman, L, Tang, L-H, Tang, V, Watson, GL, Bax, CE, Shaikh, R, Questier, F, Hernandez, D, Chu, LF, Ramirez, CM & Rimoin, AW. 2021. An evidence review of face masks against COVID-19, *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America*, 118(4):e2014564118. doi: 10.1073/pnas.2014564118.

Hoyle, A, Powell, T, Cadet, B & Van de Kuijt, J. 2022. Web of Lies: Mapping the narratives, effects, and amplifiers of Russian Covid-19 disinformation, in Gill, R & Goolsby, R (eds). *COVID-19 disinformation: A multi-national, whole of society perspective*. Cham: Springer International Publishing,-113-141. doi: 10.1007/978-3-030-94825-2_5.

Islam, MS, Kamal, A-HM, Kabir, A, Southern, DL, Khan, SH, Hasan, SMM, Sarkar, T, Sharmin, S, Das, S, Roy, T, Harun, MGD, Chughtai, AA, Homaira, N & Seale, H. 2021. COVID-19 vaccine rumors and conspiracy theories: The need for cognitive inoculation against misinformation to improve vaccine adherence, *Plos One*, 16(5):e0251605. doi: 10.1371/journal.pone.0251605.

Izcovich, A, Peiris, S, Ragusa, M, Tortosa, F, Rada, G, Aldighieri, S & Reveiz, L. 2022. Bias as a source of inconsistency in ivermectin trials for COVID-19: A systematic review. Ivermectin's suggested benefits are mainly based on potentially biased results, *Journal of Clinical Epidemiology*, 144:43-55. doi: 10.1016/j.jclinepi.2021.12.018.

Johnson, C & Marcellino, W. 2021. *Bad actors in news reporting: tracking news manipulation by state actors*. Santa Monica: RAND Corporation. doi: 10.7249/RRA112-21.

Koçer, S., Öz, B., Okçuoğlu, G. en Tapramaz, F. 2022. Folk theories of false information: A mixed-methods study in the context of Covid-19 in Turkey, *New Media & Society*, 146144482211423. doi: 10.1177/14614448221142310.

Krige, E. 2019. Maroela Media as openbare sfeer vir Afrikaanssprekendes: Die geval van grondonteiening sonder vergoeding. MA-verhandeling: Universiteit Stellenbosch.

Krige, E. 2022. *Verslag oor PPE-bedrog bekendgemaak*. https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/verslag-oor-ppe-bedrog-bekendgemaak/ [1 Maart 2023].

Labuschaigne, M. 2020. Ethicolegal issues relating to the South African government's response to COVID-19, *South African Journal of Bioethics and Law*, 13(1):1-6.

Lachlan, KA & Gilbert, C. 2022. Reliability but not bias: Developing a scale to measure preferred channels for risk information during the COVID pandemic, *Risk Analysis*. doi: 10.1111/risa.14035.

Lawrence, JM, Meyerowitz-Katz, G, Heathers, JAJ, Brown, NJL & Sheldrick, KA. 2021. The lesson of ivermectin: meta-analyses based on summary data alone are inherently unreliable, *Nature Medicine*. doi: 10.1038/s41591-021-01535-y.

Leitenberg, M. 2020. False allegations of biological-weapons use from Putin's Russia, *The Nonproliferation Review*, 27(4-6):425-442. doi: 10.1080/10736700.2021.1964755.

Li, H, Yuan, K, Sun, Y-K, Zheng, Y-B, Xu, Y-Y, Su, S.-Z, Zhang, Y-X, Zhong, Y, Wang, Y-J, Tian, S-S, Gong, Y-M, Fan, T-T, Lin, X, Gobat, N, Wong, SYS, Chan, EYY, Yan, W, Sun, S-W, Ran, M-S, Bao, Y-P & Lu, L. 2022. Efficacy and practice of facemask use in general population: a systematic review and meta-analysis, *Translational psychiatry*, 12(1):49. doi: 10.1038/s41398-022-01814-3.

Łowicki, P, Marchlewska, M, Molenda, Z, Karakula, A & Szczepańska, D. 2022. Does religion predict coronavirus conspiracy beliefs? Centrality of religiosity, religious fundamentalism, and COVID-19 conspiracy beliefs, *Personality and Individual Differences*, 187:111413. doi: 10.1016/j.paid.2021.111413.

Maiese, A, Baronti, A, Manetti, AC, Di Paolo, M, Turillazzi, E, Frati, P & Fineschi, V. 2022. Death after the administration of COVID-19 vaccines approved by EMA: Has a causal relationship been demonstrated?, *Vaccines*, 10(2). doi: 10.3390/vaccines10020308.

Marcolino, MS, Meira, KC, Guimarães, NS, Motta, PP, Chagas, VS, Kelles, SMB, de Sá, LC, Valacio, RA & Ziegelmann, PK. 2022. Systematic review and meta-analysis of ivermectin for treatment of COVID-19: evidence beyond the hype, *BMC Infectious Diseases*, 22(1):639. doi: 10.1186/s12879-022-07589-8.

Matthews, M, Migacheva, K & Brown, RA. 2021. *Superspreaders of malign and subversive information on COVID-19: Russian and Chinese efforts targeting the United States*. Santa Monica: RAND Corporation. doi: 10.7249/RR-A112-11.

Meyerowitz-Katz, G, Wieten, S, Medina Arellano, M de J & Yamey, G. 2022. Unethical studies of ivermectin for covid-19, *BMJ (Clinical Research Ed.)*, 377:o917. doi: 10.1136/bmj.o917.

Mody, V, Ho, J, Wills, S, Mawri, A, Lawson, L, Ebert, M, Fortin, GM, Rayalam, S & Taval, S. 2021. Identification of 3-chymotrypsin like protease (3CLPro) inhibitors as potential anti-SARS-CoV-2 agents, *Communications Biology*, 4(1):93. doi: 10.1038/s42003-020-01577-x.

Naggie, S, Boulware, DR, Lindsell, CJ, Stewart, TG, Slandzicki, AJ, Lim, SC, Cohen, J, Kavtaradze, D, Amon, AP, Gabriel, A, Gentile, N, Felker, GM, Jayaweera, D, McCarthy, MW, Sulkowski, M, Rothman, RL, Wilson, S, DeLong, A, Remaly, A, Wilder, R, Collins, S, Dunsmore, SE, Adam, SJ, Thicklin, F, Hanna, GJ, Ginde, AA, Castro, M, McTigue, K, Shenkman, E, & Hernandez, AF. 2023. Effect of higher-dose Ivermectin for 6 days vs placebo on time to sustained recovery in outpatients with COVID-19, *JAMA*. doi: 10.1001/jama.2023.1650.

Nattrass, N. 2023. Promoting conspiracy theory: From AIDS to COVID-19, *Global Public Health*, 18(1):2172199. doi: 10.1080/17441692.2023.2172199.

Nisbet, EC & Kamenchuk, O. 2021. Russian news media, digital media, informational learned helplessness, and belief in COVID-19 misinformation, *International Journal of Public Opinion Research*, 33(3):571-590. doi: 10.1093/ijpor/edab011.

Nitszke, A. 2022. The European Union versus Russian Disinformation, in Piotr, B. *Information security policy: conditions, threats and implementation in the international environment*. Kraków: Ksiegarnia Akademicka Publishing, 35-51. doi: 10.12797/9788381388276.02.

Roman, YM, Burela, PA, Pasupuleti, V, Piscoya, A, Vidal, JE & Hernandez, AV. 2021. Ivermectin for the treatment of COVID-19: A systematic review and meta-analysis of randomized controlled trials, *Clinical Infectious Diseases*. doi: 10.1093/cid/ciab591.

Romer, D & Jamieson, KH. 2020. Conspiracy theories as barriers to controlling the spread of COVID-19 in the U.S. *Social Science & Medicine*, 263:113356. doi: 10.1016/j.socscimed.2020.113356.

Singh, A, Khillan, R, Mishra, Y & Khurana, S. 2022. The safety profile of COVID-19 vaccinations in the United States, *American Journal of Infection Control*, 50(1):15-19. doi: 10.1016/j.ajic.2021.10.015.

Slatter, Y. 2022. Fopnuus, nuuswaardes en organisasiekultuur: 'n Gevallestudie van Maroela Media. MA-verhandeling: Universiteit van Noordwes.

Śledź, P. 2020. Ostry cień mgły: antyzachodnia dezinformacja ze strony Chin i Rosji w związku z pandemią COVID-19, *Rocznik Strategiczny*, 26:389-401.

Sobol, M, Zajenkowski, M & Jankowski, KS. 2022. Religious Fundamentalism, Delusions, and Conspiracy Beliefs Related to the COVID-19 Pandemic, *International Journal of Environmental Research and Public Health*, 19(15). doi: 10.3390/ijerph19159597.

Southwell, BG, Thorson, EA & Sheble, L. 2018. Introduction: Misinformation among mass audiences as a focus for inquiry, in Southwell, BG, Thorson, EA & Sheble, L. (eds). *Misinformation and mass audiences*. Austin: University of Texas Press, pp. 1-11.

Strudwicke, IJ & Grant, WJ. 2020. #JunkScience: Investigating pseudoscience disinformation in the Russian Internet Research Agency tweets, *Public Understanding of Science (Bristol, England)*, 29(5):459-472. doi: 10.1177/0963662520935071.

Taccone, FS, Hites, M & Dauby, N. 2022. From hydroxychloroquine to ivermectin: how unproven ‘cures’ can go viral, *Clinical Microbiology and Infection*, 28(4):472-474. doi: 10.1016/j.cmi.2022.01.008.

Toepfl, F, Kravets, D, Ryzhova, A & Beseler, A. 2022. Who are the plotters behind the pandemic? Comparing Covid-19 conspiracy theories in Google search results across five key target countries of Russia’s foreign communication, *Information, Communication & Society,* 1-19. doi: 10.1080/1369118X.2022.2065213.

Tregoning, JS, Flight, KE, Higham, SL, Wang, Z & Pierce, BF. 2021. Progress of the COVID-19 vaccine effort: viruses, vaccines and variants versus efficacy, effectiveness and escape, *Nature Reviews. Immunology*, 21(10):626-636. doi: 10.1038/s41577-021-00592-1.

Van Heerden, S. 2023. Persoonlike korrespondensie met Maroela Media se handelsmerkbestuurder.

Van Mulukom, V, Pummerer, LJ, Alper, S, Bai, H, Čavojová, V, Farias, J, Kay, CS, Lazarevic, LB, Lobato, EJC, Marinthe, G, Pavela Banai, I, Šrol, J & Žeželj, I. 2022. Antecedents and consequences of COVID-19 conspiracy beliefs: A systematic review, *Social Science & Medicine*, 301:114912. doi: 10.1016/j.socscimed.2022.114912.

Xu, M, Luo, Z, Xu, H & Wang, B. 2022. Media bias and factors affecting the impartiality of news agencies during COVID-19, *Behavioral sciences (Basel, Switzerland)*, 12(9). doi: 10.3390/bs12090313.

Yang, S, Shen, S & Hou, N. 2022. Is Ivermectin effective in treating COVID-19?, *Frontiers in pharmacology*, 13:858693. doi: 10.3389/fphar.2022.858693.

Zeng, B, Gao, L, Zhou, Q, Yu, K & Sun, F. 2022. Effectiveness of COVID-19 vaccines against SARS-CoV-2 variants of concern: a systematic review and meta-analysis, *BMC Medicine*, 20(1):200. doi: 10.1186/s12916-022-02397-y.

Zheng, C, Shao, W, Chen, X, Zhang, B, Wang, G & Zhang, W. 2022. Real-world effectiveness of COVID-19 vaccines: a literature review and meta-analysis, *International Journal of Infectious Diseases*, 114:252-260. doi: 10.1016/j.ijid.2021.11.009.

# Redakteursnota

In hierdie afdeling word twee artikels opgeneem waarin daar gereageer word op resente temas en/of debatte. In die eerste artikel, *Die Bybel, die Christelike geloof en die natuurwetenskap,* takseer Izak (Sakkie) Spangenberg die vier artikels oor *Geloof en wetenskap* wat in die Junie-nommer verskyn het (*TGW* 63(2):191-261). In die tweede artikel, *Etiek van leeshandelinge: 'n Suid-Afrikaanse geval,* ondersoek Kobus Wessels die aard van reaksies en teenreaksies op 'n meningstuk deur Hennie van Coller oor kinderliteratuur, soos gerapporteer in die hoofstroommedia, meer spesifiek Netwerk24 vanaf Mei tot Augustus 2022.

Spangenberg bevind onder meer dat, "Die navorsers ... se poging om te bewys dat Genesis 1–3 met die moderne natuurwetenskaplike resultate versoen kan word, ... onoortuigend [is], omdat hulle nie die historiese en kulturele kontekste van dáárdie verhale in ag neem nie." Trouens, alhoewel daar in die vier artikels rekenskap gegee word van die "jongste bevindinge op natuurwetenskaplike gebied", dieselfde ongelukkig nie gesê kan word van spesifiek navorsing in die Bybelwetenskappe nie. Om hierdie rede oordeel Spangenberg dat die (hipo) tese in die artikels oor geloof en wetenskap, naamlik dat "die jongste natuurwetenskaplike bevindings nie net versoenbaar nie, maar ook verklaarbaar sou wees met verwysing na Bybelgedeeltes" hoogs problematies is.

In sy hoedanigheid as nieletterkundige akademiese koerantleser meen Kobus Wessels dat die uiteenlopende menings op 'n rubriek oor kinderliteratuur deur Hennie van Coller vrae laat ontstaan "oor hoe geskryf en gelees word, maar ook hoe geskryf en gelees behoort te word". Aan die hand van 'n model van interafhanklike leesmodaliteite bevind Wessels dat die idioom en konteks waarin die diskoers ontvou het, oorwegend "vyandig, aggressief en etosvreemd was". Hy meen dat sodanige diskoers 'n mens opnuut bewus maak van "die noodsaaklikheid van 'n oop en omvattende gesprek oor sake van belang vir ons land, ons taal Afrikaans, en die toekoms van kinder- en jeugliteratuur".

Die redaksie nooi lesers hiermee uit om te reageer op die bogenoemde artikels en die tersaaklike kontensieuse kwessies wat daardeur aan bod gestel word. Reaksies kan wissel vanaf 'n (kort) meningstuk tot 'n volwaardige navorsingsartikel. Die redaksie beklemtoon weereens dat debat en diskoers oor enige en alle belangwekkende vraagstukke vanuit verskillende uitgangspunte verwelkom word.

**Ina Wolfaardt-Gräbe**
Hoofredakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*
E-posadres: publikasies@akademie.co.za


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a10

# Die Bybel, die Christelike geloof en die natuurwetenskappe

***The Bible, the Christian religion and the natural sciences***

**Izak Spangenberg**
Departement Bybelse en Antieke Studies
Unisa, Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: spangijj@iafrica.com



Sakkie Spangenberg

**Izak (Sakkie) Spangenberg** het vanaf 1971 tot 1978 in Lettere en Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Gedurende hierdie jare het hy die volgende grade behaal: BA, Hons BA (Semitiese Tale), MA (Semitiese Tale), BTh, en die Lisensiaat in Teologie. Hy begin sy akademiese loopbaan aan die Randse Afrikaanse Universiteit (tans die Universiteit van Johannesburg) waar hy Bybelkunde van 1979 tot 1986 doseer. Gedurende hierdie tydperk studeer hy ook vir die graad DTh (Ou Testament) aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) in Pretoria en voltooi hy sy tesis in 1986 onder die leiding van prof. JA Loader. In 1987 word hy as senior lektor in Ou Testament aan UNISA aangestel, waarna hy in 1995 tot medeprofessor en in 2005 tot volwaardige professor bevorder word. Hy het in 2016 afgetree, maar doen steeds navorsing as emeritus professor in die Departement Bybelse en Antieke Studies aan UNISA. Hy het reeds tien boeke en meer as sewentig akademiese artikels in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer. UNISA het in 1999 aan hom die Kanseliersprys vir Navorsing in die Fakulteit Teologie en Bybelse Godsdienste toegeken. Hy is 'n medestigter van die Nuwe Hervorming Netwerk wat kritiese denke op die terrein van godsdiens, ekologie, sielkunde en politiek bevorder. Hy hou hom die afgelope aantal jare ook besig met die studie van Geologie en het kort kursusse daarin by die Universiteit van die Witwatersrand voltooi.

**Izak (Sakkie) Spangenberg** studied Arts and Theology at the University of Stellenbosch from 1971 to 1978. During these years he completed the following degrees: BA, Hons BA (Semitic Languages), MA (Semitic Languages), BTh, and a Licentiate in Theology. He started his academic career at the Rand Afrikaans University (currently the University of Johannesburg) where he taught Biblical Studies from 1979 to 1986. He simultaneously enrolled for the DTh (Old Testament) degree at the University of South Africa (UNISA) in Pretoria and completed his thesis in 1986 under the supervision of prof. JA Loader. In 1987 he was appointed senior lecturer in Old Testament at Unisa; thereafter he was promoted to associate professor in 1995 and eventually to full professor in 2005. He retired at the end of 2016 but continues to do research as professor emeritus in the Department of Biblical and Ancient Studies at UNISA. To date, he has published ten books and more than seventy academic articles in accredited journals. UNISA awarded him the Chancellor's prize for research in the Faculty of Theology and Biblical Religions in 1999. He is a co-founder of the New Reformation Network which promotes critical thinking in the fields of religion, ecology, psychology and politics. Apart from Theology, he has a keen interest in Geology and completed short courses in this subject at the University of the Witwatersrand.

**Datums:**
Ontvang: 2023-08-18 Goedgekeur: 2023-09-30 Gepubliseer: Desember 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

**ABSTRACT**

***The Bible, the Christian religion and the natural sciences***

*The article critically assesses the quality of the research of four articles published under the theme "Faith and the Natural Sciences" in the* Journal of Humanities, *63(2):192-261. Lewis Vaughn's statement in his book* The Power of Critical Thinking *is taken as cue for assessing the articles. He wrote (Vaughn, 2005:3): "Critical thinking focuses not on what* causes *a belief, but* whether it is worth believing. *A belief is worth believing, or accepting, if we have* good reasons *to accept it." The conclusion of the authors already expressed in the first of the articles, namely that the Bible and the Christian religion support the results of modern science, is scrutinised critically in the current article.*

*In the first section the issue of how researchers are able to distinguish between truth and falsity is discussed. The authors of the articles under discussion answered this question in terms of a scientific method consisting of the following steps: (1) observation, (2) questioning, (3) formulation of a hypothesis, (4) challenging the hypothesis, (5) formulation of a theory. However, they are of the opinion that research done by natural scientists differs from the kind of research done by researchers in the humanities, social sciences and religion. According to them the latter group may commence their research with presuppositions. Research in theology may serve as an example. According to their reasoning religious convictions are allowed to guide the research. They therefore distinguish between* religious convictions *and* interpretations *based on religious convictions respectively. Researchers in theology may critically assess the quality of the interpretations – but never the religious convictions themselves since this can lead to questioning of eternal religious truths.*

*While I agree with their exposition of the scientific process as a method of discovering the truth about an aspect of the world in which we live, I argue against their conviction that research done in the humanities, social sciences and religion differs from that done in the natural sciences and that faith convictions are allowed to play a role in the research process. My argument is illustrated with reference to two examples – one from the natural sciences, and one from the human sciences.*

*The example from the natural sciences focuses on astronomy and the paradigm shift brought about by Copernicus's (1774–1543) and Galileo Galilei's (1564–1642) investigations. Prior to their research findings astronomers were convinced that the earth is the centre of the universe and that the sun, moon and planets revolve around the earth. The abovementioned observations led to the discarding of the geocentric model of the universe. However, Copernicus's and Galileo's new hypothesis was not immediately accepted. It took time before the heliocentric model of the universe was accepted. This shift can also be called a shift in perspective. The different scholars looked at the same natural phenomena but saw different pictures.*

*The identification of sources in the Pentateuch serves as an example of a similar process in the human sciences. Jean Astruc (1684–1766) believed that Moses was the author of the Pentateuch. However, his research of the book of Genesis revealed that Moses had used different names for God:* Elohim *and* Yahweh. *This led Astruc to formulate the hypothesis that Moses had used two older sources (E and J) to write the book of Genesis. He also identified a third source consisting of smaller fragments in Genesis. This was the beginning of the so-called four-sources hypothesis concerning the origin of the Pentateuch and resulted in the identification of the sources J, E, D, and P. Julius Wellhausen (1844–1918) used this hypothesis to argue that the priestly material (the laws, regulations and prescriptions) originated after the prophetic material. He discarded the old conviction that the priestly material originated*

*during the early history of Israel. This also led to questioning of the conviction that Moses was the author of the Pentateuch. It would appear that the authors of the articles under consideration are totally oblivious of recent research findings, since they still refer to Moses as the author of Genesis.*

*In the second section of the current article the relationship between truth and history is discussed. In the first sub-section of this part of the article the dawn of a historical consciousness in the Western world is considered. Charles Darwin (1809–1882) benefitted from such consciousness. He merged history with biology and argued that animal and plant species are not static, but that they do change over time. This led to his book* The Origin of Species *published in 1859 which the authors of the four articles erroneously referred to as the 18th century.*

*The second sub-section of this part of the article discusses Thomas Kuhn's (1922–1996) identification of paradigms and paradigm shifts in the history of the natural sciences. It is subsequently argued that the history of biblical research reflects similar paradigms and paradigm shifts and concludes that there was a major paradigm shift towards the end of the 19th and the beginning of the 20th century. This shift entails a different look at the Bible. The Bible was no longer regarded as a special book containing the words of God. Rather, scholars became convinced that the Bible was entirely a human book. James Barr (1924–2006) eloquently formulated it as follows (1973:120): "If one wants to use the Word-of-God type of language, the proper term for the Bible would be Word of Israel, Word of some leading early Christians."*

*The previous two sections of the current article identified the defects in the arguments entertained in the articles under discussion (June, 2023). The authors' assumption that research in the humanities and social sciences differs from scientific research is found to be problematical. Furthermore, they would appear to disregard the research history of the subjects they are comparing, since no mention is made of the paradigm shift in biblical studies. But that is not all, the authors also superimposed their convictions onto the text of the Bible as if such convictions were shared by people living in the ancient Near Eastern world.*

*In the third section of the current article Genesis 1:1-2:4a and Genesis 2:4b-3:24 are properly analysed as etiological stories to drive home the nail that the research as reflected in said articles is unconvincing.*

**KEYWORDS:** Christian religion, natural sciences, biblical creation narratives, Genesis 1–3, scientific method, biblical studies, theory of evolution, paradigms, paradigm changes, hypotheses, theories, truth, etiological narratives, Pre-Adamites, Intelligent Design

**TREFWOORDE:** Christelike godsdiens, natuurwetenskappe, Bybelse skeppingsverhale, Genesis 1–3, wetenskaplike navorsingsproses, Bybelwetenskaplike navorsing, evolusie-teorie, paradigmas, paradigmaveranderinge, hipoteses, teorieë, waarheid, etiologiese verhale, Pre-Adamiete, Intelligente Ontwerp

## OPSOMMING

In hierdie artikel word die kwaliteit beoordeel van die navorsing wat in die vier artikels, gepubliseer onder die tema "Geloof en Wetenskap" in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):192-261 tot uitdrukking kom. As vertrekpunt dien die oortuiging dat alle standpunte en menings rasioneel en krities beoordeel moet word om die feitelikheid, oftewel waarheidsgehalte

daarvan te bepaal. In die ondersoek word die wetenskaplike navorsingsproses in ag geneem en die standpunt verdedig dat natuurwetenskaplike en geesteswetenskaplike navorsing nie wesenlik van mekaar verskil nie. Dit wys die standpunt van die navorsers af dat geesteswetenskaplike navorsing vanuit bepaalde geloofsvoorveronderstellings gedoen mag word. Daar word verder geargumenteer dat waarheid en geskiedenis ten nouste met mekaar saamhang, want wat in een eeu waar mag wees, kan in ’n volgende eeu as onwaar bewys word; daarom is ’n historiese bewussyn van die allergrootste belang. Die gebrek aan ’n sodanige bewussyn kan navorsers duur te staan kom, omdat hulle uitsprake kan maak en standpunte kan inneem wat histories nie korrek is nie. Die navorsers van die onderhawige artikels se poging om te bewys dat Genesis 1–3 met die moderne natuurwetenskaplike resultate versoen kan word, is onoortuigend, omdat hulle nie die historiese en kulturele kontekste van dáárdie verhale in ag neem nie. Voorts lees die navorsers hul oortuigings in die tekste in en laat sodoende die Bybel buikspreek.

Uit die voorafgaande blyk dat in die onderhawige artikels wel rekenskap gegee word van die jongste bevindinge op natuurwetenskaplike gebied. Ongelukkig geld dit nie vir resente navorsing in die geesteswetenskappe – meer spesifiek die Bybelwetenskappe nie. Dít omdat die outeurs hulle beroep op verouderde opvattings, soos dat Moses verantwoordelik sou wees vir die boek Genesis, en ook omdat hulle foutiewelik redeneer dat natuurwetenskaplike en geesteswetenskaplike navorsing verskillende tipes ondersoek behels. Hulle (hipo)tese dat die jongste natuurwetenskaplike bevindings nie net versoenbaar nie, maar ook verklaarbaar sou wees met verwysing na Bybelgedeeltes is hoogs problematies.

## 1. Inleiding

Die wêreldwye Covid-19-pandemie (2020–2021) het die vraag, “Hoe weet ons wat die waarheid is?” opnuut na die oppervlak gedwing. Daar was verskeie hipoteses en menings in omloop en selfs mediese dokters het van mekaar verskil. In hierdie tyd skryf Barnard Beukman, redakteur van die oggendblad *Beeld*, ’n baie sober artikel met die titel “Dink jou eie waarheid uit” (2020). Hy waarsku lesers teen die gevare om hul eie siening of standpunt as dié waarheid voor te hou en net na mense te luister en/of artikels te lees wat húl siening ondersteun. Hy sluit die artikel af met die woorde: “Meer as ooit agterdogtig en krities, ja, maar binne die bane van rasionele werklikhede en ’n terugkeer na ’n intense dog verrykende diskoers oor feite. Dít kan ons in 2021 deurtrek” (Beukman, 2020). Hiermee beaam hy dat mense mag verskil en dat daar kritiese gesprekke en debat oor die waarheid gevoer moet word, maar dat dit altyd binne die grense van die rasionele moet gebeur en dat feite in ag geneem moet word.

Beukman se standpunt sluit aan by dié van professor Howard Marshall (1934–2015), ’n Skotse Nuwe Testamentikus. Hy is op ’n stadium daarvan beskuldig dat hy dwaalleer aanhang en verkondig. Ook hý beklemtoon dat ’n mens jou standpunte rasioneel moet kan verdedig. In sy eie woorde: “I think I came to realize that whatever Christian position I adopted must be capable of rational defence; in other words, that it must be possible to produce reasons for one’s position and counter-arguments against objections” (Marshall, 1993:35). Hy wys egter daarop dat nie almal vakwetenskaplikes is nie en dat voorgraadse en selfs nagraadse studente daarvan bewus moet wees dat hul professore meer van hul vak weet as die studente wat maar pas met hul studie begin het. Hy vervolg met dié woorde (Marshall, 1993:35):

> There has to be a certain respect for people who have a right to voice an opinion, and I for my part pay far more attention to what some people say because I respect their scholarship, and much less to others whose opinions are not worth having. We cannot


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

> avoid taking some things on authority – but always on condition that there is something provisional about this and that the last word lies with truth itself.

Beukman en Marshall se standpunte strook met Lewis Vaughn (2005:3) se stelling “Critical thinking focuses not on what *causes* a belief, but *whether it is worth believing*. A belief is worth believing, or accepting, if we have *good reasons* to accept it.” Wat behels rasionele en kritiese denke dan? Dis die sistematiese evaluering van oortuigings en stellings aan die hand van rasionele standaarde (Vaughn, 2005:4). Hierdie artikel gaan aan die hand van hierdie riglyne die vier artikels beoordeel wat as navorsings- en oorsigartikels oor die tema “Geloof en Wetenskap” in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (Junie, 2023) gepubliseer is.

## 2. Hoe bepaal ons wat waar is?

Die skrywers van die vier artikels wys heel tereg daarop dat wie die waarheid in die natuurwetenskappe wil bepaal, ’n reeks navorsingstappe moet volg (Dreyer & Van der Walt, 2023c:249). Hierdie navorsingstappe kan kortliks soos volg weergegee word: (1) waarneming, (2) probleemstelling, (3) hipotese, (4) toetsing wat uitloop op óf bevestiging óf verwerping, en (5) uiteindelike teorie (Eloff, 1975:3-6; Grotzinger, Jordan, Press, & Siever, 2007:1-3). Verwerping kan tot ’n herformulering van die hipotese, óf die formulering van ’n totaal nuwe een lei, terwyl bevestiging tot die versterking van die hipotese bydra. Dit kan uiteindelik ’n geldige teorie tot gevolg hê. ’n Hipotese word eers ’n teorie as dit aan deeglike toetsing onderwerp is en dit slaag om navorsing te bevorder. Die teorie moet voorspellingswaarde hê in die sin dat navorsers al vooruit ’n idee kry waarop hul navorsing mag uitloop. ’n Teorie kan mettertyd wél verkeerd bewys word as daar genoegsame inligting versamel is. Hierdie inligting moet kan aantoon dat die bestaande teorie nie meer daarin slaag om goeie resultate te lewer en korrekte voorspellings te maak nie. Nie slegs hipoteses nie, maar ook teorieë word dus aan toetsing onderwerp. Dit is egter onduidelik of die skrywers van die *TGW*-artikels oortuig is daarvan dat dieselfde navorsingsproses wat natuurwetenskaplikes gebruik ook op geesteswetenskaplike navorsing van toepassing is. Op die oog af lyk dit of hulle meen dat geesteswetenskaplike navorsing daarop geregtig is om vanuit bepaalde voorveronderstellings navorsing te doen. Let op hul stelling dat hul navorsingsvertrekpunt “’n Reformatoriese verstaan van die werklikheid” is (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:196). Dit is onwetenskaplik omdat dit die navorsers aan ’n bepaalde geloofsoortuiging en selfs ’n uitgediende paradigma bind (Kennedy, 2006:3-38).

### *2.1 Verskil natuurwetenskaplike navorsing van geesteswetenskaplike navorsing?*

Dit is opvallend dat die skrywers die natuurwetenskaplike navorsingsproses eers in die vierde artikel (Dreyer & Van der Walt, 2023c:249-251) van die reeks bespreek en nie reeds in die eerste een nie (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:192-210). In die eerste artikel kom hulle egter reeds tot die gevolgtrekking dat daar géén konflik tussen natuurwetenskap en geloof bestaan nie (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:207). Hul oogmerk was duidelik om met die artikels te “bewys” dat die natuurwetenskaplike navorsingsresultate volledig in ooreenstemming is met die Christelike geloofsoortuigings soos wat dit in die Bybel en die Gereformeerde belydenisskrifte (die *Heidelbergse Kategismus*, die *Nederlandse Geloofsbelydenis* en die *Dordtse Leerstellings*) tot uitdrukking kom. Gevolglik verwys hulle na ’n aantal ouer natuurwetenskaplikes soos Johannes Kepler (1571–1630), Robert Boyle (1627–1691) en Isaac Newton (1642–1727) wat Christengelowiges, sowel as vooraanstaande natuurweten-

skaplikes was (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:196). Wat hulle nie in aanmerking neem nie, is dat genoemde wetenskaplikes in die 17de en 18de eeu geleef en gewerk het, terwyl ons navorsing in die 21ste eeu doen – 'n eeu waarin dit onmiskenbaar duidelik geword het dat die Augustiniaanse paradigma van die Christelike geloof en teologie (vanweë wetenskaplike insigte en ontdekkings) nie meer oortuig nie. In die woorde van Kennedy (2006:252): "As Christianity begins its twenty-first century, its Augustinian paradigm of theology has met the fate of the Berlin Wall." Stewart-Williams se navorsing wat onder die titel *Darwin, God and the Meaning of Life: How evolutionary theory undermines everything you thought you knew* (2010:141-198) gepubliseer is, sluit by Kennedy se navorsing aan. 'n Mens sou verwag dat die outeurs van die *TGW*-artikels met hierdie kritiese navorsers in gesprek sou tree.

Volgens die eerste artikel gaan gelowige natuurwetenskaplikes "veral" van twee voorveronderstellings uit wat soos volg beskryf word (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:196-197):

- daar is 'n onderliggende, omvattende orde in die natuur wat empiries bestudeer en wiskundig beskryf kan word. (…) Hierdie orde word beskryf in natuurwette wat die voorsienigheid en teenwoordigheid van God in die skepping impliseer; en
- die oorsprong van die orde is 'n rasionele God, wat ook die oorsprong is van die rasionele denkvermoë van die mens, wat nodig is om die orde in die skepping te kan ontdek en verstaan.

Hierdie twee stellings behoort vrae by enige kritiese leser wat na waarheid soek, op te roep en wel om die volgende rede: Navorsers kan nie hul navorsing begin deur 'n aantal geloofsvoorveronderstellings uit te spreek wat die navorsing sal begelei nie. Doen navorsers dít, lei hul gevolgtrekkings gewoonlik terug na hul voorveronderstellings. Dit is 'n sirkelredenasie soortgelyk aan die stelling "Omdat 'n sirkel rond is, kan ons alles wat rond is as sirkels klassifiseer." Só 'n redenasie is nie logies en geldig nie.

Navorsers kan hul voorveronderstellings wel vooraf verklaar, maar hulle behoort dit vir die duur van hul navorsing opsy te sit sodat hulle voorberei kan wees daarop om nuwe feite, nuwe hipoteses en nuwe navorsingsresultate in ag te neem. Hulle behoort selfs bereid te wees om hul voorveronderstellings aan kritiese ondersoek te onderwerp. Deur te stel dat daar orde in die natuur is wat deur middel van natuurwette beskryf kan word, en dat hierdie wette "die voorsienigheid en teenwoordigheid van God in die skepping *impliseer*" (klem toegevoeg) moet dus ook aan toetsing onderwerp kan word. Voorts moet daar gevra kan word van watter God hier sprake is. Is dit die Christelike God (die Drie-eenheid)? Indien wel, hoe weet die navorsers dit? Kan dit nie dalk *Jahweh* van die Judaïsme, of *Allah* van die Islam wees nie? Of wat van die moontlikheid dat dit *El* van die Kanaänitiese godsdiens is? Het die drie navorsers (of enige ander navorser) dit ondersoek en bo alle redelike twyfel bewys dat dit die Christelike God is wat agter die fisiese werklikheid staan? Indien wel, watter navorsingsmetodes is gevolg en hoe is dit bewys, want dit is 'n erkende feit dat die leerstuk van die Drie-eenheid 'n produk van die 4de en 5de eeu n.C. is (Kennedy, 2006:122). Die Christelike Godsbeskouing kom glad nie in die Bybel voor nie: "De triniteit wordt immers in de Schrift nergens geleerd of vooronderstеld" (Dingemans, 2000:139).

Hulle stel voorts dat "die oorsprong van die orde 'n rasionele God [is]" en dat hierdie "rasionele God" dieselfde rasionaliteit aan die mens geskenk het. Volgens hulle het God hierdie gawe van rasionaliteit aan mense geskenk sodat hulle God se orde in die natuur kan ontdek, verstaan en beskryf. Ook hierdie stelling is 'n sirkelredenasie. Die rasionele God skep rasionele mense sodat die rasionele mense die orde wat die rasionele God geskep het, kan ontdek, verstaan en beskryf. 'n Verdere vraag wat hierdie stelling oproep, is: Hoe seker is die navorsers

dat mense rasionele wesens is? Covid 19-pandemie het sonder enige twyfel uitgewys hoe irrasioneel mense kan wees. Dink aan al die hipoteses, stellings en uitsprake wat tydens die grendeltyd gemaak is. Herroep ook die bangmaakstories oor die gevare wat inenting inhou. Neem verder in ag watter irrasionele besluite en beleide die ANC-regering tydens grendeltyd geneem en op die landsburgers afgedwing het. Om na mense te verwys as "irrasionele wesens" lyk ewe korrek te wees.

Die drie navorsers se beskrywing van die mens as "rasionele wesens" het duidelik met hul geloofsoortuigings te doen dat die mens "na God se beeld geskep is" (Gen 1:26), en die oortuiging dat hierdie beeld in menslike rasionaliteit gesetel is. Bevraagteken 'n mens hierdie sogenaamde rasionaliteit van mense en wys daarop dat mense dikwels irrasioneel besluit en optree, glip die navorsers deur die bekende gereformeerde agterdeur met die stelling dat mense "gevalle sondaars" is en dat hul perfekte en godgegewe rasionaliteit deur die sondeval aangetas is. Wat mense oorgehou het ná die sondeval is slegs 'n flou afskynsel van God se rasionaliteit.

Die voorafgaande kritiese vrae behoort as bewys te dien dat geesteswetenskaplike navorsers presies soos natuurwetenskaplike navorsers te werk gaan – en te werk behoort te gaan. Hulle moet begin deur sistematies kritiese vrae oor stellings, uitsprake, voorveronderstellings en hipoteses te vra. Hierna moet hulle met redelike en logiese argumente die stellings, uitsprake, voorveronderstellings en hipoteses weerlê, of ondersteun. Geesteswetenskaplike navorsing kan egter ook begin wanneer navorsers oortuig raak dat die bestaande teorie op hul vakterrein nie meer die nuwe data vergestalt nie. As 'n bestaande teorie nie meer geldige resultate oplewer en geldige voorspellings kan maak nie, is dit uitgedien en tyd vir 'n alternatiewe hipotese (Kuhn, 1970:77-91).

Ter illustrasie en ook ter wille van die argument, word 'n natuurwetenskaplike en 'n geesteswetenskaplike voorbeeld uit die geskiedenis kortliks bespreek.

### *2.2 Voorbeeld 1: Natuurwetenskaplike navorsing*

Die Poolse sterrekundige Nikolas Kopernikus (1474–1543) het bevind dat die bestaande paradigma (ook bekend as die *Aristoteliaans-Ptolomese model* van die heelal), naamlik dat die aarde in die sentrum van die heelal geleë is en dat die son, maan en ander planete om die aarde wentel, nie meer van waarde in die navorsingsproses is nie (Kuhn, 1970:68-69, 79). Dit kon hulle nie meer help om noukeurige voorspellings te maak waar bepaalde hemelliggame hulle op sekere tye van die jaar sou bevind nie; gevolglik het Kopernikus die bestaande model op sy kop gekeer deur voor te stel dat Merkurius, Venus, Aarde, Mars en Saturnus om die Son wentel (Weinert, 2009:3-92). Dit het etlike jare geduur voordat Kopernikus se heliosentriese hipotese in die sterrekunde aanvaar is. Dit het onder andere daartoe gelei dat Galileo Galilei (1564–1642) deur die Rooms-Katolieke Kerk tot orde geroep en later onder huisarres geplaas is. Die rede agter die optrede was omdat Galileo Kopernikus se hipotese nie meer as 'n hipotese beskou het nie, maar as 'n geldige teorie oorweeg het. Volgens Galileo het daar genoegsame data bestaan om dit as sodanig te aanvaar. Sou hy dit steeds as 'n hipotese aanvaar en aan ander voorgehou het, sou die Rooms-Katolieke Kerk hom nie van kettery beskuldig het nie. Die teoloë het geoordeel dat Galileo se standpunt in stryd met die Bybel (die gesaghebbende Woord van God) is. Die Bybel het na hul mening die bestaande sterrekundige paradigma (die geosentriese model) ondersteun. Hulle het op Josua gewys wat gebid het dat die son en die maan moes stilstaan (Jos 10:12-14); voorts dat Prediker 1:4b (soos vertaal in die Vulgaat) dit uitdruklik stel dat die aarde in 'n statiese toestand verkeer. Daar staan immers in die Latyn *terra autem in aeternum stat* (= maar die aarde staan ewig vas), en die Vulgaat was op daardie

stadium die amptelike vertaling in die Rooms-Katolieke Kerk. Die Bybel, so het daardie teoloë geredeneer, stel dit uitdruklik dat die aarde stilstaan en nie wentel nie. Die Rooms-Katolieke Kerk het dertig jaar gelede die moed bymekaar geskraap en erken dat Galileo reg was en hom gevolglik gerehabiliteer – dít na meer as 370 jaar (Spangenberg, 1993:121-122).

Galileo het destyds buitengewone insig geopenbaar en beklemtoon dat teoloë hul lees en verstaan van die Bybel behoort te hersien indien hul interpretasie daarvan nie meer strook met nuwere ontdekkings nie. Só het hy onbedoeld een van die belangrike hoekstene van die kritiese Bybelwetenskap neergelê. Scholder (1990:64) stel dit soos volg: "Galileo's name does not appear in the history of biblical criticism, but he was the first to formulate its basic principles. In a highly paradoxical way, it was in fact the trial of Galileo and its consequences that brought this truth to light."

### *2.3 Voorbeeld 2: Geesteswetenskaplike navorsing*

'n Soortgelyke omwenteling as die vorige een het 'n eeu later op die terrein van die geesteswetenskape plaasgevind. Alhoewel die studie van die Ou Testament destyds nog in die Fakulteit Teologie gedoseer is, word Ou Testament-studie deesdae as 'n onderdeel van Bybelkunde in fakulteite van Kuns en Lettere aangebied. Bybelkunde het sedert die sewentigerjare van die vorige eeu 'n literatuurwetenskaplike karakter gekry en Bybelwetenskaplikes het by hul kollegas in daardie dissipline geleer hoe om narratiewe te ontleed. Daarom kan Jan Fokkelman die volgende opmerking maak (1999:58): "God can only act if the narrator is willing to tell us about it. The narrator decides whether God is allowed to say anything in the story and if so, how often and how much." Die verteller het beheer oor sy karakters.

Vir etlike eeue is daar na die eerste vyf boeke van die Bybel verwys as die "vyf boeke van Moses" en het Bybellesers aanvaar dat Moses die skrywer daarvan was. Die Gereformeerde belydenisskrifte tipeer dit ook nog so. In die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (artikel 4) staan die volgende: "die vyf boeke van Moses, naamlik: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium."

Gedurende die 18de eeu het Jean Astruc (1684–1766), 'n Franse medikus, 'n boek gepubliseer waarin hy geargumenteer het dat Moses van ouer dokumente gebruik gemaak het om die boek Genesis te skryf. Hy het nog vas geglo aan Moses as die outeur van die Pentateug en het dié hipotese geformuleer omdat hy met die feit gekonfonteer is dat daar in die Hebreeuse teks van Genesis verskillende name vir God gebruik word. Volgens hom het een van die ouer dokumente die benaming *Elohim* verkies, terwyl die ander een die benaming *Jehovah* verkies het. Astruc het ook nog 'n derde bron onderskei wat uit 'n aantal kleiner fragmente van Genesis bestaan het (Deist, 1976:28-29; Houtman, 1980:51-59). Hiermee was die hoeksteen van die bronne-hipotese gelê. Enkele jare later sou navorsers van die Pentateug na die J- en E-bron, oftewel die "Jahwis" en die "Elohis" begin verwys (Law, 2012:115).

Enigeen wat met die wetenskaplike navorsingsproses vertroud is, sal verstaan wat hier gebeur het. Die navorsingsproses begin gewoonlik met iets wat 'n navorser waarneem wat hom/haar laat wonder: Wat is hier aan die gang? Waarmee het ek hier te doen? Hoe kan ek die verskynsel verklaar? In Astruc se geval was die vraag waarom Moses verskillende godsname in Genesis gebruik het indien hy wél die skrywer daarvan is. Die volgende stap is die formulering van 'n moontlike verklaring of hipotese. In Astruc se geval is die hipotese dat ons hier met ouer bronne te doen het wat deur Moses vir die samestelling van die boek Genesis gebruik is. Die voorlopige verklaring moet egter aan toetsing onderwerp word, sodat die navorser kan bepaal of dit 'n aanvaarbare of onaanvaarbare hipotese is. In Astruc se geval het


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

hy (en ander navorsers) die moontlikheid ondersoek dat die res van die Pentateug ook uit meerdere bronne saamgestel is.

Astruc se verklaring vir die verskillende godsname wat in Genesis voorkom, het na ’n goeie hipotese gelyk, gegewe die kennis van sy tyd. Ander navorsers het egter nie onmiddellik by sy hipotese aanklank gevind nie. Só is die bronnehipotese van die Pentateug wél gebore, maar waar Astruc nog aanvaar het dat Moses die skrywer van die boek Genesis was, het ander navorsers dit mettertyd as ’n vals aanname uitgewys. Die eeueoue standpunt dat Moses die skrywer van die ganse Pentateug is, is uiteindelik as ongeldig bewys en die outeursaanduidings wat in ouer Bybelvertalings voorkom, is laat vaar. Genesis is nie meer genoem “Die eerste boek van Moses,” Eksodus “Die tweede boek van Moses”, Levitikus “Die derde boek van Moses,” ensovoorts nie. Martin Luther (1483–1546) het dié benamings nog in sy Duitse vertaling van die Bybel gebruik (*Die Heilige Schrift*, 1966), maar dit word nie meer in moderne Bybelvertalings aangetref nie.

Dit is dus verstommend dat die skrywers van die eerste artikel nog na Moses as die skrywer van die Pentateug verwys (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:202). Hulle het klaarblyklik nie rekening gehou met die navorsingsgeskiedenis van die Ou Testament nie. Sodoende argumenteer hulle op grond van *verouderde* navorsing oor die Bybel dat die *moderne* natuurwetenskaplike navorsing nie die Bybel en die Christelike geloof weerspreek nie.

Navorsers het uiteindelik vier bronne in die Pentateug geïdentifiseer, naamlik die J-, E-, D-, en P-bron. Voorts het dit duidelik geword dat Genesis 1:1-2:4a deel is van die P-bron (die jongste bron), terwyl Genesis 2:4b-3:24 deel is van die J-bron (’n ouer bron). Die verhaal van Adam en Eva (Gen. 2-3) is dus ouer as die sesdaagse skeppingsverhaal (Gen. 1) en is na alle waarskynlikheid gedurende, of kort ná, die ballingskaptyd (586–539 v.C.) geskryf (Harris, 2007:95). Die bronne-hipotese het jare later Julius Wellhausen (1844–1918) in staat gestel om die ontwikkeling van die Israelitiese godsdiens te herskryf. Met goeie argumente kon hy aantoon dat die wette-materiaal (P-materiaal) later as die profetiese materiaal tot stand gekom het (Deist, 1976:42-51; Houtman, 1980:76-80). Verder het dit duidelik uit navorsing geblyk dat die verskillende Pentateug-bronne telkens die godkarakter wat daarin optree, anders beskryf. Friedman (2003:12) karakteriseer die godkarakter van die P-bron soos volg: “In both terminology and narrative P characterizes God as acting according to justice more than as acting according to mercy. If one wishes to be forgiven for an offense, one cannot simply be sorry; one must bring a sacrifice to the priest.”

Weinig Christene dra kennis daarvan dat daar in die Ou Testament ander perspektiewe oor *Jahweh* voorkom – totdat hulle die boek Jona intensief en krities lees. Die profeet Jona verwoord sy perspektief op God soos volg: “Ek het geweet U is ’n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het” (Jona 4:2b, 1983- Afrikaanse vertaling[1]). In die gelykenis van die verlore seun tree die vader-karakter op soos die God van Jona (Deist, 1981:4-5). Die Augustiniaanse paradigma van die Christelike teologie wat Kennedy (2006:252) as die “sondeval-verlossing-eindoordeel-paradigma” tipeer, het die P-bron se karakterisering van God as vertrekpunt. Gevolglik stel dáárdie paradigma dit dat *God se geregtigheid* ’n mensoffer vereis alvorens Hy volkome kan vergewe (Sondag 4 van die *Heidelbergse Kategismus*). Dit is ’n oortuiging wat die Fransgebore juris en Protes-

1 Ek verkies hier die bewoording van die 1983- Afrikaanse vertaling bo die 2020- Afrikaanse vertaling. Laasgenoemde vertaling vertaal die slotfrase as “’n God wat berou het oor die onheil.” Die 1983-vertaling verwoord die nie-uitoefening van die aangekondigde straf duideliker. God het nie bloot berou nie, maar sien af van die voltrekking van straf.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

tantse hervormer, Johannes Calvyn (1509–1564) ook in sy *Institutie: of, Onderwijzing in de Christelijke Geloof* (Sizoo, 1956) breedvoerig uitgewerk het. Met hiérdie oortuigings in die agterkop, lees en interpreteer gereformeerde teoloë Genesis 2–3, maar hulle interpreteer dit duidelik verkeerd, as ons die kennis waaroor ons tans oor die Bybel beskik, in ag neem. Die skrywers van die *TGW*-artikels het oënskynlik hierdie kennis geïgnoreer, omdat dit nie binne hulle "Reformatoriese vertrekpunt" pas nie.

Op grond van die voorafgaande voorbeelde behoort dit duidelik te wees dat natuurwetenskaplikes sowel as geesteswetenskaplikes dieselfde wetenskaplike navorsingsproses gebruik (en behoort te gebruik) wanneer hulle navorsing doen. Voorts moet hulle gedurigdeur kritiese vrae vra en seker maak dat die hipoteses en teorieë waarmee hulle hul navorsing doen, nog bevredigende resultate oplewer. Dit behoort ook duidelik te wees dat diegene wat hulle op 'n bepaalde studieterrein begeef, die navorsingsgeskiedenis van dáárdie vak moet ken en hulle van die jongste stand van die navorsing op dié terrein moet vergewis.

## 3. Waarheid en geskiedenis

### *3.1 Die ontwikkeling van 'n historiese bewussyn*

'n Belangrike insig wat teen die einde van die 18de eeu en die begin van die 19de eeu in die Westerse wêreld posgevat het, is dat tyd niks onveranderd laat nie. Tydsverloop bring verandering mee. Toegepas op die geskiedenis van die mensdom het dit beteken dat mense wat in die verlede geleef het, anders gedink, geglo en ander kulturele praktyke beoefen het. Die kulturele produkte van die mens (insluitende godsdienste) dra duidelik die vingerafdrukke van die tyd waarin daardie betrokke mense geleef het. Die geleerdes wat tot die nuwere insig bygedra het, is Georg Wilhelm Friedrich Hegel (1770–1831), Barthold George Niebuhr (1776–1831), en Leopold von Ranke (1795–1886) (Law, 2012:53-54). Wat in 'n bepaalde eeu as die waarheid gegeld het, kan in 'n volgende eeu onwaar wees. Neem die geosentriese model van die heelal en die heliosentriese model as voorbeeld; so ook die oortuiging dat bloed deur die liggaam sirkuleer. Vir eeue het medici aanvaar dat die beroemde Grieks-Romeinse dokter, bekend as Claudius Galenus (129–216), se teorie dat die lewer die fontein van bloed is, en dat bloed eenvoudig via die are in die liggaam wegsyfer, korrek is. Dit is vir meer as 'n millennium as die waarheid, gegrond op wat hulle as feitelike gegewens beskou het, in die mediese wetenskap aanvaar, totdat William Harvey (1578–1657) met die hipotese na vore gekom het dat bloed deur die liggaam sirkuleer (Fine, 2012:248-251). Sedertdien weet ons dat dít die waarheid is.

Wat gedurende die 18de en 19de eeu plaasgevind het, kan as die deurbreek van *'n historiese bewussyn* by Westerlinge beskryf word. Dit is hierdie bewussyn wat Charles Darwin (1809–1882) in staat gestel het om sy hipotese van verandering deur middel van natuurlike seleksie te formuleer (Weinert, 2009:93-183). Darwin se boek *On the Origin of Species* is in 1859 in die 19de eeu gepubliseer en nie in die 18de eeu soos die skrywers foutiewelik dit stel nie (Dreyer, Van der Walt & Denton 2023:195). Hy het na regte die biologiese wetenskap met 'n historiese blik op spesies verryk. Tot op daardie stadium het die deursnee Westerling geglo dat spesies staties en dus onveranderlik is. Ernst Mayr (2000:80) stel dit soos volg:

> Darwin introduced historicity into science. Evolutionary biology, in contrast with physics and chemistry, is a historical science – the evolutionist attempts to explain events and processes that have already taken place. Laws and experiments are inappropriate techniques for the explication of such events and processes. Instead one constructs a historical


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

> narrative, consisting of tentative reconstruction of the particular scenario that led to the events one is trying to explain.

In die universiteitshandboek met die titel *History of Life* van Richard Cowen (2013) waarmee studente nou al etlike jare in die biologiese wetenskappe onderrig word, argumenteer die skrywer heel tereg dat die evolusieteorie met die gang van tyd op aarde verband hou (Cowen, 2013:66-83). Darwin het nie ’n hipotese oor die ontstaan van lewe op aarde geformuleer nie, maar ’n hipotese oor hoe die verskillende plant- en dierspesies wat op aarde bestaan (en al bestaan het), met mekaar verband hou (Van As, Du Preez, Brown, Smit, 2012:30-49). Die skrywers van die *TGW*-artikels fouteer dus deur Darwin se evolusieteorie met die hipotese oor die *ontstaan van lewe* op aarde in verband te bring (Dreyer & Van der Walt, 2023a:214-216). Hulle wys tereg kreasionisme af, maar ondersteun nogtans die hipotese van Intelligente Ontwerp met die uitgangspunt dat daar ’n “intelligente outeur” bestaan wat agter die oerknal en die ontstaan van lewe op aarde staan. Voorts dat hierdie “Intelligente Wese” (die Christelike God?) die ganse evolusionêre verloop van lewe op aarde bestuur het en steeds bestuur. Hulle aanvaar Intelligente Ontwerp as hipotese, omdat dit hul geloofsvoorveronderstellings ondersteun, terwyl Intelligente Ontwerp slegs verskuilde kreasionisme is (Ayala, 2006:99-100), of in die woorde van Sarkar “Reformed Creationism” (2007:2).

Hierdie historiese bewussyn het ook ’n invloed gehad op hoe navorsers die Bybel gelees en bestudeer het (Law, 2012:38-52). Navorsers het besef dat die Bybelboekskrywers en hulle tydgenootlike lesers, kinders van hulle tyd was wat ander oortuigings gedeel het as mense wat in die 18de en 19de eeu geleef het. Voorts het argeologiese ontdekkings in die Nabye Ooste die wêreld waarin die ou Israeliete geleef het, ontsluit en getoon dat dáárdie wêreld radikaal van hulle s’n verskil (Dever, 2001:97-298; Dever, 2012:106-367). Oosterhoff (1968:50), een van die geleerdes op wie die skrywers van die *TGW*-artikels hulle selektief beroep vir hulle lees en uitleg van Genesis 1–3 (Dreyer & Van der Walt, 2003b:240), stel hierdie feit soos volg:

> Meer dan vroeger is duidelijk geworden dat de Schrift een oosters boek is en met namen het Oude-Testament met duizenden banden verbonden is aan de oud-oosterse cultuur- en denkwereld. (…) Daarom zullen we ook steeds meer moeite moet doen om ons die cultuur- en denkwereld eigen te maken.

Antieke Nabye Oosterlinge, so is besef, was oortuig dat die aarde plat is en dat die heelal uit drie vlakke bestaan: (1) hemel, (2) aarde, (3) onderwêreld (Deist, 1988:36). Neem as voorbeeld Eksodus 20:4 “Jy mag nie vir jou ’n gesnede beeld maak nie – enige afbeelding van wat *in die hemelruim daar bo*, of *op die aarde hier onder,* of *in die water onder die aarde* is nie” (2020- Afrikaanse vertaling; klem toegevoeg). Voorts was hulle oortuig daarvan dat daar verskeie gode bestaan het en dat ’n mens oral ’n god kon raakloop wat jou óf goed- óf kwaadgesind kon wees (Gen. 32:1-2, 24-29; Eks. 4:24). Wat die geslagte betref, het hulle geglo dat net mans ware mense was. Vroue was halfwasmense en mans kon met hulle handel dryf, soos met skape en bokke; daarom is vroue as deel van mans se besittings gereken (Eks. 20:17). Volgens hul oortuiging het vroue géén rol in die verwekking van babas gespeel nie. ’n Man, so het hulle geglo, gee aan ’n vrou ’n “saadbabatjie” wat sy in haar buik moes beskerm en toelaat om tot lewensvatbaarheid te groei (Gen 38:8-9; Job 10:10). Hulle het nie van sperms en eierselle geweet nie, ook nie van die oerknal, sterrestelsels, sterre, komete en meteoriete, gravitasie, gravitasiekolke, evolusie, die DNS-molekule en dinosourusse nie. Hulle het nie geweet dat bloed deur die liggaam sirkuleer nie, ook nie dat die aarde miljoene jare oud is en dat aardplate rondskuif nie – om die waarheid te sê, hulle het nie eers geweet dat ander kontinente bestaan nie. Gemeet aan ons kennisraamwerk, was hulle oningelig. Maar om hulle


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

as “dom” te beskryf, sou wees om ’n verkeerde maatstaf aan te lê en hulle kennis te meet aan die kennis waaroor mense in die 21ste eeu beskik. Ons moet veel eerder in ag neem hoe kennis sedert dáárdie jare toegeneem het, en wat daartoe bygedra het dat ons as mense die heelal, die melkweggalaksie, ons sonnestelsel, die aarde, die samehang van lewe op aarde, mense en hulle kultuurprodukte (godsdienste ingesluit), tans beter as vorige geslagte verstaan. In hierdie verband maak Pattison (1998:35) ’n treffende opmerking wanneer hy nadink oor die Bybel en mense wat in die 21ste eeu leef: “The first and the twenty-first centuries are divided by precisely twenty centuries, twenty centuries of continual and colossal change”.

### *3.2 Paradigmas en paradigmaveranderinge*

Thomas Kuhn (1922–1996) het jare gelede ’n groot bydrae tot die skryf van navorsingsgeskiedenisse vir wetenskaplike vakke gelewer. Hy het betoog dat natuurwetenskaplikes vir ’n geruime tyd hul navorsing aan die hand van ’n bepaalde paradigma of model beoefen en oortuigende resultate behaal, maar wanneer nuwe data bekom word, bly die bestaande model in gebreke om sodanige data te verwerk (Kuhn, 1970:52-65). Dit laat hulle aanvanklik verbysterd en hulle kan selfs aan hulleself as navorsers begin twyfel en die navorsingsterrein vaarwel toeroep. Gelukkig sal iemand die een of ander tyd met ’n nuwe paradigma of model na vore tree en nuwe navorsing daaroor inisieer. Hy het onder andere na die navorsing op die terrein van die sterrekunde verwys, asook die rol wat Kopernikus gespeel het om ’n nuwe paradigma voor te stel (Kuhn, 1970:68-69). Die bestaande paradigma (die geosentriese model) kon nie meer die beweging van die hemelliggame goed voorspel nie en sterrekundiges moes allerlei ingewikkelde berekeninge doen. Kopernikus se nuwe hipotese (die heliosentriese model) het hierdie probleme oorkom. Kuhn verwys hierna as ’n rewolusie wat in die betrokke wetenskap plaasvind. Hierdie rewolusies kan ook as ’n verandering in blik beskryf word. Navorsers kyk na dieselfde objekte, maar hulle sien verskillende prentjies. Heelwat navorsers het Kuhn se insigte met groot sukses op hulle onderskeie vakterreine toegepas, maar daar het ook stemme opgegaan wat navorsers teen die gebruik van Kuhn se insigte gewaarsku het. Sommige navorsers het gemeen dat sy insigte nie sito-sito op die geesteswetenskappe oorgedra kan word nie. Tog was daar ’n aantal geesteswetenskaplike vakke waar sy insigte met vrug gebruik is. Een so ’n vak was die Bybelwetenskappe. Sæbø (1995:243-251) het dit byvoorbeeld in die beoordeling van William Robertson Smith (1846–1894) se bydrae tot die studie van die Ou Testament benut. Voor hom het Mark Noll, ’n Amerikaanse kerkhistorikus, al daarop gewys dat die idee van paradigmas en paradigmaveranderinge met vrug gebruik kan word wanneer die baie kerklike leertugsake aan die einde van die 19de en die begin van die 20ste eeu bestudeer en beskryf word. Hy het die verandering op die terrein van die Bybelwetenskappe soos volg beskryf (Noll, 1991:45) (klem toegevoeg):

> Kuhn’s discussion of “normal science,” “paradigm shift,” and “revolutionary” situations has been applied promiscuously to far too many historical developments. But here, at least, it really seems to fit. A period in which normal science proceeded under a secure paradigm (*the Bible is the Word of God to be interpreted by the conventions of common sense*) gave way to a period when anomalies in the old theories seemed to proliferate (new knowledge about world religions, new conceptions of historical development, new advances in research, new standards of professional study – and all exacerbated by social and economic changes in the community experiencing the anomalies). After a brief period of dialogue between those working in the old paradigm and those struggling toward something different (roughly 1880 to 1900), a new paradigm emerges for the practice of

> normal science (*the Bible, however sublime, is a human book to be investigated with the standard assumptions that one brings to the discussion of all products of human culture*).

Hierdie paradigmaverandering is deur twee Suid-Afrikaanse Bybelwetenskaplikes, Spangenberg (1994) en Van Deventer (2005), ondersoek. Spangenberg (1994:144-184) wys deur middel van die Bybelwetenskaplike paradigmas uit waarom Bybelwetenskaplikes en dogmatici (sistematiese teoloë) die Bybel tans anders lees. Hy argumenteer voorts dat die boek wat dogmatici konstrueer en waaraan hulle die naam "Heilige Skrif" gee, weinig in gemeen het met die Bybel wat Bybelwetenskaplikes bestudeer. Voorts wys hy daarop dat die geskiedenis wat dogmatici konstrueer en waaraan hulle die naam "heilsgeskiedenis" gee, weinig in gemeen het met die geskiedenis wat Bybelwetenskaplikes en historici konstrueer en bestudeer. Van Deventer (2005) weerlê weer Robert Shedinger (2000) se argumente as sou daar nie paradigmas en paradigmaveranderinge in die Bybelwetenskappe voorkom nie. Hy argumenteer verder dat Shedinger se argument dat twee paradigmas nie gelyktydig op dieselfde vakgebied kan voorkom en teen mekaar meeding nie, nie steekhou nie.

Die argeologiese en ander ontdekkings in die Nabye Ooste het navorsers met ander oë na die Bybel laat kyk. Alhoewel James Barr nie van 'n paradigmaverandering praat nie, beskryf hy die verandering treffend wanneer hy soos volg oor die Bybel in die moderne wêreld skryf (Barr, 1973:120): "If one wants to use the Word-of-God type of language, the proper term for the Bible would be Word of Israel, Word of some leading early Christians." Die insig het in die 20ste eeu gedaag dat die Bybel volledig 'n menslike dokument is en dat dit nie in die hemel ontstaan of geskryf is nie (Spangenberg, 2002:183-195).

Die skrywers van die vier *TGW*-artikels het duidelik nie rekening gehou met die paradigmas en paradigmaveranderinge op die terrein van die Bybelwetenskappe nie, daarom verwys hulle nog na Moses as die skrywer van die boek Genesis. Wie vandag navorsing oor die Bybel, die teologie en die natuurwetenskappe wil doen en spesifiek oor geloof en wetenskap wil skryf, moet van die paradigmas en paradigmaveranderinge in die natuur- én die Bybelwetenskappe kennis dra.

## 4. Genesis 1–3 en die moderne wetenskap

Dis duidelik dat die skrywers van die vier *TGW*-artikels geensins ag geslaan het op die Bybelwetenskaplike paradigmaverandering wat teen die einde van die 19de en die begin van die 20ste eeu plaasgevind het nie. Hulle ignoreer die resultate van die navorsing wat deur middel van hierdie paradigma die afgelope meer as 'n eeu gedoen is. Hulle ignoreer ook die enorme tydgaping wat tussen hedendaagse mense en die skrywers van die Bybelboeke lê. Hulle lees Bybeltekste konteksloos en lees ook hul sienings in die tekste in. Wat Hoffmann (1989:241) van teoloë in die algemeen sê, is op die skrywers van die *TGW*-artikels van toepassing: "'Eisogesis' – the skill of reading out of the text the interests we read into it – is a well-developed habit in theological circles."

### *4.1 Genesis 1:1-2:4a en die sogenaamde "proto-mens"*

Die skrywers van die *TGW*-artikels verwys net na Genesis 1 en 2–3, maar die verdeling tussen die twee verhale is in Genesis 2:4 te vinde. Die eerste verhaal eindig met Genesis 2:4a en die tweede verhaal begin met Genesis 2:4b. Die letters (a) en (b) by die vers dui op die eerste en tweede deel van Genesis 2:4. Die twee verhale word tans in wetenskaplike literatuur só aangedui: Genesis 1:1-2:4a en Genesis 2:4b-3:24 (Van Dyk, 2001:74, 93; Keel & Schroer, 2008:142, 173; Law, 2012:13).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

Hoe weet navorsers dat die skeidslyn tussen die twee verhale in Genesis 2:4 voorkom? Die antwoord daarop lê in die bewoording van Genesis 2:4-5 opgesluit en lees soos volg:

> 4 Dit dan is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is. Toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het,[5] was daar nog nie enige struike op die aarde nie en het daar ook nog nie enige groenigheid opgeskiet nie, … (1983- Afrikaanse vertaling.)

Genesis 2:4a is duidelik die slotsin van die eerste verhaal: "Dit dan is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is." Hierdie sin volg direk nadat die verteller die leser meegedeel het dat die Skeppergod op die sewende dag gerus het (Gen 2:1-3). Dit sluit die eerste verhaal dus baie mooi af en sou soos volg vertaal kon word: "Dit dan is die [einde van die] verhaal van die hemel en die aarde toe hulle geskep is." Genesis 2:4b is baie duidelik die begin van die volgende verhaal. Dit lees immers só: "Toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het, was daar nog nie enige struike op die aarde nie en het daar ook nog nie enige groenigheid opgeskiet nie, …" (Gen 2:4b-5). Die "hemel en aarde" van die eerste verhaal word nou omgeswaai om te lees die "aarde en hemel". Voorts word 'n ander godsnaam nou gebruik. Hier is sprake van "die HERE God" (*Jahweh Elohim*), terwyl die vorige verhaal slegs na "God" (*Elohim*) verwys het.

Die skrywers van die *TGW*-artikels se sogenaamde uitleg van Genesis 1–3 is 'n klassieke voorbeeld van inleg eerder as uitleg. Eerstens word Genesis 1 en 2–3 gelees asof dit twee opeenvolgende geskiedenisverhale is. In Genesis 1 word van die "proto-mens" (*Australopethicus?*) vertel, terwyl in Genesis 2–3 die verhaal van die "moderne mens" (*Homo sapiens?*) voorkom (Dreyer & Van der Walt, 2023b:232). Tweedens word hierdie verhale gelees asof dit werklike gebeure beskryf wat duisende jare gelede afgespeel het. Daar moet dus 'n aanwysbare paradys gewees het, maar waar hierdie paradys geleë was, word nie uitdruklik gestel nie. Klaarblyklik was dit in Afrika, want die skrywers vervolg met die woorde: "Anatomies moderne mense neig na 'n slanker, fyner skelet, wat 50 000 tot 30 000 jaar gelede in Afrika ontwikkel het" (Dreyer & Van der Walt, 2023b:236).

Die Genesis-teks word gelees asof hier van werklike mense sprake is en dat hulle duisende jare gelede op aarde geleef het. Dít terwyl Bybelwetenskaplikes tans algemeen aanvaar dat daar twee skeppingsverhale bestaan en dat hulle nie historiese verhale is nie, maar fiktiewe verhale met fiktiewe karakters. Die literêre genre waarvan hierdie verhale voorbeelde is, staan as *etiologiese verhale* bekend (Deist & Burden, 1980:91-92; Law, 2012:170). Etiologiese verhale is dáárdie verhale wat antieke mense vertel het in 'n poging om die oorsprong van sekere verskynsels, of kultuur- en godsdienstige praktyke, te verklaar. Coats (1985:10) skryf die volgende oor die belangrikheid daarvan om die genre van 'n Bybelgedeelte te bepaal: "To make false assumptions about genre can lead to gross misunderstanding." Die skrywers van die *TGW*-artikels maak verskeie ongeldige afleidings uit die skeppingsverhale omdat hulle nie die twee verhale se *genres* bepaal het nie. Om te stel dat dit "skeppingsverhale" is, is niksseggend. Die skrywers het ook nie op die kultuur en die literêre konvensies van die antieke skrywers ag geslaan nie, en hieroor maak Wiles (1999:60) die volgende opmerking: "Furthermore, you can't grasp an ancient author's aims very well without some knowledge of the culture and the literary conventions of the time." Die skrywers neem duidelik nie in ag hoe die ou Nabye Oosterlinge die kosmos en die handelinge van die gode verstaan het nie. Walton (2011:139) beskryf dit so: "As in the rest of the ancient world, the cosmos is not absent of matter: primordial waters are already present. As in other texts from the ancient Near East, darkness characterizes this 'before' picture." Volgens dáárdie mense was daar nie 'n skepping uit niks (*creatio ex nihilo*) nie (Keel & Schroer, 2008:174).

Genesis 1:1-2:4a verduidelik primêr die oorsprong van die Sabbatviering, en sekondêr waar alles (mense ingesluit) vandaan kom. Die skrywer van Eksodus 20 gryp terug na Genesis 1 wanneer hy die onderhouding van die Sabbat as ewige voorskrif voorhou (Eks. 20:8-11):

> Gedenk die Sabbatdag deur dit heilig te hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is ’n Sabbat ter ere van die HERE jou God. Jy mag geen werk doen nie, (…) Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde en die see gemaak, en alles wat daarin is, maar op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die Sabbatdag geseën en dit geheilig. (2020- Afrikaanse vertaling.)

Die rede vir hierdie teruggryping is omdat Eksodus 20 deel van die P-bron is (Van Dyk, 2001:74-78; Friedman, 2003:153; Keel & Schroer 2008:173; Law, 2012:134). Deuteronomium wat ook ’n weergawe van die Tien Gebooie bevat (Deut. 5), motiveer die Sabbatsgebod anders en verwys na die slaweverdrukking in Egipte as rede waarom die Israeliete moes rus (Deut. 5:15). Die P-bron en die D-bron (Deuteronomium) is in verskillende historiese periodes geskryf. Verskillende tye gee aanleiding tot verskillende perspektiewe en ook tot verskillende motiverings.

Die eerste skeppingsverhaal verloop soos volg: God (*Elohim*) skep gedurende die eerste drie dae eers bepaalde ruimtes (deur ’n daad van skeiding) en vul dan in die volgende drie dae daardie ruimtes met bepaalde dinge. Die verhaal loop uiteindelik op die sewende dag (die Sabbat) uit wat die hoogtepunt van die verhaal vorm. Die gegewens kan soos volg skematies voorgestel word (Day, 2015a:1):

| In die begin.<br>’n Chaotiese watermassa bestaan, maar *Elohim*, die skeppergod, gryp in. | | | |
|---|---|---|---|
| **Ruimtes** | | **Entiteite wat die ruimtes vul** | |
| Dag 1 | Lig (en skeiding tussen lig en duisternis) | Dag 4 | Son, maan en sterre. |
| Dag 2 | Die hemelkoepel (en skeiding van die waters bo en onder die hemelkoepel) | Dag 5 | Voëls en visse. |
| Dag 3 | Verdere skeiding (see en droë grond, met allerlei plante) | Dag 6 | Allerlei landdiere en ook die mens;<br>vrugdraende bome as voedsel vir mense;<br>ander plante vir die diere. |
| Dag 7<br>Die Sabbat breek aan en *Elohim* rus. | | | |

***Figuur 1:*** *’n Skematiese voorstelling van die ses skeppingsdae*

Die skrywer van hierdie skeppingsverhaal beskryf die dae as beginnende met sonsondergang (“dit was aand”) wat dan tot die volgende dag (“en dit was more”) deurloop. Dis presies hoe die Jode deur die eeue hul dagindeling doen. Die Sabbat begin Vrydagaand met sonsondergang en loop deur tot sonsondergang op Saterdag wanneer die nuwe week aanbreek. Die dae wat die skrywer van Genesis 1 aan lesers voorhou, is nie lang geologiese periodes nie, maar


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

doodgewone dae. Die skrywers van die *TGW*-artikels begaan ’n denkfout deur die eerste drie dae anders as die laaste drie dae te interpreteer. Volgens hul oortuiging moet die eerste drie dae as langer periodes verstaan word. Hulle verwring dus die Genesis-teks om by hul oortuigings te pas. Om hierdie verhaal verder as geskiedenis te lees en te stel dat Genesis 1 met die “proto-mens” te doen het (Dreyer & Van der Walt, 2023b:232, 239, 241-242), is om die teks geweld aan te doen en moderne natuurwetenskaplike kennis in die teks in te lees. ’n Verdere afleiding wat hulle maak, naamlik dat Genesis 1:3 (en verder) die volgorde beskryf “waarin God die aarde georden en geoptimaliseer het om vir die mens ’n geskikte woonplek te skep” (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:201) laat eweneens vrae ontstaan oor die skrywers se lees van die eerste skeppingsverhaal.

Hul bespreking van Genesis 1:26 weerspieël dieselfde verbysterende insig. Die teks lees soos volg: “God het gesê: ‘Laat Ons mense maak na ons beeld, as ons afbeelding, sodat hulle kan heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die diere en oor die hele aarde, …’” (2020- Afrikaanse vertaling). Die “Ons” van wie hier sprake is, is nie die Drie-eenheid nie, maar *Elohim* wat ’n voorstel in die godevergadering maak. Hierdie teks veronderstel duidelik meer as een god. Ook hierdie teks word deur die skrywers van die *TGW*-artikels foutiewelik aangewend om hulle oortuigings oor te dra (Dreyer & Van der Walt, 2023b:240). Volgens hulle het die “beeld van God” met mense se rasionele denkvermoëns te doen. Dis egter nie wat die teks kommunikeer nie. Wanneer mense oor die aarde en alles daarop heers, tree hulle soos gode op en doen hulle wat gode doen – *hulle heers*. Dit gaan nie oor iets waaroor mense *beskik* nie, maar oor iets wat mense *doen* – dáárin lê die ooreenkoms tussen die gode en mense. In die woorde van Bandstra (1995:60): “Humankind was created to model God’s (and the Divine Council’s) ruling function on the new earth God had created. Humankind was created *as* God’s image rather than *in* it.” [Klem in die oorspronklike.]

Die skrywers se oortuiging dat Genesis 1 oor die “proto-mens” handel, verdien geen ernstige oorweging nie, omdat dit duidelik met die uitgediende Pre-Adamiete-hipotese van Isaac La Peyrère (1596–1676) verband hou. Hý het hierdie hipotese geformuleer omdat Genesis 4:17 van Kain se vrou melding maak. Die vraag het by hom ontstaan: “Waar het Kain ’n vrou vandaan gekry as Adam en Eva die eerste mense op aarde was en hulle nog geen dogters gehad het nie?” Die skrywers van die *TGW*-artikels se poging om hierdie uitgediende hipotese te laat herleef asof Genesis 1 oor die “proto-mense” handel, moet bevraagteken word. Van Asselt (2010:106) skryf soos volg oor hierdie strategie om die hipotese te laat herleef:

> Finally, we should note the remarkable fact that the theory of the Pre-Adamites, which in the past was so emphatically condemned by Protestant theology, is currently used – admittedly in popular form – in Evangelical circles as a strategy for harmonizing modern science and a literal reading of the biblical creation account.

### *4.2 Genesis 2:4b-3:24 en die “moderne mens”*

Die wyse waarop die skrywers van die *TGW*-artikels Genesis 2:4b-3:24 lees en interpreteer, getuig weer van inleg en nie uitleg nie. Eerstens aanvaar hulle dat daar histories ’n Adam en Eva was, want hulle argumenteer dat Eva dieselfde genoom as Adam moes gedeel het, omdat sy uit een van Adam se ribbebene gemaak is (Dreyer & Van der Walt, 2023b:237):

> As hierdie inligting op die Bybelse skeppingsverhaal toegepas word (Genesis 2:21 en 22), is dit ’n genetiese noodwendigheid dat in die oorsprong van die menslike geslag, Eva Adam se genoom moes gedeel het (“Die Here God neem toe ’n ribbebeen uit die mens


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

> …”). Indien dit nie die geval was nie, kon die tweede samesmeltingschromosoom nie homogeen vir die hele menslike geslag geword het nie, omdat die diploïede genoom dit nie sou toegelaat het nie.

Op ’n verstommende wyse word moderne wetenskaplike inligting in die teks ingelees, terwyl hierdie verhaal ook tot die genre *etiologiese verhale* behoort en in die ou Nabye Oosterse konteks ontstaan het. Deur middel van hierdie verhaal probeer die skrywer daarvan ’n handvol vrae oor die mens en sy omgewing beantwoord. Die primêre vraag is egter: “Waarom is mense so slim soos gode, maar beskik hulle nie oor ewige lewe nie?” Dit was ’n vraag wat die antieke Nabye Oosterlinge geboei het, want hierdie vraag duik ook in ’n aantal buite-Bybelse verhale op – en die antwoord wat dáárdie verhale bied, is soortgelyk aan die antwoord wat die verteller van Genesis 2:4b-3:24 gee (York, 1996:399-402). Mense het wysheid en insig bekom, maar die gawe van ewige lewe het hulle deur hul eie toedoen deur hul vingers laat glip (Barr, 1992:21). Hulle bly aardlinge en dus sterflik. Van die ander minder belangrike vrae waarop die verteller antwoorde probeer gee, is: Waarom moet landbouers so hard werk (Gen. 3:17-19)? Waarom skenk vroue swaar geboorte en trek hulle dikwels aan die kortste ent in verhoudings (Gen. 3:16a)? Waarom trek die twee geslagte mekaar aan (Gen. 3:16b)? Waarom het slange nie die vermoë om te loop nie (Gen. 3:14)? Hoekom vrees mense slange (Gen. 3:14-15)? Waarom word die mens se liggaam stof sodra hy/sy sterf (Gen. 2:7, 3:19)? Waarom dra mense klere (Gen 3:7, 21)? (York, 1996:402-403; Law, 2012:169-170).

Genesis 2:4b-3:24 is ’n skeppingsverhaal wat primêr in ’n godetuin afspeel, daarom verwys navorsers dikwels hierna as “die tuinverhaal” (Van Dyk, 2001:96; Day, 2015b:24). Hierdie tuin was in die ooste geleë – dáár waar die son opkom (Gen 2:8); dáár waar hemel en aarde (volgens die drie-verdieping-heelal) mekaar ontmoet; dáár waar die gode wat in die hemel woon, deur die oospoort die aarde kon betree. Wanneer lesers die tuinverhaal lees, moet hulle (soos met die vorige verhaal) rekening hou met hoe dáárdie mense hul wêreld verstaan het.

Die verhaal kan volgens moderne insigte beskou word as ’n drama wat uit twee bedrywe bestaan. Die twee bedrywe kom in Genesis 2:4b-2:25 en Genesis 3:1-24 voor. Die eerste bedryf skets die wêreld waarin die karakters optree. Die hoofkarakter is *Jahweh Elohim* en Hy lê vir Hom ’n tuin aan (Gen 2:8) kort nadat Hy ’n ruwe droë aarde sonder plante geskep het. Die aarde is op dié tydstip ’n woestyn, maar waterdamp kom spontaan uit die aarde op – duidelik vanuit die onderwêreld met sy baie water. Só word die aarde besproei, nie net sodat plante kan ontkiem nie, maar ook sodat daar ook materiaal kan wees om ’n kleipop van te maak (Gen. 2:6-7a). In hierdie kleipop blaas *Jahweh Elohim* die “asem van lewe” sodat die kleipop ’n lewende mens word (Gen. 2:7b). Hierna neem Hy die mens in diens as tuinier van die tuin wat Hy aangelê het (Gen. 2:8). In hierdie tuin ontspring daar nou ’n groot rivier wat die tuin van water voorsien (Gen 2:10). Buite die tuin vertak dit in vier ander riviere. Die name van die vier riviere weerspieël dáárdie skrywer se geografiese kennis van sy omgewing (Gen. 2:10-14).

Die tuinier ontvang hierna die opdrag om die tuin te bewerk en te bewaak (Gen. 2:15) maar kry ook ’n toegewing: hy mag van alle vrugtebome in die tuin eet, behalwe van die boom wat in die middel van die tuin staan (Gen. 2:16-17). Later sal die leser/toeskouer hoor dat daar na regte twéé bome in die middel van die tuin gestaan het: “die boom van die kennis van goed en kwaad” (Gen. 2:17) en “die boom van die lewe” (Gen. 3:22). Waarom word die mens verbied om van die boom van kennis te eet? Want dáárdie boom se vrugte is uitsluitlik vir *Jahweh Elohim* bedoel. Dit geld ook die vrugte van die boom van lewe. Ook hiervan mag die mens eintlik nie eet nie, want sy vrugte is bedoel om *Jahweh Elohim* vir ewig te voed en aan


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

die lewe te hou. Gode is immers nie net wys nie, maar is ook veronderstel om vir ewig te lewe. Dis die rede waarom Adam en Eva uiteindelik uit die godetuin verban moes word. Die hoofkarakter het gevrees dat hulle ook van hierdie boom sal eet en dan *volwaardige gode* word (Gen. 3:23).

Teoloë verwys dikwels daarna dat die tuinverhaal baie antropomorfismes bevat wanneer daar oor *Jahweh Elohim* geskryf word, want Hy loop in die tuin rond en gesels met die mense. Hy maak klere en trek die mense dit aan. Hier is nie sprake van antropomorfismes nie – dis hoe dáárdie mense oor hulle gode gedink het. Gode was soos mense – hul woonplek was net in die hemel. Hulle het honger geword, geëet, geslaap, asem gehaal, ensovoorts (Stravakopoulou, 2021:7-25). Albei bome se vrugte was dus uitsluitlik vir *Jahweh Elohim* bedoel. Ander ou Nabye Oosterse verhale vertel ook van hierdie soort bome (Keel & Schroer, 2008:62-64, 142-157).

Die mens was aanvanklik ’n eenling op soek na ’n maat, maar hy kon geen geskikte maat vind onder die diere en voëls wat God gemaak het nie (Gen 2:19-20). Omdat hy geen maat kon vind nie, besluit *Jahweh Elohim* om ’n soortgelyke wese te maak. Dié keer skep Hy uit die man se ribbebeen ’n vrou (Gen. 2:22-23). Wanneer die man uit sy diepe slaap wakker word en die vrou vind, is hy kinderlik gelukkig en roep hy uit: “Nou is dit iemand soos ek! Sy sal *išša* (vrou) heet, want sy is uit *iš* (man) geneem.” Ons kry hier met ’n Hebreeuse woordspeling te doen wat moeilik in vertaling weergegee kan word. Met hierdie woordspeling lewer die verteller (by monde van die man) kommentaar: die vrou is slegs vanweë ’n klein agtervoegsel anders as die man.

Die eerste bedryf van die drama sluit af met die woorde dat die man en vrou hulle nie vir mekaar (en vir God) geskaam het nie, hoewel albei poedelnaak was (Gen. 2:25). Hierdie stukkie vertellerskommentaar is belangrik indien toehoorders/lesers die volgende bedryf goed wil verstaan.

Aan die begin van die tweede bedryf (Gen 3:1-24) besef die toeskouer/leser skielik dat daar ’n ander karakter ook in die tuin teenwoordig is, naamlik die slang. Hy is nie die duiwel nie, maar een van die vernuftigste diere in die tuin (Zevit, 2013:166). Hy vra die vrou uit na die verbod om van die vrugte van die boom van kennis te eet. Die vrou lig die slang in dat hulle sal sterf indien hulle daarvan eet (Gen. 3:3). Met goeie oorredingsvermoë slaag die slang daarin om die vrou te oorreed om daarvan te eet. Sy eet en gee ook vir haar man daarvan om te eet. “Given fruit, Adam ate. Like an infant being spoonfed, asking no questions, he opened his mouth, chomped, chewed, and swallowed” (Zevit, 2013:171). Skielik gaan hulle oë oop en besef hulle dat hulle poedelnaak is; gevolglik gaan kruip hulle vir *Jahweh Elohim* weg, want Hý is immers geklee. Wanneer Hy sy gereelde vroegaandwandeling in die tuin onderneem, loop Hy nie die twee raak soos voorheen nie (Gen. 3:8), maar ná ’n kort soektog vind Hy hulle in vyeblare geklee. Hy vra onmiddellik wat aan die gang is en hulle verduidelik wat gebeur het. *Jahweh Elohim* hou dan ’n verhoor, want die karakters beskuldig mekaar. Die man wys vinger na die vrou, en die vrou na die slang – tipies menslike gedrag. Al drie die karakters wat by die insident betrokke was, word skuldig bevind en elkeen ontvang ’n gepaste straf. Dade het immers gevolge – ’n belangrike tema in die J-verhaal wat duidelik wysheidsinvloede openbaar (Coote & Ord, 1989:60-64).

*Jahweh Elohim* begin sy uitspraak met die slang. Omdat hy die vrou voor ’n keuse gestel en haar oortuig het om van die verbode boom se vrugte te eet, sal hy voortaan op sy maag seil en met stof as voedsel oor die weg moet kom. Voorts sal mense hom wil doodmaak (Gen. 3:14-15). Dan kom die vrou aan die beurt. Die straf wat haar opgelê word, is pynlike geboortes en onderdanigheid aan die man. Sy is nie meer sy gelyke nie, maar hy sal oor haar heers (Gen.

3:16). Laastens kom die man aan die beurt. Omdat hy na sy vrou geluister het, sal hy in die vervolg harde arbeid moet verrig om ’n bestaan te kan maak. Die aarde sal hom nie geneë wees nie (Gen. 3:17-19). Eers hierna ontvang die vrou die naam “Eva”, wat ’n sinspeling op die Hebreeuse woord *hayya* is, wat “lewe” beteken. Sy word die moeder van alle mense wat nog gaan leef. Hierna maak *Jahweh Elohim* vir die twee klere van dierevelle. Hy is ’n bedrewe kleremaker en het ’n aantal gebreide velle gereed (Gen. 3:21). Die twee word dan uit die tuin verban en gerubs (mitologiese figure) word aangestel om te waak sodat die twee nie toegang tot die boom van lewe verkry nie (Gen. 3:23-24).

Die hoofkarakter in hierdie verhaal toon ander karaktertrekke as die een in Genesis 1:1-2:4a. *Jahweh Elohim* is meer menslik en aards en nie so verhewe soos die godkarakter van Genesis 1 nie. Alhoewel Hy aan die begin gesê het dat die mens onmiddellik sal sterf indien hy van die boom van kennis eet, gebeur dit nie (Zevit, 2013:170). Die verbod om van die boom van kennis te eet, was bloot ’n afskrikmiddel. Die mens sal wel eendag sterf, omdat hy van aardstof gemaak is (Gen 2:7). Sodra mense die lewensasem uitgeblaas het, verval hul liggame tot stof.

Binne die Christelike geloof word hierdie verhaal gelees asof dit handel oor hoe sonde, pyn, lyding en dood in die perfekte skepping ingekom het, en hoe die “sonde-virus” die ganse mensdom van Adam en Eva tot nou, besmet (Day, 2015b:44). Hierdie verhaal is die basisverhaal van die Christelike erfsonde- en sondeleer. Augustinus (354-430) se interpretasie daarvan word steeds as gesaghebbend geag. In die woorde van die dogmatikus, Jaap Durand (1978:52): “Wat die gedagte van die erfsonde as sodanig betref, bly Augustinus egter in hoofsaak die maatgewende teoloog.” Navorsing het egter bo alle twyfel uitgewys dat Augustinus Paulus se sienings in Romeine 5 as uitgangspunt gebruik het vir sý oortuigings oor hoe die Genesis-verhaal gelees moet word (Pagels, 1989:98-126; Spangenberg, 2007:259-279; Fredriksen, 2012:112-134). Paulus is egter deur tydgenootlike Joodse sieninge beïnvloed. In die Christelike tradisie word mense gou tot ketters verklaar indien hulle Genesis 2–3 anders interpreteer, want ’n ander interpretasie bring die ganse Christelike verlossingsboodskap in gedrang. As daar nie ’n sondeval was nie, maak Jesus se kruisdood, sy opstanding en hemelvaart, asook sy wederkoms en die nuwe hemel en aarde immers géén sin nie (Spangenberg, 2013). Dit is dus nie vreemd nie dat die skrywers van die *TGW*-artikels die Christelike geloofswaarhede teen kritiek probeer verskans deur tussen geloofswaarhede en teologiese interpretasies te onderskei (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:201):

> Teologiese interpretasies en geloofswaarhede is nie sonder meer sinoniem nie en mag (…) nie met mekaar verwar word nie, omdat die tweede gebod stel dat mense verstandelik geen beeld anders as dít wat aan ons geopenbaar is van God mag vorm nie (Bybel, 2020; Eks 20:4). Teologiese interpretasies kan daarom verander oor tyd, maar geloofswaarhede nie.

Hierdie onderskeid is nie logies nie, want alle geloofswaarhede berus op interpretasies van Bybeltekste. Die erfsonde is definitief ’n geloofswaarheid wat op Augustinus se interpretasie van Genesis 1–3 berus. Die Protestantse hervormers het hierdie interpretasie voortgesit en dit het onder andere in die Gereformeerde belydenisskrifte neerslag gevind. Die erfsondeleer word steeds in gereformeerde kerke as ’n ewige waarheid voorgehou, ten spyte van deeglike Bybelwetenskaplike navorsing wat dit as ’n foutiewe vertolking van die verhaal uitgewys het (Pagels, 1989:127-150; Barr, 1992:74-93; Spangenberg, 2009a:221-242; Fredriksen, 2012:93-134).

Die bostaande bespreking van Genesis 1, sowel as Genesis 2–3, behoort dit duidelik te maak dat daar géén belemmering behoort te bestaan om ál die Christelike geloofswaarhede aan kritiek en rasionele argumente te onderwerp nie.

Wat deel die tuinverhaal ons oor die man en vrou mee? Dat hulle as't ware uit hul kinderskoene gepluk is en nou volwassenes is. "On the day of their eating, their eyes opened themselves (Gen. 3:5, 7). They achieved a new type of consciousness – discerning self-consciousness" (Zevit, 2013:170). Die slang het die vrou en man gehelp om nie meer naïewe kinders te wees nie, maar volwassenes met kennis en selfinsig. Die filosoof Louise Antony wy een van haar opstelle aan die tuinverhaal. Haar gevolgtrekking som nie net haar eie interpretasie van die verhaal goed op nie, maar is in ooreenstemming met verskeie Bybel-wetenskaplikes se interpretasie van hierdie verhaal (Antony, 2007:58):

> On this reading, Adam and Eve did not "fall from grace," they ascended into moral responsibility. This is how I choose to read the story, and how I conceive our struggle as a species – to claim our rationality, to confront the harsh realities that constrain us, and to acknowledge our own responsibility, in spite of the cost – therein to make ourselves "as gods."

Die tuinverhaal kan nog in die 21ste eeu relevant wees, maar sy relevansie lê nie daarin dat ons as die nageslag van Adam en Eva gereken word, en derhalwe in sonde ontvang en gebore word (soos die Christelike godsdiens ons wys wil maak) nie. Dit lê ook nie daarin dat dit die menslike evolusionêre geskiedenis in embrionale vorm bevat (soos die skrywers van die *TGW*-artikels betoog) nie. Dit lê wel daarin dat dit lesers waarsku teen die onverantwoordelike gebruik van hulle verworwe kennis "buite die godetuin". (Hoor ek iemand "Oppenheimer" – die vader van die VSA-kernbom – fluister?)

## 5. Gevolgtrekking

Op grond van die voorafgaande kritiese ontleding van die vier *TGW*-artikels behoort dit duidelik te wees dat die skrywers van die artikels hul eie waarheid uitgedink het (Beukman, 2020). Hulle lees nie net die Bybeltekste *onhistories en konteksloos* nie, maar negeer ook die omwenteling op die terrein van die Bybelwetenskappe teen die einde van die 19de en die begin van die 20ste eeu. Dáárdie omwenteling het navorsers se oë geopen vir die feit dat die Bybelse geskrifte deur antieke mense geskryf is en dáárdie mense se kennis en insigte weerspieël. Die Bybel weerspieël ook húl verstaan van die God wat hulle aanbid en vereer het. Navorsing op die terrein van die Bybelwetenskappe het voorts uitgewys dat daar nie net één perspektief op dáárdie God in die Bybel voorkom nie, maar 'n hele aantal. In die woorde van Cupitt (2001:1): "We no longer hear One Voice in the Bible: we hear only a crowd of different human voices." Hierdie oortuiging lewer groot probleme op vir sistematiese teoloë wat argumenteer dat die Bybel uit één mond oor die Christelike God praat.

Die skrywers van die artikels begaan 'n verdere fout deur die Bybel en die Christelike geloof aan mekaar gelyk te stel. Die Bybel is wel die brondokument van die Christelike geloof, maar dit is nie die Christelike geloof self nie. Die Christelike geloof is op interpretasies van die Bybel gebaseer. Aangesien daardie interpretasies krities ondersoek en rasioneel beoordeel kan word, bring dit die Christelike geloofswaarhede in gedrang (Carroll, 1991:7-61). Kennedy (2006:252-260) se gevolgtrekking is daarom geldig wanneer hy tot die gevolgtrekking kom dat die Augustiniaanse paradigma van die Christelike godsdiens en teologie uitgedien is, vanweë die natuurwetenskaplike sowel as die Bybelwetenskaplike navorsing. Die skrywers


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

van die *TGW*-artikels dra duidelik kennis hiervan. Dit is klaarblyklik die rede waarom hulle hierdie artikels geskryf het. Hulle probeer die Christelike geloof teen die aanslag van die wetenskap verdedig. Wat in die artikels na vore kom, is *Christelike apologetiek*, maar ’n baie naïewe poging daartoe. Die Bybel en die Christelike geloof word só geïnterpreteer asof dit met die jongste natuurwetenskaplike navorsing ooreenstem. Om daarin te slaag, word die Christelike leerstellings as verhewe bo kritiek gestel: Dis wat Christene glo en geen navorsers mag dit betwyfel nie. Doen navorsers dit, oortree hulle klaarblyklik die tweede gebod van die Tien Gebooie. Die logika van dié redenasie is vreemd en kan beslis bevraagteken word. Hierdie soort argument ~~is~~ binne navorsingskringe onaanvaarbaar. Alle produkte van die menslike gees behoort aan kritiek onderworpe te wees – ook godsdienste en hul leerstellings. Godsdienste (en dit sluit die Christelike godsdiens in) het in die tyd ontstaan en het oor tyd heen geëvolueer (Spangenberg, 2009b:119-143). Die waarhede van hierdie godsdienste het nie suiwer en onbemiddeld uit die hemel na die aarde neergedaal nie.

Hierdie kritiese ontleding van die vier *TGW*-artikels sal vir seker in sommige kringe as ’n produk van ’n “liberale uitgangspunt” gebrandmerk word, in welke geval daar van Grabbe se stelling (1987:146) kennis geneem kan word:

> There is no such thing as “liberal” scholarship versus “conservative” scholarship. Scholarship by its very nature is always liberal, and all scholars by *definition* are critics. That is, scholarship is a method of inquiring which implies being neither bound to dogma nor afraid to challenge the status quo. To be a scholar is to make judgements, to weigh evidence, to be a judge – *a critic*. [Beklemtoning in die oorspronklike.]

Grotzinger, Jordan, Press en Sievers wys daarop dat daar oor die jare ’n etiese kode onder navorsers ontstaan het wat hulle soos volg beskryf (2007:3): “They must not falsify data, use the work of others without recognizing them, or be otherwise deceitful in their work.” Hulle verwys voorts na Bruce Alberts (’n vorige president van die Amerikaanse “National Academy of Sciences”) se samevatting van hierdie kode met die woorde: “honesty, generosity, a respect for evidence, openness to all ideas and opinions.”

Uit die voorafgaande argumente behoort dit duidelik te wees dat die skrywers van die vier *TGW*-artikels hulle oënskynlik nie aan hierdie etiese kode vir navorsing gesteur het nie. Dit geld spesifiek hulle negering van resente navorsing in die Bybelwetenskappe. Hulle toon duidelik géén respek vir ernstige navorsing en logiese argumentvoering deur ander navorsers nie. Hulle lees die Bybeltekste aan die hand van ’n verouderde Bybelwetenskaplike paradigma en probeer sodoende om lesers te oortuig dat die gereformeerde geloofsoortuigings nie deur die nuwere wetenskaplike insigte weerspreek word nie. Hulle is duidelik nie oop vir oortuiging, of bereid om ander insigte en opinies te oorweeg nie. Grondige navorsing het bewys dat die Bybel en die Christelike geloof nie noodwendig in harmonie met die moderne natuurwetenskaplike teorieë is nie – daarmee moet teoloë en gelowiges vrede maak en nie die Bybel laat buikspreek nie.

## BIBLIOGRAFIE

Antony, LM. 2007. For the Love of Reason. In Antony, LM. (ed.). *Philosophers without Gods: Meditations on Atheism and the Secular Life*. Oxford: Oxford University Press, pp. 41-58.

Ayala, FJ. 2006. *Darwin and Intelligent Design*. Minneapolis: Fortress Press.

Bandstra, BL. 1995. *Reading the Old Testament: An Introduction to the Hebrew Bible*. New York: Wadsworth Publishing Company.

Barr, J. 1973. *The Bible in the Modern World*. London: SCM Press.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a11

Barr, J. 1992. *The Garden of Eden and the Hope of Immortality*. London: SCM Press.

Beukman, B. 2020. Dink jou eie waarheid uit. *Beeld*, Woensdag 23 Desember 2020.

Carroll, RP. 1991. *Wolf in the Sheepfold: The Bible as a Problem for Christianity*. London: SPCK.

Coats, GW. 1985. Genres: Why should they be important for exegesis? In Coats, GW. (ed.). *Saga, Legend, Fable, Tale, Novella*. Sheffield: JSOT Press, pp. 7-15.

Coote, RB & Ord, DR. 1989. *The Bible's First History: From Eden to the court of David with the Yahwist*. Philadelphia: Fortress Press.

Cupitt, D. 2001. *Reforming Christianity*. Santa Rosa: Polebridge.

Cowen, R. 2013. *History of Life*. Chichester: Wiley-Blackwell.

Day, J. 2015a. The Meaning and Background of the Priestly Creation Story (Genesis 1:1-2:4a). In Day, J. (ed.). *From Creation to Babel: Studies in Genesis 1-11*. London: Bloomsbury T&T Clark, pp. 1-23.

Day, J. 2015b. The Problems in the Interpretation of the Story of the Garden of Eden. In Day, J. (ed.). *From Creation to Babel: Studies in Genesis 1-11*. London: Bloomsbury T&T Clark, pp. 24-50.

Deist, FE. 1976. *Mosaïek van Moses: Pentateug-navorsing sedert die Reformasie*. Kaapstad: Tafelberg.

Deist, FE. 1981. *Die God van Jona*. Kaapstad: Tafelberg.

Deist, FE. 1988. "God met ons?" Psalm 46. In De Villiers, PGR (red.). *Hoe lees 'n mens die Bybel?* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, pp. 31-51.

Deist, FE & Burden, JJ. 1980. *'n ABC van Bybeluitleg*. Pretoria: JL. van Schaik.

Dever, WG. 2001. *What Did the Biblical Writers Know and When Did They Know It? What archaeology can tell us about the reality of ancient Israel*. Grand Rapids: Eerdmans.

Dever, WG. 2012. *The Lives of Ordinary People in Ancient Israel: Where Archaeology and the Bible intersect*. Grand Rapids: Eerdmans.

*Die Bybel in Afrikaans: Nuwe Vertaling*. 1983. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

*Die Bybel 2020-vertaling*. 2020. Tygervallei: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

*Die Heilige Schrift nach der deutschen Übersetzung D. Martin Luthers.* 1966. Wien: Britische und Ausländische Bibelgesellschaft.

Dingemans, GDJ. 2000. *De stem van de Roepende: Pneumatheologie*. Kampen: Kok.

Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023a. Die ontstaan van lewe: "In die begin was die Woord daar." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):211-228.

Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023b. Die oorsprong van die mens: "Laat Ons mense maak." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):229-245.

Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023c. Boosheid van die mens: "Tot stof sal jy terugkeer." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):246-261.

Dreyer, J, Van der Walt, K & Denton, R. 2023. Die oorsprong van alles: "Dit was aand en dit was oggend." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):192-210.

Durand, JJF. 1978. *Die Sonde*. *Wegwysers in die Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Eloff, JN. 1975. *Die Dilemma van die Moderne Christenbioloog*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Intreerede gelewer op 6 Mei 1975.)

Fine, L. 2012. William Harvey: Experimental physician who discovered the circulation of blood. In Robinson, A. (ed.). *The Scientists: An Epic of Discovery*. London: Thames & Hudson, pp. 248-251.

Fokkelman, JP. 1999. *Reading Biblical Narrative: A Practical Guide*. Leiden: Deo Publishing.

Fredriksen, P. 2012. *Sin: The Early History of an Idea*. Princeton: Princeton University Press.

Friedman, RE. 2003. *The Bible with Sources Revealed*. New York: HarperSanFrancisco.

Grabbe, LL. 1987. Fundamentalism and Scholarship: The Case of Daniel. In Thompson, BP. (ed.). *Scripture: Meaning and Method: Essays presented to Anthony Tyrrell Hanson for his seventieth birthday*. Hull: Hull University Press, pp. 133-152.

Grotzinger, J, Jordan, TH, Press, F, & Siever, R. 2007. *Understanding Earth*. New York: WH. Freeman and Company.

Harris, SL. 2007. *Understanding the Bible*. New York: McGraw-Hill.

Hoffmann, RJ. 1993. Afterword. In Smith, M & Hoffmann, RJ. (ed.). *What the Bible Really Says*. San Francisco: HarperCollins, pp. 239-243.

Houtman, C. 1980. *Inleiding in de Pentateuch*. Kampen: J.H. Kok.

Keel, O & Schroer, S. 2008. *Biblische Theologien im Kontext altorientalischer Religionen*. Fribourg: Academic Press.

Kennedy, P. 2006. *A Modern Introduction to Theology: New Questions for Old Beliefs*. London: IB. Tauris.

Kuhn, TS. 1970. *The Structure of Scientific Revolutions*. Chicago: University of Chicago Press.

Law, DR. 2012. *The Historical-Critical Method: A Guide for the Perplexed*. London: T&T Clark International.

Marshall, H. 1993. Faith and scholarship. *Themelios*, 19(1):35.

Mayr, E. 2000. Darwin's Influence on Modern Thought. *Scientific American*, July 2000:79-83.

Noll, MA. 1991. *Between Faith and Criticism: Evangelicals, Scholarship, and the Bible*. Leicester: Apollos.

Oosterhoff, BJ. 1968. Schriftkritiek en Schriftgezag in de 19e en 20e eeuw (O.T.). In Berkhouwer, GC & Van der Woude, AS. (red.). *De Bijbel in het Geding: Een bundel beschouwingen over Schriftkritiek en Schriftgezag*. Nijkerk: GF. Callenbach, pp. 38-51.

Pagels, E. 1989. *Adam, Eve, and the Serpent: Sex and Politics in Early Christianity*. New York: Vintage Books.

Pattison, G. 1998. *The End of Theology — And the Task of Thinking about God*. London: SCM Press.

Sæbø, M. 1995. Some problems of writing a research history of Old Testament studies in the latter part of the nineteenth century with special regard to the life and work of William Robertson Smith. In Johnstone, W. (ed.). *William Robertson Smith: Essays in reassessment*. Sheffield: Sheffield Academic Press, pp. 243-251.

Sarkar, S. 2007. *Doubting Darwin? Creationists Designs on Evolution*. Oxford: Blackwell Publishing.

Scholder, K. 1990. *The Birth of Modern Critical Theology: Origins and Problems of Biblical Criticism in the Seventeenth Century*. London: SCM Press.

Shedinger, RF. 2000. Kuhnian paradigms in Biblical scholarship: Is biblical studies a science? *Journal of Biblical Literature*, 119:453-471.

Sizoo, A. 1956. *Johannes Calvijn's Institutie: of, Onderwijzing in de Christelijke Geloof*. (Drie volumes.) Delft: Meinema.

Spangenberg, IJJ. 1993. Galileo Galilei en die boek Prediker: 'n les uit die kerkgeskiedenis. *Theologia Evangelica (SA)*, 26(2):121-131.

Spangenberg, IJJ. 1994. Paradigmaveranderinge in die Bybelwetenskappe: 'n Bydrae tot die gesprek tussen die Bybelwetenskappe en Sistematiese Teologie. *Religion & Theology*, 1(2):144-184.

Spangenberg, IJJ. 2002. Hoe dink vandag se mense oor die Bybel? *Verbum et Ecclesia*, 23(2):183-195.

Spangenberg, IJJ. 2007. Can a major religion change? Reading Genesis 1–3 in the Twenty-First Century. *Verbum et Ecclesia*, 28:259-279.

Spangenberg, IJJ. 2009a. The doctrines of original sin and the virgin birth: divine revelation or human construct? *Verbum et Ecclesia*, 30:221-242.

Spangenberg, IJJ. 2009b. Yahwism, Judaism and Christianity: Religions do evolve. In Du Toit, CW. (ed.). *The Evolutionary Roots of Religion: Cultivate, mutate or eliminate?* Pretoria: Unisa Press, pp. 119-143.

Spangenberg, IJJ. 2013. Die tradisionele Christelike godsdiens en teologie in die greep van 'n verouderde paradigma: diagnose en prognose. *LitNet Akademies (Godsdienswetenskappe)*. http://www.litnet.co.za/Article/die-tradisionele-christelike-godsdiens-en-teologie-in-die-greep-van-n-verouderde-paradigma (20 Julie 2023.)

Stewart-Williams, S. 2010. *Darwin, God and the Meaning of Life: How Evolutionary Theory Undermines Everything you Thought you Knew*. Cambridge: Cambridge University Press.

Stravakopoulou, F. 2021. *God: An Anatomy*. London: Picador.

Van As, J, Du Preez, J, Brown, L & Smit, N. 2012. *The Story of Life and the Environment: An African Perspective*. Cape Town: Struik Nature.

Van Asselt, WJ. 2010. Adam and Eve as Latecomers: The Pre-Adamite Speculations of Isaac La Payrère (1596–1676). In Becking, B & Hennecke, S. (ed.). *Out of Paradise: Eve and Adam and their Interpreters*. Sheffield: Sheffield Phoenix Press, pp. 90-107.

Van Deventer, HJM. 2005. Pardon my paradigm: On the paradigmatic nature of methods and paradigm changes in biblical studies. *Old Testament Essays*, 18(3): 847-862.

Van Dyk, PJ. 2001. *A Brief History of Creation*. Pretoria: Unisa Press.
Vaughn, L. 2005. *The Power of Critical Thinking: Effective Reasoning About Ordinary and Extraordinary Claims*. Oxford: Oxford University Press.
Walton, JH. 2011. *Genesis 1 as Ancient Cosmology*. Winona Lake: Eisenbrauns.
Weinert, F. 2009. *Copernicus, Darwin and Freud: Revolutions in the History and Philosophy of Science*. Chichester: Wiley-Blackwell.
Wiles, M. 1999. *Reason to Believe*. London: SCM Press.
York, A. 1996. The Maturation Theme in the Adam and Eve Story. In Coleson, J & Matthews, V. (ed.). *Go To the Land I Will Show You: Studies in Honor of Dwight W. Young*. Winona Lake: Eisenbrauns, pp. 393-410.
Zevit, Z. 2013. *What Really Happened in the Garden of Eden?* New Haven: Yale University Press.

# Etiek van leeshandelinge: ’n Suid-Afrikaanse geval*

***The ethics of reading: A South African case***

*The worst readers are those who behave like plundering troops:*
*they take away a few things they can use, dirty*
*and confound the remainder, and revile the whole.*
Nietzsche (1879: 60)

**JS Wessels**
Departement Publieke Administrasie en Bestuur
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: wessejs@unisa.ac.za
Orchid ID: http://orcid.org/0000-0002-5472-7921



Kobus Wessels

**JS (Kobus) Wessels** (DPhil, Universiteit van Pretoria) is ’n professor in Publieke Administrasie aan Unisa en ’n NRF-gegradeerde navorser. Sy navorsing fokus op betekenisvolle kennis oor publieke administrasie. Hy is mederedakteur van en bydraer tot verskeie vakkundige boeke, outeur en mede-outeur van meer as 55 portuurbeoordeelde publikasies, asook verskeie ander bydraes en verslae.

**JS (Kobus) Wessels** (DPhil, University of Pretoria) is a professor of Public Administration at Unisa and a NRF rated researcher. His research focuses on meaningful knowledge in Public Administration. He is co-editor of and contributor to several scholarly books, and has authored and co-authored more than 55 peer-reviewed publications as well as several other contributions and reports.

* Die gedagte aan hierdie artikel het ontstaan tydens ’n gesprek oor die Van Coller-diskoers met professor CS (Fanie) de Beer. Hierdie eerste gesprek het gelei tot vele e-poswisselings, telefoonoproepe en omvattende gesprekke oor middagetes met die keur van ons land se wyne. Fanie het my bekend gestel aan en ingewy in ’n rykdom van literatuur en insigte wat vroeër buite my onmiddellike verwysingsveld geval het. Hoewel ek finale verantwoordelikheid vir hierdie teks aanvaar, adem dit die gees, woorde, frases en insigte van ’n onbaatsugtige en wyse mentor, Fanie de Beer.

**Datums:**
Ontvang: 2023-05-08 Goedgekeur: 2023-08-21 Gepubliseer: Desember 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

**ABSTRACT**

***The ethics of reading: A South African case***

*We are exposed to what readers think and want on a daily basis. Journalists write about what they read, see, hear, and experience. People read newspapers, magazines, articles, books, letters, and so on. Many people provide written feedback on what they read. Metaphysical considerations, ideological convictions, religious beliefs, historical circumstances, political drivers, and all kinds of personal preferences and prejudices determine how texts are handled. Publishers decide what can and should be read and therefore published, especially based on what will sell and even what should sell. Media houses also have their own prescriptions and guidelines on what to write and read, as the newspaper of your choice expects. These prescriptions are often driven by a spirit of political correctness as an issue of the day that easily becomes normative. In line with this, expectations, policies, and prescriptions regarding writing and reading are determined by institutions such as universities, government departments, and their research initiatives. These prescriptions often lead to the abdication of ethical responsibility concerning the act of writing and reading. The diverse nature of responses to the same text is a reflection of this. The discourse that followed after an opinion column by Hennie van Coller in May, 2022 serves as a good example. This piece of writing dealt with the subject matter currently featuring in Afrikaans language children's books. This discourse raises questions about how to write and read, but also about how to write and read appropriately. Even though education at all levels accepts writing and reading as a given, it is likely that the instilling of these two acts receive the least attention. How to write and read appropriately simply means that good writing and reading should be done. In the wake of this discourse, the following question arises: How was the Van Coller opinion column read, and was such reading, as well as the various resultant responses to different opinions, ethical? To answer this question, I start by revealing my own position and points of departure on the matter. An overview of the discourse is provided, followed by a reflection on the fundamental points of departure. The selected readings of the Van Coller column are then analysed using a model of interdependent reading modalities to provide a considered answer to the questions posed above. It appears from the reading of the selected responses to the column that some readings lack respect for the written text of the column. Given the sensitive issues raised about, for example, typical or "ordinary" households, or the characters portrayed in children's literature, it would appear that the true intention of the Van Coller text is mostly ignored in favour of reading an alternative text (that which could be inferred). Consequently, few readings of the text, including responses to said readings, have succeeded in making sense of the real issues raised in the Van Coller piece within the context described by the author. Attempts to identify and expose prejudices and hidden dogmas have also been hindered using an alternative text, as well as by the readers' own hidden dogmas, distorted communication, and ostensible misunderstandings. From a deconstructive perspective, several readings of the column raised and contextualised implied meanings in the text. Thus, connections between diverse starting points and different universes, "ours", "theirs", and norms from the text have been revealed. From the alternative text, the author of the column is, among other things, compared to the violent actions of an American actor, and alleged prejudices and emotions (hurt and threatened) are identified. The different ethical readings of the text succeed to some extent in finding new paths in, through, and beyond the text towards ethical realisation: being at home in Afrikaans. Arguments in response to readings are mostly conducted in an exclusive manner with unambiguous logic. The idiom and context in which the discourse, i.e. the original piece, responses to it, as well as counter responses by readers reacting to first readers of the text*

*unfolded as either differing from or supporting the original piece, were predominantly hostile, aggressive, and ethically foreign. It was difficult to feel at home in this discourse.*

**KEYWORDS:** deconstructive reading; ethics of reading; ethos; ethos realisation, euretic reading; hermeneutic reading; ideology critical reading; reading; reproductive reading; Van Coller discourse

**TREFWOORDE:** dekonstruktiewe lees; etiek van lees; etos; etosverwesenliking; euretiese lees; hermeneutiese lees; ideologie-kritiese lees; lees; reproduktiewe lees; Van Coller-diskoers

**OPSOMMING**

Skrywers skryf oor wat hulle sien, hoor, lees en ervaar. Mense lees dit en lewer kommentaar daarop. Die uiteenlopende response op dieselfde teks weerspieël hoe die lees van ’n teks kan verskil. Die diskoers wat gevolg het op ’n rubriek deur Hennie van Coller in Mei 2022 dien as voorbeeld en opper vrae oor hoe geskryf en gelees word, maar ook hoe geskryf en gelees behoort te word. Die soeke na antwoorde begin deur bepaalde vertrekpunte te openbaar in ’n oorsig van die diskoers, gevolg deur ’n besinning oor die fundamentele vertrekpunte. ’n Ontleding van geselekteerde lesinge van die Van Coller-rubriek, asook response op dergelike lesinge, volg aan die hand van ’n model van interafhanklike leesmodaliteite ten einde ’n oorwoë antwoord op bogenoemde vrae te kan gee. Dit blyk uit die lees van die geselekteerde lesings van die rubriek dat sommige mank gaan aan respek vir die letter van die rubriek se teks. Die eintlike bedoeling van die Van Coller-teks is meesal genegeer ter wille van die lees van ’n alternatiewe teks (dit wat ook uit die teks afgelei kon word). Gevolglik slaag weinig lesings daarin om daarvan sin te maak binne die konteks wat die outeur beskryf. Argumente in die aanvanklike response, sowel as latere reaksies in die verloop van die diskoers, is meesal in ’n uitsluitende trant met eenduidige logikas gevoer. Die idioom en konteks waarin die diskoers ontvou het, was dus oorwegend vyandig, aggressief en etosvreemd. Hierdie diskoers maak mens opnuut bewus van die noodsaaklikheid van ’n oop en omvattende gesprek oor sake van belang vir ons land, ons taal Afrikaans, en die toekoms van kinder- en jeugliteratuur. Só ’n gesprek is slegs moontlik binne ’n milieu van etosverwesenliking waarin almal tuis kan wees.

## 1. Inleiding

Ons word daagliks blootgestel aan wat lesers dink en wil hê. Joernaliste skryf oor wat hulle lees, sien, hoor en ervaar. Mense lees koerante, tydskrifte, artikels, boeke, briewe, ensovoorts. Baie mense lewer skriftelike kommentaar op wat hulle lees. Metafisiese oorwegings, ideologiese oortuigings, religieuse opvattings, historiese omstandighede, politieke dryfvere en allerlei persoonlike voorkeure en vooroordele bepaal hoe tekste hanteer word. Uitgewers besluit wat gelees kan en behoort te word en wat dus gepubliseer kan word, veral op grond van wat sal verkoop en selfs wat behoort te verkoop. Só het mediamaatskappye ook riglyne en voorskrifte oor wat om te skryf en te lees. Hierdie voorskrifte word dikwels gedryf deur ’n gees van politieke korrektheid as ’n saak van die dag wat maklik normatief kan raak. (Die tydsgees as algemeen geldende norm.) Gedienstigheid in al hierdie verbande is volgens die skeppers daarvan ononderhandelbaar.

Hoewel skryf- en leeswerk klaarblyklik op alle vlakke van onderwys as vanselfsprekend aanvaar word, word waarskynlik te min aandag gegee aan hoe dit behoort te gebeur. Hoe

geskryf en gelees behoort te word, beteken gewoonweg dat daar goed geskryf en gelees moet word.

Die leeshandeling in ’n samelewing van geletterdes gaan gebuk onder verskillende belemmeringe – berekende belemmeringe wat beleidsake in verskeie kontekste insluit. Hierdie belemmeringe gaan ten diepste oor institusionele beleide en etiese voorskrifte vir die leeshandeling. Hier ter sprake is beleide en voorskrifte deur uitgewers, redaksionele besluite van die nuusmedia, die voorskrifte van ’n bepaalde wetenskaplike model en institusionele verwagtinge.

Voorts bepaal die geldende wetenskaplike model hoe gelees en geskryf moet word. Wetenskapsbefondsing is afhanklik van evaluering volgens voorgeskrewe riglyne. Aansluitend hierby, is daar die verwagtinge, beleide en voorskrifte met betrekking tot skryf en lees deur instellings soos universiteite, staatsdepartemente, en hul navorsingsinisiatiewe. Die risiko bestaan dat dergelike voorskrifte kan lei tot die abdikasie van etiese verantwoordelikheid vir die skryf- en leeshandeling. Die uiteenlopende aard van response op dieselfde teks is ’n weerspieëling van al hierdie uiteenlopende sake.

Die vraag na norme kom in hierdie verband duidelik na vore. Dit wil voorkom asof alle skrywers en lesers presies weet hoe om te skryf en te lees. Is die handelinge hoegenaamd so vanselfsprekend? Weet almal hoe daar geskryf en gelees behoort te word? Die drie woorde *behoort*, *goed* en *moet* het in werklikheid etiese implikasies; dit is woorde wat binne etiese verband sterk funksioneer en kern- en kragtige betekenisse het. Soos alle menslike handelinge etiese implikasies het, is dit veral ook die geval met skryf- en leeshandelinge. Albei hierdie handelinge veronderstel op ’n baie spesifieke wyse die ander of die gemeenskap wat geraak of geaffekteer word of vir wie dit spesifiek bedoel is. Wat vir ander bedoel is, behoort met die ander volledig rekening te hou.

Die diskoers wat gevolg het op ’n rubriek deur Hennie van Coller (2022a,b) in Mei 2022 is ’n goeie voorbeeld van lesinge van wat geskryf is, en opper die vraag oor norme: vrae oor hoe daar geskryf en gelees word, maar ook hoe hierdie handelinge behoort te geskied. Hillis Miller se vrae soos vervat in sy werk, *The ethics of reading* (1987), is veral van toepassing op die Van Coller-diskoers wat handel oor kinder- en jeugliteratuur vir Afrikaanstaliges.

Die vraag is dus: hoe is die rubriek deur die verskillende lesers gelees, en was dit eties? Om hierdie vraag te beantwoord, word begin deur my eie posisie en vertrekpunte tot die saak te openbaar. Dit begin met ’n oorsig van die diskoers, gevolg deur ’n besinning oor fundamentele vertrekpunte. Voorts ontleed ek die geselekteerde lesinge van die Van Coller-rubriek aan die hand van ’n model van interafhanklike leesmodaliteite ten einde ’n oorwoë antwoord op die vraag hier bo te kan gee. Vervolgens, die rede vir hierdie artikel: Die Van Coller-diskoers.

## 2. Die Van Coller-diskoers

’n Besinning oor die etiek van die leeshandelinge word noodwendig geraak deur die situasies van onderskeidelik die skrywer van die teks wat gelees is, die tipe publikasie, die teks as sodanig, en die lesers daarvan. Die skrywer van die rubriek (soos gepubliseer op 3 en 7 Mei 2022) is Hennie van Coller, emeritus professor en navorsingsgenoot aan die Universiteit van die Vrystaat (*Litnet,* 2023). Hy is eindredakteur van die gesaghebbende drieledige *Perspektief en Profiel* waarvan die tweede uitgawe in 2015 en 2016 in gedrukte en e-formaat uitgegee is. Hy publiseer onder meer oor literatuurgeskiedenis wat insluit, *Verbintenis en venster: Die Nederlandstalige letterkunde van aanvang tot hede – ’n literatuurgeskiedenis in Afrikaans* en ’n hoofstuk in *The Cambridge history of South African literature* (*Litnet,* 2023). Ten tyde van die skryf van die


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

rubriek was hy ook voorsitter van die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat kort vantevore vergader het om onder meer kinder- en jeugboeke te beoordeel. Soos later berig is (Malan, Julie 2022) het drie lede van die kommissie in ’n skrywe aan die Akademievoorsitter beswaar aangeteken teen die rubriek, aangesien hulle verskil het van die menings oor (bekroonde) kinder- en jeugboeke wat in die rubriek uitgespreek is. Van Coller se voorsitterskap van die Letterkundekommissie is onteenseglik ’n belangrike kontekstuele faktor by die beoordeling van die lesinge van die rubriek.

Die tweede kontekstuele dimensie wat in ag geneem moet word, is die plek van publikasie. In hierdie geval is dit eerstens *Volksblad*, ’n koerant wat slegs as ’n e-publikasie aanlyn op Netwerk24 beskikbaar is. Tweedens is dit gepubliseer in *By*, ’n bylaag tot die Saterdag-uitgawe van *Beeld* wat beskikbaar is in gedrukte formaat asook as e-publikasie op die aanlyn platform Netwerk24. Derdens is die weergawes van die artikel in sowel *Volksblad* as *Beeld* op dieselfde dag van die koerantpublikasie ook in digitale formaat op Netwerk24 geplaas.

Die verskillende tye en plekke van publikasie verklaar waarom daar na tekste in die meervoud verwys word. Dit bring ons by die derde kontekstuele dimensie, naamlik die tekste. Die twee primêre tekste is inderwaarheid een teks wat binne die bestek van vyf dae met twee verskillende opskrifte in onderskeidelik *Volksblad* (“Jy kry hulle nie meer in boeke en op TV nie”) en *Beeld* (“‘Gewone mense’ word al hoe meer randfigure”) en op Netwerk24 gepubliseer is (Van Coller, 2022a,b). Die publikasie in *Volksblad* is een van gereelde rubrieke deur Van Coller in dié koerant waarin die skrywer sy beskouing oor sy persoonlike ervaring van ’n aktuele saak met sy lesers deel. Gedagtig daaraan dat die individuele besoeke aan die Netwerk24-platform gemiddeld 2 minute en 35 sekondes duur (adspace24, 2023), kan aanvaar word dat die bewoording van opskrifte ’n belangrike rol speel om lesers vir ’n berig of ’n rubriek te trek. Trouens, verskeie studies bevestig die waarde van opskrifte om nie alleen lesers vir ’n berig te trek nie, maar ook om lesers se inhoudsinterpretasies te rig (Kronrod & Engel, 2001; Dor, 2003; Ifantidou, 2009; Ecker, Lewandowsky, Chang & Pillai, 2014; Kuiken, Scuth, Spitters & Marx, 2017; Azeem, Hunter & Ruffman, 2019). Gedagtig hieraan, behoort daar sekerlik oorweging geskenk te word aan die moontlike uitwerking van die verandering van opskrif vir dieselfde rubriek op die reaksie wat die publikasie onder die opskrif “‘Gewone mense’ word al hoe meer randfigure” ontlok het. Dieselfde geld sekerlik vir die opskrifte van die lesinge wat vir die doel van hierdie studie ontleed is.

Die vierde kontekstuele dimensie vra die volgende: Wie is die lesers van die rubriek en hoe lyk hul situasies of kontekste? Die web-blaaier van Netwerk24 lok daagliks meer as 1,7 miljoen unieke besoekers, waarvan 63% vroue, 71% getroud en 52% ’n maandelikse inkomste van minder as R20 000 verdien (adspace24, 2023). Die rubriek is dus gepubliseer op ’n platform wat nie op ’n spesialis- of nismark gemik is nie, maar op die breë Afrikaanse leserspubliek.

Vir die doel van hierdie artikel word gefokus op spesifieke lesinge wat tot en met 21 Augustus 2022 op Netwerk24 geplaas is in die vorm van rubrieke, meningsartikels of briewe deur Elsabé Brits (14 Mei 2022), Lindie Koorts (21 Mei 2022), SJ Naudé (22 Julie 2022), Sonja Loots (24 Julie 2022), Willie Burger (31 Julie 2022), Koos Kombuis (1 Augustus 2022), Heilna du Plooy (7 Augustus 2022), Tom McLachlan (14 Augustus 2022), Neels Jackson (21 Augustus 2022) en Johann Rossouw (21 Augustus 2022). Reaksies op die rubriek wat later of op ander digitale platforms verskyn het, is nie vir hierdie ontleding oorweeg nie. Die situasies van hierdie lesers is divers, soos blyk uit hul werksomgewings asook hul direkte of indirekte gesitueerdheid in die Afrikaanse literêre gemeenskap: akademici (Koorts, Loots, Du Plooy, Burger en Rossouw), taalspesialis (McLachlan), skrywers (Koos Kombuis en Naudé) en joernaliste (Brits en Jackson).

Ekself staan buite die literêre gemeenskap en het die rubriek en die onderskeie lesinge daarvan as algemene koerantleser en nieliterêre akademikus gelees. Daar kan aanvaar word dat elkeen van hierdie lesers, bykomend tot hul voormelde relatief generiese werksomgewings, ook hul unieke, persoonlike gesitueerdheid in hierdie wêreld het wat hul individuele lees van die betrokke teks kon beïnvloed het. Die verskillende lesinge van die betrokke rubriek word vervolgens aan die hand van die voormelde leesmodaliteite ontleed.

## 3. Faktore wat die etiese koers van ’n leeshandeling kan bepaal

In die besinning oor hoe die Van Coller-rubriek deur die verskillende lesers gelees is, en of al die lesinge, met inbegrip van enkele reaksies daarop, eties was, is verskeie faktore wat bepalend kan wees vir die koers wat mense se leeshandeling inslaan, oorweeg. Die vermoede is dat hierdie faktore nie net die koers van ’n leeshandeling bepaal nie, maar ook ’n werklik produktiewe, bevredigende en opwindende proses van die leeshandeling kan bevorder. Die doel met hierdie artikel is om na aanleiding van die diskoers te besin oor die etiek van die leeshandeling, wat nie iets nuuts is nie, soos blyk uit die omvangryke literatuur oor hierdie onderwerp (Attridge, 2021; De Beer, 2016, 2017; Dey & Steyaert, 2007; Eagleton, 2009; Gadamer, 1972, 2013; Miller, 1987; O’Sullivan, 2006; Pauw, 2015; Peters, 2019; Scarry, 2014).

Die sentrale vertrekpunt van hierdie besinning is “etos” as kern van die etiese.

### *3.1 Etos as kern van die etiese*

Hoe behoort die leeshandeling dan te wees om behoorlik eties te wees? Die geskiedenis van die denke oor etiek gee vir ons ’n paar rigtingwysers, soos die volgende: Aristoteles (1955) – deugsaamheid; Spinoza (1979) – passievolle liefde; Kant (1790) – respek; Levinas (1987) – opregtheid; en Morin (1997) – goeie denke.

Die hoofgedagte is dat etiek afkomstig is van die oorspronklike Griekse woord “etos”. Kortweg beteken dit om tuis te wees, tuiste te skep in die wêreld en tuis te wees of te raak in die wêreld. Vergelyk Stiegler (2013) en Liu (2004) se bondige besprekings hiervan. Stiegler (2013) wys byvoorbeeld hoe die geestelike ellende waarin mense in psigies en sosiaal gedisaffekteerde samelewings lewe hul geestelik ruïneer en hul affektiewe kapasiteite aantas, en veroorsaak dat hulle hul sin vir plek en etos verloor. Vir hom is die etiese “the knowledge of the abode [séjour = verblyf of blyplek (dwelling)] … that which gives me my place within the circuit of affects [and] also what weaves that process of transmission linking together the succession of generations” (Stiegler, 2013:7-8). Dus, kennis van en waarskynlik ook respek vir die woning wat verskillende generasies saambind.

Liu (2004:72) se weergawe van etos is nog meer omvattend as dié van Stiegler. Vir hom gaan dit steeds om woon, tuiste en tuiswees, maar meer omvattend beskryf in terme van wat die tuiste karakteriseer (Liu, 2004:72):

> It can be related to “the structure of feeling” (Williams), “habitus” [ge-woon-te] (Bourdieu), “life-world” (Habermas), and “culture of critical discourse” (Gouldner). These concepts vary in their emphasis but it is precisely such variance that I mean ethos to designate because the concept is best understood dynamically.

Wanneer die verskillende etieke sorgvuldig gelees word, word dit duidelik dat min of meer almal ten laaste daarop uit is om enersyds etos (tuiste) te verwesenlik of te skep, en andersyds


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

om die verminking van die etosmatige te herstel. Die skepping van ’n gunstige milieu vir etosverwesenliking is dus nodig. Die kernterme van die reeds genoemde etici dra beslis baie betekenisvol hiertoe by.

’n Kernoorweging is dus die skep of bestaan van ’n gunstige milieu vir etosverwesenliking (tuisteskepping) tydens die leeshandeling en om positief te werk aan die veranderinge van gesindhede aan alle kante en by alle partye.

So ’n milieu moet noodwendig rekening hou met die milieu-dimensie van taal en werklikheid, van meervoudige logikas en van lees as kommunikatiewe handeling. Poësie, mite en lewende metafoor is die beste voorbeelde wat hieraan uitdrukking gee. Ter ondersteuning en benutting hiervan kan gesiene denkers en wetenskaplikes as voorbeelde genoem word: Atlan (1994), Bohm (2009), Deleuze (1981), Guattari (2012), Henry (2012), Liu (2004), Midgley (2006) en Prigogine (1997). Daar is veel meer.

Henri Atlan (1994:440-442 & flapteks) is ’n goeie voorbeeld van ’n wetenskaplike wat al hierdie sake raaksien en wil bevorder. Hy wys daarop dat wetenskap, mite, mistiese diskoers en metafisika soveel vorme van kennis in isolasie van mekaar verskillende en onverstaanbare rasionaliteite verteenwoordig wat nogtans getuig van gemeenskaplike soeke na die waarheid. Teenoor hierdie steriele en ewigdurende konfrontasie tussen wetenskap en mite, en tussen dogmatismes van allerlei orde stel Atlan voor dat dit vervang word deur ’n permanente dialoog en die ernstige humor van die meervoudige kennisspele. De Beer (2018:429) verwys na hierdie “verskillende vorme van gedifferensieerde logika” as ’n “noölogika”. Hierdie sake verleen momentum aan menslik uitsonderlike kapasiteite soos verbeelding, fantasma, dromery en geloof wat triomfeer wanneer behoorlik geskryf en gelees word. Hiersonder sal menslik geestelike vernuftigheid nie die mas opkom binne die ryke en weelderige werklikheid waarvan mense deel is nie. Om nie hiermee rekening te hou, daarvoor gevoelig te wees en insig daarin te verkry nie, beteken om nóg skryf-, nóg leeshandelinge ernstig op te neem en beteken gewoonweg om oneties, dus oneerbiedig, disrespekvol, onopreg en onverantwoordelik te lees en te skryf, en dus ook te dink.

In aansluiting by Atlan se gedagte van ’n permanente dialoog moet die aandag gevestig word op die lees- en skryfhandelinge as kommunikatiewe handelinge by uitstek wat veral binne die raamwerk van taal-, werklikheid-, en logikaopvattings etosverwesenliking as tuisteskepping tussen mense kan aanhelp. Die vraag wat vanselfsprekend na vore kom, is in watter mate ’n algemeen geldige of universele leeshandeling teen so ’n ryk verskeidenheid agtergronde hoegenaamd geldig is of kan wees. Anders gestel: Kan etosverwesenliking so ’n norm wees?

### *3.2 Universeel geldige leeshandeling*

Vir die doel van hierdie artikel word veral aangesluit by die werk van Miller (1987) deur die volgende te vra: Gaan dit oor ’n etiese handeling wat gegenereer word deur die leeshandeling, of gaan dit oor ’n etiek wat intrinsiek is tot die leeshandeling self, of gaan dit oor albei? Kan of behoort die leeshandeling in sigself eties te wees, of kan dit van etiese belang wees? Of liewer, is die leeshandeling nie primêr ’n kognitiewe saak wat slegs wil verstaan wat geskryf is nie waarna sekere etiese bruikbaarhede van so ’n leeshandeling geïdentifiseer kan word nie?

Miller verwys in hierdie verband na die moontlikheid dat die leeshandeling as sodanig ’n moment kan wees wat nie kognitief, polities, sosiaal, of tussenpersoonlik is nie, maar wat wesenlik en onafhanklik eties van aard is. Hy gaan voort deur die volgende te vra: “My question is whether ethical decision or responsibility is in any way necessarily involved in that situation

and act of reading, and if so, how and of what kind, responsibility to whom and to what, decision to do what?" (Miller, 1987: 4).

Dit is moeilik en kompleks om die etiek van die leeshandeling reg te kry. Miller (1987) vertrek van die aanvaarding dat die leser ondergeskik is aan 'n universele wet van die etiek van die leeshandeling en vind bevestiging daarvoor in sy lees van verskeie denkers en skrywers wat hulle eie werk lees. Hy sluit sy boek af met die volgende (Miller, 1987:127):

> I still stand before the law of the ethics of reading subject to it, compelled by it, persuaded of its existence and sovereignty by what happens in me when I read…. I remain eager to obey the law of reading but without direct access to it. I am unable to write it down or to cite it as 'a written unascertainable law'. I am only able to tell stories about it. I am unable, finally, to know whether in this experience I am subject to a linguistic necessity or an ontological one.

By die besinning oor die etiek van die leeshandeling is dit nodig om bewus te wees van die onderskeid tussen die universele en die partikuliere norme. Die partikuliere is relatief tot tye, groepe, kulture, ensovoorts. Vergelyk in hierdie verband Paul Ricoeur (1991) oor mites wat geld vir almal en mites wat geld vir sekeres. Die sekeres wil dikwels die partikuliere verhef tot die universele – selfs met geweld. Skryf- en leeshandelinge moet hiermee rekening hou om verantwoordelik (eties) te wees. Daarteenoor is die universele norme wat oor eeue strek en vir almal geld dit wat van alle mense "mense" maak; die partikuliere is norme wat van geslag tot geslag of oor tyd heen verander. Die universele geld altyd vir almal en is verabsoluteerbaar.

Wat veral by die universele belangrik is, is om sekere algemeen geldige kernsake deeglik te bedink: denke, waarheid, sin, werklikheid, lewe, etos, kennis, rede, wysheid en affeksie. Opvoedkundig bly die sake van kernbelang. Dit behels 'n groepering van begrippe wat mekaar oor en weer impliseer, aanvul, versterk en verryk. Wie toegerus is met insig en blywende nadenke oor hierdie sake, beskik oor die mondering wat nodig is om die wêreld om te keer en 'n ander beter wêreld tot stand te bring. Institusionele werk van allerlei aard en akademici, denkers en wetenskaplikes bevestig dit, onder andere Bohm (2009), Midgley (2006), Rees (2003) en Stengers (2013, 2018). Vandaar die gretigheid om besinning hieroor aan te beveel.

Die gedagte van universeel geldige opvattinge wil ek graag uitbrei na die hele reeks terme wat geïdentifiseer is as van wesenlike belang in die lewe van indiwidue, samelewings, hoër onderwys, onderrig en opvoeding. Ek het reeds verwys na wysheid as so 'n voorbeeld behalwe vir die gedagte van etos en waarheid wat ook reeds genoem is. Daar moet dus in die leesproses voortdurend gelet word op die genoemde universele temas waarvan wysheid een is. Wysheid is by uitstek die kapasiteit tot etosverwesenliking. Dit oorskry grense en maak besondere verbintenisse wat herinner aan die meervoudig interkonnektiewe intelleksie van Serres (kyk De Beer (2015) en die paralogiese van Lyotard wat goed deur Kent (1993:3) beskryf is as 'n weerstand teen die redusering van taal tot 'n gekodifiseerde proses of 'n stelsel van logiese verhoudinge). Die implikasie van 'n universeel geldige leeshandeling is dat die leeshandeling hierdie sake sal omhels en tot uitvoer bring in die belang van etosverwesenliking. Vir hierdie doel is die identifisering van interafhanklike leesmodaliteite noodsaaklik.

### *3.3 Interafhanklike leesmodaliteite*

Die vertrekpunt hier is die aanvaarding van die moontlikheid van die bestaan van verskillende interafhanklike leesmodaliteite (De Beer, 2016:126–148), wat saamgelees en bedink behoort


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

te word om uitdrukking te gee aan wat hier beskou word as die kern van die etiese, naamlik etosverwesenliking. Hierdie interafhanklike leesmodaliteite herberg dus die etiek van die leeshandeling. Om ’n enkele een te verabsoluteer, beteken om die etiese dimensie te ignoreer en selfs te verwring. Die etiese leeshandeling vereis gevolglik die verwesenliking van hierdie komplekse interafhanklikheid en die respons daarop.

Op sy eenvoudigste gestel sal elke/enige intelligente, verantwoordelike leser die volgende wil bereik:

- Om getrou te wees aan die teks en die letter van die teks sonder om die konteks uit die oog te verloor, word die reproduktiewe leesmodaliteit genoem (De Beer, 1993a; 2014). Dit word gekenmerk deur ’n soeke na betekenisvolle kennis deur ’n klem op eenduidige en kontroleerbare betekenis van die teks. Pauw (2015) onderskei in hierdie verband tussen *dit wat geskryf* is teenoor *dit wat nie geskryf is nie*. Feitelike korrektheid is noodsaaklik vir sover feite bo alle twyfel bepaal kan word. Die opregte drif moet wees om reg te laat geskied aan die ware inhoud en gees van ’n geskrif. Die teks kan nie maar bloot beteken wat die leser dit wil laat beteken nie.

  Respekvolle lees is om sonder afwyking te lees wat die teks sê. Die letter van die teks moet ernstig opgeneem word, waar letter beteken dat aandag gegee moet word aan die volle teks: die woorde, tussen die woorde, tussen lyne en selfs in kantlyne. Veronderstellinge, vooroordele, ideologieë, voorkeure en nog meer kan hier ongeskrewe verskuil lê. Interessant genoeg: nie alleen deur die skrywer nie, maar beslis ook deur die leser.

  Daar kan wan-lesing wees waar nie behoorlik gelees word nie, op hoorsê gewerk word of clichés ingespan word. Gevolglik is dit nodig om waaksaam te wees om nie die ideologie van die wetenskap (verobjektivering van dinge – ook teks en taal), eenduidige logika, verskraalde metodes en paradigmatiese voorkeure, eensydige kritiese denke (met die blinde intelligensie wat daarmee verband hou), die tydsgees, persoonlike voorkeure en vooroordele in te span vir en af te dwing op die leeshandeling nie.
- Om sin te maak uit ’n teks, sinloosheid te vermy en rekening te bly hou met die oneindige van die ongesegde in tekste. Die vertrekpunt van die hermeneutiese lees van ’n teks is dat die betekenis van dit wat geskryf is nie onveranderlik vas is nie, maar dat verskillende kontekste moontlik ’n verskeidenheid betekenisse aan die teks kan gee (De Beer, 1993a; 2014). Gadamer (1972; 2013) verwys in hierdie verband na die oormaat van betekenisse wat selfs die outeur van die teks kan oorskry.
- Om kritiek te lewer op ’n teks deur vooroordele, persoonlike voorkeure te identifiseer en uit te wys sonder om voorkeur daaraan te gee. Kritiek op ’n teks impliseer nie geweld en venyn ten opsigte daarvan of die outeur nie. Hierdie leesmodaliteit, die ideologie-kritiese, is nou verwant aan die hermeneutiese. Soos wat die hermeneutiek nie ’n kritieklose aktiwiteit is nie, so is die ideologie-kritiek ook nie hermeneutiekloos nie (De Beer, 1993a). Die ideologie-kritiese leesmodaliteit behels onder meer die ontmaskering van verskuilde dogmatismes, misvorming van intersubjektiwiteit van ooreenkomste, spore van verdraaide kommunikasie, en toevallige misverstande (De Beer, 1993a; 2014).
- Om die spore wat ’n teks laat en uitnooi na alle kante te volg: om al lesende te dink. Hierdie leesmodaliteit, die dekonstruktiewe, behels die bevraagtekening van alles wat as vanselfsprekend aanvaar word (De Beer, 1993b; 2014). Hierdie leesmodaliteit


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

behels ’n blootlegging van die verskillende betekenisse van die teks, die grense en verbande daartussen asook dié van die magseffekte wat diskoerse, betekenisse en veral ook tussentekstuele verbintenisse beheer.

- Om uiteindelik ’n eie pad te vind in, deur en verby die teks. Die euretiese leesmodaliteit is een waarbinne inventiwiteit kan gedy (De Beer, 1993b; 2014; 2016). Die euretiese hou verband met die term “eureka!” – ek het dit gevind! Dit is dus sinoniem met denke as invensie teenoor denke as repetisie, interpretasie of kritiek. Invensie mag ingebed lê in enige teks sonder om noodwendig deur die teks berekend gesuggereer of geïnisieer te word. Dit is die leser se inisiatief met kapasiteite soos verbeelding, dromery, fantasma en geloof. Dit gebeur nie vanselfsprekend nie. As sodanig beteken dit ’n radikale wegbreking van al die vorige leesbenaderings deur vernuftige, vindingryke skeppingsmoontlikhede aan die leser te bied. Dit kom neer op die invensie van sinvolle wêrelde en leefruimtes.

Gesamentlik gesien kulmineer hierdie leesmodaliteite, of behoort dit te kulmineer, in etosverwesenliking. Hierdie leeshandelinge hou ten nouste verband met die norme van ’n universeel geldige leeshandeling.

## 4. Die lesinge van die Van Coller-rubriek

Die lesing van die onderskeie tekste is gerig deur die onderstaande vrae. In watter mate het die lesinge daarin geslaag om

- getrou te bly aan die teks en die letter van die teks?
- sin te maak van die teks en rekening te hou met die oneindigheid van die ongesegde van die teks?
- kritiek te lewer op die teks sonder om geweld en venyn ten opsigte van die teks of die outeur van die teks te openbaar?
- die spore wat die teks gelaat het na alle kante te volg?
- ’n eie pad in, deur en verby die teks te vind?

### *4.1 Reproduktiewe lees: Getrouheid aan die teks en die letter van die teks*

Die reproduktiewe lees van ’n teks wil die volgende weet: In watter mate het die lesinge van die geselekteerde lesers daarin geslaag om getrou te bly aan die teks en dit wat in die teks geskryf staan? Anders gestel, waaroor gaan die Van Coller-rubriek volgens die lesers daarvan? Of, gedagtig aan die verwysing na Pauw hier bo, wat staan volgens die lesinge geskryf? Al hierdie vrae raak ten diepste die kwessies van waarheid en sin. Dus, lewensinvolheid en etosverwesenliking.

Geoordeel volgens die rubriek soos wat dit geskryf staan, spruit Van Coller se rubriek (Mei, 2023) voort uit ’n onlangse ervaring waartydens hy as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Letterkundekommissie “’n hele gerf kinder- en jeugverhale” vir bepaalde letterkundige pryse moes beoordeel. Hy verwys dan na die wye verskeidenheid temas, waardeur maatskaplike of persoonlike probleme, soos “molestering, verkragting, owerspel, siekte, dood, geestesprobleme, die verlies van ledemate of sintuie, homoseksualiteit, rasseprobleme en derglike” deur die boeke onder oë geneem word. Daar is egter ook ander temas waarvan weggeskram word, soos “plaasaanvalle, korrupsie, die verval van dienslewering, beurtkrag, staatskorrupsie, gewelddadige (en misdadige) openbare optrede

van bepaalde groepe, regstellende aksie en die kwotastelsel". Die teenstelling tussen enersyds temas wat wél teenoor ander wat juis nié in die beoordeelde boeke behandel word nie, het tot gevolg dat "die meerderheid boeke bietjie na wêreldvreemde tekste [voel] wat onder die hande van 'n sensor deurgeloop het". Hierdie toedrag van sake word toegeskryf aan uitgewers se implisiete of eksplisiete opdragte oor wat in tekste hoort of vermy moet word. Hy argumenteer voorts dat geen "regdenkende mens ... beswaar [kan] maak teen die representasie van die genoemde maatskaplike of persoonlike probleme nie; wel teen die feit dat dit só oorheersend raak dat die vraag met reg geopper kan word of daar êrens dalk nog funksionele gesinne bestaan" (Van Coller, 2022a,b). Gedagtig aan sy voorsitterskap van die kommissie wat kort voor die skryf van die rubriek kinder- en jeugboeke beoordeel het, is sy primêre fokus met die rubriek klaarblyklik nie die wye leserspubliek van Netwerk24 nie, maar 'n bepaalde literatuurgroep.

Sommige van die lesinge reageer direk op dit wat in die rubriek geskryf staan. Vir hulle handel die rubriek "oor Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur" (Rossouw, 2022), "die kwessie van omstrede onderwerpe in kinder- en jeugliteratuur" (Du Plooy, 2022), dat "politieke korrektheid deesdae dikwels 'n belangrike rol in sulke boeke speel" (McLachlan, 2022), en die uitkoms wat kinderboeke moet lewer (Koorts, 2022). Dus, verskillende aksente op wat in die teks geskryf staan.

Binne die konteks van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur besin Rossouw (2022) – meer as drie maande ná die verskyning van die Van Coller-rubriek – oor die uiters relevante tema van inklusiwiteit. Rossouw problematiseer inklusiwiteit as norm vir die inhoud van kinder- en jeugliteratuur op 'n omsigtige wyse deur onder meer te verwys na skrywers (Breyten Breytenbach, Elsa Joubert, ensovoorts) wat ten opsigte van die apartheidsbedeling deur hulle skryfwerk daarop gewys het "hoe vernietigend dit vir die sowel ingeslote self as die uitgeslote ander is om hardhandig uit te sluit". Terselfdertyd wys hy daarop dat inklusiwiteit as sodanig nie probleemloos is nie, want "selfs wie inklusiwiteit tot die primêre norm verhef, [kan] sélf soms onverdraagsaam en uitsluitend wees ...". So ook wys Du Plooy (2022) op "hoe algemeen die problematiek [omstrede onderwerpe in kinder- en jeugliteratuur] is wat Van Coller in sy rubriek aantoon", en dat dit aansluit "by baie ou en nuwe debatte in die literêre wêreld, op kongresse, hier en internasionaal".

In oënskynlik dieselfde trant lees Naudé, ontvanger van die Hertzogprys in Julie 2023, die rubriek as synde te handel "op die oppervlak oor die beoordeling van Afrikaanse kinderboeke vir 'n bepaalde prys, en die skrywer spreek dan spyt daaroor uit dat daar te veel oor bepaalde maatskaplike kwessies geskryf sou word in sulke boeke en te min aandag gegee word aan sogenaamde 'gewone' gesinne" (Naude, 2022). Hoewel hy vir Afrikaans en vir inklusiwiteit pleit, ignoreer hy Van Coller se argument vir die tematiese insluiting van sowel "maatskaplike of persoonlike probleme" as die wel en weë van "gewone mense" as karakters in kinderliteratuur. Die kernargument van die rubriek, naamlik 'n pleidooi teen politiek korrekte voorskrifte vir kinderboeke, word dus misgekyk. Naudé (2022) skets egter op voortreflike wyse hoe 'n samelewing behoort te lyk met oorweegbare alternatiewe vir sy eie voorstelling van Van Coller se standpunt as synde tekenend van "onthutsende vooroordele en wanopvattings" in die rubriek.

Die titel van Koorts (2022) se bydrae ("Watter uitkoms moet kinderboeke lewer?") is 'n uitnemende samevatting van waaroor die rubriek handel. Dit is duidelik dat Koorts (2022) die Van Coller-teks met aandag gelees het. Haar opsomming is dat Van Coller, nadat "hy en sy letterkundige kollegas 'n gerf kinder- en jeugboeke vir letterkundepryse beoordeel het, [tot die] gevolgtrekking [kom] dat daar van 'funksionele gesinne' min sprake is en dat vele


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

kinderboeke eerder om persoonlike en maatskaplike probleme wentel" (Koorts, 2022). Sy is egter "verbyster" deur so 'n waarneming, want haar "belewenis" is dat "gewone" gesinne ook sterk figureer in kinderboeke en dat daardie gesinne se hedendaagse werklikheid weerspieël word. Volgens haar is dit dus 'n "growwe oorvereenvoudiging" om die kinderboek-landskap te tipeer as 'n plek waar randfigure die norm is. Hoewel sy Van Coller aanhaal waar hy uitwys dat daar "dikwels teruggeskram [word] van plaasaanvalle, korrupsie, die verval van dienslewering, beurtkrag, staatskorrupsie, gewelddadige (en misdadige) optrede van bepaalde groepe, regstellende aksie en die kwotastelsel", ignoreer sy nietemin die implikasie daarvan vir omvattende inklusiwiteit.

Waar Koorts (2022) aanvanklik byna verbatim gehou het by wat in die rubriek geskryf staan, lees sy ook dit wat nie geskryf is nie, naamlik dat ras- en geslagsverhoudings "politieke korrektheid" weerspieël – alles in "opdrag" van uitgewers, wat besluit watter tekste "hoort" (Koorts, 2022). Die oorspronklike teks verwys egter na "rasseprobleme" as een van die maatskaplike of persoonlike probleme, sonder om dit saam met geslagsverhoudinge (wat nie eksplisiet so in die teks genoem word nie) uit te lig as voorskriftelike politieke korrektheid. Die verandering in bewoording verander dus die betekenis van die oorspronklike teks wat gevolglik die deugsaamheid (Aristoteles, 1955), goeie denke (Morin, 1997), respek (Spinoza, 1979) en opregtheid (Levinas, 1987) waarmee die betrokke leeshandeling plaasgevind het, onder verdenking plaas.

Willie Burger (Julie, 2022) – soos ook Johann Rossouw (Augustus, 2022) en Heilna du Plooy (Augustus, 2022) – takseer die uitwerking van die Van Coller-rubriek (Mei 2022) retrospektief:

> Die reaksie op Hennie van Coller se ondeurdagte rubriek en die bohaai wat gevolg het op sy aggressiewe verdediging daarvan het die aandag weer gevestig op die uitspreek van oordele oor literêre tekste.

Sodanige retrospektiewe oordeel sou gelees kon word as juis nie tekenend van 'n gees van respek en eerbied (sien hier ook Spinoza, 1979) vir wat geskryf staan in die betrokke rubriek nie. Die verwysing na laasgenoemde as "ondeurdag" het egter te make met die tydsberekening daarvan so kort (die oorspronklike rubriek noem dit "onlangs") ná die sitting van die Letterkundekommissie waarvan Van Coller op daardie tydstip die voorsitter was. Die verwysing na Van Coller (2022d,c) se "aggressiewe verdediging" van die rubriek het onder meer te make met sy uitspraak dat Brits (Mei, 2022) "vrot" lees – 'n pejoratiewe stelling wat eweneens gesien sou kon word as nie tekenend van respek en eerbied vir (Brits se) teks nie (Spinoza, 1979).

Indien dit so is dat etiese beoordeling altyd etiese selfbeoordeling insluit, geld dit seker in gelyke mate vir Burger se gebruik van afwysende etikette soos "ondeurdag" en "aggressief" en Van Coller se oordeel dat iemand "vrot" sou lees.

In plaas van etosverwesenliking vind daar eerder 'n erg veroordelende aanval op die persoon van die outeur plaas met verwysing na sy "growwe homofobie" en ook op die institusie waaraan hy verbonde is (of was) wat "die skok, pyn, woede en kommer wat Naudé so treffend verwoord ongesê gelaat het" (Loots, 2022). Sodanige uitspraak veronderstel bekendheid met Naudé (Julie, 2022) se lesing van die rubriek (soos verwoord in sy aanvaardingstoespraak vir die Hertzogprys), waarin hy onder meer aanvoer dat "... homoseksualiteit opgestel [word] as die teenoorgestelde van gewoonheid, maar by implikasie eintlik normalitéit, wat dan gedefinieer word as, ... 'funksionele gesinne (…) met hardwerkende, liefdevolle ouers wat bloot (...) hul bes doen om eties en sinvol te lewe'". In aansluiting hierby, lees ook Brits (Mei, 2022)

klaarblyklik iets in die teks wat nie geskryf is nie, naamlik dat die outeur “gekwets [voel] dat minderhede ook uiteindelik verteenwoordig word in kinder- en jeugboeke”. Die letter van die teks (dit wat geskryf staan) kry nie genoegsaam aandag nie. Enkele woorde word selfs ingelees en dit verwring beide die betekenis en die oordeelsvermoē van Brits se teks. “Normaal” en “gewoon” is nie wisselvorme nie, soos in afdeling 4.3.2 hier onder verder beredeneer word. Haar introduksie van “normaal”, ’n woord wat Van Coller nooit gebruik het nie, word as grofgeskut op hom gerig sonder substansie.

Dit bring my by Brits (2022) se alternatiewe teks: dit wat nie deur Van Coller geskryf is nie. Die alternatiewe teks sluit onder meer die volgende verwysings in:

> Of moet hulle patriargale helde hê waar die wit mans weer baas is?
> Van Coller lees ook nooit van enige van die sterk, mansfigure (lees: wit) nie en sowaar, is daar nie één TV-program van dié soort nie.

Wit mans is duidelik die teiken van haar alternatiewe teks en die oorsaak van al die bestaande ellende. Hoe wit mans uit sy teks verskyn as paternaliste asook mense met vooroordele wat hul aanmatig om te besluit wie normaal en korrek is en wie nie, is onbegryplik en laat vrae ontstaan indien slegs na die letter van die teks gekyk word. Wel is dit so dat die alternatief wat deur Van Coller self voorgestel word iemand is wat “vir ’n verandering nie versukkeld, gekweld of paranoïes is nie” (Van Coller, Mei 2020). Brits se opsomming is klaarblyklik nie getrou aan die teks wat geskryf staan nie, maar eerder ’n spesifieke interpretasie van haar eie konstruksie van die ongeskrewe teks, naamlik dat mans wat nie die bogenoemde persoonlikheidsprobleme openbaar nie, juis wit (paternalistiese) mans is.

Die reproduktiewe lees van ’n teks bring dus ’n belangrike element in die etiese beoordeling van die leeshandeling na vore, naamlik die vertrekpunt van dit wat geskryf is. Dit blyk uit die voorafgaande dat nie al die lesinge van die betrokke rubriek respek toon (kyk weer na Kant, 1790) vir die letter van die teks nie. Gedagtig aan die kernvraag oor wat in Van Coller se teks geskryf staan en of die lesers hulle daarby gehou het, blyk dit dat nie alle lesers by die woorde van die teks gehou het nie. Trouens, heelwat aandag is gegee aan ’n alternatiewe teks, naamlik dit wat nie geskryf is nie. Daardie lesinge het klaarblyklik buite ’n milieu vir etosverwesenliking geskied, sonder enige intensie om met goeie denke deugsaam, opreg, en respekvol te redeneer om gesindhede te verander. Die tweede leesmodaliteit, die hermeneutiese, kom nou ter sprake.

### *4.2 Hermeneutiese lees: Sinmaking en die oneindigheid van die ongesegde van die teks*

Waar die reproduktiewe lees begaan is oor wat in die teks geskryf staan, gaan die hermeneutiese lees oor die betekenis van dit wat geskryf staan. In watter mate het die verskillende lesinge sin gemaak van die teks en rekening gehou met die oneindigheid van die ongesegde van die teks?

My eie lesing van die rubriek is dat dit handel oor kinder- en jeugliteratuur vir Afrikaanstaliges met die versoek dat die behoeftes en eiesoortighede van alle lede van die Afrikaanstalige samelewing raakgesien word en ewe veel erkenning verkry. Ek lees in die rubriek van ’n ervaringswêreld van voorskriftelikheid oor wat in tekste hoort wat dikwels tot “wêreldvreemde tekste” lei, van ’n hunkering na ’n omvattende representasie met insluiting van ’n erkenning van die belangrikheid van hardwerkende, etiese en singedrewe familieverhoudings. Dus, van ’n pleidooi vir omvattende verteenwoordiging teenoor geselekteerde politiek korrekte voorskrifte. Hoe het die ander lesinge van die rubriek probeer sin maak?


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

Waar Van Coller argumenteer vir ’n omvattende representasie van die samelewing in kinderboeke (teenoor ’n geselekteerde politieke korrektheid), fokus Brits (2022) op onder meer Van Coller se gebruik van die frase “funksionele gesinne” en plaas die betekenis daarvan teenoor daardie gesinne wat gekenmerk word deur die voorkoms van maatskaplike of persoonlike probleme. Wanneer Van Coller funksionele gesinne beskryf as gesinne met onder meer “hardwerkende, liefdevolle ouers wat bloot ... hulle bes doen om eties en sinvol te lewe”, vra Brits (2022): “lewe die ander mense nie sinvol en eties nie?” Die implikasie van haar lesing is dat Van Coller twee onderling uitsluitende klasse gesinne veronderstel, diegene wat sinvol en eties lewe en die wat dit nie doen nie. Ook Naudé (Julie, 2022) lees ’n soortgelyke teenstelling raak in die Van Coller-teks as hy opmerk:

> Die rubriekskrywer se soort klassifikasie sluit ’n gesin soos myne, en duisende soortgelyke gesinne, wat gebuk gaan onder die “probleem” van homoseksualiteit, kategories uit die sfeer van normaliteit uit.

Die vraag is of dit die enigste logiese implikasie van Van Coller se argument is en of dit slegs een van vele implikasies van sy argument kan wees (sien die verwysing na verskillende logikas)? Het Brits se (gekwetste en venynige) lesing en skrifting daarin geslaag om sin te maak van die kernargument in Van Coller se rubriek, naamlik die inhoud van kinder- en jeugliteratuur en waarheen dit behoort te lei?

Loots (2022) ignoreer nie net die kernargument in sy rubriek nie, sy vervang dit met ’n die volgende redenasie – Premis 1: Verkragting is onaanvaarbaar; Premis 2: Van Coller klassifiseer homoseksualiteit en verkragting saam as maatskaplike probleme; Gevolgtrekking: homoseksualiteit en verkragting is dus ewe onaanvaarbaar – om aan te toon dat hy homofobies[1] is. Die sinsoeke en sinvinding bly klaarblyklik in die slag in haar lees van die teks. Hoewel Burger (2022) min sin aan Van Coller se teks gee, maak hy ’n sterk punt oor die singewing en die aard van singewing in ’n debat en in leeshandelinge. Sy bydrae tot die eintlike tema, naamlik die inhoud van kinderliteratuur, is ongelukkig beperk. Du Plooy (2022) verruim die betekenis van die oorspronklike teks met haar bydrae oor die probleme van kinderliteratuur wat ’n hele lang geskiedenis het. Ook haar oorweging van die ander tekste (bv. ’n 1975-studie van Rooikappie deur Holtrop asook deur Anne Provoost se nadenke oor gepaste tematiek van kinder- en jeugboeke) wat by die rubriek aansluit, verruim die betekenis van die teks op ’n insiggewende en rigtinggewende wyse.

Waar Van Coller (2022a,b) voorbeelde lys van persoonlike of maatskaplike probleme as temas (temas is hier ongesê) wat deur “boeke onder oë geneem word”, lees Naudé (2022) die teks, en spesifiek die lys van voorbeelde, as eienskappe van diegene wat nie “normaal” is nie. Waar Van Coller nie die woord “normaal” gebruik nie, kan met reg gevra word of dit ’n geldige afleiding is dat die ongesegde woorde van die teks impliseer dat hierdie voorbeelde nie slegs na temas van boeke verwys nie, maar ook as kenmerke van ’n bepaalde kategorie van gesinne gesien kan word. Hierdie interpretasie van die teks deur Naudé (2022) word egter waarskynlik versterk deur Van Coller se verwysing na “funksionele gesinne” as klaarblyklike teenpool van gesinne wat deur die gemelde persoonlike en maatskaplike probleme gekenmerk word. Waar Naudé fokus op ’n gesin met twee pa’s, wys Brits (2022) op die realiteit van talle hedendaagse Suid-Afrikaanse gesinne:

---

[1] Volgens die aanlyn Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT): Irrasionele, chroniese vrees vir en afkeer van homoseksualiteit en gays.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

> ’n Vyfde van kinders in die land bly nie by enige van hul twee ouers nie. 60% het afwesige pa’s en 40% word grootgemaak deur enkelma’s.

Brits wys verder daarop – soos Naudé aanvoer ten opsigte van sy eie gesin – dat “... kinders wat grootword by hul ma’s, tannies en oumas ... in funksionele, liefdevolle gesinne [bly], ten spyte van die afwesige pa’s. Hulle lewe ook sinvol en eties”. Waar Brits self dan egter weer veroordelend raak, is in haar siniese lesing van sogenaamde “funksionele” gesinne:

> Wys my tog wat is ’n sogenaamde funksionele gesin en hoe kwalifiseer ’n mens daarvoor? Is dit die mense wat altyd so glimlag tydens Kersfees op foto’s en onderling baklei?

Wanneer die teks en die onderskeie lesinge binne die Suid-Afrikaanse konteks beoordeel word, kan met reg gevra word of Van Coller ’n eksposisie van kategorieë van gesinne wou gee, en of hy ’n argument oor temas van kinderboeke wou voer en met voorbeelde toelig. ’n Verdere vraag is natuurlik of hierdie twee moontlike lesings wedersyds uitsluitend is. In die paragraaf wat volg op sy voorbeelde van maatskaplike of persoonlike probleme, verwys hy na voorbeelde van temas waarvan weggeskram word, omdat daardie temas klaarblyklik buite uitgewers se raamwerk van politiek korrekte temas val (Van Coller, 2022a,b). Naudé (2022) lees hierdie lysie probleme (waarvan weggeskram word) nie as persoonlike of maatskaplike probleme nie, maar as politieke probleme. Hy argumenteer verder dat die logiese verband tussen laasgenoemde “politieke probleme” en die teenwoordigheid van “normafwykende karakters” nie duidelik is nie. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat hy die “persoonlike of maatskaplike probleme” as eienskappe van karakters in boeke interpreteer, terwyl hy die “politieke probleme” as ’n onverwante kategorie beskou. Sou die teks egter gelees word as dat die “persoonlike of maatskaplike probleme” en “politieke probleme” beide kontekstuele temas vir kinderboeke kan wees, waarvan een kategorie bevorder en die ander van weggeskram word, kon die logiese verband dalk duideliker wees. Van Coller se rubriek kan dus op meer as een manier gelees en verstaan word. Hyself erken tydens sy bedanking as voorsitter van die akademie se Letterkundekommissie dat by “’n herlees van my rubriek besef ek egter dat van my stelwyses vir verskillende interpretasies vatbaar was” (Opperman, 2022).

Dit blyk uit die voorgaande dat die lesinge van die teks in wisselende mate daarin geslaag het om sin te maak van die kernargument van die rubriek binne die konteks van kinder- en jeugliteratuur. Ondanks Van Coller se erkenning dat van sy stelwyses vir verskillende interpretasies vatbaar is, is die bestaan van ’n oormaat aan betekenisse (sien Gadamer, 2013) en begrip vir dit wat geskryf staan, myns insiens nietemin meesal geïgnoreer ten gunste van ’n uitsluitende leeshandeling van veroordeling (sien Morin, 1997).

### *4.3 Ideologie-kritiese lees van die teks*

In watter mate het die verskillende lesinge van die teks daarin geslaag om kritiek te lewer op die teks deur verskuilde dogmas en toevallige misverstande te ontmasker sonder geweld en venyn ten opsigte van die teks of die outeur van die teks? Burger (2022) se rubriek bevestig die belangrikheid van kritiek, krities lees en om oor kritiek self ook gesond te oordeel. Hy wy egter min uit oor hoe kinderliteratuur behoort te lyk en waarby dit ons hoort uit te bring. Verskeie lesers het wel spore van verskuilde betekenisse raakgelees en gekritiseer, soos dié van mags- of geslagsdominasie en die stigmatisering van homoseksualiteit.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

### 4.3.1 *Mags- of geslagsdominasie*

Van die moontlik verskuilde vooroordele, persoonlike voorkeure, en dogmas van die outeur wat deur van die lesinge geïdentifiseer word, is dié van ouderdom, geslag, historiese bestaan en institusionele betrokkenheid. Waar Van Coller sy rubriek afsluit met ’n verwysing na ’n versugting van ’n fiktiewe kollega na “Tarzan of Rooi Jan”, “vir ’n verandering ’n man wat nie versukkeld, gekweld of paranoïes is nie”, lees Brits (2022) dat hy eintlik sê dat seuns en meisies verhale van “sterk manne” móét lees. Van Coller (2022c) verklaar self hierdie verwysing as “Nostalgiese terughunkering na die twee karakters...[as] bloot ’n viering van heldhaftigheid en manlikheid; nie kragdadige chauvinisme of machismo nie”.

Voorts lees Brits (2022) ’n rasse-ondertoon raak in die versugting na sterk (wit) mansfigure wat, soos Rooi Jan, mense “red uit die greep van inboorlinge”. Gevolglik word die outeur van die rubriek (waarskynlik bekend as ’n ouerige witman van ’n bepaalde groep) in die skerpste moontlike taal en terme aangeval vir ’n ideologie waarvoor hy nooit betoog het nie. Van Coller se verwysing na “randfigure” word voorts deur Brits (2022) onthul as “nie vreemdelinge nie”, maar binne die ideologie van mags- of geslagsdominasie as “mense wat net stilgemaak is deur onderdrukkers”. Van Coller verklaar self sy gebruik van die woord “randfigure” in ’n opvolg-rubriek met ’n woordeboekdefinisie van “eksentrieke persone; uitgeworpenes of uitgeslotenes” (Van Coller, 2022c). Dus, wat hom betref, “eintlik ’n heel deernisvolle beskrywing” (Van Coller, 2022c) en nie as minderwaardig nie.[2] ’n Interpretasie van veral die tipering “uitgeworpenes of uitgeslotenes” is egter moeilik te versoen met ’n kwalifikasie soos “deernisvol”. Nietemin moet gevra word of ons in Brits se lesing te doen het met ’n geldige ontmaskering van ’n verskuilde ideologie van mags- of geslagsdominasie, of dalk die insluip van ’n parallelle diskoers deur die spesifieke lesing ter bevordering van haar eie voorkeur-ideologieë? Indien laasgenoemde die geval is, kan daar met reg gevra word waarom sy Van Coller se teks so gelees het. Was dit dalk gedryf deur haar spesifieke lewenswêreld, habitus, of kultuur van kritiese diskoersvoering? Hier was oënskynlik geen sprake van ’n respekvolle en opregte dialoog binne ’n milieu van etosverwesenliking nie.

### 4.3.2 *Stigmatisering van homoseksualiteit*

’n Tweede moontlik verskuilde betekenis, tema of ideologie wat raakgelees is, is die stigmatisering van homoseksualiteit. So lees Naudé (2022) die teks binne die konteks van sy eie gesin: “Ek het ’n man as eggenoot en ons het ’n vierjarige seun”. Vanuit daardie perspektief onthul hy ’n paar “onthutsende” vooroordele en wanopvattinge in Van Coller (2022a,b) se rubriek. Hy lees gevolglik dat homoseksualiteit saam met verkragting en molestering, ’n “maatskaplike of persoonlike probleem” is – dít amper 50 jaar ná die verwydering van homoseksualiteit as geestesongesteldheid uit die *Diagnostic and Statistical Manual* in die VSA (Naude, Julie 2022).

Voorts gebruik Naude (2022) begrippe soos “normaal” (wat nie in Van Coller se teks voorkom nie), “geestesgesondheid” en “versukkeld” asof die rubriek daarmee homoseksualiteit

---

[2] Die WAT gee twee verklarings vir ‘randfiguur’, naamlik “Iem. wat nie deel van ’n groep vorm nie of nie ten volle daarin tuis is nie, wat afsydig of onbetrokke is of nie aktief aan bep. aktiwiteite deelneem nie, wat nie ’n belangrike rol speel i.d. ontstaan, ontwikkeling of verloop van iets nie, of wat as onbeduidend of onbelangrik beskou word” asook “Ondergeskikte figuur in ’n roman, toneelstuk, rolprent, of derglike” (WAT).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

stigmatiseer. Gevolglik lees hy dat “onder andere homoseksualiteit opgestel [is] as die teenoorgestelde van gewoonheid”. Hy stel dan die betekenis van “gewoonheid” gelyk aan die betekenis van “normaliteit” (twee begrippe wat verskillend in die WAT omskryf word) en maak dan die gevolgtrekking dat Van Coller ’n “normaliteit” definieer as “funksionele gesinne (…) met hardwerkende, liefdevolle ouers wat bloot (...) hul bes doen om eties en sinvol te lewe”. In ’n klaarblyklike poging om stigmatisering van homoseksualiteit in die Van Coller-rubriek te ontbloot, konstrueer Naude (2022) ’n vergelyking tussen die “verskyning van ’n selfde-geslag egpaar en bruin en swart karakters in ’n bepaalde boek” en “die opwagting van – en ek haal met huiwering aan –’n gestremde Chinees en ’n tweeslagtige Oekraïense vlugteling’” (Naude, 2022). Ek oordeel hier dat Van Coller (2022a,b) se verwysing deel vorm van sy betoog dat randfigure, in teenstelling tot gewone mense, by voorkeur in kinder- en jeuglektuur voorkom.

Op sy beurt argumenteer Jackson (2022) ook dat die rubriek bydra tot die stigmatisering van homoseksualiteit en gay mense. Jackson (2022) beklemtoon: “Dít is ’n geweldige probleem. Dit verwoes lewens.” ’n Mens sou kon aanvoer dat hierdie werklikheid (die verwoesting van lewens as gevolg van die stigmatisering van homoseksualiteit) as ’n regverdiging kon dien vir Van Coller se insluiting van homoseksualiteit in ’n lys van moontlike maatskaplike of persoonlike probleme. Terselfdertyd sal so ’n lesing egter rekening moet hou met die gewraakte versugting wat teen die einde van die rubriek uitgespreek word na karakters wat nie “versukkeld, gekweld of paranoïes” is nie.

Die vraag kan dus gestel word of daar afdoende spore in die Van Coller-teks gevind kan word om verskuilde ideologiese voorkeure van mags- en geslagsdominasie asook stigmatisering van homoseksualiteit aan die teks en outeur toe te dig. In sy ope brief aan Naudé ná laasgenoemde se aanvaardingstoespraak vir die Hertzogprys, ontken Van Coller ten sterkste dat hy van homofobie beskuldig sou kon word. Hy herinner Naudé tereg daaraan dat hy (Van Coller) ’n leidende rol gespeel het in die toekenning van ’n vorige en die huidige Hertzogprys aan Naudé. In sy bedankingsbrief aan die Akademie, waar hy nie net as voorsitter van die letterkundekommissie nie maar ook as raadslid bedank, stel Van Coller (soos gerapporteer deur Opperman, Julie 2022) sy bedoeling met die rubriek onomwonde:

> In die betrokke rubriek het ek probeer om sekere kwessies onder die aandag van lesers te bring. Onder meer dat bepaalde temas té veelvuldig voorkom in kinder- en jeugliteratuur en dat ander ontbreek. My grootste literêre beswaar was egter dat daar ’n sekere politiekkorrekte voorskriftelikheid is wat kinder- en jeugliteratuur betref en dat dit lei tot resepmatige boeke.
>
> Van die voorafgaande neem ek geen afstand nie. By ’n herlees van my rubriek besef ek egter dat van my stelwyses vir verskillende interpretasies vatbaar was. Daarom wil ek graag ongekwalifiseerd verskoning aanbied as ek deur my woordkeuses enige persoon (of groepering) te na gekom het óf onsensitief oorgekom het. Dit was werklik nie my bedoeling nie. Veral is ek jammer omdat my eie persoonlike opinies herlei is tot my posisie as voorsitter van die Letterkundekommissie en raadslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Volgens Van Coller se eie “herlees” van sy rubriek, wil dit voorkom asof lesinge van stigmatisering van homoseksualiteit wel geregverdig sou wees. Hoe dit ook al sy, die meesal sterk afwysende en selfs venynige response het klaarblyklik buite ’n milieu van etosverwesenliking geskied.

### *4.4 Spore deur die teks gelaat (dekonstruksie)*

Die dekonstruktiewe lees van ’n teks is ’n leeshandeling wat betekenisse waarvan die skrywer self nie eens bewus is nie, na vore kan bring. In watter mate het die lesinge daarin geslaag om die spore wat die Van Coller-rubriek gelaat het na alle kante te volg?

Du Plooy (Augustus, 2022) wys in haar lees van die Van Coller-teks en die verskeie reaksies daarop op die gevaar van “ondermynende lees” as deel van die dekonstruktiewe leeshandeling. Haar bydrae is in hierdie verband opvallend gepas en ook dienooreenkomstig skeppend en verhelderend. Verskeie sake wat sy noem, is besonder toepaslik op die hele diskoers soos die oopbreek vanuit ’n teks. Dit wys ook op die gevaarlike ruimte wat so geskep word. Dit vra vir bedagsame en deeglik denkende lesers van tekste. Dit is veeleisende leeswerk om met metafisiese en ideologiese vooroordele rekening te hou.

Die verwysingsraamwerk van ’n teks blyk ’n belangrike vertrekpunt vir die leeshandeling te wees. Dit kontekstualiseer en konstitueer betekenisse. So wys Du Plooy (2022) op die verbande tussen die betrokke teks en die “baie ou en nuwe debatte in die literêre wêreld” en ook dat die problematiek wat Van Coller aantoon, “niks nuuts is nie, maar steeds relevant”. So ook maak Burger (Julie, 2022) ’n konstruktiewe bydrae oor die gronde van literêre kritiek en oordeel. McLachlan (2022) se lesing van die rubriek asook van die lesinge daarvan gee onder meer ’n destruksie van vooroordele, sonder om venynig teenoor die betrokkenes te wees.

Op sy beurt wys Koos Kombuis (Augustus, 2022) op ’n verband tussen Van Coller se teks en dié van James W Sire se *The universe next door*. Binne hierdie verband lees hy dat die teks ook daarop wys dat mense nie slegs verskillende sienswyses oor sake het nie, maar dat hul “diverse vertrekpunte veroorsaak dat hulle as ’t ware in verskillende heelalle leef” (Kombuis, 2022).

Rossouw (Augustus, 2022) se lees sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat die betrokke rubriek “sterk standpunte oor norme stel”. Hy wys voorts op die belangrikheid van norme vir mense om hulself te kan oriënteer en dus sin te maak van die lewe. Gedagtig daaraan dat die rubriek ontstaan het uit die persoonlike ervaring van die outeur, wys Rossouw (2022) daarop dat ons norme “per definisie gebore is uit ons persoonlike ervaring”. Gevolglik waarsku hy teen ’n wêreld van “onse” en “hulles” en toenemende onverdraagsaamheid. Dit sluit aan by die vertrekpunte van ’n universeel geldige en ’n insluitende leeshandeling. Hy lei ons tot die volgende vraag: In watter mate het die verskillende lesinge van die teks daarin geslaag om die spore wat die teks gelaat het verdraagsaam na alle kante te volg? Ons kyk vervolgens na Brits (Mei, 2022), Koorts (Mei, 2022), Naudé (Julie, 2022) en Loots (Julie, 2022) se oënskynlik dekonstruktiewe lesinge van die teks.

Vier begrippe kom na vore in Brits (2022) se lesing van die teks: gekwets, bedreig, vooroordele en slagoffer. Vir Brits (2022) dui die rubriek daarop dat die outeur gekwets en bedreig voel omdat “minderhede ook uiteindelik verteenwoordig word in kinder- en jeugboeke”. Voorts ontbloot sy ’n “aanmatiging” by mense “wat diep vooroordele het en nog al die jare daarmee weggekom het” en hulself nou as slagoffers sien (Brits, 2022). Die byvoeglike naamwoorde wat sy gebruik het min met die teks te doen en stellig meer met die persoon van die skrywer agter die teks (’n wit man met vanselfsprekende vooroordele). Die kritiek is dus gerig op die persoon van die outeur en nie noodwendig op sy bedoelinge met sy rubriek nie. Gedagtig daaraan dat dekonstruksie ten doel het om te konstrueer en iets sinvols na vore te bring nadat die de- van dekonstruksie afgehandel is, is dit jammer dat die konstruksiedeel afwesig is in haar leeshandeling. Waardevol in haar teks is wel die eksplisiet maak van die

groot getal kinders (soos ook McLachlan aantoon) wat juis nié in funksionele gesinne grootword nie. Haar kritiek teen die teks strek dus wyer as slegs stigmatisering van homoseksualiteit.

Koorts (Mei, 2022) en Naudé (Julie, 2022) lê 'n verskuilde kategorisering van mense bloot, naamlik dat die outeur bepaalde groepe en hul lede met onreg assosieer. Gevolglik beskou hulle só 'n assosiasie as enersyds 'n oorvereenvoudiging van die werklikheid wat in kinder- en jeugliteratuur weerspiëel word (Koorts, 2022) en andersyds as 'n soort klassifikasie wat "'n gesin soos myne, en duisende soortgelyke gesinne" uitsluit uit die sfeer van normaliteit (Naudé, 2022). Word hierdie klassifikasie voldoende gesteun deur wat in die rubriek geskryf staan, of spruit Naudé se lesing voort vanuit sy eie lewenservaring, vooroordele en norme? Naudé is nietemin besonder konstruktief oor wat hy wil sien as nodig en geldig vir 'n gesonde samelewing en maak daarmee 'n spesiale pad oop, so glo ek, vir 'n euretiese oefening.

Loots (Julie, 2022) se rubriek verskyn ná die aanvaardingstoespraak van Naudé, maar voor Van Coller se bedanking as beide voorsitter van die Letterkundekommissie en raadslid van die Akademie. Terugskouend, en met inagneming van die outeur se reaksies op sy rubriek, lees sy die teks as synde dat die "representasie van sodanige 'maatskaplike en persoonlike probleme' in jeug- en kinderboeke vir die outeur oorheersend is ten koste van die uitbeelding van 'funksionele gesinne'" (Loots, 2022). Sy vergelyk die teks en die outeur daarvan met die optrede van die Amerikaanse akteur Will Smith tydens die 2022 Oscar-geleentheid wat deur die *Academy of Motion Pictures and Sciences* as "onaanvaarbaar" en "skadelik" bevind is (Loots, 2022). Gevolglik tipeer sy die teks as "vieslik" en die produk van "onaanvaarbare en skadelike gedrag" (Loots, 2022). 'n Tipering wat, volgens haar, implikasies het vir Van Coller se lidmaatskap van die Akademie vir Wetenskap en Kuns, asook vir sy geskiktheid vir die NP van Wyk Louw-prys wat hy reeds ontvang het. Haar lees van die teks dra die tekens van 'n onverdraagsame en finale oordeel: sy rubriek is onaanvaarbaar en verdien om gestraf te word.

'n Vraag wat na vore kom, is die volgende: Is Loots se gebruik van die Will Smith-insident tydens die 2022 Oscar-geleentheid, 'n geldige vergelyking? Sonder om op die besonderhede van die insident in te gaan, vergelyk Loots die Van Coller-rubriek met die (vieslike?) klap wat Smith uitgedeel het. 'n Teenoorgestelde vergelyking is ook moontlik. Sy rubriek kan ook met die optrede van Chris Rock vergelyk word. In 'n poging tot komedie het Rock 'n (vieslike?) grap gemaak oor Pinkett Smith se kaalgeskeerde kop (wat na bewering deur 'n mediese toestand veroorsaak is). Smith se reaksie op wat hy as onsensitief ervaar het, was om die aanbieder deur die gesig te klap. Gevolglik die sanksie teen Smith deur die *Academy*, met die implikasie dat, al was Rock se opmerking hoe onsensitief, openbare geweld nie 'n geregverdigde reaksie is nie. Die volgende kan dus gevra word: Was sommige reaksies op sy rubriek, hoe onaanvaarbaar dit ook al vir sommige lesers mag wees, nie dalk (vieslike) klappe in Van Coller se gesig nie?

Hoe eties is Loots se lesing van die teks? In haar dekonstruksie van die teks gebruik sy dit wat nie deur die outeur geskryf is nie as vertrekpunt vir haar tipering van die outeur se argument as vieslik en strafbaar, dus haar eie rekonstruksie van sy teks. Dit wil dus voorkom asof Loots nie verskuilde betekenisse van die teks probeer blootlê nie, maar eerder betekenisse aan die teks toedig. Loots se lesing blyk dié te wees van 'n onverdraagsame sensor en selfaangestelde aanklaer en regter wat willekeurig en vrymoedig skuldenaars uitwys en vonnisse vel. Is dit 'n etiese lees van die teks?

Die dekonstruktiewe lesinge van die rubriek het wel talle versweë betekenisse na vore gebring en gekontekstualiseer. So is verbande tussen diverse vertrekpunte en verskillende heelalle, "onse", "hulles" en norme vanuit die teks blootgelê. Vrae oor die gepastheid binne die konteks van die rubriek van terme soos "randfigure", "gekwets" en "bedreig", en temas

soos die Oekraïense en Chinese verwysing het na vore gekom: Is die verband wat gelê word tussen hierdie terme en temas en die res van die teks geldig of is dit skeefgetrek?

### *4.5 'n Eie pad in, deur en verby die teks (eureties)*

In watter mate het die verskillende lesinge van die teks daarin geslaag om 'n eie pad in, deur en verby die teks te vind in die rigting van etosverwesenliking?

Ek begin met my eie lesing van die Van Coller-rubriek. Indien aanvaar word dat lees- en skryfhandelinge 'n beter samelewing, 'n meer etosgerigte samelewing behoort te bevorder of dit minstens te suggereer, is daar in hierdie rubriek heelwat stof tot nadenke. Hardwerkende, etiese en singedrewe gerigtheid klop met die etosverwesenliking waarna verwys is. 'n Komplekse samelewing soos ons s'n moet spesiale aandag gee aan die etosgedrewe tuismaking van alle lede van die samelewing en nie slegs van sekere groepe of kategorieë nie. Wie almal wil betrek, en nie net sekeres nie, moet seker maak dat almal se behoeftes en eiesoortighede ewe veel erkenning kry. Die erkenning van onregte teenoor sekeres is geheel en al in orde en is noodsaaklik en verdien aandag, terwyl die regstelling van hierdie onregte geensins nuwe onregte behoort te skep nie. In sodanige gevalle word niks reggestel nie en almal word teleurgestel. Só 'n uitsluiting sou neerkom op vergelding en nie regstelling nie. Sou Van Coller se rubriek op vergelding of regstelling ingestel wees?

Beide Koorts en Naudé se lees is gesitueerd binne hul gesinslewe. So lees Koorts (2022) die rubriek vanuit haar situasie as moeder en besin oor die grootmaak van haar kind sodat "hy eendag 'n positiewe bydrae tot die samelewing kan lewer en 'n vervulde lewe kan lei". Sy sluit haar bydrae af met 'n baie belangrike vraag: Vir watter uitkoms maak ons ons kinders groot? Ten spyte van haar ontoepaslike verwysing na die gulpaftrekkende student, maak sy binne die konteks van die besinning pragtige opmerkings oor wat sy haar kind toewens. Haar antwoord is geleë in empatie en medemenslikheid. Wat kan gedoen word om hierdie ideale te bevorder? Hoe kry ons skrywers van kinderboeke om hieraan te voldoen?

Naudé (2022), ook vanuit sy eie gesinsituasie, wonder hoe sy kind "as die telg van twee pa's, kon floreer in sy ontwikkeling as hy deur 'n kultuurwêreld sou moes beweeg waarin sulke soort sentimente sy gesinstruktuur stigmatiseer?" Vir hom, "selfs as Afrikaanse skrywer", is die pad vanuit die teks een van huiwering of siddering oor 'n toekomstige besluit "om jou kind in 'n Afrikaanse skool te sit" (Naude, 2022). Naudé skryf "Politieke korrektheid is wat meeste mense sou sien as basiese respek, 'n oopheid in taal vir wie iemand anders is". Vir hom gaan politieke korrektheid uiteindelik oor verdraagsaamheid, insluiting, omarming, en ja, selfs liefde met die uiteindelike doel dat "soveel as moontlik mense ... volledig tuis voel in en rondom Afrikaans en Afrikaanssprekendes" (Naudé, 2022).

Die uitdaging vir etosverwesenliking lê klaarblyklik in 'n oop ingesteldheid van wedersydse respek, begrip en voortdurende pogings om jou in 'n ander se posisie in te verbeel. Dus, 'n universele norm wat vir alle tale behoort te geld. Gedagtig aan die titel van Naudé (2022) se bydrae dat liefdeloosheid Afrikaans laat leegloop, oordeel ek dat die omgekeerde daarvan veel meer sin sou maak, naamlik *Liefdevolheid laat 'n taal floreer*! So 'n tema kon hom verlos van sy "onbenydenswaardige taak" om Van Coller op sy plek te sit!

Wat die bydrae van Burger (2022) betref, sou mens graag uit sy ervaring meer wou lees oor wat werklik ter sake behoort te wees in hedendaagse kinderliteratuur ten einde kinders voor te berei vir die vreemde wêreld wat op hulle wag. Kinders word verwek in 'n betreklik ongure wêreld. Hoe behoort hulle uit wat hulle lees georiënteer te word vir wat hulle te wagte kan wees? Sekerlik uit die wye verskeidenheid temas en karakters en tipes wat hulle self mag wees of wat hulle mag teëkom.

Hierteenoor het Du Plooy (2022) duidelike gedagtes uitgespel oor wat in hierdie konteks gedoen behoort te word. Haar lesing is toekomsgerig met ’n versugting dat “daar weer ligter tye [kom] waarin Afrikaanstalige mense nie met sulke probleembelaste oë na hulself en alles wat van hulle is, sal kyk nie”. Sy neem duidelike standpunte in en opper teenargumente, deurgaans opbouend en sonder venyn. So ’n benadering kan ’n debat laat vorder en die pad open na etosverwesenliking wat duidelik almal se begeerte is sonder om in terme van styl en benadering daarin te slaag om dit te verwesenlik maar eerder te verongeluk.

Koos Kombuis (2022) lees en vertrek in sy lesing vanuit ’n gedeelde “gevoel van verlies” waarin hy en sy leser “met ’n rouproses” besig is. Hy lanseer inventief die leser uit die “heelal” van ’n spesifieke teks met ’n blik op toekomstige gerwe manuskripte met die uitlig van ’n deurslaggewende kriterium, naamlik dat ’n skrywer ’n storie moet vertel “soos ’n storie vertel moet word”. As dit gebeur, “maak dit rêrig nie meer saak in watter heelal ons is nie” en “hoef ons mos nie te worry oor ons kinders nie”.

Rossouw (2022) help ons om by die kern van sake uit te kom: die aanwys van sondebokke wat die hele gedagte van etosverwesenliking kelder. ’n Norm is nodig om die weg aan te wys. Om norme te bepaal, is nie maklik nie en het hul eie probleme. Die norm van inklusiwiteit loop deurgaans die gevaar om self uitsluitend en dus teenproduktief en uiteindelik onoortuigend te wees. Die inklusiewes wil nie die sondebokke wat hulle graag identifiseer, insluit nie. So word inklusiwiteit ’n bogstorie. Norme as natuurlike gegewens en norme as blote veranderlike sosiale konstrukte is albei betreklik fragiel. Dit skep ’n wêreld waarin die “onse” en die “hulles” al hoe meer word, die verskille al hoe heftiger, die onverdraagsaamheid al hoe meer – en die middelgrond al hoe kleiner. En dit is die wêreld waarin ons nou lewe. Ongelukkig is dít nie ver van die waarheid af nie.

Die vraag bly egter: Is dit nie nodig om alles in die stryd te werp om hierdie wêreld te probeer verander nie, om ’n ander wêreld te inventeer nie. So baie smag daarna. Is dit hoegenaamd moontlik? Baie dink nie so nie; baie hoop weer daarvoor en glo in die moontlikheid. Laat ons ’n droom maak! Kan ons by universeel geldige norme uitkom soos waarheid, sin en wysheid? Miller (1987) vra daarna. Ricoeur (1991) bely dat dit moontlik is. Badiou (2007) voeg sy stem daarby. Die oop gesprek waarna van die tekste verwys, byvoorbeeld dié van Naudé en veral Du Plooy, skep ’n moontlikheid. Ivan Illich (1974:11), na wie Rossouw ook verwys, skets in sy werk *Tools for conviviality*, inderdaad so ’n moontlikheid: “consider conviviality to be individual freedom realized in personal interdependence and, as such, an intrinsic ethical value”.

Die verskillende lesinge van die teks het klaarblyklik in wisselende mate daarin geslaag om vindingryk ’n eie pad in, deur en verby die teks te vind in die rigting van etosverwesenliking: tuiswees in Afrikaans.

## 5. Beoordeling en slotsom

Die sneller vir die besinning oor die etiek van die leeshandeling en hierdie artikel was die Van Coller-diskoers gedurende 2022. Hierdie diskoers het vrae na vore gebring oor hoe die leeshandeling behoorlik eties kan wees, hoe die betrokke rubriek deur die verskillende lesers gelees is, en of dit eties was.

Die kern van die etiese lê opgesluit in die begrip “etos” wat beteken om tuis te wees. Die implikasie van hierdie begrip vir die leeshandeling is dat ’n teks gelees word in ’n milieu waarin al die lesers (en die skrywer van die teks) tuis sal wees. Om tuis te wees veronderstel sekerlik dat al die betrokkenes ’n gedeelde respek vir sekere norme sal hê, daarvolgens sal


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12

handel en hulle in mekaar se posisies sal indink. Hierdie norme kan enersyds partikulier wees en van geslag tot geslag en van tyd tot tyd verander, of universeel wees en die grense van tyd en plek oorskry.

Was dit die geval met die skryf van die rubriek? In Van Coller (2022d) se bedankingsbrief as voorsitter van die Letterkundekommissie erken hy dat van sy formulerings dalk tuiswees vir andere binne die gedeelde woning kon bemoeilik het. So-ook, kon sy gebruik van die frase "vrot" lees ook as kras beskou word. Bowendien het hierdie diskoers sy ontstaan gehad kort nadat die Letterkundekommissie, onder Van Coller se voorsitterskap, kinder- en jeugliteratuur beoordeel het. Soos later onthul is (Malan, Julie 2022), het drie lede van die kommissie kort ná die verskyning van die rubriek 'n beswaarskrif aan die Akademievoorsitter gerig, waarop Van Coller gereageer het om met regsaksie teen hulle te begin, tensy die betrokke komiteelede hom om verskoning sou vra – iets waaraan hulle onder druk van die dreigende regsaksie gehoor gegee het, gevolg deur die bedanking van twee van hulle (Visagie en Crous) uit die Letterkundekommissie. Gedagtig aan 'n waarneming met betrekking tot Agatha Christie se *Murder in Mesopotamia* dat die sleutel tot die oplossing van die moord op mev. Leidner "lies in her character" (Makinen, 2006: 171) asook aan die klap deur die gesig wat Chris Rock ontvang het, kan sekerlik gevra word: Het Van Coller dalk, soos mev. Leidner en Chris Rock, verdien wat hy gekry het?

Al het sy rubriek dalk op sommige lesers se tone getrap, het hy stellig nie 'n openbare karaktermoord of klappe deur die gesig van sy tuisgenote verdien nie. Gedagtig aan die faktore wat die etiese koers van die leeshandeling kan bepaal, verdien sy teks om binne die tuiste van Afrikaans en spesifiek die Afrikaanse literatuurgemeenskap, deeglik, respekvol, opreg en met goeie denke gelees en beoordeel te word.

Dit blyk uit die ontleding van die onderskeie lesinge van die rubriek dat, op enkele uitsonderings na, die rubriek nie binne 'n milieu vir etosverwesenliking gelees is nie. Dit is oorwegend gelees binne 'n milieu van uitsluitende en konfronterende wêrelde waarin die outeur geëtiketteer is met beskrywings soos ondeurdag, bevooroordeeld, gekwets, liefdeloos, homofobies en vieslik. Binne só 'n milieu is tuiswees kwalik moontlik. Voorts blyk dit dat nie al die lesinge van die rubriek die teks, soos dit geskryf staan, respekteer nie. Trouens, heelwat aandag is eerder aan self-gekonstrueerde alternatiewe tekste (dit wat nie geskryf is nie) gegee wat dikwels tot erg veroordelende aanvalle op die persoon van die outeur gelei het. Nietemin het dergelike lesings die aandag gevestig op, en groter begrip geëis vir, sensitiewe hedendaagse samelewings- en persoonlike probleme.

Waar ek, as gewone koerantleser maar ook as akademikus wat tekste ernstig opneem, die rubriek gelees het as handelende oor kinder- en jeugliteratuur vir Afrikaanstaliges met die versoek dat al hulle behoeftes raakgesien behoort te word, is hierdie tema, op enkele uitsonderings na, negeer. Pogings om sin te maak van die teks, het meesal die moontlikheid van 'n oormaat aan betekenisse van die teks geïgnoreer ten gunste van 'n eenduidige, uitsluitende en veroordelende betekenis. Verskeie lesinge het wel spore van verskuilde betekenisse raakgelees en gekritiseer, soos dié van mags- of geslagsdominasie en die stigmatisering van homoseksualiteit. Sommige het ook verbande tussen diverse vertrekpunte en verskillende heelalle, "onse", "hulles" en norme vanuit die teks blootgelê, terwyl andere daarin geslaag het om vindingryk 'n eie pad in, deur en verby die teks te vind in die rigting van etosverwesenliking: tuiswees in Afrikaans.

Die sensitiewe aard van die kwessies wat deur die Van Coller-diskoers na vore gebring is, het sekerlik tot die soms aggressiewe toonaard van die debat bygedra. Dit het my opnuut bewus gemaak van die noodsaaklikheid van 'n oop en omvattende gesprek oor sake van belang

vir ons land, ons taal Afrikaans, en die toekoms van kinder- en jeugliteratuur. ’n Oop gesprek is moontlik wanneer al die gespreksgenote as deel van die tuiste aanvaar word en daarin tuis voel, ongeag die verskillende perspektiewe en rasionaliteite waarmee hul lees en skryf. Voorts is dit nodig om konfrontasie te vervang met, in die woorde van Henri Atlan (1994:flapteks) “’n permanente gesprek, ’n soort oneindige gesprek, wat die ernstige humor van meervoudige kennisspele insluit” (Vertaling deur Fanie de Beer). Só ’n gesprek is slegs moontlik binne ’n milieu van etosverwesenliking waarin ons almal veilig en tuis kan wees terwyl ons mekaar se tekste en argumente, hoe uiteenlopend ook van aard en perspektief, kan lees en beoordeel. Binne só ’n milieu mag ons ons nie soos plunderende soldate gedra deur slegs enkele aspekte wat nuttig is vir ons eie argumente te buit, die res te bevuil en ruïneer, en die teks in sy geheel te onteer nie (met erkenning aan Nietzche, 1879).

## BIBLIOGRAFIE


Adspace24. 2023. *Netwerk24 Digital Reach*. 25 Julie 2023. Beskikbaar by: https://www.adspace24.co.za/pdf/brand-pdf/netwerk24-brand-sheet.pdf.

Aristotle. 1976 (hersiene uitgawe). *The ethics of Aristotle: the Nicomachean ethics,* translated by JAK Thomson. Harmondsworth: Penguin Classics.

Atlan, H. 1994. *A tort et a raison. Intercritique de la science et du myth*. Paris: Seuil.

Attridge, D. 2021. *JM Coetzee and the ethics of reading: literature in the event*. Chicago: University of Chicago Press.

Azeem, AA, Hunter, JA & Ruffman, T. 2019. News headlines or ideological beliefs: What affects readers’ interpretations of news stories about immigration, killing in the name of religion and other topical issues? A cross-cultural analysis. *New Zealand Journal of Psychology,* 48(1):56-61.

Badiou, A. 2007. *Being and event*. New York: Continuum.

Bohm, D. 2009. *On creativity*. New York: Routledge Classics.

Brits, E. 2022. So nou is mense met diep vooroordele slagoffers? Netwerk24. 14 Mei.

Burger, W. 2022. Om krities te lees is om jou oordeel te laat grootword. *Rapport* (Johannesburg). 31 Julie. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/willie-burger-om-krities-te-lees-is-om-jou-oordeel-te-laat-grootword-20220731. [Internettoegang op 3 Maart 2023].

De Beer, CS. 1993a. Dokumentnavorsing: Van reproduktiewe na ’n ideologie-kritiese leesmodaliteit. *SAIPA Tydskrif vir Publieke Administrasie,* 28(2):75-93.

De Beer, CS. 1993b. Dokumentnavorsing: Die dekonstruktiewe en euretiese of inventiewe leesmodaliteit, of, om te lees wat nie geskrywe is nie. *SAIPA Tydskrif vir Publieke Administrasie*, 28(3):211-231.

De Beer, CS. 2014. Reading: The understanding and invention of meaning. In Wessels, JS, Pauw, JC & Thani, XC (Eds). *Reflective public administration: Context, knowledge and methods*. Pretoria: University of South Africa Press, pp. 207-223.

De Beer, CS. 2015. Multiple, connective intellection: The condition for invention. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*, 11(2):122-140.

De Beer, CS. 2016. *The inventive act of reading*. Pretoria: Malan Media.

De Beer, F. 2017. Die etos van die hedendaagse kenniswerker. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 57(2-2):481-500. doi.org/10.17159/2224-7912/2017/v57n2-2a1.

De Beer, F. 2018. Profesie, mite en delirium: Die dringende vraag na ware kennis in die eeu van informasionalisme en kennisaftakeling. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(2):411-432. doi.org/10.17159/2224-7912/2018/v58n2a13.

Deleuze, G. 1981. *Spinoza: Philosophie pratique*. Paris: Minuit.

Dey, P & Steyaert, C. 2007. The troubadours of knowledge: Passion and invention in management education. *Organization*, 14(3):437-461. doi.org/10.1177/1350508407076153.

Dor, D. 2003. On newspaper headlines as relevance optimizers. *Journal of Pragmatics*. 35(5):695-721. DOI: 10.1016/S0378-2166(02)00134-0.

Du Plooy, H. 2022. Van Coller-debat: Eens het wolf vir Rooikappie geëet. *Rapport Weekliks* (Johannesburg). 7 Augustus: 11. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/van-coller-debat-eens-het-wolf-vir-rooikappie-geeet-20220807.

Eagleton, T. 2009. *Trouble with strangers: A study of ethics*. V. 285. West Sussex: Wiley-Blackwell.

Ecker, UKH, Lewandowsky, S, Chang, EP & Pillai, R. 2014. The effects of subtle misinformation in news headlines. *Journal of Experimental Psychology: Applied*. 20(4):323–335. DOI: 10.1037/xap0000028.

Fortin, R. 2013. *Penser avec Edgar Morin: Lire la méthode*. Laval: Les Presses de L'Université Laval.

Gadamer, H-G. 1972. *Warheit und Methode*. Tubingen: J.C.B Mohr (Paul Siebeck).

Gadamer, H-G. 2013. *Truth and method (Translation revised by Joel Weinsheimer and Donald G. Marshall)*. London: Bloomsbury.

Guattari, F. 2012. *Three ecologies*. London: Continuum.

Hampshire, S. 1981. *Spinoza*. Harmondsworth: Penguin Books.

Henry, M. 2012. *Barbarism*. London: Continuum.

Ifantidou, E. 2009. Newspaper headlines and relevance: Ad hoc concepts in ad hoc contexts. *Journal of Pragmatics,* 41(4):699–720. DOI: 10.1016/j.pragma.2008.10.016.

Illich, I. 1974. *Tools for conviviality*. London: Coldar & Boyars Ltd.

Jackson, N. 2022. Van Coller-debat: As jy só praat, help jy lewens verwoes. *Rapport Weekliks* (Johannesburg). 21 Augustus: 12.

Jaspers, K. 1974. *Spinoza*. New York: A Harvest/HBJ Book.

Kant, I. 1987 (1790). *The critique of judgement*. Translated by Werner Plurar. Indianapolis: Hackett.

Kent, T. 1993. *A theory of communicative interaction*. Lewisburg: Bucknell University Press.

Kombuis, K. 2022. Boekevat: 'n Nuwe 'Trompie' is nodig vir ons kinders. Netwerk24. 1 Augustus.

Koorts, L. 2022. Watter uitkoms moet kinderboeke lewer? Netwerk24. 21 Mei.

Kronrod, A & Engel, O. 2001. Accessibility theory and referring expressions in newspaper headlines. *Journal of Pragmatics,* 33(5):683-699. DOI: 10.1016/S0378-2166(00)00013-8.

Kuiken, J, Schuth, A, Spitters, M & Marx, M. 2017. Effective Headlines of Newspaper Articles in a Digital Environment. *Digital Journalism,* 5(10):1300–1314. DOI: 10.1080/21670811.2017.1279978.

Lecercle, J-J. 1985. *Philosophy through the looking glass: Language, nonsense, desire*. London: Hutchinson.

Levinas, E. 1987. *Ethisch en oneindig*. Kampen: Uitgeverij Kok Agora.

Litnet. 2023. *Hennie van Coller*. Besikikbaar by: http://www.litnet.co.za [7 Mei 2023].

Liu, A. 2004. *The laws of cool: Knowledge work and the culture of information*. Chicago: University of Chicago Press.

Loots, S. 2022. Van Coller skaad Afrikaans met sy homofobie. *Rapport Weekliks* (Johannesburg). 24 Julie: 2. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/sonja-loots-van-coller-skaad-afrikaans-met-sy-homofobie-20220724.

Makinen, M. 2006. *Agatha Christie: Investigating Femininity*. New York: Palgrave Macmillan.

Malan, P. 2022. Akademie: Prof dreig met lastereis ná homofobie-herrie. *Rapport Weekliks* (Johannesburg). 24 Julie.

McLachlan, T. 2022. Van Coller-debat: Verdien hy dit regtig om só gekielhaal te word? *Rapport Weekliks* (Johannesburg). 14 Augustus: 14.

Midgley, M. 2006. *Science and poetry*. London: Routledge.

Miller, JH. 1987. *The ethics of reading*. New York: Colombia University Press.

Morin, E. 1997. *Amour, poésie, sagesse*. Paris: Editions du Seuil.

Morin, E. 2004. *La méthode 6: Éthique*. Paris: Seuil.

Naudé, SJ. 2022. Liefdeloosheid kan Afrikaans laat leegloop. Netwerk24. 22 Julie. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/liefdeloosheid-kan-afrikaans-laat-leegloop-20220722.

Nietzsche, F. 1879. *Human, all too human II and unpublished fragments from the period of Human, all too human II (Spring 1878 – Fall 1870)*. Stanford, CA: Stanford University Press.

Opperman, AJ. 2022. Van Coller bedank as voorsitter van die Letterkundekommissie. *Netwerk24*. 25 Julie.

O'Sullivan, M. 2006. *Michel Henry: Incarnation, barbarism and belief*. Oxford: Peter Lang.

Pauw, JC. 2015. Oplettende na die letter ... Oftewel: Die vermoë om aan ’n stuk papier gehoorsaam te wees. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(4):618-631. doi.org/10.17159/2224-7912/2015/v55n4a8.

Peters, MA. 2019. The ethics of reading Wittgenstein. *Educational Philosophy and Theory,* 51:6. doi.org/10.1080/00131857.2018.1455394.

Prigogine, I. 1997. *The end of certainty*. New York: The Free Press.

Rees, M. 2003. *Our final hour: A scientist's warning: how terror, error, and environmental disaster threaten humankind's future in this century: on earth and beyond*. New York: Basic Books.

Ricoeur, P. 1991. Myth as bearer of possible worlds. In Valdes, MJ (ed.). *A Ricoeur Reader: reflection and imagination*. Toronto: University of Toronto Press.

Rossouw, J. 2022. Wat gee ‘ons’ prys om meer inklusief te wees? *Rapport Weekliks* (Johannesburg). 21 Augustus:7.

Scarry, E. 2014. Poetry, injury, and the ethics of reading. In Brooks, P & Jewell, H (eds). *The humanities and public life*. New York: Fordham University Press, pp. 41-48.

Spinoza, B. 1979. *Ethics*. London: Everyman's Library.

Stengers, I. 2013. *Une autre science est possible!* Paris: La Découverte.

Stengers, I. 2018. *Another science is possible: A manifesto for Slow Science*. Cambridge: Polity Press.

Stiegler, B. 2013. *Disbelief and discredit, vol. 2: Uncontrollable societies of disaffected individuals*. Cambridge: Polity Press.

Van Coller, H. 2022a. ‘Gewone mense’ word al hoe meer randfigure. *By* in *Beeld*. 7 Mei: 4. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/gewone-mense-word-al-hoe-meer-randfigure-20220506. [Internettoegang op 3 Maart 2023].

Van Coller, H. 2022b. Jy kry hulle nie meer in boeke en op TV nie. *Volksblad* (Bloemfontein). 3 Mei: 9. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/hennie-van-coller-jy-kry-hulle-nie-meer-in-boeke-en-op-tv-nie-20220503. [Internettoegang op 3 Maart 2023].

Van Coller, H. 2022c. Versugting dat meerderheid gesinne wel funksioneel is. *Beeld* (Johannesburg). 18 Mei.

Van Coller, H. 2022d. Hennie van Coller se ope brief aan S.J. Naudé. Netwerk24 (Johannesburg). 22 July. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/hennie-van-coller-se-ope-brief-aan-sj-naude-20220722 [Internettoegang op 3 Maart 2023].

WAT. n.d. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Beskikbaar by: https://www.woordeboek.co.za/?qi=91930 [Internettoegang op 31 Julie 2023].

# Versoening in die Afrikaanse gemeenskap: Towerstaf of keuse?

***Reconciliation in the Afrikaans community: Magic wand or choice?***

**WAM Carstens**
Buitengewone professor
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: wannie.carstens@nwu.ac.za



Wannie Carstens

**Wannie Carstens** het aan die einde van 2017 as professor in Afrikaanse taalkunde aan die NWU, Potchefstroomkampus, afgetree. Hy is egter steeds ’n buitengewone professor in die navorsingsfokusarea ‘Tale en Letterkunde in die Suid-Afrikaanse Konteks’ aan die NWU. Hy is ’n NNS-gegradeerde navorser (C1) wat skrywer of medeskrywer is van ses boeke oor die Afrikaanse taalkunde, soos *Norme vir Afrikaans* (2018, 6de uitg.) en *Die storie van Afrikaans* (2017, 2019). Hy was ook mederedakteur van vyf standaardboeke oor die Afrikaanse taalkunde, soos *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* (2014, 2017), en die nuutste *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (2022). Hy is (reeds twee keer) ’n ontvanger van die gesogte CJ Langenhoven-toekenning vir Afrikaanse taalkunde.

**Wannie Carstens** retired as professor of Afrikaans linguistics at the North West University (NWU), Potchefstroom Campus, at the end of 2017. He however still is an extraordinary professor in the research focus area on ‘Languages and Literature in the South African Context’ at the NWU. He is a NRF rated researcher (C1) who is author or co-author of six books on Afrikaans linguistics, such as *Norme vir Afrikaans* (2018, 6th ed.) and *Die storie van Afrikaans* (2017, 2019). He also co-edited five standard books on Afrikaans linguistics, such as *Kontemporêre Taalkunde* (2014, 2017), and the recently published *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (2022). To date, he has been a recipient of the prestigious CJ Langenhoven award for Afrikaans linguistics on two occasions.

## ABSTRACT

***Reconciliation in the Afrikaans community: Magic wand or choice?***

*Reconciliation is an easily used term, but people don't always understand what it actually entails. This is precisely because reconciliation is the result of a particular process; it is necessary to understand what it involves if you want to follow this route. In this overview article, this will be done briefly and then illuminated with the background to the establishment of the Afrikaanse Taalraad, a body founded in 2008 following a reconciliation process in the Afrikaans language community. Reconciliation always involves a managed process that should lead to a product.*

**Datums:**
Ontvang: 2023-05-16 Goedgekeur: 2023-10-15 Gepubliseer: Desember 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a13

**OPSOMMING**
Versoening as term word maklik gebruik, maar mense verstaan nie altyd wat dit inhou nie. Juis omdat versoening die resultaat van ’n besondere proses is, is dit nodig om tog te begryp wat dit inhou indien ’n mens betrokke wou raak by so ’n proses. In hierdie oorsigartikel word dit kortliks gedoen en dan toegelig met die agtergrond tot die totstandkoming van die Afrikaanse Taalraad, ’n liggaam wat in 2008 gestig is na afloop van ’n versoeningsproses in die Afrikaanse taalgemeenskap. Versoening behels te alle tye ’n bestuurde proses wat tot ’n produk moet lei.

## 1. Inleidend: Versoening as konsep

Die woord *versoening* word los en vas (veral in die media en die algemene omgang) gebruik asof dit ’n gewone, alledaagse woord is. Dit is egter nié die geval nie. Veral nie in ’n komplekse Suid-Afrika nie. Dit is naamlik ’n woord met ’n gelade betekenis, ’n betekenis wat sedert 1994 nuwe inhoud in Afrikaans begin kry het. Want dit is ’n woord wat getuig van ’n pad of roete (wat die gevolg is van ’n *proses*) wat gevolg moet word om ’n nuwe bestemming te bereik. Die pad wat gevolg moet word, is nie maklik nie. Dit verg aktiewe deelname deur mense aan die twee kante van die proses, want so ’n proses word juis gekenmerk deur twee opponerende kante, een waarin elke party iets moet prysgee, iets moet verloor om op die langer termyn iets te kan wen.

In die Suid-Afrikaanse konteks verg dit nog heelwat meer as ons die pad vorentoe met sukses wil loop. As ons daarom (in ons geval) ’n beter Suid-Afrika wil bou omdat daar in die verlede gebeure plaasgevind het wat versoening nodig het om hanteer te word, moet ons goed weet daar is nie kortpaaie nie. Versoening kan daarom nie ryp gedruk word om mense se (politieke?) agendas te pas nie, want volgens dr. Chris Jones (2015) van die Eenheid vir Morele Leierskap, Fakulteit Teologie aan US, vra “(w)are versoening, genesing en herstel ... *geduld*, *insig* en *tyd*”. Dit is belangrik om dit vooraf te weet.

Daar moet dus nie onredelike verwagtinge wees oor die spoed waarteen versoening moet verloop nie, want dit is ’n proses wat sy eie tempo het: soms een tree vorentoe, dan twee terug om later weer twee vorentoe te kan neem. Geduld is die wagwoord, of soos gesê word: Haas jou langsaam. Die rede vir die pyn tussen mense verdwyn nie sommer net nie, maar dit kan jare neem om te prosesseer. Pyn wat in 1950 veroorsaak is, sal daarom nie noodwendig al in 2000 (of 2023) verdwyn het nie. Derhalwe is dit belangrik om te begryp “(d)ie pad na ware versoening, vergifnis en genesing is *nie ’n maklike kortpad nie*. Dit is wel die fondament waarop ’n *beter Suid-Afrika* gebou sal word” aldus dr. Isak Burger, oudpresident van die AGS (2016). Daar moet naamlik saam gebou word aan ’n nuwe pad. Wat die presiese aard van die (lang)pad inhou, is nie onmiddellik duidelik nie, want dit is iets wat saam ontwerp moet word.

Omdat mense nie altyd mooi verstaan wat versoening inhou nie, word dit dikwels gebruik sonder dat daar erns is daarmee of dit word lukraak ingespan as stopfrase of gepaste nagedagte in politieke kontekste, juis daar waar soveel sake skeefgeloop het. Die oudpolitikus en oud-MRK-kommissaris dr Leon Wessels (2012) sê duidelik dat ons goed moet weet “(v)ersoening is ’n duur woord. Dit word goedkoop gemaak wanneer dit as politiek korrekte woord oor ons lippe rol. Indien dit nie gepaard gaan met ’n *begrip* (of ten minste ’n ernstige poging om te begryp) van die *pyn wat die verlede* veroorsaak het nie, rol versoening soos water van ’n eend se rug.” Versoening is dus ’n maklike woord, “maar meestal só moeilik om in die praktyk toe te pas” kwalifiseer die joernalis dr Leopold Scholtz (2014) dit. Wat nodig is om hierby betrokke te raak, is begrip (kennis) van wat versoening behels sodat geweet kan word wat (hier: pyn


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a13

van die verlede) herstel moet word en ook (welke stappe geneem moet word oor) hoe dit herstel moet word.

Wat beteken die woorde *versoen* en *versoening* derhalwe volgens die woordeboeke? Die bekende *HAT* (6de uitgawe 2015) sê dit hou die volgende in:

> "bymekaarbring", "vyandskap tot 'n einde bring; die vrede herstel; weer tot vriendskap bring", "jou nie meer teen iets verset nie, jou neerlê by; iets aanvaar"; "herstel van vrede/ vriendskap; vredemaking".

Hierdie woorde dui op dit wat ter sake is om versoening te bewerkstellig: vrede, herstel, verset, aanvaar, vyandskap, vriendskap, bymekaarbring. Ten einde sover te kom, moet "iets" gebeur, moet daar 'n proses aan die gang kom, moet daar iemand wees wat verontreg is en iemand wat vrede wil verkry sodat die vroeëre gebreekte bande (wat tot vyandskap gelei het) herstel kan word. Dit moet lei tot vriendskap wat deur die betrokkenes aanvaar (moet) word. Dit geld alle verhoudings wat gebreek is en reggemaak moet word.

Twee Nederlandse bronne bevestig hierdie aspekte. In https://www.woordenboeken.nu/betekenis/nl/verzoening word versoening beskryf as "*hernieuwde* vrede; het *verbroederen*, verzoenen; vrede", en volgens https://nl.wikipedia.org/wiki/Verzoening behels "**(v)erzoening** ... dat de vriendschap in een relatie hersteld wordt, nadat er een breuk is opgetreden. Deze relatie kan zijn tussen twee of meer personen of tussen andere rechtspersonen, zoals landen; in het laatste geval gaat het vaak gepaard met een vredesverdrag." Dit bring 'n verdere dimensie ter sprake: dat daar hernude vrede moet kom, dat verhoudinge (vriendskap) herstel moet word; dus dat waar daar vroeër vrede en vreugde was dit opnuut bevestig moet word sodat die verhoudinge tussen mense (verbroedering) weer kan wees waar dit in die verlede was.

Dit is derhalwe belangrik om duidelikheid te hê oor wat die term versoening inhou alvorens jy op daardie pad begin loop.

Vervolgens twee verdere aspekte wat hiermee verband hou: wat die presiese aard van versoening is en die proses wat gevolg moet word om dit mee te bring. Ter illustrasie hiervan sal daarna 'n kort uiteensetting gegee word van 'n poging wat sedert 2003 in Afrikaanse geledere aan die gang is om onder taalgenote versoening te verkry. Ware versoening is inderdaad haalbaar, maar dit geskied nie outomaties nie, is die kern van die betoog. Dit verg naamlik harde en toegewyde werk.

## 2. Die aard van versoening

Uit navorsing wat gedoen is vir die boek *Die storie van Afrikaans*, deel 2 (2019)[1] – waarin Afrikaans se Afrikageskiedenis bespreek word – het dit duidelik geword dat versoening nie met 'n towerstaf (wat geswaai word deur 'n denkbeeldige feetjie) verkry kan word nie.[2] Maar in die afwesigheid van iets beter, is die versoeningsproses steeds die beste manier van doen. Dit verg naamlik heelwat werk, opoffering, inspanning en beplanning om dit suksesvol te bereik. 'n Towerstaf neem nie dit weg nie. Inteendeel.

1 Carstens, WAM & EH Raidt 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal*. Deel 2: Die Afrikageskiedenis van Afrikaans. Pretoria: Protea Boekhuis.

2 Aangesien die primêre navorsing oor die onderwerp vir die bogenoemde boek gedoen is, is daar waar dit ter sake is met vrymoedigheid gebruik gemaak van die materiaal in die boek om hierdie artikel saam te stel.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a13

Die vraag is nou: wat is die aard van versoening? Wat moet dit tot gevolg hê? Wat moet gebeur om mense anders te laat kyk na ou gebeure sodat daar ’n bereidheid ontstaan om deel te neem aan die proses wat gevolg moet word? Wat wil mense uit so ’n proses hê?

Uit die navorsing het die onderstaande aspekte na vore gekom. Dit is uiteraard nie ’n volledige prentjie nie, maar dit skets reeds dit wat hier op die spel is, naamlik dat daar ’n manier gevind moet word hoe ’n klimaat geskep kan word sodat mense na mekaar kan uitreik. Om so ’n manier te vind, vra denke en optrede. Dit moet egter nie beskou word as ’n templaat vir alle gebeure wat versoening verg nie. Dit is wat ter sprake was toe bepaal wou word wat nodig is om die Afrikaanse gemeenskap met mekaar te versoen, dit wil sê hoe om brûe te bou wat die verlede weens die invoer van apartheid as politieke filosofie afgebreek het. Wat hou dit in?

Dit hou eksplisiet die volgende in: Een party (A) voel of is verontreg deur ’n ander party (B). Dit lei tot wrewel, erge woede, opstand, vyandskap onder party A om die wrewel, ens. uit te druk, te verwoord. Party B het vir ’n lang tyd die voordeel getrek van die onreg wat aan party A gedoen is. Met die verloop van tyd kom lede (selde die hele party) van party B tot die besef dat dit wat met party A gebeur het, nie op morele, etiese, politieke en menswaardigheidsredes geregverdig kan word nie. Daar vind dan ’n uitnodiging van hierdie lede plaas na lede van party A ten einde ’n middegrond te vind vanwaar daar na mekaar uitgereik kan word, sodat vyandskap kan oorgaan in vriendskap. Dit neem egter ’n lang tyd omdat die pyn (impak van die onreg) wat lede van party A aangedoen is, eers verwerk (insig kry in waarom dit gedoen is) moet word voordat daar ’n bereidheid ontwikkel om met lede van party B in gesprek te tree.

Die agterdog en wantroue wat onder lede van party A heers oor waarom dit nodig is om met lede van party B te praat, moet ook eers uit die weg geruim word. Dit is selde maklik omdat die wrewel op die agtergrond bly broei. Mettertyd word tog ’n klimaat opgebou waarin lede van party A bereidheid aandui om wel met lede van party B in gesprek te tree. Met die verloop van tyd kan lede van partye A en B mekaar sodanig begin vertrou dat daar ’n ontvanklike klimaat vir gesprek ontstaan. Eers dán begin die proses in alle erns. Dit verg besondere doelbewuste stappe van beide partye om te kan vorder tot op hierdie vlak en hierna verder.

Dus: die aard van versoening behels (a) die *erken* van ’n probleem deur twee partye en (b) die poging van een kant om aktief *reg te maak* wat verkeerd geloop het (herstel verhoudinge) met die ander party. Dit verg geduld (om die proses te laat deurloop), wysheid (wat die regte stappe is om te volg), insig (besef dat wat verkeerd geloop het, wel herstel kan word; die wete dat die proses vertraag kan word of kan platval), tyd (haas jou langsaam, baie langsaam), leierskap (persone wat bereid is om voor te loop), en ook die bereidheid van beide kante (maar veral die verontregte kant) om saam ’n afgebreekte brug te herstel.

In hierdie verband moet die volgende in ag geneem word:

- Besef dat dit wat (gaan of moet) gebeur ’n *keuse* is, op persoonlike maar ook op gemeenskaplike vlak.[3]
- Besef dat dit wat gaan gebeur *gevolge* gaan hê en dat jy bereid moet wees om die uitkoms te aanvaar.
- Besef dat dit wat gaan gebeur jou uit jou gemaksone gaan haal.

3 “Ons almal kan besluit oor ons toekoms en die toekoms van ander, selfs oortreders, oënskynlike vyande, slagoffers. Dit is ’n *keuse* vir vergifnis, versoening en heling – ’n keuse vir die goeie.” (Nel, 2016:11) (Eie kursivering.)

- Eerlikheid aan beide kante is ’n gegewe, maar tegelykertyd ook ’n verpligting.
- Elkeen wat deelneem aan die proses het ’n bydrae te lewer.
- Daar moet ’n wil wees om te versoen.[4] Daarsonder is geen uitkoms moontlik nie.
- Versoening op sigself is ’n wedersydse *visie* wat gedeel moet word.
- Daar moet nie getwyfel word oor die versoeningsvisie nie. Bly daarop gefokus, as iets wat gedoen moet word.
- Dit help nie om te dink dat dinge vanself sal regkom nie. Daar sal dan niks van die proses kom nie.
- Wees bewus daarvan dat die verlede nie sal weggaan as jy dit ignoreer nie, want dit kom spook later weer by jou.
- Dit help nie om die verlede te begrawe nie. Werk daarmee, verwerk dit.[5]
- Ons is mense en het foute gemaak – aan albei kante van die spektrum. Wees deeglik bewus daarvan.
- Wees bereid om jou aandeel in die totstandkoming en/of instandhouding van die onreg te erken, selfs al was jy nie direk daarby betrokke nie.
- Om skaam te wees oor ongeregtighede van die verlede is nie ’n fout nie, want skaam wees beweeg ’n mens tot ’n reaksie – wat positief en uitreikend kan wees.
- Bereidheid om skuld of aandeel te erken en bereidheid om te vergewe is belangrike komponente van die proses.
- Bou ’n nuwe geskiedenis, een waarin die regstelling weerspieël word.

Hierdie lysie is nie uitgeput nie en daar kan beslis nog baie hierby gevoeg word. Verskeie publikasies (boeke, artikels, verhandelinge, proefskrifte) oor versoening as tema is beskikbaar vir verdere insae. Vir wat met hierdie kort bydrae beoog word, is dit egter voldoende omdat ek wil uitlig dat versoening iets verg om te kan slaag.

## 3. Die proses van versoening

Hier bo is kortliks enkele aspekte uitgelig wat ’n mens help om beter te begryp wat ter sake is as versoening plaasvind en veral wat dit in die praktyk inhou: dat daar naamlik besliste *optrede* en *fokus* nodig is om dit wel te bereik.

Maar watter stappe moet geneem word? Weer eens enkele doendinge wat uit die navorsing vir *Die storie van Afrikaans*, deel 2 na vore gekom het. Hiervolgens gaan dit om *proses* (hoe iets verloop) en *produk* (uitkoms van die proses). Die een is afhanklik van die ander. Versoening moet tot *herstel* lei en dit geskied nie sommer net so nie. Versoening as *proses* durf nie misluk nie, en daarom is voorafkennis en insig nodig om die proses te bestuur en te stuur. Die onderstaande aspekte kan in hierdie verband van nut wees.

- Wees bewus daarvan dat ’n bepaalde *proses* nodig is om die ongeregtighede van die verlede te heel. Niks gebeur vanself nie.
- Die proses moet ’n beplande *uitkoms* (korreksie) hê. Daar moet dus ’n *produk* wees.
- Hierdie *proses* móét plaasvind – dit kan nie geïgnoreer word nie. En daar kan ook nie gewag word dat dit sonder aanpor sal begin nie.

---

4 “I worry that *we lack the will and interest to learn about each other* in a *manner* that will foster *reconciliation*, the main quality *necessary* for lasting stability, prosperity and national unity.” (James, 2012) (Eie kursivering.)

5 “Ons almal weet wat *verkeerd* gegaan het, wit en swart. Ons moet *eerlik* wees en weet om wat vorentoe te vermy.” (Scholtz, 2014) (Eie kursivering.)

- As die proses nie plaasvind nie, gaan dit tot nuwe wrywing en stryd onder die betrokke partye lei.
- Gebruik dieselfde gebeure (in hierdie geval iets soos apartheid) as vertrekpunt sodat daar ’n gemeenskaplike vertrekpunt is. Gemeenskaplike geskiedenisbelewing is derhalwe nodig.
- Die proses vra samewerking (aktiewe deelname) van twee kante af.
- As net een kant wil deelneem en die ander party nie, moet die proses gestaak word en eers hervat word as daar ’n behoefte daarvoor is. Onwillige vennote is die doodskoot vir enige proses. Maak daarom vooraf seker almal wil deelneem en is bereid om na mekaar te luister.
- Moenie toelaat dat haat en bitterheid die proses se verloop vertraag nie. Haat en bitterheid kan vertroetel word en dit lei tot ’n breuk in die proses nog voordat dit eens begin het.
- Versoening behels *dialoog* (praat en praat en ...) en ook ’n gewilligheid om deel van die dialoog te wees.[6]
- Mense moet met mekaar *praat* en veral na mekaar *luister*. Dit help om onderlinge begrip vir mekaar se agtergronde, behoeftes, vrese, oorsaak van woede en drome vir die toekoms te vestig.[7]
- Praat met mekaar oor die verlede en oor elkeen se aandeel daarin.[8]
- Wees openlik, eerlik en opreg met mekaar en wees bereid om uit die verlede te leer.[9]
- Soms is swyg ook belangrik om die proses te laat deurloop veral as dit blyk dat die proses op ’n doodloopstraat kan uitloop weens onderlinge verskille.
- Versoening moet tot *bemagtiging* van die lydende party lei. Die verontregte persoon moet beter af wees as wat dit vroeër die geval was.
- Restitusie (selfs finansieel) kan deel van die uitkoms van die proses wees. Dit gaan hier dus om herstellende geregtigheid en nie om uitgestelde geregtigheid nie. Dit moet gou gebeur en nie die “een of ander tyd” nie.

---

6 “Suid-Afrika het … nog altyd gewerk as mense met mekaar *gepraat* het – veral as daar ook *geluister* én *gedoen* is. (…) *Daar kan egter nie opgehou word om te praat nie*. Op die voorwaarde dat die magshebbers dit nie misbruik nie, luister en dat dit uiteindelik uitloop op praktiese oplossings vir dit wat pla.” (Rooi, 2015:6) (Eie kursivering.)

7 “We need *knowledge* of each other. We need *insight* into one another’s circumstances. We need *understanding*. We need *empathy*. We need to be able to see the world through each other’s eyes. It will not be easy. It will take time. It requires hard work. It requires commitment and real investment. We need to take an interest in the histories, languages, experiences and cultures of the people around us [...]. To achieve reconciliation’s objectives, why not ask your neighbour to tell their stories so that everyone can begin to give a damn about one another’s welfare.” (James, 2012) (Eie kursivering.)

8 “Natuurlik is dit belangrik dat jy toegang tot jou verlede vol mislukkings, skandes, teleurstellings en verflenterde drome het. Maar net so dat die kennis van gister jou met **groter insig** en sterker daadkrag betrokke maak by ’n toekoms; ’n geskiedenis wat nog deur jou geskryf moet word.” (Jordaan, 2013:28) (Eie kursivering.)

9 “Dit gaan ... ten diepste oor die *openheid* om met mekaar te soek na ons nuwe bestemming anderkant die pyn, magteloosheid en die *bitter verlede*. (...) Maar dit moet nie bloot op nasionale vlak tussen politieke leiers gebeur nie. ’n Pad saam moet ook begelei word in ander instellings soos op ons kampusse, op die skoolterrein, in die huis, kerk, moskee, tempel, op ons sportvelde, in ons briewekolomme, op sosiale media. Dis in die oop ruimtes en ruigtes waar die *pad van genesing* vir ons ontvou. Kom ons val in die pad.” (Nel, 2017:19) (Eie kursivering.)

- Aanspreeklikheid of verantwoordelikheid vir die oortreding moet aanvaar word.[10] Die spreekwoord "truth sets you free" is hier die resep.
- Hierdie proses gaan *tyd* neem (moontlik twee/drie generasies).
- Hierdie proses vra *geduld*.
- Versoening vra dat *stories gedeel* word sodat mense meer van mekaar kan leer.[11]
- Raak betrokke by inisiatiewe om die proses aan te help.
- Moenie wag op instansies om die leiding te neem nie, maar reik self uit om dit waar te maak.
- Wees bereid om te *vergewe* sodat sáám gebou kan word aan 'n toekoms.
- Vergifnis beteken egter nié dat *vergeet* word nie. Dit mag nooit die geval wees nie. 'n Mens kan nie "maar net aangaan en vergeet van die verlede nie".
- Vergifnis kan traumaties wees omdat dit tot persoonlike keuses en optredes lei, maar dit is dan deel van 'n proses om vrede te maak met die verlede.
- Besef dat hieruit 'n gesamentlike nuwe verhaal geskryf moet word.
- Ware versoening kan lei tot 'n beter en inniger verhouding tussen persone as in die verlede.
- As daar 'n afname in versoeningsinisiatiewe is, moet dit heraktiveer word.
- As dit blyk dat die gaping tussen die partye te groot is, kry iemand wat as fasiliteerder in die gesprek oor die verlede kan optree, want soms het 'n proses 'n middelman nodig om te kan vorder.
- Versoening en regstellende geregtigheid is meestal 'n kwessie van geloof, 'n reis wat saam met ander aangepak moet word.

Die oudkoerantman en tans hoof van aktuele sake van kykNet, Tim du Plessis,[12] waarsku wel dat versoening te ver gevoer kan word. Dit kan dus te veel na die een kant toe oorhel en sodoende die proses tot stilstand bring. As daar aangehou word om mense te verwyt en te blameer vir foute sonder om die gewilligheid te toon om te luister, word die klimaat vir versoening al hoe moeiliker. Dit kan tot 'n breekspul lei, wat dan baie werk, energie en entoesiasme ongedaan kan maak en mense die vrymoedigheid kan ontneem om weer aan so 'n proses deel te neem. Om weer daar te kom, gaan baie tyd en geduld verg. Daarom moet die geleenthede wat opduik, wel benut word.

Daar is derhalwe 'n fyn balans nodig tussen blameer en oordeel aan die een kant en oormatige fyngevoeligheid en skuldgevoelens aan die ander kant. Die middelgrond moet die vertrekpunt asook die mikpunt wees, en dit moet ook van die begin af wees waar 'n mens wil uitkom. Dit is moontlik as daar 'n gewilligheid is om tog te luister na mekaar, want sonder luister (hoor wat die ander persoon sê) en hoor (verstaan wat die ander persoon sê) is geen uitkoms moontlik nie. Hoor en luister moet dan tot optrede lei, soos deur verantwoordelikheid te aanvaar vir gebeure, en dit moet tot berou kan lei. Die onderstaande aanhaling vat dit mooi saam (toepaslike woorde vir hierdie artikel word gekursiveer):

---

10 "Elke Suid-Afrikaner dra 'n *verantwoordelikheid* om ons nuwe nasie te bou; om alle Suid-Afrikaners te versoen en te verenig; om mekaar te verstaan, veral mense uit 'n ander gemeenskap (as ons eie)." (De Freitas, 2012) (Eie kursivering.)

11 Vgl. Van Rooi (2017) asook die boek *Ons kom van vêr* van Carstens & Le Cordeur (reds.) (2016, 2019) waarin van hierdie stories gedeel word. Ook in Salzwedel se boek *Onvertelde stories van Afrikaans* (2012) kom van hierdie lank versweë stories na vore. Onbekend is onbemind lui die spreekwoord.

12 Oudredakteur van *Beeld* en *Rapport*.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a13

> Om werklik versoening te kan hê, moet daar *verantwoordelikheid* vir (die) *oortreding* geneem word en dus *opregte berou* ook wees. ... Daar kan nooit *vergifnis* wees sonder die neem van verantwoordelikheid nie. Indien ek teen my broer sondig en vergifnis wil hê, moet ek eers *opreg jammer* wees oor wat ek gedoen het, en dan teenoor hom *bely* dat ek hom te na gekom het en vergifnis wil hê. Daarna kan hy my van harte *vergewe* en kan daar *ware* versoening tussen ons wees. Nadat versoening plaasgevind het, is die *verhouding* tussen twee partye nie net *herstel* nie, maar in baie gevalle baie inniger en opreg.[13]

Dit is ook belangrik om te aanvaar dat as daar versoening is alle probleme in die land of in ’n gemeenskap nie eensklaps en outomaties opgelos is of sal ophou nie. Soos reeds hier bo genoem, is versoening hoegenaamd nie as gevolg van die swaai van ’n mitiese towerstaf nie, maar van harde en toegewyde werk, heel dikwels “agter die skerms”. Dit is egter ’n *manier* om geregtigheid te herstel, om *mense* sover te kry om deel te neem aan die *proses* van versoening sodat daar ’n wedersydse uitreik na mekaar kan plaasvind. As resultaat kan dit vreedsame saambestaan in ’n verskeurde land of gemeenskap oplewer.

## 4. Versoening in die Afrikaanse taalgemeenskap

> “Die Diensplig-generasie en die 16 Junie-generasie moet versoen.” (P Steyn, 2016b:1)

Die totstandkoming van die Afrikaanse Taalraad (ATR) op Saterdag 24 Mei 2008 in Wellington in die Wes-Kaap was die resultaat van ’n proses wat sedert Maart 2003 aan die gang was. Hierdie proses illustreer baie goed hoe versoening in die praktyk kan verloop.

*Let wel: Dit is belangrik om hier te meld dat versoening nog geensins volledig in die Afrikaanse taalgemeenskap gevestig geraak het as gevolg van die ATR-proses nie, maar dit wat reeds uit die proses na vore gevloei het, is belangrike bakens op ’n versoeningspad. Daar lê wel nog baie werk voor vir alle betrokkenes voordat ’n mens sou kon sê daar is ware versoening.*

Die gebeure rakende hierdie proses (wat geduur het van 2003 tot 2008) is in verskeie publikasies al goed beskryf, onder meer in die artikel “Op pad van ’n verdeelde na ’n gedeelde toekoms in die Afrikaanse taalgemeenskap: Die rol van die Afrikaanse Taalraad in die proses van versoening” van Carstens (2013) asook in die boek *Die storie van Afrikaans*, deel 2 (2019; hoofstuk 22) deur Carstens en Raidt en daar word daarom nie verder op detail ingegaan nie.[14] Lesers word daarheen verwys vir meer besonderhede oor stappe, fases, uitkomste, ens. omdat ruimte nie toelaat dat dit volledig hier beskryf word nie.

Die vraag mag nou wees hoekom die ATR so ’n belangrike rol speel? Die antwoord is betreklik maklik: Die ATR, en veral die *proses* wat gelei het tot die stigting van die ATR, het as doel gehad die geleidelike herstel van vertroue in mekaar as mense – dus onderlinge mense-verhoudinge – en om dan aan die hand daarvan ’n gerigte *versoeningsproses* aan die gang te sit. Dit is naamlik *mense* wat na mekaar moet uitreik sodat daar stadigaan die basis gevorm kan word vir saamwerk met die oog op ’n gemeenskaplike doelwit: ’n *inklusiewe* Afrikaanse gemeenskap, ’n gemeenskap wat niemand meer uitsluit nie. So ’n *proses* neem tyd en die feit dat dit in net meer as vyf jaar kon gebeur, is reeds ’n aanduiding van die behoefte wat in die sprekersgemeenskap bestaan het om nader aan mekaar te beweeg. Dat dit kon gebeur het in die lig van gebeure in die land bly steeds ’n enorme deurbraak en ook prestasie, gegewe die negatiewe agtergrond waarteen alles afgespeel het.

---

13 www.dievryburger.co.za/2013/12/wat-is-versoening/

14 Sien wel ook verder Prinsloo (2006a, 2006b, 2008a, 2008b) vir meer oor die proses en die uitkoms.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a13

Waarom was dit nodig om die gebroke bande in die Afrikaanse gemeenskap te herstel? Weer eens is die antwoord betreklik eenvoudig. Weens die omvang en impak van apartheid in die land het daar ’n groot gaping in verhoudinge tussen die wit, bruin en swart sprekersgemeenskap van Afrikaans ontstaan.[15] Dit is iets wat nie in ’n kort tyd herstel kan word nie. Daar moes dus ’n atmosfeer/klimaat geskep word waar die geleentheid tot gesprekke, tot praat, hoor en luister, benut kon word om ten minste te probeer om erge wantroue uit die weg te ruim. Dit was ondenkbaar dat die gemiddelde bruin spreker van Afrikaans die gemiddelde wit spreker van Afrikaans sou vertrou wat so ’n proses sou wou inisieer. Wat doen ’n mens dan?

Daar was ’n probleem (apartheid) wat skeiding tussen (wit en bruin) sprekers van Afrikaans gebring het. Op ’n stadium was daar ’n behoefte onder wit sprekers van Afrikaans om uit te reik na bruin sprekers van Afrikaans met as doel die herstel van menseverhoudinge onder sprekers van dieselfde taal. Die vyandskap teenoor wit sprekers was tasbaar en die uitreik van wit sprekers na hulle is met wantroue en agterdog bejeën. Die verwyt was duidelik: “Noudat Afrikaans in die moeilikheid is [ná 1994], is ons skielik goed genoeg om mee te praat.” Woede oor die pyn van apartheid was voelbaar.

Dit maak nie eintlik saak hoe ons dit stel of selfs wil ontken nie, die feit is dat apartheid soos ’n berg tussen wit, bruin en swart gelê het en dat wit sprekers van Afrikaans gediskrimineer het (doelbewus of onbewus) teen bruin en swart sprekers van Afrikaans, bloot op grond van die verskil van die kleur van hulle vel.[16] Wit is gereken as die meerdere en bruin/swart as die mindere. Die tragedie hiervan was dat daar aan beide kante van die spektrum sprekers van Afrikaans was en dat *velkleur* hulle verdeel het. Dat dit groot hartseer, lyding en enorme skade aan menseverhoudings meegebring het, is nie te betwyfel nie. Die klimaat vir gesprekke was dus nie positief nie.

In elke proses is daar egter voorlopers, mense wat bereid is om die verkennings- en aanvoorwerk te doen om met so ’n proses te begin.[17] Leierskap is dus van groot belang, met ander woorde mense (wat organisasies kan verteenwoordig) wat die moed het om na mekaar uit te reik ten einde ’n proses kans te gee om te begin. Iemand uit een party nader ’n leier uit die ander party en tussen hulle ontstaan ’n dinamika wat die konteks skep waarbinne gesprekke kan begin. Aan beide kante moet daar persone geïdentifiseer en betrek word wat die kerngroepe kan vorm vir die proses. In die geval van Afrikaans was daar gelukkig leiersfigure uit die bruin en wit gemeenskappe wat hulle bereidwilligheid getoon het om die proses ten minste ’n kans te gee nadat ’n soortgelyke proses in 1998 misluk het.[18]

---

15 “... ’n stelsel soos apartheid veroorsaak erge sielkundige trauma en (…) mense (ontwikkel) ’n ‘aangeleerde hulpeloosheid’ (…) wanneer hulle generasies lank as minderwaardig behandel word. … Die gevolge van apartheid word egter steeds gevoel. 7 miljoen mense is gedwing om te verskuif, gesinne het versplinter weens die trekarbeidstelsel, swart leiers is uitgesluit en daar was verontmensliking. Baie swart mense het trauma hieroor… Die psigososiale gevolge hiervan is magteloosheid, bestaansangs, woede, gebrekkige verdraagsaamheid, toename in misdadigheid en morele verval. (Prof. P. Joubert, aangehaal in Cilliers, 2014:2) (Eie kursivering.)

16 “As jy een van daai is wat dompaste gedra het, ’n permit moes loep vra as jy wou gaan kuier en in die straat [deur wit mense] rondgestamp is oorlat jy swart is, dan bly jou se hart ANC tot jy jou kop loep neerlê vir oulaas. … Ons het die wit kinders grootgemaak, *to the detriment of our own*. Daarom, my kind, oor daai lang pad, het ek vanoggend ANC gestem. *Die geskiedenis is belangrik*.” (Naniwe Hartlief van Eldoradopark, in ’n onderhoud in Van Wyk, 2014:5) (Eie kursivering.)

17 Vgl. Cilliers, S. 2011. Een van daardie “wow”-oomblikke. Afrikaanse organisasies deel nou hulle kennis. *Beeld*, 3 Feb. 2011, bl. 11.

18 Vgl. Steyn, JC. 1998. Nuwe aktiwiteite rondom Afrikaans: die totstandkoming van ’n ‘Afrikaanse Oorlegplatform’. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 38(4):253-264.

Daarna begin ’n fase van konsultasie met belanghebbendes, gesprekke met persone asook organisasies wat moontlik betrokke sou kon raak, talle opvolggesprekke, vergaderings, berade (in die geval van die ATR was daar etlike gefokuste nasionale berade tussen 2004 en 2007), konferensies, opvolgberade en -konferensies, die aanwys van ’n kerngroep (tussentydse bestuur) uit beide partye om die proses vorentoe te neem. Met verloop van tyd ontstaan daar wedersydse vertroue tussen die betrokkenes en ook organisasies en dit skep dan die klimaat en ruimte vir voortgesette gesprekke en dit wat daaruit voortspruit.

Die ATR is deur al hierdie fases via minstens drie tussentydse leiersgroepe (’n voortsettings-komitee, ’n Nasionale Forum vir Afrikaans, en ’n kernleiersgroep wat aangewys is deur belanghebbende organisasies) totdat uiteindelik op 24 Mei 2008 gesamentlik besluit is om die ATR tot stand te bring. Dit was slegs moontlik omdat daar verskeie konkrete stappe (dinge wat gedoen is) geneem is om tot op daardie punt te kom. Dus: praat, konsulteer, beplan en doen. Dat die leuse van die ATR “bemagtig, bevorder, beskerm” is, is derhalwe nie vreemd nie omdat dit die doel van die ATR is om deur hierdie aksies (doenstappe) saam te bou aan ’n gesamentlike en gemeenskaplike toekoms vir die Afrikaanse gemeenskap.[19] En sodoende word ’n inklusiewe prentjie van Afrikaans gevorm – en dit is dan gebou deur die mense sélf, niemand anders nie.

Die ATR (wat meer as 35 organisasies verteenwoordig)[20] en sy lidorganisasies doen steeds goeie werk in hierdie verband deur voortdurend die klimaat te skep – en in stand te hou waar nodig – vir die plaasvind van die proses as sodanig, maar die bydraes van *individue* bly te alle tye van kernbelang. Dit durf nie ’n geval te wees nie van “hulle” (bedoelende organisasies) doen dit so goed dat “ek” nie ook iets hoef te doen nie. Allermins. Elke individuele klein treetjie op die versoeningspad dra steeds by tot onderlinge versoening op die lang termyn. En op hierdie wyse word ’n nuwe inklusiewe verhaal vertel en geskep.[21]

Die voorstel van wyle Conrad Sidego (2016), oudambassadeur, -koerantman en -politikus, in hierdie verband maak derhalwe sin, naamlik dat daar ’n “behoefte aan ’n 12de amptelike taal, *die taal van versoening*” is, een wat konstant deur almal “gepraat” moet word.[22] Dit is ’n geval van “Kô laat ons sing” in die gevleuelde woorde van wyle prof. Adam Small, maar dan in die besonder met die aanpassing “Ko laat ons almal sáám sing en dans”. Slegs dan is daar ware versoening in Afrikaans bereik, want dit gaan ’n “grootsheid” van alle Afrikaanssprekendes verg om oor dit wat ons geskei het na mekaar uit te reik.[23]

---

19 “... die tyd het aangebreek dat die *wit, bruin en swart Afrikaanssprekers regtig hande vat*. Ons sal sekerlik nie altyd oor alles saamstem nie, en ons sal verskillende invalshoeke hê. ... Solank ons besef ons het dieselfde moeder. *En haar naam is Afrikaans (in al haar variante)*.” (Scholtz, 2015) (Eie kursivering.)

20 Vgl. https://www.afrikaansetaalraad.co.za/lidorganisasies/

21 “*Afrikaners en hul geskiedenis is een ding. Afrikaanssprekendes, bruin mense, swart African-mense, Moslem-mense, Indiër-mense, wit mense en deesdae African-buitelanders en hulle belewenisse as Afrikaanse taalsprekers is ’n ander*.” (Titus, 2016:23) (Eie kursivering.)

22 “Om onse Afrikaans te red, het ons ’n behoefte aan ’n 12de amptelike taal, die taal van versoening. ’n Versoening wat ’n grootsheid van ons almal sal verg. Groter as die oordadigheid waarteen die jeug 40 jaar gelede betoog het en sommige met hulle lewe geboet het. ’n Gees van vergifnis en kwytskelding. ’n Vergewensgesindheid van die voorheen verdruktes en ’n verootmoediging van die voorheen bevoordeeldes.” (Sidego, 2016:7) (Eie kursivering.)

23 “Afrikaans was die taal van die onderdrukker, maar berge is versit om dit ’n *versoeningstaal* te maak. Die stigma dat dit ’n witmanstaal is, is ook die nek ingeslaan.” (Dr. M. le Cordeur, soos aangehaal in Rademeyer, 2014:6) (Eie kursivering.)

## 5. Ten slotte

Versoening mag nie net ’n mooiklinkende woord wees nie. Dit moet ook konkreet gemaak word. En dit geskied wanneer mense mekaar leer ken en vertrou sodat daardeur afgebreekte brûe herbou kan word. Om tot op hierdie punt te kom, verg toewyding aan die ideaal van herstel, regstel en uitreik na mekaar. Dit bly steeds ’n keuse of mense hierdie roete wil neem, maar as mense nie wil deelneem aan die moeisame en veeleisende reis nie, is die alternatief moeilik om in woorde uit te druk. As ’n mens egter nie ’n verhaal vir jou gemeenskap het wat hoop gee nie, moet daar self een geskryf word en moet daar nie gewag word dat iemand anders dit vir jou doen nie omdat daar nie eienaarskap van die uitkoms geneem word nie.[24] Dit is wat sedert 2003 in die Afrikaanse gemeenskap gebeur het. Sodoende het die versoeningsverhaal van die ATR se opkoms en ontstaan vir die Afrikaanse gemeenskap ’n storie van hoop en positiwiteit geword. En dit is iets waarop gebou kan word.

*Let Wel: Die bydrae hier bo is nie bedoel as bloudruk nie. Dit is eerder die beskryf van ’n proses wat wat deurloop is om tot ’n bepaalde uitkoms te kan kom, een wat geslaag het en daartoe gelei het dat ’n inklusiewe en verteenwoordigende Afrikaanse liggaam tot stand gekom het. In hierdie opsig is dit ’n suksesverhaal van versoening en daarom word dit hier gedeel.*

## BILIOGRAFIE[25]


Burger, I. 2016. Geen kortpad na ware versoening. *Beeld*, 22 Junie 2016, bl. 21.

Carstens, WAM. 2012. Versoening in Afrikaans – Is dit haalbaar? DF Malherbe-gedenklesing 31. Bloemfontein, Universiteit van die Vrystaat, 28 Mei 2012. *Acta Varia*.

Carstens, WAM. 2013. Op pad van ’n verdeelde na ’n gedeelde toekoms in die Afrikaanse taalgemeenskap: Die rol van die Afrikaanse Taalraad in die proses van versoening. *LitNet Akademies,* 10(1):447-483.

Carstens, WAM & M le Cordeur (reds.). 2016, 2019 (2de uitgawe). *Ons kom van vêr*. Kaapstad: Naledi Online.

Carstens, WAM & EH Raidt. 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van ’n taal*. Deel 2: Die Afrikageskiedenis van Afrikaans. Pretoria: Protea Boekhuis.

Cilliers, S. 2011. Een van daardie “wow”-oomblikke. Afrikaanse organisasies deel nou hulle kennis. *Beeld,* 3 Feb. 2011, bl. 11.

Cilliers, S. 2014. Apartheid: mens kan lyding nie gou vergeet. *Beeld*, 10 Maart 2014, bl. 2.

De Freitas, M. 2012. Modelle se berou eggo deur nasie. *Die Burger*, 16 Mei, bl. 10.

Du Plessis, T. 2013. Afskeid van versoening. *Weekliks, Rapport*, 14 Jul. 2013, bl. 2.

Hanekom, B. 2016a. Die 5 V’s agter die groot R. *Rapport Weekliks,* 31 Jan. 2016, bl. 5.

Hanekom, B. 2016b. Restitusie is ten diepste ’n geloofsaak. Geplaas 16 Nov. 2016. http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/restitusie-is-ten-diepsten-geloofsaak-20161115#.

Harris, V. 2017. What Happened To The Reconcilation Project? Geplaas 27 Sept. 2017. http://www.huffingtonpost.co.za/verne-harris/what-happened-to-the-reconcilation-project_a_23223150/?utm_hp_ref=za-voices.

James, W 2012. We so easily talk past each other. *The Star*, 14 Jul. 2012, bl. 14.

Jones, C. 2013. Versoening: g’n kortpad. *Die Burger*, 28 Des. 2013, bl. 15.

Jordaan, W. 2013. Kennis van gister nodig vir beter toekoms. *Die Burger*, 17 Des. 2013, bl. 18.


[24] “Die krisis van die Afrikaanssprekende gemeenskap is dat ons tans nie ’n *positiewe samehangende verhaal* het om te beskryf wie ons is nie. So, wat doen ’n mens as jy nie ’n verhaal het wat jou hoop gee nie?” (Kok, 2017:18) (Eie kursivering.)

[25] Heelwat van die bronverwysings is na populêre artikels in koerante en webblaaie (waar resente gebeure gerapporteer word) waarin die dinamiese (vinnig ontwikkelende) aard van die versoeningsproses goed weerspieël word. Tradisionale akademiese bronne (boeke, akademiese artikels, verhandelinge, proefskrifte) neem langer om te verskyn.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a13

Kok, K. 2017. Verhale van hoop nou nodig. *By*, *Beeld*, 18 Feb. 2017, bl. 18.
Kuyler, D. 2016. Moenie dat verlede jou agterhaal. Geplaas 16 Sept. 2016. http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/dawid-kuyler-moenie-dat-verlede-jou-agterhaal-20160916
Lotter, GA. 1996. Forgiveness in Post-Apartheid South Africa. *Acta Theologica*, 16(2):120-132.
Lotter, GA. 2000. Versoening en moontlike versoeningsimbole in die hedendaagse Suid-Afrika. *Koers,* 65(2): 223–235.
Luther, J, F Pheiffer & RH Gouws (reds.). 2015 (6de, hersiene uitgawe). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson.
Nel, R. 2016. Vergifnis is ’n keuse wat ’n mens uitoefen. *Beeld*, 16 Maart 2016, bl. 11.
Nel, R. 2017. Versoening is pad na nuwe bestemming. *Beeld*, 10 Mei 2017, bl. 19.
Prinsloo, KP (red.). 2006a. *Op pad na ’n Taalstrategie vir Afrikaans*. Verslag gereproduseer deur *Content Solutions* en versprei deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Maart 2006.
Prinsloo, KP. 2006b. Towards a language strategy for Afrikaans: the process before, during and after the Afrikaans Language Indaba of 2004 in Stellenbosch. *In* Webb, VN & LT du Plessis (eds). 2006. *The politics of language in South Africa*. Pretoria: J.L. van Schaik.
Prinsloo, KP (red.). 2008a. *Die Afrikaanse “ons” en die nodigheid van ’n Afrikaanse Taalraad*. Verslag gereproduseer deur CRINK en versprei deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, April 2008.
Prinsloo, KP. (red.). 2008b. *Die Afrikaanse Taalraad kom tot stand*. Verslag gereproduseer deur CRINK en versprei deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Nov. 2008.
Rademeyer, A . 2014. ‘Inklusiwiteit sal Afrikaans almal se taal maak.’ *Beeld,* 18 Jan. 2014, bl. 6.
Rooi, J. 2015a. Eerder kake wat swaai as appels. *Rapport Weekliks,* 14 Jun. 2015, bl. 6.
Rooi, J. 2015b. Óns moet versoen, nie die regering, sê Vlok. *Rapport*, 20 Des. 2015, bl. 6.
Rooi, J. 2015c. ’76-opstande se twee kante ontmoet. *Rapport*, 20 Des. 2015, bl. 6.
Rooi, J. 2015d. ‘SA se mense weet te min van mekaar’. *Rapport Weekliks*, 12 Des. 2015, bl. 3.
Salzwedel, I. 2012. *Onvertelde stories van Afrikaans*. Pretoria: LAPA.
Scholtz, L. 2014. Laat ons net verder vorder. *Die Burger*, 13 Jun. 2014.
Scholtz, L. 2015. Vat nou hande oor Afrikaans. *Die Burger*, 3 Des. 2015, bl. 16.
Sidego, C. 2016. Ons benodig ’n ‘12de’ amptelike taal. *Rapport Weekliks*, 10 Julie 2016, bl. 7.
Steyn, JC. 1998. Nuwe aktiwiteite rondom Afrikaans: die totstandkoming van ’n ‘Afrikaanse Oorlegplatform’. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 38(4):253-264.
Steyn, P. 2016. Kerke vat oud-troepe na Soweto. *Beeld*, 3 Mei 2016, bl. 1.
Titus, D. 2016. Sleutel tot oorlewing. *Beeld*, 4 Mei 2016, bl. 23.
Van Rooi, L. 2017. Stories kan ons bymekaar bring. *Rapport Weekliks*, 5 Maart 2017, bl. 4-5.
Van Wyk, P. 2014. ‘Dán bly jou se hart ANC’. *Beeld*, 8 Mei 2014, bl. 5.
Wessels, L. 2012. My voete loop na Worcester, waar versoening lewe kry. *By*, *Beeld*, 20 Okt., bl. 4-5.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a13

# Beste Cornelis! Brieven van Johanna van Warmelo en Mevr. Marie M.E. van Warmelo-Maré aan jhr. Cornelis Beelaerts van Blokland

***Dear Cornelis! Letters from Johanna van Warmelo and Mrs. Marie M.E. van Warmelo-Maré to Mr. Cornelis Beelaerts van Blokland***

**GJ (Gerrit) Schutte**
Emeritus hoogleraar
Geschiedenis van het Nederlandse protestantisme
Vrije Universiteit Amsterdam
Professor Extraordinarius
Department of History
University of South Africa, Pretoria
E-pos: gj.schutte31@gmail.com



Gerrit Schutte

| | |
|---|---|
| **GJ (Gerrit) Schutte** is in het bijzonder geïnteresseerd in de geschiedenis van het Nederlands Protestantisme, de Verenigde Oost-Indische Compagnie en de betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika. Recente publicaties van zijn hand zijn *Koloniaal Kaapstad in 1751-1752. Brieven van de tante Ten Damme aan hun nichtjes Swellengrebel* (Amsterdam 2020), (met Boris Gorelik) "Dutch Trade and Patronage Networks in early modern Russia and the VOC Cape" (*Historia* 66, 2021, pp. 39-60) en "The NZAV and Magic Lantern Slides" (*Magic Visions: portraying and inventing South Africa with lantern slides* (Amsterdam 2022, pp. 576-78). | **GJ (Gerrit) Schutte** is particularly interested in the history of Dutch Protestantism, the Dutch East India Company and relations between the Netherlands and South Africa. His recent publications are *Koloniaal Kaapstad in 1751-1752. Brieven van de tantes Ten Damme aan hun nichtjes Swellengrebel* (Amsterdam 2020), (with Boris Gorelik) "Dutch Trade and Patronage Networks in early modern Russia and the VOC Cape" (*Historia* 66, 2021, pp. 39-60) and "The NZAV and Magic Lantern Slides", *Magic Visions: portraying and inventing South Africa with lantern slides (*Amsterdam 2022, pp. 576-78). |

**Datums:**
Ontvang: 2023-03-16 Goedgekeur: 2023-10-24 Gepubliseer: Desember 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

**ABSTRACT**

***Dear Cornelis! Letters from Johanna van Warmelo and Mrs. Marie M.E. van Warmelo-Maré to Mr. Cornelis Beelaerts van Blokland***

*Jhr.dr. Cornelis Beelaerts van Blokland (1873–1948), son of envoy of the South African Republic Jhr.mr. G.J.Th. Beelaerts van Blokland, went to school in Pretoria from 1884 to 1886 and worked there from 1896 to 1897. He was friends with the Van Warmelo family. He maintained correspondence with both the daughter Johanna van Warmelo and her mother Marie van Warmelo-Maré. Johanna is a well-known diarist, her letters provide interesting additions to this and provide different emphases. At least as interesting are her mother's letters, especially about their social and psychological post-war trauma. The letters were recently discovered in the archive of C. Beelaerts van Blokland.*

**SAMENVATTING**

Jhr.dr. Cornelis Beelaerts van Blokland (1873–1948), zoon van gezant van de Zuid-Afrikaansche Republiek Jhr.mr. G.J.Th. Beelaerts van Blokland, ging 1884–1886 school in Pretoria en werkte er 1896–1897. Hij was bevriend met het gezin Van Warmelo. Hij onderhield briefwisseling met zowel dochter Johanna van Warmelo als haar moeder Marie van Warmelo-Maré. Johanna is bekend als dagboekschrijfster, haar brieven geven daarop interessante aanvullingen en leggen andere klemtonen. Minstens zo interessante zijn de brieven van haar moeder, met name over hun sociale en psychische na-oorlogse traumata. De brieven zijn onlangs ontdekt in het archief van Beelaerts van Blokland.

**KEYWORDS:** Cornelis Beelaerts van Blokland, Johanna van Warmelo, Marie van Warmelo-Maré, Anglo-Boer War; post-war traumata

**TREFWOORDEN:** Cornelis Beelaerts van Blokland, Johanna van Warmelo; mevr. Marie M.H. van Warmelo-Maré, Anglo-Boerenoorlog, na-oorlogse traumata

Johanna Brandt-van Warmelo en haar moeder M.M.E. van Warmelo-Maré behoeven nauwelijks voorgesteld te worden.[1] Marie van Warmelo-Maré (1850-1916[2]), sinds 1892 weduwe van ds. N.J. van Warmelo, was bewoonster van het landgoed Harmony (Sunnyside, Pretoria), dat tijdens de Britse bezetting van Pretoria in 1900-1902 aan alle kanten omgeven werd door Engelse kampementen. Desondanks verleende zij samen met haar dochter Johanna (1876-1964), die als verpleegster fungeerde in het concentratiekamp te Irene, gastvrijheid en medewerking aan Boerenspionnen. Johanna (vanaf 1902 mevr. Brandt) beschreef hun ervaringen in *Het Concentratie-kamp van Iréne* (1905), *Het Kappie Kommando* (1913) en *Millennium* (1918).[3]

1 D.J.D. Taljard & P.J. van der Merwe, "Enkele grondbeskouings van Johanna Brandt se denke", *Herv.Teol. Studies* 49, (1993) 267-280; Bep du Toit, *Die verhaal van Johanna Brandt. Een roman* (Pretoria 1999); Rita van der Merwe, *Johanna Brandt en die kritieke jare in die Transvaal 1899-1908* (Pretoria 2004); *The War Diary of Johanna Brandt*. Ed. Jackie Grobler (Pretoria 2007); M.E. van der Merwe, *'n Historiese perspektief op die kontroversiële lewe van Johanna Brandt (1876-1964)* Ph.D., University Pretoria 2016.

2 Volgens Johanna Brandt, "*Die Millennium*" (Bloemfontein 1918. 3de druk) 94 overleed zij 2 december 1916, op Harmony.

3 *The Irene Concentration Camp* (London 1904) - *Het concentratie-kamp van Iréne* (Amsterdam-Kaapstad: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, v/h Jacques Dusseau & Co., 1905); *The Petticoat Commando, of Boer Women in Secret Service* (London1913) – "*Die*

Johanna was een ijver dagboekschrijfster en erkende dat royaal. Al in het Voorwoord van haar eerste boek, *Het Concentratie-Kamp van Iréne*, gedateerd *"Pastorie". Niezijl (Gron.) 1903,* meldde zij dat zij daarin haar "dag-boek, in het kamp zelf geschreven" publiceerde. Ook de beide andere hiervoor genoemde boeken waren gebaseerd op dagboek-aantekeningen, die echter feitelijk slechts een beperkte selectie uit haar dagboekaantekeningen vormden, zo leert het in 2007 verschenen volumineuze *The War Diary of Johanna Brandt* – 430 bladzijden alleen voor de periode van oktober 1899 tot april 1902!

Johanna verzorgde tegelijkertijd nog een uitvoerige briefwisseling, die echter slechts uit enkele aanhalingen in enkele biografische studies bekend is.[4] Zij had immers een wijde kring van vrienden en kennissen.. Op éen van die correspondenten wijst haar dagboek van 7 maart 1901: *"Had …. a postcard from Cornelis Beelaerts"* en zes weken later (26 april 1901) *"we had very nice letters from Holland yesterday, from Tante Kee, Emilia and Cornelis"*.[5] Jackie Grobler, uitgever van haar oorlogsdagboek, annoteerde Cornelis als: *"probably C. Beelaerts van Blokland, a prominent inhabitant of Utrecht in The Netherlands, who corresponded with the diarist earlier in the war"*.[6]

Het archief van het Zuid-Afrika Huis in Amsterdam bewaart de archivale neerslag van de betrokkenheid van C. Beelaerts van Blokland met Zuid-Afrika. Daaronder zes brieven, ontvangen van Johanna van Warmelo uit de periode maart 1899 – februari 1902 en zeven van haar moeder uit januari 1900 tot augustus 1907, twee van Johanna's broer Dietlof (1901, 1902) en éen van broer Willem (1903).[7]

Die zes brieven van Johanna geven regelmatig aanvullingen op de dagboekaantekeningen, wijzen op andere aspecten en leggen de klemtoon soms anders. In haar dagboek was Johanna nauwelijks geremd, hooguit soms met een blik op de spiegel; in deze brieven was zij ook openhartig, maar zij wist wat zij kwijt wist aan de ander, een leeftijdgenoot, een goede vriend en Hollander; bovendien was zij zich bewust dat in 1901–1902 de censor meelas. Ook over het na-oorlogse leven van Johanna is tamelijk veel bekend. Zij reisde nog net voor het einde van de Anglo-Boerenoorlog naar Europa, liep wat rond door Londen en stak over naar Nederland en trouwde er in augustus 1902 met de Nederlandse predikant ds. L.E. Brandt, die in april 1904 voorganger op de Nederduits Hervormde kerk van Zoutpansberg/Pietersburg werd. Johanna begon daar met het geven van de scholing van arme Boeren kinderen en de emancipatie van de vrouwen, ook sociaal-economisch, bijvoorbeeld met huisnijverheid.[8] werd medestichter van de landelijke en ook de internationale vrouwenbeweging, bekend als spreekster en schrijfster-propagandiste van natuurgeneeskunde en esoterische, pantheïstische religieuze opvattingen over mens en samenleving. Een (inter)nationale persoonlijkheid. Welke

*Kappiekommando" of Boeren-vrouwen in geheime dienst* (Amsterdam: J.H. de Bussy) 1913, 2e druk 1915, Afrikaanse vertaling Kaapstad 1958; *The Millennium* (1918) – *Die Millennium. Een Voorspelling* (1918).

4 Met name in de dissertatie van mevr. Van der Merwe, *'n Historiese perspektief.*

5 *Diary*, 111, March 7th, 1901; 170 April 26th, 1901. Tante Kee: Cornelia ten Bosch, tante aan de kant van de familie Warmelo; Emilia Frijlinck, vriendin en later de vrouw van Willem van Warmelo.

6 *Diary,* 111 nt 180: See Archives of the NHK van Afrika, Pretoria, L.A. Brandt Collection, IX/165, unsorted, C. Beelaerts van Blokland – Joh. van Warmelo, 22 November 1899.[ten rechte: 22 October 1899: Argief NHK Pretoria Brandt-van Warmelo 165; info N. Sarkady, argivaris].

7 Archief Zuid-Afrika Huis, Amsterdam, Collectie 003 inv. nr 20 Brieven van Mw. Marie A.E. van Warmelo-Maré, haar kinderen Dietlof, Willem en Johanna.

8 Zij wierf financiële steun ervoor o.a. bij de Nederlandse Pro-Boer organisaties: brief Pietersburg 18.12.1906 aan H.J. Emous, Amsterdam (Archief Zuid-Afrika Huis, Amsterdam. Collectie H.J. Emous inv,. nr 2).

aanwijzingen gaven haar brieven aan Beelaerts van Blokland voor haar latere ontwikkeling?

Over de persoonlijkheid van mevrouw Van Warmelo-Maré, afgezien de jaren 1899–1902, is weinig bekend – Adriaan Pont noemt haar in de biografie van haar echtgenoot feitelijk alleen als zij weer een kind gebaard had.[9] De brieven van Marie van Warmelo-Maré aan Beelaerts van Blokland zijn verrassend. Ze geven niet alleen gegevens over de eerste naoorlogse jaren van haar dochter, maar vooral ook over haar eigen persoonlijkheid, mentaliteit en geestelijke ontwikkeling in de eerste handvol jaren na mei 1902. Minder radicaal als haar dochter, groeide ook zij weg van de traditionele religiositeit. Dat doet vragen naar de geestelijke leiderschap die hen gevormd had, voor beiden ds. N.J. van Warmelo, als echtgenoot dan wel vader, en voor Johanna ook ds. L.E. Brandt.

Eerst echter: wie was die voor Johanna *Beste* en haar moeder *Lieve Cees*?

*Jhr.dr. C. Beelaerts van Blokland*

Een "*prominent inhabitant"* was Jonkheer dr. Cornelis (Kees) Beelaerts van Blokland (1 mei 1873 –14 april 1948) in 1901 in Utrecht niet, hij woonde er nog maar een paar jaar en was een nog niet erg belangrijke beambte op het Hoofdkantoor van de Staatsspoorwegen. Maar zijn familienaam was bijzonder en de postbodes kenden toen de mensen.[10] Zijn vader was ook bekend, de Haagse Jonkheer mr. G.J. Th. Beelaerts van Blokland (1843–1897), ambtenaar in het ministerie van Buitenlandse Zaken, lid en voorzitter van de Tweede Kamer. En in 1883–1884 adviseur van de Transvaalse Deputatie bestaande uit S.J.P. Kruger, genl. N. J. Smit en ds. S.J. du Toit. Hij begeleidde hen bij de onderhandelingen over de zelfstandigheid in Londen en hun reis door Europa erna; in 1884 deed hij dat als Transvaals minister-resident, vanaf 1889 als gezant van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Het *Nieuws van den Dag* meldde op 19 juni 1884 dat zijn zoon [de 11-jarige] C. Beelaerts van Blokland "zo enthousiast was voor Zuid-Afrika, dat generaal Smit hem voor enkele jaren meenam naar Pretoria".

En zo werd Cornelis (inwonend) leerling van de school van meester Wessel Louis in Pretoria, 1884–1887.[11] Terug in Nederland volgde hij nog enkele jaren gymnasium en studeerde daarop rechten in Leiden. In 1896, net gepromoveerd, verloofd met Meta Havelaar, zonder baan en onzeker welke te vinden, ging Cornelis opnieuw naar Pretoria. Hij schreef in 1897–1898 een bijna dagelijks levendig verslag van zijn belevenissen en publiceerde in 1943 een selectie ervan.[12]

Uitgeleid door zijn ouders en oudste zuster stapte hij begin september 1896 te Londen aan boord van de Dunvegan Castle, waarmee hij in 1887 uit Zuid-Afrika teruggekomen was. Op 26 september 1896 in Pretoria aangekomen, huurde hij een kamer op de Pretoria Club en wandelde de volgende dag naar het Kruger-huis. "*So is jy daar eindlik, ek het gedenk dat jy vir ons vergeet het"*, zei de President en ook mevrouw Kruger verwelkomde "Van Blokland" hartelijk – in 1884 had zij hem verzekerd, "dat ik haar nu maar als mijn Afrikaansche pleegmoeder moest beschouwen" schreef Cornelis veel later, "en sedert dien dag kwam ik er

9 A.D. Pont, *Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835-1892* (Utrecht 1955);

10 Grobler zal dat "prominent inhabitant" wel hebben ontleend aan de brief van Mevr. Van Warmelo van 12 10.1903, die het adres van Cornelis niet bij de hand had.

11 G.J. Schutte, "Scholier in Transvaal,1884-1887, in Spectrum Zuid-Afrika" https://w.w.w.zuidafrikahuis.nl.2023/03/30/scholier-in-transvaal-1884-1887/ Gebaseerd op Zuid-Afrika Huis, Amsterdam: Archief Collectie 003 C. Beelaerts van Blokland inv. nr 21.

12 Dagboek in familiebezit C. Beelaerts van Blokland, Vreeland; C. Beelaerts van Blokland, *Transvaal* II (1943).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

gedurende mijn 3-jarig verblijf te Pretoria bijna dagelijks aan huis, was er altijd even welkom en in den volsten zin des woord als kind in huis".

Dagelijks ontmoette hij oude vrienden en kennissen. Op 3 oktober 's middags bracht hij een bezoek bij "*Mevr. Van Warmelo, de weduwe van Ds. Van Warmelo bij wien ik in 1886 te Heidelberg logeerde, Dietlof, de oudste zoon is een groote vriend van me en is na een verblijf van 6 jaar in Nederland teruggekeerd omdat zijn hart niet in orde was.*[13] *Mevr. woont op Sunnyside in een eenvoudig maar praktisch buitenhuis met grooten tuin (Harmony geheeten). Ik werd onthaald in heerlijke vruchten en moest nog eens gauw terugkomen. Er volgde nu een visite bij zijn zuster, Mevr. Cloete, mij ook van vroeger bekend, gehuwd met den waarnemenden Britschen agent, zij was nog even vriendelijk en is nu een van de erkende beauties van Pretoria"*.[14] Minder had Beelaerts te spreken over een (tweede) bezoek (om "over een betrekking te spreken") aan Staatssecretaris Dr. W.J. Leyds. "*Hij was uiterst minzaam doch kon momenteel niets voor me doen. Van dien kant schijn ik op weinig medewerking te kunnen rekenen"*. A.R. Sawyer,[15] een medepassagier op de Dunvegan Castle, benoemde hem tot agent te Pretoria van zijn mijnbedrijf in Heidelberg, maar Cornelis bleef zoeken, schreef wat artikelen voor de *Volksstem* en deed onderzoekjes voor bevriende advocaten en procureurs.

Het sociale leven ging intussen door. "*Een avondpartijtje bij mevr. v. Warmelo slaagde best. Er werd piano gespeeld en gezongen (niet door mij). De gasten waren ds. Spoelstra met echtgenoote, freule Bregje v.d. Poll en Mevr. Cloete.*[16] *De gastvrouw vertelde mij dat zij in Mei voor een jaar naar Europa te gaan en vroeg of ik dan zoolang bij haar zoon op Harmony mijn intrek wilde nemen"*. Een tijdje later vroeg mevr. Van Warmelo hem "*of ik tijdens de afwezigheid van haar zoon een poosje kwam logeeren. Het is daar buiten voor 2 alleen wonende dames nog al eenzaam. Ik heb dit gaarne aangenomen"*. "*Tegen 3 uur [op 13 december 1896] landde ik op Harmony, bij Mevr. Van Warmelo aan. Het was flink warm (88 graden) maar hier buiten heerlijk. … Ik logeer op de kamer van Dietlof naast de deur, de tweede zoon, Willem, studeert te Delft en de derde, Frits, te Londen. De jongste dochter, Johanna, is al nog thuis, maar zij is verloofd met een zekeren Karel de Kock uit Johannesburg"*.[17] "*Sedert ik hier buiten woon richt ik 't gewoonlijk zoo in dat ik na 't ontbijt naar de club fiets, daar blijf werken, lezen en lunchen en doorgaans ook blijf eten om mijn gastvrouw niet te veel tot last te zijn. Soms ga ik echter tegen half 4 naar Harmony terug om daar een kopje thee te drinken. Mevr. en Johanna rusten altijd tot 3 uur. Mevr. is in alle opzichten even handig, timmeren, soldeeren, tuinwerk, boter maken, brood bakken, enz. Alles doet ze zelf met dochter of kaffermeid, zoomede een kaffer voor den tuin. Soms krijgen we bezoek en dan zorg ik ervoor om zoo mogelijk thuis te zijn. 's Avonds wordt er veelal 't een of andere spelletje gedaan'*.

Harmony, schreef hij wat dagen later, "*is momenteel een waar vruchtenparadijs, een overvloed van peren en aardbeien. Gisteravond hoorden wij leven in den tuin, zoodat ik,*

13 Dietlof Siegfried van Warmelo (1870–1966).

14 Christina Deliana (Line) van Warmelo (22.9.1870), getrouwd met Henry Cloete (1845–1920), procureur, Brits sub-agent te Pretoria.

15 Arthur Robert Sawyer (overleden 1933), geoloog en mijningenieur, kenner van mijnwetgeving en prospector naar een goudader in Heidelberg (SABW IV, 567).

16 Ds. C. Spoelstra (1860-1918), sinds 1896 predikant van de Ned. Hervormde Kerk te Pretoria; vgl. "Het zwarte schaap Spoelstra" in G.J. Schutte, *Op de zolder van de Keizersgracht* (Amsterdam 2014) 55-59; Jvr. Bregje Agatha Georgina van de Poll (Amersfoort 18.12.1867, dochter van de president van de rechtbank in Amersfoort, en een zuster van Jhr. Hendrik van de Poll, grondeigenaar op Dullstroom, Transvaal).

17 Willem van Warmelo (1874-1948); Frederik (Fritz, Frits) van Warmelo (1878-1943); Zie voor de verloving van Johanna hieronder nt 20.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

*denkende aan de perendieven, naar buiten stormde met 't geweer (geladen met een zoutpatroon), schoot in de lucht om van onze waakzaamheid te doen blijken doch ontdekte geen onraad"*.

"*Op Kerstdag aan 't ontbijt zittende kwam de meid binnen met een grooten mand gevuld met pakjes (christmasbox), er zat voor een ieder iets in. Daarna bezocht ik de kerk. Gedurende 9 ½ jaar heeft de school van Louis als zoodanig dienst gedaan en nu wordt de nieuwe hulpkerk ingewijd. Alle officieele menschen waren aanwezig, het was echter vrij vervelend om alle bedankjes aan te hooren"*.

"*Wegens de warmte werd besloten buiten onder een boom in den tuin te eten. Het tafellaken werd met 6 klippen tegen opwaaien beveiligd en wij lagen of zaten er om heen. Het diner bestond uit kip, kool, aardappels, sla en plumpudding met een flesch oude Rijnwijn, koffie en een sigaar; vruchten eten we den geheelen dag. Tweede Kerstdag was er 's midddags een feest bij den consul [F.G. Domela Nieuwenhuis]. De elite van de Pretoriaansche wereld was er vertegenwoordigd …."*

"*Dikwijls help ik op Harmony ook wat in den tuin bv. met 't leiden van water langs de vruchtboomen, aardbeien enz. en 't begieten van planten en bloemen in olieblikken (potten hebben ze hier niet), 't geen vooral in deze warmte wel noodig is. Daarna volgt veelal een wandeling met Johanna. Zoo werd bv. de Timeball berg ten Zuiden van Pretoria bestegen. We gingen een eind langs de spoorbaan en stappende van den eenen dwarsligger op den volgende over een viadukt met een afgrondje van 12 M onder ons. De tallooze klippen maakten het klimmen vermoeiend. Ook bezochten wij op een onzer wandelingen de Travenna brouwerij alsook een dal beplant met jonge eucalyptusboomen achter de brickyards bij de Fonteinen"*.

Intussen werkte Beelaerts als volontair en studeerde voor het diploma voor procureur, dat hij eind januari behaalde. Dietlof kwam weer thuis en daarom huurde Beelaerts met ingang van februari 1897 een kamer in het dorp, maar bijna dagelijks kwam hij toch op Harmony en werd er "*terdege bedorven met heerlijkheden en vooral vruchten, hetgeen bij een hitte als thans (95 graden) wel van pas komt"*. Dan krijgt hij het aanbod van een betrekking bij de Staatsspoorwegen in Utrecht (Nederland) en nam dat aan, bracht zijn laatste zondag "*als gebruikelijk door op Harmony"* en verliet de volgende dag, 5 maart 1897 Pretoria. Op een van de paar dagen in Kaapstad voordat de R.M.S. Moor vertrok, groette hij mevr. Cloete-van Warmelo, die enige tijd geleden van Pretoria naar de Kaap was verhuisd en nu woonde op "Alphen": "*het landgoed der Cloetes is een eerwaardig oud-Hollandsch huis uit den tijd der V.O.I.C., met daarvoor een groot voorplein met prachtig hout"*, noteerde Cornelis. Op 28 maart 1897 was hij terug in Nederland – elf dagen eerder was zijn vader door "*een buitengewone talrijke menigte van rouwdragenden"* op de Haagse begraafplaats Eikenduinen begraven.[18] Op 20 april 1897 trad Jhr. dr. Cornelis Beelaerts van Blokland in dienst van de Maatschappij tot Exploitatie van Staatsspoorwegen, waar hij later secretaris van het bestuur werd en gedurende zijn werkzame leven bleef dienen. Op 14 april 1898 trouwde hij met Meta Havelaar.[19]

Het contact met de familie Van Warmelo bleef. Een paar maanden na Beelaerts reisden ook moeder en dochter Van Warmelo naar Europa om er de tweede helft van 1897 te verblijven, met name ook in Nederland. Kennelijk hebben zij ook de familie Beelaerts bezocht, want in de latere briefwisseling aan Cornelis liet Mevr. van Warmelo in elke brief haar groeten

18 J.H. Hora Siccama, "Levensbericht G.J.Th. Beelaerts van Blokland", *Jaarboek Maatschappij der Ned. Letterkunde* 1900, 288.

19 Margaretha Elisabeth Maria (Meta) Havelaar (22.8.1873 Utrecht, dochter van J.P. Havelaar (ambtenaar Waterstaat, minister, lid Staten-Generaal; commissaris Staatsspoorweg).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

overbrengen aan zijn moeder en grootmoeder. Contact tussen de beide families was er ook door haar zoon Willem, die in Nederland studeerde.

*Briefwisseling*

De door Cornelis Beelaerts van Blokland bewaarde brieven van Johanna en haar moeder waren geschreven in het Engels of het Nederlands, met zo nu en dan wat Afrikaans erin. Johanna en Cornelis schreven elkaar in het Engels (door Johanna´s haar Kaapse Engelse kostschool, ook haar dagboek was in het Engels!). Cornelis ging in oktober 1899 direct over op het Nederlands en ook Johanna begreep dat het vreemd was niet in zijn en haar moedertaal te schrijven – alleen direct na de Engelse bezetting van Pretoria en de invoering van censuur op brieven schreef zij een Engelse brief. Haar moeder begon in het Nederlands en ging om diezelfde censor over in het Engels – maar zij bleef schrijven in het Engels, ook na de vrede, als zij in een Engelssprekende omgeving verbleef. Totdat zij terug was in Pretoria, toen keerde zij terug naar het Nederlands. Het typeerde moeder en dochter Van Warmelo, zoals zoveel andere Afrikaners: de Britse politiek verfoeiden zij, streden tegen Engeland in de oorlog en gevoelden "*het gevoel van bittere haat zal nooit sterven*". Tegelijkertijd geven hun brieven van houdingen en gedragingen die toegeschreven worden aan een Gentlemen War. Ook hun na-oorlogse brieven toonden geen radicale Afrikaner nationalistische mentaliteit: als mensen, hun taal en cultuur, waardeerden zij de Engelsen, deelden hun taal en cultuur veelszins.

De brieven van Johanna en haar moeder waren heel persoonlijk, emotioneel, eerlijk, zelfbewust. "*Mevr.[van Warmelo] is in alle opzichten even handig, timmeren, soldeeren, tuinwerk, boter maken, brood bakken, enz. Alles doet ze zelf*", constateerde Cornelis Beelaerts met een combinatie van verbazing en duidelijke bewondering – in zijn Haagse kring waren die activiteiten voor vrouwen *not done*. Want tegelijkertijd bewoog zij zich in de salons en partijtjes van de Transvaalse maatschappelijke en politieke elite. En zij handhaafde zich tegenover de Engelse officieren en administrateurs. Ze was een plattelandskind van Voortrekker-ouders, maar ze had kennelijk een heel goede opvoeding gekregen en ontwikkelde tot een opmerkelijke persoonlijkheid. Wat Johanna en zij in de oorlogsjaren beleefden, was een boek waard, besefte mevrouw Van Warmelo. Zij verwoordde ook wat de oorlog voor haar, voor alle vrouwen, betekende: "*wij allen hebben zenuwen van de oorlog*" (Brief 9, 12 oktober1903). Johanna deelde in diezelfde spanningen en verwoordde die "zenuwen" met uitroepen als "*Mijn arme herzens wil nie meer werk nie!*" en "*Ik moet weer jong en gelukkig worden. Als dat mogelijk is*". (Brief 4, 13 januari 1901). Aan het einde van de oorlog ging zij naar Europa, vluchtte naar Lou Brandt, trouwde hem – maar pas na jaren overwon zij haar posttraumatische problemen. Haar moeder was jaren lang afhankelijk van de zorg van haar dochter Line op "Alphen", onderging alternatieve medische behandelingen, modder- en zeebaden, strand-vakanties – homeopatie was toen in breder kring "in".[20] Johanna werd later bekend door haar extreme druivenkuur en een ziekenhuisje op basis van natuurgeneeskunde – zij had dat alternatieve kennelijk van haar moeder.

Overigens: dat naar Europa gaan om gelukkig te worden meldde zij al in maart 1900 (Brief 3), maar de verwoording was specifieker: "*ik denk dat mama lust heeft om me weg te sturen na de oorlog, als al die ellende en verdriet voorbij is*". En in januari 1901 (Brief 4) klonk het "*Ik ga voor een jaar naar Europa*". In deze en voorgaande stond in haar brieven geen enkele verwijzing, hoe bedekt ook, naar Lou Brandt. En nog drie maanden later (Brief

20 Mw. J. Kamp, *Hoe om gesond te word en gesond te bly: natuurgeneeswyse* (Pretoria 1926).

5, 17 maart 1901) schreef zij *"één dag zal ik ver mee mij een man zoek onder die kerels wat nou nog veg"*. Dacht zij eigenlijk aan Lou Brandt, voordat hij contact zocht?

De brieven geven meer passages die kanttekeningen vormen bij het traditionele beeld van haar leven. Zoals bijvoorbeeld over Karel de Kock, die kort voor hun huwelijksdatum in 1897 de relatie verbrak: na de oorlog noemde Johanna hem geen goed mens, "not a Christian", een verrader (hij legde in de Boerenoorlog de eed van neutraliteit en zou informatie aan de Engelsen hebben geleverd).[21] Maar haar verslag van hun onverwachte eerste ontmoeting na hun pijnlijke breuk (Brief 1, 19 maart 1899) geeft een veel positiever beeld.

Wat voor "Christian" was zij zelf? Het beeld van de Afrikaners anno 1900 als stoere, vrome protestanten van calvinistische (gereformeerde) kleur was en is sterk. Het is moeilijk aard en intensiteit van iemands persoonlijk geloof af te leiden aan enkele opmerkingen in een paar brieven. De zes brieven van Johanna hieronder geven geen enkele verwijzing naar haar geloof, behalve over haar kerkgang – naar de Presbyteriaanse kerk in plaats de Nederduitse Hervormde Kerk, maar dat had geen theologische achtergrond, maar trouw aan haar vaders kerkelijke organisatie (Brief 1, 19 maart 1899). Marie van Warmelo-Maré noemde wel God enkele keren, op gepaste momenten omstandigheden: in nieuwjaarswensen, als niemand van haar kinderen niet gesneuveld zijn, en twee keer over Gods wil: in januari 1900 schreef zij: "*Dat God met ons tot dusverre vecht, is geen twijfel aan",* en in april 1904 "*poor future, what it has in store for us God only knows"*. Allemaal gepaste opmerkingen, maar ook wel heel traditionele. Was Mevrouw Van Warmelo zich bewust, hoezeer zij in de geest van haar echtgenoot dat "God met ons" voorzag van twee beperkende bepalingen: "*Dat God met ons* tot dusverre *vecht,* is geen twijfel aan"? Van Warmelo had zelfs zijn toekomst op 't spel gezet bij zijn kerkelijk examen omdat hij niet over meningen en persoonlijk geloof wilde spreken, alleen over wetenschappelijke theologie, wat bewezen en begrijpelijk is.[22] "Dat God met ons …" is dan geen uiting van geloof, zelfs niet van hoop, maar – een vroom cliché, traditie, een conclusie van een tot dusverre bewezen feit. Tegen die rationalistische intellectuele achtergrond hebben mevr. Van Warmelo en haar dochter ook theosophie en spiritisme omhelst: een voortzetting in een hogere fase van de materialistische wetenschap. Eén van de eerste voorgangers van de ontwikkeling daarvan was Johanna's neef, dr. Frederik van Eeden, medicus, een van de eerste Nederlandse psychiaters en psychotherapeuten, schrijver en wereldverbeteraar. Op 26 april 1910 schreef Van Eeden in zijn dagboek dat hij de dag ervoor lunchte bij de familie Brandt in Arnhem. Daar was ook zijn nichtje Johanna Brandt uit Transvaal. "Ze had gevraagd of ik haar eens wou bezoeken. En tot mijn groote verbazing bemerkte ik dat ook in haar het nieuwe weten tot ontplooying komt. En zij getrouwd met een stijve, correcte, orthodoxe aristocratische man, een type van het wellevende, handige, correcte ras der gentlemen. In haar woelt en bruist het nieuwe Leven, en hij is dominee onder de Transvalers. Hoe moet dat gaan?" In mei 1913 logeerde Johanna zelfs een weekje bij Van Eeden in Bussum.[23]

Het leven van moeder en dochter Van Warmelo was veelszins woelig en bruisend. Beiden gingen de uitdagingen, angsten en vrezen van de oorlogsjaren dapper te lijf. In de brieven die zij aan Beelaerts van Blokland stuurden, probeerden zij hun reacties erop van zich af te

21 *Diary*, 136; Van der Merwe, *Johanna Brandt,* 16.

22 Pont, *Van Warmelo,* hfk II, m.n.40, 43-44. Van Warmelo was een leerling van J.H. Scholten.

23 Frederik van Eeden, *Dagboek 1878-1923* del 2 (1971) 1091; deel 3, nr 1316. Ingrid Kloosterman, "De waanzinnige wetenschapper. De belangstelling voor spiritisme en 'physical research' van Frederik van Eeden 1880-1923", *Biografisch Bulletin* 21 (2011) 69-75, correctie op Jan Fontijn, *Tweespalt. Het leven van Frederik van Eeden tot 1901* (Amsterdam 1990) en Jan Fontijn, *Trots verbrijzeld. Het leven van Frederik van Eeden vanaf 1901* (Amsterdam 1996).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

schrijven, Johanna direct en soms nauwelijks beheerst (Brief 5, 17 maart 1901), haar moeder meer overdacht, nadenkend en zoekend naar evenwicht. De historicus kan een keurige conclusie formuleren, maar door het lezen van hun paar handenvol brieven betrapt men het leven.

**Brieven**

Brief 1 *Johanna van Warmelo*

Harmony, March 19th, 1899[24]

My dear Cornelis,

Please excuse this bit of paper - I find we have just run out of stationery. I was so glad to hear from you but do you know, none of us recognized your writing and it was only later on that I saw what the difference was – it slopes in another direction now and I must say it is a vast improvement. - Your remarks about the old gentleman with his pluishoed [pluiskeil, bolhoed] amused us very but you need not think that he is in such high favour now.[25] He is no longer minister of mines but I believe he still has an honoured seat in church. We don’t know for certain because it is more than a year since last we were in the church. I generally go to the Presbyterian Church.[26]

It is a miserable state of affairs and we are all longing for a change. I often wonder how it is all going to end – things are going from bad to worse and unless a change comes soon. I don’t know what will become of us. Dr. Leyds has been here twice and I met him very often at musical parties given in his honour.[27] He is leaving again next week I think. Some time ago I spent a few days in Johannesburg and Heidelberg – I was at an hostel in Johannesburg and met K. de K. by accident.[28] It was the first time since our engagement was broken off so the meeting was very painful but we had a long conversation and parted quite friendly with no signs of ill feelings on either side.

Life at Harmony is almost the same as when you were here except that I am a very busy young lady now with all my different lessons. Dietlof is working rather hard but his present life suits him very well. I here is no news at all, so I think I must close. I don’t feel up to much tonight it has been such a sultry, miserable day, in spite of the change we have had of late.

Good night, my dear friend. Do write to me occasionally, it is so nice to hear from you. Yours affect[ionate]ly Johanna

---

24 De brieven zijn letterlijk afgedrukt, al werd Jhsburg voluit Johannesburg en het plusje + (= *en* of *and*, en zijn soms leestekens ingevuld.

25 Christiaan Johannes Joubert, Hoofd van Mijnwezen Zuid-Afrikaansche Republiek, vooraanstaand ouderling in de Nederduitsch Hervormde Kerk.

26 De Ned. Hervormde Kerk van Pretoria trok zich terug van de Vereniging met de Ned. Geref. Kerk, waar Ds. N.J. van Warmelo voorstander was geweest.

27 Dr. W.J. Leyds, Staatssecretaris ZAR, maakte na het overlijden van gezant Jhr. G. J. Th. Beelaerts van Blokland op 14 maart 1897 een reis naar Europa (31 maart -juli 1897), werd op 20 mei 1898 benoemd tot gezant en vertrok op 28 mei 1898, om zich in Brussel te vestigen; van 28 januari tot 24 maart verbleef hij weer in Zuid-Afrika voor overleg in Pretoria.

28 Zeventien jaar oud was Johanna verloofd met Karel de Kok, en zij zouden trouwen op 7 april 1897, maar de relatie werd verbroken: Rita van der Merwe, *Johanna Brandt en die kritieke jare in Transvaal 1899-1908* (Pretoria 2004) 16.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

Cornelis Beelaerts van Blokland schreef op 22 oktober 1899 aan Johanna:

> Deze keer zal ik maar in het Hollandsch schrijven, de Engelschen doen den laatsten tijd zoo verregaand gemeen dat zelfs het gebruik van hun taal tot het hoognoodige moet worden beperkt. (…) Het is helaas dan toch eindelijk tot den oorlog gekomen, die zich reeds zoo lang liet verwachten. (…) Geheel het vasteland van Europa is op de hand der Boeren en wel heeft geen der groote staten een enkele daad verricht om de oorlog te trachten te voorkomen. Misschien is het goed want als de Boeren winnen dan is het in Afrika eens voor altijd met de Paramount power gedaan.[29]

Brief 2 *Mev. M.M.E. van Warmelo-Maré*

Harmony, Pretoria, 17 Januari 1900

Lieve Cornelis,

Zoo even heb ik vernomen dat de mail voor Europa morgen sluit. Het gaat nu maar ongeregeld met de mails, omdat de Engelschen zoo maar een boot naar Natal sleept om te onderzoeken. Wij hopen allen, dat zij hunnen vingers zullen verbranden. Maar het schijnt of elk een behalve Transvaal bang is voor hen, zelfs de Keizer is bang voor zijn Ouma,[30] want zij laten maar alles toe. Wij krijgen nu *niets* door zoo als u zeker weet. Daarmee zullen zij ons niet plagen.

Wij hebben een buitengewone goede oogst, en een Transvaalsche vrouw kan even zoo goed een boerderij bestieren als een man, er gaat niets verloren. Als wij honger moeten lijden, dan zullen wij beginnen de 3000 [Engelse] krijgsgevangenen minder kost [voedsel] te geven. De officieren, over de honderden in getal, zijn in het Modelschool,[31] maar de soldaten (over 3000) zijn naar Waterval [buiten Pretoria, nu Cullinan] verzonden, daar heeft het Gouvernement een groote kazerne voor hen opgericht. Waterval is tien mijl van Pretoria – bij Pietersburglijn, en onder schot van Wonderboompoort Fort.

Johanna en ik ga maar stilletjes onze gang te Harmony. Als gewoonlijk werk ik van ‘s morgens vroeg tot ’s avonds laat – nu heb ik het alleen extra druk met beskuit bakken, kistjes klaar maken voor de jongens [zoons], en voor de Ambulances en Hospitalen. Wij hebben verschrikkelijk veel vruchten, gelukkig, het komt goed te pas aan de zieken en burgers. Ik liet juist weer drie gepakt voor de Vrijstaat. Het is heerlijk om voor die arme menschen iets te kunnen zenden. De jongens zijn met hun vijf in een tent, en zij deelen gelijk op, zoo dat ik een boel moet verzenden. Soms maak ik een enorme plumpudding – dit vinden zij heerlijk. Dietlof was voor een paar weken thuis, hij ging van daar toen Willem naar Ladysmith vertrok, dus hebben zij mekaar misgelopen.

Dietlof had vroeger zijn knie met voetbal bezeerd en nu plaagt het hem dikwijls – met al dat klimmen in de koppen voor brandwacht is het erger geworden. Hij moet rust nemen maar voordat het geheel beter was, is hij weer weggegaan. Tien dagen voor zijn vertrek van hier is de bestorming te Platrand bij Ladysmith geweest.[32] Willem en Fritz hadden het zwaar. Pretoria

29 Argief NHK Pretoria, Argiefgroep Brandt-van Warmelo 165.

30 De moeder van keizer Wilhelm II van Duitsland was de oudste dochter van koningin Victoria van Engeland.

31 Staatsmodelschool, de middelbare school.

32 Aanval op Platrand, onderdeel van de Britse verdedigingslinie rondom Ladysmith, 7-9 november 1899.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

dorps lager had zulk een nauw ontkomen – elk een zegt, dat het iets wonderbaarlijks was. Zij moesten over een open plek gaan totdat zij onder de schansen waren. Een gedeelte bestormde de schansen maar vonden het onmogelijk. De Engelschen zaten achter de schietgaten zoo dat geen enkele te zien was. Een Willemse was boven op de muren maar werd dodelijk getroffen,[33] de andere staken hun geweeren door de schietgaten. Daar moesten ze onder het kopje de geheelen dag leggen, zij konden niets eens de gewonden water geven, alleen teruggaan was niet mogelijk tot dat het donker werd – maar daar wachtten de lanciers ook op. Ze waren al gereed om uit te trekken, toen daar op eens een wolkbreuk kwam tot hun redding. Allen zeggen dat ze nog nooit in zoo'n regenbui zijn geweest. Hij was zoo dicht dat ze het kopje vlak voor hen niet konden zien. Bij het gevecht te Colenso in December is ook een wonder gebeurd.[34] Bij al dat verschrikkelijke bombardement zijn maar *zeven* gesneuveld en heel weinig gewond, ook maar ligt – Dat God met ons tot dusverre vecht, is geen twijfel aan.

Nu zijn Messrs Roberts en Kitchener aangekomen.[35] Als die twee Lords niet meer uitvoeren als Buller, "*dan kan hulle maar die ou Queen agteraan stuur*" – Onze burgers zullen het zwaar krijgen, Engeland brengt nu de halve wereld tegen onse handjevol d'onsen om ze te omsingelen. Ze zijn zoo verspreid - overal op de grensen en elders liggen commando's. Te Komatipoort, Zoutpansberg langs de Krokodilrivier liggen op drie plekken burgers – Mafeking, Kimberley en Ladysmith zijn sterke wachten. Dan komt nog Scholtznek, Stormberg, Colenso en Helpmekaar, behalve bij driften en bruggen. De krijgsgevangenen moeten ook een sterke macht hebben. Dan zeggen zij nog dat er 18 000 boeren waren die de 1200 prisoniers te Ladysmith nam. Wacht maar, een dag zal alles uitkomen.

Ons menschen denken dat er zoo wat 50 000 te Colenso klaar liggen om ons aan te vallen. Daar, en te Stormberg en Scholtznek zal het zwaar gaan. Ladysmith zal dan te gelijker tijd proberen om door te breken, niemand weet hoe (….?) of onze.[36] Nergens het hebben en toch hoort men nooit een klacht van hunnen lippen Zij zullen uren lang op de brandwacht staan, door en door nat, dikwijls met een leege maag, maar met een hart vol van moed en vertrouwen, en altijd tevreden. De Doktoren zijn verbaasd over hun moed in de operatie zaal, en hun gezond vleesch. In het Hospitaal vroeg Johanna aan een van haar patiënten die een kogel in zijn been had: "*U was zeker onder chloroform. Nee wat – wou*", zeide hij. "*Die Engelsen het my mos nie gevra of ik chloroform wou he toe hulle my geschiet het nie*." Johanna kan honderde verhaaltjes vertellen. Zij is nu werkzaam bij de Hollandsche Ambulance onder prof. Korteweg[37] in de Staatsmeisjesschool, die is heerlijk ingerigt: de gewonden liggen meestal onder de boomen in een heerlijke groote tuin.[38] Daar zijn verscheidene Heidelbergers – oude vrienden van ons.

Van ons zijn twee neefs al gesneuveld. D.S. Maré en Luit. Maré van de Staats Artillery. God geve dat het daarbij blijft. Maar wij hebben erg veel familie in het veld en "waar een boom gekapt word vallen de spaanders". Arme Sarie zit in groote angst en onzekerheid over

33 Johannes Willemse, een politieman, vergelijk J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog* (Pretoria 1973) III, 53-54
34 Het bombardement vond plaats 13-14 december 1899.
35 Maarschalk Lord Frederick Sleigh Roberts werd 18.12.1899 benoemd tot opperbevelhebber van het Britse leger in Zuid-Afrika en generaal H.H. Kitchener (1850-1916) als zijn rechterhand en (20 november 1900) zijn opvolger. Zij arriveerden op 10 januari 1900 in Kaapstad.
36 Stormberg 10 december 1899,
37 Prof.dr. J.A. Korteweg (1851-1930), hoogleraar heelkunde Leiden, lid van de Eerste Nederlandse Rode Kruis Ambulance 1899-1900.
38 Vergelijk Van der Merwe, *Johanna Brandt*, 55.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

ons.[39] Zij hoort niets als leugens, en niets gaat door. Nu moet ik eindigen. Stuur dit s.v.p. aan Uw lieve Moeder om te lezen.[40] Wij wenschen u allen Gods zegen met het nieuwe jaar. Hartelijke groeten aan allen, uwe toegenegen M. van Warmelo

Brief 3 *Johanna van Warmelo*

Harmony, Pretoria, 22 Maart 1900

Beste Cornelis,

Daar je over een maand jarig bent moet ik je even met een paar regels hartelijk geluk wenschen. Ik vrees dat mijn brief te vroeg zal zijn maar dat is beter dan te laat, en er gaat niet weer een mail voor 6 April.

Ik hoop dat al je wenschen zullen vervuld worden en dat je heel veel liefs in je leven zult hebben met vrouw en kind of kinderen. Misschien wensch ik je persoonlijk geluk volgend jaar. Zal dat niet heerlijk zijn? Ik verlang elken dag meer en meer om naar Holland terug te gaan[41] en ik denk dat mama lust heeft om me weg te sturen na de oorlog, als al die ellende en verdriet voorbij is. Dan gaan we misschien naar Kaapstad om Line te zien en dan huurt Mama en huisje aan strand zoolang als ik in Europa ben.[42] Ik leef nu net op plannen voor de toekomst. Wij hebben een vreeselijke tijd doorgemaakt, dat kun je wel begrijpen, maar is alles weer een beetje minder want misschien gaan we een beetje over de schrik heen van die donkere dagen naa [sic] Cronjé, Kimberley, Ladysmith, Bloemfontein.[43] Het leek alsof verloren was en ik kan je verzekeren dat ik in mijn leven nog nooit zoo'n ellendige tijd heb door gemaakt. Ik denk dat ik in staat ben om een kogel door mijn eigen hart te zenden als die vervloekte Engelschen in Pretoria komen. Als prisoniers [krijgsgevangenen] zijn ze heel welkom, maar als overwinnaars – nooit![44]

Maar nu is er weer een beetje hoop voor ons. De boeren die in honderden naar huis gingen na al die tegenspoed schamen zich nu weer en zijn bijna allen weer op commando. Een Boer kan het niet langer dan een week uithouden thuis wanneer er gevochten moet worden. Ik heb op het oogenblik niemand in gevaar, God dank! Dietlof is naar Waterberg[45] voor zijn knie daar

---

39 Er is een artillerist Maré verwond (been af) bij het afvuren van een kanon bij Bloubank, 14.11.1899 (Breytenbach, *Geskiedenis,* 2 (Pretoria 1971) 420. Tante Sarie – onbekend.

40 Johanna Maria Kneppelhout van Sterkenburg, weduwe van G.J.Th. Beelaerts van Blokland (1851-1923).

41 Met haar moeder verbleef Johanna de tweede helft van het jaar 1897 in Europa, met name in Nederland. Daar leerde zij ook L.E. Brandt kennen, een vriend van haar broer Dietlof, beiden student te Utrecht.

42 Line was haar oudere zuster Christiana Deliana van Warmelo (1870- ), getrouwd met procureur Henry Cloete (1845-1920), tot 1895 waarnemend agent voor Engeland in Pretoria. Zij woonden op 'Alphen', Wijnberg. Hun moeder woonde inderdaad na de vrede in 1902 lang aan de Kaap, meest op 'Alphen'.

43 P.A. Cronjé moest zich overgeven bij Paardeberg 27 februari 1900, het beleg van Kimberley had geen succes en het beleg van Ladysmith werd 23 februari 1900 opgegeven, Bloemfontein door de Engelsen bezet 13 maart 1900.

44 De Engelsen trokken Pretoria in, 5 Juni 1900: 'I went to Town this morning to watch the [British] troops marching in - …. I carefully put on my Transvaal colours … sick at heart I watched all this -with boiling blood ….: *Dairy,* 45 (5th June 1900).

45 *Diary,* 42 (16th March 1900) 'Dietlof went to Warm Baths for knee'; (31th March 1900) 'Dietlof came back from Waterberg'.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

hij heelemaal niet bekwaam is voor commando leven, Willem is in Pietermaritzburg als krijgsgevangene en Fritz is in bed met een zware aanval van malaria. Hij is nu gelukkig weer een beetje beter maar is vreeselijk zwak geworden. Hij heeft meegevochten bij Abraham's Kraal[46] en heeft veel moeten uitstaan, arme jongen.

Maar ach! Komt er geen interventie? Kan de wereld stil staan en kijken hoe een arm volkje onderdrukt wordt, zonder om een vinger uit te steken om te helpen? Ik kan het haast niet gelooven. Er zullen van onze duizenden moeten vallen voordat wij overgeven en als de vijand later probeert om ons te ontwapenen dan zal er verschrikkelijk veel bloed vergoten worden. Mijn hart staat stil wanneer ik denk wat er nog geleden en gestreden moet worden als er geen hulp van buiten komt.

Gisteren ontvingen we een kabel van Line van Kaapstad dat Willem gezond is en de tronk in Maritzburg. Wij zijn nu van plan om te proberen om hem op parole uit te krijgen, dat hij dadelijk weer terug kan gaan naar Holland. Ik geloof dat best zal gaan, ten minste we hopen het, en wat zal zijn meisje[47] gelukkig zijn! Ik hoorde erg blij toen ik hoorde dat hij gevangen genomen was.[48]

Nu moet ik weer voor Fritz gaan zorgen. Ik heb geen tijd voor brieven met deze mail. Onze hartelijke groeten aan Meta en de familie in den Haag, en een kus voor je lieve baby.[49] Nog eens hartelijk gewenscht door je toegenegen Johanna

Please post inclosed for me – sorry to trouble you but I want Marie to receive it a surprise.[50]

Brief 4 *Johanna van Warmelo*

Pretoria, Bus 56, 13 Jan. 1901

Beste Kees,

Een paar regels door iemand die morgen naar Europa gaat. Wij hooren van jullie niets. Hoe komt dat? Schrijf over Southampton – dan komen de brieven zeker hier. Wij hopen dat alles goed gaat met jullie. Is Meta wel? En de baby? Ik verlang naar erg om iets van jullie te hooren en van de familie in den Haag.

Met ons gaat het maar naar, ou vriend. Ons land verwoest, onze dierbare jongens in doodsgevaar, alles even treurig. En toch houden wij goede moed. Ik ben *zeker* dat alles nog zal 'reg kom', maar wanneer? Ik kan het soms niet meer uithouden. De Engelschen doen zulke schandalige dingen. Bij Irene hebben ze een lager gevormd van Boerenvrouwen en kinderen en daarachter schuilen met hun kanonnen en gepantserde treinen. Ik hoor vandaag dat ze vrouwen kampen gaan vormen in al de poorten van Pretoria[51] zoodat de Boeren onmogelijk kunnen stormen. Ze zijn zoo bang als de dood dat Pretoria weer genomen wordt. Elke nacht woel hulle met die zoeklichten en verleden nacht stonden twee treinen klaar om Kitchener

46 Abrahamskraal, zuid van Bloemfontein, 9 maart 1900.

47 Emilia Frijlinck.

48 Via zijn zwager Henry Cloete mocht hij op parool naar Nederland (Van der Merwe, *Johanna Brandt,* 27).

49 Op 3 mei 1899 was een zoon van Kees en Meta Beelaerts van Blokland geboren, Gerard Jacob Theodoor. Kees' moeder woonde met nog een aantal kinderen in Den Haag.

50 Marie – mogelijk haar nichtje Marie ten Bosch in Hoenderloo (vergelijk Van der Merwe, *Johanna Brandt* 118).

51 De passen in de Magaliesbergen rondom Pretoria.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

met zijn staff te vervoeren als er gevaar kwam. Rondom ons wordt dagelijks gevochten – gisteren van zes uur 's morgens tot zoowat 11 uur was het gebulder van kanonnen onophoudelijk. Wij moeten alles aan hooren en niet weten wat er gebeurd met onze jongens, want ze zijn vlak bij Pretoria met 2.000 man onder Gen. Beyers.[52] Op Oude Jaar's Dag kregen wij weer bericht van hen. Dr. Mulder[53] had Dietlof gesproken in het [juist door de Boeren veroverde] Engelsche kamp bij Nooitgedacht, 13 Dec. Na het groote slag – je weet misschien, toen Clements[54] zoo'n pak kreeg en zijn geheele kamp vernietigd was. Dat was Beyers en daar waren onze jongens bij. Ze waren zoo gezond en vroolijk, arme lieve boetjes. Ach, ik verlang toch zoo om hen weer te zien. Mama en ik maken het tamelijk goed – khaki heeft ons tenminste nog niet het huis uitgezet en wij hebben genoeg kost en kleeren maar toch hebben wij ontzettend veel geleden en ik vrees dat er nog veel verdriet vóór ons is. Als alles mag goed eindigt!

Ik kan niet meer schrijven – neem mij niet kwalijk, maar het kost mij veel tijd en moeite om een paar regels te schrijven. Mij arme herzens wil nie meer werk nie! Wij hopen om gauw weer iets van jullie te hooren.

Hartelijke groeten van Mama en mij aan Meta en de familie in Koninginne Gracht.[55]

Ik ga voor een jaar naar Europa zoodra alles hier rustig is. Ik moet weer jong en gelukkig worden, als dat mogelijk is.

De beste wenschen van je vriendin J.v.W.

Brief 5 *Johanna van Warmelo*

Harmony, Pretoria, 17 Maart 1901

Beste Kees en Meta,

Over een paar weken vertrekt een vriendin van mij naar Europa en ik ben druk bezig met brieven die zij mee moet nemen. Wij kregen onlangs een briefkaart van Kees – van 24 Jan. – Hartelijk dank ervoor. Dus wij zij nog niet *heelemaal* vergeten?

Het speet ons erg om te hooren dat Meta zoo ziek is geweest. Ik hoop dat zij nu heelemaal hersteld is en dat de baby goed gezond blijft.

Met ons gaat het tamelijk goed d.w.z. in vergelijking met andere vrouwen, die uit hun huizen gezet zijn en nu in tenten wonen. Wij zijn tenminste nog thuis en hebben geen last van 'khaki' maar toch, het is een ellendige tijd voor ons. Van onze twee jongens hooren wij *niets*, en weten geen eens waar ze zijn. Ik geloof dat ze onder Gen. Beyers zijn. Het wordt nu tien maanden dat ze van huis zijn, en het is bijna een jaar en zes maanden dat ze in het veld zijn. Is het niet verschrikkelijk? In al die tijd waren alleen een paar keer thuis op verlof. Ik ben erg trotsch op mijn broers. Dat is nou mijn ideaal van vaderlandsliefde en als ik een man was dan was ik ook in 't veld. Ik veracht de mannen die veilig thuis zitten. Een dag zal ik ver mij een man zoek onder die kerels wat nou nog veg.

Ik kan geen brieven meer schrijven. Die kuns het ik glad afgeleer in die oorlog – julle moet nie te veel van mij verwag nie. Ik voel te ongelukkig om veel te schrijven. O, Cornelis, het is verschrikkelijk zooals ons land verwoest is! De behandeling van onze arme vrouwen en kinderen is *schandalig* – ik durf er haast niet aan te denken. En nu gaan wij een strenge

52 Generaal C.F. Beyers.

53 Vermoedelijk de arts G.H. Mulder, 1897 uit 's-Gravenhage afkomstig. Vergelijk *Diary*, 61 (January 1901).

54 Generaal R.A.P. Clements.

55 Cornelis' moeder en jongere kinderen woonden op Koninginnegracht 62, Den Haag.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

winter tegemoet en er zijn zoo veel duizenden zonder dak – zonder kleeren en zonder goed eten. Wat moet er van worden? Ik ben innig bedroefd over die ongelukkige menschen en ik zie de toekomst erg donker in. Ik treur over mijn land en volk, over de beproevingen van mijn broers, en over mijn eigen ongelukkige jeugd. O, Engeland! Wat heb ik u lief gekregen gedurende de twee laatste *vreeselijke* jaren! Het gevoel van bittere haat is nog nooit zoo erg geweest als nu en zal *nooit* sterven. - Maar wat raas ik? 't Helpt allemaal toch niets en ik maak mij verniet warm. Ik zal maar eindigen. Hartelijke groeten, ook van Mama, aan allen in Koninginne Gracht. Ik hoop, dat alles goed gaat.

Schrijf toch gauw weer aan Johanna.

9 mei Vertrek morgen [als verpleegster] naar [het concentratiekamp] Irene.[56] Dietlof is [als krijgsgevangene] naar Bombay gezonden. Wij hebben net bericht gekregen dat Fritz [ook krijgsgevangene] gezond en veilig is.[57] Adieu.

Brief 6 *Johanna van Warmelo*

Pretoria April 4th 1901

My dear Cornelis,

Just a few lines to tell you how we are. I am going to try the post and see whether my letters reach their destination. As it is probable that this will be censored you must not mind that only I only tell you home-news, much as I should like to let you know the exact state of affairs in our poor land. Mama and I are in very good health, especially since the cool weather came on. We are living just as usual in our quiet home but long more every day for our two dear boys, of whom no word reaches us month after month. Is it not terrible? I wonder how much longer we shall have to live through such awful experience.

I hope you are all well and that the baby is flourishing. Give my love to your people in den Haag.[58] Mama sends kindest regards to all, in which she is joined by. Yours very affectionately Joh.

Is Meta quite well again? In a post card we received from you you say she was laid up with enteric. I hope she has got over it completely.

Brief 7 *Mev . M.M.E. van Warmelo-Maré*

Harmony, Pretoria, Box 56, October 30th 1901

My dear Cornelis,

It is such a long time since I wrote you last, and yet you continue to heap coals of fire on my head. But I do dislike writing now-a-days. There is a pile of letters from our relations in Holland waiting to be answered and I have not the courage to begin. We were very glad to learn that you and Meta have become the rich possessors of a daughter[59] – I congratulate you most

56 *Diary,* 188 (May 5th, 1901): 'Dear Diary, I am going to Irene … The mother has consented'.
57 *Diary,* 187 '(May 2th, 1901).
58 Cornelis' moeder en broers en zusjes in De Haag.
59 Françoise Anna Maria Emilia Andrea Beelaerts van Blokland, geb. 5 september 1901.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

heartily and hope the little one will be a blessing to you both – and that you may live to see the two children grow up.

The boy is a splendid little fellow, one can hardly believe that he is the child such a little brother. I am glad to see Meta is doing so well – she will have her hands full. We received both yours of Sept. 11th and letter to Johanna of the 18th. They come more regularly now, your letter arrived just 21 days after it was posted. You never say anything about your Mother. Remember me kindly to her and congratulate her for me, on the birth of her second grandchild. I suppose you often been people from Transvaal. Last week we saw the Nieuwenhuis family leave with regret.[60] All our old friends have deserted us, we are almost left alone. Mr Aubert will have his hands very full with the different Powers he has to represents.[61] There was a reception at de Wildt's the day before they left.[62] I hope you will see them for they can tell you so much about us. Have you written to Dietlof yet? I am sure he will be glad to hear from you – poor fellow.[63] Fritz is in the Colony. When shall we see him again? It seems never – But I must not complain. We have been most fortunate soo far. From D[ietlof] we hear often and regularly. W[illem] is studying hard for his final.[64] We only hear from him through Emilia, he may not write. Line with her three little ones are well – but she feels the distance from us so much – and takes things to heart more, on that account – if she was here, it would not be so bad.

Harmony is looking splendid. I have let the lower portion to Italians and they *can* work.[65] The whole place is under cultivation. It is really almost six years since you were here? Such happy and contended days will never come back to us again it seems – Tjaard died from inflammation of the lungs I believe.[66] The old President has lost a great many of his near relatives – shortly before old Mrs K[ruger] died,[67] they lost a daughter[68] whose husband is still in the field she left eight children, and yesterday I heard *five* of them are already dead of measles etc. I must go and see, they are with Mrs Malan, Presidents daughter, who also lost her husband last year[69] – servants close this now. Give my love to Meta and ask her to kiss the children or you may do ...With love … M. van Warmelo

---

60 De Nederlandse consul-generaal F.G. Domela Nieuwenhuis. Vergelijk *Diary*, 383: October 25th

61 Ir. M.E. de Wildt (1855-1907), sinds 1888 in Transvaal, in dienst van de NZASM, 1894 als secretaris van de directie, 1898 hoofdingenieur, 1899 ook beheerder Pretoria-Pietersburg spoorwegmaatschappij, Nederlands vice-consul. Hij was sinds 1898 Transvaals burger.

62 De Franse consul V.S. Aubert.

63 Dietlof van Warmelo was krijgsgevangene op Ceylon. Hij stuurde vanuit Ceylon ook brieven aan Cornelis Beelaerts van Blokland: Ahmednegal Fort,29.12.1901 'I write every week to Pretoria and Wijnberg', maar de censor beperkt ons altijd brieven; 21.4.1902: 'Your welcome letter of last month I shall answer in the same language, it being the censor's mother tongue'. (Archief ZAH, 003 Collectie C. Beelaerts van Blokland, inv. nr 20).

64 Willem van Warmelo was sinds 1890 student in Nederland (Delft), toen de oorlog begon ging hij terug naar Transvaal en werd, nauwelijks aan het front, op 27 februari 1900 krijgsgevangen; hij mocht op parool naar Nederland om zijn studie voort te zetten (Van der Merwe, *Johanna Brandt*, 27). Emilia Frijlinck was Willems latere echtgenote.

65 De familie Pera bouwde er groenten en fruit.

66 Tjaart A.P. Kruger, de jongste zoon van President Kruger, overleed door longontsteking, september 1901.

67 Geziena S.F.W. Kruger-du Plessis, overleden 20 juli 1901.

68 Sophia Margaretha Kruger (23.10.1866-1901)), getrouwd met Pieter Nicolaas Jacobus Smit (1860-.

69 Alida Bernardina (Alie) Kruger (1868-1961), getrouwd met Jacobus Marthinus Malan (gesneuveld 1901); zij hadden vier kinderen. Alie is later hertrouwd met Petrus Jacobus van der Walt (1864-1938).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

Harmony Pretoria 20 Februari 1902

Beste Cornelis,

Hartelijk dank aan jou en Meta voor al de felicitaties en goede wenschen.[70] Nog nooit heb ik zooveel brieven ontvangen als nu en ik ben natuurlijk erg gelukkig, want iedereen is zoo lief en hartelijk. Ik ben zoo blij dat jij Lou kent want nu is er tenminste *een* persoon die geen explicaties en beschrijvingen wil hebben. O, ik ben er al zoo moe van om aan iedereen precies de zelfde dingen te vertellen, en ik beklaag de arme censor die al mijn brieven door moet lezen.

Dank je ook wel voor de vriendelijke invitatie, waarvan ik met heel veel genoegen gebruik zal maken. Mama blijft hier en zal iemand krijgen om haar gezelschap te houden, maar ik *moet* gaan want wij kunnen onmogelijk wachten voor het einde van den oorlog. Niemand weet hoelang dat nog kan duren en Lou en ik kunnen het niet meer zoo ver van elkaar uithouden. Misschien ga ik in Mei, zeker niet later dan Juni,[71] maar als alles hier weer rustig is komen wij natuurlijk in Transvaal wonen. Ik denk dat mijn zuster [Line], met haar drie kinderen, ook naar Holland gaat.

Wij hebben heerlijke nieuws van Fritz gehad. Een prisonier schrijft dat hij hem op 25 Jan. gezien heeft in distrikt Ermelo, en dat hij toen nog veilig en gezond was. Van Dietlof hooren wij ook geregeld.[72]

Ik zal je liever nu geen postzegels zenden omdat het niet veilig is door de post, maar ik zal ver jou saam neem zoo’s ik Holland toe gaan. Dit is banja zwaar om goed in die hande te kry, want die Engelschen collecteer vreeselijk en gê nie ver een ander mens een kans nie. Ons het amper niks geen aardigheid van de oorlog nie.

En nou zal ik maar tot sluiten overgaan, met die pen, maar nie met die hart nie. Ik verlang vreeselijk ver julle almal en wil toch zoo graag jou twee lieve klein kinderkies zie. Zeg aan Meta dat haar stiefsussie een dikke zoen stuur, en jou stiefma stuur ver julle ok banja groetnis.

Nogmaals hartelijk dank voor al de gelukwenschen. Auf wiedersehn, beste Kees. Je je steeds toegenegene Johanna.

My “man” zal ver jou niks maak as jij ver mij bij die naam noem. Moenie bang wees nie.

---

70 Johanna had haar voornemen bekend gemaakt, naar Nederland te gaan om te trouwen met ds. Louis Brandt.

71 *Diary*, 441 (Februari 18th, 1902); ‘The mother insists on my going to my beloved in May or June’.

72 Dietlof schreef aan Cornelis Beelaerts van Blokland, 29.12.1901: ‘I am very glad with Johanna’s engagement. I am very fond of Lou Brandt and his family, and I am sure she will lead a happy life and make Lou happy’.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

Brief 9 *Mev. M.M.E.van Warmelo-Maré*

Alphen, Wijnberg, Kaapkolonie 12 October 1903

Lieve Cornelis,

Nu wordt het toch eindelijk tijd dat ik mijn correspondentie van 1902 begin te beantwoorden. Ik heb brieven van Mev. Middelberg,[73] mijne schoonzusters,[74] arm 'ou Pannevis'[75] en anderen, sommige meer dan een jaar oud. Daar blijft niets anders dan nu vergiffenis te vragen en beterschap te beloven. Misschien als Johanna niet meer in Holland is zal ik weer aan andere schrijven.[76] U weet zeker dat ze al spoedig terugkomt? In november – die arme ding zal blij wees om weer de warme zon van Transvaal te voel na al de kou van Niezijl[77] – ik hoop dat u haar zal gaan zien want zij zal onmogelijk haar vrienden kan gaan groeten, de baby[78] is niet wel en zij ook niet. Ik ben een beetje ongerust over hen zij is nog niet sterk genoeg, om zulk een lange reis te maken.

Wij allen hebben *zenuwen* van de oorlog. Jammer dat u zoo weinig van haar gezien hebt want zij kon zoo veel vertellen – hoe wij de Engelschen fopten – onder de neusen van de censors door smokkelde in brieven – doosjes - koppen van porselein. Hoe wij spionnen in huis hadden, twee dagen en twee nachten achtereen – omringd als wij waren van Kaki's – U weet de rij blugomboomen [bluegom tree, bloekomboom, *Eucalyptus*] die aan de bovenkant van "Harmony' langs de draad staan, daar waren de 'Mounted Police' van Kitchener gestationeerd, op de grond van Kotzé (die behoord ook nu aan 'Harmony', ik heb het net gekocht) langs de geheele lijn. Dus hadden zij een goede overzicht van ons grond enz. Nadat zij mijn huis onderzochten ging het bezwaarlijk – toch had ik ze weer, een maand daarna. Het zou heel interessant wezen om alles te beschrijven maar ik bezit die gave niet.

Ik ben nog altijd op 'Alphen' bij Line, de rust is heerlijk en goed voor mij, want ik heb het nodig. Mijn gezondheid is een weinig beter – als het mogelijk is zal ik de volgende jaar in Juni naar huis gaan - de beste tijd hier is de zomermaanden en 's winters in Pretoria. – En hoe gaat het met Meta en de kinderen? Ik heb geen portret van de baby – wat zou ik ze graag willen zien. Zij zijn zeker al groot en een handje vol voor de Moeder – Ik heb het zeker bij u zoo bij u verbruid dat ik nooit meer een brief zal krijgen? Maar jij zal jou toch nie op een arme ziekelijke ou vrouw wreek nie!

Ik ben verplicht om deze brief aan Johanna haar adres te zenden, daar ik uw laatste niet hier heb. Dietlof schrijft zeker nu en dan en vertelt al de nieuws van 'Harmony'? Over Transvaal wil ik liever niet schrijven. Groet uw moeder en Meta hartelijk van mij. Wees ook gegroet van Line. Uw toegenegen vriendin

M. van Warmelo

U naam is zoo bekend in Utrecht, dit zal wel terechtkomen.[79] Net een brief van Joh(anna) [ontvangen]. Zij en de baby zijn veel beter en ik ben zeer dankbaar.

---

73 Leopoldina Middelberg-Hallmann, getrouwd met spoorwegdirecteur G.A.A. Middelberg.

74 Vermoedelijk Tante Kee ten Bosch en Tante Coos, getrouwd met Henri van Warmelo, een broer van ds. N.J. van Warmelo.

75 Vermoedelijk Nikolaas Hendrikus Pannevis (geb. Ouderkerk aan de IJssel 13.12.1844), landdrostklerk Heidelberg, en broer van de Kaapse Arnoldus Pannevis

76 Johanna was in mei 1902 naar Nederland gegaan en trouwde in Rheden op 28 augustus 1902 met ds. Louis E. Brandt, Nederlands Hervormd predikant in Niezijl (Gr.).

77 Vergelijk Van der Merwe, *Johanna Brandt*, 124.

78 Haar eerste kind, Louis Dietlof Brandt, geboren 7 augustus 1903.

79 Uit deze woorden mag men niet opmaken dat Beelaerts van Blokland inderdaad 'a prominent inhabitant' was (*Diary*, 111nt).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

Brief 10 *Mevr. M.M.E. van Warmelo-Maré*

"Alphen", Wijnberg, Cape Colony April 13th 1904

My dear Cornelis,

I have still to answer your most welcome letter of December 10th – how the time flies. I did not think it was so long ago. I only seemed like yesterday that you and Johanna were here. But I thanked you for the photograph by p/card which they me brought from you – Writing is so difficult for me because I cannot write unless I sit up, and that I cannot do for long – it is worse than anything else. When one can sit one can always be busy with one or the other thing. In the beginning of May we are going to the seaside for a month and in June I hope to return to Pretoria. The best sea-bathes and air will make me so strong to stand the journey well no doubt. I are longing to be home again although, Line does everything in the power to make things comfortable for me. The long rest of 16 months has done me good – I had son and Johanna but they leave for Pietersburg 1st May,[80] besides the house was too full to hold us all. Lou has accepted the call for Z[out]p[an]burg combined with Waterberg at Pond 400 a year[81] and trav[elling] expenses free and Pond 200 for expenses from Holland, but the 'Giesman' allows clergyman to travel ½ price all through the colonies now, that is a good arrangement, it is not?

Lou was bevestigd last Sunday 10th, he is splendid and will do very well in Transvaal – just a man for the people to worship as they do a favorite "predikant" – and Zoutpansberg people were always very affectionate – perhaps because they are aware what a sacrifice it must be for an educated man to live so far away. I was against it at first on account – of the distance, but soon saw that it was selfish on my part besides it is 11 hours only by train, right into Pietersburg – Lou had a chance to come here to Wijnberg at Pond 520 a year all free, but he prefers to work for our people – Zeerust and Marico and Lichtenburg were too far away and there is no railway communication yet. I suppose you know that Willem is also a father – his son weighed 10 lbs when he was born and is next by twice as big as Johanna's 'Bambino' Brandt is the dearest little fellow, with an angelic smile he is forever laughing and has two teeth already. Willems boy is an echte Boer, perhaps he will become a Generaal!

I was so sorry to see Meta was not so well and hope she is quite recovered by this time – Your two little ones are a fine pair, how I would like to see them in person; and what a joy they must be to their grandmother – Your sister also has two I think Mrs. Kleyn told me the other day.[82] She and Ivy are still here but they intend going to Pretoria next week; if there are no serious developments of pest. The Gov. seems to have a firm hold of it though. I hope it will be quite over by June.

Johanna told me in one of her letters that Japie Celliers with his whole family live in quarantine – Mrs. C. went to the funeral of Dr. Marais in Johannesburg and slept in one of the

80 Ds. L.E. Brandt was op 8 april 1904 bevestigd tot predikant van de Ned. Hervormde kerk Zoutpansberg.

81 Van der Merwe, *Historiese Perspektief,* 32: 500 Pond.

82 Wilhelmina Susanne Kleijn-Pronk, weduwe van F.W.H. Kleijn (Scheveningen 23.9.1838 - 23.9.1896 Pretoria). procureur en rechter Hooggerechtshof; zij was naar zijn overlijden verhuisd naar Den Haag, maar kwam nu terug, met een van haar dochters. Mevr. Kleijn had gelijk: Cornelis' zuster Magdalena Beelaerts van Blokland (1878-1969), in 1901 getrouwd met F.J. Backer, had sinds 20.11.1902 een dochter Johanna Maria en 7.6.1903 een tweede Hendrina Christine gekregen.

beds[83] – so you can imagine how anxious the poor people must have been since. What a pity you have only 3 weeks holiday in the year you might otherwise take a trip to Transvaal and I would like of all things to have a nice long talk about the past, present and future – poor future, what it has in store for us God only knows. I am reading a great deal about spiritualism. The works of the Society of Veritas in Amsterdam are much interested[84] – I think they have done me a great deal of good and I understand now why all our prayers, tears and sufferings were of no avail when God wills otherwise. The question is whether our people are not far better off with less worldly goods than they were five years ago. Except the loss of our independence of **…** - nothing can compensate for *that* on earth.

Willem and family live close by Harmony – Dietlof and Fritz are both prospecting for diamonds – or something in that line – although I also look after Harmony. Now my dear friend I must close, do not thinks because I do not write often you are forgotten by us – remember me kindly to your mother and Line also sends kind regards to you and Meta. Kiss the children and love to Meta,

Yours affectionately M. van Warmelo

Brief 11 *Mevr.M.M.E. van Warmelo-Maré*

Harmony, Pretoria, Box 56. December 5th 1904

My dear Cornelis,

I have only time for a few hurried line before the letters go to the post but I cannot allow this mail to pass without writing a few words for the coming New Year. May it bring you and yours prosperity health and happiness. I wrote you some time ago just before leaving Alphen but have not heard from you since – but I am sure it is not because we are forgotten – perhaps I deserve it for I must admit that I neglected writing to you. I am not better in health since my return, but must such have patience – it may have and I may still be able to be of some use in the world.

And how are Meta and the two dear little ones? How time flies – you will presently be the father of grown up children. You should Willems son – a going giant with a voice like a bull, when he bellows I can hear him through everything closed doors and windows.[85] He is a nice little fellow, but not such a sweet angel as Bambino. Perhaps there are two Bambino Brandts by this time – yesterday a telegram came for the nurse who left last night. I hope to hear soon.[86]

Next week will be a very lively one in Pretoria. Poor old President.[87] I received from a card at the time of Joh's wedding written by himself.[88] Dietlof says I must tell you he will

---

83 In 1904 vond een pestepidemie plaats, die in Johannesburg, met name onder de Indiërs, slachtoffers had; een daarvan was dokter Marais uit Fordsburg, evenals zijn vrouw en drie van zijn vier kinderen; hij werkte onder de Indiërs (*Schoonhovensche Courant* 2 april 1904; C.M. Evans Jr, I. Hall, 'Pneumatic plague Johannesburg S.A 1904', *Emerging Infectious Diseases* 24 (1) 2008, 95-102). Jacob Daniel Celliers (1855-1913) woonde op Myrtle Lodge, waar hij de eerste Jacaranda bomen in Pretoria plantte. Hij was getrouwde met Maria Theresa Elianora Celliers.

84 De uitgeverij Veritas verzorgde de publiciteit/uitgaven van de Theosofische Vereniging in Amsterdam.

85 Klaasje (Nicolaas Jacobus), zoon van Willem en Emilia M.W. van Warmelo-Frijlinck.

86 Emelie Maria Dorothea Brandt, geboren 8.12.1904.

87 Op 16 december 1904 werd de oud-president S J.P. Kruger te Pretoria begraven, in de dagen ervoor stond hij publiek opgebaard.

88 Onbekend.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

write soon – “hij slaaf en jaag my aan om te dorp toe gaan”. But I hope he write some again. Remember me to your Mother and her family of sons and daughters. With love to Meta and a kiss for the children. Yours affectionately M. van Warmelo.

Brief 12 *Uittreksel uit een brief van Mrs. van Warmelo-Maré d.d. 14 Januari 1906*

In de Volksstem stond verleden maand het verhaal van Piet Retief.[89] Die ouwe verhalen zijn altijd lezenswaardig, een mensch wordt er nooit moe van. Mijn Moeder die toen een kind van 8 of 9 jaren oud was, vertelde ons veel over die moorden; zij was in Maritz zijn lager geloof ik.[90] Toen de menschen schoten op de Kaffers, dachten de andere lagers dat het Victorie schoten [waren] omdat Retief terug kwam. Ook vertelde zij mij hoe een lager gered werd door een volle revier en dat een Oom van mij zoo vroeg op stond. De vorige dag zat een Ou meid water te scheppen aan de andere kant van de revier, die toe over de oever liep, erg breed. Zij schreeuwde naar het volk bij de wagens “Dingaan en zijn commandoes kom aan net als die … [een woord onleesbaar) maar niemand geloofde haar. Smorgens stond mijn Oom heel vroeg op en wou zijn pijp bij een vuur aansteken, de rivier lag net voor hem, en toen hij zijn oogen opsloeg zag hij in de schemering een muur van wemelende kaffers. Sommigen waagden het de volle rivier over te zwemmen en waren al bezig. Hij wekte het lager en zij schoten de Kaffers terug en hadden tijd om versterking te krijgen of te ontvluchten ik weet niet zeker.

Brief 13 *Mev.M.M.E. van Warmelo-Maré*

Pastorie Pietersburg, Zoutpansberg[91] 11 Augustus 1907

Lieve Cornelis,

Banja dankie dan ok voor uw brief van 19 Juli die ik l.l. Donderdag ontving. Ik had al lang plan om te schrijven van uit Natal maar kon geen tijd vinden. Nu beantwoord ik uw brief maar dadelijk anders komt er weer afstel. Morgenavond vertrek ik van hier, dan is mijn maand over, en als ik thuis kom is er veel te doen – geen denken aan correspondentie. Zooals ik per brief haast schreef zou ik voor mijn rheumatiek naar Natal gaan. Boven op een berg heeft den Heer Beissner een Sanatorium gesticht à la Eechere [??] - hij was vroeger zwak en erg ziekelijk, maar is door de Kuhne kuur gezond geworden, loopt met bloote voeten meestal, zonder hoed, weinig kleeren, drinkt alleen water, eet alleen grof brood met vruchten volop en groenten … voor middagmaal – is gewoon een natuur kind.[92] Mijn zuster Mevr. Potgieter[93] en ik zijn toen

---

89 G. Preller publiceerde een reeks artikelen over Piet Retief, in februari 1906 gebundeld in G.S. Preller, *Piet Retief. Lewenskets van die grote Voortrekker* (Pretoria: Volksstem Drukkerij 1906).

90 Johanna Elizabeth Kruger (dochter van Pieter Ernst Kruger), overleden 14.8.1874, op 23.2.1848 getrouwd met Dietlof Siegfried Maré, 1870 landdrost van Zoutpansberg.

91 Het adres van het gezin van ds. Louis en Johanna Brandt.

92 In Sweetwaters (omgeving Pietermaritzburg) leidde ‘Professor’ August (Christian Conrad) Beissner (1850-1928 Sweetwaters) sinds ongeveer 1900 een International Natural Healing Sanatorium, gebaseerd op New Science of Healing, natuurgeneeskunde, hydromethode en de opvattingen van de Zevendedags Adventisten, zie Julie Parle, States of Mind. Searching for Mental Health in Natal & Zululand 1868-1918 (Ph.D.thesis University of Pretoria 2007)183-185, 193; G.P. Alcock, The Hills above Pietermaritzberg: an appreciation (2014) 5, 26.

93 Catharina Alette Magdalena Maré, getrouwd met P.J. Potgieter, de Kommandant van Waterberg, “een man met een houten been en 2 kogels in zijn body”, volgens Cornelis Beelaerts in *Transvaal* II, 26.

daarheen gegaan en hebben vier weken daar doorgebracht, niet lang genoeg om gezond te worden, maar wij kunnen die kuur nu thuis voortzetten, er ik ben er zeker van, als wij volhouden voor een langen tijd, wij ook genezen zullen worden, want wij hebben gezien de wonderen die hij doet. Zij hebben kiekjes genomen van ons, in zon en modder baden, wandelingen berg op en af, heel interessant. De natuur is prachtig, op Sweetwaters en rondom, zoo ver als een oog kan zien bergen bedekt met hoog golvende gras – geel groen – en daarop overal plantaten van boomen – donkergroen en dicht-begroeide kloven tusschen de bergen. Maritzburg lig voor het huis zijnde uitgestrekt – nee maar zoo'n gezicht kan een pen zooals de mijne niet beschrijven. Ik hoop er een dag weer heen te gaan.

Maritzburg is mijn geboorteplaats maar van de kennissen vergeten jonge dagen zijn er niet velen over gebleven – de ouderen zijn gestorven, en van mijn leeftijd verspreiden over de aarde. Lady Bale met haar zuster zijn de eenige familieleden/nichten van mij. Haar man Sir Henry Bale is Hoofdrechter van Natal.[94] In Greytown zijn nog veel fabrieken van ons. Een zuster van Louis Botha is ook getrouwd met een neef van mij daar.[95] Ik was een maand thuis, en kwam toen hierheen om Johanna een beetje gezelschap te houden in haar eenzaamheid.[96] Ook om mijn naamgenoot te zien.[97] Ik heb Joh. nog nooit zoo goed gezien en zoo mooi, gezond en dik. De viertal[98] is ook bijzonder gezond en voorspoedig, heerlijke kindertjes, ik heb van hen genoten, dat kunt jij begrijpen. Johanna zal over een paar weken naar Pretoria komen met de baby, misschien blijft zij daar tot Lou terug komt. Ik ben blij om te zien dat hij bij jullie was, en hij heeft zeker meer verteld dan ik schrijven kan. Hij geniet van zijn "trip" dat is zeker – en hij heeft ook die uitstapje verdient. Ook ben ik blij om te zien dat het bij jullie goed gaat. Ja ik zou graag eens weer willen komen kijken. Maar dan moet ik eerst geld hebben. Nu zijn de tijden te ellendig – leege huizen, bijna geen inkomen, een op Heidelberg (een winkel) waar ik 20 Pond per maand van kreeg – afgebrand – of liever in brand gestoken, de man was bankroet, en de boel te verbranden, boeken en alles, schijnt het gemakkelijkste te zijn. Mijn twee plaatsen zijn allerlei rijk in koper en mineralen maar wij moeten markten, nu is nog alles door mekaar.

Dietlof is thuis, hard bezig weer op Harmony. Frits is Boschveld toe – hij was zes weken weg. Zij hebben veel wild geschoten, in de veertig bokken alleen – hij kwam voor een week terug, en is al weer weg om hunne ontdekking te openen. Willem heeft nog altijd die kleine betrekking in de stadsraad, 30 Pond per maand. Maar daar is kans nu voor iets beter – hij heeft goede vrienden die zijn waarde ook kennen. Line heeft ook een dochter, nu vier, ook een naamgenoot van mij[99] – twee [kleinkinderen gekregen] in 14 dagen. Ik heb nu 9 kleinkinderen. Klaasje van Emilia is zoo breed als hij lang is – een prachtstuk. Nu weet jij weer een heeleboel van ons af. Jij moest een dag een kijkje komen nemen in Transvaal weer – in de vruchten tijd. – Groet Meta hartelijk van Johanna en mij – zoen de kinderen en ontvang dit in welstand van Uw toegenegene vriendin M. van Warmelo.

---

94 Sir Henry Bale (1854-1910). Hij was getrouwd met Eliza Wood, overleden 1890, en hertrouwd met Margaret Berning; de familieband is mij onbekend.

95 Verscheiden zusters van Louis Botha zijn geboren en getrouwd in Greytown, waar diverse (achter?) neven verschillende familienamen hadden.

96 Ds. L.E. Brandt bracht een bezoek aan Europa.

97 Maria Magdalena Elizabeth Brandt, geboren 8.5.1907.

98 Louis Dietlof, Emelie Maria Dorothea, François Antoine, Maria Magdalena Elizabeth Brandt.

99 Kinderen van Line: Nicolette Jacoba; Reiniera, Henriette Adriana, Maria Magdalena Cloete.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a14

# Aangaande my (en hopelik my huis)

Iewers het ek eendag raakgelees “man ist seine Geschichte”: ’n mens is jou geskiedenis. Die tyd waarin ’n mens leef, beïnvloed noodwendig die manier waarop jy na die wêreld om jou kyk en wat jy glo en dink – miskien nie almal in dieselfde mate nie, maar tog.

Ek het opgegroei en skoolgegaan in die tyd van die hoogbloei van Standaardafrikaans. Dit was ’n tyd toe Afrikaanse leerlinge op skool nog Afrikaans geléér is. Ons moes Afrikaanse grammatika leer en moes ordentlike sinne maak. Ons moes verskillende soorte briewe leer skryf – vriendskaplike briewe en briewe vir oupa en ouma, sakebriewe, briewe vir die pers, en so meer. Ek vervies my nog steeds as ek ’n brief of e-pos of ’n telefoonoproep kry van ’n instansie waarmee ek bloot ’n sakeverhouding het, en dié my op my voornaam aanspreek asof ons al jare lank maters is. Het hulle dan nooit van sakebriewe geleer nie? vra ek my af.

Op skool moes ons woordsoorte leer en was ons veronderstel om darem goed soos selfstandige naamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde, voorsetsels, bywoorde, voegwoorde en so meer van mekaar te kan onderskei. Ons handboeke het lyste korrekte voorsetsels in vaste verbindings of lyste idiome en vaste uitdrukkings met hulle betekenisse bevat, en dié moes ons leer.

Daar was dikwels ook lyste “anglisismes” wat ons moes kon uitken en moes weet wat die goeie, idiomatiese Afrikaans was: ’n Mens het nie **uit petrol gehardloop* nie – jou petrol het opgeraak. ’n Mens dra nie **brille* as jy lees nie; jy dra een bril op ’n slag. Dinge was op die ou end sus of so, nie **op die einde van die dag* nie. In die vakansie kon ’n mens ’n bietjie laat slaap, nie **inlê* nie. Inlê was iets wat Ma of Ouma in die kombuis met vrugte of kerrievis gedoen het. ’n Mens was miskien spyt as jy iets gemis of misgeloop het; jy was nie spyt dat jy skatologies *daarop uitgemis* het nie.

Daar is wel dikwels ook oordrewe jag op anglisismes gemaak, en wat sommige van dié Anglofobiese snuffelhonde soms as Engelse invloed uitgeruik het, laat ’n mens jou hande saamslaan.

En tog, en tog ...

Dié soort geskiedenis het my help vorm; ek kan dit net so min help as mense wat in ’n tyd grootword waarin opvoedkundige oortuigings anders is en waarin die status van Standaardafrikaans vinnig taan, kan help dat hulle blootstelling anders as myne was.

Ek is ook nie so dwaas as om te dink dat tale mekaar nie beïnvloed nie, veral nie as twee tale baie nou naas mekaar bestaan en gebruik word nie en as een boonop die dominante taal is nie.

Dit is my al herhaaldelik verkwalik dat ek met anglisismes behep is en met die hedendaagse invloed van Engels op Afrikaans. Almiskie, maar ek het ’n hekel daaraan dat Afrikaanssprekendes dink dis Afrikaans as hulle Engels eenvoudig woord vir woord vertaal. Enkele gevalle het ek (weer) hier bo genoem, maar ek kom soortgelykes byna daagliks teë – soos die volgende onlangse gevalle in die hoofstroompers:


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a15

| | | |
|---|---|---|
| Die student is met uitsettings-kennisgewings bedien. (*served with*) | i.p.v. | Uitsettingskennisgewings is aan die studente *beteken*. |
| Die pasiënt is in/tot die hospitaal toegelaat. (*admitted to*) | i.p.v. | Die pasiënt is in die hospitaal *opgeneem*. |
| Die meerderheid se stem is nie die beter opsie nie. (*better*) | i.p.v. | Die meerderheid se stem is nie die *beste* opsie nie. |
| Dit was ’n vredevolle betoging. (*peaceful*) | i.p.v. | Dit was ’n *vreedsame* betoging. |
| “Die rasseverhoudinge is nie so toksies as wat ons gelei word om te glo nie,” sê die president. (*led to believe*) | i.p.v. | ... nie so toksies as wat mense / sommige / die pers / die opposisie *ons wil laat glo* nie. |
| Die *Lady R* het uit Kameroen vertrek en dit was onderweg na ... (*she/it*) | i.p.v. | ... uit Kameroen vertrek en *hy* was onderweg na ... |
| Begin, bestuur en groei jou besig-heid (*grow your business*) | i.p.v. | Begin, bestuur en *laat groei* jou besigheid. |

Die hartseer hiervan is dat die plegers daarvan waarskynlik nie besef dat dit onidiomatiese Afrikaans is nie – dis dan goeie Afrikaanse woorde. Hulle besef waarskynlik nie dat woord-vir-woord-vertalings van idiomatiese uitdrukkings ’n mens in die sop kan laat beland nie. Deesdae sê mense byvoorbeeld so maklik dat wanneer ’n paartjie hulle verhouding beëindig het, hulle “opgebreek” het. Gewone idiomatiese Afrikaans sou wees dat hulle “uitgemaak” het. As diegene wat die Engelse “break up” so maklik “opbreek” in Afrikaans maak, daarenteen “uitmaak” op dieselfde wyse “make out” in Engels sou maak, sê hulle immers iets heeltemal anders.

Hulle het eenvoudig nooit geleer wat die idiomatiese Afrikaans is nie, en waarskynlik nog minder dat ’n goeie vertalende woordeboek goud werd is – as ’n mens dit net gebruik.

Of gee ons net nie meer om nie?

Ek sal my teen hierdie onnodige en steurende Engelse invloed bly verset, wat mense my ook al daaroor toevoeg, want ek wil tog nie hê dat iemand eendag die lied wat die formidabele Mimi Coertse so pragtig sing, se woorde moet aanpas tot “ O moedertaal, o rooiste taal, jy is gepeper met Engels” nie.

**JD (Tom) McLachlan**
E-pos: tommcl@whalemail.co.za


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n4a15

# Oproep om bydraes: *Afrikaans 100: 1925–2025*

Op **8 Mei 2025** vier Afrikaans, as een van die jongste tale in die wêreld, die eerste eeu van die erkenning en wetlike verordening daarvan as een van die amptelike tale van Suid-Afrika.

Dit is ongetwyfeld ’n gebeurtenis wat gevier behoort te word en dit is presies wat beoog word met ’n spesiale **temanommer** van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* in Maart 2025.

Enersyds is daar verskeie *mylpale* wat herdenk kan word in die aanloop tot en die ontwikkeling van Afrikaans (byvoorbeeld as volwaardige wetenskapstaal) sedert die amptelike erkenning daarvan as volwaardige taal in eie reg in Mei 1925. Andersyds is daar ook bepaalde *uitdagings*, of dalk eerder *bedreigings*, waarmee rekening gehou moet word op hierdie tydstip in die geskiedenis van Afrikaans. Dit kan uiteraard ook tot geleenthede vir groei vir Afrikaans lei.

So het byvoorbeeld die tersiêre landskap in die afgelope dekades onherroeplik verander en Afrikaans as wetenskapstaal is as gevolg daarvan ongetwyfeld onder druk. Besluite wat in die verlede oor taal geneem is, het duidelik ’n impak op die hedendaagse konteks. Dat die “*akademiese onderbou van Afrikaans*” (kyk dr Edwin Hertzog se stuk in die TGW, September-nommer 2022) se momentum sedert 1994 gestuit is, is baie sigbaar vir diegene wat hulle daagliks met Afrikaans as akademiese taal en as vaktaal besig hou. So is daar minder publikasies in vaktydskrifte, selfs minder vaktydskrifte in Afrikaans, min verhandelinge en proefskrifte word nog in Afrikaans geskryf, Afrikaans word stelselmatig aan universiteite afgeskaal, Afrikaanse studente wat hulle kursusse in Afrikaans wil volg, word minder en die aanbod kleiner, Afrikaanssprekende dosente aan universiteite word minder, ens. – om slegs enkele voorbeelde te noem van die gevolge van hierdie druk.

Ten spyte hiervan is daar die afgelope jare ook verskeie inisiatiewe onderneem waardeur Afrikaans op verskillende terreine bevorder is. Die stigting van Akademia in 2011, ’n onafhanklike Afrikaanstalige tersiêre instelling, is onteenseglike getuienis van ’n voortgesette betrokkenheid by die uitbouing van Afrikaans as wetenskapstaal. En Aros as instelling wat Afrikaanse onderwysers oplei, doen ook goeie werk. Aan sommige openbare universiteite in SA word Afrikaans wel nog ’n plek gegun.

Maar is dit genoeg om Afrikaans die toekoms in te dra? Wat sal gebeur as Afrikaans nie meer aan openbare universiteite as onderrigmedium gebruik word nie? Sal Akademia, Aros, selfs Sol-Tech, en ander private instellings, voldoende wees om aan die Afrikaanse gemeenskap se behoefte aan naskoolse opleiding te voldoen? Wat is die risiko as Afrikaanse naskoolse opleiding slegs by private instellings moontlik is? Wat is die werklike stand van sake rakende Afrikaans in die onderskeie gebruiksterreine? Gaan Afrikaans vorentoe of stagneer dit? Wat van Afrikaans as volhoubare taal van die wetenskap?

Hierdie – en talle ander moontlike vrae – kan in so ’n beoogde **temanommer** teregkom. Die groot vraag vir die tyd waarin ons nou leef, is hoe ons te werk moet gaan om Afrikaans binne ’n meertalige bedeling (waarvan mense die aard en implikasies nog nie regtig begryp nie) in Suid-Afrika se breë onderwysopset (van tersiêr, sekondêr, primêr tot preprimêr) nie net te behou nie, maar ook uit te brei. Dit is ons groot uitdaging en ook ons werklikheid.

Die tema bied ruimte vir heelwat insette oor ’n verskeidenheid toepaslike onderwerpe, soos:

- Afrikaans in die 20ste eeu vs. die 21ste eeu
- ’n Bestekopname van suksesse en mislukkings die afgelope 100 jaar
- ’n Bestekopname van suksesse en mislukkings sedert 1994
- Hoe Afrikaans se demografiese profiel lyk: wat daaruit afgelei kan word
- Wat gelei het tot die wegkalwing van die posisie wat Afrikaans geniet het in die ‘tradisionele’ taallandskap in Suid-Afrika
- Afrikaans as taal aan universiteite
- Afrikaans en die onderwys
- Die gebruik van Afrikaans in talle sektore, soos gesondheid, ekonomie, regte, godsdiens, e.a.
- Afrikaans as wetenskapstaal
- Afrikaans se funksies
- Afrikaans en taalregte
- Strategieë vir Afrikaans op die pad vorentoe
- Meertaligheid en Afrikaans
- Is moedertaalonderrig in Afrikaans volhoubaar?
- Afrikaans as vaktaal
- Afrikaans as akademiese taal
- Afrikaans en die tegnologie
- Die variëteite van Afrikaans

Uiteraard is daar nog talle ander onderwerpe as die paar wat hier bo genoem is.

**Hiermee nooi die redaksie van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* u vriendelik uit om betrokke te raak by die temanommer ter viering van 8 Mei 1925.**

**Nader gerus die twee gasredakteurs of die redakteur van die TGW met ’n <u>voorstel</u> oor ’n onderwerp sodat hulle seker kan maak dit val in die breë tema**. Die nodige skryfriglyne sal mettertyd aan medewerkers verskaf word.

Die plan is dat die temanommer as deel van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se herdenkingsprogram vir Afrikaans 100 (2025) in Maart 2025 sal verskyn.

**Ten einde die produksieproses vir die temanommer te kan beplan, moet ons as gasredakteurs al teen hierdie tyd weet wie wil meewerk aan hierdie projek. Nader ons derhalwe spoedig met u tema. Die sperdatum vir die inhandig van die finale manuskrip is <u>30 Junie 2024</u>.**

**Gasredakteurs:**

**Prof. Wannie Carstens**
Buitengewone professor in Afrikaanse taalkunde, NWU
E-pos: Wannie.carstens@nwu.ac.za

**Prof. Nerina Bosman**
Navorsingsgenoot, Departement Afrikaans, UP
E-pos: Nerina.bosman@up.ac.za

# Erratum

Die redaksie wys graag op die volgende fout wat ingesluip het op p. 240 van die artikel wat in die Junienommer (TGW 63(2):229-245) van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* verskyn het: Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023. Die oorsprong van die mens: "Laat Ons mense maak" *The origin of man: "Let us make humans*".

Die Hebreeus in die tersaaklike gedeeltes moet asseblief soos volg lees:

**Paragraaf 2:**

Genesis 2:7 word uit die antieke Hebreeus in Afrikaans vertaal as: "die Here God het die mens met stof uit die grond gevorm…". Die antieke Hebreeuse woord wat in die teks gebruik word en in die 2020-vertaling as "gevorm" vertaal word, is volgens Strong (2009:#3335) *yatzar* (יצר / y.ts.r), wat beteken "om te vorm" of "om te fatsoeneer" (in Engels "mold"). Die woord *yatzar* word in Genesis 2:7 in teenstelling met die woord *bara* (Strong, 2009: #1254) van Genesis 1:26 gebruik. *Bara* beteken om iets uit niks te skep, terwyl *yatzar* beteken om iets te omvorm of te herfatsoeneer. Die woord *yatzar* kom ook voor in Genesis 2:19: "Toe vorm die Here God uit die grond al die diere van die veld en al die voëls van die hemel" (2020-vertaling). Die woord *yatzar* word in die antieke Hebreeus van II Samuel 17:28; Jesaja 29:16; en Jeremia 18:1-17 gebruik vir die vorming van kleiware deur 'n pottebakker, sowel as in Jesaja 44:9 en Hábakuk 2:18 vir die maak van afgode deur 'n goudsmid. Jesaja 49:5 gebruik die woord *yatzar* verder vir die vorming van die dienskneg van God in die moederskoot.

**Paragraaf 3:**

Volgens die 2020- Afrikaanse vertaling van die antieke Hebreeuse Genesis 2:7a het "die Here God die mens met stof uit die grond gevorm…". Die antieke Hebreeuse woorde wat as "stof uit die grond" in Afrikaans in die 2020-vertaling vertaal word, is (עפר) *a'phar* (Strong, 2009:#6083) en (אדמה) *a'da'mah* (Strong, 2009:#0127). *Adamah* beteken "aarde of grond", terwyl *aphar* die antieke Hebreeuse woord is vir "stof". Die mens is volgens Genesis 2:7 met ander woorde gevorm uit die aarde self. Die naam Adam is daarom ook inderdaad verwant aan die antieke Hebreeuse woord vir aarde of grond *adamah*.

**Paragraaf 4:**

Volgens die 2020- Afrikaanse vertaling van Genesis 2:7 uit antieke Hebreeus [het God] "…in sy neus die asem van lewe geblaas. So het die mens 'n lewende wese geword". Die antieke Hebreeuse woord *neshamah* (נשמה / *ne'shey'mah*) word volgens Strong (2009: #5397) vyf-en-twintig keer in die 2020-vertaling van die Ou Testament as "asem" vertaal. In Genesis 2:7 maak *neshamah* van die mens 'n lewende wese. In Job 32:8 bring *neshamah* egter geestelike begrip. Volgens Psalm 104:29 is *neshamah* noodsaaklik vir lewe: "U neem hulle asem (*neshamah*) weg, hulle vergaan en keer terug na die stof wat hulle was".

**Paragraaf 5:**

Die 2020-vertaling se Afrikaanse woord "lewende" (soos in "lewende wese") is 'n vertaling van die antieke Hebreeuse woord *chayah* (Strong, 2009:#02421), terwyl die 2020-vertaling se Afrikaanse woord "wese" 'n vertaling van die antieke Hebreeuse woord *nephesh* (Strong, 2009:#05315) is, wat dikwels op ander plekke in die Bybel as "siel" vertaal word.

# Keurders: Desember 2022 – November 2023

Me. A (Alana) Bailey, Kultuurhistorikus, Afriforum en Afriforum-uitgewers, Pretoria
Prof JL (Johan) Beckmann, Onderwysreg en -beleid, onderwysbestuur en -leierskap, menseregte in die onderwys, vergelykende opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof. Derick Blaauw, Skool vir Ekonomie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof. HJ (Nerina) Bosman, Afrikaanse taalkunde, Universiteit van Pretoria
Prof. CA (Adri) Breed, Vakgroep Afrikaans en Nederlands, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Me. AS (Sulette) Bruwer, Geesteswetenskappe en Taalleer, Sol Plaatje Universiteit, Kimberley
Prof. Matilda Burden, Kultuurgeskiedenis, Emeritus, Universiteit Stellenbosch; Deeltyds, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof. WAM (Wannie) Carstens, Afrikaanse Taalkunde, Tale en literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof. GS (Fanie) Cloete, Politieke studies, Universiteit van die Vrystaat en Stellenbosch, Bloemfontien en Stellenbosch
Mnr. N (Neil) Cochrane, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Unisa, Pretoria
Prof. CJ (Jac) Conradie, Afrikaanse taalkunde, Universiteit van Johannesburg
Prof. Marius Crous, Direkteur, Skool van tale, media en kommunikasie, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha
Dr. JA (Jesse) de Beer, Ekonomie, Universiteit van Namibië, Windhoek, Namibië
Prof J (Johan) de Villiers, Geskiedenis, Universiteit van Zululand, Durban
Prof PF (Pierre) de Vos, Publiekreg, Universiteit van Kaapstad
Prof. Frans de Wachter, Katholieke Universiteit Leuven, België
Prof. JA (Kobus) du Pisani, Geskiedenis, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Dr André du Plessis, Departmement Onderwysbestuur en Beleidstudies, Universiteit van Pretoria
Dr. Belinda du Plooy, Engagement and Transformation Portfolio (ETP), Nelson Mandela University, Gqeberha
Prof Heilna du Plooy, Navorsingseenheid Tale en Literatuur, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof P (Petrusa) du Toit, Opvoedkunde en Opvoedkundige Sielkunde, CPUT
Prof. André Duvenhage, Politieke Studies, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Dr. Riaan Eksteen, Navorsingsgenoot, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Dr. CH (Cecile) Eloff, Onderwysreg, Skool van professionele studies in Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof. Irma Eloff, Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Pretoria
Prof. JN (Kobus) Eloff, Parakliniese Wetenskappe, Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria
Professor Rinelle Evans, Departement Geesteswetenskaplike Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria
Dr. CM (Ina) Gouws, Openbare Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof. Joan Hambidge, Afrikaans, Universiteit van Kaapstad
Prof Michael (MF) Heyns, Filosofie, AROS en Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.
Prof. MP (Thys) Human, Vakgroep Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Dr Chris Jones, Sistematiese Teologie en Ekklesiologie, Stellenbosch Universiteit
Prof. J (Juanita) Kirsten, UPSET navorsingsfokusarea, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof. EPJ (Ewert) Kleynhans, Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof. Dirk Kotze, Politieke Wetenskap, Unisa, Pretoria
Prof. JS (Kobus) Krüger, Godsdienswetenskap, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein en Universiteit van Pretoria
Dr DP (Pearl) Larey, Education Leadership, Comparative Education and International Studies, University of the Free State, Bloemfontein
Prof. WFM (Willem) Luyt, Penologie, Departement van Korrektiewe Bestuur, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Dr. Ansie Maritz, Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Pretoria
Dr. H (Heinrich) Matthee, Politieke Wetenskappe, Akademia, Pretoria
Mnr. Mauritz Naudé, Argitektuurgeskiedenis, boutegnologie, bewaring en stedelike geskiedenis, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof. J (Jan) H Neethling, Fisika, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha
Prof. Gerrit Olivier, Politieke Studies, Universiteit Pretoria
Dr. Suléne Pilon, Afrikaans, Universiteit van Pretoria
Prof. CS (Rinie) Schenck, Maatskaplike werk, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
Dr I (Ihette) Senekal, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Dr Ilze Slabbert, Maatskaplike Werk, Universiteit Stellenbosch
Dr. Margaretha Geertsema-Sligh, School of Journalism and Creative Media, Butler University, Indianapolis, VSA
Prof. IJJ (Sakkie) Spangenberg, Teologie, Ou Testament, Bybelkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof. DFM (Danie) Strauss, Skool vir Sosiale Transformasie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof JW (Johan), Strydom, Sakebestuur en Bemarking, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Dr. T. (Talytha) Louw-Swanepoel, Joernalistiek en Mediastudies, Skool vir Kommunikasie, Noordwes-Uiversiteit, Potchefstroom
Dr. EY (Yolanda) van der Vyver, Argitektuur, Redaktrise van *South African Journal of Art History*
Dr N (Neil) van Heerden, Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof. Gerhard B van Huyssteen, Sentrum vir Tekstegnologie (CtexT), Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof. MP (Petro) van Niekerk, Vergelykende Opvoedkunde en internasionale onderwys, Unisa, Pretoria
Prof Roelf van Niekerk, Kliniese en Bedryfsielkundige, Nelson Mandela University, Gqeberha
Prof. AJ (Bertus) van Rooy, Engels, Universiteit van Amsterdam, Nederland
Prof. HF (Herrie) van Rooy, Ou Testament, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Prof. Surette van Staden, Universität Innsbruck, Oostenryk
Prof. Hermie C van Zyl, Ou- en Nuwe Testamentiese Studies, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof. Steward van Wyk, Afrikaans en Neerlandistiek, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville

Prof. Francois Venter, Buitengewone professor, Fakulteit Regte, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Prof. Anné Verhoef, Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Prof HM (Hein) Viljoen, Afrikaanse en Nederlandse letterkunde, literêre teorie; Navorsingseenheid: Tale en literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Prof A (Andre) Wessels, Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

Prof. CC (Charl) Wolhuter, Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Prof. JLP (Hansie) Wolmarans, Klassieke Tale, Agtergrond van die Nuwe Testament, Bybelse Interpretasie, Universiteit van Johannesburg

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin ’n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien ’n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur **’n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met ’n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur ’n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000** en **10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van ’n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en ’n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van ’n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus ’n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. ’n Opsomming in ’n ander taal as Afrikaans moet ’n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet ’n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies** of **grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

**Opskrifte** in die *Tydskrif* lyk soos volg:

**1.** **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is ’n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.
*1.1* *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is ’n lynspasie tussen die opskrif en die teks.
*1.1.1* *Subopskrifte* is kursief; daar is ’n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommer word indien ’n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

***Figuur 3:*** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien ’n opskrif of onderskrif ’n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná ’n dubbelpunt en begin dit met ’n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord *’n*.

**Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.**

**Aanhalings en verwysings**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in ’n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

*Voorbeelde:*

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in ’n boek:** Verhoef, G. 2012. ’n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans***:**

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Bronverwysings in die teks:*

Volgens Swan (1996:45) …
OF: … … (Swan, 1996:45) …
OF: … … (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

**Bladgeld**

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionaal geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

**Outeursreg**

Outeur(s) behou outeursreg in ’n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

# Guidelines for authors

The *Journal of Humanities*/*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations** or **graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

**Headings** in the *Journal* are styled as follows:

**1.** **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

*1.1* *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

*1.1.1* *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

**Table headings** are styled as follows**:**

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions** of figures:

***Figure 3:*** *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

**All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.**

**Quotations and references**

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

*Examples:*

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective.* London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans:*

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Citations in the text:*

According to Swan (1996:45) …
OR: … ... (Swan, 1996:45) ...
OR: … … (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

**Page fees:**

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

**Copyright:**

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).